



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**’N LITERÊR-
HISTORIESE
ONDERSOEK
NA
JOSUA 3 EN 4**

deur Johannes Michael Wildenboer

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die vak

OU TESTAMENT

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF D.J. HUMAN

MEDE-PROMOTOR: DR A. GROENEWALD

INHOUDSOPGAWE

AFKORTINGS.....	vii
BEDANKINGS.....	X

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1	Aktualiteit.....	1
1.2	Probleemstelling.....	4
1.3	Doelwitte.....	6
1.4	Metodologie.....	8
1.5	Hipotese.....	13
1.6	Resente Josua-studies.....	14
1.6.1	Tekskritiese studies	14
1.6.2	Literêre studies.....	15
1.6.3	Kommentare en monografieë.....	16
1.7	Hoofstukindeling, ortografie en begripsverheldering.....	19
1.7.1	Hoofstukindeling.....	19
1.7.2	Ortografie.....	20
1.7.2.1	Keuse van `n teks.....	20
1.7.2.2	Ander ortografiese riglyne.....	21
1.7.3	Begripsverheldering.....	21

HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG

2.1	Literêre benadering.....	23
2.1.1	Josua as deel van die Heksateug.....	23
2.1.1.1	Nuwe bronnehypotese (Erich Zenger; Peter Weimar).....	24
2.1.1.2	Fragmentehypotese (Erhard Blum).....	28
2.1.1.3	Aanvullingshipotese (Reinhard Kratz).....	30
2.1.1.4	Nuwe aanvullingshipotese (Eckart Otto).....	34
2.1.1.5	Ander benaderings.....	38
2.1.1.6	Gevolgtrekking.....	42
2.1.2	Josua as deel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk.....	43
2.1.2.1	Martin Noth.....	43
2.1.2.2	Aanpassings aan Noth se hipotese.....	45
2.1.2.3	Doel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk.....	48
2.1.2.4	Deuteronomistiese Geskiedswerk as gelaagde werk.....	49
2.1.2.5	Deuteronomistiese Geskiedswerk as redaksionele blokke.....	51
2.1.2.6	Kombinasie van redaksionele lae en blokke.....	54
2.1.2.7	Bestaan van `n Deuteronomistiese Geskiedswerk betwyfel.....	56
2.1.2.8	Gevolgtrekking.....	59
2.1.3	Ander literêre invalshoeke.....	61
2.1.3.1	Etiologie.....	61
2.1.3.2	Gevolgtrekking.....	63



2.2	Historiese benadering.....	64
2.2.1	Amfiksonie of Twaalstammebond.....	64
2.2.1.1	Gevolgtrekking.....	65
2.2.2	Landsverowering.....	67
2.2.2.1	Oorlog-teorie.....	68
2.2.2.2	Infiltrasie-model.....	70
2.2.2.3	Sosiale opstand-model.....	71
2.2.2.4	Oorgang-teorie (laat-Bronstydperk, Vroeë Ystertydperk.....	73
2.2.2.5	Projeksie-teorie.....	75
2.2.2.6	Ander benaderings.....	78
2.2.2.7	Gevolgtrekking.....	81
2.2.3	Josua-figuur.....	82
2.2.3.1	Gevolgtrekking.....	88
2.2.4	Heilige oorlog.....	89
2.2.4.1	Inleiding.....	89
2.2.4.2	Heilige oorlog in die Kronitiese Geskiedswerk.....	93
2.2.4.3	Heilige oorlog in die Jehowitiese Geskiedswerk.....	93
2.2.4.4	Heilige oorlog in die Priesterskrif.....	94
2.2.4.5	Heilige oorlog in Deuteronomium.....	95
2.2.4.6	Gevolgtrekking.....	96
2.2.5	Historiografie en Bybelse geskiedenis	99
2.2.5.1	Opkoms van die minimalisme.....	99
2.2.5.2	Filosofie van geskiedenis.....	100
2.2.5.3	Postmodernisme.....	101
2.2.5.4	Sinchroniese benadering tot die teks.....	102
2.2.5.5	Definisie van historiografie.....	106
2.2.5.6	Gevolgtrekking.....	109
2.2.6	Ná-eksiliese sosiale konteks(te).....	110
2.2.6.1	Visionêre en hiërokratiese groepe.....	110
2.2.6.2	Konlik tussen noordelike en suidelike teologie.....	111
2.2.6.3	Politiese groeperinge.....	112
2.2.6.4	Sadokitiese priesteramp in die ná-eksiliese tyd	112
2.2.6.4	Josua in die lig van ná-eksiliese gebeure.....	113
2.2.6.5	Ooreenkomste tussen die boeke Josua en Esra.....	114
2.2.6.6	Ooreenkomste tussen die boeke Josua en Nehemia.....	115
2.2.6.7	Gevolgtrekking.....	117

HOOFSTUK 3: MAKRO KONTEKS EN LITERATUURSOORSIG OOR EKSEGESE

3.1	Makro konteks.....	120
3.1.1	Josua se posisie in die Heksateug.....	120
3.1.1.1	Josua en Genesis.....	120
3.1.1.2	Josua en Numeri.....	120
3.1.1.3	Josua en Deuteronomium.....	121
3.1.2	Josua en Rigters.....	123
3.1.3	Gevolgtrekking.....	125
3.1.4	Verbande met omringende hoofstukke.....	125
3.1.4.1	Josua 2.....	126



3.1.4.1.1	Verband tussen Josua 2 en ná-eksiliese tekste.....	129
3.1.4.1.1.1	Rut-verhaal.....	129
3.1.4.1.1.2	Jona-verhaal;.....	129
3.1.4.1.1.3	Trito-Jesaja.....	130
3.1.4.2	Josua 5.....	131
3.1.4.3	Josua 6.....	132
3.1.5	Gevolgtrekking.....	133
3.2	Literatuuoroorsig oor eksegesi.....	134
3.2.1	Literêre benadering.....	134
3.2.1.1	R. Polzin.....	134
3.2.1.1.1	Inleiding.....	134
3.2.1.1.2	Josua.....	135
3.2.1.1.3	Ruimtelike komposisie van Josua 3:1-5:1.....	138
3.2.1.1.4	Psigologiese komposisie van Josua 3:1-5:1.....	139
3.2.1.1.5	Fraseologiese komposisie van Josua 3:1-5:1.....	140
3.2.1.1.6	Gevolgtrekking.....	141
3.2.1.2	B. Peckham.....	142
3.2.1.2.1	Inleiding.....	142
3.2.1.2.2	Struktuur.....	142
3.2.1.2.3	Tematiese samehange.....	144
3.2.1.2.4	Grammatikale verbande.....	145
3.2.1.2.5	Gevolgtrekking.....	149
3.2.1.3	H.J. Koorevaar.....	149
3.2.1.3.1	Inleiding.....	149
3.2.1.3.2	Josua.....	150
3.2.1.3.3	Gevolgtrekking.....	152
3.2.1.4	D.L Hawk.....	153
3.2.4.1	Inleiding.....	153
3.2.4.1.2	Josua.....	154
3.2.1.4.3	Gevolgtrekking.....	157
3.2.2	Histories-kritiese benadering.....	157
3.2.2.1	Twee selfstandige narratiewe	158
3.2.2.1.1	E. Vogt, J.N.M. Wijngaards en E. Otto.....	158
3.2.2.1.2	T.C. Butler.....	159
3.2.2.2	Basisdokument met uitbreidings.....	160
3.2.2.2.1	W. Rudolph.....	160
3.2.2.2.2	M. Noth.....	161
3.2.2.2.3	C.A. Keller.....	162
3.2.2.2.4	J.Dus.....	162
3.2.2.2.5	J. Maier.....	163
3.2.2.2.6	R. Boling.....	164
3.2.2.2.7	M. Görg.....	164
3.2.2.2.8	V. Fritz.....	166
3.2.2.2.9	K.Bieberstein.....	167
3.2.2.2.10	R.D. Nelson.....	167
3.2.2.2.11	M. Van der Meer.....	168
3.2.2.2.12	T.C. Römer.....	169
3.2.23	Gevolgtrekking	169
3.2.3	Kulties-historiese benadering.....	170
3.2.4	Gevolgtrekking.....	173

HOOFSTUK 4: DETAILANALISE JOSUA 3 EN 4

4.1	Inleiding	176
4.2	Perikoopafbakening	176
4.3	Tekskritiek	176
4.4	Komposisie: Josua 3:1-17	179
4.5	Rekonstruksie: Josua 3:1-17	182
4.5.1	Literêre analise (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f).....	182
4.5.1.1	Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f deel van 'n vóór-deuteronomistiese narratief	189
4.5.1.1.1	Ekskursie: rol van die Jahwis (J) in die Pentateug.....	195
4.5.1.1.1 (a)	Inleiding.....	195
4.5.1.1.1 (b)	Láát datering van die Jahwis.....	196
4.5.1.1.1 (c)	Gevolgtrekking.....	198
4.5.1.2	Josua 3:5, 11 en 13b-d deel van die ná-eksiliese konteks	198
4.5.1.2.1	Ekskursie: Eksodus 15.....	199
4.5.1.2.1 (a)	Inleiding.....	199
4.5.1.2.1 (b)	Grammatikale studies.....	199
4.5.1.2.1 (c)	Eksodus 15 en die Pentateug.....	199
4.5.1.2.1 (d)	Vergelykende studies.....	199
4.5.1.2.1 (e)	Samestelling van die Moseslied.....	202
4.5.1.2.1 (f)	<i>Genre</i>	203
4.5.1.2.1 (g)	Teks.....	203
4.5.1.2.1 (h)	Prosaïese raam.....	205
4.5.1.2.1 (i)	Kultiese formule	207
4.5.1.2.1 (j)	Moseslied (vv4-17).....	212
4.5.1.2.1 (k)	Gevolgtrekking.....	219
4.5.1.3	Datering en <i>genre</i> van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f	220
4.5.1.4	Gevolgtrekking	220
4.5.2	Literêre analise: Josua 3:2-3	221
4.5.2.1	Josua 3:2-3 as ampsinstelling (Amtseinführung) formule.....	222
4.5.2.2	Josua 3:2-3 as heilige oorlog-motief.....	228
4.5.2.3	Josua 3:2-3 as Kronistiese uitbreiding.....	231
4.5.2.3.1	Ekskursie: pasga in die Pentateug.....	232
4.5.2.3.1 (a)i	Pasga in die Priesterksrif (Lev 23:5-8; Num 28:16-25; Eks 12:1-20, 40-50).....	232
4.5.2.3.1 (a)ii	Pasga in Deuteronomium (Deut 16:1-8).....	232
4.5.2.3.1 (b)	Rol van die ark.....	234
4.5.2.3.1 (c)	Priesters en Leviëte as draers van die ark.....	236
4.5.2.3.1 (d)	Gevolgtrekking.....	237
4.5.3	Literêre analise: Jos 3:7-8, 15, 17ab;4:14-18.....	238
4.5.4	Literêre analise: Jos 3:6, 10a, 11, 13a, 14b.....	242
4.5.5	Literêre analise: Jos 3:4, 9, 10d, 12, 17c	245
4.6	Gevolgtrekking	247
4.7	Detailanalise: Josua 4:1-5:1	252
4.7.1	Inleiding	252
4.7.2	Verband tussen Josua 3 en 4	252
4.7.2.1	Josua 4 as selfstandige teks.....	252



4.7.2.2	Josua 4 as voortsetting van Josua 3.....	253
4.7.2.3	Gevolgtrekking.....	253
4.7.3	Navorsingsoorsig oor Josua 4.....	254
4.7.3.1	Rol van die kultus.....	254
4.7.3.2	Rol en funksie van die “kindervraag”.....	254
4.7.4	Komposisie van Josua 4:1-5:1.....	257
4.7.4.1	Perikoopafbakening.....	262
4.7.4.2	Tekskritiek.....	263
4.7.5	Rekonstruksie: Jos 4:1-5:1	263
4.7.5.1	Analise: Josua 4:14-18.....	262
4.7.5.2	Analise: Josua 4:1c-9.....	266
4.7.5.3	Analise: Josua 4:19-5:1.....	269
4.7.5.4	Analise: Josua 4:1ab, 10-11c.....	271
4.7.6	Gevolgtrekking.....	271
4.7.7	Gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4.....	278
4.7.7.1	Josua 3 en 4 en die ná-eksiliese konteks.....	279
HOOFSTUK 5 SINTESE		
5.1	Aktualiteit.....	283
5.2	Probleemstelling.....	285
5.3	Doelwitte.....	286
5.4	Hipotese.....	288
5.5	Resultate.....	288
5.6	Verdere navorsingsvoorstelle	290
SUMMARY.....		292
ADDENDA		
Addendum A	Komposisie: Josua 3:1-17 (Klaus Bieberstein).....	294
Addendum B	Komposisie: Josua 4:1-5:1 (Klaus Bieberstein).....	297
Addendum C	Etiologiese verwysingspunte in Josua 1-12.....	303
BIBLIOGRAFIE		304



AFKORTINGS

A:	<i>Grundschrift</i> of basisverhaal
AASF:	Annales Academiae Scientiarum Fennicae
AB:	Anchor Bible
ABD:	The Anchor Bible Dictionary
ABG:	Arbeiten zur Bibel und ihrer Geschichte
ABRL:	The Anchor Bible Reference Library
AfO:	Archiv für Orientforschung
ASJL:	American Journal of Semitic Languages and Literature
ATD:	Das Alte Testament Deutsch
B:	Redaksionele snit met spesifieke fokus op die priesters en die ark
BA:	Biblical Archaeologist
BASOR:	Bulletin of American School for Oriental Research
BBB:	Bonner biblische Beiträge
BEATAJ:	Beiträge zur Erforschung des Alten Testaments und des antiken Judentums
BETL:	Bibliotheca Emperidum Theologicarum Lovaniensium
BIB:	Biblica
BKAT:	Biblischer Kommentar zum Alten Testament
BN:	Biblische Notizen
BWANT:	Beiträge zur Wissenschaft vom Alten und Neuen Testament
BZ:	Biblische Zeitschrift
BZAW:	Beiheft zur Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft
C¹:	Redaksionele snit wat op die Ragab-verhaal fokus
C²:	Redaksionele snit wat op die 12 klippe fokus
CahRB:	Cahiers de la Revue Biblique
CB.OTS:	Coniectanea Biblica . Old Testament Series
CBQ:	Catholic Biblical Quarterly
CIS:	Corpus Inscriptionum semiticarum
Deut:	Deuteronomium
DG:	Deuteronomistiese Geskiedswerk
DJD:	Discoveries in the Judean Desert
Dtr:	Deuteronomistiese uitbreiding
Dtr¹:	Eerste (vóór-eksiliese) deuteronomistiese uitbreiding
Dtr²:	Tweede (eksiliese) deuteronomistiese redaksie
DtrA:	DtrAmpseinführung. Deuteronomistiese redaksie met die klem op Ampsoorhandiging van Moses na Josua
DtrD:	Derde oorsprongsmite van Israel (Deut 1:45-28:68)
DtrH:	Historiografiese snit onderliggend aan die Deuteronomistiese Geskiedswerk
DtrL:	Deuteronomistiese landsveroweringverhaal
DtrN:	Deuteronomistiese snit met die klem op die Wet
DtrO:	Deuteronomistiese uitbreiding met spesifieke klem op die heilige oorlog-motief
DtrP:	Profetiese snit wat deel uitmaak van die Deuteronomistiese Geskiedswerk
DtrR:	DtrReuben. Deuteronomistiese redaksie met die klem op die Oos-jordaanland-stamme
E:	Elohis
EdF:	Erträge der Forschung
EHS.T	Europäische Hochschulschriften. Ser 23: Theology



Eks:	Eksodus
EvT:	Evangelische Theologie
FOTL:	Forms of Old Testament Literature
FRLANT:	Forschungen zur Religion und Literatur des Alten und Neuen Testaments
FzB:	Forschung zur Bibel
Gen:	Genesis
HAT:	Handbuch zum Alten Testament
HKAT:	Göttinger Handkommentar zum Alten Testament
HSM:	Harvard Semitic Monographs
HThK:	Herder Theologischer Kommentar zum Alten Testament
HTS:	Hervormde Teologiese Studies
HUCA:	Hebrew Union College Annual
IEJ:	Israel Exploration Journal
ITC:	International Theological Commentary
J:	Jahwis
JBL:	Journal of Biblical Literature
JG:	Jerusalemse Geskiedswerk
Jos:	Josua
JNES:	Journal of Near Eastern Studies
JNSL:	Journal of North Semetic Languages
JSOT:	Journal for the Study of the Old Testament
JSOTSup:	Journal for the Study of the Old Testament Supplement Series
JSS:	Journal of Semitical Studies
Kon:	Konings
Kron:	Kronieke
Lev:	Levitikus
LXX:	Septuagint
MT:	Masoreteteks
NCB:	New Century Bible
NEB:	Neue Echter Bibel
NGKB:	NG Kerk boekhandel
NGTT:	Nederduits-Gereformeerde Teologiese Tydskrif
Num:	Numeri
OBO:	Orbis Biblicus et Orientalis
OLA:	Orientalia Lovaniensia Analecta
OTE:	Old Testament Essays
OTL:	Old Testament Library
OTS:	Oudtestamentischen Studiën
P:	Priesterskrif
P^g:	Basisteks van die Priesterskrif
P^s:	Byvoegings tot die Priesterskrif (P ^s)
P^{ss}:	Sekondêre byvoegings tot die Priesterskrif
Ps:	Psalms
QD:	Quaestiones Duspitatae
R^a:	Etiologiese redaksie
RB:	Revue Biblique
Rchr:	Kronistiese redaksie
Rig:	Rigters
Rp:	Ná-priesterlike redaksie



SBAB:	Stuttgarter biblische Aufsatzbände
SBL:	Society of Biblical Literature
SBLABS:	Society of Biblical Literature Archaeology and Biblical Studies
SBL-SCS:	Society of Biblical Literature Septuagint and Cognate Studies
SBT:	Studies of Biblical Literature
SBS:	Stuttgarter Bibel-Studien
SH:	Scripta Hierosolymitana
SJOT:	Scandinavian Journal of the Old Testament
STDJ:	Studies on the Texts of the Desert of Judah
TA:	Tel Aviv
TB:	Theologische Bücherei
ThR:	Theologische Rundschau
Üs:	Überlieferungsgeschichtliche Studien
UUA:	Uppsala universitets arsskrift
VT:	Vetus Testamentum
VTSup:	Vetus Testamentum Supplements
WMANT:	Wissenschaftliche Monographien zum Alten und Neuen Testament
WTJ:	Westminster Theological Journal
Z:	Kleiner redaksionele byvoegings
ZAW:	Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft
ZTK:	Zeitschrift für Theologie und Kirche

BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank vir die besondere bydrae tot die voltooiing van my studie:

- My promotor, professor Dirk Human het ure aan my proefskrif spandeer. Ek waardeer sy opregte belangstelling en die noukeurigheid waarmee hy my begelei het. Sy hulp, ondersteuning, raad en geduld was is 'n bron van inspirasie;
- My mede-promotor, doktor Aphonso Groenewald se insette word opreg waardeer. Hy het baie tyd en moeite aan my proefskrif spandeer.
- Danksy 'n beurs van die Universiteit van Pretoria was ek bevoorreg om tydens 2009 'n reis na Nederland te onderneem om invloedryke Ou-Testamentici te besoek. Uit die aard van die saak het hierdie besoek bygedra 'n verryking van my studie. Ek is dank verskuldig aan die Universiteit vir die beurs. Ek is dankbaar vir die volgende persone se insette tydens my besoek aan Nederland en België:
 - Professor Bob Becking van die Universiteit van Utrecht. Sy besondere oog vir detail en sy kritiese opmerking het diepte aan my studie verleen;
 - Professor Hans Ausloos van die Katolieke Universiteit Leuven het my die geleentheid gegun om met sy studente oor my studie te gesels. Sy insette in hierdie studie word hoog op prys gestel;
 - Professor Ed Noort van die Rijksuniversiteit van Groningen het my entosiasies ontvang en van sy besondere kennis oor die boek Josua gedeel. Ek bedank hom vir sy waardevolle opmerkings en leiding;
 - Professor Eric Peels van die Teologiese Universiteit in Apeldoorn het my hartlik verwelkom en my die geleentheid geggee om aan sy nagraadse besprekingsgroep deel te neem. Ek bedank hom vir die besondere verrykende geleentheid




- NG Gemeente Florandia het my in `n besondere wyse ondersteun in my studie. Ek is dankbaar vir die geduld wat hulle aan my betoon het tydens my studie;
- My familie het besondere belangstelling getoon in my studie en my op alle tererine ondersteun. Ek is julle ewig dankbaar;
- Melanie het hierdie studie in alle opsigte moontlik gemaak. Ek dra hierdie studie aan jou op.



MELANIE

HOOFSTUK 1

INLEIDING



1.1 Aktualiteit

Die boek Josua neem `n belangrike plek in die Ou Testament in.¹ Hierdié boek beskryf die intog van die volk Israel in die Beloofde Land. Sodoende fokus die boek op die vervulling van `n landsbelofte wat God aan die aartsvaders gemaak het (Gen 12:1-3). Die struktuur en samestelling van die boek is egter baie kompleks (Van der Meer 2004:119).

Noort (1998) bied `n oorsig oor die ontstaangeskiedenis van die boek Josua. Martin Noth se invloed het volgens Noort (1988:60) `n nuwe wending in die navorsing van

¹ “We feel we have more than vindicated Noth’s assertion of the significance of the study of Joshua for the understanding of the Pentateuch” (Auld 1980:115) en “The book of Joshua is one of the Bible’s critically important historical and religious works” (Boling1982:1).

die boek Josua ingelei. In die tydperk vóór Noth het die meeste navorsers die boek Josua as deel van die sogenaamde *Heksateug* beskou.² Die Heksateug-hipotese veronderstel dat die boeke Genesis tot Josua 'n literêre en tematiese eenheid vorm.³ Om hierdie rede impliseer die Heksateug-hipotese 'n voortsetting van die bronne wat in die Pentateug voorkom.⁴ Julius Wellhausen is een van die vernaamste navorsers wat hierdie hipotese gestel het. Nógans was Wellhausen versigtig om die hipotese, dat die Pentateug-bronne in die boek Josua voorkom, duidelik te onderskryf (1889:116). Verder is dit 'n taak van onmoontlikheid om die bronne duidelik te isoleer en te onderskei. Volz (1933) en Rudolph (1938) het egter 'n nuwe era in die bronnehypotese ingelei. Hulle studies het getoon dat daar nie so maklik tussen die Jahwistiese (J) en Elohistiese (E) bronne onderskei kan word nie. Beide wetenskaplikes kom tot die gevolgtrekking dat daar nooit 'n afsonderlike E (noordelike bron) was nie. Intussen is die bronnehypotese uit talle oorde betwyfel, en word dit nie meer vandag klakkeloos aanvaar nie. Alhoewel die bronnehypotese nie meer vandag algemeen aanvaar word nie, is daar steeds navorsers wat die boek Josua as deel van 'n Heksateug of selfs 'n “proto-Heksateug” beskou (Kratz 2005).

In 1943 het Martin Noth se werk *Überlieferungsgeschichtliche Studien (ÜS)* die fondament van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk (DG) gelê. Noth het die hipotese gestel dat Josua tot 2 Konings 'n selfstandige literêre eenheid vorm. Sy benadering sou Josua van die Pentateug isoleer. Hierdie is een van die werke wat die grootste invloed op die Ou-Testamentiese wetenskap in die afgelope eeu uitgeoefen

² Vergelyk Wellhausen (1885:358-359); Driver (1891:10); Von Rad (1966a); Eissfeldt (1974:244-248; 252-254) en Fohrer (1984:205).

³ Op 'n tematiese vlak is daar genoeg raakpunte tussen Josua en die res van die Pentateug. Hier volg 'n paar voorbeelde:

- In Jos 1:1-9 ontvang Josua net soos Moses (Eks 3:1-10) sy opdrag as leier van Jahwe self;
- Die Rietsee-wonder (Eks 14:31) het Moses se gesag bevestig. Dieselfde gebeur met Josua by die Jordaan-deurgang (Jos 3:7;4:14);
- Die paasfees (Jos 5:10-12) is 'n herhaling van die eerste paasfees onder Moses se leiding (Eks 12:1-28). Verder vind die besnydenis voor die paasfees (Jos 5:2-9) op grond van Jahwe se opdrag aan Moses (Eks 12:48-49) plaas. Die feit dat Josua klipmesse gebruik vir die doel herinner sterk aan Moses se besnydenis (Eks 4:24-26);
- Tydens die tweede aanval op Ai hou Josua sy hand met die swaard oor Ai uitgerig, net soos Moses gemaak het tydens die aanval op die Amelakiete (Eks 17:11);
- Josua se aanstelling as Moses se opvolger vind plaas in die teenwoordigheid van die priester Eleaser (Num 27:15-21). Tydens die verdeling van die land (Jos 13-23) speel Eleaser ook 'n bepaalde rol.

⁴ “Yet the basic narrative in Jos 2-11 seems to be drawn from older sources, related to those in Genesis, Exodus, Numbers” (Boling 1982:56) en “The book of Joshua tells of the fulfillment of the promise, repeatedly made to the fathers, that the land of Canaan should fall to their descendants and in this respect it is united in content” (Eissfeldt 1974:146-147).

het. Die boek Josua se posisie in die Joodse kanon is ook 'n aanduiding van Josua se verhouding met die daaropvolgende boeke. Josua sorteer in die Joodse kanon nie saam met die Wet nie, maar eerder saam met Rigters, Samuel en 1 tot 2 Konings. In Noth se benadering vorm Deuteronomium die inleiding tot die Deuteronomistiese Geskiedswerk (DG).

Alhoewel die boek Josua deel van die Heksateug óf Deuteronomistiese Geskiedenis kan uitmaak, is daar sommige navorsers wat die boek nie as deel van 'n groter korpus groepeer nie. Lindeque (2001:133) beskou die boek Josua as 'n kontra-narratief op die Sionsteologie van die ná-eksiliese tyd en baseer sy hipotese op Strange (1993:136-141; 2002:44-51) se teorie dat die boek Josua in die tyd van die Hasmoniese monargie (135-76vC)⁵ ontstaan het. Alhoewel Lindeque (2000:133) nie 'n deuteronomistiese redaksie ontken nie, plaas hierdie benaderings die boek buite die raamwerk van die Pentateug en Deuteronomistiese Geskiedenis.⁶ Gerstenberger (2005:216-219) plaas die ontstaanstydperk van die boek Josua in die ná-eksiliese tyd. In sy ondersoek na temas soos die landsverowering, landsverdeling, verhouding tot nie-Israeliete, Wet, besnydenis, pasga, ampstruktuur en etiologie, kom Gerstenberger (2005:219) tot die gevolgtrekking dat hierdie temas op 'n ná- eksiliese konteks dui.

Op 'n historiese vlak is daar 'n tendens om die boek Josua (op grond van sy veronderstelde ná- eksiliese konteks) as nie-histories te beskou.⁷ Op literêre terrein is die navorsing gedurende die afgelope twintig jaar binne die Anglo-Saksiese en die Amerikaanse wêreld gekenmerk deur 'n skuif van histories-kritiese ondersoeke na die immanente vorm van die teks (Barton 2007:181). Die klem op die immanente vorm van die teks is noodgedwonge a-histories, want terwyl die Historiese Kritiek die groei van die teks ondersoek, en die bedoeling van die *outeur(s)* probeer rekonstrueer, val die klem in die literêre benadering op die immanente vorm van die teks op die *teks*

⁵ Strange (1993:136-141) baseer sy hipotese op die volgende:

- Teén-Kanaänitiese terminologie;
- Voorkoms van die Priesterskrif (P);
- Klem op Sigem;
- Kronologiese verwarring in narratiewe.

⁶ Lindeque (2000:133) ontken nie dat die boek deuteronomistiese redaksies ondergaan het nie, maar hy vind min teologiese raakpunte tussen Josua en Deuteronomium. In die lig hiervan ondersoek hy die moontlikheid dat die finale redaksie van die boek by ná-deuteronomistiese belangegroep te vinde is.

⁷ Lemche (2000:131) stel dit soos volg: "Like the book of Joshua, the tales of Ezra and Nehemiah are ideological constructs, the foundation myths of the Palestinian Jewish society of the Persian, or better, the Hellenistic era".

self. Die leser identifiseer die struktuur van die teks, wat tot die betekenis of bedoeling van die teks lei.

Die klem op die immanente vorm van die teks, tesame met `n weerstand teen argeologiese interpretasies het tot `n nuwe benadering gelei. Navorsers soos Thompson (1999:375) beskou Bybelse geskiedenis as `n skepping van die skrywer(s). Israel het in die ná- eksiliese tyd hoop probeer skep deur die fiktiewe geskiedenis van die intog in die Beloofde Land en die Verenigde Koninkryk te fabriseer. Lemche (1996:25, 28) identifiseer Israel as `n klein staat in die Palestynse hooglande. Die goue era van Dawid en Salomo is deel van die fiktiewe geskiedenis wat die ná-eksiliese gemeenskap geskep het. Volgens Lemche het die Ou Testament nie groei deurgaan soos die Historiese Kritiek voorhou nie. Intendeel, die hele Ou Testament het in die ná-eksiliese tyd ontstaan. Hierdie benadering het implikasies vir die literêre en historiese aspekte van die boek Josua. Hierdie sake vra herbesinning.

Hierdie studie sentreer rondom literêre en historiese kwessies rakende Josua 3 en 4. Verskeie voorveronderstellings rondom die literêre konteks en historiese waarde van die boek Josua word vandag bevraagteken. Hierdie studie is `n poging om aan die hand van Josua 3 en 4 tot die ontstaansgeskiedenis en teologiese waarde van die boek Josua `n akademies-wetenskaplike bydrae te lewer.

1.2 Probleemstelling

Terwyl die boek Josua oor die algemeen `n komplekse karakter vertoon, is dit veral in hoofstukke 3 en 4 waar die meeste literêre en tradisie-historiese probleme voorkom (Auld 1980:43). Teen die agtergrond van die bogenoemde navorsingsproblematiek is die volgende probleme prominent:

- In 3:1 kamp die volk *een nag* op die rivieroewer. Dit bots met die weergawe van *drie dae* wat in vers 3:2 voorkom;
- In 3:5 gee Josua `n opdrag dat die volk hulle moet reinig. Die volgende vers verwys nie daarna nie, en die gevolgtrekking is dat so `n reiniging nie plaasgevind het nie;
- Die ark speel `n onverwagse rol in die verhaal. Boonop is die terminologie wat vir die ark gebruik word uiteenlopend (Jos 3:3; 4:16);

- Josua gee opdrag (3:12) dat twaalf man uit die stamme gekies moet word, maar die opdrag realiseer eers later (4:2-3) wanneer God dit beveel;
- Die feit dat die volk deur die rivier getrek het, word twee maal genoem (3:17; 4:1). Volgens hoofstuk 4:10-11 het die volk nie heeltemal deur die Jordaan getrek het nie;
- In 4:19-20 kom die volk uit die Jordaan en slaan kamp op by *Gilgal*. Daar word twaalf klippe opgerig. In 4:8 is die klippe in die middel van die *Jordaanrivier* neergesit;
- Die priesters beweeg deur die rivier (4:11), maar later (4:15) gee Josua eers opdrag dat die priesters die rivier moet oorsteek.

Bogemelde voorbeelde het met kronologie te make. Teenstrydighede in terme van kronologie het verskeie navorsers gedwing om die teks as 'n samevoeging van verskillende bronne te benader.⁸ Noth (1953:31-33) identifiseer twee verskillende tradisies, naamlik die oprigting van die klippe by Gilgal, en die oprigting van klippe in die rivierbedding. Woudstra (1981:16) veronderstel dat Josua 3 en 4 as 'n literêre eenheid beskou moet word, en dat literêre tegnieke gebruik is om die teks in sy immanente vorm vas te lê. Herzberg (1965:25) beskou enige poging om die literêr-kritiese probleme van Josua 3 en 4 te ontrafel as 'n taak van onmoontlikheid.

Die boek Josua stel die leser dus voor verskeie vrae. Die beeld van die landsverowering, soos geskets in Josua 2-12, verskil van die weergawe wat in Rigters 1 voorkom. In terme van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk is daar struikelblokke, want die konsep van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2Kon) word vandag deur sommige navorsers (Fohrer 1984:195; Westermann 1994:39-40; Knauf 2000:388-398) betwyfel. Terwyl Noth (1943) die Deuteronomistiese Geskiedswerk as 'n eenheidsgeskrif beskou, is daar navorsers wat die teenoorgestelde posisie inneem. Nelson (1981) identifiseer redaksionele *blokke* wat uit verskillende tye dateer. Smend (1971), Dietrich (1972) en Veijola (1977) onderskei redaksionele *lae*. Mayes (1983:133-138) en Römer (2007) onderskei redaksionele blokke *en lae*.

⁸ Fohrer (1984:197) en Otto (1975:26-103) identifiseer sommige van die klassieke Pentateugbronne in hierdie gedeelte.

Fohrer (1984:195); Westermann (1994:39-40) en Knauf (2000:388-398) neem standpunt in teen die konsep van `n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2 Kon). Raakpunte tussen die boek Josua en die Pentateug blyk bloot redaksioneel te wees. Die boek is moontlik in die ná-eksiliese tyd van die Pentateug afgesny om sodoende die inleiding tot die vroeë profete te vorm (Otto & Achenbach 2004:27). Daar bestaan `n sterk moontlikheid dat die boek Josua sy finale vorm eers in die ná-eksiliese tyd gekry het (Hentschel 2008:208). Die boek Josua verteenwoordig dan `n skuif waar nie die *land* nie, maar die *boek* as heilige geskrif beklemtoon word.

1.3 Doelwitte

In die eerste plek gee ek `n literatuuoroorsig om die literêre en historiese vraagstukke rondom die boek Josua te bepaal.

Die literêre oorsig bevat: die volgende elemente:

- Josua as deel van die Heksateug;
- Josua as deel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk;
- Rol van etiologie in die boek Josua.

`n Literêre analise van Josua 3 en 4 kan net plaasvind as die rol en plek van die boek Josua in die Kanon vasgestel is.

In terme van historiese oorsig bespreek ek die volgende:

- Amfiktionie;
- Landsverowering;
- Josua-figuur;
- Heilige oorlog;
- Historiografie en die bybelse teks;
- Ná-eksiliese sosiale konteks(te).

Die boek Josua vertel die verhaal van die intog in die Beloofde Land. Uit die aard van die saak word die feitlike waarheid van die verhale vandag uit talle oorde betwyfel. Enige studie van die boek Josua sluit noodgedwonge by die historiese vraagstukke rondom die rekonstruksie van Israel se voorgeskiedenis aan.

In die tweede plek gee ek 'n navorsingsoorsig van die eksegeese van Josua 3 en 4. Ek bespreek die makro-kontekste, om sodoende die rol van die boek Josua in die Heksateug te bepaal. Ek ondersoek verder die rol van Josua 3 en 4 in die boek Josua. Laastens bied ek 'n literatuuroorsig van die eksegeese van Josua 3 en 4.

In die derde plek kom die eksegetiese arbeid aan die orde. Die eksegetiese arbeid van Josua 3 en 4 vorm die kern van hierdie studie. Alhoewel ek in hierdie studie op die groei en komposisie van Josua 3 en 4 fokus, maak ek ruimte vir 'n bespreking van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4. Hier volg 'n uiteensetting van die verskillende elemente wat aan die orde kom:

- Perikoopafbakening;
- Tekskritiek;
- Komposisie: Josua 3:1-17;
- Rekonstruksie: Josua 3:1-17;
- Gevolgtrekking

Wat Josua 4 betref, omvat die detailanalise die volgende bewegings:

- Verband tussen Josua 3 en 4;
- Navorsingsoorsig oor Josua 4;
- Komposisie: Josua 4:1-5:1;
- Rekonstruksie: Josua 4:1-5:1;
- Gevolgtrekking

Die eksegetiese arbeid funksioneer om die teks 'uit mekaar te haal'. Sodra die komposisie van die teks bespreek is, kan die teks weer 'aanmekaar gesit word' om sodoende die rol en funksie van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 te bepaal.

Laastens bied ek 'n sintese. Hier vat ek die aktualiteit, probleemstelling, doelwitte, hipotese en resultate saam. Ek dui ook verdere navorsingsmoontlikhede aan wat voortspruit uit hierdie studie.

1.4 Metodologie

Ek volg 'n literêr-historiese benadering tot die eksegeese van Josua 3 en 4. Hierdie benadering veronderstel dat beide die *sinchroniese* en *diachroniese* aspekte van teksanalise ter sprake kom. Die sinchroniese en diachroniese staan nie teenoor mekaar nie, maar komplementêr mekaar (Botha 1986:17-19; Nel 2000:6; Jonker 2000:632; Groenewald 2004:632; Barton 2007:136). Die vraag is egter of 'n multi-dimensionele benadering moontlik is.

Barton (2007:95-127) ondersoek verskillende eksegetiese metodes en lê klem op die M. H Abrams se *The Mirror and the Lamp*, 'n ondersoek na die Romantiese beweging se siening van literêre kuns. Abrams (1971) se model omvat die volgende elemente:

- Heelal;
- Werk;
- Kunstenaar;
- Gehoor.

Volgens Abrams se benadering moet die analise van die teks uit elkeen van die bostaande elemente bestaan.

Barton (2007:99) omskryf Abrams se elemente met die volgende begrippe:

- Historiese gebeurtenisse (ipv heelal);
- Teks (ipv werk);
- Outeur (s) (ipv kunstenaar);
- Leser (ipv gehoor).

Volgens Barton (2007:99) is die tydperk vóór die opkoms van die Historiese Kritiek gekenmerk deur 'n soeke na wat regtig gebeur het (historiese gebeurtenisse). Die bybelse teks was 'n spieëlbeeld van wat regtig gebeur het. Die Historiese Kritiek het die fokus van historiese gebeurtenisse na die bedoeling van die *outeur(s)* verskuif. 'n Teksimmanente benadering met klem op die gestolde teks plaas die klem op die *teks* self. Barton (2007:104) merk egter op dat die sogenaamde postmodernisme die klem op dekonstruksie van die teks plaas, maar weer die klem van die teks wegneem. Volgens 'n postmodernistiese benadering bestaan die teks nie. Elke leser skep 'n eie

teks (Knauf 1991:26-64). Barton verwys daarna in terme van Abrams se ‘gehoor’ en merk op dat daar nie `n benadering bestaan wat die leser of *gehoor* behoorlik in ag neem nie (Barton 2007:205). Ons klem bly steeds op die teks en die outeur(s). Barton (2007:199-108) beskryf dus `n progressie in terme van Abrams se model. Met die verloop van tyd het elkeen van die elemente die bepalende rol in teksanalise gespeel. Nie een van die metodes (histories-krities of teksimmanente metodes) gee genoeg aandag aan die rol van die *leser* nie (Barton: 2007:105).

Die volgende is voorbeelde van pogings tot `n multi-dimensionele benadering:

Jonker (2000:632) beweeg weg van eksegetiese modelle en stel `n kommunikasie-model voor waarin beide die sinchroniese en diachroniese eksegetiese benaderings `n rol speel. Hy verwys eers na bestaande modelle. Die eerste is `n narratiewe metodologie wat sekere histories-kritiese elemente akkomodeer. Die tweede model fokus op `n histories-kritiese benadering wat by `n narratiewe model aansluit. Albei hierdie modelle neem òf narratologie òf die Historiese Kritiek as `n basis. Die derde model is multi-dimensioneel van aard. In hierdie multi-dimensionele benadering speel die teks, die skrywer en die ontvanger elkeen `n bepaalde rol. Elke aspek van die bostaande model bevat sinchroniese *en* diachroniese elemente.

Die bybelse *teks* word van antieke tye in godsdienstige gemeenskappe geherinterpreteer. Jonker se model laar ruimte vir beide sinchroniese en diachroniese elemente in die bestudering van die bybelse teks (Jonker 2000:319). Die sinchroniese benadering is van hulp in die analise van die immanente teks, maar die teks word tog verskillend deur verskillende gemeenskappe geherinterpreteer. Daarom is `n diachroniese benadering tot die teks noodsaaklik. Die *skrywer* is die volgende rolspeler in die kommunikasie-proses. `n Skrywer of skrywersgroep was vir die proses van mondelinge oorlewering tot skriftelike neerslag van bybelse tekste verantwoordelik. `n Diachroniese benadering identifiseer die verskillende vlakke van skrywers, (her)interpreteerders en oorlewering. Elke vlak van oorlewering is onderhewig aan sinchroniese arbeid (in terme van taal en styl). Hierdie sinchroniese dimensies beskryf die interaksie tussen die *skrywer* en die medium (*teks*). Sodoende funksioneer die teks as medium waardeur die skrywer `n bepaalde boodskap giet. Die diachroniese aspek identifiseer die verskillende stadia van groei in die teks, maar die

sinchroniese (taal, styl, struktuur) is ook van belang. Sinchroniese studie ontbloot die interaksie tussen die skrywer en die medium. Die *ontvanger* verskil van die eerste hoorders tot die hedendaagse geloofsgemeenskap. Sodoende eindig die diachroniese aspek nooit nie, selfs die kerk is 'n skakel in 'n lang lyn van ontvangers. Die sinchroniese benadering ondersoek die konteks van die ontvangers.

Talstra (2002) sluit by die bostaande model van Jonker aan. Die vertrekpunt van sy studie is dat die linguistiese bydrae tot die eksegetiese proses nie tot sy reg kom in 'n histories-kritiese model nie. Hy volgende dien as basis van Talstra se studie:

- Bybelse tekste is 'n produk van menslike kommunikasie (Talstra 2002:108);
- Sinchroniese elemente (linguisties, literêr en stillisties) moet tot sy reg kom in die eksegetiese proses. Tekste kom tot hul reg wanneer eksegete hulle deeglik vergewis van die grammatikale en sintaktiese struktuur van 'n bepaalde teks;
- Eksegete se bepaalde hermeneutiese voorveronderstellings speel 'n belangrike rol in die interpretasie van tekste.

Op grond van hierdie voorveronderstellings vorm Talstra (2002) sy eie eksegetiese model. Die volgende vier stappe word beklemtoon:

- Analise van onderskeie linguistiese kenmerke van die teks (grammatika, sintaksis, semantiek);
- Sinchroniese studie van die teks. Hierdie stap veronderstel 'n analise van die verskeie literêre stylvorme, asook hulle bepaalde retoriese funksie in die teks;
- Diachroniese studie van die teks. Die bepaalde teks moet met ander soortgelyke tekste in die Ou Testament vergelyk word in terme van linguistiese ooreenkomste, literêre vorm en inhoud. Hierdie ondersoek dien om te bepaal hoe die teks tot stand gekom het, wie verantwoordelik was vir die komposisie en wat die oorspronklike historiese konteks van die eerste lesers was. Die redaksie van die teks kom ook ter sprake in hierdie stap (bv wie het dit geredigeer? Hoekom?);
- Dialoog tussen die teks en die leser. Hier vind 'n versmelting van die wêreld van die teks en dié van die leser plaas. Die leser se bepaalde hermeneutiese uitgangspunte speel 'n deurslaggewende rol in hierdie verband.

Snyman (1996:540-549) stel 'n struktureel-historiese benadering voor. Human (1993:24) gebruik eerder terme soos “invalshoeke” of “perspektiewe” as “metodes”. Die term “metode” skep die gedagte van 'n rigiede leespatroon wat op die teks geforseer word.

Hierdie bostaande benaderings reflekteer 'n pluralistiese of multi-dimensionele benadering tot eksegeese. In die Suid-Afrikaanse konteks was daar nog altyd spanning tussen toepassing van sinchroniese en diachroniese modelle (Groenewald 2005:544-559; De Villiers 2006:823-830). Die bogenoemde uiteensetting verteenwoordig 'n wyer invalshoek wat verskillende modelle en perspektiewe integreer.

Ek is van mening dat die teenstrydighede en inkonsekwentheid in Josua 3 en 4 die toepassing van die histories- kritiese metode(s) regverdig. Nogtans lê ek klem op die gerekonstrueerde teks (hoofstuk 4). Sodoende poeg ek om die gerekonstrueerde teks tot sy reg te laat kom. Hierdie studie fokus dus op die ontstaan en groei van die teks, maar ook op die rol, waarde en doel van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4. Sodoende kom die sinchroniese en diachroniese dimensies van die analise tot hul reg in die interpretasieproses

Die volgende prosesse kom in my eksegeese van Josua 3 en 4 voor:

- In die eerste plek speel *Tekskritiek* 'n rol. Die MT en die LXX verskil in só 'n mate van mekaar in Josua 3 en 4, dat 'n vergelyking tussen die teksgetuies noodsaaklik is. Alhoewel ek die MT as vertrekpunt vir hierdie studie neem, is ek bereid om die MT teen die LXX te toets.
- In die tweede plek word die teks analiseer. 'n Uiteensetting van die *komposisie* van Josua 3 en 4 dien as hulpmiddel om die opbou van Josua 3 en 4 te rekonstrueer. 'n Verdere funksie van die komposisie is om te bepaal of die teks 'n literêre eenheid vorm.⁹ Indien die teks nie as 'n eenheid vertoon nie, verskuif die klem na die diachroniese. 'n Verdere vraag is of ons

⁹ Steck (1995:56) noem veral die volgende kriteria om 'n teks se integriteit te bepaal:

- Doeblatte: Dieselfde inhoud word in 'n bepaalde teks herhaal;
- Dubbele oorlewering: Dieselfde gedeelte word in 'n groter korpus herhaal;
- Spanning in woordeskat (veral teenstrydighede) in 'n gegewe teks;
- Stylverskille in dieselfde teks;
- Verskil in historiese agtergrond (veral wat kultiese, kronologiese, en legalistiese aspekte betref).

verskillende bronne kan isoleer. Bronnekritiek bring `n sterk historiese perspektief na vore omdat die verskillende bronne teen verskillende historiese agtergronde afgespeel het (Broyles 2001:227). Laastens dien die uiteensetting van die komposisie van Josua 3 en 4 om `n moontlike *Grundschrift* van Josua 3 en 4 te isoleer. Indien `n *Grundschrift* geïsoleer kan word, dien die *Literêre Kritiek* om die *Grundschrift* te ondersoek om sodoende te bepaal of dit deel van `n breër literêre eenheid uitmaak;

- *Gattungskritiek of Vormkritiek* dien om te bepaal tot watter literatuursoort die *Grundschrift* behoort. Hierdie benadering behels dat die teks ondersoek word vir bepaalde merkers wat dit in verhouding met `n ander teks bring. So word `n gemeenskaplike *genre* geïdentifiseer. Daar word ook gevra na die oorspronklike *Sitz im Leben*, of lewenssituasie. Laasgenoemde verwys na die historiese en sosiologiese aspekte wat veral sekere *genres* aan instellings (soos bv die tempel) koppel (Hayes 1983:77; Broyles 2001:235). Vorm-of *Gattungskritiek* dien as basis om *genre* van elke redaksionele uitbreiding vas te stel;
- *Tradisiëkritiek* verwys in die ondersoek na tradisies, motiewe, en beelde wat van een geslag na `n ander oorgedra word. Enige skrywer is gebind aan sy tydsges en aan sekere denkpatrone. Hierdie denkpatrone word deur vaste uitdrukkings uitgebeeld. Tradisies kan neerslag vind in vaste beelde, vergelykings, idioome en taalkundige konvensies (Steck 1995:132). So gebruik sekere godsdienstige kringe bepaalde uitdrukkings (die deuteronomistiese skool verwys na die ark as die “ark van die verbond”, terwyl die priesterlike weergawe die term “ark van Getuienis” gebruik). In terme van die boek Josua is die heilige oorlog, die Deuteronomistiese Geskiedenis en die kultus primêre objekte van ondersoek;
- *Redaksiëkritiek* speel verder `n belangrike rol in hierdie studie. Die uitgangspunt is dat die teks in *al* sy stadia moontlike redaksies kan vertoon (Steck 1995:83; Broyles 2001:238). Hierdie invalshoek ondersoek die groei van die teks, vanaf die eerste opskrifstelling tot die laaste redaksionele kommentaar. Redaksiëkritiek sal dus `n bepalende rol in hierdie studie speel,

omdat daar van die standpunt uitgegaan word dat die teks verskillende groeistadia beleef het.¹⁰

Omdat ek 'n multi-dimensionele benadering tot Josua 3-4 voorstel, funksioneer die eksegetiese model om die groei van Josua 3-4 vas te stel. Nogtans speel die gerekonstrueerde teks 'n bepaalde rol in die interpretasie van Josua 3-4. Om hierdie rede fokus ek in hoofstuk 4 van hierdie studie op die gerekonstrueerde teks van Josua 4. My eksegetiese model dien dus om Josua 3-4 “uitmekaar te haal”, maar ook om die teks weer “aanmekaar te sit”.

1.5 Hipotese

Die hipotese van hierdie studie is dat Josua 3-4 die groei en samestelling van die Pentateug weerspieël. Die boek Josua was deel van 'n oorspronklike deuteronomistiese landsveroweringsverhaal, wat in die eksiliese tyd saamgestel is. Die kompromis tussen priesterlike en deuteronomistiese verhale vorm uiteindelik die Pentateug in die Persiese tyd. Die uiteindelijke toevoeging van Deuteronomium tot die voorafgaande boeke (Gen-Num) lei tot die skeiding tussen Deuteronomium en Josua. Op sy beurt lei hierdie proses tot 'n ná-eksiliese en ná-deuteronomistiese verwerking van die boek Josua. Josua 3 en 4 bevat 'n oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurtoeg wat in ná-deuteronomistiese konteks geherinterpreteer word.

¹⁰ Ek is van bewus van Knauf (2002:275-276) se kritiek op die redaksiekritiek. Knauf dui aan dat hoe meer “lae” of redaksies geïdentifiseer word, hoe moeilik is dit om verantwoordelike eksegetiese te doen. Die rekonstruksie van die teks word dan 'n raaispel eerder as empiriese dissipline. Om hierdie rede beveel Knauf aan dat “*Content Criticism*” redaksiekritiek moet aanvul. “*Content Criticism*” impliseer dat *inhoud* eerder as *geskrewe vorm* belangrik is wanneer die vroegste “lae” van 'n tradisie ter sprake kom. Volgens Knauf (1991:26-64) moet die historiese voorveronderellings waarmee die inhoud van 'n bepaalde tradisie ondersoek word, nie uit die tradisie self kom nie. Knauf bedoel nie hiermee dat geen historiese data uit literêre tekste gerekonstrueer kan word nie. Hy beveel egter aan dat historiese voorveronderstellings op “hard data” (bv argeologie) gebaseer word. Knauf se voorstel is 'n reaksie op die uitermatige gebruik van redaksiekritiek, waar tekste só versnipper word dat dit verantwoordelike eksegetiese van die teks onmoontlik maak. Wat die boek Josua aanbetref, is die studie van Bieberstein (1995) 'n goeie voorbeeld. Bieberstein doen 'n noukeurige studie na die ontstaan en komposisie van Josua 1-6, maar hy identifiseer 11 redaksionele lae in Josua 1-6. Ek probeer juis om nie Josua 3-4 só te versnipper dat dit absurd raak nie. Om hierdie rede pleit ek vir 'n multi-dimensionele benadering wat die teks *en* die argeologie, sowel as die sosiale konteks van die teks in ag neem.

1.6 Resente Josua-studies

Auld (1998:129-149) bied 'n navorsingsoorsig ten opsigte van die boek Josua. Die volgende is voorbeelde van resente Josua-studies:

1.6.1 Tekskritiese studies

- Bieberstein (1995) ondersoek Josua 1-6 noukeurig in terme van tekskritiek, struktuur, en redaksiekritiek. In terme van tekskritiek verkies Bieberstein die Masoreteteks bó die LXX;
- Den Hertog (1996) fokus op die LXX-weergawe van die boek Josua. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n verband tussen die LXX-weergawe van Josua en dié van Genesis, Eksodus, Numeri, Deuteronomium, Rigters en Psalms bestaan. Herzog plaas die LXX-vertaling rondom die eerste helfde van die 2^{de} eeu vC, en vind die oorsprong van hierdie vertaling buite die grense van Palestina;
- Svensson (1994) bestudeer die plekname en stede in Josua 14-21. As deel van die studie vergelyk hy die Masorete en LXX-weergawes van spesifieke plekname. Hy maak die gevolgtrekking dat die LXX langer as die Masoreteteks is;
- Fritz (1994:1-2) bespreek tekskritiese probleme as deel van sy Josua-kommentaar. Hy beskryf die LXX-*Vorlage* van die boek Josua as proto-Masoreties. Die byvoegings in die LXX-weergawe is volgens Fritz eerder aan die vertaler toe te skryf as aan die *Vorlage*;
- Schäfer-Lichtenberger (1995:192) kom tot die gevolgtrekking dat die LXX nie noodwendig die vroegste en betroubaarste teks van die boek Josua verteenwoordig nie;
- Winther-Nielsen (1995) ondersoek die pragmatiese en grammatikale verhoudinge in Josua 2-8. In terme van tekskritiek is Winther-Nielsen versigtig om die Masoreteteks met variante lesings te vermeng voordat behoorlike teksanalise gedoen is;
- Van der Meer (2004) bespreek nie net die invloed van die LXX en Qumran-geskrifte op die studie van die boek Josua nie, maar hy maak waardevolle gevolgtrekkings rondom die verband tussen tekskritiek en literêre kritiek. Van der Meer (2004:523-536) bevind dat die LXX en Qumran-geskrifte nie

gebruik kan word om die die groei en samestelling van die Masoreteteks van Josua te rekonstrueer nie. Die LXX en Qumran-geskrifte help egter om die interpretasie-proses, harmonisering en reformulering van die Masoreteteks te beskryf. Verder maak hy die gevolgtrekking dat literêre kritiek en tekskritiek tot twee verskillende vakdissiplines behoort. Literêre kritiek se doel is om die literêre geskiedenis van 'n literêre komposisie deur middel van 'n diachroniese benadering te rekonstrueer. Tekskritiek dien om die varainte lesings in 'n bepaalde literêre komposisie te verklaar. Van der Meer baseer sy studie op voorbeelde uit Josua 1; 5:10-12; 8:1-29 en 8:30-35.

1.6.2 Literêre studies

- Auld (1980) evalueer die navorsingsgeskiedenis van die boek Josua teen die agtergrond van die komposisie van die Pentateug. Hy maak die gevolgtrekking dat die oorspronklike Josua-narratief die verdeling van die land ingesluit het (onder andere ook die besetting van die land deur die Oosjordanland-stamme). Verder vind Auld dat die landsverdeling in Numeri (Num 26-35) op die weergawe van Josua 13-21 gebaseer is. In later studies verwerp Auld (1998:149; 1999:116-126) die hipotese van 'n sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2 Kon);
- Polzin (1980) plaas die boek Josua in die raamwerk van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk. Volgens sy studie omvat die Deuteronomistiese Geskiedswerk 'n literêre en teologiese eenheid;
- Peckham (1984) beskou die boek Josua as deel van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk wat van Genesis tot 2 Konings strek. In terme van die boek Josua verdeel hy die onderskeie perikope in die boek Josua in 'n eerste (Dtr¹) óf tweede (Dtr²) deuteronomistiese redaksie;
- Koorevaar (1990) bestudeer die boek Josua as deel van 'n rekenaar-geleide studie. Hy dui 'n simmetriese opbou in die boek Josua aan en vind die middelpunt in Josua 18, naamlik die landsverdeling by Silo. In die lig van sy struktuuranalise beskou Koorevaar die heiligdom van Silo as die oorsprong van die boek Josua. Om hierdie rede dateer hy die boek rondom 10^{de} eeu vC;
- Schäfer-Lichtberger (1995) doen 'n uitgebreide studie oor legitimiteit en outoriteit in die Ou Testament. Sy vind ooreenkomste tussen die

ampsoorhandiging van Moses na Josua, en dié van Dawid en Salomo. Beide Josua en Salomo volg in die voetspore van charismatiese leiers (Moses, Dawid). Verder lei beide Josua en Salomo 'n tydperk van opeenvolging van leiers in (Rig, Kon). Beide Josua en Salomo is dan volgens Schäfer-Lichtberger literêre skeppings wat tydens tye van politieke en sosiale krisis as inspirasie gedien het. Die tydperk ná Koning Josia se dood is veral in hierdie konteks belangrik, omdat Juda moes herorganiseer ná die hervorminge en dood van Josia. Josua dien as die ideaal (hy volg die Wet van Moses) en Salomo as 'n anti-ideaal (wat nie by die Wet gehou het nie);

- Rowlett (1996) bestudeer die boek Josua vanuit 'n ideologiese hoek. Hierdie benadering lei tot die gevolgtrekking dat die heilige oorlog-motief deur koning Josia gebruik is om sy mag uit te brei.

1.6.3 Kommentare en monografieë

- Noth (1953) se kommentaar het die waterskeiding in Josua-studies veroorsaak. In hierdie kommentaar het Noth sy konsep van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk (DG) ten opsigte van die boek Josua verduidelik. Noth se Josua-kommentaar sou 'n hele geslag van navorsers beïnvloed. Ná Noth was dit algemeen aanvaar dat die boek Josua tot die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk behoort. Vandag is die konsep van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk nie meer so seker nie;
- Soggin (1972) sou op Noth se spoor volg en die boek Josua as deel van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk interpreteer. Soggin beklemtoon egter die moontlikheid van 'n Gilgal-kultus waar die Jordaan-deurgang gereeld kulties gevier is;
- Miller & Tucker (1974) dra nie werklik tot die debat rondom die ontstaan en komposisie van die boek Josua by nie. Hulle volg Noth se hipotese van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk waarvan die boek Josua 'n intergrale deel uitmaak. Hulle is skepties teenoor die historisiteit van die boek Josua;
- Boling (1982) se kommentaar is vroeg onderbreek deur Ernest Wright se dood. Boling het die kommentaar alleen voortgesit. Hy plaas die boek Josua in die raamwerk van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Hy sluit aan by die

Cross-skool wat twee deuteronomistiese redaksies identifiseer, maar hy skryf meer tekste aan die eksiliese redaksie toe;


- Butler (1983) bied 'n omvattende navorsingsoorsig, veral in terme van literêre en tekskritiese kwessis. Hy beskou die komposisie van die boek Josua as 'n proses wat strek van 'n mondelinge oorlewering tot die finale vorm van die teks wat vir die ballinge in Babilonië hoop gebring het. Die gestolde teks van die boek Josua dateer volgens Butler uit die ballingskap;
- Gray (1986) vind vóór-deuteronomistiese stof in Josua 2-11 wat hy as 'n moontlike byvoeging tot die Jahwistiese verhaal (J) in Josua tipeer. Hy beskou die boek Josua as 'n historiese weergawe van die geskiedenis van die huis van Josef;
- Noort (1988) bied 'n noukeurige en waardevolle oorsig van die navorsingsgeskiedenis en probleemvelde rakende die boek Josua;
- Görg (1991) deel die boek Josua in drie eenvoudige snitte op, naamlik vóór-deuteronomistiese, deuteronomistiese en ná-deuteronomistiese stof. Hy gee egter toe dat elkeen van hierdie snitte weer onderverdeel kan word. So byvoorbeeld stel hy die moontlikheid dat die vóór-deuteronomistiese stof uit Jahwistiese (J) of selfs vóór-Jahwistiese stof bestaan. Die deuteronomistiese stof omvat die Smend-skool se onderskeiding van DtrG, DtrH en DtrP. In terme van die ná-deuteronomistiese materiaal identifiseer hy 'n vermenging van deuteronomistiese en priesterlike materiaal wat op sy beurt 'n ná-deuteronomistiese en ná-priesterlike komposisie vorm;
- Ottosson (1991) beskou die kultiese materiaal in die boek Josua (1, 6, 22) as deel van die oorspronklike narratief. In sy studie van Josua 14-22 vind hy 'n bepaalde beklemtoning van die rol van die priester Eleaser. Josua 14-22 funksioneer as 'n program om die land te organiseer vir die “nuwe Dawid”;
- Svensson (1994) sluit by Ottosson aan in terme van die rol van die “nuwe Dawid” in die boek Josua. Hy vind in Josua 14-22 ook 'n beklemtoning van die priester Eleaser;
- Fritz (1994) sluit aan by die hipotese van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk waarvan die boek Josua deel is. Hy verskil egter van Noth in die sin dat hy die *Grundschrift* van die boek Josua as deuteronomisties

bestempel, waar Noth dit aan 'n versamelaar toegeskryf het. Fritz sluit die kern van Josua 13-24 by die *Grundschrift* in;

- Hamlin (1983) merk 'n duidelike onderliggende struktuur agter die boek Josua. Josua 8:30-35 (verbondsluiting by Sigem) vorm die middelpunt van die boek. Volgens Hamlin het 'n "Teacher" oorspronklike noordelike tradisies in Hiskia of Josia se leeftyd (laat 7^{de} eeu-6^{de} eeu vC) tot 'n aaneenlopende verhaal saamgebind. Die boek bevat die historiese gebeure onderliggend aan 'n "Josua-groep". Hy laat egter ruimte vir 'n eksiliese verwerking van die boek Josua;
- Hess (1996) identifiseer gedeeltes in die boek Josua wat op werklike historiese gebeurtenisse dui. Hierdie ou materiaal sluit die volgende in: Josua 1:4 (grensbeskrywing), verhaal van Ragab, val van Jerigo, die narratief rondom die Gibeoniete, lys van konings (Jos 10-11) en die name van die vyande in Jos 15:14. Hy meen dat Josua ooreenkomste vertoon met Deuteronomium in terme van woordeskat, maar hy vermy die hipotese van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk omdat elemente van DG in die breër raamwerk van die Antieke Nabye Ooste voorkom. Om hierdie rede vind Hess dit moeilik om die DG te dateer, en volstaan hy by ooreenkomste tussen Josua en Deuteronomium;
- Nelson (1997) sluit by die Cross-skool aan deurdat hy die boek Josua aan twee deuteronomistiese redaksies koppel. Hierdie redaksies het vóór die ballingskap (Dtr¹) en ná die ballingskap (Dtr²) deuteronomisties plaasgevind;
- Creach (2003) se kommentaar is nie uit 'n kritiese oogpunt geskryf nie. Nógans onderskryf hy die hipotese van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk. So byvoorbeeld identifiseer hy 'n vóór-deuteronomistiese, deuteronomistiese en eksiliese elemente in die boek Josua. Hy fokus sterk op die verband tussen Deuteronomium en Josua;
- Knauf (2008) se kommentaar is die eerste kommentaar wat met reg as post-Noth geklassifiseer kan word. Op historiese vlak verwerp Knauf (2008:22-30) die konsep van die landsverowering, en op literêre vlak verwerp hy die konsep van 'n Deuteronomistiese Gekiedswerk. Verder skei Knauf die *landsgawe* van die *landsverowering* en dui aan hoe die boek Josua uiteindelik sy plek in die kanon gekry het.

Die bostaande oorsig bied `n agtergrondskeets tot die leemte in Josua-studies, naamlik dat die meeste Josua-studies in `n bepaalde raamwerk (bv Deuteronomistiese Geskiedswerk) plaasvind. Sodoende is daar ruimte vir `n herevaluering van die rol en posie van die boek Josua in die kanon. My studie fokus op Josua 3 en 4 omdat dit myns insiens `n goeie voorbeeld is van die prosesse agter die ontstaan van die die Josuaboek asook die ontstaan van die Pentateug.

1.7 Hoofstukindeling, ortografie en begripsverheldering



1.7.1 Hoofstukindeling

Hoofstuk 2 bevat die literatuuoroorsig oor die boek Josua. Verskeie relevante benaderings tot die boek Josua kom hier aan die orde. In terme van `n literêre fokus val die klem op die volgende:

- Josua as deel van die Heksateug ;
- Josua as deel van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk;
- Josua 1-12 as etiologie.

In terme van die historiese fokus van die boek Josua speel die volgende elemente 'n bepaalde rol:

- Amfiktionie of twaalfstammebond;
- Landsverowering;
- Historisiteit van die Josua-figuur;
- Heilige oorlog;
- Historiografie en die bybelse teks;
- Literêre en historiese agtergrond van die ná-eksiliese tydperk.

Hoofstuk 3 bevat die eksegetiese arbeid met betrekking tot Josua 3 en 4. Die hoofstuk bestaan uit die volgende elemente:

- **Makro-analise.** Hierdie stap behels 'n ondersoek na die rol van die boek Josua in die wyer Pentateug/Heksateug-konteks, of Deuteronomistiese Geskiedswerk. Die rol en verband tussen Josua en die omliggende boeke is hier van belang;
- **Literatuursoorig oor eksegese.** Hier bespreek en evalueer ek die verskeie eksegetiese benaderings tot Josua 3 en 4 (literêr, histories-krities, kulties-histories).

Hoofstuk 4 omvat die detailanalise van Josua 3 en 4. Die klem val dus hier op eksegese.

Hoofstuk 5 dien as sintese van hierdie studie.

1.7.2 Ortografie

1.7.2.1 Keuse van Teks

Daar is merkbare verskille tussen die Masoreteteks en die LXX wat die boek Josua betref. Die LXX is ongeveer 5% korter, maar beide tekste bevat byvoegings en uitbreidings wat nie in die ander voorkom nie. Sommige navorsers gebruik die Masoreteteks as die basis van hulle studie (Bieberstein 1995:230), terwyl ander weer die rol en waarde van die LXX beklemtoon (Auld 1998:24).

Ek gebruik die Masoreteteks as basis van hierdie studie, maar in gevalle waar daar egter merkbare verskille tussen die Masoreteteks en die LXX voorkom, is ek bereid om die LXX as teksgetuie te gebruik om die spesifieke gevalle noukeurig te ondersoek;

1.7.2.2 Ander ortografiese riglyne

Enkele ander ortografiese riglyne is aan die orde. Vreemde begrippe en beklemtoning word deur *skuinsskrif* aangetoon. Die aangepaste Harvard-sisteen word vir verwysings gebruik. In die bespreking van Josua 3 en 4 gebruik ek die BHS. In my vertalings, tensy ander vermeld, gebruik ek die 1953 Afrikaanse vertaling.

1.7.3 Begripsverheldering

Deuteronomistiese Geskiedswerk. Hierdie term verwys na die literêre korpus van Deuteronomium-2 Konings;

Priesterlike verhaal. Hierdie uitdrukking verwys na die P-materiaal (Gen-Num) wat deel van die Pentateug vorm.¹¹

Pentateug. Hierdie woord verwys na die eerste vyf boeke (Gen-Deut) van die Ou Testament.

Heksateug. Hierdie term verwys na die eerste vyf boeke van die Ou Testament (Gen-Deut) en Josua.


Deuteronomies. Hierdie uitdrukking verwys na gedeeltes wat literêre en tematiese ooreenkomste met die boek Deuteronomium vertoon;

Ná-deuteronomisties. Hierdie woord verwys na `n téén-deuteronomistiese tendens wat ontstaan het nadat die boek Deuteronomium deel van die Pentateug geword het.

¹¹ Ek is bewus daarvan dat die priesterlike materiaal geensins eenvormig is nie. Die skema help egter om die priesterlike en deuteronomistiese materiaal as die onderbou van die Pentateug/Heksateug aan te dui.

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG



In hierdie studie poog ek om aspekte van die boek Josua literêr-histories te ondersoek. Deel van die literêre studie sentreer rondom die vraag of die boek Josua deel van 'n groter korpus uitmaak. Daarom word die stand van navorsing rondom die boek Josua as deel van die Heksateug bespreek. As die boek Josua deel van die Heksateug uitmaak, beteken dit dat Josua by die voorafgaande boeke (Gen, Eks, Lev, Num,

Deut) aansluit. Verder kom die vraag na die verband tussen die boek Josua en die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk (DG) aan die orde. As die boek Josua deel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk uitmaak, beteken dit dat Josua saam met Deuteronomium by die daaropvolgende boeke (Rig, 1-2 Sam, 1 - 2 Kon) aansluit. Historiese aspekte kom ook aan die orde. Die boek Josua vorm die middelpunt van relevante historiese kwessies. Hier val die klem op bepaalde vraagstukke rondom die ontstaan van die volk Israel en dit sluit 'n bespreking van die amfiktionie-hipotese, verskillende benaderings tot die landsverowering, rol van die Josua-figuur, en die vraag na historisiteit en ideologie in die boek Josua in.

2.1 Literêre benadering

2.1.1 Josua as deel van die Heksateug

Zenger (2008:86ev) en Ska (2006) identifiseer verskillende modelle wat 'n invloed op die Pentateug en Heksateug- navorsing gehad het. In die eerste plek bespreek hy die **aanvullings-hipotese** (Ewald 1867-86; Van Seters 1983; Kratz 2005). Volgens hierdie teorie was daar 'n oorspronklike basisdokument (van die skepping tot die dood van Moses) wat later op verskillende tye uitgebrei is. So byvoorbeeld het Ewald Eksodus 20:2-17 en 21-23, tesame met 'n *Grundschrift* as die basisdokument beskou. Hierdie basisdokument is mettertyd deur Jehowistiese (later Jahwis) dokument uitgebrei.

Die tweede model is die **bronnehypotese** (Wellhausen 1883; Zenger 1971). Hierdie teorie het 'n beduidende rol in die Pentateug-navorsing gespeel. Volgens hierdie hipotese dateer verskillende bronne uit verskillende tye en is die bronne in die eksiliese of ná-eksiliese tyd deur middel van ingewikkelde redaksionele prosesse met mekaar verbind. Hierdie redaksies het moontlik in krisistyse van die geskiedenis plaasgevind, soos die val van die Noordryk (722vC), die val van die Suidryk (586vC) asook die herbou van die tweede tempel (520-515vC). Wellhausen het voortgebou op die werk van Graf, Reuss en Keunen en uiteindelik die hoeksteen gelê vir die navorsing van die Pentateug in die moderne tyd. Wellhausen het vier bronne onderskei, naamlik 'n Jahwis (J), Elohis (E), Deuteronomis (D), en 'n Priesterskrif (P). Hierdie 4 bronne verteenwoordig volgens Wellhausen se studies die

ontwikkeling in Israel se geskiedenis. So byvoorbeeld bevat J en E nog elemente van 'n primitiewe natuurgodsdiens, terwyl P 'n ontwikkelde kultiese stelsel verteenwoordig. Welhausen het dus sy literêre studie van die Pentateug in 'n Godsdiens-historiese raamwerk verpak.

Die derde benadering is die **fragmentehipotese** (De Wette 1805; Rendtorff 1967; Blum 1984). Hierdie benadering impliseer die samevoeging van verskillende verhaalkomplekse. Rendtorff se benadering het in 'n groot mate tot die val van die klasieke bronnehipotese gelei. Volgens hierdie model is daar geen deurlopende bronne nie, maar is die Pentateug/Heksateug eerder opgebou uit verskillende korter eenhede (geskrewe óf mondeling) wat oorspronklik onafhanklik van mekaar bestaan het. Die skepping, Abraham en Jakob-verhale, uittog, Sinai, en die intog is voorbeelde van verskillende narratiewe wat tydens of ná die ballingskap saamgevoeg is om 'n deurlopende verhaal te vorm. Die bronnehipotese het uiteindelik die grootste invloed op die studie van die Pentateug uitgeoefen. Die aanvullings, bronne, en fragmente-hipotese vorm steeds die basis vir die huidige Pentateugnavorsing. Om hierdie rede is die oorsig belangrik, omdat die rol en posisie van die boek Josua binne die Heksateug nié so eenvoudig is nie. Die onderstaande voorbeelde dui die nuutste stand van Pentateug en Heksateug-navorsing aan, terwyl die rol van die boek Josua binne elkeen van die modelle uitgelig sal word.

2.1.1.1 Nuwe bronnehipotese (Erich Zenger)

Hierdie model bou voort op die bousteen van die **bronnehipotese**, in dié sin dat Zenger (2008:100-105) drie bronne aandui, naamlik die Jerusalemse Geskiedswerk (JG), Deuteronomium (D), en die Priesterskrif (P). Hy maak gebruik van die **aanvullingshipotese** om die groei binne elkeen van die bronne aan te dui. Volgens Zenger se model is die ontstaansgeskiedenis van Israel oorspronklik in verskeie oorspronklik-losstaande verhale (bv uittog, Josua, Abraham) saamgevat. Die Abrahamverhale speel in die suide van die land af en dié van Jakob in die noorde. Hierdie verhale is aan spesifieke heiligdomme verbind (Abraham = Mamre; Jakob = Bet-El). Hierdie verhale is mettertyd uitgebrei. So byvoorbeeld is die Jakob-verhale waarskynlik ná 722vC met Abraham-verhale gekombineer. Verder is die Jakob-Abraham-verhale met die Josef-geskiedenis verbind (Zenger 2008:101). Die onderskeid tussen die Noord-en Suidryk-verhale het ná die val van die Noordryk

(722vC) verdwyn, sodat die verhale 'n geskiedenis van die hele volk Israel vertel. Die val van die Noordryk (722 vC) was heel waarskynlik die impetus vir die samevoeging van die verskillende verhale (Zenger 2008:101). Hierdie verhale vertel van die volk Israel se identiteit. In die lig van die bogenoemde is daar waarskynlik nie 'n historiese aartsvadertyd gewees nie. Sodoende beskryf die familiegeskiedenis van Genesis 13-50 eerder Israel se oorsprong in verhouding met die ander volke. Die uittog-verhaal is met die Josua-verhaal gekombineer om die groter landsverowering-verhaal te vorm.

Die tweede aspek van die hipotese is die sogenaamde Jerusalemse Geskiedswerk (JG). Zenger (2008:101) dui aan dat JG heel waarskynlik in Jerusalem tot stand gekom het onder politiese druk van die Assiriërs. Die val van die Noordryk het tot nadenke en gepaardgaande godsdienstige hervormings in Jerusalem gelei. Sodoende val die klem in JG veral op die oorsprong van Jahwe se verhouding met sy volk. Oorspronklik onafhanklike verhale soos die skepping van die mens (Gen 2), die roeping van Abraham en Jakob, die woestyntradisie en die verowering van die land is saamgevoeg. Hierdie tekste sorteer rondom kerngedeeltes soos Genesis 15, Eksodus 34 en Josua 24. Die landsbelofte (wat deel was van die aartsvader-tradisie), tesame met die uittog en die landsverowering dra die inhoud dat die hele land Kanaän as gawe deur Jahwe aan Israel geskenk is. Hierdie motief van die land as gawe was onder andere die inspirasie vir koning Josia se pogings om verder na die noorde uit te brei. Die uittog-tradisie, wat die oorspronklike oorsprongsmite van die Noordryk was, is op die hele Israel betrek (Zenger 2008:102). Die verbonds-motief en lojaliteit aan Jahwe, wat deel van die Sinai-gedeeltes was, is nou van toepassing op die hele volk. So word die berg Sinai nou die berg Sion, wat die middelpunt van God se volk uitmaak. Die Jerusalemse Geskiedswerk is in die eksiliese tyd deur 'n deuteronomistiese skrywer of redaktor uitgebrei (Zenger 2008:103). Hierdie werk het geen verband getoon met Deuteronomium (Deut) óf die Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2 Kon) nie. Daar was verder geen raakpunte met die Priesterskrif (P) nie. Eers in die Persiese tyd (5^{de}-4^{de} eeu vC) is JG met P en in 'n mindere mate met D verbind. In breë trekke kom die Jerusalemse Geskiedswerk met Wellhausen se klassieke Jahwistiese (J) en Elohistiese (E) bronne ooreen. Hier word egter nie na bronne verwys nie, maar na verhale wat saamgevoeg en herbewerk word.

Die tweede werk wat naas die JG deur die Josiaanse hervorminge tot stand gekom het, is die boek Deuteronomium. Die ontstaansgeskiedenis hiervan kan vermoedelik teruggevoer word na koning Hiskia se hervormings (7^{de} eeu vC). Deuteronomium 12-26 (veral die Wette met betrekking tot 'n sentrale heiligdom) dateer uit bogemelde tyd, en die literêre verdragsvorm van die boek dateer uit koning Josia (639-609 vC) se tyd. Die raamwerk van Deuteronomium 1-3 en 29-34 is later gegiet. Volgens Zenger se model is die boek Deuteronomium tydens die ballingskap met die ander boeke verbind om 'n afgeronde eenheid (Gen 2:4-2 Kon 25) te vorm.

Volgens Zenger (2008:103-104) is die Deuteronomistiese Geskiedswerk 'n samevoeging van die Jerusalemse Geskiedswerk (JG), Deuteronomium (Deut), deuteronomistiese Rigterboek (Rig 3-16) en deuteronomistiese verwerkte boeke soos die Samuel en Koningsboeke. Die ontstaan van die Deuteronomistiese Geskiedswerk is te danke aan die nadenke wat veroorsaak is deur die Babiloniese ballingskap en die gepaardgaande verlies van die land. Om hierdie rede speel lojaliteit aan Jahwe 'n bepaalde rol in die tekste.


Die Priesterskrif ontstaan in die vroeë ná-eksiliese tyd (Zenger 2008:104). In die Priesterskrif val die klem op die kultus, en die geskiedenis wat vertel word, strek vanaf die skepping tot by die Sinai-gedeeltes. Nog 'n kenmerk van P is dat die volk Israel die doel en middelpunt van die skepping uitmaak. Zenger (2008:14) onderskei tussen 'n basisdokument (Pg) en 'n latere bron (Ps) wat byvoegings bevat.¹² Hierdie dokumente vorm saam die Priesterskrif (P). Volgens Zenger (2008:164) strek die Priesterskrif van Genesis 1:1 tot Levitikus 9:24. In ná-eksiliese tyd het die Priesterskrif deel van 'n groter verhaal (Gen 1:1-2 Kon 25) geword.

Die Deuteronomistiese Geskiedswerk en die Priesterskrif is in die Persiese tyd (5^{de}-4^{de} eeu vC) saamgevoeg om 'n Enneateug (Gen-2 Kon) te vorm. Onder Esra (400vC) is die Tora saamgestel uit die eerste 5 boeke. Die boeke vanaf Josua sorteer nou onder die profete. Die Pentateug strek nou vanaf Genesis 1 tot Deuteronomium 34. Latere ná-Pentateug-uitbreidings kom ook voor. Genesis 14, wat die verbond of ooreenkoms tussen Abraham en Melgisedek beskryf, is 'n voorbeeld hiervan. In die 4de eeu vC is

¹² Zenger (2008:104) verwys na "P^g (*Priestergrundschrift*) en P^s (*erweiterte Priesterschrift; s=supplementum/Ergänzung bzw. S=sekundär*)".

die verskeie geskryfte gekombineer en Genesis 1 tot Deuteronomium 34 is van die res afgeskei om die sogenaamde Pentateug te vorm.

Volgens die nuwe bronnehipotese is die boek Josua reeds vroeg (rondom 650 vC) in die Jerusalemse Geskiedswerk opgeneem. Later het dit deel van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk geword. Hierdie benadering impliseer dat die boek Josua deel van 'n groter korpus is, en dat dit al in die vóór-eksiliese tyd ontstaan het. Die volgende diagram (Zenger 2008:105) stel hierdie benadering voor:



Die probleem met Zenger se hipotese is dat die bestaan van die sogenaamde Jerusalemse Geskiedswerk nie bewys kan word nie (Ska 2006:140) 'n Later datering van die Jahwis (laat vóór-eksilies: Zenger [2008]), eksilies of ná-eksilies (Winnett 1965; Schmid 1976; Vörländer 1978; Rose 1981; Van Seters 1983; Levin 1993) verskuif die klem al verder van die oorspronklike motief van die bronnehipotese, naamlik om die geskiedenis van Israel der middel van die literêre bronne te rekonstrueer. Wellhausen se poging om te bewys dat Israel van 'n vrye aanbidding van Jahwe na 'n rigiede Judaïsme beweeg het, het grootliks op sy datering van die bronne gerus. Von Rad (2005:50-55) het die Jahwis in 'n teologiese raamwerk geplaas, maar enige aangepaste bronnehipotese kom op dieselfde as die fragmentehipotese neer, naamlik dat verskillende bronne oor 'n lang tyd bymekaargevoeg is totdat dit 'n gestolde teks tot stand gebring het. Zenger se bydrae

bly egter relevant, veral omdat hy verskillende modelle betrek om sy uiteindelijke hipotese daar te stel. In die vestiging van 'n aangepaste bronnehipotese speel die fragmente en aanvullingshipoteses 'n bepaalde rol. Ek is oortuig daarvan dat nie een model noodwendig voldoende is om die komposisie van die Pentateug oortuigend te verklaar nie. 'n Kombinasie van verskillende benaderings is waarskynlik die verantwoordelikste benadering.

2.1.1.2 Fragmentehipotese (Erhard Blum)

Hierdie benadering staan teenoor die klassieke bronnehipotese. Die kern van hierdie benadering lê daarin dat die oorgelewerde verhale van Genesis, asook die uittog en Mosesverhale in die ballingskapstyd nog onafhanklik bestaan het. Bogenoemde verhaalkomplekse is eers in die vroeë ná-eksiliese tyd deur 'n priesterlike redaksie saamgevoeg.

Blum (1990:175) se benadering is gebaseer op dié van Rendtorff, wat krities reageer teen die oorheersende bronnehipotese en Vormkritiek-modelle (Whybray 1995:22) Rendtorff (1990:177-206) beskou die Pentateug eerder as 'n samevoeging van verskillende losstaande temas. Hierdie temas is volgens Blum (1990:205) eers in die eksiliese of ná-eksiliese tyd saamgevoeg.

Volgens Blum se model het die aarstvaderverhale 'n komplekse ontwikkelingsgeskiedenis deurloop. So byvoorbeeld dien die Jakob-Esau en Jakob - Laban verhale (Gen 25-33) oorspronklik om die oorsprong van Israel in verhouding met die naburige volke te verduidelik. Die Jakobverhale se klem op die heiligdomme van Sigem en Bet-El dui op 'n sterk Noordryk-oorsprong. Hierdie verhale is waarskynlik gebruik om die bogenoemde heiligdomme in Jerobeam I (9^{de} eeu vC) se tyd te legitimeer. Die Jakobverhale is later (ongeveer 8^{ste} eeu vC) met die Josefverhale gekombineer. 'n Samesmelting van die Jakob (Gen 25-33) en Josefverhale (Gen 37-45) het die Jakobverhaal van 'n lewensloop voorsien van sy geboorte tot sy dood. Terselfdertyd het die Abrahamverhale in die Suidryk ontstaan. Die verhale speel rondom die heiligdomme van Mamre en Hebron af. Die Abraham /Lot-siklus, tesame met die oorspronklik onafhanklike Abraham/Sara/Hagar-verhale is in die ballingskapstyd met die Jakobverhale gekombineer. So is die aarstvadersgeskiedenis

saamgestel. Die Moses en uittog-verhale kan teruggevoer word na die tydperk vóór die val van die Noordryk. In die vroeë ná-eksiliese tyd is dit saamgevat in 'n deuteronomistiese komposisie wat eintlik eerder as ná-deuteronomisties getipeer kan word.


Blum (1990:101) voorsien eerstens 'n nié-priesterlike of deuteronomistiese komposisie (KD). Hy verskil egter van Noth se eksiliese datering van die deuteronomis en plaas KD eerder in die ná-eksiliese tyd. KD beskryf die gebeure rondom die uittog, Sinai, en die woestyntog in verhalende styl.

Die samevoeging van die aartsvadergeskiedenis en die Mosesverhale vorm 'n priesterlike komposisie (KP). Hierdie priesterlike komposisie is die kern van die Pentateug, en dit strek vanaf die skepping tot die dood van Moses (Blum 1990:288). Verder vertoon KP 'n universele karakter in die sin dat dit met die wêreldgeskiedenis begin (Blum 1990:288). Die Tora vorm die middelpunt van KP se verhaal (Blum 1990:288). KP verklaar volgens Blum die verskillende doeblette en spanninge in die Pentateug wat aanleiding gegee het tot die bronnehipotese. Die Pentateug bestaan uit nié-priesterlike stof (KD) wat deur 'n priesterlike hand (KP) oorgewerk is (Blum 1990:333). Sodoende kan die kultiese karakter van die priesterlike stof teruggevoer word na die soeke na 'n Judese identiteit in die Persiese era. Die Pentateug is volgens Blum se model 'n resultaat van die samevoeging van KD en KP.¹³

Blum (2002:119-156) het egter later sy hipotese van 'n kompromis tussen KD en KP hersien. Hy meen dat KD met die verhaal van Moses begin het, en dat dit nie die Genesis-tradisies ingesluit het nie.

¹³ Hierdie model sluit nou aan by die van Engnell (1969). Engnell meen dat die Pentateug ontstaan het toe twee afsonderlike literêre werke, naamlik 'n priesterlike (P) en deuteronomistiese (D) werk, saamgevoeg is.

Die volgende diagram (Zenger 2008:111) illustreer hierdie model:



Beide KD en KP is ná-eksilies van aard. KD bevat die deuteronomistiese en nie-priesterlike stof. KP is eerder 'n komposisie as 'n aanvulling, alhoewel Blum dit nie wil rekonstrueer as 'n losstaande bron nie (Blum 1992:46-57)

Volgens hierdie model toon die boek Josua noue bande met Deuteronomium en die sogenaamde KD. Die feit dat Josua met KD geassosieër word, impliseer dat dit later redaksioneel met P verbind is. Volgens hierdie model kon die boek Josua eers rondom die ballingskapstyd ontstaan het.

Blum se model is waardevol, en die fragmentehipotesis bied 'n oortuigende verduideliking vir die vermenging van deuteronomistiese en priesterlike materiaal wat in die Ou Testament voorkom.

2.1.1.3 Aanvullingshipotesis (Reinhard Kratz)

Kratz (2005:310) identifiseer 'n reeks individuele narratiewe wat uit die tydperk vóór 722 vC dateer. Die noorde en sentraal-Palestina vorm die Jakob-Laban narratiewe (Gen 29-31), Jahwe oorlog-gedeeltes (Eks 12-14), Balaam-narratief (Num 22-24),

Josua se landsverowering (Jos 6, 8), reeks helde (Rig 3-16), Samuel en Saul (1 Sam 1-14), aanhalings uit die annale van die konings van Israel en individuele tradisies uit die Konings-boeke (1 Kon 18:4vv; 2 Kon 4:9-10). Uit die suide identifiseer hy die Lot-verhaal (Gen 19), Isak en Esau (Gen 26-27), Dawid en Salomo (2 Sam 11-12; 1 Kon 1-2), aanhalings uit die annale van die konings van Juda en individuele tradisies uit die Koningsboeke (2 Kon 11). Sommige tradisies soos Kain se geslagsregister (Gen 2-4), Noag se geslagsregister (Gen 10), Miriam se lied (Eks 15:20vv), Abraham en Sara (Gen 12-13), Josef in Egipte (Gen 39-41), Moses in Midian en sommige losstaande tradisies (bv Jos 10:12) se herkoms is moeilik om te bepaal. Kratz (2005:310) merk dat die bostaande narratiewe almal uit die middel tot láát tydperk van die monargie dateer. Hierdie verskillende narratiewe weerspieël volgens Kratz eerder die godsdienstige en sosiale omstandighede van die vroeë, middel of láát monargiese tydperk.

In die tydperk ná 722 vC het die Assiriese bedreiging verreikende gevolge vir die tradisies van Israel en Juda gehad. As 'n reaksie op die val van die Noordryk (722 vC) het die verskillende losstaande tradisies saamgesmelt in drie oorsprongsverhale, naamlik die Dawidsryk, die Jahwistiese voorgeskiedenis en die uittog-verhaal. Die komposisie van 1 Samuel 1-1 Konings 2 omvat die oorsprongslegende van die huis van Saul (1 Sam 1-14) en die troonbestygingsverhaal van Dawid (2 Sam 11-2 Kon 2). Verder het die Jahwistiese voorgeskiedenis met die aartsvader-verhale saamgesmelt om sodoende die oorsprong van die volk Israel te verduidelik (Gen 2-35). Die uittog-verhaal (Eks 2-Jos 12) se kern omvat die verowering van Jerigo en Ai (Jos 6, 8), die heilige-oorlog motiewe in Eksodus 14 en die lied van Miriam (Eks 15:20ev). Kratz (2005:213) koppel die uittog-verhaal aan die kern van die sogenaamde Bondsboek wat uit die tydperk ná 722vC dateer. Die kern van die Bondsboek hoort waarskynlik by die hof en die tempel, maar dit is moeilik om die oorsprong van nader te bepaal.

Die opkoms van die neo-Babiloniese mag (597-587vC) het tot gevolg gehad dat Jerusalem onder Babiloniese beheer geval het. Sommige lede van die bevolking is na Babilonië gedeporteer. Kratz (2005:317) meen dat die drie oorsprongsverhale moontlik redaksies ondergaan het om sodoende die veranderende omstandighede te interpreteer. So byvoorbeeld het die Josef-verhaal (Gen 37-45) ontstaan as verduideliking hoe Israëliete buite die grense van die land leef. Jakob-Israel word

met Josef verbind om sodoende te verduidelik dat die aartvaderbeloftes buite die grense van die land voortleef. Die uittog-verhaal het mettertyd 'n suidelike karakter gekry. Verder is die sogenaamde oer-Deuteronomium (volgens Kratz 'n novella wat van die Bondsboek gebaseer is) by die uittog-verhaal gevoeg. Sodoende het Deuteronomium 12-26, met sy klem op die sentralisasie van die kultus, 'n belangrike rol begin speel in die sin dat Jerusalem die sentrum van aanbidding geword het. Op grond van oer-Deuteronomium en sy klem op die sentralisasie van die kultus, het die oorsprongsverhaal van die Israel-Juda monargie bepaalde redaksies ondergaan. Die deuteronomistiese invloede was verantwoordelik dat 1 Samuel 1-1 Konings 2 in 'n sinkroniese kroniek omskep is wat die konings van Israel en Juda oordeel met die maatstaf of hulle Jerusalem as sentrale heiligdom aanvaar het (DtrG). Sodoende is die uittog-verhaal (Eks 2-Jos 12) met sy klem op die Wet en uitverkiesing, met die deuteronomistiese-verwerkte verhaal van Samuel-Konings (DtrG) verbind. Om te verduidelik hoe die minagting van oer-Deuteronomium tot Israel en Juda se val gelei het, het die deuteronomistiese redaktors narratiewe van deuteronomistiese helde van Josua en Rigters (DtrR) by DtrG gevoeg. Sodoende het 'n Enneateug (Eks-Kon) ontstaan. Sekondêre of ná-deuteronomistiese redaksies (DtrS) het oor 'n lang tydperk plaasgevind.

Die opkoms van Kores (539vC) in Babilonië het nie die gewenste redding gebring waarop Israel gehoop het nie. In hierdie lig ontstaan die priesterlike verhaal (P) as onafhanklike narratief parallel met die Heksateug. Die skeppingsverhaal sentreer rondom die verbond met Noag, wat die beskerming van alle mense verseker. Sodoende sorteer die aartsvader- en uittog-verhale onder die belofte aan Abraham, wat belowe dat God vir Israel 'n God sal wees. Die Sinai-perikoop ondervang die Wet en ervaring van God by Sinai vorm die basis van die kultus (P^g:Gen 1-Eks 40+Lev). Sodoende veronderstel die priesterlike verhaal die nie-priesterlike verhaal in Genesis-Eksodus en Numeri, en skep 'n nuwe begin van Israel se geskiedenis in die tydperk van die Tweede Tempel. 'n Natuurlike gevolg hiervan was dat die priesterlike verhaal uiteindelik met die Enneateug (R-PJE) verbind is.

In proses het geëindig in die verdeling van die Wet van Moses (Pentateug) en die vertaling daarvan in Grieks. In die derde eeu vC is die boeke van Josua-Konings by die profete gevoeg.


Wat die boek Josua betref, beskou Kratz (2005:201) Josua 6 (val van Jerigo) en Josua 8 (val van Ai) as die kern van die landsveroweringsverhaal. Uiteindelik is Josua 6 en 8 in 'n breër landsveroweringsverhaal (Eks-Jos) opgeneem. Sodoende keer Kratz terug na 'n Heksateug-model. Josua 2:1 sluit volgens Kratz by Numeri 25:1 aan en vorm 'n deurlopende narratief. Volgens Kratz se model vorm die verhale van Jerigo en Ai (Jos 6 en 8) die onderbou van die boek Josua, en daarom dateer hierdie gedeeltes waarskynlik uit die vóór-ballingskap tydperk. Die heksateug (Eks 2-Jos 12) het egter eers ná die landsverlies van 720vC ontstaan. Ná 587 vC het die boek Josua deel van die Enneateug (Eks 2-2 Kon 25) geword.

Kratz se model bied interessante moontlikhede. Die terugkeer na 'n Heksateug-model verskuif die klem van 'n deurlopende landsveroweringsverhaal. Die volgende geld egter as argumente téén Kratz se hipotese:

- Die invoeging van Deuteronomium in die oorspronklike Heksateug-verhaal is problematies. Volgens Kratz (2005:126) vorm Deuteronomium 5:1aa; 6:4-5; 26:1, 11, 18 en 34:1, 5 die raamwerk van die boek Deuteronomium. Sodoende vorm Deuteronomium 34:5-6 'n doodsberig van Moses (soortgelyk aan dié van Miriam (Num 20:1abb)). Die rekonstruksie van 'n oer-Deuteronomium is egter spekulatief en moeilik om te bewys;
- 'n Rekonstruksie van 'n oorspronklike "proto-Heksateug" bied interessante moontlikhede, maar is moeilik bewysbaar. Kratz se hipotese dat Numeri 25:1 by Josua 2:1 aansluit, vereis die invoeging van Deuteronomium 34:5-6 asook verdere literêre bande met Eksodus en Numeri, wat myns insiens nog nie oortuigend aangedui is nie (vgl 4.5);
- Die klem op Josua 6 en 8 as vroegste onderbou van die Josua-verhaal, is nie oortuigend nie. Bieberstein (1995) se poging om Josua 6 as deel van die oorspronklike *Grundschrift* te maak, is myns insiens nie oortuigend nie (vgl 3.1.4.3). Josua 8 val eeder in die konteks van etiologie (vgl 4.7.5.2).

Alhoewel Kratz se hipotese interessante moontlikhede bied, is dit nie noodwendig 'n oplossing vir die groei en die komposisie van die boek Josua nie.

Die volgende illustrasie (Zenger 2008:123) verduidelik hierdie model:



2.1.1.4 Nuwe aanvullingshipotese (Eckart Otto)

Hierdie model is uniek omdat Otto die boek Deuteronomium as die kern van Pentateug navorsing beskou. Volgens Otto se model kan daar geen vóór-deuteronomistiese tekste gerekonstrueer word nie.

Otto (2000) fokus op die boek Deuteronomium as die vertrekpunt vir Pentateugnavorsing.¹⁴ Deuteronomium 13 en 28 vorm 'n oer-Deuteronomium. Die sogenaamde oer-Deuteronomium is gebaseer op die lojaliteitseed wat die volk moes opneem teenoor die Assiriese koning. Eintlik vervul hierdie tekste 'n anti-Assiriese funksie. Lojaliteit behoort aan Jahwe, nie aan die Assiriërs nie. Hierdie tekste vorm die basis van 'n hervorming wat in die tyd van koning Josia momentum sou kry. Otto sluit in sy model aan by Blum, deurdat hy die Jakobverhale en die Mosesverhale as twee

¹⁴ Otto (2000:234) dui aan dat Deuteronomium sedert De Wette 'n belangrike funksie in die literêre samestelling van die Pentateug vervul het. Hy verwys na Deuteronomium as 'n spilpunt (*Angelpunt*) in die Pentateugnavorsing en neem standpunt in teen die huidige tendens van “*Deuteronomium Vergessenheit*” (2000:1).


oorspronklik onafhanklike oorsprongsverhale van Israel beskou. Hierdie twee verhaalkomplekse word in die ballingskapstyd deur 'n priesterlike redaksie verbind. Albei verhale het moontlik 'n mondelinge oorsprong gehad. Die Jakobverhale is waarskynlik rondom die 9^{de} of 8^{ste} eeu vC by die heiligdom van Bet-El gekomponeer, terwyl die Moses-verhale rondom 7 vC in Jerusalem sy skriftelike oorsprong gehad het. Sodoende verteenwoordig die Moses-verhale 'n terugprojeksie in die geskiedenis om die politieke druk van die Assiriërs te verwerk. Die Assiriese situasie word in terme van die fiktiewe woestyntog geskets. Lojaliteit van die volk Israel behoort aan Jahwe en niemand anders nie. Weereens is die anti-Assiriese strekking in die hierdie tekste sigbaar.

Die derde oorsprongsverhaal is die Horeb-teofanie (Deut 5). Otto (2000:235) verbind dit met die konteks van die ballingskap. Israel is as gemeenskap gestig by Horeb. In die lig daarvan simboliseer dit die nuwe Israel wat in die ballingskap of ná-ballingskapstyd ontstaan het. Otto verwys na hierdie redaksie as DtrD. Die landsveroweringdeeltel (DtrL) ontstaan dan uit DtrD. DtrL verteenwoordig 'n eksiliese weergawe van Deuteronomium wat met die Josuaboek verbind is om die sogenaamde DtrL te vorm. Hier word die Horebverbond histories ingekleur en die Wet speel 'n rol in die landsbeloftes. Soos die Horeb-generasie in die woestyn gesterf het, spreek hierdie tekste tot die tweede generasie van die ballingskap. Hulle word opgeroep om gehoorsaam te wees aan die Wet, en om sodoende die landsbelofte te laat realiseer. DtrL spreek tot die volk in ballingskap en die volk word opgeroep om Jahwe te dien deur middel van 'n terugprojeksie na die woestyntog.

In die láát-eksiliese en vroeë ná-eksiliese tyd word DtrD en DtrL in die Priesterskrif (P) saamgevat. Genesis 1-11 verhef die Sinai-kultus tot die doel van die skepping. Die oorspronklik onafhanklike werke van DtrL en P (wat twee verskillende priester-groepe verteenwoordig, naamlik die Sadokiete en die Aäroniede) word eers in die ná-ballingskapstyd met die Heksateugredaksie verbind. Die hoofpunte van die Heksateuggeskiedenis, naamlik Genesis 15 en Josua 24, verteenwoordig die motief waarvolgens Israel deur God geskep is om in die land te woon. Die Heksateug bevat 'n anti-Persiese gevoel wat die klem op die land plaas.


Teen ongeveer 400 vC word die Pentateug gevorm deurdat dit van die boek Josua geskei word. Die rede hiervoor is dat die Sinai-Wet as heilsgawe van Jahwe bó die land as heilsgawe verkies is. Verdere uitbreiding vind in die boeke van Levitikus en Numeri plaas, omdat die stryd tussen priestergroepe steeds voortduur. Latere redaksies en byvoegings kom selfs in die Hellenistiese tyd voor.

Otto (2004:27) se model soos volg saamgevat word. Die Pentateug is nié 'n kompromis tussen 'n priesterlike en nié-priesterlike teologie nie. Ná-eksiliese redaktors het twee teenoorgestelde programme vir die heropbou van Israel ontvang (Deuteronomium en die Priesterskrif). Terwyl P van die skepping (Gen 1) tot Jahwe se belofte om by Sy volk te bly (Eks 29:42-46)¹⁵ strek, vul Deuteronomium (wat noue bande met die deuteronomistiese boek Josua vertoon) die leemte rondom die besitname van die land (wat nie in P voorkom nie). Die volgende diagram dien as voorbeeld (Otto & Achenbach 2004:29).




¹⁵ Volgens Otto (2004:28) is Eks 30-Lev 9 ná die ballingskap bygevoeg. Hy verwys daarna as P^s (*P supplement*).

Soos hierbo aangedui, het die daar uiteindelik 'n Heksateug ontstaan. Josua is egter in die Persiese tyd van die Pentateug afgesny. Die volgende diagram dien as illustrasie (Otto & Achenbach 2004:33).



Otto se model lyk soos volg (Zenger 2008:117):



Die boek Josua is volgens hierdie model deel van landsverowering-vertellings wat uit die laat-vóór-eksiliese tyd dateer. Otto (2004:29) plaas Josua nié in die konteks van 'n Deuteronomistiese Geskiedweswerk nie, omdat daar volgens hom nie genoeg bande tussen Josua, Rigters, Samuel en Konings bestaan nie. Josua is eerder deel van landsveroweringsverhaal (DtrL) wat tydens die ballingskap met die res van Deuteronomium verbind is. Later het die boek Josua deel van die sogenaamde Heksateug-redaksie geword voordat dit van die res van die Pentateug afgesny is.¹⁶ Josua was dus oorspronklik deel van 'n deuteronomistiese landsveroweringsverhaal. Eers in die ná-eksiliese tyd is die deuteronomistiese tekste met die Priesterskrif (P) uitgebrei.

Otto se model bring die relevansie van die boek Deuteronomium weer op die voorgrond. Römer (2007b) se rekonstruksie van die Pentateug sluit nou by dié van Otto aan. Volgens Römer (2007b:169-183) verteenwoordig die Pentateug 'n kompromis tussen priesterlike en deuteronomistiese materiaal. Die boek Deuteronomium word egter in die Persiese tyd deel van die voorafgaande boeke (Gen-Num), wat die rol van die *Tora* beklemtoon. Die boek Josua vorm dan in Römer se model deel van die deuteronomistiese korpus.

2.1.1.5 Ander benaderings

Knauf (2006:291-351) beskou die komposisie van die Ou Testament as die resultaat van 'n spanning tussen die priester-groepe van Bet-El en dié van Jerusalem. Knauf se hipotese hou bepaalde gevolge in vir die interpretasie van die Heksateug. Die groei van die bybelse tradisie het volgens Knauf soos volg verloop:

- Die heiligdom van Bet-El is nié deur Josia vernietig nie. Volgens Knauf (2006:296) het Bet-El in die 7^{de} eeu vC deel van Juda geword. Verder dui hy aan dat Bet-El selfs in die neo-Babiloniese en Persiese tye 'n bepaalde rol gespeel het;¹⁷

¹⁶ Volgens Otto (2004:32) is Josua van Deuteronomium afgesny omdat die land nie meer as doel van Israel se heilsgeskiedenis kon funksioneer nie.

¹⁷ Knauf (2006:291-351) maak staat op die navorsing van Lipschits (2003:323-376). Volgens Lipschits het Juda in die 6de eeu vC nagenoeg 40,000 inwoners gehad, waarvan 20,000 in die gebied van Benjamin gebly het. Carter (1999:249-268) meen dat Benjamin selfs in die Persiese tyd tot 40% van Yehud se bevolking gehuisves het.

- Knauf (2006:308) rekonstrueer die geskiedenis van die heiligdomme van Bet-El en Jerusalem soos volg:
 - 586-515: Babiloniërs vernietig Jerusalem. Bet-El word die kulturele en kultiese sentrum van die provinsie Yehud;
 - 515-445: Tempel in Jerusalem word herbou. Die laaste verwysing na die tempel by Bet-El is te vinde rondom 518/517vC (Sag 7:2);
 - 445-444: Administrasie van Yehud skuif terug na Jerusalem (sedert 586 was dit by Mispa).
- Knauf (2006:325) dui die groei en kronologie van die bybelse tradisie aan. Ek gee 'n verwerkte weergawe van Knauf se uiteensetting weer, omdat ek net op die Heksateug fokus:

Datum	Bet-El	Jerusalem	Babilonië
Vroeg 7 ^{de} eeu vC	Gen 26-35 (Jakob) Eks 1-Deut 34 (Moses)		
Láát 7 ^{de} eeu vC		Eks +Jos 1-11 Jakob	
598 vC			Eks 1-Jos 11 Jakob
582-525	Gen 12-35 (Abraham en Jakob)		
520		Gen 12-Jos 11 Gen 1-Jos 18 (P)	
398		Gen-Deut-Jos	

Knauf se benadering laat ruimte vir die ontstaan van die boek Josua in die 7^{de} eeu vC. Latere redaksies van die boek vind tot in die 5^{de} eeu vC plaas. Hy verklaar die Moses-Josua-verhale as 'n nasionale oorsprongsmite van die Josiaanse Israel en Juda (Knauf 2002:290). Die boek Josua in sy gestolde vorm verteenwoordig vir Knauf 'n byvoeging tot die Pentateug. Sodoende eindig die Penateug met die dood van Moses, maar die boek Josua is bygevoeg om te vertel hoe die verhaal van die landsverowering geëindig het. Om hierdie rede beskou Knauf die Moses-Eksodus-

Josua verhaal as 'n vroeë tradisie, maar wat die boek Josua aanbetref kom hy tot die gevolgtrekking dat die boek grootliks die produk van die ná-eksiliese Heksateug-redaksie uitmaak (Knauf 2002:280).

Volgens Knauf se model het die Josua-verhaal eers deel van die Heksateug geword toe Jerusalem se rol as heiligdom gelegitimeer is. In die eerste plek veronderstel dit 'n Josiaanse propaganda as agtergrond van die Josua-verhaal. So weerspieël die gebiede wat Josua verower het (Jos 6-10) die grense van Juda onder Josia.

In die tweede plek berus Knauf se hipotese rondom die komposisie van die boek Josua op 'n historiese Josua-figuur wat Jerusalem verower het. In hierdie geval reconstrueer Knauf die historiese Josua as 'n Jebusiet wat Jerusalem regeer het voordat Dawid die stad oorgeneem het (2 Sam 6). Alhoewel Knauf se hipotese interessante moontlikhede bied, is dit grootliks op 'n bepaalde interpretasie van Josua 10:12-15 gebaseer. Hierdie teks dateer moontlik uit die ná-eksiliese tyd en hoort waarskynlik eerder in die konteks van 'n "*celestial omen*" (Walton 1994:181-190).

In sy kommentaar op die boek Josua bied Knauf (2008) die volgende uiteensetting van die groei en komposisie van die boek Josua. Hy meen dat die boek deur die volgende fases gegroei het tot dit uiteindelik sy plek in die kanon gekry het:

- Moses-Josua narratiewe (±600vC);
- Deuteronomistiese of Pentateug-redaksie (Eks 2-Jos 11);
- Priesterlike dokument (±515 vC). Hier verwys hy onder andere na Jos 4-5; 18:1;
- Heksateug-redaksie (2^{de} helfde van 5^{de} eeu vC). Hierdie redaksie het ontstaan op grond van Jerusalem se verheffing tot heiligdom en dit bevat priesterlike byvoegings in deuteronomistiese taal (Jos 3-4; 6; 14-17; 21:43-45);
- Byvoeging van Jos 1; 24 maak Josua 'n profetiese boek;
- Jos 18-19; 23 vorm die uiteindelige band met die boek Rigters (wat waarskynlik in dieselfde tyd as Esegïël deel tot die profetiese gedeelte van die kanon bygevoeg is);
- 'n Tora-Profetiese redaksie ontstaan in die Hasmoniese tydperk. Hierdie redaksie het ontstaan omdat die boek Josua se posisie nie meer alleen op grond

van die Tora kon gelegtimeer word nie. Om hierdie rede word Josua deel van die profete.

Römer (2007a: 419-445) stel 'n alternatiewe benadering voor. Volgens hierdie benadering het die onderskeie boeke van die Pentateug op verskillende maniere ontstaan. So byvoorbeeld is dit inderdaad moontlik om 'n bronnehipotese in die boek Genesis te onderskei. Eksodus 1-15 bied weer die moontlikheid vir 'n hipotese van twee onafhanklike narratiewe wat saamgevoeg is om die huidige teks van Eksodus 1-15 te vorm. Die boek Deuteronomium is waarskynlik deur opeenvolgende redaksies gevorm, terwyl Numeri waarskynlik 'n goeie voorbeeld van 'n "*rolling corpus*" uitmaak.¹⁸

Volgens Römer se model was daar 'n priesterlike dokument (Gen-Num) en 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk. Daar was waarskynlik pogings gewees om Deuteronomium van die sogenaamde priesterlike dokument te skei (Römer 2005:444). Die moontlikheid bestaan verder dat Deuteronomium oorspronklik aan die einde van Levitikus gekoppel is, omdat dit die doeblette uitskakel wat in Numeri en Deuteronomium voorkom. Römer se model laat dus ruimte vir 'n konfrontasie tussen 'n priesterlike dokument en Deuteronomistiese Geskiedswerk.¹⁹ Die interessante van hierdie model is dat die daar nie 'n verdeling van die Pentateug in vyf boeke teen die *einde* van 'n redaksionele proses plaasgevind het nie, maar dat sommige boeke soos Genesis en Deuteronomium waarskynlik reeds as onafhanklike boekrolle bestaan het voordat hulle deel gevorm het van 'n Pentateug-korpus.²⁰

Knauf se hipotese van die stryd tussen Bet-El en Jerusalem bied nuwe moontlikhede rondom die ontstaan van die Heksateug. Hy verstewig die vermoede dat die Moses en Josua-figure van vroeg af verbind was.

¹⁸ Mckane (1996:1-xxxiii) was die eerste navorser wat die term "*rolling corpus*" in die konteks van Jeremia gebruik het. 'n "*rolling corpus*" veronderstel 'n teks of tradisie wat deur kommentaar uitgebrei word.

¹⁹ Schmid (1999) meen dat daar vele deuteronomistiese verwysings in die Pentateug voorkom. Om hierdie rede konstrueer hy 'n 'Deuteronomistiese' Geskiedswerk wat van Eksodus tot 2 Konings strek..

²⁰ Blenkinsopp (1992:45) kom tot dieselfde gevolgtrekking, naamlik dat 'n deurlopende Pentateug-narratief nie bloot in verskillende boeke opgedeel is om 'n Pentateug te vorm nie.

2.1.1.6 Gevolgtrekking

Die klassieke bronnehypotese het nie die toets van tyd deurstaan nie (Ska 2006:127-129). Selfs die aangepaste bronnehypotese vertoon leemtes. So dui Ska (2006:140) aan dat die Jerusalemse Geskiedswerk (JG) wat 'n beduidende rol in die aangepaste bronnehypotese speel, 'n hipotetiese rekonstruksie van die ontstaan van die Pentateug is wat nie bewys kan word nie.

Die fragmentehypotese bied 'n aantreklike oplossing, en dit kon in 'n mindere of meerdere mate in elk van die benaderings voor. Noth se oorspronklike tese dat die Pentateug uit verskillende losstaande temas bestaan het, is nie haalbaar nie. Die figuur van Moses bind die uittog, Sinai en die woestyntog saam. Om hierdie rede is daar 'n gemeenskaplike band tussen die verhale. Römer se hipotese, wat onder andere by dié van Blum aansluit, lyk die waarskynlikste. Hierdie hipotese veronderstel dat die totstandkoming van die Pentateug aan te danke is aan 'n samevoeging van priesterlike en deuteronomistiese literatuur.²¹

Die Pentateug het waarskynlik sy finale vorm in die Persiese tyd gekry. Ska (2006:217-230) identifiseer twee moontlikhede. Aan die een kant is die Pentateug die dokument wat die Judeërs vir die Persiese owerhede oorgelaat het vir bekragting. Hiervolgens het die Judeërs die noodsaaklikheid besef om 'n eenheidsdokument saam te stel. Die verskillende ideologieë (veral die deuteronomistiese en priesterlike geskrifte) moes gekombineer word om sodoende die Judeërs se saak teenoor die Persiese owerhede te bevestig. Aan die ander kant verteenwoordig die Pentateug eerder die behoeftes van die ná-eksiliese gemeenskap. Om hierdie rede moes Deuteronomium en die res van die Pentateug versoen word, om sodoende die verskille tussen strydende priesterlike groepe teen te werk.

Römer (2007b:179-183) meen dat die samevoeging tussen die priesterlike en deuteronomistiese stof veroorsaak het dat die klem in die Persiese tyd op die *Tora* val. Deuteronomium 34 is dan bygevoeg sodat die *Tora* met die dood van Moses (buite die land) val. Josua 24 verstewig die verband tussen Josua en die Pentateug (en vorm sodoende 'n Heksateug). Ander tekste soos Deuteronomium 33; 11:26-31 en 27 is

²¹ Resente navorsing (Pola 1995) veronderstel P se einde in Eks 40 of Lev 9.

later bygevoeg om bande met die vooafgaande boeke te verstewig en om die guns van die Samaritane te wen.

2.1.2 Josua as deel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk

2.1.2.1 Martin Noth

Martin Noth se rol in die Josua-studies kan nie onderskat word nie. Noth se bydrae tot die Ou-Testamentiese navorsing het tot 'n wending in Pentateug-navorsing gelei.²² Volgens Noth (1981:75) is daar geen teken van die Pentateug-bronne in die boek Josua nie. In die plek daarvan poneer Noth 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk. (DG). Hierdie geskiedwerk strek volgens Noth (1981:4) vanaf Deuteronomium tot 2 Konings. So 'n benadering veronderstel dat geen eenheid tussen die eerste ses boeke, of die Heksateug bestaan nie. Noth baseer hierdie benadering op literêr-kritiese gronde. Verder maak hy dit duidelik dat die studie van die boek Josua belangrik is vir die groei en verstaan van die Pentateug. Sy literêr-kritiese navorsing neem hom sover terug as Numeri, op soek na die P-bron of Priesterskrif.

Vir Noth is dit belangrik dat P die struktuur van die Pentateug vorm. Die eerste woorde in Genesis 1 behoort aan P, en ook die laaste woorde in Deuteronomium (Gen 1:1; Deut 34:12). In die boek Numeri (hoofstukke 10-36) vind Noth voorbereidings vir die landsverowering. In P se laaste gedeelte (Deut 34:1,7-9) vind die oorgang tussen Moses en Josua plaas, maar daar is geen verwysing na die landsverdeling nie. Hierdie gedeelte dwing Noth om te vra of die intog-motief in P voorkom (Noth 1972:10-16). Numeri 32-35 verwys na die grense van die Wes-Jordaanland en toon ooreenkomste met Josua 13-19. Noth stel voor dat hierdie twee gedeeltes die oorgang van die Pentateug na Josua (wat vir hom twee oorspronklik onafhanklike gedeeltes is) bewerkstellig het. Hy aanvaar dat van die ouer bronne (Num 21:32) 'n landsverowering-vertelling bevat, maar dit beteken nie dat daar 'n literêre verband tussen die Pentateug en die boek Josua bestaan nie. Op 'n literêr-kritiese vlak is dit

²² “ The discovery made by Martin Noth during the Second world War supplies the key for the whole interpretation of the ‘former prophets’ of the Hebrew canon” (Soggin 1972:3). Hierdie stelling is 'n aanduiding van Noth se invloed op Ou Testament studies. Noth se hipotese is vir 'n lang tyd bloot aanvaar en uitgebrei. Die bestaan van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2 Kon) is eers later betwyfel.

onmoontlik om van `n Heksateug te praat.²³ In plaas van `n Heksateug, stel Noth `n Tetrateug voor. Noth se leerlinge sou hierdie teorie verder neem.

Noth het `n nuwe weg gebaan vir Pentateug-navorsing. Volgens sy hipotese vertoon Deuteronomium tot 2 Konings `n *literêre en teologiese eenheid*.²⁴ Hierdie eenheid staan bekend as die Deuteronomistiese Geskiedswerk (DG). Hierdeur sou Noth wegbreek van die term *Pentateug* of *Heksateug*. Die oorblywende boeke van Moses vorm dan `n Tetrateug, terwyl Deuteronomium tot 2 Konings dan die bogenoemde Deuteronomistiese Geskiedswerk vorm (Noth 1981:75). Volgens Noth is DG die werk van een outeur (1981:79).²⁵ Hy het verder aangedui dat die Deuteronomistiese Geskiedswerk tydens die Babiloniese ballingskap ontstaan het.²⁶ Die hipotese van `n Deuteronomistiese Geskiedswerk het `n groot invloed op Josua-studies gehad omdat dit die boek Josua in `n bepaalde teologiese en literêre raamwerk geplaas het (Soggin 1972:3-4). Navorsers wat in Noth se voetspore volg het intussen die teorie aangepas en uitgebrei.²⁷ Noth se teorie rondom die ontstaan van die Deuteronomistiese

²³ Volgens Auld (1980:6) handel dit nie net oor die Pentateug-bronne wat nie in Josua voorkom nie. Hy merk dat die inhoud van die Pentateug merkbaar van die deuteronomis se weergawe van die gekiedenis verskil. So byvoorbeeld val die klem in die Pentateug op die kombinasie van die Sinai-tradisie en die landsverowering-gedeeltes. Die deuteronomis se weergawe van Israel se geskiedenis verwys nie na Sinai nie.

²⁴ Die bostaande hipotese is wyd aanvaar. Schmidt (1989:136) verwys soos volg daarna "Bis in jüngster Zeit wurden immer wieder Versuche unternommen, die Pentateuchfäden (vor allem J und P, gelegentlich E) zumindest bis zum Josuabuch oder auch darüber hinaus bis in die Königsbücher durchzuziehen; aber die Ergebnisse blieben unterschiedlich und haben jedenfalls bisher keine allgemeine Anerkennung gefunden. Schon die Verknüpfung der Texte untereinander zu einem die verschiedenen Epochen umgreifenden Erzählwerk, noch mehr dessen Gleichsetzung mit einer der älteren Pentateuchquellenschriften stiessen auf Widerspruch. Im grossen und ganzen setzte sich M Noths These durch, wurde jedoch differenziert und modifiziert".

²⁵ Die woord "outeur" doen egter nie reg aan Noth se beskrywing nie. Die kreatiewe hand agter die Deuteronomistiese Geskiedswerk is vir Noth `n "*Sammler*" of `n "*compiler*". Hierdie beskrywing impliseer eerder iemand wat bronne saamgevoeg het om `n teologiese en literêre eenheid te vorm.

²⁶ Sommige navorsers het Noth in hierdie verband gevolg. H D Hoffmann (1980) dui aan dat die Deuteronomistiese Geskiedswerk `n produk van een outeur is. Hy verskil egter van Noth in terme van die bronne. Hoffmann dui aan dat die bronne van mondelinge aard moes gewees het, terwyl Noth skriftelike bronne voorstel. Van Seters (1983) volg Noth in die hipotese van een outeur wat tydens die ballingskap die werk op skrif gestel het. Ander neem weer die teenoorgestelde posisie. DH Mayes (1983:133-138) voorsien `n ingewikkelde redaksieproses agter die toestandkoming van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Hierdie benadering impliseer meer as een outeur. Soggin (1972:5) stel `n middeweg voor. Hy merk dat die sistematiese karakter van die werk op een outeur dui, maar dat die lang tydperk waarin die Deuteronomistiese Geskiedswerk kon ontstaan (622-550vC) weer op `n kollektiewe werk dui.

²⁷ Van Seters (1983) volg in Noth se voetspore deurdat hy die hele DG aan `n enkeling toeskryf. Van Seters se benadering verskil egter van Noth in die sin dat Van Seters nie die teenstrydighede in DG aan die bronne toeskryf soos Noth nie. Van Seters beskou die teenstrydighede eerder as latere toevoegings. Mckenzie (1991;2000:286-314) ondersteun die hipotese van `n enkeling wat vir DG verantwoordelik is, asook die hipotese van `n eksiliese ontstaanstydperk vir die DG (alhoewel hy vroeër [1991] `n eerste uitgawe in die tydperk van Josia voorgestel het).

Geskiedswerk, en veral rondom die outeurskap, is vir baie Ou-Testamentici te simplisties.²⁸ Noth se studente sou sy teorie soos volg aanpas:

2.1.2.2 Aanpassings aan Noth se hipotese

In hierdie gedeelte wil ek 'n alternatiewe rekonstruksie vir die ontstaan van die Deuteronomistiese Geskiedswerk voorstel. Hierdie rekonstruksie poog om al die boegenoemde vrae in verband met die outeurskap en die teenstrydighede in DG te verklaar. Die benadering is gebaseer op Albertz (1994:382-398; 2000:1-18; 2003:273-302) se hipotese.

Die vraag of dit 'n "groep" of "skool" was wat verantwoordelik is vir die Deuteronomistiese Geskiedswerk is ingewikkeld. Noth (1981:79) se oorspronklike tese dat die deuteronomis 'n enkeling was wat geen bande met die priesterdom of die profete gehad het nie, is van die begin af betwyfel. So byvoorbeeld het Von Rad (1973:109-153) die oorsprong van die deuteronomiste by die Leviete gesoek. Verskeie navorsers het Von Rad se hipotese ondersteun (Preuss 1982:30; Steck 1982:291-317; 1991:145; Doorly 1994:147). Die probleem met hierdie hipotese is dat die Leviete juis nie 'n groot rol in die Deuteronomistiese Geskiedswerk speel nie (Albertz 2000:4).²⁹ Om die Leviete as die skrywers van die Deuteronomistiese Geskiedswerk aan te dui, is om ná-eksiliese begrippe op die vóór-eksiliese tydvak te projekteer. Nog 'n moontlikheid is om die oorsprong van die Deuteronomistiese Geskiedenis by die sinagogediens te soek, waar uit die Skrifte voorgelees is. Die moontlikheid bestaan dat hierdie gebruik in die ballingskapyd ontstaan het, maar dit kan nie bewys word nie. Sinagoge het volgens alle aanduidinge eers in die ná-ballingskapyd ontstaan (Albertz 2000:5).³⁰ Noth se oorspronklike standpunt dat die deuteronomis nie in die kultus belang gestel het nie, het nie die toets van die tyd

²⁸ So ontstaan die hipotese van 'n deuteronomistiese skool, wat vir die Deuteronomistiese Geskiedswerk verantwoordelik is. Die klem verskuif van 'n enkeling na 'n groep. "Verschiedenartige Beobachtungen nötigen allerdings dazu, M. Noths Auffassung in einer Hinsicht zu korrigieren: Es gab kaum den einen Deuteronomisten, sondern eher eine dtr. Schule....Der Verfasser wechselte, die Schule blieb..Die Schule tradierte und kommentierte-unter dem Einfluss des Deuteronomiums?- geschichtliche und prophetische Überlieferung" (Schmidt 1995 [b]:139).

²⁹ Die Leviete het wel 'n bepaalde rol in die Kronistiese Geskiedswerk gespeel. Wat die fokus van hierdie studie betref, word tekste soos Jos 3:3 as kronistiese redigering geïnterpreteer omdat daar 'n duidelike fokus op die Leviete voorkom.

³⁰ Levine (1993:1421-1424) wys daarop dat die vroegste inskripsie wat na 'n sinagoge verwys uit die 3de vC dateer. Die spesifieke inskripsie is op die eiland Delos gevind.

deurstaan nie. Die duidelike klem op die bou en vernietiging van die tempel getuig van die teenoorgestelde (1 Kon 6-8; 2 Kon 24:13; 25:13-17). Die verdere klem op die hervorminge van koning Josia, wat veral die tempeldiens geraak het, is tereg as die hoogtepunt van die Deuteronomistiese Geskiedswerk aangedui (Hoffmann 1980:223 vv).

Die moontlikheid bestaan dat verskillende priestergroepe vir die ontstaan van die Deuteronomistiese Geskiedswerk verantwoordelik was. Albertz (2000:1-18) neem die hipotese nog 'n tree verder. Hy identifiseer twee priestergroepe wat as deuteronomisties bestempel kan word. Hulle benadering en visie verskil egter radikaal. Daarom verwys hy eerder na 'n deuteronomistiese denkstroom wat verskillende rigtings ingeslaan het. Koning Josia se hervorminge was volgens alle aanduidings vir die deuteronomistiese beweging se ontstaan verantwoordelik. Ná Josia se dood (609vC) het hierdie groep egter versplinter.

Die eerste groep noem hy die *Jeremia deuteronomiste*.³¹ Hierdie groep het polities gesproke 'n pro-Babiloniese houding ingeslaan. Wat die hervorminge aanbetref, het hulle meer op die sosiale boodskap as die kultiese aspekte gekonsentreer. Die Safan priesterfamilie (tesame met Jeremia), asook die latere goewerneur Gedalja (die kleinseun van Safan) wat deur die Babiloniërs as goewerneur aangestel is, het hier 'n bepaalde rol gespeel. Selfs nadat Gedalja deur die nasionaliste vermoor is, het die invloed van hierdie groep waarskynlik gegroei. Dit blyk dat die bogemelde groep so laat as 550 vC nog die Jeremia-tradisies geredigeer het. Die Jeremia deuteronomiste wou deur die redigering probeer aantoon dat dit die nasionaliste was wat vir die ballingskap-straf verantwoordelik was.

Die tweede groep is die *nasionaliste*. Hulle is deur die Gilkija-priesterfamilie en onder ander koning Jojakim en die profeet Genanja ondersteun. Verder het hulle op die kultushervorminge gefokus, en die sentralisasie van die kultus het waarskynlik 'n

³¹ Die verband tussen Jeremia en 'n sogenaamde deuteronomistiese skool word grootliks op die volgende terminologiese ooreenkomste gebou (Fischer 2005:57-58):

- Jer 1:1-3 = 2 Kon 22:22-25;
- Deut 1:7, 9, 17 = Deut 18:18.

Nogtans is Fischer versigtig om oorhaastige gevolgtrekkings rondom die verbande tussen Jeremia en 'n sogenaamde deuteronomistiese skool te maak.

sentrale deel van hulle agenda gevorm. Die vóór-eksiliese Sionsteologie, met die klem op Dawid se koningskap kom nie so sterk in die Deuteronomistiese Geskiedswerk voor nie. Nogtans val die klem op Dawid en die tempel. Die hoop op die geslagslyn van Dawid vir verlossing van hulle vyande, is verder in die ná-eksiliese tyd in die persoon van Serubbabel en die hoëpriester Jesua beklemtoon. Hierdie groep het die herstel van Dawid se ryk verteenwoordig. Die Perse het later toegelaat dat die tempel herbou word, en die Sadokiete was weereens in beheer van hierdie onderneming. Die hoop op Serubbabel as 'n messiasfiguur het egter konflik onder die Judeërs veroorsaak. As gevolg daarvan is Serubbabel se invloed beperk, en is hy uit die politieke stryd gedwing. Die Perse het 'n nie-monargale stelsel laat posvat nie, en sodoende die nasionalistiese hoop op die herlewing van Dawid se koninkryk in die kiem gesmoor. Teenstrydighede in die deuteronomistiese skole is waarskynlik 'n regstreekse gevolg van die geveg tussen die verskillende priester-groepe.

Lohfink (1999:36-66) verskil van Albertz se siening van deuteronomistiese skole. Volgens Lohfink se benadering word godsdienstige of politieke bewegings nie deur retoriek gevorm nie, maar deur 'n gemeenskaplike doel. 'n Groep wat 'n ander taal as die res van die beweging praat, kan nog steeds deel van die groep wees, want hulle streef dieselfde doel na. Albertz se metode om op retoriek en woordeskat te fokus en sodoende verskillende groepe in 'n groter beweging te identifiseer, word dus deur Lohfink (1994:321) bevraagteken. Lohfink neem dus standpunt in teen die hipotese dat 'n groep of skool vir die sogenaamde deuteronomistiese materiaal verantwoordelik is. Albertz (2000:6) antwoord hierop deur die argument om te keer. Groepe van gemeenskaplike agtergrond kan dieselfde retoriek gebruik en nog steeds verskillende bewegings vorm, want hulle streef verskillende doelwitte na. Hiermee bevestig hy dat daar verskillende groepe in een deuteronomistiese beweging kon bestaan.

Die bostaande gesprek beklemtoon die vermoede dat die Deuteronomistiese Geskiedswerk deur verskillende groepe gevorm is. Hierdie hipotese bied 'n moontlike verklaring vir die teenstrydighede in die Deuteronomistiese Geskiedswerk.

2.1.2.3 Doel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk

Verder bestaan verskillende standpunte rondom die doel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk (Zenger 2008:196). Dietrich (1972:141) huldig 'n somber invalshoek deur Noth se standpunt van rondom die doel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk as 'n "etiologie van die nulpunt" (*Ätiologie des Nullpunkts*) te beskou. Volgens Noth (1981:89) het Israel afgedwaal van die wette soos uiteengesit in Deuteronomium. Die ballingskap was God se straf op die volk se ongehoorsaamheid (Noth 1981:89). Sodoende funksioneer die Deuteronomistiese Geskiedswerk om antwoorde op die lyding van die ballingskap te bied. Noth se gevolgtrekking is die somber antwoord op die vraag na die doel of sin van die ballingskap.

Von Rad (1953:85, 89, 90) neem 'n ander standpunt in. Die Deuteronomistiese Geskiedswerk bied deur middel van belydenis hoop vir 'n nuwe toekoms. Wolff (1964:308-324; 1982: 83-100) sluit hierby aan deur die Deuteronomistiese Geskiedswerk te tipeer as 'n oproep tot terugkeer (*Umkehr*) na Jahwe. Tydens die ballingskap is geleentheid vir klaaglied en verootmoediging by Mispa en Bet-El gehou (Jer 41:4-9; Sag 7:2-3; 8:18-19). Dit is juis hierdie twee plekke wat Noth as die waarskynlikste oorsprong van die Deuteronomistiese Geskiedswerk aangedui het.³²

Die bostaande benaderings skep die geleentheid om die teenstrydighede in die Deuteronomistiese Geskiedswerk te verklaar. Noth het ooglopende teenstrydighede in die Deuteronomistiese Geskiedswerk nie noodwendig as 'n probleem geïnterpreteer nie.³³ Die sentrale tese dat die boek Josua deel is van 'n groter Deuteronomistiese Geskiedswerk, is moeilik te betwyfel. Die raakpunte tussen Josua en Deuteronomium is te veel om hierdie teorie in twyfel te trek. Nogtans pla ooglopende teenstrydighede tussen die twee boeke. So byvoorbeeld propageer Deuteronomium die gedagte van 'n sentrale heiligdom. In die boek Josua kom daar egter verskillende heiligdomme voor: Silo (Jos 21), Ebal (Jos 8:30-35) en Sigem (Jos 24). Verder dui Noth aan dat die deuteronomis teen die monargie gekant is (Noth

³² Weinfeld (1991:16-30) kom tot dieselfde gevolgtrekking sonder om eers na Noth te verwys.

³³ So byvoorbeeld het Cross sy hipotese van 'n vóór-eksiliese ontstaan van DG op die uitdrukking "tot vandag toe" gebaseer. Volgens Cross se benadering impliseer hierdie verwysing na die bestaan van Juda. Noth verklaar die tekste wat Cross aanhaal (bv 1 Kon 8:8; 9:21) as byvoegings wat nie deuteronomisties van aard is nie.

1981:77-84,133). Tussen die anti-monargiese gedeeltes is daar gedeeltes soos 1 Samuel 7-12 wat pro-monargiese tendense vertoon. Dit is juis hier waar die redaksionele blokke na 'n besondere moontlikheid lyk. 'n Vóór-eksiliese redaktor sou positief oor die monargie wees. Die hervorminge van Josia sal meer as genoeg rede gee tot 'n pro-monargiese idee. 'n Eksiliese redaktor sal aan die ander kant weer negatief wees oor die monargie, omdat die ballingskap juis as die straf op die koningshuise geïnterpreteer is.

Nog 'n voorbeeld van teenstrydighede kom voor waar Noth (1981:91) meen dat die tempel nie'n belangrike rol vir die deuteronomis speel nie. Op grond daarvan voer Noth aan dat die deuteronomis nie baie geïntereseerd was in die kultus nie. Die klem op die bou en vernietiging van die tempel getuig van die teenoorgestelde (1 Kon 6-8; 2 Kon 24:13; 25:13-17). Die bogenoemde is relevant in terme van die argument van verskillende redaksies. Nogtans is daar die moontlikheid dat Noth reg gehad het, en dat daar net een outeur was. Dit sou beteken dat die deuteronomis verskillende opinies oor 'n saak gehad het. So byvoorbeeld was die deuteronomis nie teen die monargie gekant nie, maar teen 'n vorm van die monargie wat reglynig teenoor die Wet staan (Buber 1965:113-73).

Die doel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk speel 'n intergrale rol in die interpretasie daarvan. Datering, outeurskap en komposisie van DG is op die *doel* van die Deuteronomistiese Geskiedswerk gebaseer. Die bepaalde rigting wat die eksegeet in hierdie verband kies, beïnvloed die interpretasie van DG.

2.1.2.4 Deuteronomistiese Geskiedswerk as gelaagde werk


Die sogenaamde Göttingen-skool (Smend 1971; Dietrich 1972; Veijola 1977) identifiseer drie verskillende lae wat uit die ballingskap dateer. Smend (1971:464-509) dui aan dat sekere verhale beklemtoon dat die landsverowering nog nie afgehandel is nie (Jos 1:7-9; 13:1-6; 23), terwyl ander gedeeltes wel 'n algehele landsverowering beklemtoon (Jos 21:43-45). Josua 1:7-9; 13:1-6 en 23 sentreer rondom die wet (*nomos*).³⁴ Om hierdie rede noem hy dit 'n *nomistiese* laag (DtrN).

³⁴ Volgens Smend (1989:115) het hierdie gedeeltes nie noodwendig uit dieselfde hand ontstaan nie. Hy skep ruimte vir die moontlikheid dat verskillende outeurs vir DtrN verantwoordelik was. Sommige navorsers sluit hierby aan. So byvoorbeeld beskou Noort (1994:69-87) DtrN eerder as 'n *proses*,

Dietrich (1972:107) vind in die koningsboeke `n *profetiese* laag (DtrP). Hierdie gedeeltes sentreer rondom profetiese oorlewering. Smend (1971:464-509) identifiseer verder `n derde laag. Hier vind hy gedeeltes wat na die val van Jerusalem geskryf is, en wat Israel en Juda se geskiedenis uit `n spesifieke hoek vertel. Hy verwys na hierdie redaksie as *historiografiese* laag (DtrH). Die Smend-skool identifiseer drie redaksies (DtrN, DtrP, DtrH). Dietrich (1972:143-144) dateer die verskillende lae soos volg. Hy plaas DtrH rondom 580vC. DtrN (bv die hoop wat met koning Jojagin se vrylating geskep word: 2 Kon 25:21) dateer volgens hom rondom 560vC.³⁵ Dit skep `n tydperk van omtrent twintig jaar waarin DtrP kon ontstaan.

Ander navorsers brei uit op hierdie basiese skema. Veijola (1977:79, 133) meen in sy studie oor die Dawidsverhale dat elke redaksie `n eie unieke beeld van Dawid vertoon. Die *historiografiese* laag (1 Sam 8-12; 25:28,30; 2 Sam 3:9-10,18; 5:2; 7:11; 10:13,16) tipeer Dawid as stigter van `n ewige dinastie. Die *profetiese* laag skets `n beeld van `n gewone mens wat sonde doen. Die *nomitiese* (1 Sam 8:6-22;12) beskryf die moontlikheid van `n ewige Dawidsdinastie.³⁶

Die volgende diagram dien as voorbeeld van DG as gelaagde werk:



+ DtrH (Historiografiese laag)

* DtrN (Nomitiese laag)

terwyl Latvus (1998:86) en de Vos (2003: 245-307) DtrN eerder in die konteks van *Fortschreibung* plaas.

³⁵ Alhoewel Smend DtrN oorspronklik net tot die boek Josua beperk (Smend 1971:509), merk hy in latere navorsing tog spore van DtrN in Rig, Sam en 1 en 2 Kon. Hy laat ruimte vir die moontlikheid dat bepaalde deuteronomitiese elemente in die Tetrateg aan DtrN toegeskryf kan word (Smend 1998:125). Smend se studente sou hierdie hipotese uitbrei. So byvoorbeeld meen Auld (1976:229-234) dat die een van DtrN se hoofemas, naamlik die mislukking van die landsverowering, in verskeie gedeeltes voorkom (Jos 13:13; 15:63; 16:10; 17:11-13). Lohfink (1981:87-100; 1991:125-142) merk DtrN in die boek Deuteronomium (6:17-19; 8:1; 11:8, 22-25). Bieberstein (1995:392-394) sluit by Noort (1986:110) aan deur Jos 1:3-5, tesame met Deut 11:24-25 in die raamwerk van DtrN te plaas. Fritz (1994:3-4) integreer eerder DtrN in `n breër deuteronomitiese redaksie (RedD).

³⁶ Sommige navorsers skep nóg redaksionele snitte. So byvoorbeeld dui Lohfink (1981:87-100) `n DtrÜ (n deuteronomitiese *Überarbeiter*) aan.

Die illustrasie dien as voorbeeld van hoe 'n bepaalde korpus (1 Sam 8-12) uit verskillende redaksies bestaan.

Sommige navorsers gebruik juis hierdie model om die boek Josua te analiseer. Bieberstein (1995:297-301) baseer sy noukeurige studie van Josua 3-6 op die hipotese van redaksionele lae en skryf die teenstrydighede in Josua 3 en 4 aan die verskillende redaksies toe. Die Göttingen-model vertoon egter talle leemtes. So byvoorbeeld is dit moeilik om te verklaar hoe verskeie lae in 'n kort tydperk (580 vC-50 vC) kon ontstaan. Verder skep hierdie model die 'n fragmentariese konsep van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. So byvoorbeeld slaag die aangepaste blokkemodel (Römer 2007b) beter daarin om uiteenlopende materiaal onder een model te verenig.

2.1.2.5 Deuteronomistiese Geskiedswerk as redaksionele blokke

'n Ander benadering impliseer weer 'n samevoeging van redaksionele *blokke*. Frank Moore Cross (1972:279-89) verteenwoordig hierdie standpunt. Hy voorsien 'n dubbele deuteronomistiese redaksie van die Koningsboeke. Die eerste redaksie het in die tydperk van koning Josia se regering plaasgevind. Jerobeam se sonde en die voortgang van die Dawidsdinastie vorm in hierdie geval die hooftemas. Die tweede redaksie het tydens die Babiloniese ballingskap plaasgevind. Laasgenoemde verklaar weer die einde van die Dawidsdinastie.³⁷ Die gevolge van Cross se datering is belangrik vir die verstaan van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. As dit tydens die ballingskap gedateer word, kan dit inderdaad verstaan word as 'n verduideliking van Israel se val, omdat dit dan sou poog om die krisis van die ballingskap te verwerk en antwoorde te soek op hulle lyding. 'n Vóór-eksiliese redaksie dui op die idee van 'n Josiaanse hervorming wat voortbou op die hoop van 'n ewige Dawidiese dinastie, omdat daar in die vóór-eksiliese tyd juis hervorminge was wat die volk op godsdienstige en politieke terreine wou opbou.³⁸ Die volgende diagram dien as illustrasie:

³⁷ Omdat Noth (1981:12) 'n eksiliese datering vir die Deuteronomistiese Geskiedswerk daarstel, skep dit probleme wanneer sekere tekste nie eksilies gedateer kan word nie. Cross konstrueer 'n Josiaanse redaktor, wat uit die tydperk vóór die ballingskap dateer. Later sou 'n eksiliese redaktor nog gedeeltes bywerk.

³⁸ Sommige van Cross se studente het gepoog om meer gewig aan Dtr² te verleen. So byvoorbeeld plaas Boling (1982:133-134; 1992:1002-1014) Dtr² in die konteks van Levitiese vlugteling wat na die Suidryk gevlug het ná 722 vC. Sodende het hulle geslaag om die *genre* van die (Aaronitiese) Dtr¹ van

Eerste redaksie	Redaksionele oorgang:	Tweede redaksie:
Deut- 2 Kon 22:1-23:5	2 Kon 23:25	2 Kon 21:2-15; 2 Kon 23:6-25:30

Die blokkemodel kan verder uitgebrei word. Nelson (1981:73-76) veronderstel 'n eerste redaksie rondom die Dawidsbelofte. Hy betwyfel nie die voortbestaan van die Dawidsdinastie nie. Die tweede redaksie fokus op die ballingskap as oordeel van die volk se ongehoorsaamheid. Die tweede redakteur veronderstel glad nie 'n voortsetting van die Dawidsdinastie of 'n terugkeer na die land nie.

Weippert (1972:301-339; 1983: 344-375) stel 'n drie-ledige redaksie voor. Die eerste redaksie dateer uit koning Hiskia se tyd (8^{ste} eeu vC), en beoordeel die Judese konings positief, terwyl die Israelitiese konings negatief beoordeel word. Die tweede redaksie dateer uit koning Josia se tyd (7^{de} eeu vC), en beoordeel al die konings van die Noordryk, en sommige van die Suidryk in 'n negatiewe lig. In hierdie geval is die maatstaf van beoordeling die wyse waarop sommige konings monoteïsme aanvaar het. Die derde redaksie beoordeel alle konings negatief. Hierdie redaksie dateer volgens Weippert uit die ballingskap.

Peckham (1985) brei die Cross-model uit deur meer tekste aan die tweede (eksiliese) deuteronomis toe te skryf. Sodoende verskil Peckham van Noth ten opsigte van die aard en oorsprong van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Noth identifiseer 'n vóór-literêre stadium of mondelinge oorsprong van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Hy voorsien verder 'n oorspronklike kultiese konteks as die *Sitz im Leben*. Die deuteronomis is in Noth se woorde 'n "Sammler" of "compiler" (Noth

'n Josiaanse propagandewerk na 'n tragies-komiese verhaal te omskep. Die volgende gedeeltes behoort volgens Boling se analise tot Dtr²: Jos 1:12-2:24; 3:17-4:9; 4:12-5:12; 6:22-25; 8:3-11, 20-25, 30-35; 9:16-27; 10:12-15; 12-14; 17:3-6; 19:51-21:42; 22-23. Volgens Peckham (1994) het Dtr¹ oorspronklik by J aangesluit, terwyl Dtr² ná P (d.w.s. eksiliese tyd) dateer. Die volgende gedeeltes is deel van Peckham se Dtr²: Jos 1:1b^b, 5b^b, 6-18; 2:9-11, 12b^b, 17-21, 24b; 3:1-4, 6-10a, 11-16a; 4:1-24; 5:1-15; 6:1, 3-16a, 17-19, 20a^b.b^a, 21, 23a^b, 24,25a^b, 26-27; 7:1-26; 8:2a^b, 3b^b, 5b, 6a^b, 8, 9a^b, 9-10, 11b-15, 17-18?, 19a, 19b-35; 9:1-2, 6a-7, 9a^b-11, 14, 15a^b, 15b-27; 10:1a, 4b, 6-7, 9b, 10b-43; 11:2-4, 6b, 8, 9-17, 19-22, 23ab^b, asook die hele Jos 12-24 en Rigters. Nie een van hierdie pogings slaag egter daarin om 'n duidelike tematiese, ideologiese en idiomatiese profiel aan Dtr² toe te skryf nie (Preuss 1993:226-264, 341-395; Van der Meer 2004:147). Nelson (1997:259) verwerp Cross se hipotese van 'n Dtr² in verband met die boek Josua en plaas die boek Josua in die raamwerk van Dtr¹.

1981:79). Hierdie persoon het die ou, onvolledige en teenstrydige bronne geneem en saamgebind tot `n eenheid.

Verder beskou Peckham (1985:3) die rol van die deuteronomis en die bronne in `n ander lig. In die eerste plek is die bronne nie onvolledig en fragmentaries soos wat Noth voorstel nie. Verder neem hy standpunt in teen Noth se voorstel van een outeur van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Hy wys op die feit dat Noth se navolgers gesukkel het om die gelaagdheid van die werk te verduidelik (1985:7). Peckham se hipotese berus op die feit dat die Deuteronomistiese Geskiedswerk uit twee dele bestaan (Dtr¹ en Dtr²). Volgens Peckham (1985:1) is die Deuteronomistiese Geskiedswerk opgebou uit die volgende geskrewe bronne, wat ooreenkom met die tradisionele bronne (J, E, P). Peckham se benadering is eiesoortig in die sin dat hy Dtr¹ as `n bron van die Deuteronomistiese Geskiedswerk aandui.

Dtr¹ is volgens Peckham (1985:7) `n opvolg van die Jahwistiese bron (J). Dtr¹ strek van die einde van Moses se lewe tot die geskiedenis van koning Hiskia. Verder beskou hy Dtr¹ op teologiese vlak as `n herinterpretasie van die Jahwistiese weergawe van die Sinai-verbond. Dtr¹ fokus op die intog en lê klem op die gehoorsaamheid aan die wet as kriterium vir `n geseënde verblyf in die land. Die Dawidsbelofte en sentralisasie van die kultus is verdere hoogtepunte in hierdie spesifieke weergawe van Israel se geskiedenis.

Peckham identifiseer Dtr² as `n verwerking van al die bestaande bronne (J, Dtr¹, P en E). Die outeur van Dtr² het al die bogenoemde bronne verwerk. Dtr² is nie `n bron nie en dit staan nie los van die ander bronne nie. Volgens Peckham se model is Dtr² eerder `n deurlopende kommentaar op al die bronne.

Hierdie benadering het implikasies vir die studie van Josua 3 en 4. Volgens Peckham se model val Josua 3:5, 10b en 16b onder Dtr¹. Die res van hoofstuk 3 asook die hele hoofstuk 4 is deel van Dtr².

Eynikel (1996) brei uit op die blokkemodel. In die plek van `n deurlopende geskiedswerk, verwys hy na verskillende blokke wat afsonderlik geskryf is. So byvoorbeeld vorm Josua – 1 Samuel 12 een blok, terwyl 1 Samuel 13-2 Samuel en 1

Konings 1-2 `n volgende blok vorm. 1 Konings 3-2 Konings 23 voltooi die prentjie. Die gedagte is dat die verskillende blokke baie laat saamgevoeg is. Lohfink (1981:87-100) sluit hierby aan. Hy identifiseer byvoorbeeld `n losstaande deuteronomistiese landsverowering-korpus (DtrL) wat vanaf Deuteronomium tot Josua 22 strek. Hierdie blok het eers op `n later stadium deel van die groter Deuteronomistiese Geskiedswerk geword.

Die blokkemodel hou implikasies vir die interpretasie van die boek Josua in. Verskeie navorsers (Boling 1982:66-72; Nelson 1997:53-62) verklaar die teenstrydighede en oneffenhede in Josua 3 en 4 juis op grond van die samevoeging van verskillende redaksionele blokke. Die model vertoon egter leemtes, veral in die sin dat die navolgers van hierdie model (Cross 1973; Nelson 1981; Weippert 1983: 344-375) steeds die klem op die vóór-eksiliese blok plaas. Ek is oortuig dat Noth se klem op die ballingskap as ontstaanstyd van die Deuteronomistiese Geskiedswerk steeds die beste verduideliking rondom die doel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk bied. Römer (2007b) kombineer die blokkemodel met resente navorsing rondom die boek Deuteronomium. Die gevolg is dat Römer se verwerkte blokkemodel myns insiens meer sin maak as die klassieke blokkemodel.

2.1.2.6 Kombinasie van redaksionele lae en blokke

Nog `n benadering is om die redaksionele lae en blokke te kombineer. Lohfink (1981:87-100) onderskei redaksionele blokke *en* lae. Die gedeeltes wat oor die land handel maak `n groot deel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk uit. Hierdie blok strek vanaf Deuteronomium 1 tot Josua 22. Die res van die Deuteronomistiese Geskiedswerk (Rig-2 Kon 23:25) is in Koning Josia se tyd bygewerk. Hy voorsien dan `n blokkemodel wat onderhewig is aan verskillende redaksies.

Een van die mees omvattendste benaderings is dié van Mayes (1983:133-138). Hy beskou die eerste redaksionele laag as die skepping van `n *geskiedskrywer* (Deut 1-3; 5; 9-10; 12:8-11; 31:1-8,14-15,23; 34:1-6). Die tweede laag is die werk van `n *redaktor* (Deut 4:1-40; 6-11; 26:16-19; 27:10-11; 28-30; 32:45-47). Hier val die klem veral op die verbond en die bepalinge. Hierdie klemverskille vind `n plek in die boek Josua. Die eerste redaksie veronderstel `n totale verowering van die land deur `n

verenigde Israel onder Josua (Jos 1:1-6,9; 11:21-23; 12:1-6; 13:1,7; 14:6-15, 20; 21:43-45; 22:1-6;24:29-30). Volgens die tweede redaksie is die verowering van die land 'n gevolg van gehoorsaamheid aan die Wet (Jos 1:7-8; 13:1-6; 23). Die klem is op die standpunt van die tweede redaksie, naamlik dat die verowering nog nie afgehandel is nie, en dat totale verowering sal afhang van die gehoorsaamheid aan die wet. Die derde redaksionele laag vind 'n besondere belangstelling in die Levitiese kultus en die heiligdom by Sigem (Deut 10:8-9; 27:1-8, 11-26; 31:9-13, 24-29; Jos 8:30-35; 24:1-8; Rig 1:1-2,5; 17-21).

O'Brien (1989:288-292) kombineer die redaksionele blokke en lae op die volgende manier. Hy fokus op die Göttingen-skool se hipotese van 'n deurlopende profetiese laag (DtrP). Die verskil met die Göttingen-skool is dat O'Brien die profetiese laag in die vóór-eksiliese tyd plaas. Hy beskou die profetiese laag as die onderliggende basis van die Samuel en Koningsboeke. Hierdie profetiese laag het egter tydens die ballingskap weer 'n redaksie ondergaan.

Die kombinasie van die redaksionele blokke en lae bring meer balans tot die gesprek. Römer (2007b) se model is grootliks op hierdie die kombinasie van die Cross en Göttingen-modelle gebaseer, maar Römer het meer genuasneerd te werk gegaan deur die nuutste deuteronomium-navorsing met die gesprek rondom DG te kombineer.

Die vraag na redaksionele blokke of lae is relevant in terme van die boek Josua. Een van die belangrikste vrae ten opsigte van 'n literêre invalshoek is juis of die boek Josua deel van 'n groter korpus uitmaak. Navorsers soos Strange (1993:136-141) en Lindeque (2001:133) wyk af van die hipotese dat die boek Josua tot 'n groter korpus behoort. Dit verleen aan hulle die impetus om die boek as 'n losstaande dokument te beskou wat in die laat ná-eksiliese tyd ontstaan het. Hierdie benadering het implikasies vir die historisiteit van die boek, omdat die komposisie van die boek dan ver verwyderd is van die tyd waarin dit afspeel. Verder laat hierdie benadering nie veel ruimte vir die literêre groei van die boek nie.

2.1.2.7 Bestaan van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk betwyfel

Nie alle navorsers is oortuig van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk nie. Fohrer (1984:195) gee toe dat daar in Deuteronomium tot 2 Konings 'n mate van deuteronomistiese redaksie aanwesig is,³⁹ maar die gedagte van 'n deurlopende geskiedswerk is nie vir hom aanvaarbaar nie. Die hoofrede vir hierdie skeptisisme is die ooglopende teenstrydighede wat in Josua-2 Konings voorkom.⁴⁰ Die onderstaande is voorbeelde van benaderings wat nie 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk voorstaan nie, maar wel deuteronomistiese redigering as 'n alternatiewe benadering voorhou.

In hierdie geval word die sogenaamde eenheid van die korpus Deuteronomium – 2 Konings betwyfel.⁴¹ Westermann (1994:39-40) argumenteer dat daar geen eenheid kan bestaan vanaf Israel se voorbereidings om die land te besit tot die ballingskap nie. So byvoorbeeld ontbreek 'n verwysing na die skepping. Westermann meen dat die verwysings na die uittog in die afsonderlike boeke van Deuteronomium – 2 Konings voorkom. Op grond hiervan begin die vóór-deuteronomistiese narratief by die uittog (Westermann 1994:40-49). Wat die res van die geskiedswerk aanbetref, is sy standpunt dat die verskillende boeke nie 'n saamgestelde eenheid vorm nie. Elkeen van die boeke in die sogenaamde korpus is afsonderlik saamgestel en geredigeer.⁴² Westermann baseer sy hipotese op vormkritiek, want die vorm en funksie van elke afsonderlike boek van die Deuteronomistiese Geskiedswerk vorm die basis van

³⁹Fohrer (1984:195) verwerp die hipotese van 'n eenvormige werk wat deur 'n skrywer of redaktor gevorm is. Hy laat wel ruimte vir 'n deuteronomistiese redaksie van Deuteronomium tot 2 Konings. Elkeen van hierdie boeke is verskillende wyses saamgestel en geredigeer. Noth (1981:25) se oorspronklike tese was dat DG 'n werk van eenheid is, in plaas van bloot 'n deuteronomistiese redaksie
⁴⁰“Ist das deuteronomistische Geschichtswerk (DtrG) noch zu retten? Nach so vielen scharfsinnigen und widersprüchlichen exegetischen Analysen denken mancher Experte oder manche Expertin: ‘Resquiescat in Pace-1943 bis 1993-ein erfülltes Leben für eine Hypothese!’.[Hat] O'Brien das DtrG gerettet? Ich habe Zweifel daran” (Gerstenberger 1995:114-5). Kratz (2005:216) meen dat die hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedenis nie haalbaar is nie. Hy is oortuig dat dit die Heksateug van sy natuurlike einde beroof.

⁴¹ Kratz (2005:158) som dit as volg op “Furthermore we must rid ourselves of the notion of a Deuteronomistic History extending from Deuteronomy to Kings”. Laasgenoemde stelling verteenwoordig die groeiende skeptisme teen die bestaan van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk. Auld (1995:173) en Davies (1992:131) is maar enkele voorbeelde van die laasgenoemde tendens. Thompson (1994b:86) is spreek sy oordeel skerp uit “ He (Noth) invented what he needed: a migration from Mari to Jericho, a cultic covenant among a historically unrelated but nevertheless numerically specific grouping of pastorales, a unique conjunction among the tribal storytellers at the watering holes to save him from the Pentateuch's variant tales, an imperial catalogue of provinces as a cure for the geographical incoherence of tales and finally a cornucopia of historical events refracted from that *mother of all fictions, the Deuteronomic History*” (my kursivering).

⁴² Agter hierdie benadering skuil die gedagte wat reeds bespreek is, naamlik dat geen geskiedskrywer soveel verskillende en ooglopende teenstrydige bronne sal wil saamflans tot 'n eenheid nie (Westermann 1994:55,122).

Westermann se studie. Sy gevolgtrekking is dat die boeke nie 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk vorm nie. Die idee van 'n deuteronomis is egter nie vir hom totaal oorbodig nie (Westermann 1994:16-18;28-29;97-124). 'n Redaktor sou teologiese interpretasies of verduidelikings verskaf op sekere gebeurtenisse. Westermann se benadering kom neer op deuteronomistiese redigering van die individuele boeke, eerder as op 'n eenheidsgeskrif.

McConville (1993) se benadering is op dieselfde vlak as die Westermann. Alhoewel hy die verskillende boeke as afsonderlike literêre eenhede benader, vind hy tog 'n mate van kontinuïteit in terme van temas, verhaallyn en karakterisering (McConville 1993:10). Hy wys voorts op 'n verband tussen die afsonderlike boeke in terme van 'n belofte-ervullingskema.⁴³

Ander navorsers is nog meer radikaal in hulle benaderings. Hulle beskou die verskillende boeke as die resultaat van losstaande eksiliese en ná-eksiliese redigering. Knauf (2000:392) verwys verder na die feit dat die boeke nie in die kategorie van geskiedskrywing val nie. Noth se oorspronklike tese word van alle kante gekritiseer. Eerstens is dit nie 'n geskiedskrywing nie. Tweedens is die gedagte van een skrywer ook hierdeur afgewys. Die afsonderlike boeke het in 'n minder of meerdere mate redigering deurgemaak, en in sekere gevalle was dit deuteronomisties van aard. Knauf (2000:394-397) analiseer elke boek van die Deuteronomistiese Geskiedswerk afsonderlik en kom tot die gevolgtrekking dat hulle nie 'n samehangende eenheid vorm nie. Deuteronomium 1-3, wat deur Noth as die begin van die Deuteronomistiese Geskiedswerk geïdentifiseer is, is volgens Knauf 'n latere invoeging om die boek Deuteronomium met die res van die Pentateug te verbind.⁴⁴ Die boek Josua word deur

⁴³ So byvoorbeeld is die landsbelofte in die boek Josua gerealiseer. Die band tussen die verskillende boek moet nie net tot die idee van belofte-ervulling te strek nie. So byvoorbeeld herinner 1 Sam 21:1-6 aan Josua se verbond met die Gibeoniete (opsigself 'n sonde in terme van Deut 7:2).

⁴⁴ Hy steun hier op die werk van Mittmann (1975:187), wat aangedui het dat Deut 1-3 'n latere invoeging is. Die rol en agtergrond van Deut 1-3 is egter 'n komplekse saak. Deut 1-3 bevat verwysings na die volgende episodes wat in Num voorkom:

- Deut 1:19-45/ Num 13-14: vrees vir bewoners van die Beloofde land;
- Deut 21-23/ Num 20:10-21: deurtog deur Edom en Moab;
- Deut 2:25-3:11/ Num 21: 21-35: verowering van Transjordaniese gebiede;
- Deut 3:21-29/ Num 27: Goddelike opdrag om Josua as leier aan te stel.
- Aan die een kant is daar navorsers (Heckl 2004:451-458; Gertz 2006:103-125) wat die bronne in Num as die ouer bronne beskou. Deut 1-3 vorm dan 'n band met die gedeeltes in Num 13-14; 20:1-20; 21:21-35. Aan die ander kant argumenteer Römer (2007b:125) dat Deut 1-3 nie 'n terugskouing op die gebeure van Num 13-14; 20:1-20; 21:21-35 is nie. As

Knauf as 'n toevoeging tot die Pentateug beskou. Hy koppel die ontstaan van die boek met die stryd tussen priester-groepe van Jerusalem en Elefantine. Die boek Rigters bestaan uit oorspronklik onafhanklike sages oor helde van die Noordryk. Hoofstuk 17-21 is deur pro-monargiese groepe bygevoeg. 'n Anti-monargiese groep het weer hoofstuk 9 ingevoeg. Die priesters van die Tweede Tempel het die kronologie bygewerk om dit by die Heksateug te laat aansluit. Die boeke van 1 en 2 Samuel pas volgens Knauf nie in by die patroon van Antieke Oosterse historiografie nie. So byvoorbeeld is Dawid en Salomo nie te vinde in die annale wat as bron van 1 en 2 Konings dien nie. 2 Samuel 7 is deur pro-monargiese groepe ingevoeg en 1 Samuel 1-3; 7; 8; 12 deur anti-monargiese groepe. 1 en 2 Konings kondig nie die einde van 'n geskiedenis aan nie, maar eerder die begin van 'n nuwe geskiedenis. Hy vind ooreenkomste met ander tekste soos Esra 7; 9:1-6,11; Miga 5:1-5; Haggai 2:21-23. Daarom beskou hy 1 en 2 Konings eerder as die begin van die profetiese boeke.

Provan (1988) beskou Deuteronomium se klem op 'n sentrale aanbiddingsplek in die konteks van 'n reaksie teen die opelug heiligdomme wat deur Hiskia vernietig is. Die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk het oorspronklik by 2 Konings 19 geëindig, en die eerste weergawe van DG het net Samuel en Konings omvat. Deuteronomium, Josua en Rigters het later deel van DG geword.

Würthwein (1994:1-11) beskou Samuel, Rigters en Josua as latere inleidings tot die koninklike verhaal van die Koningsboeke. Elke inleiding volg op die inleiding vóór (of ná) hom, en elkeen begin die inleiding vroeër as die vorige inleidings. Würthwein se benadering veronderstel dat die boek Deuteronomium aan die einde van die proses staan, en nie aan die begin nie. Deuteronomistiese redaksies het van Konings terugwaarts plaasgevind, nie van Deuteronomium na Konings nie.

Auld (1999:116-126) verwerp die hipotese dat Josua tot 2 Konings op Deuteronomium gebaseer is. Hy stel die hipotese dat Samuel, Konings en Kronieke op 'n vroeër verhaal van die "huis van Dawid" en "huis van Jahwe" gebaseer is. Auld

Deut 1-3 'n samavattning van die verhale in Num was, sou daar volgens Römer méér verwysings na die gebeure in Num gewees het. So byvoorbeeld is daar in Deut 1-3 geen verwysing na Num 14 waar Moses vir die volk intree voor Jahwe nie. Op grond hiervan beskou Römer 2007b:125) Deut 1-3 as die ouer teks waarop Num gebaseer is. Ek sluit by Römer se benadering aan in hierdie studie.

se studie impliseer dat hierdie vroeë verhaal uiteindelik die boek Deuteronomium gevorm het. Die invloed strek dus nie van Deuteronomium tot 2 Konings nie, maar van Samuel, Konings en Kronieke na Deuteronomium. Auld betwyfel nie net die hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2 Kon) nie, maar selfs die term “deuteronomisties” as verwysing na Josua tot 2 Konings word hierdeur in twyfel getrek.

2.1.2.8 Gevolgtrekking

Alhoewel die konsep van 'n DG vir baie navorsers nie meer aanvaarbaar is nie, bring Römer (2007b) se model nuwe insigte tot hierdie gesprek. Römer probeer om die verskillende benaderings te kombineer en sodoende slaag hy daarin om die konsep van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk te laat herleef. Römer sluit aan by Noth se konsep van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk wat van Deuteronomium tot 2 Konings strek, maar hy veronderstel dat DG uit vóór-eksiliese, eksiliese en selfs ná-eksiliese weergawes bestaan. Elkeen van hierdie weergawes van DG het verskillende oogmerke en karakter gehad.

Sy benadering is op die volgende fundamente gebou:

- Die boek Deuteronomium is deur ingewikkelde redaksionele prosesse gevorm. In terme van inhoud strek die eerste weergawe van Deuteronomium (6:4-28:69). Die sogenaamde sentralisasie-wette vorm die middelpunt van die eerste weergawe van Deuteronomium. 'n kenmerk van hierdie weergawe van Deuteronomium is die ooreenkomste tussen Deuteronomium en die sogenaamde Assiriese vasaalverdrae. Hierdie eerste weergawe van DG het in die 7^{de} eeu vC ontstaan;
- In die eksiliese tydvak bevin die volk Israel hullself in Babilonië. Die eksiliese weergawe van DG spreek tot die volk, wat net soos Moses, hulleself buite die beloofde Land bevind. Deuteronomium 1-3 funksioneer om die volk se oorsprong te verduidelik. Sodoende word die ballingskap die nuwe oorsprongsmite van die volk Israel (Römer 2007b:164). Die eksiliese weergawe vertel op grond van Deuteronomium 5 die res van Israel se geskiedenis (2 Kon 25).

- Redaksies van DG vind plaas tot in die Persiese tyd (Römer 2007b:166).

Römer se model hou die volgende gevolge in vir die komposisie van die boek Josua:

- `n Eerste (vóór-eksiliese) weegawe van die boek Josua bevat net die verwysings na die landsverowering (Jos 5-12). Die landsveroweringverhaal dien oorspronklik om Koning Josia se uitbreiding na die noorde te legitimeer.
- Die eksiliese weergawe sluit Josua , asook die verhaal van die deurtog deur die Jordaan (Jos 3-4) in. Hier val die klem op Israel se gehoorsaamheid aan die Wet, wat as voorwaarde van die landsbesit geld.
- In terme van hierdie studie, meen Römer (2007b:134) dat die Jordaanorgang oorspronklik net Josua 3:2,4, 6-7, 14-16; 4:10-14 ingesluit het. Deuteronomium 23 sluit die eksiliese weergawe van die boek Josua af.⁴⁵

Die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk het volgens Römer se model `n baie ingewikkelde ontstaansproses deurgemaak. Nóg tans vorm DG in die eksilise tyd tog `n deurlopende verhaal wat Israel se geskiedenis aan die hand van die ballingskap konstrueer. Daar is egter twee probleme met Römer se model:

- Alhoewel Römer (2007b:136-139) die boek Rigters deel maak van die Deuteronomistiese Geskiedswerk, is daar probleme met hierdie hipotese. Die boek Rigters is moontlik `n latere invoeging tussen die boek Josua en 1 Samuel.⁴⁶ Deuteronomium toon bande met 1 en 2 Konings.⁴⁷ Nóg tans is daar nie sulke sterk verbande tussen Deuteronomium, Rigters en die Samuelboeke nie;
- Römer se model vra `n ingewikkelde rekonstruksie van DG. Uit die aard van die saak is dit moeilik om die verskillende boeke (Deut-2 Kon) in die onderskeie weergawes van DG op te deel.

⁴⁵ Die oorspronklike (Josiaanse) weergawe van die boek Josua het waarskynlik met Jos 11:23 of 21:43-45 geëindig (Römer 2007b:90).

⁴⁶ Vgl 3.1.2. Die LXX bevestig die tematiese verband tussen Josua 24 1 Sam 1:9. Römer (2007b:137) verklaar die verskille tussen die boek Rigters en Deuteronomium (bv verskillende benamings vir afgode, ens) as `n resultaat van twee verskillende deuteronomiste (of twee verskillende skole) wat die tekste geredigeer het. Indien die boek Rigters tussen Josua en 1 Konings ingevoeg is, bring dit die vraag na die ontstaan en rol van die LXX na vore. Die *Vorlage* van Josua en 1 Sam verteenwoordig dan `n Hebreeuse teks wat vroeër as die proto-MT teks dateer. Die probleem is dat die boek Rigters nie in die raamwerk van `n Deuteronomistiese Geskiedswerk pas nie.

⁴⁷ Die verwysing na “ander gode” kom as herhalende motief in Deuteronomium en Konings voor.

Römer (2007b) se benadering bied steeds die mees waarskynlikste oplossings tot die komposisie van Deuteronomium-2 Konings. Indien die boek Rigters egter 'n laat ná-eksiliese byvoeging tot DG verteenwoordig, beteken dit steeds dat daar genoeg bande tussen Deuteronomium en 1 en 2 Konings bestaan. Ek aanvaar dus Römer se konsep van 'n DG wat in reaksie tot die ballingskap ontstaan het. Die komposisie van Rigters en Samuel skep vra egter herbesinning.

Ek is oortuig daarvan dat die boek Josua nou bande met Deuteronomium en deuteronomistiese geskrifte vertoon. Nogtans is daar merkbare verskille tussen Josua en Deuteronomium. Noth (1953) se hipotese van Josua as deel van DG word steeds vandag deur sommige navorsers aanvaar (Soggin 1972; Boling 1982; Butler 1983; Fritz 1994). Hierdie vraagstuk maak 'n groot deel van hierdie studie uit.

2.1.3 Ander literêre invalshoeke

2.1.3.1 Etiologie

Etiologie is 'n verhaal wat die oorsprong van 'n volk, 'n plek of 'n taal verduidelik (Van Seters 1999:44) stel dit soos volg: “Not a few sagas and legends (the major exception being the hero legend) have the purpose of explaining the origin and cause of something presently existing, that is to say, they are etiological”. Die definisie van etiologie het 'n beduidende invloed op die interpretasie van die boek Josua.⁴⁸ Die rol van etiologie is sentraal in die studie van die Josua-boek omdat die meeste navorsers saamstem dat groot gedeeltes van die boek (hfs 2-11) moontlik etiologies van aard is.⁴⁹ Die vraag is of daar 'n historiese kern agter 'n etiologiese legende is. Noth

⁴⁸ So byvoorbeeld verklaar Fohrer (1984:92): “it has long been demonstrated conclusively that a great part of the traditions concerning Israel's early history are etiological”.

⁴⁹ Soggin (1972:9-11) stel dit soos volg: “it is easy to see that we are faced with a mosaic of different materials, almost all of which, however, are associated with the territory of Benjamin and its sanctuary, Gilgal. [T]he literary forms of the stories collected in the first part of the book is in most cases ‘aetiological’ legend. that is, they are legends which set out to explain the names, usages and customs, rites and traditions and other special features of a place or its inhabitants, etc., by linking them with a hero or with legendary events from pre-history, traditionally associated with the region” (Soggin 1972:9-10).

Noth (1953:11-12) stel dit soos volg: “Die Überlieferungsgrundlage der Erzählung von der in einer Reihe von Einzelakten erfolgenden Eroberung des Westjordanlandes durch die in gemeinsamen Handeln vorgehenden israelitischen Stämme wird gebildet durch die Reihe in der c.2-9 zu einem fortlaufenden Erzählungs-zusammenhang verarbeiten ätiologischen Sagen und durch die beiden in c.10 und 11:1-9 zurgrunde gelegten Kriegserzählungen. Die ätiologischen Sagen haften an bestimmten

(1957:7-22; 1971: 34-51) het nie self 'n duidelike verband getrek tussen die historiese gebeurtenis, die tradisie wat ontstaan het rondom die etiologie nie.⁵⁰

Volgens Bright (1956:91-110) word die rol van etiologie oorbeklemtoon. Hy argumenteer dat etiologie nie die kreatiewe krag is wat 'n tradisie vorm nie. Bright beskou etiologie as sekondêr in verhouding tot tradisie.

Navorsers verskil verder in terme van daterings van etiologiese legendes. Fichtner (1956:372-396) dateer hierdie etiologiese legendes vóór-eksilies. Volgens hom kom dit nie in later werke voor nie. Golka (1970:90-98) sluit hierby aan deur aan te voer dat etiologie oorspronklik in die tyd van Israel se stamme 'n groot rol gespeel het. Verskeie navorsers het standpunt ingeneem teen 'n kultiese benadering tot etiologie. Die volgende dien as voorbeeld:

- Childs (1963:279-292) plaas etiologie in die konteks van 'n didaktiese hulpmiddel wat latere generasies gehelp het om die volk se geskiedenis te herleef;
- Long (1968:25-260) en Butler (1983:81) merk dat die Akan-verhaal, wat die kern van Noth se etiologie-hipotese uitgemaak het, juis van die ander etiologieë verskil. So byvoorbeeld verwys die benaming “Akor” nie na die klippe nie, maar na die vallei. Die naam van die etiologie speel dus nie 'n sentrale rol in die narratief nie;
- Soggin (1972:67) beskou etiologie in 'n literêr-liturgiese konteks. Die agtergrond en funksie is volgens hom didakties van aard. Hy merk op dat die meeste van hierdie etiologieë verband hou met heiligdomme soos Gilgal en Sigem. In die konteks van die Deuteronomistiese Geskiedswerk is hierdie etiologieë saamgebind in 'n groter verhaalkompleks;
- Brichto (1992:28-30) en Van Dyk (1990:19-33) meen dat die term etiologie nie bydra tot die verstaan van die narratief self nie. Etiologie funksioneer eintlik as 'n retoriese hulpmiddel in narratiewe. Sodoende help etiologie om

lokalen Tatbeständen in Gilgal und seiner näheren Umgebung und sind ohne Zweifel an eben diesem Heiligtum Gilgal bei Jericho geformt und weiterüberliefert worden”.

⁵⁰ Volgens Millard (1994:41) bestaan daar 'n wankonsepsie ten opsigte van etiologie. Sodra 'n gebeurtenis (bv die Gilgal-klippe) in die raamwerk van etiologie val, word dit feitlikheid daarvan dadelik betwyfel. Hy meen dat elke etiologie op sy eie meriete beoordeel moet word.

sekere narratiewe te beklemtoon. Brichto maak `n klemverskuiwing van die kultiese verstaan van etiologie na die retoriese;

- Bieberstein (1995:418-427) plaas die etiologiese verwysings van Josua 1-12 in die ná-eksiliese konteks. Hierdie benadering impliseer dat die heiligdomme waarna verwys word in hierdie gedeeltes nie meer bestaan nie. Verder beteken dit dat daar geen historiese waarde in hierdie tekste te vinde is nie. Etiologie is dan `n terugprojeksie wat deur middel van die rekonstruksie van `n fiktiewe verlede betekenis aan `n ná-eksiliese gemeenskap te gee;
- Younger (1990:224-225) vind die etiologiese formule “tot vandag toe” in die annale van Tutmose III (15^{de} eeu vC). Net soos die narratiewe in die boek Josua, kom hierdie gedeeltes in die konteks van oorlog voor.

2.1.3.2 Gevolgtrekking

Ek is van mening dat Josua 1-12 nie uit oorspronklik losstaande etiologieë bestaan nie. Myns insiens het Josua 5-12 deel oorspronklik deel van `n eerste weergawe van `n Deuteronomistiese Geskiedswerk gevorm. Hierdie eerste weergawe van DG het waarskynlik gedien om koning Josia se uitbreiding na die noorde te legitimeer. Die byvoeging van die eksiliese weergawe van DG (Jos 3-4 se oorspronklike weergawe) het bygedra tot die boek Josua se ingewikkelde ontstaangeskiedenis. In die ná-eksiliese tyd kon die etiologiese verwysings, soos byvoorbeeld Josua 4:9; 5:9; 6:25 `n ander betekenis dra. So byvoorbeeld sentreer hierdie etiologiese verwysings rondom plekke wat ook in Esra 2, Nehemia 3 en Nehemia 7 voorkom. In hierdie tekste word die name en die oorsprong van die helpers aangedui wat die mure van Jerusalem help herbou het. Ek is van mening dat die ná-eksiliese gemeenskap wat die mure van Jerusalem herbou het die Josua-narratief gebruik het om die voetspore van hulle voorgeslagte te rekonstrueer. Hierdie hipotese word in hierdie studie verder uitgebou (vgl 4.7.5.2).

Etiologie speel `n bepaalde rol in die ontstaan en vorm van die boek Josua. Tog wil ek `n klemverskuiwing aandui. Waar Alt (1953a:176-192) en Noth (1953:11-12) die etiologie as `n vroeë bousteen van die boek Josua beskou het, verteenwoordig die etiologie myns insiens eerder `n later (moontlik ná-eksiliese) ontwikkeling wat meegehelp het dat die boek Josua uitgebrei het tot `n deurlopende narratief.

2.2 Historiese benadering

2.2.1 Amfiktionie of twaalfstammebond

Noth (1972:47) se hipotese aangaande die ontstaan van die Pentateug en sy klem op losstaande temas wat later in verhaalvorm saamgevoeg is, noodsaak 'n sentrale plek waar die verskillende verhale van die stamme saamgevoeg is tot 'n eenheid. In hierdie verband postuleer Noth die gedagte van 'n "amfiktionie" of twaalfstammebond. Hy merk dat die getal twaalf 'n belangrike rol in terme van stamme speel, en dat dit die vertrekpunt vir sy teorie was (Noth 1983:87). Noth se hipotese behels dat die twaalf stamme by 'n sentrale heiligdom bymekaar gekom het om te aanbid. Ander navorsers wys egter daarop dat Noth se teorie op 'n latere konsep gebaseer is (Butler 1983:xxxiii). Die idee van 'n twaalfstammebond wat 'n politiese en ideologiese eenheid voorstel, dateer eintlik uit die Griekse tydperk (Butler 1983:xxxiii; Ska 2006:123). Teenstanders van Noth se teorie is dit eens dat hierdie tipe twaalfstammebond nie in die Ou Testament self te vind is nie.

Hier volg 'n uiteensetting van Noth se teorie:

Aanvanklik sou die 6 Lea-stamme rondom Sigem byeenkom (1983:92). Noth maak dit duidelik dat die ark heel waarskynlik 'n groot rol in die kultus gespeel het (Noth 1983:91). Benjamim en die 4 "byvrou"-stamme was reeds in Palestina gevestig en die ander stamme het mettertyd bygekom. Die Josef-stamme het uit die suide gekom en het die verhale van die uittog uit Egipte en die Sinai-gebeurtenis saamgebring (Noth 1983:126) Die Juda en Simeon-stamme het weer hulle eie bondgenootskap in Mamre gehad. Volgens Noth sou hierdie skeuring 'n blywende indruk op die res van Israel se geskiedenis maak, en daarom beskou hy dit as 'n rede vir groot spanning tussen latere groepe. Smend (1963) sluit hierby aan deur te stel dat die twaalf-stam Israel gevorm is by Sigem toe die 6-stam Lea-groep (met 'n amfiktionie-tradisie) en die Ragel-stamme (met 'n Jahwe-oorlog tradisie) saamgesmelt het. Hy maak die gevolgtrekking dat die amfiktionie-tradisie nie historiese narratiewe produseer nie. Die sogenaamde Jahwe-oorlog tradisie vervul eerder hierdie spesifieke funksie.

- Ander navorsers brei verder uit op die amfiktionie-gedagte. Tengström (1976) verwys na 'n twaalfstamme-*ideologie*, eerder as 'n twaalfstamme*bond*. Weereens speel Sigem 'n beduidende rol. Volgens Tengström het hierdie ideologie nie 'n groot invloed na buite gehad nie. Die enigste invloed na buite was die Sigem-pasgatradisie, gereelde byeenkoms van stamverteenwoordigers, en die vorming van die Heksateug. Otto (1975) skuif die fokus na Gilgal, en dui aan hoe kultiese realiteit later politieke realiteit word. Hiervolgens was die Gilgal-heiligdom die enigste wat die stam van Juda geakkomodeer het. In Saul se tyd sou dit politieke realiteit word (1 Sam 15:1-9). Nie alle navorsers stem egter saam met hierdie teorie van Noth, of die verwerkte teorieë van sy navolgers nie.⁵¹ Teenstanders van die bostaande hipotese neem standpunt in omdat Noth bestaande Griekse en Italiaanse modelle in die teks teruggeprojekteer het.⁵² Ander navorsers meen dat die amfiktionie op veranderde politieke alliansies gebaseer is. Die enigste saambindende faktor tussen die verskillende stamme was die aanbidding van Jahwe, en dit het waarskynlik by verskillende heiligdomme plaasgevind (Fohrer 1969:84-119; Hermann 1969:139-158).

2.2.1.1 Gevolgtrekking

Alhoewel Lemche (1977:48-59) Noth se hipotese gedeeltelik aanvaar het, is die amfiktionie-hipotese nie vandag 'n werkbare hipotese nie (Raurell 2006:5; Ska 2006:123). Die volgende geld as argumente téén die bestaan van 'n amfiktionie in Israel:

⁵¹ “Adamant opposition to the amphictyonic theory has come from Fohrer, De Geuss, Herrmann, Mayes and Anderson, among others... they have trouble finding evidence for a central sanctuary and close tribal cooperation. The twelve-tribe system is seen to be based on genealogical developments reflecting changing political alliances. No political office really joins the tribes, the only abiding feature being the common worship of Yahweh, though this was practised at separate sanctuaries” (Butler 1983:xxxiv).

⁵² Noth het voorbeelde uit Griekeland en Italië geneem om sodoende die voorgeskiedenis van Israel te rekonstrueer (Butler 1983:xxxiii).

- Die amfiktionie is 'n terugprojeksie uit die Griekse tydvak (Butler 1983:xxxiii). Noth het 'n latere konsep deel van die bybelteks gemaak. Die idee van 'n twaalfstammebond wat 'n politieke en ideologiese eenheid voorstel, dateer eintlik uit die Griekse tydvak (Butler 1983:xxxiii; Ska 2006:123). Teenstanders van Noth se teorie is dit eens dat hierdie tipe twaalfstammebond nie in die Ou Testament self te vind is nie;
- Noth (1983:87) se klem op die getal 12 as basis van die amfiktionie-hipotese is misplaas. Volgens De Vaux (1978:702) is dit net by die amfiktionie van Delphi waar die getal 12 'n bepaalde rol gespeel het.⁵³ Behalwe vir 'n paar verwysings na die getal 12 (Gen 22:30-34; 25:12-16, 36:10-14) speel die getal nie 'n belangrike rol in die Ou Testament nie;
- Volgens Noth (1953:139) weerspieël Josua 24 die amfiktionie-verdrag waarmee die stamme hulle tot die amfiktionie verbind het. Die agtergrond van Josua 24 is egter kompleks, en die moontlikheid bestaan dat Josua 24 eerder 'n ná-eksiliese teks is wat Josua met die res van die Pentateug verbind (Römer 2005:180). Om hierdie rede is dit moeilik om Josua 24 met die amfiktionie-hipotese te verbind;
- Die kern van die amfiktionie-hipotese is dat die ark die middelpunt van 'n sogenaamde sentrale heiligdom gevorm het. "Amfiktionie" impliseer 'n sentrale heiligdom waar die verskillende stamme aanbid het. Daar is egter geen bewyse dat die ark 'n rol in 'n sentrale heiligdom gespeel het nie. Volgens Soggin (1984:171) pas die konsep van 'n amfiktionie in elk geval nie in die tydperk vóór die ballingskap nie. Hy beskou die ná-eksiliese tydperk, toe die sentrale heiligdom 'n realiteit was, as 'n moontlike ontstaan van die amfiktionie-motief. Alhoewel hy die argument nie verder voer nie, is die implikasie dat 'n ná-eksiliese gemeenskap hulle motief van 'n sentrale heiligdom kon terugprojekteer na Israel se voorgeskiedenis in die vorm van 'n amfiktionie. Die klem op die ná-eksiliese tydperk hou egter implikasies in vir Noth se oorspronklike hipotese. Soggin se benadering lei tot die gevolgtrekking dat daar geen bewyse bestaan dat Israel in die vóór-eksiliese tyd 'n godsdienstige of politieke eenheid was nie;

⁵³ In Rigters 5 is daar 'n verwysing na 10 stamme. Nogtans moet ons in ag neem dat daar geen suidelike stamme in Rigters 5 voorkom nie. Selfs as daar suidelike stamme sou bykom, sou dit baie meer as net twaalf stamme gewees het.

- Noth se hipotese is op die basis van 'n historiese Rigtertydperk gebou. Die amfiktionie het hiervolgens in die vóór-monargale tydperk die godsdienstige en politieke middelpunt van die volk Israel se bestaan beheer. Vandag word die Rigtertydperk as historiese werklikheid (wat sentraal tot Noth se hipotese was) bevraagteken (Raurell 2006:5). Die amfiktionie-hipotese veronderstel 'n verenigde politieke Israel, terwyl daar bloot nie genoeg letterkundige en argeologiese verwysings bestaan om 'n betroubare rekonstruksie van Israel se vóór-monargale geskiedenis te maak nie.

Op grond van die bogenoemde argumente is dit moeilik om die amfiktionie-hipotese te aanvaar. Die amfiktionie-motief het egter die studie van die boek Josua vergemaklik, omdat dit 'n fondament geskep het waarop die vóór-monargale Israel gerekonstrueer kon word.⁵⁴

2.2.2 Landsverowering

Die intog in die beloofde land is die sentrale tema van die boek Josua (Fohrer 1968:197; Soggin 1972:1). Hierdie tema van die landsverowering is egter verantwoordelik vir die meeste van die historiese probleme aangaande die boek Josua. Die probleem is dat verskillende weergawes of invalshoeke van die intog in die boek voorkom (Weinfeld 1993:99). Sekere gedeeltes van die boek verwys na 'n oorlog (Jos 24:11), terwyl ander weer 'n meer kultiese atmosfeer vertoon (Jos 6). Sommige gedeeltes meen dat die hele volk aan die intog deelgeneem het (Jos 3:17), terwyl die konteks van die Josua-boek eintlik op die stam Benjamin val (Weinfeld 1993:121; Hentschel 2008:204). Die probleem word verder geaksentueer deur die feit dat argeologiese studies nie die literêr-kritiese probleme (soos byvoorbeeld die val van Jerigo) kan oplos nie (Finkelstein 2001:81-83).

⁵⁴ Crüsemann (1978:200-208; Schäfer-Lichtenberger 1983:333) ondersoek die verband tussen die vóór-monargiese Israel en sogenaamde “gefragmenteerde”gemeenskappe van Afrika. Hierdie konsep veronderstel dat daar nie 'n sentrale heiligdom in vroeë Israel was nie, maar dat daar 'n struktuur bestaan het waarin leiers gekies was om te regeer. Die ooreenkomste tussen hierdie model en die stamme-modelle wat ons in Afrika vind, bied interessante moontlikhede vir die rekonstruksie van 'n vóór-monargiese Israel.

Twee hoofstrome staan duidelik teenoor mekaar. Aan die een kant is die Albright skool (Bright 1981) wat meer konserwatief met die bybelse gegewens omgaan.⁵⁵ Volgens navolgers van hierdie benadering het 'n algehele militêre inval in Palestina plaasgevind waardeur Israel die land bekom het. Teenoor hierdie skool is die Graf-Wellhausen skool, wat nie die bybelse weergawes van die intog as histories interpreteer nie.⁵⁶ So byvoorbeeld beskou Alt (1951:126-175) die intog as 'n natuurlike immigrasieproses. Die weergawe wat in die boek Josua voorkom, is in hierdie raamwerk bloot 'n versameling van etiologiese legendes.

Tradisioneel bestaan daar drie skole of benaderings rondom die landsverowering. Albright (1939:11-23) se oorlog-model, Alt (1953b:126-175) en Noth (1983:68-84) se immigrasie of infiltrasie-model, en Mendenhall (1962:66-87) se sosiologiese model. Latere studies (Merling 1996:59-103) identifiseer egter nog twee benaderings. Die sogenaamde oorgangs-model (Laat-Brons, Begin-Ystertydperk), en die projeksie-model.⁵⁷ Ek bespreek en evalueer elkeen van hierdie benaderings soos volg:

2.2.2.1 Oorlog-teorie

Die kern van hierdie benadering is dat Israel die land bekom het deur oorlogvoering, soos die boek Josua vertel. Die Albright-skool vind aansluiting by hierdie benadering. Die implikasie is dat die bybelse verhale rondom die verowering 'n historiese weergawe van die gebeure is. Die veroweringsverhale in Josua is volgens Albright (1939:11-23) nié etiologie nie, aangesien dit die historisiteit van die verhale aantas. Volgens Albright het die Israëliete die land Kanaän teen 1220 vC ingeval. Albright lê klem op argeologie as bewyse vir sy hipotese.⁵⁸ Vandag is daar steeds navorsers wat die Albright-skool steun.⁵⁹ Nogtans is daar kritiek teen die hierdie skool se benadering. Een van die groot probleme met hierdie benadering is juis die

⁵⁵ “The Graf-Wellhausen reconstruction of Israel’s history, he believed, had been formulated by those who lived in a pre-archaeological era and who breathed the atmosphere of German idealism” (Boling 1982:73).

⁵⁶ Volgens Boling (1982:72) het die meeste van die 19de en 20ste eeu navorsers probeer om die Bybel te bestudeer sonder vooropgestelde teologiese of dogmatiese voorveronderstellings. Die resultaat is dat die historisiteit van die landsverowering in twyfel getrek is deur sommige navorsers.

⁵⁷ Merling (1996:52) verwys na hierdie hipotese as “*conquest by imagination*”.

⁵⁸ Albright (1939:13) verwys na die feit daar “*external evidence*” moet wees. Volgens Albright moet hierdie buite-bybelse bewyse in alle gevalle die bybelse verhale bevestig.

⁵⁹ Wood (1986:141-153), Free (1992:111-116) en Halpern (1983:91,92) ondersteun die argument van 'n verowering op 'n kleiner skaal as wat die bybelse narratiewe voorhou. Nogtans is die volk Israel volgens hom deur oorlog gevorm (Halpern 1983:90).

gebruik van argeologiese bewyse.⁶⁰ Alhoewel daar baie bewyse is van stede wat tydens die Laat Bronstydperk, of die Vroeë-Ystertydperk vernietig is, is dit 'n vraag of dit die gevolg van die Israelitiese verowering was.⁶¹ Die verowering van Jerigo is 'n goeie voorbeeld. Jerigo is 'n voorbeeld waar bybelse gegewens en argeologie met mekaar bots (Long 1994:117; Finkelstein 2001:81-83).⁶² Argeologie is dikwels nie in staat om antwoorde op vrae te verskaf nie (Butler 1983:xxxviii).⁶³ Die feit dat argeologie 'n wetenskap is wat gedurig verander, veroorsaak dat dit nie alleen as 'n primêre bron kan beskou word waarmee geskiedenis gerekonstrueer of bewys kan word nie (Long 1994:145).

Finkelstein (2001:21) dui aan dat die literêre benadering reglynig teenoor die argeologiese benadering staan. Die literêre benadering dateer 'n teks op grond van 'n rekonstruksie van die onderliggende bronne. 'n Argeologiese benadering hanteer tekste in die meeste gevalle as 'n historiese werklikheid (Finkelstein 2001:21). Die grens tussen die literêre en argeologiese dissiplines is egter besig om kleiner te word. Selfs die argeologie kan nie bewys dat die intog plaasgevind het soos die boek Josua dit vertel nie (Finkelstein 2001:21). Opgrawings by Jerigo en Ai het geen bewyse gelewer dat die stede in die 13^{de} eeu vC vernietig is nie. Ander stede wat in die boek Josua genoem word, soos Bet-El, Lakis en Hasor, is nie noodwendig deur die Israeliete vernietig nie (Finkelstein 2001:83). Die landsveroweringsverhaal, soos opgeteken in die boek Josua, is nie meer vandag histories bewysbaar nie.⁶⁴

⁶⁰ Die strukture wat uit die eerste Bronstydperk dateer en volgens Albright op die werk van die Israeliete dui, is onder andere deur Gottwald bevraagteken. Daar is geen bewyse dat dit die werk van die Israeliete is nie (Merling 1996:60).

⁶¹ Die moontlikheid bestaan dat Kanaäniete onderling mekaar se stede vernietig het, en dat burgeroorloë en opstande vir die vernietiging van die stede verantwoordelik is (Merling 1996:60). Lemche (1990:82) stel dit soos volg: "Thus the 'natural' situation in Palestine was inevitably characterized by internal rivalries among the various mini-states, each of which attempted to advance its interests at the expense of its neighbours. For this reason we may assume that hostilities between the various states were common occurrences, perhaps to such a degree that this situation may be regarded as the 'normal' picture, except in those periods in which either internal political circumstances or external political pressures kept the many petty things in check" (Lemche 1990:82).

⁶² Weinfeld (1993:144) verwys na die feit dat Jos 24:11 eerder na 'n militêre slag as 'n wonderwerk verwys. Hy vra hoekom daar spioene gestuur is as hulle geweet het dat daar 'n wonderwerk sou plaasvind.

⁶³ Boling & Campbell (1987:264) stel dit as volg: "Only rarely will archaeology settle an issue and only rarely is it of total irrelevance".

⁶⁴ Die rol van argeologie in die inpretasie van Israel se geskiedenis bly 'n kontroversiese saak. Hierdie kwessies raak nog ingewikkelder as dit die verhouding tussen argeologie en bybelse tekste raak. Ahlström (1991:140-141) vind dit onmoontlik om 'n balans tussen argeologie en bybelse tekste te vind. Hy beskou bybelse tekste as ideologiese geskrifte wat nie bedoel was om historiese gebeurtenisse weer te gee nie. Volgens Ahlström is argeologie en literêre studie van die Bybel twee afsonderlike

2.2.2.2 Infiltrasie-model

Die Albright-skool se teenvoeter is die sogemaande Leipzig-skool, wat bekendheid verwerf het onder Albrecht Alt in Leipzig. In sy studie oor van die oorsprong van Israel dui Alt (1953b:126-175) aan dat die land Kanaän vóór die Ystertydperk uit verskillende onafhanklike stede bestaan het. Die heuwellande was nog bewoon deur nomades wat 'n geïsoleerde bestaan gevoer het. Die Israeliete (wat toe nog semi-nomadies was) het stadig die verskuiwing van die heuwellande na die stede meegemaak. Die intog sou volgens hierdie model 'n lang, uitgebreide en natuurlike proses wees.

Noth (1983:82) steun die gedagte dat die intog nie met oorlog gepaard gegaan het nie. Verskillende semi-nomadiese groepe het die onbewoonde heuwelagtige gedeeltes van die land ingeneem. Konflikte tussen verskillende stede het heel waarskynlik daartoe gelei dat van die stede wel vernietig is. Volgens Noth (1983:83) het Israeliete egter niks daarmee te doen gehad nie. Die semi-nomades se migrasie na die stede was deel van 'n groter Aramese migrasie wat rondom 1200 vC plaasgevind het (Noth 1984:83).

Merling (1996:59-102) poog om elkeen van die modelle (oorlog, infiltrasie, sosiale opstand, projeksie) te evalueer. Sy doel is om die verhouding tussen die Bybelse gegewens en argeologie in elke model te identifiseer. Wat Alt en Noth se hipotese betref, vind Merling dat dit nie op argeologie óf bybelse gegewens gebaseer is nie.⁶⁵ Die vraag is of daar 'n model bestaan wat aan argeologie en die Bybel verantwoordbaar is. Meer relevante kritiek op die model sentreer rondom die hipotese dat Bedoeïene-stamme gebiede infiltrer het om land te bekom. Dever (2003:52) illustreer dat die teenoorgestelde waar is. Bedoeïene word altyd deur eksterne faktore (droogte, ekonomie) geforseer om hulle te vestig. Selfs dan is dit slegs 'n tydelike maatreël. Hulle keer altyd terug na 'n nomadiese lewensstyl (Dever 2003:52). Dever wys verder op die feit dat dit gewoonlik regerings was wat

dissiplines. Argeologie kan nie sommer gebruik word om bybelse tekste te inpreteer nie. Knauf (1991:51) beskou die Bybel nie as 'n primêre bron vir die rekonstruksie van Israel se geskiedenis nie. Thompson (1991:92) meen dat slegs 'n onafhanklike bestudering van Israel en Palestina se geskiedenis 'n verantwoordelike interpretasie van Israel se geskiedenis kan meebring.

⁶⁵ Thompson (1994b:80) beskou die feit dat Noth se model nie op bybelse tradisie gebaseer is nie, as 'n mislukking. Thompson merk dat Noth sy teorie op buite-bybelse bronne bou en die bybelse tekste slegs as 'n verwysing gebruik.

Bedoeïene-stamme gedwing het om hulle êrens te vestig, omdat hulle in meeste gevalle `n stoornis geraak het.⁶⁶ Verder het argeoloë en antropoloë sekere kriteria vasgestel waarvolgens `n mens kan oordeel of groepe `n sekere land infiltreer het. Hierdie kriteria sluit in:

- Nuwe gemeenskap moet elemente vertoon wat `n unieke karakter aan die gemeenskap verleen;
- Tuisland van die immigrante moet wel bekend wees;
- Roete moet duidelik identifiseerbaar wees, sodat dit maklik gerekonstrueer kan word;

Nie een van die bostaande kriteria kan in hierdie model verantwoord word nie. Om hierdie rede is die infiltrasie-model alleen nie meer `n werkbare oplossing nie. Die klem verskuif eerder na `n kombinasie-model wat moontlik die infiltrasie-model insluit. Die infiltrasie-model vorm in sekere gevalle die basis van `n kombinasie-model (vgl 2.2.2.6).

2.2.2.3 Sosiale opstand-model

Die sosiale opstand-model word verteenwoordig deur Mendenhall en Gottwald. Mendenhall (1983:66-87) beskou sy benadering as `n teenvoeter vir Alt en Noth se infiltrasiehipotese. Sy rekonstruksie van Israel se voorgeskiedenis verloop soos volg. `n Groep Kanaäniete vlug uit Egipte (Mendenhall 1976:20). By die berg Sinai sluit hulle `n verbond met Jahwe (Mendenhall 1962:73). Met die terugkeer na Kanaän begin sommige van die ander groepe met hulle belewenis identifiseer (Mendenhall 1962:74). Verskillende groepe vorm `n gemeenskap wat nie op etniese gronde gebaseer is nie (Mendenhall 1992:85-86). Hierdie groep kom later teen die Kanaänitiese heerskappy in opstand (Mendenhall 1976:12). Die verowering van die land was dus `n politieke gebeurtenis. Die Israëliete was nie, soos Noth beweer het, `n groep semi-nomades nie. So `n groep het volgens Mendenhall nie in die Laat-Bronstydperk bestaan nie (Mendenhall 1976:4). Die aartsvadergeskiedenis is later gekonstrueer om identiteit aan die Israëliete te verleen (Mendenhall 1976:178-183).

⁶⁶ Dever (2003:52) wys daarop dat die Mari-tekste na Bedoeïene verwys as "Amoriete". Die tekste verwys ook na die feit dat daar dikwels probeer is om vir belastingdoeleindesensus op die groepe toe te pas, maar dat dit nie `n maklike proses was nie. Waarskynlik het dit tot 500 jaar geneem om die Bedoeïenes te vestig.

Die Tel-Amarna tablette verwys na 'n groep mense wat as die *`Apiru* bekend staan. Gottwald (1985:402,404) beskou die *`Apiru* as huursoldate of “outlaws”. Waar Mendenhall se teorie op 'n kulturele of ideologiese hoeksteen gebou is, fokus Gottwald op die politieke sfeer. Die *`Apiru* was op 'n sosiaal-politieke vlak eerder as 'n etniese vlak verbind (Gottwald 1985:401). Hierdie groepie mense het Egipte verlaat en Kanaän binnegekom, waar hulle in 'n feodale stelsel beland het. Hulle het saamgespan om die juk van die Kanaänitiese feodale stelsel af te gooi (Gottwald 1983:6). Die laer klasse van die gemeenskap het met hierdie groep geïdentifiseer en meegedoen aan hierdie opstand. Sodoende het ons die ontstaan van die volk Israel aan 'n politieke opstand te danke. Gottwald se teorie is deur Mendenhall (1983:91) gekritiseer. Sy kritiek behels dat Gottwald 19^{de} eeuse begrippe terugprojekteer op antieke Israel. Hierdie 19^{de} eeuse begrippe sluit die Marxisme in. Die Marxistiese ideologie speel inderdaad 'n bepaalde rol in Gottwald se rekonstruksie van die landsverowering.⁶⁷

Gottwald (1985:28) beskou die Bybel as 'n primêre bron vir die rekonstruksie van Israel se geskiedenis. Nogtans vind hy die Bybel histories onbetroubaar as gevolg van die verskillende redaksies en outers se selektiewe benadering tot die geskiedenis. Om hierdie rede bou hy sy teorie op politieke fundamente.

Verdere kritiek teen die sosiale opstand-model kom vanuit die antropologiese velde. Younger (2004:181-182) verduidelik die kritiek soos volg:

- Nomades het nie 'n gelykmakende sisteem van regering nodig nie;
- Boere en stadsbewoners staan nie noodwendig teenoor mekaar nie. Gewoontlik is boere en stadsbewoners juis afhanklik van mekaar;
- Boerdery is nie noodwendig 'n hoër klas as nomadiese bestaan nie.

Younger (2004:182) verwys verder na die feit dat die *`Apiru* nie noodwendig met bybelse Hebreërs verbind kan word nie. Daar is te veel etnies-sosiale en historiese struikelblokke wat 'n verband tussen die groepe verhoed.

⁶⁷ Gottwald (1985:xv) het dit self erken. Hy verwys na die wortels van sy benadering as die burgerregtestryd, anti-oorlog bewegings (Viëtnam), asook imperialisme en kerk en skool politiek.

Die kritiek teen die sosiale opstand-model is 'n aanduiding dat hierdie model alleen nie as verklaring van die intog kan dien nie. Hierdie model maak egter deel uit van 'n kombinasie-model tussen die infiltrasie en sosiale opstand-modelle.

2.2.2.4 Oorgang-teorie (Laat-Bronsvroeë Ystertydperk)

Hierdie model is 'n samreelterm vir 'n klomp benaderings wat daarop fokus dat Israel deur eksterne faktore gevorm is. Coote & Whitlam (1987:128) meen dat 'n ekonomiese ineenstorting veroorsaak het dat die mense uit die stede na die heuwellande gevlug het. Om by die veranderde omstandighede aan te pas, het hulle begin boer (Coote & Whitlam 1986:121). Die ekonomie het die mense saamgebind as Israel. Later word hulle geskiedenis in die vorm van 'n familieverhaal vertel om sodoende die gedagte van 'n kulturele eenheid te vorm. McGovern (1987:269) sluit hierby aan. Sy teorie berus op die feit dat die stedelinge na die afgeleë streke gevlug het en 'n nuwe ekonomiese bestaan gevestig het omdat handeldryf in die stede doodgeloop het.

Israel Finkelstein (1988) is 'n voorstander van hierdie model. Hy probeer aantoon dat Israel deur die land, klimaat, politieke omstandighede, en ekonomie gevorm is. Finkelstein (1988:27-28) is oortuig dat Israel nie 'n etniese groep is nie. Hy beskou die Israëliete bloot as die bewoners van die heuwellande wat in die vroeë Ystertydperk (1200-600vC) geleef het en wat in die proses was om hulle lewensstyl te verander. Die bostaande teorieë van Coote en Whitlam, McGovern en Finkelstein omvat die hipotese dat Israel deur evolusionêre prosesse gevorm is. Finkelstein (1993:124) se teorie is dat daar 'n skuif plaasgevind het by die bewoners van die heuwellande. Hierdie skuif impliseer dat hulle van 'n nomadiese lewensstyl na 'n gevestigde lewensstyl beweeg het. Laasgenoemde was 'n noodsaaklike skuif in die oorgang van die Laat-Bronstydperk na die tweede Ystertydperk. Hy verwys na boustyle, silo's en ysterimplemente wat dui op 'n oorgang na 'n boerderybestaan.⁶⁸ Hy vind egter ook kontinuïteit met die Ystertydperk in die potskerwe wat wel met die Ystertydperk verband hou (Finkelstein & Silberman 2001:105-110).

⁶⁸ Esse (1988:8-10) voer aan dat die teenwoordigheid van silo's nie noodwendig 'n aanduiding van 'n oorgang na boerdery is nie.

Finkelstein het intussen sy hipotese uitgebrei. Hy fokus onder andere op demografiese ontwikkelinge tussen die laaglande en die hooglande. Finkelstein (1994:150-178) merk dat die geskiedenis van die hooglande en laaglande gekenmerk is deur sikliese veranderinge. Volgens Finkelstein se hipotese is die veranderinge deur die geskiedenis die gevolg van sosio-ekonomiese faktore. So byvoorbeeld is die skuif van 'n nomadiese bestaan na boerdery nie die gevolg van migrasies van verskillende groepe of demografiese veranderinge nie. Hy soek die oorsake van die skuif na boerdery eerder op 'n sosio-ekonomiese vlak. Finkelstein (1996:209) identifiseer verdere kort-termyn faktore (politiek, ekonomies, migrasies). Hierdie nie-sikliese faktore is die oorsaak van die verskille tussen die sikliese fases. Die verskyning van Israel is volgens Finkelstein te danke aan 'n kombinasie van langtermyn geskiedenis en kort-termyn historiese gebeurtenisse. Younger (1999: 187) dui aan dat die gebrek aan data vir die rekonstruksie van Antieke Ooste dit moeilik maak om sikliese patrone te identifiseer. Selfs in die moderne tyd is die vasstelling van sikliese patrone 'n uitdaging.

Kritiek teen die oorgangs-model sluit die volgende in. Finkelstein probeer Israel in die heuwellande lokaliseer deur te wys op die feit dat potskerwe en oorblyfsels van huise wat Israelitiese sou wees, in die gebiede ontdek is. Nogtans kom hierdie potskerwe verder as die heuwellande voor. Dever (2001:261) dui aan dat Finkelstein sy benadering intussen verander het, om sodoende 'n meer skeptiese houding jeens die bestaan van 'n vroeë Israel te vorm. Hierdeur impliseer Dever dat Finkelstein 'n instrument in die revisioniste⁶⁹ se hande geword het. Finkelstein se navorsing het daartoe gelei dat van die ou veroweringsteorieë uitgedien geraak het.

Finkelstein se teorie kan nie bewys word nie. Die feit dat potskerwe en ander artefakte nie noodwendig met Israel verbind kan word nie, tesame met die feit dat sikliese patrone nie noodwendig nagespeur kan word nie, maak dit moeilik om die oorgangs-hipotese te bewys.

⁶⁹ Daar word na die navolgers van die projeksie-model (Thompson, Lemche) as *revisioniste* of *minimaliste* verwys (Dever 2003:137).

2.2.2.5 Projeksie-teorie

Davies (1992), Thompson (1994) en Lemche (1996) is bekende voorstanders van hierdie benadering. Volgens die teorie is Josua tot 2 Konings 'n laat ná-eksiliese werk wat geen historiese waarde het nie. Om hierdie rede is die bybelse weergawe nie vir hierdie skool 'n belangrike bron nie.⁷⁰ Hierdie benadering berus op 'n spesifieke interpretasie van die geskiedenis. Vir Thompson (1999:375-397) is bybelse geskiedenis 'n skepping van die skrywers. Geskiedenis is deel van 'n literêre skepping (Thompson 1999:375).⁷¹ Die siening van Bybelse geskiedenis is volgens Thompson (1999:376) deur 'n Europese wêreldbeeld gekleur. So verwys hy na die tradisionele siening van die tussen-testamentêre tydperk as 'n leë en onbeduidende tydperk. Die Christendom het dié spesifieke deel van die geskiedenis bloot in die konteks van 'n oorgang van die Ou na die Nuwe Testamente hanteer. Die teenstelling tussen geloof (mites en legendes van die Ou Testament) en rede (die rasionele Hellenistiese wêreldbeeld) lei gewoonlik tot spanning. Thompson beskou die teenstelling tussen geloof en rede egter nie as spanning nie. Volgens Thompson (1999:228) was die bybelskrywers nooit geïntereseerd in historiografie nie. Die Westerse leser het die laasgenoemde benadering op die Bybel afgedwing. Volgens Thompson se benadering hoort die Bybel tot die literêre wêreld van mites en legendes. Mense het mites en legendes nodig, omdat dit vir die mens antwoorde op lewensvrae besorg. In hierdie sin het die Bybel vir Thompson 'n positiewe rol te speel.⁷² Thompson se geskiedenis van Israel begin by Omri, en hy beskou alle verhale rondom Saul, Dawid, en Salomo as fiksie.⁷³

⁷⁰ “We must be ready to radically alter and consciously distance ourselves from all presuppositions that have been imposed on us by the biblical account” (Thompson 1994:169).

⁷¹ Thompson se benadering is nou gebaseer op die sogenaamde *Annales*-skool (Burke 1990:114-116). Hierdie skool het sy wortels in 'n tydskrif wat gepoog het om geskiedenis met ander dissiplines soos geografie, sosiologie antropologie en argeologie te kombineer. Een van die voorstanders van hierdie skool, Fernand Braudel, vat die filosofie van die skool in die volgende struktuur saam. Braudel (1980) se teorie van historiese rekonstruksie funksioneer op drie vlakke. Eerstens is daar die “structures”. Hierdie term verwys na gebeure wat oor lang tydperke strek. Tweedens is daar “conjectures” wat na ekonomiese en sosiale gebeuternisse verwys wat oor 'n lang tydperk kan verander. Laastens is daar “events”. Historiese gebeurtenisse wat hieronder geklassifiseer word, is aan ons bekend, maar dit strek oor 'n kort tydperk. Thompson gebruik die eerste twee vlakke, maar die laasgenoemde, waaronder bybelse tekste klassifiseer, is nie vir hom van groot waarde nie. Die “structures” (klimaatomstandighede) en “conjectures” (socio-ekonomiese invloede) is vir hom belangrik, maar tekste speel nie 'n beduidende rol in sy historiese rekonstruksie nie.

⁷² Thompson (1999:386) probeer aantoon dat mites en verhale nie afbreek doen aan die bybelse oorlewering nie. Teologie en mitologie hoort saam. Die Tora is deel van Judaïsme, en die opstanding is sentraal tot die Christendom. Net so is verhale onlosmaaklik deel van die Bybel.

⁷³ In 1993 is 'n Stela in die noorde van Palestina ontdek wat in Aramees verwys na die “huis van Dawid”. Die teks verwys na ‘...k bytdwd. Die vertaling van “huis van Dawid” is gebaseer op 'n

Die bybelse Israel dateer volgens Thompson se benadering uit die Persiese tyd. `n Klein groepie mense probeer die ná-eksiliese situasie definieër in terme van die verlede. Hierdie verhale van `n Verenigde Koninkryk, `n goue era in Israel se geskiedenis, was belangrik in die skep van hoop en identiteit in die Persiese tyd. Uit sy oogpunt was die bestaan van `n verenigde koninkryk nie moontlik gewees nie. Die rede daarvoor is dat daar geen politieke of ekonomiese magsbasis in Israel was voor die Assiriese uitbreiding nie (7^{de} eeu vC) nie.

Thompson se benadering is `n voorbeeld van `n teorie wat nie op bybelse gegewens óf op argeologie gefundeer is nie. Lemche (1996:25, 28) se werkswyse word duidelik in sy studie van die boek Josua. Die historiese Israel verwys volgens Lemche na `n klein Palestynse staat in die noorde en sentrale deel van die land. Die bybelse Israel is dus `n ideologiese konsep.⁷⁴ Verhale wat in die Bybel neerslag gevind het, is die produk van terugprojeksie deur die ná-eksiliese gemeenskap.⁷⁵ Davies (1992) vind geeneen van die drie Israels, naamlik die historiese Israel van die Ystertydperk, die bybelse of “literêre” Israel, óf die antieke Israel wat uit die eerste twee gerekonstrueer word, nie. Die laaste twee is vir hom fiktiewe rekonstruksie, terwyl die eersgenoemde moontlik gerekonstrueer kan word. In die lig hiervan beskou hy die historiese Israel as `n koninkryk in die noorde van die Palestynse hooglande. Die politieke Israel het uit verskillende bevolkingsgroepe bestaan wat verskillende gode aanbid het. Later is `n ideale beeld geskep van een God en een volk (Thompson 1994:56).⁷⁶ en Lemche se

rekonstruksie van die gapings in die teks. Behalwe vir die rekonstruksie van *mlk* (koning) verwys *byt* nie noodwendig na huis nie. Wanneer die woord saam met `n godenaam gebruik word, kan ons dit met *tempel* vertaal (Thompson 1999:203). Die eienaam *dwd* is nie noodwendig `n verwysing na Dawid nie. So kry die woord in die Mesa-steel die betekenis van `n god se eienaam. In die lig hiervan kan die inskripsie net sowel vertaal word as “*tempel van dwd*”. Die bostaande dien as `n goeie voorbeeld van die kompleksiteit wat gepaardgaan met `n historiese rekonstruksie. Terwyl sommige navorsers (Biran 1995:1-18; Becking 1995:108-123; Smelik 1996:131-141; De Geuss 1998:121-138; Lemaire 1998:3-14; Wesselius 1999:177-190) die inskripsie as `n verwysing na Dawid beskou, is daar ander navorsers (Cryer 1995:52-58; Thompson 1995:59-74) wat dit nie as `n verwysing na Dawid beskou nie.

⁷⁴“It has now become evident that little common ground exists between a biblical narrative of conquest and genocide (the extinction of Canaanites) and historical developments in Palestine between 1300 and 1000 BCE. This has dire consequences for the traditional historically orientated interpretation of the biblical evidence, and has created many problems for scholars still looking for the traces of Israel’s early history buried somewhere in the biblical narrative” (Lemche 1996:25).

⁷⁵ Strange (1993:136-143) en Lindeque (2001) dateer die boek Josua in die ná eksiliese tyd.

⁷⁶ “The true essence and significance of Israel- and implicitly its future glory-was traced in the tales of the patriarchs, the stories of the wilderness and of the Judges, and the great legends about the golden age of the united monarchy” (Thompson 1999:81). Davies (1992:133) dui aan dat daar gedurende die Persiese tyd die gewoonte onder Judeërs was om te probeer identifiseer wat dit beteken om `n ware

benadering behels dat 'n ná-eksiliese gemeenskap in die Persiese of Hellenistiese tyd probeer het om hulle identiteit te vestig deur onder andere die verhale van die verowering te skep.⁷⁷ Sodoende het hulle hoop probeer skep vir die toekoms. Daar is niks histories te vinde in hierdie verhale nie.

Thompson en Lemche se modelle verskraal die rol van literêre analise. Die hele Ou Testament het in die ná-eksiliese tyd ontstaan en daar is geen historiese waarde in die verhale nie. Die lang redaksionele prosesse bly steeds 'n betroubare verklaring vir die teenstrydighede en herhalings in die Pentateug en die boek Josua.

Merling (1996) probeer die balans tussen argeologie en verowering vind. Hy evalueer al die bogenoemde benaderings (oorlog-, infiltrasie-, sosiale opstand-, oorgangs-, en projeksie-modelle), en vind dat nié een voldoende antwoorde lewer nie. Die klassieke veroweringsmodel van Albright weeg nie op teen die argeologiese data nie (Merling 1996:63). Alt en Noth se infiltrasiemodel word by die teks ingelees, met die gevolg dat die hipotese lynreg bots met dit wat in die Bybel opgeteken is (Merling 1996:68). Die sosiale opstand en Laat-Bronstydperk, Vroeë-Ystertydperk-oorgang is volgens Merling (1996:79) op die sosiale konteks van die 20^{ste} eeu gebou. Hierdie oorgangsmodel bied vir Merling (1996:89) nie genoeg bewyse dat die oorgang van die Laat-Bronstydperk na die Vroeë-Ystertydperk vir die toestandkoming van die volk Israel verantwoordelik was nie. Die projeksie-hipotese is vir hom te ekstreem om ernstig opgeneem te word, omdat nóg argeologie nóg bybelse teks dan 'n deurslaggewende rol speel.

Merling (1996:155) vra na die hoofmotief van die boek Josua. Sy gevolgtrekking is dat die boek Josua nie soseer oor die intog handel nie, maar dat dit eerder 'n belydenis is dat Israel uniek is en dat hulle aan Jahwe behoort (Merling 1996:155). Volgens Merling het die intog nie op 'n groot skaal plaasgevind nie. Skermutselinge wat wel plaasgevind het, was van so 'n aard dat die landsbewoners byna onmiddellik gevlug het. Volgens Merling se benadering het die Israëliete eintlik min grondgebied ingeneem. Die boek Josua speel rondom die heiligdom van Gilgal af, want dit is

Judeër te wees. Hierdie soeke na identiteit is volgens hom die krag of impetus agter die verhale en geskiedenis.

⁷⁷ "Antieke Oosterse historiografie is nie geïnteresseerd in wat regtig gebeur het nie. Die klem val eerder op wat *gebeur* het, om sodoende 'n "perfekte" wêreld te skep (Knauf 1991:45).

waar die Israëliete vir `n lang tyd gekamp het. Later het hulle Silo en Sigem oorgeneem. Hy vind nêrens `n aanduiding dat die Israëliete `n groot menigte was nie. Histories en polities was die Egiptenare aan die kwyn. In hierdie vakuum het kleiner koninkryke soos Israel ontstaan.

Merling (1996:271) vind dus geen diskrepansie tussen die rol van argeologie en die Bybelse verhale nie. Daar was volgens hom geen groot verowering nie. Die boek Josua se doel is eerder om Jahwe se teenwoordigheid by Israel te skets. Merling (1996:271) beskou dié gebeure in die boek Josua as `n historiese realiteit. Dit staan teenoor Lemche en Thompson se teorie (en selfs in `n mate teenoor Alt en Noth).⁷⁸

2.2.2.6 Ander benaderings

Weippert (1971:145) sluit by Alt en Noth aan deurdat hy die aartsvaders as semi-nomades beskou. Sy model sluit ook by dié van Gottwald en Mendenhall aan, met die verskil dat hy nie die Hebreërs met die `Apiru verbind nie. In `n sekere sin bring Weippert se model niks nuuts nie, maar dit is eerder `n kombinasie van die infiltrasie en sosiale opstand-modelle.

Halpern (1983:90) kombineer Alt en Noth se infiltrasie-model met dié van die oorlog-model. Hy beskou vroeë Israel as `n kombinasie van dié wat die uittog meegemaak het, en dié wat reeds in Kanaän was. Hy beskryf egter nie hoe hierdie groepe versmelt het om die volk Israel te vorm nie. Halpern beskou die uittog as `n tipologie van bevryding, maar laat wel ruimte vir `n historise kern. Hier is reeds `n samevoeging van verskillende modelle. Aan die een kant is daar ruimte vir Israel wat van buite die land binnegekom het, maar daar is ook ruimte vir groepe wat reeds in Kanaän was.

Chaney (1983:72) verwerp die oorlog-en infiltrasie-modelle. Hy sluit by Gottwald en Mendenhall se sosiale opstand-model aan, maar met `n belangrike verskil. Chaney beskou nie die Jahwistiese godsdiens as `n belangrike faktor in die sosiale opstand nie. Volgens Chaney se model is die vroegste Israëliete verwant aan die `Apiru van die Amarna-briewe. Hy noem egter die moontlikheid dat boerdery-patrone `n

⁷⁸ “What benefit could authors of the Babylonian or Hellenistic periods receive by inventing the conquest story, then limiting the extent of that conquest?” (Merling 1996:272).

belangrike rol in die navorsing na die vroeë Israel behoort te speel. Hierdie motiewe is later deur navorsers soos Finkelstein uitgebrei.

Coote & Whitelam (1987:177) beskou die oorgangs-model as deel van die breër geskiedenis van die vestiging van groepe in Palestina. Volgens Coote & Whitelam is geskiedenis deel van langdurige verandering oor millenia (hulle sluit hier by die sogenaamde *Annales*-skool aan). Hulle gee egter 'n belangrike rol aan bybelse tekste. Volgens hulle model was die vroeë Israel 'n groep wat in die hooglande van Palestina gewoon het. Hulle het in Kanaän ontstaan as gevolg van die afname in handeldryf en uitwissing van die stedelike Kanaänitiese kultuur aan die einde van die Brons-tydperk (1200vC). Alhoewel Coote & Whitelam se model interessante moontlikhede bied, het die multi-dissiplinêre dialoog wat hulle vooropgestel het nog nie gerealiseer nie (Dever 2003:134).

Ahlström (1986:57-83) identifiseer Israel as 'n geografiese area eerder as 'n etniese groep. Hy plaas hierdie groep in die hooglande van Palestina. Volgens Ahlström se model het die populasie wat as Israel bekend gestaan het uit verskillende etniese groepe bestaan.⁷⁹ Die probleem is dat Ahlström sy hele model op die Mernepta-stela in plaas van argeologiese data plaas. Volgens sy model het groepe van die oorspronklike Kanaänitiese laaglande na die hooglande migreer as gevolg van veranderende omstandighede aan die einde van die Brons-tydperk. Hy laat ruimte vir die insluiting van die *'Apiru* in hierdie groep. Ahlström gebruik egter nie die term "Israeliete" vir enige groep voor die 10^{de} eeu vC nie. Sy model is 'n variasie op die oorgangsmodel.

Fritz (1981:69-71; 1987:84-100) kombineer die benaderings van Alt en Noth en dié van Gottwald en Mendenhall. Hy gebruik die term "simbiose" om sy benadering te beskryf. Hiervolgens het die Israeliete in die eerste Ystertydperk saam met die Kanaäniete in die land gewoon. Dit beteken dat die Israeliete reeds in die 13^{de} eeu vC gevestig was in die land, en dat die Israeliete en Kanäniete dieselfde herkoms deel. Hulle was nie nomades nie, maar semi-nomades wat deur ekonomiese omwentelinge in 'n meer gevestigde lewensstyl ingedwing is. Die kern van die argument is dat die

⁷⁹ Verskeie moderne navorsers (Herzog 2002: 89-92; Van der Steen 2004: 306-310; Killebrew 2005:149-196; 2006) sluit by hierdie hipotese aan.

Israëliete nie van buite af gekom het nie, maar dat hulle bloot deel was van die Kanaänitiese bevolking tydens die oorgang van die laat-Bronstydperk na die Ystertydperk.

Dever (2003:223-241) bou voort op Fritz se “simbiose”-benadering. Hy sentreer sy model grootliks op die Mernepta-stela, waar ’n verwysing na Israel voorkom.⁸⁰ Omdat die stela uit 1210 vC dateer, is dit die vroegste verwysing na Israel. Die verwysing is in meervoudsvorm en kan vertaal word as “*die volk Israel*”(Dever 2003:203). Hy maak dan die volgende gevolgtrekkings:

- Daar was reeds teen 1210 vC ’n politieke of etniese identiteit wat as “Israel” bekend gestaan het;⁸¹
- Hierdie “Israel” was ’n teenstander vir Egipte;
- Hulle was waarskynlik ’n los etniese groepering;
- Hulle was nie in die laaglande gevestig waar Egipte ’n houvas gehad het nie, maar eerder in die sentrale heuwellande.

Dever (2003:228) noem hierdie groepering “*proto-Israëliete*”. Hierdie groepering was volgens hom die voorgangers van die bybelse Israel. Dever kom dan tot dieselfde gevolgtrekking as Fritz, naamlik dat die Israëliete eintlik uit Kanaäniete ontstaan het en dat daar nie van ’n historiese intog gepraat kan word nie. Die Kanaänitiese samelewing van die laat-Brons, begin-Ystertydperk het teen die einde van die 13^{de} eeu vC in duie gestort. Verskillende redes is hiervoor geformuleer, byvoorbeeld die invloed van droogte en die inval van veroweraars van buite. Dever (2003:176) meen dat die kwynende ekonomie, tesame met ’n gepaardgaande afname in kwaliteit tegnologie ’n beduidende rol gespeel het in die val van die samelewing. Invloede van groepe van buite, soos die *’Apiru*, het spanning in die gemeenskap tot op breekpunt gebring. Die burokrasie het geen antwoorde op al hierdie situasies gehad nie. As ’n resultaat het groepe uit die stede gevlug na die heuwellande. Die heuwellande het bevolk geraak met verskillende groepe waaronder die bogemelde

⁸⁰ Whitelam (1996:209-210) beskou die verwysing as ideologiese en politieke perspektiewe van ’n Egiptiese farao. Volgens Lemche (1998:37,38) is dit ’n verwysing na ’n etniese groepering met die naam “Israel”. Hy plaas hierdie groep in die noorde van Kanaän of in die sentrale heuwellande. Hy gee toe dat daar ’n politiese of etniese verhouding met die koninkryk van die Ystertydperk mag wees. Thompson (1994:79) dui aan dat dit ’n metaforiese verwysing is na die stede (Askelon, Gezer, Yanoam), wat deur Egipte vernietig is.

⁸¹ Grabbe (2007:80) kom tot dieselfde gevolgtrekking.

vlugtelinge uit die stede, die `Apiru en ander “social bandits”, vlugtelinge van die Egiptiese regstelsel, asook nomadegroepe (waaronder `n moontlike Eksodus-groep wat uit Egipte gevlug het). Dever (2001:188) dui aan dat interpretasie van argeologiese data wel op `n sosiale krisis dui. Verder is daar ook tekens van `n massa-verskuiwing na die heuwellande. Alles dui volgens Dever op `n sosiale revolusie. Hierdie is `n kombinasie van die infiltrasie-model, sosiale opstand-model, en oorgangs-model.

Knauf (2008:23-30) meen dat die landsverowering en oorlog nie die middelpunt van die boek Josua uitmaak nie. Volgens Knauf (2008:70) bevat slegs 5 uit 24 hoofstukke verwysings na oorlog, en verkry Israel die land uiteindelik voordat `n veldslag plaasgevind het (Knauf 2008:63). Tekste soos Josua 2 en 9 verteenwoordig volgens Knauf eerder `n anti-heilige oorlog tendens. Knauf slaag dus daarin om die *landsgawe* van die *landsverowering* te skei.

2.2.2.7 Gevolgtrekking

Die volgende opmerkings is van belang:

- Daar is min argeologiese bewyse vir die landsverowering (Yamauchi 1994:17). Die rol van argeologie in die rekonstruksie van bybelse geskiedenis is nog altyd kompleks, en dit bied min antwoorde op historiese vrae;
- Bybelse verhale bied nie genoeg antwoorde op historiese vrae nie (Na’aman 1994:280-281). Nógans is dit onverantwoordelik om die hele Ou Testament as fiksie of ideologie te tipeer. Net omdat die bybelse verhale later gekomponeer is, beteken nie noodwendig dat dit nie historiese akkuraathede bevat nie. Net omdat daar wel ideologie in die bybel voorkom, beteken dit nie dat alles fiksie is nie. Die rol van vroeë bronne (mondeling of skriftelik) bly `n hoeksteen van hierdie debat. Literêre kenmerke in `n teks neem nie noodwendig die historiteit van tekste weg nie. Volgens Yamauchi (1994:29) is geskiedenis `n literêre genre, maar dit beteken nie dat dit fiksie is nie.

Die historisiteit van die landsveroweringsverhale is in gedrang. Die bespreking rondom die landsverowering is `n goeie aanduiding dat die bybelse verhale en die argeologie reglynig teenoor mekaar staan. Om hierdie rede val die landsverowering

waarskynlik meer in `n literêre en `n ideologiese konteks. Dever se hipotese lyk na `n werkbare oplossing. Die probleem is egter dat dit implikasies vir die historisiteit van die intog-verhale inhou. As die “*proto-Israeliete*” oorspronklik deel van die Kanaänitiese bevolking was, maak dit `n intog oorbodig. Natuurlik kan geargumenteer word dat van die groepe, wat deel van die proto-Israeliete uitgemaak het, wel die land vroeër ingekom het (soos Dever met die sogenaamde Eksodus-groep impliseer). Lede van `n groep wat hulle in daardie tyd Israel genoem het, kon `n bevryding uit Egipte beleef het. So `n belewenis kon maklik in een van Mernepta se strooptogte van Israel plaasgevind het. `n Groep kon ontsnap het en dit as goddelike redding ervaar het. Die feit dat Israel as `n nagevolg van die Assiriese oorheersing (rondom die 7^{de} eeu vC) `n uittog na Egipte beleef het, kon hierdie verhaal impetus gegee het. Sodoende kon die verhaal van die uittog en die landsverowering `n kernbelydenis van die volk Israel word. In die lig van die argeologie en die leemtes in al die ander modelle wil dit steeds voorkom asof Dever se simbiotiese benadering die gapings vul wat die ander modelle nie kan doen nie.

2.2.3 Josua-figuur

Die vraag na die rol van die Josua-figuur is nou gekoppel aan die rol wat etiologie in die boek speel. Fohrer (1984:93-95) onderskei *sage* en *legende* as literêre tipes.⁸² Die terminologie is problematies, veral omdat die terme uit Duits vertaal word. So byvoorbeeld word die Duitse term ‘*Sage*’ in Engels as ‘*saga*’ vertaal (Kirkpatrick 1988:75). In Engels is daar twee vertalingsmoontlikhede vir die woord ‘*saga*’. Die Oxford English Dictionary (1997:703) vertaal dit soos volg:

- “A long heroic story of achievement esp medieval Icelandic or Norwegian”;
- “Any long, involved story”.

⁸² Volgens Fohrer (1984:90) bestaan die oorgrote meerderheid van die Ou Testament uit sages en legendes.

Alhoewel die term legende as 'n spesifieke *genre* gebruik word, en legende en sage dikwels uitruilbaar voorkom (Kirkpatrick 1988:75),⁸³ is dit steeds sinvol om die woord *sage* met 'legende' te vertaal. Sodoende word alle misverstande uitgekakel.

Fohrer onderskei die volgende tipe legendes:

- **Geografiese legendes:** in hierdie geval verduidelik narratiewe die oorsprong of naam van sekere geografiese gebiede. So byvoorbeeld word die verhaal van Sodom en Gomorra vertel om te verduidelik waar die stad met sy groot toring (*Ziggurat*) vandaan kom;
- **Heiligdom-legendes:** sekere tekste verduidelik waar 'n spesifieke heiligdom vandaan kom. So byvoorbeeld vertel die Jakob-verhale van die ontstaan van die heiligdomme van Bet-El en Sigem (Gen 33:18-20;35:1-7);
- **Kultus-legendes:** hierdie legendes verduidelik die rol van gebruike in die kultus, byvoorbeeld die gebruik van die besnydenis (Gen 17; Eks 4:24-26);
- **Nasionalistiese of stamme-legendes:** die aartsvaderverhale is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hierdie legendes verduidelik dat 'n voorvader se karakter die hele stam of groep se karakter verteenwoordig en verklaar;
- **Helde-legendes:** verhale rondom Moses en Josua is voorbeelde hiervan;
- **Persoonlike legendes:** hierdie legendes fokus op verhale rondom priesters, profete en ander godsdienstige leiers. Die Samuel- en Koningsboeke bevat legendes rondom profete (byvoorbeeld Elia en Elisa).

Fohrer (1984 93-95) verduidelik verder die groei van die etiologiese tradisies.

- Legendes word aan 'n persoonlike aspek van Jahwisme verbind. So byvoorbeeld word die heiligdom-legende van Bet-El met 'n religieuse ervaring deur Jakob verbind;
- Legendes word "genasionaliseer". So byvoorbeeld blyk die agtergrond van die Josef-novelle van Egiptiese oorsprong te wees, maar dit word voorgedou as 'n integrale deel van Israel se geskiedenis;

⁸³ In Frans word die term *Saga* as *légende* vertaal (Gilbert 1974:411-420).

- Legendes brei uit deur na Jahwe te verwys. So verwys die naam "Bet-El" na die Kanaänitiese god El. In die Ou Testament word hierdie gedeeltes gebruik as 'n verwysing na Jahwe;
- "Teologisering" vind plaas. Die verhale funksioneer nou om godsdienstige vrae aan te spreek. So is die vloed-narratief (Gen 6) 'n bekende motief in die antieke Nabye Ooste. Die Genesis-vertelling koppel hierdie bekende verhaal aan God se oordeel oor die mens se sonde.

Die bogemelde is 'n poging om die groei van legendes aan te dui. Die legendes verloop in fases. Dit groei van etiologiese vertellings, wat gewoonlik die aanspraak van 'n bepaalde heiligdom wil legitimeer tot teologiese nadenke. Weinfeld (1993:149) illustreer die groei van legendes in Josua 1-12 soos volg:

Die verhale rondom Josua het by die heiligdomme van Gilgal, Silo, en Sigem ontstaan. Josua 2 (Ragab-verhaal) het waarskynlik oorspronklik niks met Josua te doen gehad nie, omdat die verhaal moontlik oorspronklik 'n losstaande tradisie was (Weinfeld 1993:143).⁸⁴ Josua 3 en 4 verteenwoordig liturgiese motiewe wat spesifiek aan die heiligdom van Gilgal verbind word. Die Jordaandeurtoeg is verder 'n herhaling van die uittog-gebeure. Die Jordaandeurgang, tesame met Josua 5:9 (heiligdom by Gilgal), die klippe in die Akorvallei (Jos 7:24-26), die ooreenkoms met die Gibeoniete (Jos 9:27) en die grot by Makkeda (Jos 10:26-28) is etiologies van aard. Om hierdie rede beskryf Weinfeld (1993:148) dit as religieus-opvoedkundige verhale. Die verdrag met die Gibeoniete en die oorlog met die vyf Amoriete konings weerspieël volgens Weinfeld (1993:145) 'n historiese gebeurtenis. Hierdie ooreenkoms het die koning van Jerusalem bedreig, en as 'n resultaat stuur hy 'n koalisie van vyf Amoritiese konings om teen die Israëliete en die Gibeoniete te veg. Die daaropvolgende veldslag by die waters van Merom (Jos 11:7-9) is waar Josua bekend geword het, want die oorwinning onder Josua het daartoe gelei dat hy bekendheid verwerf het as leier wat die Israëliete in die landsverowering aangevoer het. Die beeld van Josua het gegroei en 'n samevoeging van verskillende

⁸⁴ Baie van die motiewe in die verhaal is gek. In Hetitiese dokumente word stede verbied om 'n prostituut se huis naby die stadsmuur te bou. Verder word genoem dat iemand vir drie dae agtervolg moet word as hy die stad probeer binnedring. Verhale rondom prostitute wat 'n weermag help om 'n stad in te val, is wyd in Griekse literatuur bekend (Weinfeld 1993:143).

veroweringstradisies het daartoe gelei dat hy die deur latere geslagte die militêre aanvoerder van die hele volk beskou is.

Fohrer (1984:201) dui aan dat Josua die se heldhaftige karakter op volgende narratiewe gebaseer is:

- Josua 11:1-9: die veldslag van Merom;
- Josua 10:1-11,15: die veldslag tussen Gibeon en Ailajon;
- Josua 24: Sigem-verbond.⁸⁵

Fohrer formuleer die beginsel dat die figuur van Josua op 'n sekondêre manier in die teks ingevoeg is. Die Josua-figuur is onlosmaaklik verbind aan die intog. Sodra die verowering verstaan word as 'n militêre verowering deur 'n verenigde Israel is die figuur van Josua as leier van die *hele Israel* as 'n historiese werklikheid aanvaarbaar. Wanneer 'n mens Alt en Noth se voetspore volg in terme van verskillende stamme wat die land uit verskillende hoeke binnekom, is die gedagte van 'n historiese Josua-figuur as leier van die *hele Israel* nié meer haalbaar nie. Josua was dan hoogstens die leiersfiguur vir 'n paar van die stamme. Hy kon egter later 'n literêre figuur word wat 'n aantal verhale rondom die intog saambind tot 'n eenheid.

Die samestelling van die boek Josua speel 'n beduidende rol in die rekonstruksie van 'n Josua-figuur. Hierdie studie fokus veral op die kompleksiteit en groei van die boek Josua. Om hierdie rede is dit moeilik om 'n historiese Josua-figuur te voor te stel wat die hele Wesjordanland met een oorlogspoging verower het. 'n Gereduseerde Josua-figuur is die naaste wat ons kan probeer rekonstrueer. Josua 2-11 speel af rondom die heiligdom van Gilgal, wat binne die stamgrense van Benjamin val. Die spesifieke verhaal van die stam Benjamin kom in Josua 2-11 voor. Josua was egter 'n Efraimiet. Die vraag is egter hoe 'n Efraimiet in die verhaal van Benjamin se verowering inpas.⁸⁶ Alt (1953a:176-192; 1959:276-288) gaan verder deur aan te dui dat die historiese Josua net oorspronklik deel was van een gedeelte, naamlik Josua 10:1-11, 25. In hierdie gedeelte tree hy op as 'n rigter wat landsgrens-kwessies oplos.

⁸⁵ “Nevertheless (Jos 24) is based upon an earlier source, which, like the other sagas, presupposes the unity of Israel under the leadership of Joshua. In its earliest form, it goes back to a tribal narrative in which a historical background with the figure of Joshua can be recognized: not a Covenant Festival regularly celebrated at Shechem, but Joshua’s unique commitment of his own tribe to Yahweh” (Fohrer 1984:201).

⁸⁶ Jos 19:49 en 24:29. Num 13 en Deut 32:44 (onder die naam Hosea) asook 1 Kron 7:27 maak dit duidelik dat hy van die stam Efraim was.

Alt koppel hierdie funksie aan die rol wat Josua in hoofstuk 24 (die verbond tussen Jahwe en sy volk) speel. Soggin (1972:15) stel ondersoek in na die moontlikheid dat die Josua-figuur gebaseer is op koning Josia, wat ook 'n herbevestiging van die verbond bemiddel het. Omrede Soggin die rol van die deuteronomistiese skool sterk beklemtoon, is die die Josia-Josua hipotese 'n logiese gevolgtrekking. Koning Josia was inderdaad bekend vir sy hervorminge wat geskoei was op die boek Deuteronomium. Die sogenaamde deuteronomistiese skool sou Josua teken as 'n Josia wat die volk oproep het om die Wet van Jahwe na te volg.⁸⁷ Ottosson (1991:261) sien die boek Josua as 'n deuteronomistiese program vir die herstel vir die Dawidiese koningskap. Schäfer-Lichtenberger (1995:219) plaas die boek Josua in die raamwerk van die verteller se bedoeling om Josua as die ideale politieke leier voor te stel.

Knauf (2002:290-294) beskou die 7^{de} eeu vC as die ontstaanstydperk van die Josua-narratief. Alhoewel Knauf Josua as 'n spieëlbeeld van koning Josia beskou, verwys hy na Josua 10:12vv as 'n rigtingwyser na die oorspronklike Josua-figuur. Hy beskou die verwysing na die son en die maan in Josua 10:12-15 as 'n verwysing na Jerusalem (son) en Jerigo (maan).⁸⁸ Sodoende rekonstrueer hy die oorspronklike Josua as iemand wat Jerigo en Jerusalem verower het.⁸⁹ Hy neem die argument verder en meen dat Josua moontlik 'n Jebusiet was wat Jerusalem regeer het in die tyd tot Dawid die stad oorgeneem het (2 Sam 5-6). Die enigste etimologiese verband met die term "Jebusiet" is in die naam Jabes (Gilead) te vinde (Knauf 2002:288). Indien ons

⁸⁷ Nelson (1981:125) sien die Josua-figuur as 'n literêre skepping wat op die persoon van koning Josia gebaseer is. Doorly (1994:39) onderskei die volgende ooreenkomste tussen Josua en koning Josia.

- Beide doen voorlesings uit die Wet (2 Kon 23:2; Jos 8:34-35);
- Beide organiseer 'n nasionale pasgafees;
- Beide doen 'n oproep om afgode te vernietig (2 Kon 23:5-14; Jos 23:14-16; 24:20);
- Beide lei publieke verbondsvernuwingsereemonies (2 Kon 23:3; Jos 24:22-28);
- Josia is die enigste koning wat in Josua se woorde, nie links of regs van die Wet afgewyk het nie;
- Josia volg Josua se opdrag om die Wet van Moses met hart en siel na te volg (2 Kon 23:25; Jos 22:5).

⁸⁸ Keel & Uehlinger (1994:296-306) verbind Jerusalem met son-aanbidding, terwyl Jerigo dikwels met die maangodsdiens in verband gebring word (vgl ook Astour 1959:5-20; Lemche 1991:400-408).

⁸⁹ Walton (1994:181-190) ondersoek die moontlikheid van Josua 10:12-15 as 'n "Celestial Omen"-teks. Hy vind voorbeelde van sulke tekste in die Nabye Ooste. Omdat hierdie benadering die *genre* van Josua 10:12-15 in die konteks van astrologie plaas, en omdat dit 'n alternatiewe vertaling beteken, hou dit bepaalde implikasies vir die historisiteit van die teks in. Gerstenberger (2005:219) plaas die klem op die geloof in wonderwerke (Jos 5:10-12) in die raamwerk van die ná-eksiliese denke. Om hierdie rede is dit moeilik om enige historiese afleidings op grond van Josua 10:12-15 te maak.

Josua wel met Gilead kan verbind, dui dit op 'n oostelike oorsprong van die Josua-verhaal. 'n Oostelike oorsprong sou moontlik kon verklaar hoekom die landsverowering oos van die Jordaan begin. Op grond van sy rekonstruksie van die oorspronklike Josua, dui Knauf die herkoms van al Israel se helde aan en koppel hy die Josua-figuur aan 'n breër verhaal van Israel se oorsprong. Die volgende diagram (Knauf 2002:290) dien as illustrasie:

Held	Lokalisering	Grense van land	Rede vir held se landsverowering
Abraham	Mamre-Bet-El	Suide van Juda (Yehud)	Goddelike gawe
Jakob	Sigem-Bet-El	Samaria	Goddelike gawe
Moses	? Bet-El-Jerusalem	Samaria	Goddelike gawe? Oorlog?
Josua	Jerusalem-Bet-El		Oorlog

Die vier helde bied elkeen 'n sosiologiese en geografiese *Sitz im Leben* op die vraag aan wie die land behoort en hoekom. Alhoewel die Jakob en Moses-narratiewe volgens Knauf (2002:290) by Bet-El gebots het, is daar geen ooglopende spanning tussen die Moses en Josua-narratiewe nie. Moses het die volk uit Egipte gelei en Josua het die volk in die beloofde land gelei.

Knauf se model poog om die oorspronklike Josua-figuur te rekonstrueer. Hy baseer egter sy hipotese op Josua 10:12-15, wat nie noodwendig historiese inligting bevat nie. Die poging om Josua met 'n oostelike landsverowering te verbind, is moeilik bewysbaar. In hierdie studie neem ek juis die standpunt in dat die landsverowering oos van die Jordaan 'n poging is om die Jordaan as oosgrens van die beloofde land te vestig. Die landsverlies van 733vC dien as agtergrond vir hierdie hipotese (vgl 4.6.2). Ek verwys verder na die deuteronomistiese pogings om die motief van die landsverowering oos van die Jordaan te bevestig. Alhoewel Knauf se model die Moses en Josua-figure vroeg in die 7^{de} eeu vC met mekaar verbind, is daar leemtes in die res van sy model.

Josua word soms nie met die koningskap verbind soos sy voorganger Moses nie, maar hy word eerder voorgestel as 'n leier wat teenoor die koninklike dinastie staan. Die doel van die Josua-beeld is om te verkondig dat die volk juis nie 'n koning nodig het nie. Wat hulle wel nodig het, is 'n leier soos Josua, wat die Wet getrou in alle omstandighede toepas. In hierdie lig tipeer Lindeque (2001:31) Josua as 'n ideale beeld van die profetiese gemeenskap.

Garbini (1988:130) bied 'n ander moontlikheid. Josua is veel eerder op die beeld van Kronieke se koning Josia geskoei. Hy verwys na Josia as *priesterlike Josia*.⁹⁰ Die figuur van Josua dateer dan uit die Persiese era (3^{de}-4^{de} eeu vC). Lindeque (2000:132) tipeer die Josua-figuur as 'n literêre skepping wat deur belangegroepe in die ná-eksiliese tydperk geskep is. Omdat hulle die komposisie van die boek Josua as deel van 'n reksionele proses beskou, argumenteer Fritz (1994:15) en Hentschel (2008:212) dat Josua waarskynlik nie as 'n historiese persoon verstaan moet word nie.

2.2.3.1 Gevolgtrekking

Die Josua-figuur is eng verbind aan die landsveroweringsnarratiewe. Sodra die bybelse verhale rondom die intog in twyfel getrek word met betrekking tot die historisiteit daarvan, lei die Josua-figuur daaronder. Wanneer die intog as 'n ideologiese of literêre skepping beskou word, is daar nie plek vir 'n historiese Josua-figuur wat met een groot veldslag die Wesjordanland verower het nie.

Die vele pogings om 'n oorspronklike Josua-figuur te rekonstrueer, dui op die kompleksiteit van hierdie saak. Ek is van mening dat die Josua-figuur só deur verskillende belangegroepe geherïnterpreteer is, dat 'n rekonstruksie van 'n oorspronklike Josua-figuur onmoontlik is. Volgens die resultate van hierdie studie is die Josua-figuur egter onlosmaaklik deel van die oorspronklike *Grundschrift* van die verhaal.

⁹⁰ Die volgende argumente illustreer die bostaande benadering:

- Die klem op die priesters in die boek Josua (bv hoofstukke 3-4) dui op sterk ooreenkomste met die boek Kronieke, wat heel waarskynlik in die 3-4de eeu vC tot stand gekom het (vgl 4.2.1);
- Josua 3-5 toon ooreenkomste met die skuif van die ark en koning Hiskia se pasgafees;
- Die rol wat die Leviëte speel (bv Jos 3:3) herinner aan Dawid se ordening van die Leviëte in Kronieke;
- Josua se rol toon ooreenkomste met dié van 'n Rabbi (bv Jos 1:8).

In hierdie studie gaan ek van die veronderstelling uit dat die boek Josua 'n lang ontwikkelingsproses deurgemaak het. Die Josua-figuur het waarskynlik ontwikkel in 'n literêre figuur wat die hele Israel in die landsverowering gelei het. Wat die landsverowering aanbetref, is dit moontlik dat Israel oorspronklik deel was van die Kanaänitiese bevolking. Die doel en konteks van die landsveroweringsverhale speel egter 'n sentrale rol in die boek Josua, en dit blyk onmoontlik te wees om die voorgeskiedenis van Israel te rekonstrueer.

2.2.4 Heilige oorlog

2.2.4.1 Inleiding

Julius Wellhausen (1885:434) het oorlog as 'n belangrike deel van Israel se geskiedenis beskryf.⁹¹ Friederich Schwally (1901:59) neem dit 'n stap verder en argumenteer dat Israel se bestaan aan oorlog te danke is. As illustrasie gebruik hy Eksodus 14 en 15. Verder neem Schwally nog 'n stap wat verdere studies in hierdie veld sou beïnvloed. Hy beklemtoon die rol van die verbond. God was 'n verbondsgod en die verbond bind Hom en sy mense. Om hierdie rede bestaan daar dus 'n band tussen oorlog en die kultus. Schwally (1901:27-28) munt ook die term '*heilige oorlog*'. Hy ontleen hierdie term van die Arabiese *jihad*.⁹²

'n Verdere ontwikkeling kom uit 'n sosiologiese hoek. Max Weber (1952:131) beklemtoon Jahwe se politieke rol vir Israel. Volgens hierdie benadering word die politieke arena en die kultus deur die motief van oorlog saamgebind. Omdat die verbond vir die volk belangrik was, het die leierskap opgetree teen enige oortreding van die verbond. Weber (1952:101) maak 'n verdere opmerking wat veral vir Von Rad sou beïnvloed. Volgens Weber se navorsing is die heilige oorlog-motief deur die charismatiese profete (soos Debora en Barak wat in die Rigtertyd 'n groot rol gespeel het) beïnvloed. Die opkoms van die monargie het hierdie tipe leiers oorbodig gemaak. Profete het nie meer 'n rol in die kultus gespeel nie, en moes op 'n

⁹¹ "For Wellhausen then, war was not just a feature of Israel's experience, or even its religion. Ancient Israel as the people of God was a military camp, and God was a warrior. War was at the heart of Israel's religion and thus of its identity" (Von Rad 1991:3).

⁹² Die *jihad* was oorspronklik oorloë om ander groepe te bekeer of om belasting op nie-Islamitiese groepe af te dwing. Later sou dit die term vir 'n spirituele oorlog word (Craigie 1978:22-26).

alternatiewe wyse probeer om met behulp van die heilige oorlog-motief teen die konsep van die monargie in opstand te kom.⁹³

Studies rondom die tema van heilige oorlog het 'n rewolusie ondergaan onder Gerard von Rad. Sy tese is deur ander aangepas en uitgebrei, maar sy navorsing bly die kern van enige studie oor die heilige oorlog. Von Rad sluit by Weber aan, maar bring sy eie benadering tot die gesprek. Hy stem saam oor die rol van die kultus, die rol van die verbond en die prominente boodskap van die profete. Von Rad (1991:40) beklemtoon veral die rol van die kultus as *Sitz im Leben* van die heilige oorlog. *Tradisie* en *instelling* gaan vir hom hand aan hand. 'n Kultiese *tradisie* veronderstel altyd 'n *instelling*. Vir Von Rad was die heilige oorlog 'n bepaalde tradisie wat 'n rol in die kultus gespeel het. Hy verbind die heilige oorlog direk met die amfiktionie. Die amfiktionie het egter ophou funksioneer toe die monargie aanbreek, en sodoende het die heilige oorlog-motief van *kultus* na 'n *literêre konteks* verskuif.⁹⁴ Hier speel die Salomo-era 'n beduidende rol. Von Rad (1991:81) verwys veral na die verligtingstydperk van Salomo, waar die amfiktionie volgens hom finaal ophou funksioneer het. Die verligtingstydperk het tot 'n sekulêre tydsges geslei. God het in hierdie tyd agter die skerms verdwyn, en die menslike rol in die geskiedenis is oorbeklemtoon. Hy trek egter 'n belangrike en onverwagse gevolgtrekking uit hierdie benadering. Gedeeltes wat God alleen teken as kryger van Israel, dui hy aan as 'n later deuteronomistiese rekonstruksie. Daarteenoor dateer hy gedeeltes wat God en mens saam uitbeeld in oorlog vroeër. Die rede hiervoor is dat die heilige oorlog-motief in die vóór-monargale tyd samewerking of *sinergie* tussen God en mens geïmpliseer het. Die latere beeld van Jahwe wat alleen optree, is deur die deuteronomistiese kringe as 'n didaktiese hulpmiddel gebruik (Von Rad 1991:21). In 'n tyd waarin die mens se rol oorbeklemtoon word, gryp hierdie gedeeltes terug na 'n beeld van Jahwe-oorlog waar Jahwe *alleen* red. Von Rad (1991:89) verwys na die latere beeld van Jahwe-oorlog as 'n *spiritualisering* van die verhale. Die

⁹³ Boling (1982:29) voer aan dat die opkoms van die monargie die einde van die kultiese instelling van heilige oorlog beteken het. Die latere profete, veral onder invloed van die sogenaamde deuteronomistiese teologie, het die heilige oorlog motief weer laat herleef. Die herlewing het neerslag gevind in die literatuur, veral in die tekste wat die uittoeg en landsverowering voorop stel.

⁹⁴ Weippert (1972:490) werp Von Rad se heilige oorlog as instelling-gedagte omver en vind geen voorbeelde van verskille tussen oorlog en heilige oorlog nie. Hy merk geen prinsipiële verskil tussen die charismatiese leierskap van die Rigters en die monargie nie. Daar is ook geen bewyse dat die monargie die voormalige militia oorbodig gemaak het, en ondergronds gedwing het nie. Hy vind dit nutteloos om te soek na 'n instelling wat nooit bestaan het nie.

oorspronklike funksie van hierdie verhale was in die kultus geanker, maar later (ongeveer in koning Salomo se tyd) word dit vir 'n volgende geslag geherinterpreteer as deel van die kritiek op die monargie.

Von Rad (1991:41-51) beskryf die kenmerke van die heilige oorlog soos volg:

- Volk word geheilig. Dit verwys veral na seksuele onthouding (1 Sam 21:5);
- Offers word gebring (1 Sam 7:9);
- Uitroep “Jahwe gee... in ons hande” (Jos 2:24). Hierdie uitroep is 'n bevestiging dat Jahwe die oorlog namens Israel voer;
- Jahwe en die ark beweeg vooruit (Rig 4:14; Jos 3:11);
- Israel mag nie vrees nie, maar moet in Jahwe glo (Eks 14:13-14);
- Vyand verloor moed (Eks 15:14-16);
- Veldslag begin met 'n oorlogskreet (Rig 7:20);
- Oorlogsbuit word aan Jahwe gewy (Jos 6:18-19);
- Na die veldslag keer die manskappe terug na hulle tente (2 Sam 20:1).

Die meeste van Von Rad se hipoteses word deur navorsers betwyfel. Selfs die rol van die kultus, wat die rugsteun van Von Rad se teologie uitmaak, is ernstig betwyfel. So stel Smend (1963:40-42) voor dat die term ‘*heilige oorlog*’ met ‘*Jahwe oorlog*’ vervang moet word.⁹⁵ Volgens Smend se model het oorlogvoering in vroeë Israel plaasgevind wanneer stamme in skermutselinge betrokke geraak het. Na afloop van die betrokke skermutselinge het die weermag ontbind. Daar was geen algehele amfiktionie waarin stamme aan oorloë deelgeneem het nie. Verder was ook geen kultiese instelling van oorlog nie, omdat oorloë deur individule stamme gevoer is en nie deur die hele amfiktionie nie (Smend 1963:36-37). Smend (1963:105-107) brei die verband tussen amfiktionie en heilige oorlog verder uit deur aan te voer dat die amfiktionie eers net uit 6 stamme (die Lea-stamme) bestaan het. Die Josef - Benjamin stamme het die heilige oorlog-motief saam met die tradisies van die uittoeg uit Egipte en Sinai-verbond saamgebring. Mettertyd het die heilige oorlog-motief

⁹⁵ Vandag verwys die term ‘*Jahwe-oorlog*’ na die vroeë ervaringe van Jahwe se hand in oorloë. Die term “*heilige oorlog*” verwys weer na die deuteronomistiese skema van die heilige oorlog, of die bepaalde wyse waarop die heilige oorlog in deuteronomiese en deuteronomistiese literatuur geskilder word.

deel van Israel se geskiedenisbeskouing geword. Die voorstel van enige vorm van amfiktionie word nie meer vandag as 'n hipotese aanvaar nie (Raurell 2006:5; Ska 2006:123).

Von Rad se studie het egter die basis van navorsing rondom die heilige oorlog gevorm. Hy beskryf die heilige oorlog as 'n uitgediende instelling, wat weer deur die deuteronomistiese skool geherïnterpreteer word. Lind (1990:46-54) en Miller (1973:161-162) soek die wortels van hierdie ideologie in die pre-monargale tydperk, terwyl Stolz (1972:25) dit in 'n Jerusalem-konteks plaas. Stolz se vertrekpunt is die feit dat die heilige oorlog-kenmerke waarna Von Rad verwys, in die láát-deuteronomistiese literatuur (Deut 1:30; 3:22) voorkom. Daarom is die heilige oorlog-motief 'n literêre en teologiese skepping van die Jerusalem-kultus (Stolz 1972:94-97). Die motief dat Jahwe as 'n kryger vir die volk veg, is volgens Stolz so oud soos die volk self. Hierdie tradisie is deur die kultus lewendig gehou, veral deur rituele wat Jahwe se oorwinning oor die volkere en die kosmiese magte vier. Historiese narratiewe en tradisies rondom verowering is met mitologiese en liturgiese elemente vermeng (bv Eks 14-15). Die Deuteronomistiese Geskiedswerk het hierdie uiteenlopende tradisies in 'n heilige oorlog-skema omskep. Stolz ontken nié die bestaan van *Jahwe-oorlog* in die vóór-monargale tyd nie. Die Jerusalem-kultus was egter volgens sy benadering die impetus vir die toestandkoming van 'n uitgebreide skema of ideologie rondom die heilige oorlog in die monargale tyd.

Stolz is myns insiens korrek as hy aandui dat Von Rad se hipotese op láát-deuteronomistiese tekste gebaseer is. Alhoewel Stolz se hipotese van die heilige oorlog as skepping van die Jerusalem-kultus interessante moontlikhede bied, moet die voorkoms van die heilige oorlog-motief in die verskillende gedeeltes van die Ou Testament, eers ondersoek word. Die volgende uiteensetting dien om die heilige oorlog-motief in die verskillende gedeeltes van die Ou Testament te ondersoek.

2.2.4.2 Heilige oorlog in die Kronistiese Geskiedswerk

Volgens Von Rad (1991:129) het die motief van heilige oorlog tydens die Babiloniese ballingskap finaal gekwyn. 'n Vrye omgang met losstaande ideologieë rondom die heilige oorlog het steeds in die ná-eksiliese tyd bly voorbestaan. Heilige oorlog-

motiewe wat neerslag gevind het in die boeke van Kronieke en die Psalms vertoon volgens Von Rad 'n meer “gespiritualiseerde” houding jeens die heilige oorlog. Jones (1988:315-316) sluit hierby aan deur aan te voer dat oorlog in Kronieke eerder 'n kultiese karakter vertoon. Ackroyd (1973:151) brei hierdie hipotese uit en identifiseer 'n anti-oorlog atmosfeer in Kronieke. Niditch (1993:136,139) en Gabriel (1990:139-143) identifiseer in Kronieke 'n ideologie wat in stryd met oorlog is. Die bogenoemde is voorbeelde van navorsers wat nie 'n sterk heilige oorlog-motief in die Kroniekeboeke vind nie. Geen verwysing na heilige oorlog-motief kom in die boeke van Esra en Nehemia voor nie.

Hierteenoor argumenteer Knoppers (1999:58-76) die teenoorgestelde. Hy dui aan die hand van 2 Kronieke 20 aan dat daar juis sterk heilige oorlog-kenmerke in die bostaande gedeelte voorkom. Die sterk kultiese inslag is eerder 'n *literêre* tegniek as 'n *ideologiese* invalshoek (Knoppers 1999:60). Lohfink (1994:174) voer aan dat Kronieke nie 'n militêre verowering van die land voorstel nie. Inteendeel, Efraim en Manasse het volgens die sogenaamde Kronitiese Geskiedswerk nie in Egipte grootgeword nie, maar in Kanaän self (1 Kron 7). Josua is deel van die tiende generasie ná die stammekwessies wat in 1 Kronieke 7 beskryf word. Die afwesigheid van Josua se landsverowering in Kronieke is nie 'n anti-oorlog sentiment nie (Lohfink 1994:174). In Kronieke is Israel en die land onafskeidbaar. Israel was volgens die Kronitiese Geskiedswerk nog altyd in die land, en daarom is 'n landsverowering-narratief oorbodig vir die Kronis.

2.2.4.3 Heilige oorlog in die Jehowistiese Geskiedswerk

Die term Jehowistiese Geskiedswerk verwys in die konteks van hierdie studie na die gedeeltes in die Pentateug wat oorbly nadat die priesterlike en deuteronomistiese stof verwyder is. In terme van die klassieke bronnehipotese (wat myns insiens vir alle doeleindes 'n uitgediende konsep is), verwys dit na die sogenaamde Jahwistiese (J) en Elohistiese (E) gedeeltes. Lohfink (1994:178) merk op dat oorlog heel waarskynlik 'n groot rol in die vóór-monargale tyd gespeel het. Die invloed van Alt se hipotese van 'n natuurlike immigrasie, tesame met die feit dat Von Rad (1991:65) heilige oorlog in die Rigtertydperk as verdedigende oorloë bestempel het, het daartoe bygedra dat die klem op vóór-monargale oorlogvoering verdwyn het. Die klem op oorlogvoering in

die tyd van Dawid en Salomo (soos weerspieël in die Samuelboeke) dui vir Lohfink aan dat selfs die vóór-monargale tydperk van Israel se geskiedenis vol oorlog was. Hy identifiseer in die vóór-Pentateug bronne juis elemente wat bostaande illustreer. Die volgende dien as voorbeelde:

- Oorwinningspsalms (lied van Debora, lied van Mirjam), asook verwysings na die *Boek van die oorloë van Jahwe* (Num 21:14) en die *Boek van die Opregte* (Jos 10:13; 2 Sam 1:18);
- Verhale rondom oorlog, veral in verband met die $\sim r\chi$ (bv Jos 7);
- Stamme-vertellings rondom oorloë (bv Gen 49; Deut 33; Rig 5);
- Kultiese tekste wat die volk oproep om vyande van Jahwe uit te dryf (bv Eks 34:10-26).

Wat die Jahwistiese (J) tekste betref, vind hy geen verwysing na oorlog in die aartsvaderverhale nie (Lohfink 1994:182). In die Elohistiese (E) gedeeltes is daar wel verwysings na oorlog (Eks 17; Num 21), maar nie in verband met die aartsvaderverhale nie.⁹⁶

Die oorlog-motief kom in Israel se geskiedenis op verskillende maniere na vore. Alhoewel Rose (1976:197-211) en Lohfink (1994:178) probeer aandui dat oorlog 'n rol in Israel se vóór-monargale tyd gespeel het, is daar nie min tekens daarvan in die teks self te bespeur. Om hierdie rede is ek van mening dat nie die Jehowistiese Geskiedswerk óf die Kronistiese Geskiedswerk 'n duidelike oorlog-motief verteenwoordig nie.

2.2.4.4 Heilige oorlog in die Priesterskrif

Oorlog speel nie 'n rol in die Priesterskrif (P) nie. Lohfink (1994:195-201) illustreer die argument met die volgende voorbeelde:

- Die Kain-verhaal kom nie in P^s (die P-brondokument) voor nie. Die verhale van Jakob is geredigeer sodat die struwelinge met Esau en

⁹⁶ Rose (1976:197-211) voer aan dat die aartsvaderverhale eers 'n militêre invalshoek gehad het. Hierdie naratiewe is later "gedemilitariseer". Hy vind onder ander in die term $\text{bqo} [\text{y:rybia}]$, die etiologie van Mahanaim (Gen 32:2-3), die verhaal van Dina (Gen 34) en die verwysing na Jakob se pyl en boog (Gen 48:22) tekens van hierdie militêre agtergrond.

Laban nie meer voorkom nie. Genesis 27:46 en 28:1-5 motiveer Jakob se trek na Laban in terme van 'n soeke na 'n vrou, in plaas van 'n vlug as resultaat van konflik met Esau. In Genesis 36:6-8 is daar nie sprake van haat tussen Jakob en Esau nie;

- In Eksodus 14 (Rietsee-vertelling) is daar verwysings na strydwaens, perde en soldate. Nogtans vind geen oorlog plaas nie;
- Die verwysing na die kamp (Num 2) bevat geen militêre verwysings nie. Nogtans word die kamp gewoonlik met oorlog geassosieër;
- Die uitstuur van die spioene (Num 13-14) is nie 'n militêre handeling nie. Numeri 13-14 beskryf veel eerder 'n feestelike optog deur die land, wat as 'n gawe deur Jahwe geskenk word;
- Die oorgawe van mag aan Josua (Num 27:12-23) korrespondeer met Deuteronomium 31. In laasgenoemde is Josua se taak om die land te verower en te verdeel. In Numeri 27 word Josua se mag egter aan die van dié priester Eleaser onderwerp;
- Volgens Noth (1972:10-16) eindig die Priesterskrif in Numeri. Nogtans skeep hy die moontlikheid dat P oorspronklik 'n verowerings-narratief gehad het. Fragmente daarvan is volgens Noth te vinde in Josua 4:9; 5:10-12; 14:1-2; 18:1; 19:51. Die hoogtepunt is die daarstel van die tabernakel in Silo (Jos 18:1) en die Pasga (Jos 5:10-12). Die *kultiese* konteks van die landsverowering, in plaas van die *militêre* konteks, word in hierdie geval vooropgestel.

2.2.4.5 Heilige oorlog in Deuteronomium

Die heilige oorlog-motief het heel waarskynlik eers in die Josiaanse tyd ontstaan omdat die konsep nie in die vóór-deuteronomistiese strata voorkom nie (Lohfink 1994:187). Die heilige oorlog-motief is juis sterk met die Wet (Tora) verbind. Lohfink se bydrae tot hierdie debat is baie belangrik. Hy voer aan dat die heilige oorlog in die tekste voorkom waarin die land 'n belangrike rol speel (soos Deuteronomium). Tekste wat die land as fokus voorhou, is op hulle beurt weer sterk rondom die Wet gesentreer. Terme wat in hierdie verband voorkom, is vry (wat in die *hif'il* stamformasie nie na “*uitdryf*” verwys nie, maar eerder na “*vernietig*”) en $\sim\text{rx}$ (die woord kan vertaal word met “*afgesonder vir vernietiging*”). Die

ondersoek na hierdie twee terme het Lohfink gelei tot sy hipotese dat die heilige oorlog-motief en Deuteronomium met mekaar verband hou.

Lohfink (1994:188) identifiseer 'n deuteronomistiese landsvertelling (DtrL) in Deuteronomium. Hierdie vertelling is te vinde in die grootste deel van Deuteronomium 1 tot Josua 22. DtrL sou volgens Lohfink 'n beduidende rol in koning Josia se hervormings speel. Hierbo is reeds aangedui dat die land en die Wet 'n belangrike rol in die heilige oorlog-motief speel. Die land en die Wet was juis vir koning Josia van belang. Lohfink voer aan dat die heilige oorlog-motief reeds bestaan het (veral in die Jehowistiese geskiedwerk), en dat dit in die boek Deuteronomium geherinterpreteer is om koning Josia se uitbreiding na die noorde te legitimeer.⁹⁷ Die Assiriërs het tydens die tydperk van Koning Josia (6^{de} eeu vC) steeds gedeeltes van die noorde beset, al was hulle mag in die 7^{de} eeu vC reeds aan die kwyn. Die verhale van die landsverowering het gefunksioneer om vir die mense in die Noordryk te verseker dat die Assiriërs geen aanspraak op hulle land het nie. Die land behoort eerder aan Jahwe. Natuurlik bestaan sommige van die volkere wat vernietig is (Jos 3:10) nie meer in koning Josia se tyd nie. Juis hierdie gedagte noop Lohfink om die landsveroweringverhaal nie as 'n groen lig vir oorlog te beskou nie, maar om dit eerder as téén-Assiriese propaganda te interpreteer (Lohfink 1994:194). Die Assiriërs het 'n vrees vir hulle militêre mag en hulle gode by die Israëliete ingeboesem. Narratiewe rondom die land is 'n ideologiese reaksie hierop.

In die finale redaksie van die Pentateug is die Jehowistiese Geskiedswerk en die Priesterskrif gekombineer. Later is Deuteronomium bygevoeg. In hierdie samesmelting van twee verskillende ideologieë van oorlog (Deut) en passifisme (Priesterskrif) kry Deuteronomium met sy bepaalde klem op oorlog voorkeur (Lohfink 1994:214).

2.2.4.6 Gevolgtrekking

Von Rad en Smend het klem gelê op die *instelling* wat verantwoordelik was vir die oorlewering van die heilige oorlog-motief. Meer resente navorsers (Moon 1989; Hobbs 1989; Younger 1990) verskuif egter die klem na 'n *ideologiese* interpretasie. Hulle is van mening dat die motief in 'n ideologiese raamwerk funksioneer, en daarom

⁹⁷ Die kenmerke wat Von Rad aandui as die kern van die heilige oorlog-ideologie (sien 2.2.4.1) en die tekste wat hy aanhaal, het almal verbindingslyne met die land.

verwerp hulle enige soektog na 'n instelling wat vir die heilige oorlog-motief verantwoordelik kon wees. Moon (1989:223) koppel die heilige oorlog-motief aan die koninklike hof, of meer spesifiek aan die koninkryk van Dawid. Rowlett (1996:63) dui aan dat die beeld van die Dawid se koningskap in die Ou Testament deur die Deuteronomistiese Geskiedswerk en die Kronistiese Geskiedswerk gekleur is. Om hierdie rede is dit moeilik om enige motief met sekerheid in Dawid se koningryk te plaas. Hobbs (1989:21-22) fokus op die komplekse verhouding tussen godsdienstige en politieke ideologie. Hy lê veral klem op die feit dat die heilige oorlog-motief 'n groepsidentiteit aan mense verleen (ons-hulle). Rowlett (1996:63) bou hierdie hipotese verder uit en verleen impetus aan die heilige oorlog-motief wat die mag van 'n sekere groep konsolideer. Rowlett is deel van die sogenaamde “*New historicists*” wat die geskiedenis van Israel uit 'n alternatiewe hoek benader. Sy sluit by die Franse filosoof Michel Foucault aan wat kunswerke (bv tekste) teen die agtergrond van 'n magsbeheptheid interpreteer. Die boek Josua funksioneer vir Rowlett as 'n poging om politieke mag uit te oefen. Meer spesifiek speel die boek Josua 'n bepaalde rol om die grense tussen die “ons” en “hulle” te trek.

'n Groep navorsers (Weippert (1972:460-493; Weinfeld 1983:121-147; Younger 1990) bestudeer die heilige oorlog-motief teen die agtergrond van die naburige volke rondom Israel. Hulle vind dat die heilige-oorlog-motief nie uniek aan Israel was nie. Weippert (1972:460-493) vind dat die heilige oorlog-motief oorspronklik as legitimasie van die monargie gedien het.⁹⁸

Rowlett (1996:51) dui tereg aan dat die debat rondom die heilige oorlog-motief te veel rondom terminologie vasgeval het. Die onderskeiding tussen ‘heilige-oorlog’ en ‘Jahwe-oorlog’ (Smend 1962; Jones 1975:642-658) het nie die debat bevorder nie. Rowlett maak dieselfde gevolgtrekking in verband met die soeke na 'n instelling, asook die studies van die ‘heilige oorlog’ in die konteks van die antieke Nabye Ooste. Die somtotaal van hierdie studies is dat Israel dieselfde terminologie as hulle bure gebruik het om te beskryf dat Jahwe vir hulle veg. Om hierdie rede neem Rowlett 'n

⁹⁸ Hier verskil Weippert van Weimar (1976:38-73) wat juis (in aansluiting by Von Rad) probeer aantoon het dat die heilige-motief 'n anti-monargiese tendens verteenwoordig.

ander rigting, naamlik 'n soeke na 'n ideologiese gebruik van die heilige oorlog-motief.⁹⁹

Uit die bostaande probeer ek aandui dat die heilige oorlog-motief sterk in Deuteronomium en die deuteronomistiese geskrifte voorkom. Die verbintenis tussen die heilige oorlog-motief en die land is relevant vir hierdie studie. Deurdat die heilige oorlog-motief aan Deuteronomium en deuteronomistiese geskrifte te koppel, kan die band tussen die heilige oorlog-motief en Josua bevestig word, omdat die boek Josua juis oor die intog en verdeling van die land handel.

Die datering van Deuteronomium en deuteronomistiese geskrifte is hier van belang. Vroeër is aangedui dat deuteronomistiese redaksies 'n komplekse aard en karakter vertoon. Römer (2007b:165-183) dui aan dat deuteronomistiese redaksies selfs in die ná-eksiliese tyd plaasgevind het. Lohfink se benadering plaas Deuteronomium en die Deuteronomistiese Geskiedswerk binne die raamwerk van koning Josia se hervormings, Lohfink het met groot oorleg aangetoon dat die heilige oorlog-motief sterk in Deuteronomium en deuteronomistiese redaksies of uitbreidings tuishoort. Die moontlikheid bestaan wel dat die boek Deuteronomium en verdere deuteronomistiese redaksies in die tydperk van koning Josia ontstaan het (Braulik 2008:144). Nogtans wil ek aanvoer dat deuteronomistiese redaksies en uitbreidings moontlik tot in die ná-eksiliese tyd plaasgevind het. Die heilige oorlog-motief kon in verskillende tye 'n rol in Israel se godsdienstige denke gespeel het.

Die ideologiese invalshoek bied interessante moontlikhede. Ek is van mening dat die eksiliese en ná-eksiliese tydperke juis die klimaat geskep het waarin die heilige oorlog-motief 'n belangrike rol kon speel. Israel se terugkeer uit die ballingskap, die stryd met die Samaritane, die reaksie teen die tempel in Elefantine, asook die reaksie teen die herbou van Jerusalem se mure kon as agtergrond dien vir die ideologiese afgrensing tussen “ons” en “hulle”.

⁹⁹ Rowlett plaas die heilige oorlog-motief as ideologie van mag in die tydperk van koning Josia. Die 7de eeu vC, en die gepaargaande chaos rondom Assiriese uitbreidings, het volgens haar die rede vir die heilige oorlog-motief geskep.

2.2.5 Historiografie en bybelse geskiedenis

2.2.5.1 Opkoms van die minimalisme

Daar bestaan `n nuwe tendens om bybelse tekste laat te dateer (Rendorff 1993:34-53). Die gevolg hiervan is dat bybelse tekste nie as histories betroubaar beskou word nie. Een van die redes hiervoor is omdat die tekste (in die ná-eksiliese tyd d.w.s die Persies-Hellenistiese tyd :400-300vC) ver verwyderd is van die Ystertydperk (1200-600vC), waar van die gebeurtenisse in die Ou Testament afspeel (Kofoed 2005:2).¹⁰⁰ Die historiese en kronologiese raamwerk van die Bybel word hierdeur in twyfel getrek. In hierdie gedeelte fokus ek op die redes agter hierdie paradigmaskuif¹⁰¹ en die invloed hiervan op die interpretasie van tekste. Die sogenaamde minimaliste beskou die bybelse tekste as `n produk van die Persiese óf Hellenistiese tyd (Lemche 2000:10). Bybelse verhale is in hierdie konteks eerder literêre skeppings wat hoop vir die toekoms skeep. Hierdie verhale kan dan nié as feitlike waarhede gelees word nie, maar verhale skeep verhaalwaarhede. `n Verdere resultaat van hierdie benadering is dat die bybelse tekste nie `n primêre bron vir rekonstruksie van Israel se geskiedenis funksioneer nie.

Omdat hierdie studie op die boek Josua fokus, is hierdie agtergrond relevant. Die intog in die beloofde land is per slot van sake een van die heilstradisies wat ter sprake kom en waar historiese betroubaarheid `n relevante tema word.

Om die minimaliste te verstaan, moet ons hulle teoretiese wortels ondersoek. Ek verwys veral na die filosofie van geskiedenis, en die postmodernisme en literêre teorieë.

2.2.5.2 Filosofie van geskiedenis

Die sogenaamde *Annales*-skool is hier van belang, omdat die minimaliste se klem op empiriese data en multi-dissiplinêre studies juis uit die *Annales*-skool ontleen is

¹⁰⁰ Vergelyk Bright (1981:120) se stelling “There can be no doubt that that the ancestors of Israel had been slaves in Egypt and had escaped in some marvelous way. No one today would question it”, met Garbini (1988:xv) “...so far there is no evidence to provide a basis for the usual datings (those which can be found in most textbooks); they are only chronological hypotheses, when they are not merely wishful thinking”.

¹⁰¹ Die term “paradigma” is gebaseer op die definisie van Kuhn (1962). Kuhn gebruik die term om aan te dui dat `n metodologiese model in `n sekere navorsingsveld algemeen aanvaar word. Alle daaropvolgende navorsing word dan binne hierdie raamwerk gedoen.

(Kofoed 2002:5).¹⁰² Hierdie skool het in die 1920's rondom vername figure soos Lucien Fevre en Marc Bloch ontstaan. Hulle doel was om geskiedenis uit 'n multi-dissiplinêre hoek te bestudeer. Dit behels 'n analise van menslike optrede in 'n spesifieke sosiale en kulturele konteks. Reeds hier is tekens dat die bybelse teks nie 'n noemenswaardige rol speel by die navolgers van die *Annales*-skool nie. Die drieledige model van Fernand Braudel staan sentraal in die benadering van die *Annales*-skool. Geskiedenis word hiervolgens aan die hand van die volgende drie vlakke bestudeer:

- *la longue durée* (stadig bewegende strukture soos klimatologie en geologie speel hier 'n rol);
- *la moyenne durée* (sosio-ekonomiese en politieke veranderinge is hier van belang);
- *l'histoire événementielle* (interpretasie van 'n spesifieke historiese gebeurtenis. Om laasgenoemde te rekonstrueer, is empiriese data nodig) - aldus Braudel.

Die sogenaamde Kopenhagen-skool, wat verteenwoordig word deur Thomas Thompson en Nils-Peter Lemche, fokus veral op die eerste twee vlakke.¹⁰³ Argeologie val vir hulle onder die eerste twee vlakke, omdat argeologie die klimatologiese veranderinge asook die sosio-ekonomiese skuiwe van Palestina kan verifieër. Bybelse tekste val onder die derde kategorie, en daarom is die bybelse teks nie van belang in 'n historiese rekonstruksie nie (Knauf 1991:51). Die feit dat die bybelse narratiewe histories moeilik bewysbaar is, maak die narratiewe histories 'n onakkurate historiese bron. Sommige van landsverowering-hipoteses, veral die Laat-Bronstydperk-Vroeë-Ystertydperk oorgangs-model (Finkelstein 1993:124), en die verskillende variante daarvan, sorteer onder hierde paradigma.

Ek neem standpunt in teen die Kopenhagen-skool se skeptiese houding jeens die rol van die Bybel in die rekonstruksie van geskiedenis. Aan die een kant is daar inderdaad 'n breër konsep van argeologie nodig om die bybelse konteks te

¹⁰² Thompson (1994:406) verwys na die Kopenhagen-skool se benadering as “*a spectrum studies approach*”.

¹⁰³ Die Kopenhagen-skool is nie die enigste wat op die *Annales*-skool gebaseer is nie. Finkelstein (1998:7-39) is 'n voorbeeld van 'n argeoloog wat sy teorie op die benadering van die *Annales*-skool bou.

rekonstrueer. Nogtans beteken dit nie dat die Bybel as bron van Israel se geskiedenis geïgnoreer moet word nie. Die Ou-Testamentiese wetenskap en die argeologie is albei dissiplines wat konstant verander. `n Wisselwerking tussen die twee is noodsaaklik vir `n betroubare rekonstruksie van Israel se geskiedenis.

2.2.5.3 Postmodernisme¹⁰⁴

Die begrip “*postmodernisme*” verwys na `n paradigmaskuif in die veld van hermeneutiek, linguïstiek, en literêre teorie (Koefoed 2005:10). Hierdie paradigmaskuif bepaal dat die literêre en hermeneutiese voorveronderstellings van modernistiese, of voorafgaande tydperke bevraagteken word. In terme van geskiedenis en geskiedskrywing verteenwoordig postmodernisme `n wegbeweeg van `n empiriese en positivistiese benadering tot geskiedenis. Die voorveronderstellings van modernistiese historiografie, soos “objektiwiteit”, “primêre en sekondêre bronne”, “liniêre geskiedenis”, “historiese waarheid”, asook die onbetrokkenheid van die historikus, word hierdeur omvergewerp. Die gevolg is dat die teks self nie betekenis dra nie, maar dat die leser in interaksie met die teks betekenis skep (Knauf 1991:26-64).

Koefoed (2005:11-18) brei uit op die literêre teorieë wat beklemtoon dat die skrywer se intensies waardeloos is, en dat die leser betekenis skep. Hy verwys onder andere na Berkhofer (1995:138-201) se teorie van `n *Metaverhaal*. Volgens hierdie benadering bestaan geskiedenis noodwendig uit `n groter verhaal (“*Grand Narrative*”) wat struktuur verleen aan gebeurtenisse wat in die verlede afgespeel het. Volgens White (1984:20) kan `n klomp narratiewe geskep word uit `n gemeenskaplike datapoel. Verhale kry eers betekenis deur “*emplotment*”. Hierdie “*plots*”, wat deel uitmaak van “*emplotment*” speel meestal op `n onderbewustelike vlak `n rol by die geskiedskrywer. Enige historiese narratief word in `n stereotipiese vorm gegiet. White onderskei vier vorme, naamlik tragedie, komedie, satire en romanse. Hy maak ruimte vir `n vyfde kategorie, die epiese narratief en laat ruimte vir nog tipes narratiewe. White probeer illustreer dat geskiedenis altyd volgens `n *Metaverhaal*

¹⁰⁴ Die term “*postmodernisme*” is `n ingewikkelde konsep. Ek verwys hierna bloot omdat dit die doel, aard en agtergrond van die minimalistiese skool verhelder, en nie om in `n filosofiese argument rondom die term te verval nie.

gekonstrueer word, en dat die onmiddellike godsdienstige, politieke en ideologiese omgewing van die skrywer die narratiewe beïnvloed. Geen opeenvolging van gebeurtenisse is per definisie tragies, komies, romanties of satiries nie. Eers as die struktuur van 'n bepaalde verhaaltipe daarop afgedwing word, kry dit 'n bepaalde betekenis (White 1984:20).

Die gevolg van White en Berkhofer se benaderings is dat die feitlike waarhede in 'n bepaalde teks onder verdenking kom. Historiese narratiewe word op dieselfde vlak as fiksie geplaas in terme van feitlike betroubaarheid. Iggers (1984:119) dui aan dat White wel die literêre aspekte van historiese narratiewe, sowel as die rol van die verbeelding in die konstruksie van geskiedenis na vore bring. Nogtans maak White, volgens Iggers juis moeite om narratiewe nogtans in verband te bring met 'n werklike verlede wat werklike mense en die geskiedenis insluit. White en Berkhofer dui op verskillende wyses aan dat die leser 'n belangrike rol in die verstaan van tekste speel.

2.2.5.4 Sinchroniese benadering tot die teks

Bybelse eksegesië in Europa het tot en met die 1960's hoofsaaklik op 'n diachroniese benadering van eksegesië tot die teks gekonsentreer. Die klem het egter in die laat sewentiger jare van die twintigste eeu verskuif na 'n sinchroniese benadering tot die uitleg van 'n teks (Rendtorff 1993:34-53; Brettler 1999:49; Kofoed 2005:22). Hierdie skuif het 'n bepaalde invloed op eksegesië, omdat dit 'n klemverskuiwing van 'n historiese benadering (diachroniese metodes) tot 'n literêre benadering tot dieselfde tekste impliseer. Alhoewel voorstanders van die sinchroniese model nie noodwendig die diachroniese elemente afskeep nie, is die gevolg van 'n oormatige klem op die sinchroniese lees van 'n teks 'n terugkeer na Wellhausen (1885:318) se stelling dat bybelse tekste eerder die tyd van die skrywers reflekteer. Die gevolg is dat die klassieke Wellhausen-bronnehypotese nie langer gevolg word nie.¹⁰⁵ Volgens Wellhausen se bronnekritiek het die verskillende bronne afsonderlike groeistadia van Israel se geskiedenis verteenwoordig.¹⁰⁶ Die feit dat die diachroniese benadering grootliks geïgnoreer word in die sinchroniese benadering, skep die regte basis vir die

¹⁰⁵ Garbini (1997:xii) stel dit soos volg : "At this point for me, as they already were for some others, the classical 'sources' of Wellhausen became nothing more than splendid antiques, to be viewed in a glass cage".

¹⁰⁶ Volgens die Wellhausen-model het Israel se godsdienste van 'n primitiewe en politeïstiese godsdienst na 'n 'n ritualistiese Judaïsme gegroei.

Kopenhagen-skool se model. Hiervolgens is die hele Ou Testament in die Persiese óf Hellenistiese tyd geskryf. Volgens hierdie model is daar nie plek vir groei van bronne nie, en daarom is daar nie ouer bronne wat as historiese elemente kan dien in die narratiewe nie. Die meeste verhale is nou literêre fiksie (Kofoed 2005:24). Omdat die Hellenistiese tyd deur die meeste navorsers as die *terminus ad quem* van die finale bybelse teks beskou word, sien dié Kopenhagen benadering die Bybel eerder `n historiese bron van die Hellenistiese tydperk.

Die bogenoemde agtergrond skep die ruimte vir die huidige debat rondom historisiteit. Die *Annales*-skool se benadering rondom geskiedenis, die model van `n *Metaverhaal* asook die skuif na die sinchroniese lees van tekste beteken dat sommige navorsers die Bybel wyer interpreteer. Die bybelse teks is onbetroubaar ten opsigte van historiese feitlikheid, en moet eerder op grond van `n *Metaverhaal* gelees word. Die *Tenach* is uit die raamwerk van `n *Metaverhaal* van “*Israel redivivus*” geskryf. Die Persiese en Hellenistiese tydperke het die skrywers genoop om `n verhaal van `n nuwe Israel te skryf. Op grond hiervan is die geskiedenis van Israel gefabriseer om sodoende identiteit aan die hopelose en etnies onverwante mense van die ná-ballingskapstyd te bring. Die bogenoemde debat het `n invloed op die Josua studies. Nie alle navorsers benader die boek as `n bron van historiese waarde nie (Dever 2003:39).¹⁰⁷

Die vraag is of die ‘*Tenach*’ in die Hellenistiese tyd ontstaan het. Die ander moontlikheid bestaan, naamlik, dat die bybelse tekste in die Hellenistiese tyd gevorm is uit oorgelewerde tradisies wat vroeër dateer. Lemche (1998:159) dui aan dat die vertrekpunt die tyd moet wees waar `n teks sonder twyfel bestaan het. Die volgende stap is om terug te werk en te bepaal of die voorgeskiedenis van hierdie tekste gerekonstrueer kan word. `n Voorgeskiedenis kan uit mondelinge óf skriftelike oorlewings bestaan. Die navorsingsgeskiedenis rondom mondelinge tradisies, sowel as skriftelike tradisies kan in hierdie verband help.

¹⁰⁷ Na’aman (1994:280-281) stel dit soos volg: “The comprehensive conquest saga in the book of Joshua is a fictive literary composition aimed at presenting the occupation of the entire land of Israel, initiated and guided by the Lord and carried out by the twelve tribes under Joshua....These military episodes were entirely adapted to the new environment, so that in no case can we trace a direct literary relationship between the story/ tradition and its literary reflection”.

Kofoed (2005:59-68) probeer aandui dat daar wel vroeë bronne beskikbaar was tot die latere (ná-eksiliese) redakteur (s) van die Bybel. Hy verwys veral na die tendens van mondelinge oorlewering. Die vraag is of die tydsverloop van die mondelinge tradisie tot die skriftelike neerslag daarvan, dit onmoontlik maak om historiese feitlikhede uit oorgelewerde tradisies te put. Hoe die tekste ookal gedateer word, dit beteken dat daar soms tien generasies tussen die gebeure en die skriftelike neerslag verloop het. Boonop is die bestaan van mondelinge oorgelewerde bronne hoogstens 'n konstruksie en kan dit nie gekontroleer word nie. Nogtans speel mondelinge tradisies 'n beduidende rol in die Ou Testamentiese Wetenskap. Baie navorsers ondersteun die standpunt dat daar 'n mondelinge tradisie agter die bybelse teks te vinde is (Lapointe 1990:125-142; Niditch 1996). Die sogenaamde Skandinawiese skool het reeds in die 1950's hierdie moontlikhede aangedui (Kofoed 2005:60).

Hierdie skool was sterk beïnvloed deur die navorsing van H S Nyberg (1935:8) wat met die veronderstelling gewerk het dat die skriftelike neerslag van die Ou Testament deur die ná-eksiliese Joodse gemeenskap gevorm is. Ouer materiaal is tot 'n mindere mate by die skriftelike produk van die ná-eksiliese tyd bygevoeg. Kofoed (2005:61) argumenteer dat hierdie beweging te min blootstelling gekry het en noem twee redes daarvoor. In die eerste plek was die mondelinge benadering in die skaduwee van die Duitse tradisie-historiese skool wat tydens die 19^{de} en 20^{ste} eeu dominant was. In die tweede plek is te min van die navorsing uit die oorspronklike Deens vertaal.

Vansina (1985:13-14) ondersoek die historiese betroubaarheid van mondelinge tradisies. Hy kom tot die gevolgtrekking dat sekere oorlewering, veral op grond van hulle *genre*, meer betroubaar as ander is. Vansina dui aan dat feitlike tradisies of narratiewe meer betroubaar oorgedra word as voorbeelde uit die fiksie-genre (verhale, spreuke, ens). Om hierdie rede kan betroubaarheid van mondelinge tradisie nie net *a priori* betwyfel word nie (Vansina 1985:186). Finley (1991:9-38) ondersoek verder die betroubaarheid van mondelinge oorlewering en kom tot die gevolgtrekking dat sodra 'n narratief 'n kronologiese raamwerk en 'n opeenvolging van gebeure vertoon, dit 'n aanduiding is dat akuraatheid (in terme van gebeure en persone) 'n bepaalde rol in hierdie spesifieke teks speel. In 'n *genre* wat kronologie bevat, is die moontlikheid

vir die oordra van historiese en feitlike waarhede groter as in ander *genres* (bv mites).¹⁰⁸

Kofoed (2005:88) vat die debat soos volg saam. In sekere *genres* kon 'n bepaalde tradisie op 'n feitlike en betroubare manier oorgedra word. Die rol van (vroeë) mondelinge tradisies kan nie onderbeklemtoon word nie. So 'n mondelinge tradisie sou saam met 'n skriftelike tradisie gefunksioneer het. Die laasgenoemde opmerking is vir die doel van hierdie studie belangrik. Alhoewel 'n groot deel van die boek Josua in die ná-eksiliese tyd neerslag gevind het, is daar 'n moontlikheid dat vroeë mondelinge tradisies moontlik opgeneem is deur die outeur(s) of redakteur(s).

Wanneer dit by skriftelike tradisies kom, is die vraag dieselfde, naamlik of skriftelike tradisies oor 'n lang tydperk betroubaar oorgedra kan word. Die moontlikheid bestaan egter dat sosiale krisis, tesame met konstante herinterpretasie van bronne, beduidende gevolge vir die uiteindelijke feitlike historiese betroubaarheid van bronne inhou. So byvoorbeeld was die lokalisering van die hoofstad van koning Sargon van Fenisië teen die ongeveer 6^{de} eeu vC nog bekend. Uiteindelik het die inligting verlore geraak (Zadok 1985:4-5). Later het dit weer in die werke van latere Griekse skrywers soos Philo van Byblos (100nC) en Eusebius (265-339 nC) na vore gekom (Barr 1974:17-68).

Politiese, etniese, en geografiese krisis het 'n bepaalde invloed op oorgelewerde tekstradisies gehad. Hierdie eksterne faktore kan veroorsaak dat tradisies verlore gaan. Noggans bly die voorgeskiedenis van 'n volk, asook geloof en godsdienstige gebruike, voortleef ten spyte van krisis (Gerhardsson 1961:182-183).

Verder is die herinterpretasie van tekstradisies of narratiewe belangrik. Mendels (1998:357-364) meen dat die hergebruik van tradisies maklik die historiese werklikheid van 'n teks kan beïnvloed. Hoe meer 'n teks volgens hom geherinterpreteer word, hoe meer verloor dit historiese waarde. Gerhardsson (1961:174) neem daarteenoor die teenoorgestelde posisie in. Hy kom tot die

¹⁰⁸ Finley (1991:9-38) bestudeer die Griekse historiografie om die bogemelde standpunt te versterk. Hy dui aan dat die vroeë epiese verhale van Homerus 'n sterk mitiese karakter vertoon. Eers met Herodotus is die verlede in 'n kronologiese raamwerk gegiet.

gevolgtrekking dat die redigeerders of skrywers die inhoud van tekstradisies so noukeurig as moontlik oorgedra het.

Die bostaande verteenwoordig die argumente téén die minimaliste-skool. Die debat tussen Kofoed en die Kopenhagen-skool handel dus nie oor *teologiese* betroubaarheid en waarde nie, maar oor *historiese* of feitlike betroubaarheid. Die gevolg van die bostaande debat is dat twee ekstreme posisies teenoor mekaar bestaan. Aan die een kant is daar die minimaliste wat die feitlike betroubaarheid van die Bybel in twyfel trek. Aan die ander kant is daar navorsers (soos Kofoed) wat juis probeer aandui dat historiese of feitlike bronne die hoeksteen van Bybelse narratiewe vorm. Die vraag na *teologiese* betroubaarheid is nie eers ter sprake in die bostaande debat nie.

2.2.5.5 Definisie van historiografie

Van Seters (1983:6) bestudeer vóór-Hellenistiese geskiedskrywing in die Antieke Nabye Ooste om sodoende die oorsprong en vorm van geskiedskrywing in Israel te verstaan. Hy vind geen ooreenstemming tussen Israelitiese en Griekse historiografie aan die een kant, en dié van die Egiptenare, Hettiete of Mesopotamiërs aan die ander kant nie. Van Seters (1983:249) volg Noth se hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk wat van Deuteronomium tot 2 Konings strek. Verder beskou Van Seters (1983:39) die skrywer as 'n *outeur*, eerder as 'n *redaktor*. Volgens Van Seters se model het die deuteronomistiese geskiedskrywer verskeie uiteenlopende bronne geneem en in 'n kronologiese geskiedenis gegiet. Hy trek 'n parallel met die Griekse historiografiese werke van Herodotus. Van Seters verwys na die Persiese oorloë en die ballingskap en kom tot die gevolgtrekking dat hierdie vertellings die ideologie van die skrywers verwoord, en sodoende die historiese, ideologiese, politiese en godsdienstige perspektiewe van die tyd van hulle oorsprong en oordrag weerspieël. Om hierdie rede is dit 'n kreatiewe historiografie wat nie noodwendig feitlike geskiedenis verteenwoordig nie.

'n Gevolg van Van Seters se werk is dat sy skema deur ander navorsers gebruik word as 'n maatstaf vir datering van Bybelse boeke. Deurdat hy die ooreenkomste tussen die Deuteronomistiese Geskiedenis en Herodotus aandui, kom hy tot die gevolgtrekking dat die Deuteronomistiese Geskiedswerk eers in die tydperk van

Herodotus dateer kan word. Hy noem die deuteronomistiese geskiedskrywer die eerste historikus in Israel en impliseer daardeur dat al die ander vorme van historiografie in die Ou Testament eers ná die Deuteronomistiese Geskiedenis gedateer moet word.

Kritiek teen Van Seters sluit sy gebruik van die terme “*antiquarism*” en “*historiography*” in.¹⁰⁹ Hy maak nie duidelike onderskeid tussen die twee terme nie (Van Seters 1992:96). Verder is die ooreenkomste tussen die Deuteronomistiese Geskiedswerk en Herodotus nie vir alle navorsers aanvaarbaar nie.¹¹⁰

Thompson (1994:373-374) vermy die term “historiografie” in verband met die bybelse tekste. As hy na die Griekse historiografie verwys, kom hy tot die gevolgtrekking dat die feitlike waarheid van gebeure ’n belangrike kriterium was. Hy voer die argument egter verder deur na die bedoeling van die skrywer te verwys. Die historiese of feitlike waarheid van ’n narratief lê vir hom nie in die inhoud nie, maar in die skrywer se (teologiese of ideologiese) bedoeling met die teks. Omdat die moderne leser volgens hom vandag nie naastenby ’n greep op byvoorbeeld die vroeë profete se intensies het nie, kan die tekste nie as historiografie geklassifiseer word nie. Somtyds vind Thompson (1994:377) wel historiografiese gedeeltes in die Ou Testament, maar oor die algemeen is die Bybelse verhale eerder oorsprongsverhale as historiografie.

Kofoed (2003:231) stem saam dat die Hebreeuse Bybel, in vergelyking met Griekse historiografie, nie as historiografie geklassifiseer kan word nie. Die historiese intensie van byvoorbeeld Josefus en Lukas (met Handeling) is nie in die Hebreeuse Bybel te vinde nie. Daar is ook nie ’n sistematiese opweeg van bronne soos by Josefus en Lukas nie. Selfs al sou die bybelse tekste in die lig van die bogenoemde

¹⁰⁹ Antiquarism verwys na die versameling en ordening van ouer bronne (Noth 1981:11). “Historiography” is in Huizenga (1963:9) se woorde “the intellectual form in which a civilization renders account to itself of the past”. Slegs tekste wat gebeurtenisse getrou weergee, is volgens hom historiografie. Die Griekse historiografie is ’n voorbeeld hiervan.

¹¹⁰ Younger (1983:114) gee toe dat daar kontak tussen Jode en Grieke was, maar hy reageer teen Van Seters se afhanklikheid van Griekse historiografie in die ondersoek na die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Volgens Weippert (1987:530) is daar duidelike verskille tussen Herodotus en die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Die skrywer van die Deuteronomistiese Geskiedswerk bly anoniem, en die doel van die geskifte verskil ook. Herodotus skryf sy werk om aan te dui dat sekulêre gebeurtenisse en menslike dade, asook gebeurtenisse wat aanleiding gee tot oorlog, onthou moet word. Op grond van die verskille tussen die twee gekiedswerke betwyfel Weippert die werkbaarheid van Van Seters se vergelyking.

eerder as antikwaries bestempel word, hoef dit nie die as histories onbetroubaar beskou te word nie. Griekse historiografie moet nie die maatstaf wees waaraan alle soorte geskiedskrywing gemeet moet word nie. Thompson (1999:73-78) se argument dat die literêre tegnieke in die Ou Testament eerder op 'n verhalende waarde as historiese waarde dui, is eensydig. Daar kan nie op literêre vlak bepaal word of 'n teks feitlike historiese waarhede bevat of nie.

Halpern (1988:11) bestudeer die Deuteronomistiese Geskiedswerk en fokus veral op die skrywer se "*authorial intent*". Hy poog (net soos Van Seters) om te bewys dat die Deuteronomistiese Geskiedswerk as geskiedskrywing geklassifiseer kan word. Sy kriteria of 'n teks feitlike historiese waarhede bevat, lê vir hom by die skrywer se bedoeling. Deur middel van noukeurige eksegeese kom hy tot die gevolgtrekking dat die deuteronomistiese geskiedskrywer H(Dtr) van betroubare bronne gebruik maak. Die skrywer gebruik sy eie interpretasie slegs wanneer die bronne onduidelik is. Nogtans beskou Halpern (1988:207) vir H(Dtr) as 'n verantwoordelike geskiedskrywer. Halpern se studie dui aan dat H(Dtr) se bedoeling was om die verlede op 'n verantwoordelike manier in terme van geskiedskrywing weer te gee, ten spyte van sy eie godsdientige of politieke vooroordele. Nogtans is dit onmoontlik om te bewys of H(Dtr) werklik daarin geslaag het (Kofod 2003:223).

Van Seters en Halpern se verskillende benaderinge komplementeer mekaar. Aan die een kant word die Bybelse tekste met ander geskiedskrywing vergelyk (Van Seters) terwyl die "*authorial intent*" (Halpern) deur middel van eksegeese benader word. Beide kom tot dieselfde gevolgtrekking. Die deuteronomistiese skrywer(s) het bronne bymekaargemaak, verwerk en 'n geskiedenis geskryf in ooreenstemming met die antieke definisie van geskiedenis (soos byvoorbeeld Herodotus).

Beide Halpern en Van Seters dui aan dat die skrywer(s) feite gefabriseer het (waar nodig), en dat albei vanuit 'n subjektiewe ideologiese hoek geskryf het.

Die bogenoemde uiteensettings van Van Seters en Halpern illustreer die dilemma van geskiedskrywing. Die teks self bring nie die antwoorde op al ons vrae rondom geskiedskrywing nie. Uit die staanspoor is dit vir enige eksegeet onmoontlik om die presiese historiese bedoeling van 'n teks te kan bepaal. Berkhofer (1995:67)

verduidelik dat die *genres* van geskiedenis, fiksie, historiese fiksie, en fiksionele geskiedenis dikwels vermeng word. Die term “*genre*” is moeilik om te omskryf. Gewoontlik verwys dit na tekste wat saam gegroepeer word op grond van stilistiese ooreenkomste soos struktuur of inhoud. Maar die saak is egter meer kompleks. Die skrywer(s) se politieke, sosiologiese, en godsdienstige agtergrond het ook ’n invloed op die inhoud, struktuur, en al die ander elemente van ’n teks (Kofoed 2003:194). Die term *genre* se betekenis is dus vloeibaar en buigbaar. Beebee (1994:270) verduidelik *genre* soos volg. Hy gee toe dat die term dikwels in verband gebring word met vaste strukturele elemente (soos metriese vorm), leksikale teorie (soos die helde-sage) en tegniek van komposisie (byvoorbeeld ’n kortverhaal in teenstelling met ’n roman). Met die verloop van tyd verdwyn van hierdie elemente, terwyl nuwes bykom. Daar vind dus evolusie in die teks plaas. Die resultaat is dat ’n sekere *genre* oor ’n verloop van tyd verskillende uitbreidings mag vorm. Hierdie opmerkings sluit aan by die bostaande afleidings, naamlik dat *genre* ’n vloeibare en komplekse term is.

2.2.5.6 Gevolgtrekking

Die vraag rondom historisiteit en historiografie het ’n groot invloed op Josua-studies. Twee voorbeelde is van belang:

- Van Seters (1999b:170-180) bestudeer die landsverowering in Josua 1-12 en kom tot die gevolgtrekking dat dit met Assiriese veroweringstekste ooreenstem.¹¹¹ So byvoorbeeld kom die oorgang van ’n rivier (bv Josua 3-4) as ’n motief in Assiriese tekste voor. So toon Van Seters (1999b:175-176) talle ooreenkomste tussen die Assiriese en Josua- landsveroweringstekste aan. Hy beskryf die genre van Josua 1-12 as ’n “*campaign report*” (Van Seters 1999b:179). Verder beskou Van Seters (1999b:180) Josua 1-12 as ’n fiktiewe verhaal van die deuteronomistiese geskiedskrywer (DtrH);
- Lemche (1991:400-408) fokus op Alt (1953:176-192) en Noth (1953:11-13) se hipotese dat die landsverowering-gedeeltes in Josua 1-12 oorspronklik tot die stam Benjamin behoort het. Die naam “Benjamin” is die enigste van die twaalf stamme van Israel wat die term *ben* (seun) bevat, terwyl die term *ben* gereeld in Mesopotamiese dokumente voorkom (Lemche 1999:401). Verder

¹¹¹ Hoffmeier (1994:165-180) dui die leemtes in Van Seters se benadering aan. Volgens sy navorsing is die klem op Assiriese tekste te eng. Volgens Hoffmeier (1994:165-180) toon Josua 1-11 eerder ooreenkomste met annale van Tutmoses III. Hy verskuif dus die klem na ’n Egiptiese agtergrond vir Josua 1-11.

dui Lemche (1999:402) aan dat daar 'n stam met die naam *binu jaminu* teen 1800 vC in die boonste dele van Mesopotamië bestaan het. Die tese van Astour (1959:5-20) dat die *bin jaminu* voorsate van die bybelse Benjamin is, is nooit ernstig opgeneem nie (Lemche 1999:403).¹¹² Nogtans bestaan die moontlikheid volgens Lemche (1999:407) dat die bybelse Benjamiete gewet het dat hulle nie oorspronklik van Kanaän kom nie. Die landsverowerings-gedeeltes in Josua 1-12 bevat moontlik 'n antieke tradisie van die herkoms van die stam Benjamin. Hierdie tradisie het uiting gevind in die fiktiewe landsverowering, waarin die stam Benjamin van buite (Egipte) kom en die land Kanaän in besit neem.

Argeologiese bewyse vir die intog, soos weerspieël in die boek Josua is baie skraal. Boonop is die bybelse teks as bron van feitlike geskiedenis ook histories onbetroubaar. Die neiging om tekste in die ná-ballingskapyd te dateer, maak dit moeilik om historiese waarde in die teks te vind omdat die teks dan te ver verwyderd is van die tyd en omstandighede wat dit beskryf. In hierdie studie word van die uitgangspunt vertrek dat die boek Josua in die ná-ballingskapyd sy finale vorm bereik het. Die vraag is of die eksegeet kan terugwerk en vroeëre tradisies wat in die teks bestaan kan identifiseer. Om hierdie rede bly die eksegeese van die teks steeds die middelpunt van hierdie studie.

2.2.6 Ná-eksiliese sosiale konteks(te)

2.2.6.1 Visionêre en hiërokratiese groepe

Hanson (1989) ondersoek die herkoms van die verskillende priester-groepe. Die verskille tussen die priester-groepe is 'n moontlike rede vir die teenstrydighede in die teks van Josua 3 en 4.

In sy studie oor die apokaliptiek skets Hanson (1989) die situasie in die tyd ná die ballingskap. Hy identifiseer twee hoofgroepe wat teenoor mekaar gestaan het. Die

¹¹² Astour (1959:5-20) voer bewyse vir sy hipotese aan. So byvoorbeeld leef die *bin jaminu* van die boonste deel van Mesopotamië in 'n streek waar die maangod Sin aanbid is. So verwys die naam Jerigo (in die gebied van die bybelse Benjamin) na maangod-aanbidding. Lemche (1999:403) dui aan dat Benjamin juis volgens Gen 35:23-26 in Paddan-Aran (die term wat P gebruik om die boonste deel van Mesopotamië te beskryf) gebore is.

eerste is die sogenaamde *visionêre* groep. Die profete in die tydperk vóór die ballingskap is volgens Hanson die bron van hierdie beweging. Verder meen Hanson (1989:16) dat die ballingskap die einde van die profetiese invloed beteken het. Profesie het egter deur middel van apokaliptiek bly voortbestaan. Die profete se boodskap was gesentreer rondom die gedagte dat Jahwe in die geskiedenis ingryp. Die motief van die “*Divine Warrior*” was nou hieraan verbonde (Hanson 1989:16). Hanson (1989:123-176) vind `n neerslag van hierdie beweging in Jesaja 56-66 .

Die tweede groep is die sogenaamde *hiërokratiese* groep. Hierdie groep is verteenwoordig deur die Sadokitiese priesters (Hanson 1989:20). In die tydperk vóór die ballingskap was hulle in beheer van die tempel. Ná die ballingskap is hulle deur die Persiese regering ondersteun. Dit het vir hulle weereens `n monopolie oor die tempel gegee. Die hiërokratiese groep het die klem op die kultus, die bou van die tempel, en die voortsetting van die Dawid-dinastie geplaas. Hulle het hulle magsposisie gebruik om die Levitiese priesters uit die tempel te weerhou.

Volgens Hanson (1989:16, 69) het die visionêre groep in die ná-ballingskapstyd herleef. `n Eskatologiese beweging het ontstaan, wat weer die rol van die Levitiese priesters beklemtoon het. Die groep wat heeltyd onderdruk is, het teruggekom in die vorm van apokaliptiese eskatologie. Hy gebruik Sagaria 9-14 as voorbeeld van die apokaliptiese eskatologie (Hanson 1989:280-354).

Hanson se hipotese rondom die polarisasie van die Sadokiete teenoor die Leviëte is oortuigend. Die stryd tussen die verskillende priesterroepe word deur verskeie benaderings uitgebrei.

2.2.6.2 Konflik tussen noordelike en suidelike teologie

Deist (1982) neem `n ander invalshoek. Hy beklemtoon eerder die ekonomiese, politieke en sosiale verskille tussen die Noordryk en die Suidryk. Die Noordryk het gesukkel om eenheid onder die verskillende stamme te bewerkstellig. Saul se poging tot eenheid het net `n rukkie geduur (Deist 1982:21). In die Suidryk het die godsdientige, politieke en sosiale situasie meer vlot verloop. Dawid het die stamme makliker verenig, en hy het dit grootliks reggekry deur twee hoëpriesters aan te stel wat die twee koninkryke verteenwoordig het. Nógans het die suidelike Dawid-

tradisie die noordelike Mosestradisie verdring (Deist 1982:21). Salomo het die situasie laat versleg deur die hoëpriester Abjatar te verban na Ananot. Ná die val van Samaria in 722vC het die mense uit die Noordryk gevlug na die Suidryk. So het die noordelike teologie (wat op die Moses-tradisie gebaseer is) met die suidelike teologie vermeng geraak. Die voorstanders van die noordelike teologie (die moontlike voorlopers van die deuteronomistiese skole) het hulle invloed in Jerusalem laat geld. Met hierdie benadering toon Deist aan dat daar verskillende groepe in Jerusalem was vóór die ballingskap. Die konflik tussen hierdie groepe het reeds vroeg begin, en nie eers in die ballingskap of ná-ballingskapstyd nie.

2.2.6.3 Politieke groeperinge

Smith (1987:1) identifiseer drie politieke strominge in die tyd ná die ballingskap. Die *assimilasioniste* was verteenwoordig deur die mense wat nie in ballingskap weggevoer is nie. In die tyd ná die ballingskap het hulle sterk gereageer teenoor die terugkerende ballinge. Terselfdertyd het die *seperatiste* uit mense wat uit terugkerende ballinge bestaan. Die meerderheid van hierdie groep het waarskynlik vasgehou aan die gedagte van die sentralisasie van die kultus. In die lig hiervan het hulle geglo dat offers net in Jerusalem gebring kan word. Die *priesters* maak die laaste groep uit. Sommige priesters het 'n eksklusiewe houding ten opsigte van buitestaanders verteenwoordig, terwyl ander weer huwelike met vreemdelinge voorgestaan het.

2.2.6.4 Sadokitiese priesteramp in die ná-eksiliese tyd

Volgens Boccaccini (2002:73-103) het die Sadokiete in die ná-eksiliese tyd sterk teenstand uit verskillende oorde ontvang. Hier volg 'n uiteensetting van die verskeie groepe wat die voortbestaan van die Sadokiete bedreig het:

- Samaritane: hierdie groep het op politieke en ekonomiese vlak die mag besit. Hulle was nie bereid om van hulle mag met ander groepe te deel nie. Nógans was hulle pogings om die bou van die Tweede Tempel te keer onsuksesvol;
- Tobia-groep: hierdie groep was verteenwoordig deur welgestelde mense wat grond besit het. Hulle teenstand teen die bou van die Tweede Tempel was nog sterker as dié van Sanballat;

- Profete: volgens die boeke van Jesjaja en Rut was die profete gekant téén die Sadokiete se eksklusiewe houding. Die profete se mag was egter met die sentralissie van die kultus in die kiem gesmoor. Teen die ná-eksiliese tyd was hulle mag reeds gebreek. In die Kroniekeboeke is daar `n meer inklusiewe houding teenoor die profete (1 Kron 25:1; 23:14). Die stryd tussen die profete en die priesters was in die tyd van die Kronis reeds verby;
- Apokaliptiese groepe: Boccaccini (2002:89-102) verwys na hierdie groep as “*Enochic Judaism*” omdat hierdie groep met die buite-bybelse Henogboek geassosieër word. Hierdie groep het teen die orde van die Sadokiete in opstand gekom deur hulle prediking oor die chaos wat deur die bese beheer word en die oordeel van God wat enige dag verwag is;
- Wysheidsleraars: hierdie groep het geen bande met die wet van Moses gehad nie. Verder was hulle outoriteit nie op priesters gebou nie, maar op wysheidsleraars. Om hierdie redes het daar konflik tussen die Sadokiete en die wysheidsleraars ontstaan.

Die bostaande versterk die hipotese dat die ná-eksiliese tydperk deur mag en konflik gekenmerk is. Verskeie groepe het hulle posisies in die samelewing probeer legtimimeer. Alhoewel ek `n vóór-eksiliese basisverhaal van die boek Josua identifiseer, is ek oortuig daarvan dat die boek Josua in die ná-eksiliese tyd ontstaan het. Die boek Josua was waarskynlik `n poging om `n kompromis tussen verskillende groepe te bewerkstellig.

2.2.6.4 Josua in die lig van ná-eksiliese gebeure

Smith (1987:82) dui aan dat die herbou van die tempel (520-515vC) met politieke samewerkingsooreenkomste gepaardgegaan het. Die Perse het vir Serrubabel as goewerneur aangestel. Daar kan met sekerheid aanvaar word dat Serrubabel deel van die sogenaamde eksklusiewe groep was (Lindeque 2000:90). Hierdie groep het teenoor die inklusiewe groep gestaan, en het verhoudinge met buitetaanders afgekeur. Serrubabel sou `n ooreenkoms met die priesters sluit. Die priesters sou hom as politieke leier aanvaar, terwyl hy die gesag van die priesters (onder die leierskap van die hoëpriester Josua) sou erken. In die boek Josua is dit egter die Levitiese priesters

wat voorop staan. In Josua 3:3 en 8:30-35 is dit spesifiek die Levitiese priesters wat na vore tree. Smith (1987:86) voer aan dat dit nie noodwendig die Samaritane is wat die meeste gerebelleer het teen die bou van die tempel nie. Hy verwys eerder na die mense op die platteland as die rebelle wat teen die voorgenome plan in opstand gekom het.

Die uitdrukkings in die boek Josua rondom die herbou van die tempel, herinner sterk aan die uitsprake in die boek Haggai. Die profeet roep al die mense van die land op om deel te neem aan die herbou van die tempel. In die woorde van die hoëpriester Jesua word die hele volk (#r, a'h' ~ [; -lK') opgeroep om sterk te wees (qz : x]) (Hag 2:4) Hierdie selfde uitdrukkings kom in die boek Josua voor.¹¹³

In Esra 6:19-22 vind die paasfees direk ná die herbou van die tempel plaas. In die boek Josua (5:10-12) vier die volk Israel paasfees net ná die intog. Die landsverowering word op hierdie wyse deur 'n kultiese gebeurtenis voorgestel. Sodoende word die intog in die boek Josua as 'n kultiese proses uitgebeeld.

2.2.6.5 Ooreenkomste tussen die boeke Josua en Esra

Daar bestaan verskeie ooreenkomste tussen die boeke Josua en Esra. Die volgende voorbeelde dien om hierdie stelling te illustreer. Hierdie ooreenkomste dien om die outoriteit van die boek Josua in die ná-eksiliese tyd te bevestig.

Josua en Esra vertrek albei van 'n rivier af. Josua steek die Jordaanrivier oor (Jos 3:1), terwyl Esra die Ahawarivier oorsteek op pad na Jerusalem (Esra 8:1). Josua beveel die twaalf manne om elk 'n klip in die Jordaan te stapel as teken van die deurtog deur die Jordaan (Jos 4:4-9, 20, 21). Esra verdeel weer die tempelgereedskap onder die twaalf priesters sodat hulle dit na die tempel kan neem. Verdere raakpunte tussen Josua en Esra val buite die raamwerk van hoofstukke 3 en 4. Nogtans kan die ooreenkomste kortliks genoem word om, om sodoende 'n duideliker beeld rondom hierdie parallele te verkry.

¹¹³ Josua tree op as leier van die hele volk laer' f . yI ynEB . -lk'w> (Jos 1:2; 3:1,7; 4:14). Verder roep hy tydens die intog die volk ook op om sterk te wees qz : x] (Jos 1:6).

In Josua 6:1-27 word verwys na die silwer en goud wat aan Jahwe gewy moet word. Die oorlogsbuit moet na die skatkis van Jahwe gebring word. Die volk mag nie self daarvan vat nie. Volgens Esra 7:12-26 kry Esra volmag van die koning om silwer en goud as 'n gawe weg te bring na Jerusalem. Hierdie geskenk is 'n vrywillige danksegging aan Jahwe. Esra sorg dat dit alles aan die priesters in Jerusalem oorhandig word.¹¹⁴ In albei gedeeltes behoort die goud en silwer aan Jahwe.

Josua en Nehemia lees albei die Wet (Tora) voor. Josua lees uit die Wet van Moses (hv, mo tr; AT rp, se) (Jos 8:31-34) vir die *hele Israel* (laer'f.yI-lk') voor. Vreemdelinge en vrouens word spesifiek by die geleentheid uitgesonder. Esra lees uit die Wetboek van Moses (hv, mo tr; AT rp, se) vir die hele volk (~['h'-lk') voor (Neh 8:1). Daar is verder 'n verwysing na die Levitiese priesters. Die optrede van Josua verskil egter van dié van Esra, in dié sin dat Esra in Jerusalem voorlees, terwyl Josua die volk by Ebalberg toespreek. In Josua bestaan verwysing na Levitiese priesters, terwyl Esra net na priesters verwys.

Die priester Eleasar speel 'n belangrike rol in die boek Josua, veral wat die landsverdeling aanbetref (Jos 14:1; 17:3; 21:1). Esra word duidelik voorgestel as 'n nakomeling van Eleasar (Esra 7:5).

2.2.6.6 Ooreenkomste tussen die boek Josua en Nehemia

Verskeie ooreenkomste bestaan ook tussen Josua en Nehemia. Die volgende voorbeelde illustreer die ooreenkomste:

Nehemia was verantwoordelik vir die herbou van Jerusalem se mure. Hy ontvang hierdie opdrag terwyl hy in diens van die Persiese koning is. Hy kom met die nodige militêre begeleiding in Jerusalem aan en verken die stad vir drie dae voordat hy met die bouwerk begin. Die priesters speel 'n groot rol by die bouwerk. Leviete speel ook 'n rol, maar word nie as priesters aangedui nie.

¹¹⁴ Lindeque (2000:97) dui 'n verdere moontlikheid aan. Hy merk dat die inklusiewe groep heel waarskynlik die eksklusiewe groep beskuldig het dat hulle die offergawes van Jahwe gesteel het. Op grond daarvan word hulle veroordeel volgens hulle eie wet, wat in hierdie geval die doodstraf vereis (Esra 7:26). Bogenoemde bly 'n rekonstruksie wat gebaseer is op die wrywing tussen die bogenoemde groepe. Om klinkklare bewyse hiervoor aan te voer, is nie maklik nie.

In die boek Josua begin die landsverowering óók met `n verkenning van die land (Jos 2:1). Die verkenners kruip drie dae vir die agtervolgers weg voordat hulle terugkeer (Jos 2:22).

In Nehemia speel die priesters `n hoofrol in die bou van die tempel. So is dit die priesters wat in die boek Josua die leiding neem tydens die intog. As die volk die Jordaan oorsteek, is dit juis die priesters wat voor loop (Jos 3:6, 14; 4:11). In Josua 3:3 word hulle die Levitiese priesters genoem, terwyl die res van die verwysings in die hoofstuk net na die priesters is.

Die verhaal van die val van Jerigo toon merkbare ooreenkomste met die boek Nehemia. In Josua 6:1-21 word die val van Jerigo in kultiese terme beskryf. Die priesters lei die prosesie en blaas op ramshorings. In Nehemia 4:1-23 handel dit weer oor `n muur wat gebou word, terwyl die Jerigo-verhaal handel oor `n muur wat geval het. In Nehemia is daar `n ramshoringsblaser naby om alarm te maak as gevaar sou dreig tydens die herbou van die mure (Neh 4:18, 20). In die Jerigo-verhaal word gewapende manskappe vermeld (Jos 6:3, 9, 13). Dit is juis gewapende mans wat die mure herbou in Nehemia (Neh 4:13, 16-18, 21, 23).

Volgens Lindeque (2000:100) is Nehemia `n voorbeeld van die *eksklusiewe* denkrigting. Hy herbou die mure om ander volke uit te hou (Neh 2:20). Sy optrede teenoor vreemdelinge dui sy ideologiese voorkeure aan. Hy weier dat ander volkere help met die bou van die muur (Neh 2:20). Die verskille met Josua op hierdie punt is treffend. Terwyl Nehemia vir Tobija die Ammoniet uit sy kamer in die tempel verbied, stel Josua juis die Gibeoniete aan om diens in die tempel te doen. Wanneer Nehemia die Wet van Moses voorhou (Neh 13:1) mag daar nie `n Ammoniet of Moabiet teenwoordig wees nie. Wanneer Josua die Wet voorhou, is daar egter vreemdelinge teenwoordig (Jos 8:33,35). Nehemia duld nie huwelike met vrouens uit ander volke nie (Neh 13:23-28). In die verhaal van Ragab gebeur die teenoorgestelde. Josua beveel dat Ragab en haar gesin se lewens gespaar moet word (Jos 2:12).

In die verhaal van Nehemia is daar `n skerp onderskeid tussen priesters en Leviete. In die lys van mense wat saam met Serrubabel teruggekeer het (Neh 7:6-69), word die priesters en Leviete afsonderlik aangedui. Die Leviete word soms as `n groep naas

die priesters genoem (Neh 7:73; 8:14; 9:38; 11:3,20). Hulle deel wel in die voorregte van die tempelpersoneel (Neh 13:10-13), maar word nie as priesters gereken nie.

Lindeque (2000:103) verwys na die stryd tussen die Sadokiete en die Leviëte. Die Sadokiete het in die tyd ná die ballingskap die steun van die Persiese owerhede geniet. Die Leviëte, wat volgens Lindeque hoofsaaklik uit die noordelike heiligdomme kom, is deur die sentralisering van die kultus gemarginaliseer. Hy plaas die Sadokiete aan die eksklusiewe kant, terwyl die Leviëte die inklusiewe standpunt verteenwoordig.

Die bostaande ooreenkomste tussen Josua en Esra-Nehemia dui op 'n moontlike gesamentlike agtergrond. So kon verskillende groepe (bv 'n inklusiewe en eksklusiewe groep) dieselfde verhaal gebruik het om hulle ideologie te verwoord alles dui daarop dat die boek Josua 'n beduidende rol in die ná-eksiliese tyd gespeel het.

2.2.6.7 Gevolgtrekking


Die bostaande bespreking illustreer dat die sosiale konteks ná die ballingskap in Juda en Jerusalem baie kompleks was. Verskeie groepe het op verskillende terreine meegeding om mag te behou. Die stryd om beheer van die Tweede Tempel was net so kompleks. Die boek Josua toon sterk ooreenkomste met die bogemelde tydperk. Lindeque (2000:133) beskou die boek Josua as 'n kontra-narratief deur die Levitiese priester-groepe op die eksklusiewe ideologie van die Sadokiete.

Hierdie studie ondersoek die moontlikheid dat verskillende uitbreidings van die boek Josua vir die ooglopende teenstrydighede in die boek verantwoordelik is. Op grond van die botsende ideologieë van die onderskeie priester-groepe is dit moontlik dat verskillende groepe die Josua-verhaal gebruik het om hulle bepaalde aanspraak op mag in die Tweede Tempel te legitimeer. So byvoorbeeld kom daar verwysings na priesters en Levitiese priesters in Josua 3 voor. Die vertrekpunt van hierdie studie is juis dat die boek Josua 'n kompromis tussen die verskillende godsdienstige belangegroepes verteenwoordig. Daarom dateer die finale redaksie van die boek Josua in alle waarskynlikheid vóór die finale breuk met die Samaritane. Verder kan ons aanvoer dat die inklusiewe groep probeer het om die breuk met Samaria te verhoed. Die term “die plek wat die Here kies” (Deut 12:5) was voorheen 'n eksklusiewe

verwysing na Jerusalem. In 2 Kronieke 33:17 kan enige plek as 'n ware aanbiddingsplek dien. In die boek Josua tree Josua by verskillende plekke op (Gilgal, Ebal, Gerisim). In die uiteensetting van Josua 3 en 4 val die klem op die harmonisering tussen die priesters en die Levitiese priesters. Hierdie faktore dui daarop dat die boek Josua se finale redaksie heel moontlik in die tyd net vóór die finale breuk met die Samaritane plaasgevind het. Die boek Josua was 'n poging om 'n kompromis tussen die verskillende priester-groepe in die ná-ballingskapstyd te bewerkstellig. Die eksegetiese arbeid dien om die bogenoemde stellings te ondersoek.

HOOFSTUK 3

MAKRO KONTEKS EN LITERATUUROORSIG OOR EKSEGESE



3.1 Makro konteks

3.1.1 Josua se posisie in die Heksateug

Die rol van die makro konteks is om Josua 3 en 4 se rol en posisie in die Josuaboek, en breër literêre konteks van die Heksateug te bepaal. In die eerste plek word die verbande met ander boeke in die kanon nagegaan. Die klem val in hierdie geval op die boeke van Genesis, Deuteronomium, Numeri en Rigters om te bepaal of die boeke ook weergawes van die landsverowering bevat. Daarna fokus ek op die verhouding tussen Josua 3 en 4 en die omringende hoofstukke.

3.1.1.1 Josua en Genesis

In Genesis (12:7;15:7) maak God 'n belofte van 'n land en nageslag aan Abraham. Die landsbelofte vind by Sigem plaas. In Josua 24 maak Josua die volk by Sigem bymekaar en bevestig hy die verbond met die Here. Sigem en die landsbelofte bind die boek Josua en Genesis met mekaar. Die boek Josua realiseer en vervul die landsbelofte van Genesis. Sodoende kom daar in die boek Josua verwysings na Sigem voor (Jos 8:30-35; 24).

3.1.1.2 Josua en Numeri

Martin Noth (1972:10-16) doen 'n uitgebreide ondersoek na die rol van die Priesterskrif (P) in die boek Josua. Sy bevindinge is negatief. Hy vind geen spoor van P in die boek Josua nie, selfs nie eers in die tweede gedeelte van die boek (Jos 13-22) nie (Noth 1972:10-16). Hierdie resultate het Noth gedwing om terug te keer na Numeri en Deuteronomium, omdat die laaste spore van P in die Pentateug volgens Noth (1972:19) juis daar teenwoordig is. In Numeri is daar vertelling van voorbereidings vir 'n inbesitname van die land (Num 15; 21:21-35; 32). Noth vind P se laaste stem in Deuteronomium 31-34, waar Moses se dood beskryf word. Twee voorafgaande gedeeltes, Numeri 27:12-14 en Deuteronomium 32:48-52 kom dan ter sprake. Noth se navorsing dui daarop dat Deuteronomium 32:48-52 afhanklik is van Numeri 27:12-14. Wat Numeri 27:12-14 aanbetref, vind hy geen verwysing na Josua as besitnemer of verdeler van die land nie. Numeri 27:12-14 verwys veel eerder in die algemeen na Josua as Moses se opvolger. Sy gevolgtrekking is dat daar geen verwysing na die inbesitname van die land in P voorkom nie (Noth 1972:16). Die

detail van Noth se studie val buite die raamwerk van hierdie studie. Sy gevolgtrekking is egter belangrik.

Die laaste hoofstukke van Numeri (Num 25:6-36:13) bestaan uit geïsoleerde gedeeltes wat aan geen van die klassieke bronne behoort nie (Noth 1972:16).¹¹⁵ Noth gee toe dat dit aan P herinner, maar kan dit nie verder analiseer nie. Verder beskryf Noth (1972:11) P as die raamwerk van die Pentateug (inderdaad, die eerste en laaste woorde van die Pentateug is van P afkomstig). Wat die landsverowering aanbetref, wyk P egter van die Jahwis (J) af. Hy merk in Numeri 21 en 32 spore van 'n vroeëre vertelling van die landsverowering, maar vind geen deurlopende vertelling van Genesis tot Josua nie. Die bostaande uiteensetting dien as Noth se literêre motivering om die boek Josua afsonderlik van die Pentateug te beskou. Hierdie gevolgtrekking sou die impetus wees vir sy hipotese dat die boek Josua deel vorm van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2 Kon).

3.1.1.3 Josua en Deuteronomium

Die boek Deuteronomium speel 'n deurslaggewende rol in Noth se hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk. Noth sou Deuteronomium 1-3 en 31 voorhou as die inleiding tot die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Hierdie hoofstukke sentreer rondom 'n toespraak van Moses waarin hy die die volk oproep om aan Jahwe gehoorsaam te bly. Die res van die Deuteronomistiese Geskiedenis (Deut-2 Kon) illustreer dan hoe die volk van die Wet afgewyk het.

Mittmann (1975:178) dui egter aan dat Deuteronomium 1-3 eerder gebruik is om die boek Deuteronomium in die Pentateug te voeg. Hierdeur het hy 'n wig ingedryf teen Noth se teorie oor die inleiding van die Deuteronomistiese Geskiedswerk.¹¹⁶

¹¹⁵ Kratz (2005:108-109) beskou Numeri 26-36 as sekondêr. Wat P aanbetref, meen hy dat Num 1, 10, 11, 20:1-13-20:22-29 en 27:12-13 uit P en verdere byvoegings bestaan. Hierdie P-gedeeltes is egter sekondêr tot Ek 25-40 en Lev 1-27. Verder veronderstel dit die nié-priesterlike woestynverhaal van Num 20-24 en 27:12, asook die boeke van Deuteronomium en Josua.

¹¹⁶ Deut 1-3 vorm die kern van die debat rondom die ontstaan van die Pentateug en Deuteronomistiese Geskiedswerk. Sommige navorsers (Heckl 2004; Gertz 2006:103-124) beskou Deut 1-3 as 'n relecture van die verhaal in Numeri. Sodoende bevestig hulle 'n verband tussen die Pentateug en Deuteronomium 1-3. Römer (2007b:124-126) neem die teenoorgestelde posisie in. Volgens Römer (2007b:125) verteenwoordig Deut 1-3 die ouer bronne waarop die Num 13-14; 20:10-21; 21:10-21; 21:21-35 en Num 27 gebou is. As die gedeeltes in Deut 1-3 bloot 'n herhaling van die gedeeltes in Numeri is, is dit vreemd dat so min van die gedeeltes in Num herhaal word. So byvoorbeeld kom die

Daar bestaan ooglopende verskille tussen die boeke Deuteronomium en Josua. So byvoorbeeld lê Deuteronomium klem op 'n sentrale heiligdom (Deut 12:1-5). In die boek Josua kom daar egter verskillende heiligdomme voor (Jos 3-4: Gilgal; 8:30-35; 24: Sigem; 18:1: Silo).

Nogtans is daar verbande tussen Deuteronomium en Josua.¹¹⁷ Die volgende verbande dui die verhouding aan:

- Moses berei die volk voor om die land in te neem (Deut 1:8; 6:10). In die boek Josua (1-12) vind die inbesitname van die land plaas;
- Israel as 'n eenheid staan sentraal in albei boeke (Deut 5:1-3; 11:6; Jos 3:7; 4:14);
- Die Wet is in albei boeke van belang (Deut 31:26; Jos 1:8-9);
- Moses en Josua-figure bind die boeke aanmekaar;
- Josua se noue bande met Deuteronomium kom sterk in al die Pentateugmodelle voor (veral in die model van Eckart Otto);
- Moses se opdragte rondom die inbesitname van die land (Deut 3:12-22) word in die boek Josua (hfst 1-12) deurgevoer.

Die volgende is nog voorbeelde van temas wat in die boek van Deuteronomium sowel as die boek Josua voorkom:

- Reaksie van die Kanaänitiese volke (Deut 3:36; 4:9 / Jos 2:10-11; 9:1-27);
- Wette rondom oorlogsbuit in verband met oorlog teen ander volke (Deut 20 / Jos 9:1-27; 10:28-43; Jos 11:1-23);
- Verbrekking van oorlogswette (Deut 20) deur Akan (Jos 7);
- Teregstelling van Kanaänitiese konings (Jos 8:29) volgens die voorskrifte in Deuteronomium 21:22-23;
- Belofte van land aan Kaleb se nageslag (Deut 1:19-46) word in Josua 14:6-15 deurgevoer.

gedeelte in Num 14 waar Moses vir Jahwe smeek om nié die volk te vernietig nie, glad nie in Deut 1-3 voor nie. Om hierdie rede verteenwoordig Deut 1-3 die vroeër tradisie waarop Numeri uitgebrei het.

¹¹⁷ Römer (2000b:103) wys op nog voorbeelde wat wyer strek as die onderstaande. Die opdrag om 'n altaar op die Ebalberg te bou (Deut 11:29) word in Jos 8:30-35 uitgevoer. Verder realiseer die waarskuwing teen ongehoorsaamheid (Deut 6:12-19) in Rig 2:12-23.

Alhoewel die bande tussen Deuteronomium en Josua te sterk is om te ignoreer (Creach 2003:7), is daar tog ooglopende verskille. Alhoewel ek by Römer (2007b:81) aansluit in sy hipotese dat Josua aanvanklik by Deuteronomium aangesluit het, is vra die verskille tussen Deuteronomium en Josua na 'n nuwe benadering.

3.1.2 Josua en Rigters

Verskeie navorsers (Soggin 1972:15; Auld 1998:79) is dit eens dat Josua en Rigters verskillende weergawes van die landsverowering bevat. In Josua (3:1, 17; 4:1) neem die hele volk deel aan die intog. Rigters 1:1-2:6 vertel egter die verhaal van die landsverowering uit die konteks van die stam Juda¹¹⁸. Die boek Rigters vertel dat Israel dit nie kon regkry om die hele land te verower nie. Uit die aard van die saak is dit die verskillende weergawes van die landsveroweringsverhaal wat navorsers soos Soggin (1972:15) gedwing het om Rigters se weergawe as die (feitelik) historiese betroubare weergawe te aanvaar, naamlik dat verskillende stamme op verskillende tye die land betrek het. Nie alle navorsers stem hiermee saam nie. So fokus Woudstra (1981:10) op die feit dat Rigters 1:1 verwys na die tyd ná Moses se dood. Diegene wat glo dat Rigters 'n ander benadering tot die landsverowering voorhou, moet volgens Woudstra (1981:10) Rigters 1:1 uit die teks verwyder.¹¹⁹ Uit die staanspoor is dit moeilik om Josua en Rigters se weergawes te harmoniseer.

Terwyl sommige navorsers Rigters 1:1-2:5 as die historiese betroubare weergawe van die verowering aanvaar (Soggin 1972:15), bring die hoofstuk sekere vrae rondom historiese betroubaarheid na vore. Die meeste voorstanders van die laasgenoemde standpunt baseer hulle standpunte op die feit dat Rigters 1:1-2:5 'n literêre eenheid verteenwoordig.¹²⁰ Hierdie gevolgtrekking is egter nie so eenvoudig nie. Inteendeel, Rigters 1 bestaan eerder uit individuele elemente wat verskillende tradisie-historiese agtergronde verteenwoordig (Auld 1998:79-101). Rigters 1:1-2:5 vertoon volgens

¹¹⁸ Rig 1:1-2-6 word as die inleiding tot die boek beskou. Die deuteronomistiese redaksies vind eers in Rig 2:6 vv plaas (Hentschel 2008:218).

¹¹⁹ Cundall (1968:21) interpreteer Rig 1:1 as die opskrif van die gedeelte. In die lig daarvan reflekteer 1:1b-2:5 dan gebeure wat in Josua se tyd afspeel.

¹²⁰ Polzin (1980:148) neem standpunt in teen 'n fragmentariese benadering tot Rigters 1. So beskou hy die woorde "ná die dood van Josua" (Rig 1:1) as 'n deuteronomistiese frase wat parallel is met "ná die dood van Moses" (Jos 1:1). Rigters is volgens Polzin nie 'n opsomming van die boek Josua nie, maar sluit by Josua aan deur te verduidelik hoekom die hele land nie verower is nie. Josua en Rigters vorm dus 'n eenheid.

Auld (1998:100-101) 'n ingewikkelde ontstaansproses.¹²¹ Auld baseer hierdie stelling veral op die feit dat daar sekere teenstrydighede in die teks voorkom. Hierdie teenstrydighede sluit die volgende in:

- **Inhoudelik:** verskillende standpunte rondom die status van die voor-Dawidiese Jerusalem (Rig 1:8, 21). Verder kom verskillende standpunte rondom die oorwinnaar van die Enakiete na vore (Rig 1:10, 20);
- **Terminologies:** sommige gedeeltes (Rig 2:2, 3, 4, 10, 18, 19) verwys na die stamme met die uitdrukking *hd'Why>*, terwyl die term *hd'Why>-ynEb* . (Rig 8, 9, 16) weer in ander gedeeltes voorkom ((Rig 8; 9; 16).

Boling (1982:69) verwys verder na die verskillende bronne en tradisies, asook die verskillende tipes literatuur. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Rigters 1:1-2:5 nie 'n histories feitlike beeld van die intog bevat nie. Volgens Boling (1975:29-38) hoort Rigters 1 tot die jongste byvoegings tot die boek Rigters. Boling beskou dit nie as 'n alternatiewe interpretasie van die landsverowering of as 'n korreksie op die landsveroweringverhaal in Josua nie. Rigters 1 is eerder 'n interpretasie en 'n oorsig van die optrede van die generasie ná Josua (Boling 1975:66).

Die vraag is of ons 'n teks wat so ingewikkelde ontstaangeskiedenis vertoon, histories as die mees betroubare weergawe van die intog kan voorhou.¹²² Twee opmerkings is hier van belang. Ten eerste is Auld se analise 'n aanduiding dat veroweringsgedeeltes nie noodwendig historiese waarde besit nie. Verskillende *teologiese* interpretasies van die veroweringsgedeeltes kan tog bestaan, naamlik Josua en Rigters.¹²³ In die tweede plek val die klem in die boek Rigters se veroweringsgedeeltes (Rig 1:1-2:6) op die stam Juda. In die boek Josua val die klem weer op die stam van Benjamin. In die afsonderlike gedeeltes vind die leser verskillende beskrywings van die landsverowering.

¹²¹ Volgens Auld (1998:92) bevat Rig 1:1-21 nie 'n vroeë historiese kern bevat nie. Hy beskou Rig 1:1-21 as materiaal wat op Josua en Rigters gebaseer is. Om hierdie rede beskou hy Rigters 1 as 'n "*late composition*".

¹²² Younger (1994:227) maak die gevolgtrekking dat Rigters 1 nie meer of minder histories betroubaar is as Josua nie. Albei is literêre weergawes van "historiese" gebeure.

¹²³ Brueggemann (2003:112) meen dat die landsverowering in Josua eerder 'n verbeeldingryke skepping ("*imaginative creation*") is. Die klem val op die funksie van die narratiewe (aanspraak op die land in die ná-eksiliese tyd) eerder as op die oorspronklike bedoeling van die verhaal.

Alhoewel beide Josua en Rigters die verhaal van die landsverowering bevat, is daar nie 'n sterk band tussen die twee boeke nie. Josua en Rigters vertel die landsveroweringverhaal uit verskillende perspektiewe. Daar bestaan egter 'n redaksionele band tussen die twee boeke, in die sin dat Rigters 2:6-10 na die dood van Moses verwys, en sodoende by Josua 24:29, 30 aansluit (2008:214). Rigters 1:1-2:5 is egter eerder 'n alternatiewe weergawe van die landsverowering as 'n opeenvolging van die landsveroweringverhaal van Josua (Auld 1998:79). Die bande tussen Josua en Rigters is dus redaksioneel van aard.

Die hipotese van 'n sekondêre band tussen Josua en Rigters word deur die LXX bevestig. Volgens die LXX speel Josua 24 by Silo af. Sodoende sluit 1 Samuel 1:9, met die klem op Silo, by Josua 24 aan. Die boek Rigters (en Rut) funksioneer dan as 'n interpolasie tussen die Josua 24 en 1 Samuel 1:9. Hiermee ontken ek nie dat dele van die boek Rigters (bv Rig 3-9) onafhanklik kon bestaan het nie. So meen Knauf (2002:278; 2006:321) dat 'n vóór-eksiliese boek van redders (Rig 3-9) by die heiligdom van Bet-El ontstaan het. Hierdie boek van redders kon moontlik as 'n oorsprongsverhaal van die Noordryk gefunksioneer het. Ek is egter oortuig dat die boek Rigters in sy finale vorm uit die ná-eksiliese tyd dateer. Die boeke Rut, asook 2 Konings 23:22, verwys na die tydperk van die Rigters. Om hierdie rede kon die boek Rigters juis dien om die verwysings na die Rigtertydperk in te kleur deur die Rigtertydperk te rekonstrueer. Hierdie argumente help om die sekondêre band tussen die boeke van Josua en Rigters te bevestig.

3.1.3 Gevolgtrekking

Die boek Josua vertoon dus die meeste ooreenkomste met die boek Deuteronomium, alhoewel daar ook belangrike verskille tussen Josua en Deuteronomium voorkom. Die verband tussen Josua en Genesis, Numeri en Rigters is op 'n redaksionele vlak.

3.1.4 Verbande met omringende hoofstukke

Die verband tussen Josua 3-4 en die omringende hoofstukke is van belang. Josua 3 beskryf hoe die volk die Jordaanrivier deurgegaan het. Josua 4 verwys na twee moontlike etiologiese elemente, naamlik klippe in die Jordaan en klippe in Gilgal.

3.1.4.1 Josua 2

Josua 2 berig die verhaal van die verkenning van Jerigo. Twee verspieters word uitgestuur en amper deur die soldate van die stad gevang. Hulle soek skuiling by 'n prostituut wat hulle help en sodoende sorg dat haar familie se lewe gespaar word met Jerigo se val.

Die basiese indeling van die verhaal in Josua 2 lyk soos volg: die uitkies, stuur en terugkeer van die spioene omraam die verhaal (vv 1, 23, 24). Hierdie verhaal word uitgebou deur drie siklusse van dialoog tussen Ragab en die spioene (2:3-5, 8-14, 16-21). Verder is daar avontuur-elemente. Die spioene beleef gevaar (2:2), word gevang en moet wegkruip (2:6-7). Daarna raak hulle in 'n ontsnappingsjaagtog betrokke (2:22) Die komposisie van Josua 2 sien so daarna uit:

2:1	Spioene gekies, uitgestuur
2:2	Spioene in gevaar
2:3-5	Dialoog: Ragab-soldate
2:6-7	Spioene kruip weg, vasgekeer
2:8-14	Dialoog: Ragab-spioene
2:15	Spioene vlug
2:16-21	Dialoog: Ragab-spioene
2:22	Spioene vlug van vervolgers
2:23-24	Spioene rapporteer terug

Die moontlikheid bestaan dat Josua 2 nie 'n kronologiese voorganger van hoofstuk 3 is nie. Hierdie moontlikheid is gebaseer op die feit dat Josua 3 direk by hoofstuk 1:11 of selfs 'n vorige narratief (Num 25:1; Deut 34:12) aansluit (Bieberstein 1995:331; 200-202, 207). Die volgende dien as verduideliking van hierdie hipotese:

Josua 1 handel oor die voorbereidings vir die deurtog deur die Jordaan, wat eers in hoofstuk 3 en 4 plaasvind. Josua 2 onderbreek hierdie vertelling. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die tydsaanduiding. Hoofstuk 1:11 stel dit duidelik dat Israel by Sittim gekamp het om oor *drie dae* die Jordaan oor te steek. Josua 2:16 stel 'n *verdere drie dae* voor. Verder is die literêre en geografiese verskille tussen Josua 2 aan die een

kant en Josua 1 en 3 aan die ander kant 'n aanduiding dat Josua 2 onafhanklik van die omringende hoofstukke bestaan het. Alhoewel hoofstuk 3:1 aan hoofstuk 2 sintakties verbind is met die tradisionele *waw*-konsekutief vorm, blyk dit dat 3:1 moontlik by 'n vorige gedeelte (bv Num 25:1 of Jos 1) aansluit. Soggin (1972:38) voer aan dat hoofstuk 2 'n weergawe van die verowering voorhou wat 'n militêre verowering uitbeeld. Verder bevat hoofstuk 2 en 6 verskillende weergawes van die val van Jerigo. Hoofstuk 2 vertoon 'n militêre weergawe, terwyl hoofstuk 6 'n kultiese herinterpretasie weerspieël (Soggin 1972:38). Josua 24:11 dien as ondersteuning van hierdie hipotese deurdat hierdie gedeelte 'n weergawe voorstel waarin Jerigo deur oorlog verower is.

Die opbou van Josua 2 is kompleks. Butler (1983:27-30) tipeer die *genre* as 'n spioenasieverhaal. Hierdie hipotese sluit nie die moontlikheid uit dat die teks 'n groeiproses ondergaan het nie.¹²⁴ Butler dui verder aan dat die teks sy oorsprong in volksverhale gehad het. Hy verwys na bekende verhale waar reisigers deur 'n vrou gehelp word (Butler 1983:28). Die Ragab-verhaal is mettertyd in die kultus opgeneem om te verduidelik hoe die land verower is. Die laaste stadium van die komposisie of redaksievorming is die spioenasieverhaal, waar die klem nié op Jerigo nie, maar op die land as geheel val. Die groei van die verhaal sien so daaruit:

- Volksverhaal (2:2-8);
- Kultiese verhaal (2:9-11);
- Spioenasieverhaal (2:1,23);

Nelson (1997:39-48) dui die groei in die verhaal soos volg aan:

- 'n *Oorspronklik onafhanklike verhaal van Ragab se verraad*. Deur vinnig op te tree, het Ragab verseker dat haar nageslag gespaar sou bly.¹²⁵ Volgens Nelson is nog 'n moontlikheid dat die oorspronklike verhaal van kliënte vertel

¹²⁴ Teenstrydighede en probleme is aan die orde van die dag in die Ragab-verhaal. In vv 6-8 is daar sintaktiese oneffenhede. Skynbare doeblette kom voor in verse vv 4, en 6. Herhalings is aan die orde van die dag in vv 10,17-20. Verder is daar gapings in die oorlewering. Ragab se gesprek met die spioene in vv 15-21 vind skynbaar plaas as hulle reeds buite haar venster hang. Die skielike verwysing na die skarlaken tou in v 18 maak ook nie sin nie. Hierdie teenstrydighede en doeblette dui op 'n komplekse redaksionele proses.

¹²⁵ Rig 1:23-26 is 'n moontlike parallel. 'n Oneerlike inwoner van die stad Lus verraai sy weg terug in die stad.

het wat 'n prostituut besoek en dan beskuldig word van spioenasie. Daarna red sy hulle. Hierdie verhaal is waarkynlik later in die raamwerk van die uitstuur van Josua se spioene geplaas. Die verhaal kon mettertyd in 'n etnologiese en etiologiese verhaal ontwikkel het. Deur haar optrede het sy haar huis gered. Die narratiewe 'n verklaring kon wees van 'n groep mense wat tussen die Israëliete geleef het, en wat later bekend gestaan het as “die huis van Ragab”;

- 'n *Spioenasieverhaal*. Hierdie tipe verhaal was nie bekend in die veroweringsdeeltes nie.¹²⁶ Die doel van hierdie sendings was om inligting van die vyand in te samel. Sodoende kon die Ragab-verhaal as 'n spioenasieverhaal funksioneer. In die verhaal het Israel die stad infiltrer om inligting te bekom met die oog op die inname van die stad;
- In die konteks van 'n deuteronomistiese redaksie word die Ragab-verhaal 'n *verhaal van bekering*. Ragab erken dat Jahwe die land in die Israëliete se hande gee en sy bring eer aan Hom (Jos 2:8-11).

Op grond van die verskil in kronologie, en ideologie is dit moontlik dat Josua 2 slegs op redaksionele vlak aan Josua 3 gekoppel is. Die inhoud van Josua 2, met die klem op die buitestaanders, pas in die ná-eksiliese konteks, toe die stryd tussen die Jode en die Samaritane hoogty gevier het.¹²⁷ Ek beskou die gestolde teks van Josua 2 as 'n ná-eksiliese invoeging in die Josuaboek (Römer 2007b:134, 182). Josua 2 verteenwoordig dan 'n ná-eksiliese en één-deuteronomistiese klem op buitestaanders wat deel van die volk Israel geword het. Voorts volg 'n uiteensetting van tekste wat

¹²⁶ Jos 7:2; Num 13; Deut 1:22-25; Rig 18:2-10.

¹²⁷ Rowlett (1997:63-72) gee 'n alternatiewe perspektief op die Josua-verhaal. Volgens hierdie benadering is dit nie 'n verhaal van heilige oorlog of verowering nie, maar eerder ideologiese verhaal oor die onderwerping aan mag en gesag, asook die gevolge daarvan. Krisistye lei tot vroeë rondom identiteit, en daar word gedifferensieër tussen *ons* en *hulle*. Die kern is dat weiering om aan gesag te onderwerp tot straf lei. So behoort Agab (Jos 7) op etniese gronde tot die volk Israel, maar sy weiering om hom aan Jahwe en sy instrument Josua te onderwerp lei daartoe dat hy en sy gesin doorgemaak word. Die teenpool is Ragab (Jos 2). Op etniese gronde behoort sy nie tot die volk nie, maar deur haar onderwerping aan Jahwe word sy deel van die groep. Dieselfde geld vir die Gibeoniete wat buitestaanders was, maar deel geword van die volk op grond van onderwerping aan Josua se gesag. Rowlett (1997:64) aanvaar die hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk, en daarom word hierdie spanning tussen groepe *ons* en *hulle* aan die tydperk van koning Josia gekoppel. Hierdie situasie kan egter netsowel by die ná-eksiliese situasie inpas, waar daar ook 'n identiteitskrisis was, veral rondom die stryd tussen die Jode en die Samaritanen.

die rol van buitestaanders beklemtoon. Die tekste dien om die ooreenkomste tussen Josua 2 en verskeie ná-eksiliese tekste aan te dui.

3.1.4.1.1 Verband tussen Josua 2 en ná-eksiliese tekste

3.1.4.1.1.1 Rut-verhaal

Zenger (2008:226; vgl ook Gerstenberger 2005:150-156) dui oortuigend aan dat die boek Rut in die ná-eksiliese tyd ontstaan het.¹²⁸ Die boek Rut demonstreer onder andere die legitimiteit van huwelike met buitestaanders, in hierdie geval die Moabiete. Verder dui die boek Rut aan hoe 'n Moabiet deel van koning Dawid se geslagslyn word. Die buitestaander Rut word op 'n positiewe manier uitgebeeld. In Josua 2 is Ragab 'n voorbeeld van iemand wat optree soos 'n ware Israeliet (Jos 2:24). Josua 2 en die Rut-verhaal is albei voorbeelde waar nie-Israeliete 'n rol in Israel se geskiedenis speel.

3.1.4.1.1.2 Jona-verhaal

Verskeie navorsers (Zenger 2008:551; vgl ook Gerstenberger 2005:150-156) plaas die ontstaan van die boek Jona in die ná-eksiliese tydperk.¹²⁹ Een van die kernmomente van die Jona-verhaal is waar God 'n profeet na die heidene stuur. Sodra die heidene tot bekering kom, spaar God hulle lewens. Die boek Jona toon 'n ooreenkoms met Josua 2 in die manier waarop die heidene soos gelowige Israeliete optree. In die Jona-verhaal is dit juis die matrose wat bid, terwyl Jona ongehoorsaam voorkom. Ragab en die Gibeoniete (Jos 9) tree in die boek Josua op soos gelowige Israeliete eintlik behoort te doen.

¹²⁸ Zenger (2008:226) gebruik die volgende argumente om die ontstaan van die boek Rut aan die ná-eksiliese tyd te koppel:

- Die boek Rut omvat 'n uitleg of *Halakah* van die losser-motief (Lev 25; Deut 25). So 'n vrye omgang met die Tora is ondenkbaar in die vóór-eksiliese tyd;
- Die klem op stamme en familiebande is moontlik 'n reaksie op die invloed van die Staat op mense se private lewens;
- Die terugkeer uit die vreemde en die geboorte van 'n kind vir die kinderlose is waarskynlik op Jes 40-66 en Klaagliedere gebaseer;
- Die betekenis van die name (bv Elimelek = My God is koning; Naomi = Jahwe is liefdevol), is 'n tipiese ná-eksiliese gebruik;
- Die klem op vrouens en vreemdelinge is ondenkbaar in die vóór-eksiliese tyd;
- Die boek Rut verwys terug na ander gedeeltes in die Tora. Rut is 'n spieëlbeeld van Sara (wat haar onvrugbaarheid aanbetref). Die boek is verder 'n reaksie op tekste soos Gen 19:30-38 en Num 25:1-18, waar Moabiete in 'n negatiewe lig uitgebeeld word.

¹²⁹ Potgieter (1991:75) beskou uitdrukkings soos *arey" ynIa] ~yIm;V'h; yhel{a/hw"hy>-ta, w>* tipies van die ná-eksiliese tyd. Ragab gebruik 'n soortgelyke uitdrukking (Jos 2:11).

3.1.4.1.1.3 Trito-Jesaja¹³⁰

Lindeque (2001:66-81) ondersoek die verband tussen die boek Josua en Trito-Jesaja (Jes 56-66). Hy identifiseer die volgende ooreenkomste:

- *Verset teen die tempel en priesters.* Die boek Josua speel by verskillende heiligdomme af (Gilgal, Sigem, Silo) en neem 'n negatiewe houding teenoor Jerusalem in (Lindeque 2001:10). Lindeque vergelyk dit met die uitsprake teen die priesters (Jes 56:9-12) en die klem op Jahwe se alomteenwoordigheid in Trito-Jesaja (Jes 66:1-2a);
- *Alle mense sal toegang hê tot die volk van Jahwe.* Volgens Jesaja 56:3-5 sal mense wat voorheen as onrein beskou is, ook deel hê aan die volk van Jahwe. Lindeque dui op die verband met die Ragab-verhaal (Jos 2; 6) en die verhaal van die Gibeoniete (Jos 9), waarin vreemdelinge deel van Jahwe se volk word;
- *Medemenslikheid is belangriker as rituele handeling.* Lindeque (2001:75) dui op die ooreenkomste tussen Jesaja 58:7 en 64:5 waar die klem op medemenslikheid val, maar ook op die Ragab en Gibeoniete-verhale in die boek Josua. In hierdie verhale word buitestaanders deel van die volk Israel op grond van hulle geloof in Jahwe;
- *Die heilstyd sal eers in die toekoms realiseer.* Trito-Jesaja verkondig reg en geregtigheid as 'n voorwaarde vir die aanbreek vir die heilstyd. In dieselfde sin verplaas Josua 13:6 die volledige inname van die land na die toekoms. Jahwe se beloftes van die inbesitname van die land sal in die toekoms realiseer;

Die bostaande dien as aanduiding van die ooreenkomste tussen die boek Josua en Trito-Jesaja.¹³¹ Ooreenkomste tussen Josua en Trito-Jesaja hoef nie te beteken dat die boek Josua in die ná-eksiliese tyd ontstaan het nie. Dit beklemtoon wel die feit dat die boek Josua hoofsaaklik in die ná-eksiliese tyd geredigeer is.

¹³⁰ Sedert Duhm (1892) onderskei navorsers tussen Proto-Jesaja (Jes 1-39), Deutero-Jesaja, (Jes 40-55) en Trito-Jesaja (Jes 56-66). Hierdie indeling vorm tot vandag toe die basis vir navorsing rondom die komposisie van die boek Jesaja (Jüngling 2008:427).

¹³¹ Hamlin (1983:xxiii) plaas die laaste jongste redaksie van die boek Josua in die konteks van 'n profetiese skrywer(s) wat ooreenkomste met Jesaja 40-66 toon. Alhoewel ek die ooreenkomste tussen die boek Josua en verskeie ná-eksiliese tekste ondersteun, is ek nie oortuig van die profetiese karakter van die boek Josua nie. Ek beskou die boek Josua in sy gestolde vorm hoogstens as téén-deuteronomisties, maar dit beteken nie noodwendig dat profetiese groepe vir die finale redaksie verantwoordelik is nie.

3.1.4.2 Josua 5:2-15¹³²

In die gedeelte vind die eerste pasga in die Beloofde Land plaas. Josua besny die manskappe as teken van die verbond. Die leerowerste van die Here verskyn aan Josua en beveel hom om sy skoene uit te trek.

Die gedeelte bestaan uit 4 afgeronde eenhede

- Reaksie op die Jordaanoorgang : (5:1);
- Besnydenis : (5:2-9);
- Pasga : (5:10-12);
- Verskyning van die goddelike kryger : (5: 13-15).

Josua 5:2-15 vertoon ooreenkomste met die Moses-verhaal. Die besnydenis en pasga het 'n rol by die uittog gespeel (Eks 12). Nou kom dit weer ter sprake by die intog. Die gedeelte oor die goddelike kryger (Jos 5:13-15) toon raakpunte met Moses. So byvoorbeeld is feit dat die kryger 'n swaard vashou moontlik 'n sinspeling op Eksodus 3 (die brandende bos) en 4:24-26 (waar Jahwe Moses wil doodmaak en Sippora hom moet besny om hom te red). Trouens, die kryger se woorde in Josua 5:15 blyk 'n direkte aanhaling van Eksodus 3:5 te wees.

Volgens Römer (2007b: 81-90) vorm Josua 5-12 deel van die eerste (Josiaanse) weergawe van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Josua 5:13-15 (verskyning van die goddelike kryger) vorm dan deel van die oorspronklike inleiding tot die landsverowering in Josua 5-12.¹³³

Josua 5:2-9 en 10-12 bevat kultiese gebruike wat moontlik in die ná-eksiliese tyd gedien het as 'n reaksie téén die deuteronomistiese konsep van een heiligdom

¹³² Tekskritiek speel 'n beduidende rol in hierdie gedeelte. Die LXX bevat 'n korter teks as die MT. Terwyl sommige navorsers die LXX as 'n meer betroubare teks beskou (Auld 1998:12; Greenspoon 1983; Tov 1986), is daar 'n argument vir die behoud van die MT (Bieberstein 1995:230). Die Qumran-gekrifte (4QJos^a en 4QJos^b) volg meestal die langer MT teks.

¹³³ Römer (2007b:87) gee toe dat Jos 5:13-14 in sy huidige vorm nie as inkeiding tot Jos 5-12 kan dien nie. Hy vind egter ooreenkomste tussen Jos 5:13 en 14 en Assiriese oorlogsverhale.

3.1.4.3 Josua 6

Uit die konteks van Josua 1-12 blyk dit asof hoofstukke 3 en 4 aan hoofstuk 6 verbind kan word deur die voorkoms van die ark (Jos 3:3, 4, 6, 8, 11, 13, 14, 15, 17; 4:5, 7, 9, 10, 11, 16, 18; 6:4, 6, 7, 8, 9, 11, 12, 13). Soggin (1972:83) formuleer die hipotese dat hierdie hoofstukke kultiese herinterpretasies van historiese gebeurtenisse verteenwoordig. Waar hoofstukke 3 en 4 die uittog en die pasga vier, is dit in hoofstuk 6 die landsverowering wat op 'n kultiese wyse herdenk word.¹³⁴ 'n Analise van hoofstuk 6 is egter ingewikkeld en kompleks.¹³⁵ So byvoorbeeld bevat die hoofstuk heilige oorlog-elemente (vv17-19, 21). Die ark speel 'n belangrike rol in die verhaal. Sommige navorsers koppel die ark direk aan 'n ou oorlog-tradisie (Butler 1983:68). Wat opval, is die feit dat Josua nie werklik 'n belangrike rol speel nie. Josua se onbeduidende rol in die narratief kan moontlik daarop dui dat Josua eers later deel van die narratief geword het. Die verwysing na die "huis van God" dui op 'n tyd toe daar reeds 'n tempel was (Butler 1983:68). Verder speel die Ragab-tradisie 'n belangrike rol in die verhaal. Die deelname van die priesters, die ark, en die pasga dui op 'n kultiese agtergrond vir hierdie gedeelte. Dit is waarskynlik die kultiese verbande wat hierdie gedeelte aan hoofstuk 3-4 koppel.

Bieberstein (1995:313) beskou Josua 6:1-5, 11a-c, 14ac, 15, 20c-g, 21a-b as deel van die oorspronklike *Grundschrift* van Josua 1-6. In terme van Bieberstein se studie impliseer dit dat Josua 6:1-5, 11a-c, 14ac, 15, 20c-g, 21a-b deel van 'n vóór-eksiliese landsveroweringverhaal uitmaak. Bieberstein (1995) en Schwienhorst (1986) het Josua 6 met behulp van redaksiekritiek probeer analiseer. In die konteks van hierdie studie hoort Josua 6 (in sy oorspronklike vorm) tot 'n oorspronklik deuteronomistiese landsveroweringverhaal. Josua 3 en 4 is later (eksiliese tydperk) bygevoeg as deel van 'n eksiliese weergawe van DG. Om hierdie rede bestaan daar nie 'n oorspronklike verband tussen Josua 3-4 en Josua 6 nie.

¹³⁴ "Consequently, the historicity of the fall of Jericho in the ritual circumstances described in this chapter seems extremely unlikely; on the other hand, the existence of a liturgy including a procession is unquestionably historical" (Soggin 1972:84).

¹³⁵ Bieberstein (1995:313) identifiseer drie redaksionele lae. In die eerste plek vind hy die *Grundschrift* (A), wat ook in Jos 3 te vinde is. Verder is daar 'n redaksie rondom die priesters en die ark (B) en 'n redaksie wat die Ragab-belydenis uitbeeld (C¹). Hy vind ook ná-eksiliese redaksies (R^a en R^{chr}).

3.1.5 Gevolgtrekking

Op grond van kronologie en ideologie is daar nie 'n verband tussen Josua 2 en Josua 3 nie. Josua 2 toon 'n komplekse komposisie en dit blyk asof die teks 'n ingewikkelde groeiproses ondergaan het. Alhoewel daar heilige oorlog-terme in die verhaal voorkom (Jos 2: 9, 11),¹³⁶ bied die etnologiese karakter van die verhaal 'n belangrike sleutel tot interpretasie van die verhaal. In die verhaal van die Gibeoniete (Jos 9) speel buitestaanders of nie-Israeliete 'n belangrike rol. Die verhaal van die Gibeoniete is moontlik 'n parallel tot hierdie verhaal, want die Gibeoniete het net oos Rut van die uittoeg en Jahwe se magtige wonders gehoor (Römer 2007b:182). Op grond daarvan besluit hulle om 'n ooreenkoms met die Israeliete te maak, wat duidelik teen die bepalings van Deuteronomium 7:2; 20:16-18 indruis.¹³⁷

Rowlett (1997:63-72) brei die etnologiese invalshoek verder uit. Nog voorbeelde van hulp aan buitestaanders is te vinde in die landsverdeling. Sy dui aan dat Kaleb volgens Josua 14:6, 14 'n Kennasiet was. Nogtans het hy deel van die grondgebied gekry. Kennasiete kan moontlik met die Edomiete verbind word.¹³⁸ Die omstandighede wat hierbo geskets word, kan maklik by die ná-eksiliese tyd inpas, toe die stryd tussen die Jode en die Samaritane hoogty gevier het.

Kultiese motiewe bind Josua 3 en 4 met hoofstuk 5:1-15. Josua 5:15 interpreteer spesifieke elemente van die Moses-verhaal. Die klem op die kultus dui moontlik op 'n ná-eksiliese komposisie. Die pasga en Massot-feeste is eers in die ná-eksiliese tyd gekombineer. In deuteronomistiese literatuur bestaan die pasga nog uit twee afsonderlike feeste (vgl 4.5.2.3.1). Josua 3-4 en 5:1-12 is dus redaksioneel aan mekaar verbind, en volg nie kronologies op mekaar nie.

Josua 6 is deel van die oorspronklike *Grundschrift* van Josua 1-6, wat op sy beurt by 'n breër landsveroweringsverhaal (Eks; Num; Jos) aansluit. Soos in die geval van

¹³⁶ ~k, t . m; yae en sM; YIw : is bekende heilige oolog-terme (Nelson 1997:45).

¹³⁷ Mullen (1993:95) beskou die boek Josua as deel van die Deuteronomistiese Geskiedenis. Tog is daar vir hom gevalle waar die grense wat in Deuteronomium vasgestel is, aangepas word. Dit is veral ter sprake waar etniese inklusiwiteit en eksklusiwiteit na vore tree, soos in Jos 2 waar Ragab as buitestaander gered word.

¹³⁸ Die treffende hiervan is dat Moses reeds die ooreenkoms met Kaleb aangegaan het. Josua het dus in hierdie geval nie teen Moses se bepalings opgetree nie.

Josua 3 is die oorspronklike verhaal van Jerigo in die eksiliese en ná-eksiliese tyd uitgebrei deur ingewikkelde redaksionele prosesse. Die gestolde teks van Josua 6 bestaan dan uit 'n oorspronklike landsveroweringsverhaal met uitbreidings.

3.2 Literatuursoorsig oor eksegesi

Die volgende dien as uiteensetting van die verskillende benaderings tot Josua 3 en 4. In die eerste plek bespreek ek die literêre benaderings. Die klem val hier op 'n sinchroniese benadering tot die teks. Daarna kom die Histories-Kritiese benadering(s) aan die beurt. Die klem val in hierdie geval op die diachroniese benadering tot Josua 3 en 4.

3.2.1 Literêre benadering

3.2.1.1 R. Polzin

3.2.1.1.1 Inleiding

Polzin (1980:9) grond sy benadering op die hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk wat van Deuteronomium tot 2 Konings strek. Verskeie navorsers het die teenstrydighede in die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk (DG) probeer verklaar deur fyner onderskeidings in die DG aan te dui (vgl die blokkemodel en die gelaagte model). Polzin verklaar egter die verskille en teenstrydighede op suiwer literêr-kritiese gronde. In sy studie lê hy klem op literêre aspekte soos ruimtelike, fraseologiese en psigologiese komposisies om die verskille en teenstrydighede in die teks aan te verklaar.

Polzin (1980:3) neem posisie in teenoor die Historiese Kritiek. Omdat hy groot gedeeltes van die Bybel as literêre kunswerk beskou, is die soeke na betekenis deur middel van historiese metodes vir hom nié van belang nie. Polzin (1980:9) interpreteer die DG as 'n literêre eenheid. Op grond van 'n struktuur-analitiese benadering deel hy die hele DG op in *gerapporteerde rede en rapporterende rede*. Die *gerapporteerde rede* is waar Moses direk met God praat. Hierdie gedeeltes omvat veral beloftes wat God aan Moses maak. Daarna word hierdie beloftes vervul in die sogenaamde *rapporterende redes*. Die boek Deuteronomium bevat hoofsaaklik profetiese woorde, terwyl Josua tot 2 Konings die uitvoering daarvan

verteenwoordig.¹³⁹ Polzin identifiseer verskillende narratologiese invalshoeke wat op die teks inspeel. So teken elke boek in die Deuteronomistiese Geskiedswerk die goddelike spraak en menslike respons op 'n ander manier. Die Deuteronomistiese Geskiedswerk is dus 'n monoloog. Dit beteken dat die hele ideologie van die boek uit een hoek voorgehou word. God het iets vir die volk gesê en dit het so gebeur. God is die hooffiguur, tesame met die profete wat sy woorde aan die mense oordra. Volgens Polzin (1990:18-24; 205-212) is daar egter nie net *een* toespraak van God nie. Dit skep dieselfde dilemma wat die navorsers gedwing het om 'n blokkemodel of gelaagde model in die Deuteronomistiese Geskiedswerk te vind.¹⁴⁰ Volgens Polzin is die eerste taak van die eksegeet om die verskillende stemme in 'n teks te isoleer, en om sodoende uit te vind watter stemme ondergeskik of selfs verskillend van die primêre ideologiese standpunt is.¹⁴¹

3.2.1.1.2 Josua

As hy die boek Josua bespreek, erken Polzin (1980:73) dat die boek Josua anders daar uitsien as Deuteronomium. Waar Deuteronomium meestal bestaan uit *gerapporteerde rede* bestaan, bestaan Josua net uit 'n *narratief*. In die boek Deuteronomium staan Moses se toespraak aan die volk sentraal. Die boek Josua vertel die verhaal van die intog in Kanaän in die vorm van 'n *narratief*. In sy bespreking van Josua 3 en 4 verwys hy eers na die mislukking van die meeste navorsers om die teks te verklaar. Vir Polzin (1980:93) is die groei en ontstaan van die teks nié van belang nie. Die immanente teks is die fokus van sy studie. Hy sonder Josua 3:1-5:1 as kultiese *narratief* uit. Die kultiese *narratiewe* in die boek (3:1-5:1; 6:1-17; 8:30-35), asook die grootste gedeelte van 13-21 en 24:1-28) speel 'n beduidende rol in die boek. Hierdie

¹³⁹ Dit sluit aan by Von Rad (1966b:208-9): "It has long been emphasized that the basic viewpoint of the Deuteronomist is that system of prophetic prediction and its exactly observed fulfillment which pervades the whole work of the writer".

¹⁴⁰ "Therefore the possibility exists that, whatever may be the obvious monologic composition of the Deuteronomistic History taken as a unity, a closer reading of the text may reveal a hidden dialogue between competing voices within the various utterances of God both in themselves and as interpreted by the Deuteronomic editor" (Polzin 1980:22).

¹⁴¹ Hier beweeg Polzin op dieselfde terrein as die wat die gelaagde of blokkemodel aanhang. Polzin kritiseer die historiese kritiek en sy aanhangers vir die "historical critical obfuscation that are an embarrassment to their hermeneutical aims" (Polzin 1980:91). Nogtans bly sy model ook net 'n poging om die "verleentheid" van teenstrydighede te verklaar.

gedeeltes is “*framing devices*” wat volgens Polzin (1980:93) die ideologiese perspektiewe van die boek beïnvloed.¹⁴²

Volgens Polzin se benadering speel die kultiese narratief `n belangrike *semantiese* rol. Aangesien Polzin teen die Histories-Kritiese benadering tot die teks gekant is, beskou hy Josua 3:1-51 as `n literêre eenheid. Hy skryf die teenstrydighede in die teks aan verskillende temporele invalshoeke toe.¹⁴³ Polzin verduidelik die aanwesigheid van verskillende temporele invalshoeke deur Josua 3 en 4 in die volgende elemente te verdeel:

1. Reis van Sittim na Jordaan;
2. Beweeg na rivieroewer;
3. Priesters wat die ark dra sit voet in die rivier;
4. Die natuurwonder (waters bondel saam);
5. Die volk sit voet in die rivier;
6. Die priesters gaan staan in die middel van die rivier;
7. Die volk stap deur die rivier;
8. Josua rig 12 klippe by Gilgal op;
9. Josua rig nog 12 klippe op in die middel van die Jordaan;
10. Die priesters met die ark kom uit die Jordaan
11. Die waters keer terug soos wat dit was.

Volgens Polzin se benadering bevat Joshua 3 en 4 verskillende episodes. **Episode 1** (Jos 3) sluit elemente 1-7 in. In **episode 2** (Jos 4) word die gebeure rakende element 8 beskryf. Hierdie 2 episodes omvat dus elemente 1-8 in `n eenvoudige kronologiese patroon, met die uitsondering van **3:12** (die opdrag om 12 manne te kies) wat eers in

¹⁴² “By describing the same or similar events, now ritually, now nonritually, the author presents us with mutually complementary points of view of his main topic, the various stages in the occupation of the land, and their implications for an adequate understanding of how the word of God is to be interpreted” (Polzin 1980:93).

¹⁴³ Die teenstrydighede is ooglopend: Josua gee opdrag dat 12 man uit die stamme gekies moet word (3:12), nogtans is dit eers in 4:2-3 dat God dit beveel. Tweemaal word genoem dat die volk deur die rivier getrek het (3:17-4:1). In 4:10-11 word genoem dat die volk uiteindelik die rivier oorsteek. In hoofstuk 4:19-20 kom die volk op uit die Jordaan en slaan kamp op by Gilgal, waar 12 klippe opgerig word. In 4:8 word die klippe egter in die kamp neergesit. In 4:11 word verduidelik hoe die priesters die rivier deurgaen, maar 4:15-18 vertel van Josua se opdrag aan die priesters om die rivier deur te gaan.

episode 2 (element 8) ter sprake kom. Josua **3:12** loop die gebeure vooruit en koppel die eerste twee episodes aanmekaar. `n **Derde episode** (die oprig van twaalf klippe in die Jordaan en die deurtog) kom in **4:9-14 voor**. Alles in hierdie episode vind tussen elemente 5 en 10 plaas. So byvoorbeeld verwys **4:12** (die deurgang van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse) na element 5, terwyl element 10 **in 4:11** (die hele volk wat deurtrek en die priesters wat volg) voorkom. Die temporele grense van die derde episode strek wyer as die van die vorige episode. Net soos **3:12** (die opdrag om 12 manne te kies) as `n vooruitskouing funksioneer, antisipeer **4:9-12** die voltooiing van die deurtog (elemente 10 en 11). Verder is **4:11** (element 7: die volk wat deurtrek) `n vooruitskouing van die vierde episode (element 10: die priesters wat uit die water kom). Die **vierde episode (4:15-18)** bevat elemente 10-11, wat logies opmekaar volg. Die vyfde episode (4:20-24) verwys weer na element 8 (12 klippe by Gilgal) wat oorspronklik deel van die tweede episode was. Polzin dui aan dat Josua 3 en 4 uit afwisselende temporele invalshoeke bestaan. Probleemverse soos **3:12 en 4:11** word aangedui as merkers in die teks om sekere sake te beklemtoon. Polzin verklaar die literêre- historiese probleem, wat ontstaan as die volk deur die Jordaan trek (**3:17-4:1**), en later nog nie deur is nie (**4:10-11**), soos volg: In 3:17 is die hele volk nog *besig is* om deur te trek (~yrIb. [o laer'f.yI-lk'w>) Die vers eindig waar almal *deurgetrek het* (rbo [] l; yAGh;-lK' WMT;-rv,a] d[;). Die wisseling tussen die twee werkwoordvorme (perfektum en imperfektum) is vir Polzin belangrik.¹⁴⁴ Die hele nasie het die Jordaan deurgegaan, maar op `n literêre vlak handel die hoofstuk oor verandering en vloeibaarheid (Polzin 1980:98).

Die teenstrydigheid van die volk wat reeds deurtrek (3:17-4:1) en later klaarblyklik nog nie deur is nie (4:10-11) is volgens Polzin `n literêre tegniek. Die oënskynlike teenstrydigheid funksioneer om die verhaal uit verskillende hoeke te vertel. In hoofstuk 4 (waar die volk nog nie deur is nie) val die klem juis op immobiliteit. Die stilstaande ark het gelei tot die plasing van die 12 klippe in die rivier. Die deurtog deur die rivier (*“the mobility of the people”*) berus op die immobiliteit van die ark en die priesters. Polzin probeer om die stilstaande ark en die mobiliteit van die volk

¹⁴⁴ “The form of the imperfective aspect is opposed to the form of the perfective aspect mainly in terms of the observer’s position in relation to the action..[The] imperfective form gives it the affect of extended time; it invites us to place ourselves, as it were, in a synchronic relationship to the action, and to become witnesses to it...In other words, the opposition of these two aspectual forms on the plane of poetics, emerges as the opposition of the synchronic and the retrospective positions of the author” (Uspensky 1973:75).

teenoor mekaar af te speel. Die feit dat die reis van Sittim na Gilgal met soveel episodes en verskillende invalshoeke vertel word, beklemtoon juis vir Polzin dat die verteller vryheid toepas om die verhaal vanuit sy eie ideologiese hoek te vertel.

Polzin se klem op temporele invalshoeke is 'n poging om die eenheid en struktuur van Josua 3 en 4 te verseker. 'n Redaksie-kritiese benadering sal eerder die kronologiese probleme aan verskillende redaksies of uitbreidings toeskryf. Polzin kies eerder vir 'n komplekse struktuur van verwisselende temporele invalshoeke. Sy metode kom egter geforseerd voor. Ek is nie oortuig daarvan dat 'n westerse literêre verklaring genoegsame antwoorde vir die kronologiese probleme van Josua 3 en 4 bied nie.

3.2.1.1.3 Ruimtelike komposisie van Josua 3:1-5:1

Polzin (1980:99) gebruik die sogenaamde *gerapporteerde rede* van **4:1-8** om ruimtelike veranderinge in karakters se spraak aan te dui. In **4:3** gee God die opdrag dat die klippe van die middel van die rivier na die kamp geneem moet word. Uit die teks blyk dit asof God vanuit die ark in die middel van die Jordaan praat. Die belangrike is dat Josua die opdrag moet gee terwyl hy in die middel van die Jordaan staan, nadat hy en die priesters hulle posisie aan die oostekant van die rivier verlaat het (**4:1**). Uit die woorde van die Here is dit duidelik dat Josua en die 12 manne saam met die priesters sal wees wanneer Josua die bevel gee om die 12 klippe by Gilgal op te rig. Die uitdrukkings soos “*van hier*”, “*van die middel van die Jordaan*” en “*waar die priesters se voete staan*”, asook die verdere uitdrukking “*neem dit saam met jou*” illustreer dat Josua en die mans alreeds in die droë rivierbedding is. Wanneer Josua egter vir die priesters die opdrag gee om voor die ark uit te trek (“*trek uit voor die ark van die Here julle God tot binne in die Jordaan*” !Der>Y:h; %AT-la, ~k,yhel{a/hw"hy> !Ara] ynEp.li Wrb. [bevind hy en die manne hulle aan die oostekant van die oewer. Alhoewel Josua die bevel van God nakom, doen hy dit vanuit 'n ander ruimtelike posisie as wat verwag is. Met ander woorde: God praat met Josua in **4:2-3** asof hy reeds in die middel van die Jordaan is (terwyl hy nie is nie), en Josua praat in **4:5-7** vanaf die oesoewer, nadat hulle die rivier oorgesteek het. In **4:8** het die 12 manne Josua se opdrag uitgevoer, maar geen melding word gemaak van die feit dat hulle van die wesoewer na die middel van die Jordaan beweeg het nie. Hier word teruggekeer na die geïmpliseerde ruimtelike posisie van **4:2-3**. Polzin gebruik hierdie

skuiwe in ruimtelike posisie om die volgende gevolgtrekking te bereik. Episodes 1-3 (**3:1-4:14**) vertel die verhaal van die intog vanuit 'n posisie *buite* die beloofde land. Episodes 4 en 5 (**4:15-5:1**) verwys nooit na die deurgang deur die Jordaan nie, maar wel na die opkoms uit die Jordaan. Die laasgenoemde episodes beskryf die deurgang van die Jordaan uit die posisie van 'n nie-Israeliet, wat 'n toeskouer van die gebeure is.

Weereens kies Polzin vir 'n komplekse verklaring van Josua 3 en 4. Die onsamehangende deurtog word tog as 'n literêre eenheid verklaar. Polzin bewys dat die leser se subjektiewe benadering tot 'n gegewe teks die verklaring van die teks beïnvloed.

3.2.1.1.4 Psigologiese komposisie van Josua 3:1-5:1

Die psigologiese houding van die karakters word van buite (deur ander karakters) of van binne (deur die stem van die verteller) beskryf. Polzin (1980:102) verwys na die mobiliteit van die volk en die immobiliteit van die priesters as belangrike verwysingspunte. Die ruimtelike invalshoeke is reeds breedvoerig bespreek. Hiervolgens vind daar in **4:15 ev** 'n belangrike skuif plaas. Hierdie skuif word deur Polzin as 'n *psigologiese* skuif getipeer. Hy gebruik die volgende as voorbeeld. In hoofstuk **3:7** belowe Jahwe dat hy Josua sal groot maak in die oë van die volk. Hoofstuk **4:14** dien as vervulling van hierdie belofte. Die vervulling van die belofte vind egter plaas nog voordat die priesters met die ark uit die Jordaan opkom. Eintlik sou dit meer logies gewees het as dit ná die natuurwonder (nadat die waters teruggekeer het) plaasgevind het. Volgens Polzin is dit 'n voorbeeld van 'n eksterne verteller wat die psigologiese toestand van die "hele Israel" saamvat. Hoofstuk **5:1** beskryf die interne bewuswording van die landsbewoners: "*het hulle harte versmelt*" (ב'־הַיְהוָה אֱלֹהֵינוּ לֵבָבֵנוּ יִמְצָא) asook "*het hulle moed verloor voor die kinders van Israe*" (יָנִיבְנוּ מִלְּפָנֵי יִשְׂרָאֵל) (ynEP.m x;Wr dA[laer'f.yI-ynEB.). Hierdie verwysing na die landsbewoners wat moed verloor voor Israel is vir Polzin 'n logiese gevolgtrekking van episodes 4 en 5, wat die intog uit die oogpunt van die landsbewoners beskryf.

Die oprigting van die klippe as gedenkstone is nog 'n voorbeeld van die psigologiese invalshoek van die verhaal. Die klippe is 'n getuigskrif van 'n wonderwerk en dit

beskryf die psigologiese impak van die wonder op die Israëliete (4:7). Josua 4:24 gee 'n alternatiewe betekenis vir die oprigting van die gedenkstene, naamlik dat die natuurwonder 'n teken vir al die nasies is dat God 'n magtige God is. Die vraag word in albei gevalle deur Israëliete gevra, en die antwoord het betrekking op die Israëliete. Sodoende vertel die boek Josua die verhaal van die deurtog in terme van Israel self (interne invalshoek). Nogtans word die impak van die deurtog op die ander volke (eksterne invalshoek) ook vertel.

Die vraag is of 'n komplekse westerse benadering genoegsame verklaring vir die teenstrydighede in Josua 3 en 4 bied. 'n Redaksie-kritiese verklaring sou meer relevant wees, omdat Josua 3 en 4 komplekse redaksionele groei vertoon. Polzin is so gedetermineerd om die eenheid van die teks te behou, dat hy eerder vir literêre tegnieke as redaksionele verklarings vir teenstrydighede soek.

3.2.1.1.5 Fraseologiese komposisie van Josua 3:1-5:1

Polzin (1980:104) versonderstel dat die fraseologiese samestelling van Josua 3:1-5:1 die deuteronomistiese struktuur van belofte-ervulling volg. In die teks kom verskillende vorme van die belofte-ervulling skema voor. Polzin noem dat daar soms 'n bevel gehoorsaam word. God beveel vir Josua om die mense te beveel, en Josua voer dit uit. Josua se bevel is dus die gehoorsaam en vervulling van God se bevel. Nog 'n variasie van die belofte-ervulling skema is waar 'n stelling in die teks iets in die *gerapporteerde rede* antisipeer en vooruitskou. 3:1b is hiervolgens 'n vooruitskouting van die hele deurtog deur die Jordaan. Vers 3:12 (die opdrag om 12 man te kies), is 'n vooruitskouting van 4:1-8, 19-5:1 (die oprigting en betekenis van die 12 klippe in Gilgal en die Jordaanrivier). Vers 4:11 (waar die volk deurtrek) is op sy beurt ook 'n vooruitskouting van 4:15-18 (waar die hele volk deurtrek).

Polzin beklemtoon die rol van *prolepsis* of vooruitskouting. Daar is egter redaksie-kritiese moontlikhede, maar Polzin ignoreer dit. Die belofte-ervulling skema is egter relevant. Nogtans oorbeklemtoon Polzin die belofte-ervulling skema wanneer hy dit met *prolepsis* verbind, byvoorbeeld as hy Josua 3:12 en Josua 4:1-8, 19-5:1 in terme van *prolepsis* as belofte én vervulling interpreteer.

3.2.1.1.6 Gevolgtrekking

Soos in die vorige paragraaf aangedui, vind daar bepaalde veranderinge in Josua 3 en 4 op ruimtelike, psigologiese, en fraseologiese terreine plaas. Polzin dui aan dat hoofstuk **3:1-4:14** 'n ander ruimtelike en psigologiese hoek veronderstel as **4:15-5:1**. Hierdie veranderings het 'n bepaalde impak op 'n ideologiese vlak. Polzin sinspeel op die verhouding tussen beweging en stilstand. So byvoorbeeld kan die 12 klippe as herinnering aan die deurtog deur die Jordaan, nie bestaan het as dit nie was dat die volk in die droë rivierbedding beweeg het nie, want die mense sou nie weer kon beweeg as dit nie was dat die priesters staande gebly het nie. Die ark gaan eerste in die rivier, met die volk wat volg, maar die volk kom eerste anderkant uit, met die ark wat volg. Uit die konteks is dit duidelik dat die ark nie die Jordaan verlaat het voordat al die bevale gehoorsaam is nie (**4:10**). Die stabiliteit van die ark verteenwoordig hier vir Polzin die vervulling van die woord van God. Hierdie belofte-vervulling skema kom weereens na vore wanneer Polzin in die 12 klippe in die middel Jordaan plaas. God het nooit so 'n bevel aan Josua gegee nie. Polzin interpreteer dit as 'n teken dat God se woord moet verander en vloeibaar bly in terme van uitleg en interpretasie.

Die meeste eksegete worstel met die tekskritiese probleme in Josua 3 en 4 (Butler 1983:41; Nelson 1997:55). Polzin verdoem die Histories-Kritiese analise van die teks, veral omdat die Histories-Kritiese eksegete volgens hom die teks versnipper. Sy kritiek teen die Histories-Kritiese benadering ten opsigte van van die Deuteronomistiese Geskiedswerk is egter van belang. Polzin beskou die blokkemodel, en gelaagde model as 'n stap in die verkeerde rigting. Nogtans is sy uitgangspunt van die Deuteronomistiese Geskiedenis as literêre eenheid 'n poging om die verskille in die teks te harmoniseer. Die manier waarop Polzin die teks se samehang probeer afdwing, is nie 'n voldoende oplossing vir die verskeie probleme nie. Hy probeer om teenstrydighede in die teks te verklaar deur van westerse literêre metodes gebruik te maak. Om sekere probleemgevalle as vooruitskouings te tipeer, en om die beweging-stilstand ideologies te probeer verwoord, is onoortuigend. Polzin probeer hard om die literêre eenheid van die teks te bewys. Wanneer die teks se eenheid in gedrang kom, gebruik hy terme soos *verskillende stemme* en *gerapporteerde en rapporterende rede* om sin te maak van die teenstrydighede.

Polzin se benadering tot Josua 3 en 4 word oorheers deur 'n poging om die teks se eenheid te bewys. Hy soek eerder komplekse westerse literêre tegnieke as om die teks as die produk van redaksionele prosesse te verklaar. Ek is oortuig daarvan dat die kronologiese en literêre probleme in Josua 3 en 4 eerder 'n Histories-Kritiese benadering tot die teks vra.

3.2.1.2 B. Peckham

3.2.1.2.1 Inleiding

Peckham baseer sy benadering op die hipotese van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk. Die verskille en teenstrydighede in Josua 3 en 4 is volgens Peckham se benadering die resultaat van verskillende deuteronomistiese redaksies. In Josua 3 en 4 skep Peckham 'n literêre struktuur waarmee hy die teenstrydighede en probleme in die teks probeer verklaar.


3.2.1.2.2 Struktuur

Peckham (1984:413-431) identifiseer twee redaksies van die Deuteronomistiese Geskiedswerk.¹⁴⁵ Hy volg Cross (1975) en Nelson (1981) in sy hipotese van 'n dubbele redaksie van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Wat sy benadering egter uniek maak, is dat Peckham deuteronomistiese redaksies vanaf Genesis tot 2 Konings uitlig. Die tweede deuteronomistiese redaksie (Dtr²) herïnterpreteer en korrigeer die eerste (Dtr¹). Volgens hierdie benadering verteenwoordig Josua 3:5, 10b en 16b die eerste redaksie (Dtr¹). Die res van Josua 3 en 4 val onder Dtr². 'n Herhalende opsomming (3:17b en 4:1a) !Der>Y:h;-ta, rbo[]l; yAGh;-lK' WMT;-rv,a] d[; (tot die hele volk deur die Jordaan is-3:17) en !Der>Y:h;-ta, rAb[]l; yAGh;-lk' WMT;-rv,a]K; yhiy>w: (nadat die hele volk deur die Jordaan is: 4:1a) bind Josua 3 en 4 aan mekaar. Elke hoofstuk bestaan uit vier perikope. In hoofstuk 3 lyk die indeling van die onderskeie perikope soos volg: **A** (3:1-5), **B** (3:6-10), **C** (3:9-13), en **D** (3:14-17). Elkeen van die vier perikope van hoofstuk 4 is aan 'n ooreenstemmende perikoop in hoofstuk 3 gekoppel:

¹⁴⁵ Hier volg hy Cross (1975) en Nelson (1981). Wat sy benadering uniek maak, is dat Peckham die deuteronomistiese redaksies vanaf Genesis tot 2 Konings aandui, en dat hy meer tekste aan Dtr² toeskryf as Cross en Nelson.

- **A (3:1-5) = A' (4:20-24)**: Voorbereiding vir die deurtog en die voltooiing van die deurtog;
- **B (3:6-8) = B' (4:14-19)**: Belofte en vervulling dat Josua aansien in die volk se oë sou kry;
- **C (3:9-13)=C'(4:1-9)**: Opdrag om 12 manne aan te wys en die vervulling van die opdrag om klippe in die Jordaan te pak;
- **D (3:14-17)=D' (4:10-13)**: Priesters neem die leiding in die deurtog deur die Jordaan.

Die volgende diagram illustreer die verhouding tussen die afsonderlike perikope in hoofstuk 3 (Peckham 1984:419). Verder dui die diagram elke perikoop (in hoofstuk 3) se verhouding met 'n ooreenstemmende perikoop in hoofstuk 4 aan.



Elke perikoop in hoofstuk 3 vertoon 'n duidelike patroon. 'n Bepaalde tema word aangeraak, die tema word in die rede geval deur 'n ander tema, en dan word die eerste tema voortgesit. Die hele hoofstuk word omraam deur 'n *inclusio*. Hoofstuk 3 sien soos volg daaruit:

- **3:1-5** is 'n toespraak deur Josua aan die Israeliete. Die toespraak bevat 'n ander gesprek wat hy met die offisiere voer (**3:2-4**);

- **3:6-8** bevat instruksies aan die priesters wat Jahwe se belofte aan Josua insluit (**3:7**);
- **3:9-13** bevat die voortsetting van Josua se toespraak aan die mense (**3:9-11, 13**), maar dit word onderbreek deur die opdrag om twaalf manne te kies (**3:12**);
- **3:14-17** beskryf die natuurwonder, maar bevat ook die stelling dat die hele volk deur die Jordaan getrek het.

Hoofstuk 4 brei uit op temas wat in hoofstuk 3 bespreek is. Die afsonderlike perikope volg logies op mekaar, en bevat ook 'n *inclusio*.

- **4:1-3, 8-9** bevat 'n opdrag van Josua aan twaalf manne wat herhaal word, en 'n interpretasie daarvan (**4:4-7**). Die opdrag verklaar Josua se tweede toespraak aan die volk (**3:9-13**);
- **4:10-13** vertel van die oorgang (**4:11-12**) en samehang tussen die deurtog en die natuurwonder (**3:14-17**);
- **4:14-19** beskryf die einde van die oorgang, en verklaar hoekom die priesters nou oorbodig geword het (**3:6-8**);
- **4:20-24** interpreteer die deurtog en verduidelik Josua se eerste toespraak met die volk (**3:1-5**).

3.2.1.2.3 Tematiese samehange

Elke perikoop in hoofstuk 3 is verbind met 'n volgende perikoop, sodat dit 'n geheel vorm. Verder is dit ook verbind met 'n perikoop in hoofstuk 4. Tematies kan die verbande soos volg uiteengesit word:

In Josua 3 kom die volgende verbande tussen die onderskeie perikope voor:

- **A (3:1-5)** bevat 'n toespraak deur Josua wat uitgebrei word in **C (3:9-13)** en verduidelik word in **A (4:20-24)**;
- **B (3:6-8)** handel oor die priesters. Die opdragte word uitgevoer in **D (3:14-17)** en verklaar in **B (4:14-19)**;
- **C (3:9-13)** verwys na die ark, wat in Josua 3:2-4 voorkom en in **C (4:1-9)** verklaar word;

- **D (3:14-17)** verklaar die rol van die priesters tesame met **B (3:6-8)**. Die rol van die priesters speel weer 'n rol in **D (4:10-13)**.

In Josua 4 sien die verbande tussen die afsonderlike temas van hoofstuk 4, asook die verbande met die paralelle temas in hoofstuk 3 soos volg daarna uit:

- **C (4:1-9)** verwys na die twaalf manne van **C (3:9-13)** en die twaalf klippe kom ter sprake in **A (4:20-24)**;
- **D (4:10-13)** brei uit op die deurtog van die Jordaan (**D:3:14-17**) en word gekoppel aan **B (4:14-19)**, waar die klem van Jerigo na Gilgal verskuif;
- **B (4:14-19)** neem die priesters van Jerigo na Gilgal, waar hulle gestaan het vir die deurtog (**D-4:10-13**) en dit omsluit die belofte van Josua se leierskap (**B:3:6-8**);
- **A (4:20-24)** interpreteer die deurgang deur die waters (**C:4:1-9**) en beskryf die wonders van Jahwe (**A:3:1-5**) deur na die Rietsee-wonder te verwys.

3.2.1.2.4 Grammatikale verbande

Die grammatikale verbande tussen die temas in hoofstuk 3 lyk soos volg:

In hierdie gedeelte poog ek om die samehang tussen die onderskeie perikope in Josua 3 te verduidelik. Die klem val op die grammatikale samehang van die onderskeie perikope van Josua 3.

3:1-5 bevat drie paranetiese opmerkings. In hoofstuk 3:1 vind ons 'n poging om die sinsnede *laer'f.yI ynEB.-lk'w>* (*en al die seuns van Israel*) die voorwerp van die meervoudswerkwoorde te maak.¹⁴⁶ Peckham (1984) verklaar dit as 'n vorm van *prolepsis*. Sodoende verwys dit na die tweede toespraak aan die volk (*laer'f.yI ynEB.*). Die tweede paranetiese opmerking *~yaif.nO ~YIWIl.h ~ynIh] Koh;w>A tao* (*die priesters, die Leviete wat die ark dra*) bring die Levitiese

¹⁴⁶ Die moonlikheid bestaan die uitdrukking *laer'f.yI ynEB.-lk'w>* (*en al die seuns van Israel*) 'n latere byvoeging is om die spanning tussen die meervoudswerkwoorde en die persoon van Josua te verklaar. Die LXX bevat nie die bostaande uitdrukking nie.

priesters in die verhaal.¹⁴⁷ Op die oog af lyk dit asof hierdie verwysing die toespraak met die offisiere in die rede val. Nogtans is dit die logiese tema van die volgende gedeelte (3:6-8). Die derde paranetiese gedeelte hD'MiB; hM'a; ~yIP;l.a;K. Îwyn"ybeWÐ ¿AnybeWÀ ~k,ynEyBe hy<h.yI qAxr' %a; wyl'ae Wbr>q.Ti-la; (*daar moet 'n afstand van tweeduisend el tussen julle en hom wees*) skei die ark van die volk. Weereens blyk dit asof die gedeelte nie heeltemal in die konteks pas nie.¹⁴⁸ Die opdragte aan die offisiere (3:2-4) onderbreek die opdragte van Josua aan die volk.

Josua se toespraak met die offisiere omvat die volgende elemente:

laer'f.yI ynEB.-lk'w (*en al die seuns van Israel*) verwys vooruit na 3:9.

Atao ~yaif.nO ~YIwIl.h ~ynIh]Koh;w>(die priesters, die Leviete wat die ark dra)- vervolg in 3:6-8.

wyl'ae Wbr>q.Ti-la; hD'MiB; hM'a; ~yIP;l.a;K. Îwyn"ybeWÐ ¿AnybeWÀ ~k,ynEyBe hy<h.yI qAxr' %a; (*daar moet 'n afstand van tweeduisend el tussen julle en hom wees*).

Volgens Peckham se benadering vertoon Josua 3:1-5 'n grammatikale eenheid. Terselfdertyd is daar 'n verband tussen Josua 3:1-5 en van die perikope wat hierop volg. Peckham verwerp enige redaksie-kritiese benadering en probeer die samehang van die narratief vooropstel. Sodoende verklaar hy kronologiese vraagstukke in die lig van literêre tegniek (*prolepsis*) eerder as die produk van redaksionele kritiek.

3:6-8 begin met 'n opdrag aan die priesters om die ark op te tel en die uitvoer daarvan. Dit eindig met nog 'n opdrag aan die priesters om in die rivier te gaan staan, maar dit word nie dadelik aan hulle oorgedra nie (eers wel in **3:15, 17**). Die verwysing na Josua se karakter (**3:7**) is *prolepties* van aard (dit word vervul in **4:14**), maar dit slaag daarin om die band tussen die twee opdragte te breek.

¹⁴⁷ Die uitdrukking dra volgens Soggin (1972:46) die stempel van deuteronomistiese redaksie (Soggin 1972:46). Nie almal is egter seker of dit 'n latere byvoeging is nie (Boling 1982:160).

¹⁴⁸ Weereens beskou Peckham nie die teenstrydighede as 'n probleem nie: "it is extraneous to the context, but it anticipates the agency of the ark in the division of the waters (3:19; 4:1-9)" (Peckham 1984:418).

Weer eens probeer Peckham `n onderliggende struktuur aan Josua 3:6-8 aandui. Hy identifiseer twee opdragte met `n verwysing na Josua se karakter wat die twee opdragte onderbreek. Die verwysing na Josua se karakter is volgens Peckham opsigself `n voorbeeld van *prolepsis*, omdat dit in Josua 4:14 eers vervul word. Sodoende vorm Josua 3 en 4 volgens Peckham `n eenheid. Wat Josua 3:6-8 aanbetref, vorm die twee opdragte `n raam om die verwysing na Josua se karakter. Op hierdie manier vorm die eenheid (Jos 3:6-8) `n duidelike struktuur.

3:9-13 vertel van Josua se toespraak tot die volk (nie die opdragte aan die priesters soos verwag nie). Eerstens is daar `n herinterpretasie van **3:10**. Die gedeelte brei Josua se eerste toespraak tot die volk uit. Die ark kom ter sprake (**3:11**), maar sonder verwysings na die priesters wat dit sou dra. Volgens Peckham antisipeer hierdie gedeelte die rol wat die ark sou speel in **4:4-7**. Weer eens verklaar Peckham teenstrydighede op grond van literêre tegniek eerder as op redaksionele vlak. Verder bevat **3:12** `n *proleptiese* opdrag aan die mense, en vervang die opdrag wat hy aan die priesters gegee het (**3:8**). Hoofstuk **4:1-3, 8-9** (Josua se opdrag aan die twaalf manne om die klippe in die rivier, en in Gilgal te pak) dien as uitvoering van die opdrag in **3:12**. Uiteindelik is daar `n terugkeer na Jahwe se opdrag (**3:13=3:8**) en eindig die gedeelte met twee paranetiese uitdrukkings wat in die volgende perikoop uitgebrei word. Die eerste is `n verwysing na die waters (wat natuurlik `n rol speel in die natuurwonder [**3:16**]). Die tweede verwysing is na die feit dat die waters gestop is. Die natuurwonder word in **3:16** verder uitgebou. Die gedeelte bevestig dus Peckham se teorie dat sekere gedeeltes geantisipeer word.

3:14-17 bou verder aan die oorgang van die Jordaan, en sit Jahwe se instruksies aan die priesters voort (**3:15=3:8**). Weereens kom daar paranetiese gedeeltes voor. Die eerste verduidelik dat die priesters voor die volk geloop het (**3:14**), soos hulle beveel is (**3:6**). Die tweede paranetiese gedeelte verbind die tyd tot hulle voete die water geraak het met die opdragte van Jahwe (**3:8**) en Josua (**3:13**). Die derde gedeelte dui aan dat die Jordaan oor sy walle gestroom het (**3:15**) en dit word aan die einde van die oorgang herhaal (**4:18**). Die terme $hZ<h$; $\sim AYh$; (*vandag* (**[3:7]**), $aWhh$; $\sim AYB$; (*dié dag* [**4:14**]), en $hl'y>L'h$; (*vanaand* [**4:3**]) is `n manier om gebeure volgens `n kalender te organiseer (**3:7, 15; 4:19**). Sodoende word die natuurwonder

presies gedateer tot op die dag van die maand. Die volgende gedeelte verbind die stilstand van die waters (**3:16**) met die stilstand van die priesters (**3:17**). Verder is daar 'n onderskeiding tussen die waters bo by Adam en die onder by die Rooi see. Die onderskeid word verhelder deurdat die oorgang by Jerigo plaasvind. Verder interpreteer die paralelle gedeelte die oorgang by Jerigo deur die Jordaan as 'n trek oor droë grond tussen die boonste en die onderste waters.

In Josua 4 sien die grammatikale verbande tussen die afsonderlike perikope soos volg daaruit:

Josua 4:1-9 bevat 'n opdrag van Jahwe en die uitvoering daarvan (**4:1-3, 8-9**). Hierdie gedeelte omvat 'n opdrag van Josua en die uitvoer daarvan (**4:4-7**). Beide word vooruitgeloop deur Josua se tweede rede (**3:9-13**). Die opdrag om 12 man te kies is deur Josua gegee (**3:12**) en deur Jahwe herhaal (**4:2**). Dit word as een opdrag uitgevoer (**4:8**). Die stelling dat die ark voor die volk sal uitgaan (**3:11**) word vervul wanneer die waters voor die ark skei (**4:6-7**). Hierdie gedeelte vertoon 'n belofte-ervulling skema. Jahwe se opdrag om klippe van die Jordaan te neem word op twee maniere gehoorsaam. Eerstens neem die volk klippe van die middel van die Jordaan (**4:8**). Josua het klippe in die voetspore van die priesters gepak, dus kon die volk nie anders as om die bevel te gehoorsaam nie. In die tweede plek pak die volk Israel die klippe by Gilgal (**4:20-24**).

4:10-13 bevat weer 'n paranetiese gedeelte wat die gehoorsaamheid van die priesters uitlig. Hulle staan in die Jordaan soos Jahwe hulle beveel het (**4:10=3:8**), maar hulle gaan voor die volk deur die Jordaan soos wat Josua hulle beveel het (**4:11=3:14=3:6**).

4:14-19 begin met 'n paranetiese verwysing na Josua as opvolger van Moses. Hierdie gedeelte funksioneer as 'n vervulling van Jahwe se belofte om Josua te verhef (**4:14=3:7**). 'n Bevel van Jahwe (**4:15-16**) sluit die gedeelte van die skeiding van die waters af. Josua dra hierdie bevel aan die volk oor (**4:17**), en die priesters gehoorsaam die bevel (**4:18**). Die Jordaan se waters keer terug na normaal wanneer die priesters se voete droë grond bereik (**4:18=3:15**). Die gedeelte eindig met 'n verwysing na die datering van die wonder (**4:19**) en 'n opmerking dat die oorgang naby Jerigo voltooi is.

4:20-24 herhaal die tema van die 12 klippe (4:20=4:8) en verder herhaal dit Josua se vroeëre uitleg daarvan (4:21-22=4:6-7). Dit bevat 'n verwysing na die Rietsee (4:23) en eindig met 'n belofte aan Israel en die nasies (4:24).

3.2.1.2.5 Gevolgtrekking

Peckham se struktuuranalise van Josua 3 en 4 skep probleme. As die teks so fyn verweef is soos wat Peckham voorstel, skep enige afwyking van die struktuur komplikasies. Die volgende dien as voorbeeld:

Vers 12 is waarskynlik 'n latere byvoeging, omdat die vers nie in die huidige konteks pas nie.¹⁴⁹ Peckham se verklaring van vers 12 as *prolepsis*, is geforseerd. Verder probeer hy hoofstuk se 4 se uiteenlopende vertellings van 12 klippe in die rivier en 12 klippe by die heiligdom, met mekaar versoen. Sy pogings om die twee weergawes van die klippe te versoen, is nie oortuigend nie. Verder bestaan die moontlikheid dat die uitdrukking “*die priesters, die Leviete*” (~YIwIl.h; ~ynIh]Koh;) in Josua 3:2 'n latere redaksie verteenwoordig (Noth 1953:32).¹⁵⁰ Die verwysing na die ark verteenwoordig waarskynlik 'n latere redaksie van die verhaal, omdat dit nie in die oorspronklike *Grundschrift* van Josua 3 voorkom nie (vgl 4.5).¹⁵¹ Die onderbreking van Josua se toesprake dui eerder op redaksionele arbeid as op 'n fyn uitgewerkte struktuur. Peckham se model is net oortuigend as die teks 'n literêre eenheid verteenwoordig. Daar is nie ruimte by Peckham vir latere byvoegings of redaksies nie, omdat dit die fyn struktuur van die teks onderbreek.

Josua 3 en 4 vertoon egter kenmerke van 'n teks wat 'n ingewikkelde redaksionele proses deurloop het. Hierdie argumente dui aan dat Peckham se benadering nie as 'n klinkklare oplossing vir die probleme in Josua 3 en 4 voorgehou kan word nie.

¹⁴⁹ Noth (1953:35) stel voor dat die vers by 4:4ab, 4b, 5 hoort. Herzberg (1965:29) meen dat die vers oorspronklik vóór 4:1-9 hoort.

¹⁵⁰ In hierdie studie plaas ek Josua 3:2-4 in 'n Kronistiese konteks (sien 3.4.4.1).

¹⁵¹ “The ark surprises us here. We are really not prepared for its appearance” (Butler 1982:44). En: “The presence of the ark here, as we have noted, is a difficulty. We would simply recall that; (a) the ark never appears elsewhere in the narratives of the conquest; (b) it never appears elsewhere at Gilgal” (Soggin 1972:56).

3.2.1.3 H.J. Koorevaar

3.2.1.3.1 Inleiding

Koorevaar probeer om die literêre opbou van die boek Josua te beskryf. Die waarde van Koorevaar se studie is tweeledig. In die eerste plek dui hy aan dat tekste nie kronologies gelees hoef te word nie. Volgens sy model vertoon die boek Josua eerder die struktuur van 'n *chiasme*. In die tweede plek probeer hy aantoon dat 'n sinchroniese benadering tot die teks nie vrae rondom die ontstaan van die boek uitsluit nie. Alhoewel Koorevaar se benadering a-histories is, lei sy literêre benadering onverwags na 'n ontstaanstydperk en *Sitz im Leben* van die boek Josua.

3.2.1.3.2 Josua

Koorevaar (1990:9) poog in sy studie om die opbou van die boek Josua te beskryf. Volgens dié Amsterdamse skool waaraan hy behoort, val die klem op die finale gestalte van die teks. Daarom is die historiese dimensie van teksanalise nie vir die Amsterdamse skool van primêre belang nie. Die babiloniese ballingskap is volgens Koorevaar (1991:16) die ontstaanstyd van die meeste Ou Testamentiese narratiewe. Sy ondersoek lei hom om die *petuhôt* en *setomôt* (die spasies in die teks wat die teks opdeel) te bestudeer. In die meeste hebreuse manuskripte is daar 'n tendens dat die *setumôt* meer voorkom as die *petuhôt*. Koorevaar (1990:75-90) maak die afleiding dat die *setumôt* ouer is, en dat daar later 'n noodsaaklikheid was om die teks in nog kleiner eenhede op te deel. Die houding van die Ben Asher-familie teenoor die verskil tussen *petuhôt* en *semotôt* is 'n aanduiding dat die *petuhôt* en *semotôt* latere toevoegings is om die teks meer struktuur te gee.

Nadat hy 31 voorbeelde van die struktuur van die boek bestudeer, identifiseer hy 'n onderliggende struktuur. Koorevaar (1990:113-120) deel die boek Josua in vier hoofdele op. Elke hoofdeel word deur 'n term verteenwoordig. Die hoofstukindeling en die term wat by elke hoofgedeelte pas, sien soos volg daaruit:

- Josua 1:1-5:12 (**rb** [- deurgaans);
- Josua 5:13-12:24 (**xq**l - neem);
- Josua 13-21 (**q**l**x** - verdeel);

- Josua 22-24 (**db** [- dien).

Elkeen van die hoofdele vertoon op sy beurt die volgende struktuur:

- God beveel;
- Bevel word uitgevoer;
- Uitvoer van bevel word vermeld.

In die eerste hoofdeel (1:1-5:12) is daar drie eenhede tussen Jahwe se bevel en die vermelding. In die tweede hoofdeel (5:13-12:24) is daar ses eenhede, in die derde (13-21) nege en die laaste hoofdeel (22-24) drie eenhede. Op grond hiervan is twee opmerkings van belang. In die eerste plek vertoon die hele struktuur `n *inclusio*. Die eerste en laaste hoofdeel wat uit drie eenhede bestaan, vorm `n afgeronde eenheid. In die tweede plek fokus Koorevaar op die derde hoofdeel wat uitstaan omdat dit so lank is (nege eenhede tussen Jahwe se bevel en die vermelding van die uitvoer daarvan). Die derde eenheid vertoon vir hom `n *chiastiese* struktuur met hoofstuk 18:1-10 (die tent van ontvoering by Silo) as die middelpunt.

A 1:1-5:12

Sleutelwoord rb [

1:1-19	1ste opdrag van God: gaan die Jordaan deur
1:10-18	Josua se opdragte aan die offisiere
2:1-24	Verkenning van Jerigo
3:1-4:24	Uitvoering van opdrag: besnydenis en pasga

B:5:13-12:24

Sleutelwoord xq1

5:13-6:5	2de opdrag van God: neem Jerigo in
6:6-6:27	Oorwinning oor Jerigo
7:1-8:29	Oorwinning oor Ai
8:30-8:35	Altaar by Sigem
9:1-27	Verbond met Gibeoniete
10:1-43	Oorwinning oor stede (ook Jerusalem)
11:1-15	Oorwinning oor stede (ook Hasor)
11:16-12:24	Uitvoering van opdragte: samevatting van oorwinnings

C:13-21

Sleutelwoord q1x

13:1-7	3de opdrag van God: verdeel Kanaän
13:8-33	Transjordanië: deel van die 2½ stamme
14:1-5	Begin van die verdeling
14:6-15	Kaleb se deel
15:1-17:8	Juda en Josef se deel
18:1-10	Tent van ontmoeting by Silo

18;11-19:48	Die oorblywende 7 stamme se deel
19:49-51	Josua se deel
20:1-6	4de opdrag van God: oprigting van vlugtelingstede
20:7-21:45	Uitvoering van opdrag: opsomming
D:22-24	Sleutelwoord db [
22:1-34	Terugkeer van die 2½ stamme
23:1-16	Josua se afskeidstoespraak
24:1-18	Verbondsluiting by Sigem
24:29-33	Dood en begrafnis van Josua

Die feit dat die tent by Silo in die middelpunt van die boek staan, het verdere implikasies. Koorevaar (1990:276) argumenteer dat die boek voor die vernietiging van Silo (ongeveer 1075 vC) tot stand gekom het, aangesien dit nutteloos sou wees om so 'n belangrike boodskap aan 'n plek te koppel wat nie meer bestaan nie. Die feit dat Jerusalem in die boek Josua geïgnoreer word, is vir hom belangrik, omdat dit 'n ontstaanstydperk vóór die toestandoming van die monargie impliseer. Verwysings na die stad meld dat dit deur die Kanaäniete beheer word. Daar is geen spesiale plan met Jerusalem nie. Koorevaar (1990:276) kom tot die gevolgtrekking dat die boek histories 'n tyd weerspieël waar Jerusalem nog nie onder Israelitiese beheer was nie (vóór 10vC). Alhoewel die heiligdom van Silo 'n belangrike rol in die boek Josua speel, beteken dit nie noodwendig dat die boek Josua vóór die vernietiging van die heiligdom van Silo geskryf is nie. Die basisverhaal van die boek Josua pas myns insiens eerder in die 7^{de} eeu vC (vgl 4.6).

3.2.1.3.3 Gevolgtrekking

Koorevaar (1990:48) se benadering rus onder andere op die voorveronderstelling dat die boek Josua 'n selfstandige geskrif is. Die boek word nie primêr as deel van 'n Heksateug of Deuteronomistiese Geskiedenis gelees nie. 'n Probleem met hierdie benadering is dat die vele oneffenhede en teenstrydighede in die boek dit moeilik maak om na die boek as 'n eenheidsgeskrif te verwys. Hierdie opmerking het verder betrekking op sy rekenaar-geleide studie. Wanneer statistiek bewerk word om die getal eenhede te bereken, berus dit op die voorveronderstelling dat die hele boek met 'n plan of struktuur geskryf is. Histories-Kritiese ondersoeke bepaal dat die boek uit verskillende gedeeltes bestaan wat later saamgevoeg is. So byvoorbeeld is die

hipotese van hierdie studie dat die boek Josua uit 'n oorspronklike *Grundschrift* bestaan wat hoofsaaklik in die eksiliese en ná-eksiliese tyd uitgebrei is (Bieberstein 1995).

Die opmerkings rondom Silo en Jerusalem is ter sake. Net omdat Jerusalem geïgnoreer word as Jawe se uitverkore stad, veronderstel dit nie noodwendig 'n vroeëre datering nie. In die ná-eksiliese tyd (ná 515vC) was daar 'n weersin teen die tempel in Jerusalem. Omdat die Sadokitiese priesters meestal in beheer van die tempel was (tot die 4-3^{de} eeu vC toe die Leviete se status verhoog is as priesters)¹⁵² kan die boek juis as 'n kontra-narratief op die Sionsteologie geïnterpreteer word. Die klem op die Levitiese draers van die ark (3:2) is juis 'n voorbeeld hiervan. Hierdie klem op Silo as aanbiddingsplek bied verskeie interpretasie moontlikhede. So byvoorbeeld kom Silo waarskynlik in 'n ideologiese konteks voor. In Jeremia 26 word Silo as 'n skuilnaam vir Jerusalem gebruik. Dieselfde tegniek kom waarskynlik in Psalm 78:60 voor (Gerstenberger 2001:90). Silo verteenwoordig die heiligdom van Eli (1 Sam 1-2) en in die konteks van Psalm 78 verteenwoordig dit waarskynlik 'n simbool van ongehoorsaamheid. Verder bestaan die moontlikheid dat die verskillende heiligdomme moontlik later in die ná-eksiliese konteks gebruik is om legitimiteit aan priestergroepe te verleen. So byvoorbeeld meen Knauf (2006:291-349) dat die heiligdom van Bet-El eers rondom 515 vC vernietig is, en dat die die stryd met die Samaritane moontlik toegeskryf kan word aan 'n stryd tussen die priestergroepe van Bet-El en Jerusalem. Daarom is dit moeilik om te veel van Silo in Josua 18 te maak, soos wat Koorevaar (1990 120) voorstel.

3.2.1.4 D.L. Hawk

3.2.1.4.1 Inleiding

Hawk (1991:16) neem sterk posisie in teen 'n Histories-Kritiese verstaan van die boek Josua. 'n Histories-Kritiese benadering sou inderdaad 'n verklaring kon bied vir die inkonsekwentheid en oneffenheid in die teks. Volgens 'n Histories-Kritiese benadering is die inkonsekwentheid en oneffenheid in die teks die resultaat van 'n samevoeging van deuteronomisties-geredigeerde tekste, ongeredigeerde bronne, en

¹⁵² Volgens Bieberstein (1995:356) is die gelykstelling tussen priesters en Leviete eers sigbaar in tekste wat ná Esegël en die Priesterskrif (P) gedateer word. So val die klem in die boek Kronieke op die Leviete.

latere byvoegings. Hawk (1991:16) wys egter op die leemtes in die deuteronomistiese verstaan van die boek Josua. Volgens hierdie model word die sogenaamde deuteronomistiese elemente bewaar, terwyl enigiets wat van die deuteronomistiese agenda afwyk as byvoegings verklaar word.

3.2.1.4.2 Josua

Hawk ondersoek 'n literêre benadering tot die teks. Volgens sy benadering ervaar die leser teenstrydighede in die teks omdat die teks juis so georganiseer is. Die “*plot*” van die verhaal vorm die fokus van sy studie. Hawk verstaan die term “*plot*” op verskillende vlakke. Maar op die oppervlakte kan die term na die raamwerk of breë trekke van 'n verhaal verwys. Op 'n dieper vlak verwys die term “*plot*” na insidente en patrone in die verhaal en hoe dit met mekaar verbind word om uiteindelik 'n logiese verhaallyn te vorm. 'n Derde interpretasie volgens Hawk is wanneer “*plot*” na die gedagtestroom, wat die teks in die leser se brein organiseer, verwys. Die brein verbind die afsonderlike insidente in 'n verhaal tot 'n aaneenlopende narratief.

Die dinamiese kwaliteit van “*plot*” is volgens Hawk nie net beperk tot die teks nie. Die brein is geneig om te gebeurtenisse te organiseer. “*Plot*” is volgens hierdie definisie 'n werkwoord *en* 'n selfstandige naamwoord. As 'n werkwoord verwys dit na die proses waardeur 'n verhaal gekonstrueer en verstaan word. Wanneer dit as 'n selfstandige naamwoord verstaan word, verwys dit na die strukture en aaneenskakeling van strukture wat 'n verhaal vorm.

Hawk (1991:28) brei die definisie van “*plot*” verder uit. Hy verwys eerstens na “*plot*” as “*design*”. Omdat die leser(s) verwag dat die lewe ordelik en gestruktureerd is, skep dit 'n verwagting dat tekste ook georden moet wees. “*Plot*” bind 'n opeenvolging van gebeurtenisse in 'n verstaanbare verhaal. Verder is “*plot*” verbind aan kousaliteit. So gee Jahwe die stad Jerigo in Josua se hande, want die volk was gehoorsaam. Daar is egter nog ander maniere om gebeurtenisse te verbind. Volgens Hawk (1991:29) gebruik die skywer(s) herhaling om na die verlede te verwys, terwyl die toekoms terselfdertyd binne rekening bly (Hawk 1991:29). In terme van die boek Josua, is die oorgang oor die Jordaan 'n sinspeling na die Rietsee-gebeurtenis.

Die twaalf klippe en die oproep om drie dae te wag is `n verdere verwysing na die Sinai-gebeure.

Verder wys Hawk (1991:32) op die invloed van die tyd op “*plot*” as “*plot and temporality*”. “*Plot*” organiseer gebeurtenisse in `n begin, middel en einde. Die dood van Moses (1:2) en die dood van Eleaser (24:28, 29, 33) omraam die boek Josua. Verskillende altare wat opgerig word om gebeurtenisse te onthou, verbind die hede en die verlede. Hawk (1991:34) dui dan aan dat daar somtyds `n verskil tussen die opeenvolging van gebeurtenisse in die verhaal, en die werklike volgorde van gebeurtenisse is. Somtyds maak skrywers van *prolepsis* gebruik om te verwys na iets wat nog moet gebeur. Die verhaal word dan vooruitgeloop. *Analepsis* verwys weer na `n gebeurtenis wat reeds plaasgevind het. In terme van die boek Josua is *prolepsis* en *analepsis* juis belangrik omdat die narratief juis nie altyd volgens `n logiese patroon verloop nie.

Die einddoel van `n narratief is belangrik. Hawk (199:135) noem hierdie element “*sense of an ending*”. `n Verhaal het `n logiese vloei na `n einde. Eers aan die einde van `n verhaal word verskillende elemente van die verhaal logies bymekaargebring. Struikelblokke wat `n goeie einde bedreig, moet eers deur die plot verwyder word.

Somtyds gebeur dit dat tekste stomp en onduidelik voorkom. Terwyl Histories-Kritiese ondersoek dikwels na sulke tekste as *fragmente* verwys, wat in die verhaal ingevoeg is, soek Hawk (1991:36) eerder literêr-kritiese antwoorde op die probleme. Hy dui aan dat sulke tekste juis spanning skep, en dat spanning nodig is in enige narratief. Hawk probeer nog verklarings vind vir die spanning en teenstrydighede in `n teks. Hy bevind dat wanneer tekste te glad verloop, dit nié so `n groot impak op die leser(s) het nie. Die lewe verloop nie altyd duidelik en logies nie. Enige afwyking daarvan vorm dan `n skeptisisme. In terme Josua word `n fragmentariese prentjie van mislukking en hartseer geteken. Selfs aan die einde van die boek, waar `n verbond met Jahwe gesluit word, is daar tekens van skeuring. Buitestaanders en Israëliete is nou almal deel van die volk, en daar is selfs sekere mense uit die Kanaänitiese bevolking nou ook deel van die Israëliete. Die teenwoordigheid van ander gode in die land bedreig die verbond met Jahwe. Volgens Hawk verwoord die

boek die worsteling om Jahwe se beloftes te laat realiseer. Die lewe is nie maklik nie, en ongehoorsaamheid bedreig die mens se einddoel.

“*Plot*” funksioneer volgens Hawk (1991:37) op `n Freudiaanse of psigoanalitiese vlak. Elke verhaal het `n begin, `n liggaam-gedeelte en `n einde. Die begin van `n verhaal skep `n opgewondenheid en begeerte by die leser om die verhaal klaar te lees. Sodoende funksioneer die middel-gedeelte (liggaam) van `n verhaal om die krisis wat in in enige verhaal van `n goeie einde bedreig, eers uit die weg te ruim deur middel van die “plot”. Die middelste gedeelte is dus waar die verhaal ontvou. Hierdie begeerte om `n verhaal klaar te lees met die oog op `n gelukkige einde, speel `n verdere rol. Die leser gebruik energie om die verhaal so te herinterpreteer dat dit saak maak in sy/haar eie lewe. So illustreer Hawk se model die verband tussen `n teks en die leser, en toon die leser se begeerte en strewe na orde en struktuur in hul lewens.

Hawk (1991:40) gebruik die element van begeerte as die primêre metafoer om die funksie van plot in die boek Josua te verstaan. Die leser se begeerte inisieer die plot, beheer die verskillende eindes waarheen die verhaal beweeg, en stel die patrone wat die begin en die einde aan mekaar verbind. In die begin van die verhaal belowe Jahwe die land aan die volk. Hierdie verwagting loop regdeur die verhaal. Daar is egter struikelblokke op die pad na die einde van die verhaal. Die volk word verdeel en die neiging is om afgode te aanbid. Herhalende motiewe speel `n bepalende rol, soos Israel se ongehoorsaamheid aan Jahwe en die mislukte pogings om die hele land te verower. Die einde van die verhaal kom dan aan die orde, en die vraag is of dit ooreenkom met die verwagte einde van die verhaal. Verskillende ‘*plotte*’ bots met mekaar. So is daar Israel se begeerte om gehoorsaam aan Jahwe te lewe. Daardeur word hulle verseker van die land en die feit dat Jawe hulle nié sal straf nie. Jahwe begeer weer eenheid met die volk, soos die verbond illustreer. Hierdie eenheid word ironies genoeg deur die land (wat Jawe as `n geskenk gee) bedreig, omdat hulle die land kan verloor as hulle ongehoorsaam aan Jahwe is. Saam met die land kom die vrugbaarheids gode wat `n groot probleem vir die volk sou word. Jahwe en Israel begeer `n einde wat nog nié vervul is nie. Volgens Hawk is dit die verteller se begeerte om die verhaal gelukkig te laat eindig. Nogtans word die realiteit van ongehoorsaamheid en verdeeldheid voorgehou in die verhaal. Hawk (1991:145)

beskou ten slotte boek Josua as 'n spieëlbeeld van die lewe. Die mens strew na geluk, maar die onsekerhede en gebrokenheid van hierdie lewe is gedurig 'n realiteit in mense se lewens. Ons leef soos Israel tussen belofte en vervulling.

3.2.1.3.3 Gevolgtrekking

Hawk argumenteer vanuit 'n sinchroniese benadering. Alhoewel die immanente teks van uitermate belang is, skep die afwesigheid van 'n historiese bewussyn by Hawk 'n leemte. Nogtans is 'n kombinasie tussen sinchroniese en diachroniese benaderings in eksegetiese die ideaal vir verantwoordelike eksegetiese (Jonker 2000:632; Groenewald 2004:632; Barton 2007:127-137). 'n Kombinasie van verskillende benaderings bring balans in die eksegetiese proses. Hawk kies egter vir 'n a-historiese literêre benadering.

Hawk se eendimensionele benadering tot Josua 3 en 4 bring nie noodwendig oplossings vir die teenstrydighede in die teks nie. Hy kies eerder vir komplekse wersterse literêre invalshoeke wat op die immanente teks konsentreer, as om redaksie-kritiese moontlikhede te oorweeg. Ek is ooruiig dat die kronologiese probleme in Josua 3 en 4 'n multi-dissiplinêre ondersoek regverdig. 'n Eensydige benadering, hetsy literêr-krities of redaksie-krities, is myns insiens nie genoeg om Josua 3 en 4 te interpreteer nie.

In hierdie gedeelte het ek probeer om die belangrikste voorbeelde van die literêre benadering tot Josua 3 en 4 te bespreek. Die literêre benadering is gebaseer op 'n interpretasie van die finale vorm van die teks. Alhoewel die bostaande voorbeelde (Peckham, Polzin, Koorevaar, Hawk) 'n besondere bydrae tot die interpretasie van die boek Josua maak, is ek nie oortuig dat 'n suiwer literêre benadering genoeg is om die teenstrydighede in Josua 3 en 4 te verklaar nie. Dit wil eerder voorkom asof die boek Josua die produk van 'n lang ontstaansproses is. Om hierdie rede bespreek ek nou die Histories-Kritiese benadering tot Josua 3 en 4.

3.2.2 Histories-Kritiese benadering

’n Histories-Kritiese invalshoek veronderstel dat die teks nie as ’n literêre eenheid ontstaan het nie. Die teks is eerder ’n resultaat van verskeie redaksionele prosesse. Sodoende val die klem op die groei van die teks. Die eksegeet se taak is om die verskillende groeistadia van die teks te identifiseer en te analiseer. Twee basiese benaderings van hier van belang. Sommige navorsers (Vogt 1965:128-145; Wijngaards 1969:3vv; Otto 1975:26-75; Butler 1983:41-42) beskou die teks as ’n ineenkakeling van **twee selfstandige narratiewe**. Ander (Rudolph 1938:169-178; Noth 1953: 25, 27, 31-32; Keller 1956:85-97; Dus 1960:107-134; Maier 1965:18-32; Boling 1983:179-181; Görg 1991; Fritz 1994:46-56; Bieberstein 1995:304-427; Nelson 1997:58) benader weer die teks as ’n **basisteks met verskeie uitbreidings**. Hierdie twee benaderings kom nou aan die orde.

3.2.2.1 Twee selfstandige narratiewe

3.2.2.1.1 E. Vogt, J.N.M. Wijngaards en E. Otto

Vogt (1965:128-145) onderskei ’n historiese en ’n kultiese narratief. Die historiese narratief vertel die verhaal van die reis van Sittim na die Jordaan, die waters wat stilstaan by Adam, die weermag wat toesak op Jerigo, en die kampering by Gilgal. Twee deuteronomistiese byvoegings is by die historiese en kultiese narratiewe gevoeg, naamlik die opheffing van Josua (3:7; 4:14) en die verwysing na die Transjordaniese stamme (4:12). Die historiese narratief is deur middel van ’n redaksionele proses ineengewef met ’n langer kultiese narratief wat die reis na die Jordaan en die natuurwonder in groter detail beskryf.

Wijngaards (1969:3vv) identifiseer twee inmeekaargevlegde tradisies, naamlik ’n Sigem en ’n Gilgal-tradisie. Otto (1975:26-75) identifiseer ’n Gilgal en ’n deuteronomistiese tradisie. Die teenstrydighede in Josua 3 en 4 dan is die resultaat die samevoeging van die twee narratiewe.

Met die uitsondering van Eissfeldt (1974:244-248; 252-254) en Fohrer (1984:197) vermy die meeste navorsers die klassieke Pentateug-bronne in die studie van Josua 3

en 4.¹⁵³ Een van die redes hiervoor is die feit dat nié alles in Josua 3 en 4 herhaal word nie. So byvoorbeeld staan die waters net eenmaal stil (3:16) en keer die waters net eenmaal terug ná die wonderwerk (4:18). Om hierdie rede is die veronderstelling van twee parallelle bronne moeilik bewysbaar.

3.2.2.1.2 T.C. Butler

Butler (1983:41-42) dui aan dat sekere elemente in die Josua 3 en 4 herhaal word. Hierdie herhaling veronderstel volgens Butler 'n vermenging van twee verskillende narratiewe.¹⁵⁴ Butler meen verder dat hierdie benadering moeilik gemaak word deur die feit dat geen van die klassieke Heksateug-bronne in Josua 3 en 4 voorkom nie. Die kronologie en samestelling van die teks is volgens Butler (1983:41) 'n aanduiding dat Josua 3:1 by hoofstuk 2 aansluit, terwyl hoofstuk 3:2 na 1:11 terugwys. Hy identifiseer twee primêre narratiewe. Een narratief loop uit op 'n kamp by Gilgal (4:19-20) terwyl 'n ander na Jerigo wys (3:16). Een verwys na die oorgang van die Jordaan in die taal van Eksodus 14-15, en eindig in 'n kategetiese stelling (4:21-23). Die ander verhaallyn beskryf die oorgang in terme van die ark, en dit eindig in 'n soortgelyke kategetiese stelling (4:6-7).

Butler (1983:42) begin by die twee slotstellings wat hy as kategetiese stellings aandui. Die eerste slotstelling fokus op die ark (4:6-7), terwyl die ander weergawe (4:20-24) op die wonderwerk van die water fokus. Die ark is verder die middelpunt van die volgende verse: 3:2-4, 6, 9, 10(?), 11-14, 16b; 4:4-7, 11. Volgens Butler se model

¹⁵³ Fohrer (1984:197) neem standpunt in teen Noth se benadering om die doeblette in Josua 3 en 4 as latere byvoegings in plaas van bronne te hanteer. Volgens Fohrer verteenwoordig Rig 1:1-2:5 die vroegste weergawe van die landsverowering. Hy beskou hierdie weergawe as 'n voorbeeld van die sogenaamde N (nomade) bron, wat die landsverowering as verskillende oorloë uitbeeld. Eissfeldt (1974:244-248; 252-254) meen dat die klassieke Pentateug-bronne in die boek Josua voorkom.

¹⁵⁴ Die volgende herhalings kom voor:

- Drie dae wagtydperk (2:22; 3:2);
- Twee ekstra nagte: een vir die kampering (3:1) en een vir die heiliging (3:5);
- Deurgang deur die Jordaan (3:16b; 4:10);
- Priesters wat uit die rivier opkom (4:11,18);
- Twaalf manne wat die klippe dra (3:12; 4:2);
- Oprigting van die klippe in die Jordaan (4:9) en Gilgal (4:20);
- Opdrag om die kinders te onderrig (4:6-7, 21-24).

fokus die tweede weergawe op die rol van die priesters: 3:1b, 5(?), 7aA, 8-10, 15-16aA, 17;4:1-3, 8, 15-22. Hierdie weergawe weerspieël waarskynlik 'n kultiese agtergrond (wat heel waarskynlik na Gilgal teruggevoer kan word).¹⁵⁵ Hy dui aan dat geeneen van die verhale 'n bepaalde spanningslyn vertoon nie. Albei narratiewe is eerder onderrig tekste wat wil leer hoe die ark die mense gelei het wat gehoorsaam was. Butler (1983:43) gee toe dat die teks te ver verwyderd van die oorspronklike omstandighede is om enige historiese afleidings te maak. Om hierdie rede is dit moeilik om die ontstaan van die teks aan 'n bepaalde tyd te koppel. Josua word in hoofstuk 3 en 4 as beide 'n militêre leier (3:6;4:4-5) en 'n profeet (3:9-11) voorgelou.

Butler onderskei dus twee narratiewe. Hy koppel die ark-narratiewe aan die heilige oorlog-motief, alhoewel hy nie die heilige oorlog duidelik omskryf nie. Hy dui wel aan dat die heilige oorlog-skema van Von Rad 'n latere ontwikkeling is, en dat die motief van Jahwe as 'n kryger moontlik uit 'n vroeëre (vóór-monargale) stadium van Israel se geskiedenis kan dateer. Die narratiewe van die natuurwonder hoort weer in die konteks van die kultus. Volgens Butler (1983:42) is die oorsprong van hierdie kultiese narratiewe by die heiligdom van Gilgal te vinde. Hy maak ruimte vir die hipotese dat enige van die heiligdomme van Israel (bv Silo of Jerusalem) die Gilgal-narratiewe kon oorgeneem en verwerk het (Butler 1983:43).

Butler se benadering poog om Josua 3 en 4 na twee afsonderlike narratiewe terug te lei. Die klem op Gilgal as oorsprong van die kultiese narratiewe is egter te betwyfel. Gilgal is waarskynlik 'n verwysingspunt waarmee die ná-eksiliese gemeenskap hulle voorouers se geskiedenis probeer reconstrueer het (sien 4.7.3.3.2).

3.2.2.2 Basisdokument met uitbreidings

3.2.2.2.1 W. Rudolph

- Rudolph (1938:169-178) identifiseer 'n basisdokument wat hy aan die Jahwistiese bron (J) koppel. Die basisverhaal omvat die volgende verse:

¹⁵⁵ Butler (1983:43) gee toe dat die kultus-benadering wyer geïnterpreteer kan word: "The developed state of the present narrative and its relation to the sea narrative make it possible that any of the cultic centres of Israel could have taken it up and reflected upon earlier material, formalizing it into the present shape. The central role of the ark might indicate that Shiloh, or even Jerusalem has influenced the material".

3:1, 5-6, 14-17; 4:9, 10b, 12-13, 11a, 15-18, 11b, 19b (Jordanoorgang en natuurwonder);

- `n Vroeë uitbreiding deur J se redaktor:
3:7-11, 13; 4:14 (Josua se verhoging);
- `n Sekondêre verhaal:
3:12; 4:1b-5, 3b, 8abb, 10a, 20 (klippe in die Jordaan en Gilgal).
- Deuteronomistiese byvoegings:
3:2-4, 10; 4:6-8aa, 21-24 (rol van die ark en die les van die wonder).
- Verdere glosse:
3:4ab^a; 4:1a, 19a).

Rudolph se klem op `n Jahwistiese bron as oorsprong van die basisdokument is die swakpunt van sy model. Die klassieke bronnehipotese, met die klem op J as `n voor-eksiliese bron, is vir alle doeleindes `n uitgediende konsep (vgl 4.7.1).

3.2.2.2 M. Noth

Noth (1953:25, 27, 31-32) gee `n deuteronomistiese oorsprong aan die volgende gedeeltes:

- **3:2-3:** opdrag aan volk en verwysing na ark en Levitiese priesters;
 - **3:6-10:** opdrag aan priesters, verhoging van Josua en opdrag van Josua aan die volk;
 - **4:4-7:** opdrag aan 12 manne en voorneme om die betekenis van die klippe aan die kinders te verduidelik;
 - **4:11b-12:** verwysing na die Transjordaniese stamme;
 - **14-18a:** Josua word verhoog en die priesters kom uit die Jordaan;
 - **21b-24:** oproep om die betekenis van die klippe aan die kinders te verduidelik.
- Die res van hoofstuk 3 en 4 skryf hy toe aan `n antieke liturgie wat moontlik deur `n “*Sammler*” (compiler) ingevoeg is. Noth staan dus reglynig teenoor enige bronneverdeling.

Noth se benadering is gegrond op die rol van die heiligdom by Gilgal. Hy identifiseer twee etiologieë, naamlik die klippe by die Jordaan en die klippe by Gilgal. Die etiologieë sentreer rondom die heiligdom by Gilgal en dien as herinnering van die Jordanoorgang. Nogtans is daar bepaalde leemtes in Noth se benadering:

- Noth se teorie berus op die amfiktionie-hipotese. Hiervolgens was die ark die middelpunt van die sentrale heiligdom van die amfiktionie. Die teenwoordigheid van die ark in Josua 3-4 is dus gekoppel aan die amfiktionie-hipotese. Volgens Noth se benadering was Josua nie oorspronklik deel van die narratief nie. Die resultate van hierdie studie dui daarop dat die figuur van Josua deel van die oorspronklike *Grundschrift* was (vgl 2.2.3.1);

3.2.2.2.3 C.A. Keller

Keller (1956:85-97) identifiseer 'n vroeëre weergawe van hoofstuk 3 en 4 wat oor die deurgang deur die Jordaan en die klippe berig. Die res van Josua 3 en 4 is alles sekondêr: Josua, die ark, die verwysing na die hele volk Israel, die priesters, en die opdrag en gehoorsaam-skema wat die verhaal inkleur. Die oorspronklike narratief het na die ontstaan van die Gilgal-kultus verwys, en dit is mettertyd met die Rietsee-vertelling verbind. Hierdie vermenging van narratiewe is volgens Keller se model verantwoordelik vir die teenstrydighede en herhalings in Josua 3 en 4.

Die volgende opmerkings is aan die orde:

- Hierdie model beklemtoon die rol van die heiligdom van Gilgal. Die klem op Gilgal en die gepaardgaande etiologie is waarskynlik misplaas. Volgens die benadering van hierdie studie maak oorspronklike verhaal van Josua 3-4 eerder deel uit van 'n groter landsveroweringsverhaal. Etiologie maak nie noodwendig die primêre deel van die narratief uit nie. Die moontlikheid bestaan dat etiologie eerder deel van 'n latere terugprojeksie uitmaak (vgl 4.7.5.2);
- Die afwesigheid van die Josua-figuur in die oorspronklike verhaal is problematies. Josua was volgens die resultate van hierdie studie juis deel van die oorspronklike verhaal;
- Die klippe by Gilgal vorm myns insiens nie deel van die oorspronklike verhaal nie. Nogtans maak dit volgens Keller deel uit van die basisverhaal.

3.2.2.2.4 J. Dus

In sy analise van Josua 3 en 4 onderskei Dus (1960:107-134) verskeie redaksies. Die redaksies sorteer soos volg, van die oudste laag tot die jongste laag:

- Dus onderskei die vroegste redaksie as 'n etiologie van die 12 klippe in die Jordaan (4:9);
- 'n Etiologie van die 12 klippe by Gilgal en die bevel aan die 12 manne uit elke stam (4:1-3, 8, 10, 20, 21, 23, 24);
- 'n Samesteller was vir die eerste skriftelike redaksie verantwoordelik. Hierdie samesteller het die twee etiologieë met die landsverowering onder Josua verbind;
- 'n Deuteronomistiese redaktor het op die eerste skriftelike redaksie voortgebou deur die rol van die ark te beklemtoon;
- 'n Priesterlike redaktor het die etiologie van die Jordaanklippe uit sy oorspronklike konteks (3:17) geneem en dit met die Gilgal-etiologie verbind.

Dus se literêr-kritiese benadering poog om die verskillende groeistadia van die teks aan te dui. Die volgende opmerkings is egter van belang:

- Die klem op etiologie as die vroegste snit is betwyfelbaar. Ek is van mening dat die oorspronklike *Grundschrift* van Josua 3-4 verhaal eerder deel van 'n landsveroweringverhaal uitmaak (vgl 4.6). Etiologie is myns insiens eerder deel van 'n ná-eksiliese terugprojeksie (vgl 4.7.5.2). Verder is dit baie moeilik om te bewys watter dele van die verhaal oorspronklik mondelings oorvertel is.

3.2.2.2.5 J. Maier

Volgens Maier (1965:18-32) se benadering is die volgende redaksionele snitte van belang:

- 'n Kombinasie van fragmentariese weergawes van 'n Gilgal-etiologie en 'n Benjamitiese (Jordaan)-etiologie;
- 'n Efraimitiese weergawe brei die rol van Josua uit;
- Gedeeltes rondom die ark word bygevoeg;

- 'n Finale redaksie is deuteronomisties van aard, maar Maier laat ruimte vir verskeie glosse en ná-deuteronomistiese byvoegings.

Alhoewel Maier se studie dieselfde literêr-kritiese klem vertoon as sy tydgenote, is daar tog belangrike verskille in sy model:

- Maier verwerp die amfiktionie-hipotese en die rol van die ark by die sogenaamde sentrale heiligdom van Gilgal;
- Sy voorstel dat die ark eers deel van die latere redaksies uitmaak, is uniek.

Nogtans beklemtoon Maier die rol van etiologie en die feit dat Josua nié oorspronklik deel was van die verhaal nie. Hierdie opmerkings vorm myns insiens die leemtes in Maier se benadering.

3.2.2.2.6 R. Boling

Boling (1983:179-181) deel hoofstuk 3 en 4 in vier verskillende narratiewe op:

- Die Jordaandeurgang (3:1-16) omvat die eerste blok. Boling maak die afleiding uit vers 10 dat die verhaal oorspronklik uit 'n vroeë tydperk dateer, toe daar dele van die land aan die oostekant van die Jordaan ingeneem is;
- In die tweede blok trek die volk deur die Jordaan, terwyl die priesters nog in die rivier staan. Die 12 klippe in die heiligdom funksioneer as nagedagtenis van die Jordaanoorgang (3:17-4:8). Volgens Boling se model het die samevoeging van die eerste twee blokke 'n redaktor genoep om 'n verduideliking aan te bied (4:9) as 'n poging om die twee blokke te harmoniseer;
- 4:10-14 volg eintlik op die eerste blok (3:1-16). Die volk Israel voltooi die deurtog. Hoofstuk 4:14 (Josua se verhoging) sluit by hoofstuk 3:7 aan (belofte dat Josua verhoog sal word);
- 4:15-18 is deur 'n finale redaktor bygevoeg om die ark met die verbond te koppel.

Boling plaas die boek Josua in die raamwerk van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2 Kon). Hy voorsien egter twee redaksies: 'n vóór-eksiliese (Dtr¹) en 'n eksiliese (Dtr²) redaksie. Boling se model is dus gebaseer op 'n bepaalde

voorveronderstelling rondom die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk (vgl 2.1.2.5).

3.2.2.2.7 M. Görg

Die boek Josua val volgens Görg (1991:5-6; 17-24) in 'n deuteronomistiese raamwerk. Hy identifiseer vóór-deuteronomistiese stof, deuteronomistiese redaksies en ná-deuteronomistiese redaksies in Josua 3 en 4. Dit word soos volg voorgestel:

- Die oorspronklike verhaal van die Jordaanoorgang: Jos 3:1, 5, 10, 11, 13-16. Görg identifiseer die kern van die verhaal in verse 14 en 16 (die natuurwonder);
- Deuteronomistiese kommentaar: Jos 3:2-4. In vers 6-8 is daar verdere deuteronomistiese kenmerke in die klem op die ark en die priesters, asook die simboliese drietal. In vers 9-13 is daar deuteronomistiese elemente wat aan die deuteronomistiese styl van vers 2-4 herinner;
- Ná-deuteronomistiese byvoegings: vers 4 (die afstand tussen die ark en die mense) en vers 12 (die oproep om 12 manne te kies) is volgens Görg voorbeelde van ná-deuteronomistiese byvoegings.

Die samestelling van hoofstuk 4 lyk soos volg:

- Vóór-deuteronomistiese verhaal: Jos 4:1-5, 8, 19, 20 (die opdrag aan die 12 manne en die oprigting van die klippe by Gilgal);
- Deuteronomistiese uitbreidings: Jos 4:6-7 (die verduideliking van die klippe aan die kinders), 10-14 (die Jordaandeurtoeg), 15-18 (die priesters wat die Jordaandeurtoeg voltooi en die waters wat na hul oorspronklike posisie terugkeer);
- Ná-deuteronomistiese uitbreidings: Jos 4:21-24 (die verduideliking van die klippe en die natuurwonder), 4:9 (die oprigting van die klippe in die Jordaan, 5:1 (die vrees wat Israel by die nasies ingeboesem het).

Görg maak 'n duidelike onderskeid tussen hoofstuk 3 en 4 en probeer nie om die deuteronomistiese redaksies verder te verklaar nie.

Alhoewel die Histories-Kritiese benadering van Görg sin maak, is die volgende opmerkings van belang:

- Josua 4:1-5, 8, 19, 20 hoort waarskynlik eerder in die konteks van 'n deuteronomisties of ná-deuteronomistiese redaksie (vgl 4.9).
- Josua 3:2-4 hoort myns insiens nie in 'n deuteronomistiese konteks soos Görg beweer nie, maar eerder in 'n Kronistiese raamwerk (vgl 4.5.2.5).
- Görg se model sluit in breë trekke by dié van Noth aan. Hierdie is nog 'n voorbeeld van hoe Noth se benadering Josua studies beïnvloed het.

3.2.2.2.8 V. Fritz

Die samestelling van hoofstuk 3 en 4 sien volgens Fritz (1994:46-56) soos volg daar uit:

- 'n Oorspronklike verhaal van die Jordaanoorgang (Jos 3:1, 14a, 15a, 16; 4:11a, 18, 19. Fritz ondersoek die moontlikhede dat die *Grundschrift* van Josua 1-12 deel van 'n groter (selfs Jahwistiese) landsveroweringsverhaal is, omdat die landsverowering in Josua maklik by Eksodus 3:8 of Numeri 13-14 kan aansluit. Hy vind egter dat verwysings van na die Rietsee (Jos 2:10; 4:23) deuteronomisties van aard is, en daarom sekondêr tot die oorspronklike verhaal funksioneer. Verder is daar nie verwysings na die persoon van Josua in die Jahwistiese verhaal nie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die *Grundschrift* eerder in die raamwerk van die Deuteronomistiese Geskiedswerk pas, veral omdat die heilige oorlog-motiewe, wat in die boek Josua voorkom, deuteronomisties van aard is. Van die vroegste landsveroweringsverhale kan moontlik uit die tydperk van die vroeë koningskap dateer;¹⁵⁶
- 'n Deuteronomistiese redaksie (veral die verwysings na die ark) in Josua 3:10,1,13,14b,17; 4:9,10. Fritz plaas die ná-deuteronomistiese redaksie (RedP) in die konteks van die Smend-skool se DrtN (met die klem op die Wet) en dateer dit in die eksiliese of vroeë Persiese tyd;
- Narratief rondom die oprigting van die klippe: Jos 4:1-8, 2-23;

¹⁵⁶ Fritz is versigtig en selfs skepties om 'n vóór-deuteronomistiese verhaal te reskonstrueer. Hy skep egter die moontlikheid dat Jos 2:1-3; 4b,5-7, 15-17a, 18-19, 21-23; 8:10-12, 14-15, 19-21, 23, 29; 10:16-23a, 24-27, asook die lyste van stamgebiede tot 'n vóór-deuteronomistiese verhaal behoort.

- n Ná-priesterlike byvoeging: Jos 4:15-17. Die ná-priesterlike redaksie (RedP) kan nie vroeër as 5^{de} eeu vC dateer nie;
- Verdere redaksionele byvoegings: Jos 3:2-4, 5, 6, 7, 8, 9, 12, 15b; 4:11b, 12,13, 14,24.

Die volgende opmerkings is egter ter sake:

- Fritz se *Grundschrift* strek tot in Josua 4. In hierdie studie benader ek hoofstuk 4 eerder as `n uitbreiding op hoofstuk 3;
- Die *Grundschrift* van Josua 3 en 4 hoort waarskynlik juis tot `n breër (vóór-eksiliese) landsveroweringsverhaal. Fritz beskou die *Grundschrift* eerder in die raamwerk van die Deuteronomistiese Geskiedswerk;

Fritz se model sluit dus in breë trekke by dié van Noth se model aan.

3.2.2.2.9 K. Bieberstein

Bieberstein (1995:304-427) identifiseer die volgende redaksies in verband met Josua 3 en 4 (die redaksionele lae word in volgorde van oudste na die jongste snit aangedui).

A: *Grundschrift* (die Jordaanooorgang [Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 16a-f]);

B: byvoeging wat sentreer rondom die priesters en die ark (Jos 3:6, 11, 14b);

C¹: Ragab-verhaal (Jos 2);

C²: redaksie wat rondom die 12 klippe in die Jordaan sentreer (Jos 3:7, 8,13a, 15; 4:1c-8a, 10a);

DtrA: deuteronomistiese snit wat die ampsoorhandiging van Moses na Josua bevat (Jos 3:2, 3, 4c-e);

DtrR: deuteronomistiese snit wat op die Oosjordanland-stamme fokus (Jos 4:12, 13);

Rp: priesterlike redaksie wat op die kultus en wetsonderhouding fokus (Jos 4:19-5:1);

Rä: priesterlike redaksie wat spesifiek op etiologie fokus (Jos 4:9);

Z: latere byvoegings wat moeilik is om te dateer (Jos 3:4ab, 9:a-c, 10d, 12, 16def, 17c; 4:1ab, 4, 8bcdef, 10bcde, 11ab).

Bieberstein se analise van Josua 1-6 sentreer rondom 11 redaksies. Volgens Knauf (2002:276) dui Bieberstein se versnippering van die teks op die swakpunt van redaksiekritiek. Alhoewel ek Bieberstein in hierdie studie as `n gespreksgenoot

gebruik, wyk ek af van sy literêre snitte en fokus ek eerder op uitbreidings tot die *Grundschrift*.

3.2.2.2.10 R.D. Nelson

Nelson (1997:58) plaas die boek Josua in die breër raamwerk van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk met twee redaksies. In terme van Josua 3 en 4 identifiseer hy die volgende narratiewe:

- 'n Basisverhaal van die Jordaanorgang (3:1-17; 4:11-19). Nelson identifiseer die volgende verse as die kern van die verhaal: 3:1, 5, 11, 13-17. 'n Deuteronomistiese Geskiedskrywer is verantwoordelik vir die gedeeltes wat op die Levitiese priesters en die priesters fokus (3:3, 13, 14, 15, 17; 4:9, 10, 18). Hy verklaar die verwysings na die priesters in 3:8 en die uitdrukking “die ark van die verbond” (3:6, 8, 11, 14, 17), die 3 dae-kronologie, die “offisiere”, asook die lys van nasies (3:10) as verdere deuteronomistiese uitbreidings;
- Narratief van die klippe (4:1-10, 20-24).

Die Jordaan-narratief is volgens Nelson die primêre verhaal. Daarom kan die tweede narratief kan nie sonder die eerste sin maak nie. Hierdie twee narratiewe is deur vers 3:12 en 4:1 en herhalende motiewe soos !Der>Y:h; %AtB . (*middel van die Jordaan*), **trk** (*afsny*) en **rb** [(*deurga*) met mekaar verbind.

Nelson se model is op die hipotese van 'n (myns insiens uitgediende) deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk gebou. In hierdie verband is Nelson se model 'n uitbreiding op dié van Noth.

3.2.2.2.11 M. Van der Meer

Van der Meer (2004:152-153) identifiseer de volgende redaksies:

- 'n Deuteronomistiese weergawe van vóór-deuteronomistiese tradisies; (Jos 1:1-6:9, 10-18; 10:28-43; 11:16-20; 12:1-6; 14:6-15; 18:2-10?; 22:1-4, 6- 8);
- 'n Nomistiese redaksie van deuteronomistiese gedeeltes: (Jos 1:7-8; 13:2-6; 22:5; 23:1-16);

- `n Priesterlike redaksie;
(Jos 4:19; 7:1, 10-26; 9:14, 15b; 17:3-6; 18:1; 19:51; 20:1-3, 9; 21:1-42; 22:9-34; 24:33).

Van der Meer se benadering sluit aan by dié van Noth. Hy laat egter ruimte vir `n priesterlike redaksie. Hierdie benadering kom dus ooreen met die klassieke indeling van die boek Josua.

3.2.2.2.12 T.C. Römer

Römer (2007b:134) identifiseer die volgende redaksies in Josua 3-4:

- `n Deuteronomistiese weergawe van die Jordaanooorgang wat uit die eksiliese tydperk dateer (3:2, 3-4, 6-7, 14-16; 4:10-14). Hierdie weergawe sluit by Josua 1:11 aan;
- Byvoegings in die Persiese tyd (Jos 3:11-12);
- Die oorblywende gedeeltes van Josua 3-4 sorteer onder `n priesterlike redaksie.

Römer brei nie verder uit nie, maar maak wel melding van die feit dat `n vóór-eksiliese landsveroweringsverhaal (Jos 5-12) moontlik as basis van die landsveroweringsverhaal in Josua 3-4 dien. Verder verwys Römer (2007b:180) na die feit dat Josua 3-4 saamgestel is uit deuteronomistiese en priesterlike terminologie, en dat dit onmoontlik is om die hoofstukke in detail te analiseer.

Römer is `n voorstaander van `n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2Kon) en daarom is sy interpretasie van Josua 3-4, hoofsaaklik vanuit `n deuteronomistiese hoek. Römer se genuanseerde benadering tot die Deuteronomistiese Geskiedswerk bied interessante moontlikhede.¹⁵⁷

¹⁵⁷ Römer (2005:43) laat ruimte vir `n oorspronklike weergawe van DG wat die boeke van Sam-Kon omvat het. Die doel van hierdie weergawe van DG was waarskynlik om Josia as `n ware navolger van Dawid te teken. Om Josia se uitbreidings na die noorde te legitimeer, het `n tweede weergawe van DG (Deut-Jos) ontstaan. Met hierdie benadering bring Römer `n kompromis tussen die verskillende interpretasies rondom die Deuteronomistiese Geskiedswerk.

Ek sluit aan by die skool wat juis die konsep van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2Kon) behou. Die klem op Josua as 'n spieëlbeeld van Josia is myns insiens egter oorbeklemtoon (vgl 2.2.3.1).

3.2.2.3 Gevolgtekking

Alhoewel die Histories-Kritiese benadering interessante moontlikhede bied, bestaan die moontlikheid dat die teks totaal versnipper word. Die Histories-Kritiese invalshoek poog om die outeur(s) van die teks te rekonstrueer en só die betekenis van die teks te ontsluit. Hierdie tipe benadering is egter naïef. Die ontleding van die teks lei nié noodwendig tot 'n noukeurige rekonstruksie van die wêreld agter die teks nie. Myns insiens bied die Histories-Kritiese metode die beste oplossings vir die probleme en teenstrydighede in Josua 3 en 4.

In hierdie tesis poog ek om nié die teks te versnipper nie. Ek probeer egter om die teks “uitmekaar te haal”. Nogtans is ek oortuig dat hierdie metode die teenstrydighede in die teks kan verklaar. Ek sluit aan by die skool wat Josua 3 as 'n samevoeging van twee selfstandige narratiewe benader. Die klippe-verhaal in Josua 4 sluit myns insiens by die narratiewe in Josua 3 aan. Die finale vorm van die teks is eger ook belangrik. Ek is oortuig dat die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 in 'n bepaalde *genre* gegiet kan word. In hierdie studie fokus ek dus op die groei van die teks, maar ook op die gerekonstrueerde vorm van die teks, om sodoende die boodskap van Josua 3 en 4 te ontsluit.

3.2.3 Kulties-Historiese benadering

Gerard Von Rad (1938; 2005) verleen die impetus vir hierdie benadering tot die analise van Josua 3 en 4. Hy verbind die geskiedenis van Israel aan die kultus deur na belangrike feeste by Gilgal en Sigem te wys. Volgens Von Rad (2005:31-38) is die intog-tradisie by Gilgal oorgelewer, terwyl die uittog en die samehangende tradisies by Sigem oorgelewer is. Hierdie verhale is later van die kultus losgemaak en het 'n aaneenlopende narratief geword. Wildberger (1960) brei hierop uit deur die uittog en intog-verhale as narratiewe te bekou, teenoor die Sinai-perikoop wat die verbond beskryf. Hy stel die narratiewe en die kultiese gedeelte tenoor mekaar. Wijngaards

(1969) en Otto (1975)¹⁵⁸ sou weer aandui dat die Gilgal-tradisie eerder op die verbond dui.

Von Rad se navorsing het die weg vir Kraus se benadering gebaan. Volgens Kraus (1951:191-199) het daar 'n fees by Gilgal plaasgevind waar die uittog en die intog saam gevier is. Hierdie hipotese het die Josua-studies vir jare gedomineer. Verskeie navorsers het Von Rad en Kraus se hipotese uitgebrei. Herzberg (1959:31, 35, 44-45) meen dat 'n jaarlikse fees by Gilgal bestaan het. Dus vind verskillende narratiewe rondom die beweging van die ark tussen die verskillende heiligdomme agter die narratief van Josua 3-4 (van Sigem na Gilgal, en van daar na Silo). Soggin (1972:67) vind 'n kultiese *Sitz im Leben* agter die sogenaamde “kindervraag” in Josua 4:6-7, 20-23). Die “kindervraag” het volgens Soggin in die liturgie van die Gilgal-kultus ontstaan wanneer deelnemers aan die liturgie vir die priesters gevra het wat die klippe beteken. Vogt (1965:128-145) onderskei tussen 'n kultiese en historiese narratief in Josua 3 en 4. Die kultiese narratief sluit volgens Vogt oorspronklik die reis na die Jordaan in, terwyl die verwysing na Gilgal sekondêr is.

Wildberger (1960:40-73) identifiseer 'n uittog en landsverowerings-tradisie wat by Gilgal gevier is. Die *Massot*-fees is volgens Wildberger die *Sitz im Leben* van hierdie tradisie. Verder onderskei hy 'n Sinai-tradisie wat op die verbondsluiting fokus. Die *Sitz im Leben* van hierdie tradisie vind hy in die *Sukkot*-fees. Hierdie tradisies het later versmelt en die oorspronklike *Massot*-fees is eers in die ná-eksiliese tyd met die pasga-fees gekombineer.

Lohfink (1963:176-180) stuur die gesprek in 'n nuwe rigting deur Gilgal met die verbondsluiting eerder as met die uittog en landsverowering te verbind. Wijngaards (1969), Otto (1975) en Cross (1973) volg hom in hierdie verband, terwyl hulle op sy hipotese uitgebrei.

¹⁵⁸ Otto (1975) bou voort op die werk van Kraus (1951:191-199) en Soggin (1972:53ev). Hy verwerp enige aanvulingshipotese (waarvolgens daar 'n basisteks met uitbreidings bestaan) en identifiseer twee weergawes op grond van tradisie-historiese ondersoek. Hierdie weergawes koppel hy aan die Jahwis en die Deuteronomis (twee van die klassieke Pentateug-bronne). Op grond van die twee weergawes reconstrueer hy die fees van ongesuurde brood by Gilgal. Dertig jaar later pas Otto (2004:29) sy tese soos volg aan: die nié-deuteronomistiese gedeeltes in Josua is nié vóór-deuteronomisties nie, maar eerder ná-deuteronomistiese byvoegings. Verder pas die afgeronde deuteronomistiese gedeeltes eerder in die raamwerk van 'n deuteronomistiese Deuteronomium (DtrL)

- Wijngaards (1969) rekonstrueer 'n Sukkot-fees waar die Wet van oer-Deuteronomium gelees is. Die verbondsvernuwing vind egter by Sigem plaas. Dit is by Sigem waar die redding by die Rietsee (uittog-tradisie) met die Jordaan-deurgang (intog-tradisie) vermeng is. Eers in die tydperk ná Salomo het die fokus verskuif na die reis van Sittim na Gilgal. Sodoende val die klem op die pasga en *Massot*-feeste, terwyl die verbondsvernuwing op die agtergrond bly;
- Otto (1975) rekonstrueer deur middel van 'n literêr-kritiese benadering twee parallelle narratiewe. Hy sluit by Wildberger aan deur die pasga en *Massot*-feeste, tesame met die feeskalender, in die eksiliese of ná-eksiliese tyd te dateer;
- Cross (1973) vind in die uittog en intog-tradisies 'n oorspronklike nuwejaarsfees, wat rondom die verbondsluiting gesentreer het, en later eers met die pasga en *Massot*-feeste verbind is. Verskeie navorsers beklemtoon die hoofsaaklik kultiese karakter van Josua 1-6 (Miller & Tucker 1974:35, 43, 44, 55; Norin 1977:184, 192-194, 198; Thompson 1981:358; Boling & Wright 1982:153-215; Butler 1983:24-72; Gray 1986:66-84).

Alhoewel die Kulties-Historiese benadering die studie van die boek Josua radikaal beïnvloed het, is daar tog leemtes in hierdie benadering. Die rekonstruksie van 'n fees by Gilgal is moeilik bewysbaar. In die eerste plek is die lokalisasie van Gilgal onseker (Boling 1982:192). In die tweede plek het Gilgal nie 'n prominente rol in Israel se geskiedenis gespeel nie. Verwysings na Gilgal kom meestal in die verhale van Saul en Samuel voor (1 Sam 7:16; 10:8; 11:14-15; 13:4, 7, 8, 12, 15; 15:12, 21, 33). Verder is daar verwysings na Gilgal in Hosea 6:6 en die verhaal van Absalom se rebellie (2 Sam 19:16, 41), asook die Elia-verhaal (2 Kon 2:1; 4:38). Die verwysing na Gilgal in Deuteronomium 11:30 kom die konteks van 'n vae geografiese verwysingspunt voor (Boling 1982:192).

Die pasga-perikoop in Josua 5:10-12 vorm die kern van die Kulties-Historiese ondersoek in die boek Josua. Bieberstein (1995:70) meen dat Noth só vasberade

was om die rol van die Priesterskrif (P) in die boek Josua te ontken, en sodoende sy hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk te bevorder, dat hy Josua 10:12-15 vóór-eksilies gedateer het. Alhoewel Noth nie 'n Kulties-Historiese benadering voorstaan nie, maar eerder 'n etiologiese raamwerk vir Josua 5:1-12 voorsien, het sy datering van Josua 5:10-12 'n bepaalde invloed op die Kulties-Historiese benadering gehad. Josua 5:10-12 hoort waarskynlik eerder in 'n ná-eksiliese konteks, omdat die kombinerings van die pasga en Massot-feeste eers in die ná-eksiliese tyd neerslag gevind het (vgl 4.5.2.3.1).

Verder is dit moeilik om enige fees of etiologie rondom Gilgal te rekonstrueer. Ek is oortuig daarvan dat die sogenaamde etiologie verwysingspunte in die boek Josua (4:9; 5:9; 6:20; 7:26; 8:28-29; 9; 9:27; 10:16) eerder die ná-eksiliese situasie weerspieël (vgl 4.7.5.2). Om hierdie rede is Kraus (kulties-histories) en Noth (etiologie) se rekonstruksie van feeste by Gilgal moeilik bewysbaar.

3.2.4 Gevolgtrekking

Dit is oortuigend dat die Histories-Kritiese benadering die mees effektiewe manier is om Josua 3 en 4 te interpreteer. Selfs binne die raamwerk van die Historiese Kritiek is daar egter verskillende benaderings. Ek beskou Josua 3 en 4 as 'n basisteks met uitbreidings. Om hierdie rede is die doel van my eksegeese om die basisteks te identifiseer. Daarna sal ek die verskillende uitbreidings identifiseer en bespreek.

'n Literêre benadering bied myns insiens nie genoeg om die Josua 3 en 4 te interpreteer nie, omdat 'n literêre benadering 'n eenheidsteks impliseer. Die verskille en teenstrydighede in die teks is dan die gevolg van verskillende literêre tegnieke. Ek is nogtans oortuig dat die literêre benadering, veral met die klem op *close-reading*, 'n bepaalde bydrae maak tot die interpretasie van tekste. In die lig van Josua 3 en 4, en die bepaalde weersprekinge en teenstrydighede in die teks, is ek nie oortuig dat die literêre benadering genoeg oplossings bring nie.

Die Kulties-Historiese benadering het vir 'n geruime tyd die basis van Josua-studies gevorm. Noth se klem op etiologie en amfiksonie as basis van Josua 1-12, tesame met Kraus se Kulties-Historiese benadering, het Josua 1-12 in 'n bepaalde kultiese raamwerk geplaas. Verskillende navorsers het Kraus gevolg deur 'n oorspronklike

fees by Gilgal te rekonstrueer. Hierdie rekonstruksie is egter moeilik bewysbaar. Daar bestaan in die eerste plek onsekerheid oor die lokalisasie van Gilgal. In die tweede plek is Josua 10:12-15 (wat die kern van die Gilgal-kultus uitmaak) waarskynlik 'n ná-eksiliese teks (vgl 2.2.3). Om hierdie rede is dit moeilik om Josua 1-12 binne die raamwerk van 'n Kulties-Historiese benadering te verklaar.


Noth se kultiese benadering, met sy klem op etiologie en amfiktionie, is nie vandag 'n oortuigende hipotese nie. Die amfiktionie-hipotese verteenwoordig in alle waarskynlikheid eerder 'n ná-eksiliese konstruksie (vgl 2.2.1.1). Die rol van etiologie in die boek Josua is waarskynlik oorbeklemtoon. Sodoende impliseer etiologie waarskynlik 'n ná-eksiliese terugblik op Israel se geskiedenis (vgl 2.1.3.2).


In die lig van die bogenoemde bespreking vorm die Histories-Kritiese benadering die basis vir my studie van Josua 1-12. Nogtans is ek bewus dat die Histories-Kritiese benadering nie sonder leemtes is nie. So byvoorbeeld kan die bepaalde teks só versnipper raak dat die teks sy betekenis verloor. In hierdie studie gebruik ek 'n Histories-Kritiese eksegetiese benadering as 'n middel om die teks 'uitmekaar te haal'. Hierdie benadering kan myns insiens dien om die weersprekinge en teenstrydighede in die teks te verklaar. Nogtans vorm die 'aanmeekaarsit' ook 'n belangrike deel van hierdie studie. Ons het die gestolde teks van Josua 3 en 4 ontvang, en daarom is die studie van die gestolde teks belangrik. Ek probeer dus in die volgende hoofstuk nie net om die teks "uitmekaar te haal" nie, maar ook om die samestelling en waarde van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 te beskryf.



HOOFSTUK 4

DETAILANALISE: JOSUA 3 EN 4





4.1 Inleiding

Hierdie gedeelte bevat die eksegesi van Josua 3:1-17. Bieberstein (1995) se analise vorm die vertrekpunt vir my studie van Josua 3:1-17. Bieberstein se studie is uniek, omdat dit 'n leemte vul wat 'n detailanalise van Josua 1-6 betref. In die eerste plek evalueer ek Bieberstein se pogings om 'n oorspronklike *Grundschrift* van Josua 3-4 te rekonstrueer. Daarna evalueer ek Bieberstein se analise van die genre en datering van sy oorspronklike *Grundschrift*. Die evaluering van Bieberstein se analise bied my die geleentheid om uiteindelik my eie rekonstruksie van Josua 3:1-17 te maak. Bieberstein se analise (Addendum A) dien as vergelyking.

4.2 Perikoopafbakening

'n Perikoop verwys na die saamgroepering van kernsinne wat bymekaar hoort omdat dit dieselfde tema bevat (Calloud 1976:14-15). Ek gebruik veral na die inleidings- en slotformules as kriterium om die teks af te baken. Josua 3:1 begin met die uitdrukking $r\dot{q}, BoB; [\ ;vuAhy> \sim Kev.Y:w:$ (*en daarop het hy vroeg het in die môre opgestaan*) wat 'n nuwe gedeelte aandui. Vers 17 eindig met $!Der>Y:h;-ta, rbo[]l;$ (*het die Jordaan deurgegaan*) wat die gedeelte afsluit. Die werkwoorde **rb** [(deurgaan- 3:2b, 4e, 6c, 11b, 14a, 16f, 17bc) en **dm** [(staan- 3:8b, 13d, 16a, 17a) kom soos 'n herhalende motief in die hoofstuk voor. Josua 4 begin met die

uitdrukking yhiy>w: ; wat weer `n wending, in hierdie geval `n nuwe hoofstuk aandui. Hoofstuk 4 sluit in terme van die inhoud by hoofstuk 3 aan, maar die inledings- en slotformules in hoofstuk 3 dui tog `n afgeronde eenheid aan. Om die redes hanteer ek die twee hoofstukke apart, en gaan ek van die standpunt uit dat hoofstuk 3 en 4 bloot op `n redaksionele vlak verbind is.

4.3 Tekskritiek

Waltke (1989:93-108) vra na die doel van Tekskritiek in die studie van die Ou Testament. Volgens hom kan Tekskritiek een van die volgende doele omvat:

- Om die *ipsissima verba* van die bybelse karakters te rekonstrueer;
- Om die finale teks (*oerteks*) te rekonstrueer;
- Om die vroegste weergawe (rondom 2^{de} eeu vC) van die teks te rekonstrueer;
- Om teks te rekonstrueer volgens kriteria van verskeie geloofsgemeenskappe;
- Om meer as een finale teks te rekonstrueer.

Die tweede moontlikheid (rekonstruksie) van *oerteks*, verteenwoordig die tradisionele model (Van der Meer 2004:7). Tekskritiek is egter kompleks, aangesien daar verskillende sienings rondom die waarde van die onderskeie teksgetuies (bv LXX) bestaan. In die konteks van die studie van die boek Josua, verwys ek kortliks na die uiteenlopende standpunte van Auld en Bieberstein. Die volgende dien as `n kort uiteensetting van die onderskeie posisies:

- Auld (1998:24) meen dat die Masoreteteks (MT) van die boek Josua uitgebrei is deur sekondêre byvoegings, en dat die MT dus nie `n geloofwaardige getuie uitmaak nie. Auld kritiseer literêre kritici wat nie die verskille tussen die MT en LXX ernstig opneem nie. Terselfdertyd merk hy ook verskeie sekondêre elemente in LXX (bv Jos 13). Volgens Auld se benadering verteenwoordig die korter LXX-tekste `n meer betroubare Hebreeuse *Vorlage*, en daarom moet die LXX as basis vir `n literêre studie van die boek Josua dien;
- Bieberstein (1995:230) beskou die verskille tussen die MT en LXX in Josua 6 as `n resultaat van `n noukeurige en doelbewuste herformulering van die Griekse vertaler. Die doel van die herformulerings was om `n meer vloeibare

en logiese narratief te vorm en 'n meer prominente rol aan die priesters te gee. Volgens Bieberstein is die waarde van die LXX as teksgetuie dus minimaal.

Van der Meer (2004) se ondersoek na die rol van die verskeie teksgetuies (4QJosua en LXX-Josua) lei hom tot die gevolgtrekking dat die verskeie teksgetuies (4QJosua en LXX-Josua) nie 'n bydrae lewer ten opsigte van die proses van formasie van die boek Josua in die ooploop na die MT van die boek Josua nie. Die verskeie teksgetuies speel wel 'n rol in die konteks van interpretasie, harmonisering en herformulasie van die MT (Van der Meer 2004:523).

Die bostaande dien om die problematiek rondom die Tekskritiek in die boek Josua te verduidelik. Aan die een kant is daar die skool wat die LXX as betroubaarste weergawe beskou. Aan die ander kant is daar die skool wat die betroubaarheid van die Masoreteteks beklemtoon.

Van der Meer se studie sluit verder 'n bespreking van die rol en waarde van die Qumran-geskrifte in die interpretasie van die boek Josua in. Nadat hy die onderskeie Qumran-geskrifte (4QJosua^a, 4QJosua^b, XJosua, asook buite-bybelse geskrifte soos 4QAcocraphon Josua^a 4QAcocraphon Josua^b en moontlike Josua-parafrases soos 4Q522, 5Q9, Mas 1039-211) bestudeer het, kom hy tot die gevolgtrekking dat daar ten minste een herskryfde weergawe van Josua in die eerste of tweede eeu vC bestaan het. Die waarde van die Qumran-tekste lê dus in die konteks van die oorskryf van die narratiewe in die boek Josua (Van der Meer 2004:113). Net soos in die geval van die LXX kan die Qumran-geskrifte nie gebruik word om lig te werk op die proses van formasie van die boek Josua nie.

Ek is oortuig daarvan dat die verhouding tussen die LXX en die ontstaan en groei van die boek Josua veel meer kompleks is as wat Van der Meer voorhou. In 'n poging om nie in omslagtigheede rondom Tekskritiek vas te val nie, volg ek die volgende benadering in hierdie studie:

- Ek gebruik die MT as basis vir hierdie ondersoek;
- In gevalle waar daar egter merkbare verskille tussen die MT en die LXX voorkom, is ek bereid om die LXX as teksgetuie te gebruik om die spesifieke

gevalle noukeurig te ondersoek. Ek neem dus voor om elke geval binne konteks te bestudeer. Tekskritiek sal dus deurlopend tydens die eksegetiese hanteer word.

In die konteks van Josua 3:1-17 speel Tekskritiek in die volgende gevalle 'n belangrike rol:

- **Josua 3:3c.** In hierdie geval interpreteer die Masoreteteks die priesters en Leviëte as deel van dieselfde priesteramp. LXX maak egter 'n onderskeid tussen priesters en Leviëte. Die klassifisering van priesters en Leviëte kom veral in Kronieke voor. Terwyl 3:3c die klem op Leviëte plaas, verwys die res van Josua 3 en 4 na priesters. Ek plaas die spesifieke verwysing na Leviëte in 3:3c in die konteks van Kronieke, waar die klem op die Leviëte as draers van die ark val;
- **Josua 3:12.** Hier probeer die LXX vers 11 en 12 as 'n eenheid hanteer, omdat daar nie 'n logiese oorgang van vers 11 na 12 is nie. Die logiese afleiding is eerder om vers 12 as 'n byvoeging te beskou wat hoofstuk 3 en 4 met mekaar verbind;
- **Josua 3:13b.** Hierdie is 'n geval waar die term *dnE* nie in die LXX voorkom nie. Die logiese afleiding is dat die term in die MT bygevoeg is. Anders gestel: dit sou makliker wees om die term 'n byvoeging te verklaar as om te probeer verduidelik hoekom dit in die LXX weggenem is.

Tekskritiek word tydens die eksegetiese proses behandel.

4.4 Komposisie: Josua 3:1-17

In hierdie gedeelte kom die komposisie van Josua 3:1-17 aan die orde. Die samestelling van Josua 3:1-17 dien om die samehang van die teks te bestudeer. Hier volg 'n uiteensetting van Josua 3:1-17 met 'n vertaling:

	3:1a	<i>En daarop het Josua vroeg in die môre opgestaan;</i>
--	-------------	---



rq,BoB; [;vuAhy> ~Kev..Y:w:		
~yJiVih;me W[s.YIw:	3:1b	<i>en weggetrek van Sittim;</i>
laer'f.yI ynEB.-lk'w> aWh !Der>Y:h;-d[; WaboY"w:	3:1c	<i>en aangekom by die Jordaan, hy en die seuns van Israel;</i>
~v' WnliY"	3:1d	<i>en daar oorgebly;</i>
Wrbo[]y: ~r,j,	3:1e	<i>voordat hulle deurgetrek het.</i>
~ymiy" tv,l{v. hceq.mi yhiy>w:	3:2a	<i>En aan die einde van drie dae;</i>
hn<x]M;h; br,q,B. ~yrIj.Voh; Wrb. [;Y:w:	3:2b	<i>het die offsiere deur die kamp gegaan;</i>
rmoale ~['h'-ta, WWc;y>w:	3:3a	<i>en die volk beveel:</i>
~k,yhel{a/ hw"hy>-tyrIB. !Ara] tae ~k,t.Aar>Ki	3:3b	<i>Net soos julle die vebondsark van die Here julle God sien;</i>
tao ~yaif.no ~YIwIl.h; ~ynIh]Koh;w>	3:3c	<i>en die priesters, die Leviëte, wat hom dra;</i>
~k,m.AqM.mi W[s.Ti	3:3d	<i>moet julle van julle staanplek opbreek;</i>
wyr'x]a; ~T,k.l;h]w:	3:3e	<i>en agter hom aantrek.</i>
· Ïwyn"ybeWÐ ¿AnybeWÀ ~k,ynEyBe hy<h.yI qAxr' %a; hD'MiB; hM'a; ~yIP;l.a;K.	3:4a	<i>Maar laat daar `n afstand van tweeduisend el tussen julle en hom wees;</i>
wyl'ae Wbr>q.Ti-la	3:4b	<i>en moenie naby hom kom nie;</i>
%r,D,h;-ta, W[d>Te-rv,a] ! [;m;l.	3:4c	<i>sodat julle die pad kan ken</i>
Hb'-Wkl.Te rv,a]	3:4d	<i>waar julle langs moet trek,</i>
~Avl.vi lAmT.mi %r,D,B; ~T,r>b; [] al{ yKi	3:4e	<i>want gister en eergister het julle nie met dié pad getrek nie.</i>
~['h'-la, [;vuAhy> rm,aYow:	3:5a	<i>En Josua het vir die volk gesê:</i>
WvD'q;t.hi	3:5b	<i>Reinig julleself;</i>
tAal'p.nI ~k,B.r>qiB. hw"hy> hf, []y: rx'm' yKi	3:5c	<i>want môre sal die Here wonders onder julle doen..</i>
rmoale ~ynIh]Koh;-la, [;vuAhy> rm,aYow:	3:6a	<i>En Josua het vir die priesters gesê:</i>



tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.	3:6b	<i>Tel die verbondsark op;</i>
~['h' ynEp.li Wrb.[iw>	3:6c	<i>en trek voor die volk uit;</i>
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.YIw:	3:6d	<i>En toe het hulle die verbondsark opgetel;</i>
~['h' ynEp.li Wkl.Yew:	3:6e	<i>en voor die volk weggetrek.</i>
[;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYow:	3:7a	<i>En die Here het vir Josua gesê:</i>
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. ^l.D,G: lxea' hZ<h; ~AYh;	3:7b	<i>Vandag sal ek begin om jou groot te maak in die oë van die hele Israel;</i>
!W[d>yE rv,a]	3:7c	<i>sodat hulle kan weet;</i>
Hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	3:7d	<i>Soos wat ek met Moses was,</i>
%M' [i hy<h.a,	3:7e	<i>sal ek met jou wees.</i>
rmoale tyrIB.h;-!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hW<c;T. hT'a;w>	3:8a	<i>Gee dan die bevel vir die priesters wat die verbondsark dra;</i>
dmo[]T; !Der>Y:B; !Der>Y:h; yme hceq.- d[; ~k,a]boK.	3:8b	<i>Net soos julle aan die kant van die waters van die Jordaan kom, moet julle stilstaan.</i>
laer'f.yI ynEB.-la, [;vuAhy> rm,aYow:	3:9a	<i>En Josua het vir die seuns van Israel gesê:</i>
~k,yhel{a/ hw"hy> yreb.DI-ta, W[m.viw> hN"he WvGO	3:9b	<i>Kom nader en luister na die woorde van die Here julle God.</i>
[;vuAhy> rm,aYow:	3:10a	<i>En Josua het gesê:</i>
!W[d>Te tazOB.	3:10b	<i>Hieraan sal julle weet:</i>
~k,B.r>qIB. yx; lae yKi	3:10c	<i>dat `n lewende God in julle midde is;</i>
yTixih;-ta,w> ynI[]n:K.h;-ta, ~k,ynEP.mi vyrIAy vreAhw>	3:10d	<i>Hy sal sekerlik voor julle uitdryf die Kanaäniete en die Hetiete;</i>
ysiWby>h;w> yrImoa/h'w> yviG"r>GIh;-ta,w> yZIrIP.h;-ta,w> yWixih;-ta,		<i>die Hewiete en die Feresiete, die Girgasiete, die Amoriete en die Jebusiete;</i>
!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o #r,a'h'-lK' !Ada] tyrIB.h; !Ara] hNEhi	3:11	<i>Kyk, die verbondark van die Here oor die hele aarde trek voor julle uit, die Jordaan in.</i>



laer'f.yI yjeb.Vimi vyai rf'[' ynEv. ~k,l' Wxq. hT'[:w>	3:12	<i>Neem dan 12 manne uit die stamme van Israel, een man uit elke stam;</i>
jb,V'l; dx'a,-vyai dx'a,-vyai !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; x;AnK. hy"hw>	3:13a	<i>en net soos die voetsole van die priesters wat die verbondsark van die Here oor die hele aarde dra, in die Jordaan rus;</i>
!WtreK'yI !Der>Y:h; yme	3:13b	<i>sal die waters van die Jordaan afgesny word;</i>
Hl' [.m'l.mi ~ydIr>YOh; ; ~yIM;h;	3:13c	<i>die waters wat bo af kom;</i>
dx'a, dnE Wdm.[:y:	3:13d	<i>en dit sal soos een wal bly staan.</i>
!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; ~h,yleh\`a'me ~['h' [:son>Bi yhiy>w:	3:14a	<i>En toe die volk wegtrek uit hulle tente om die Jordaan deur te gaan;</i>
~['h' ynEp.li tyrIB.h; !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	3:14b	<i>met die priesters wat die verbondsark dra voor die volk;</i>
!Der>Y:h;-d[: !Ara'h' yaef.nO aAbk.W	3:15a	<i>en toe die draers van die ark by die Jordaan kom;</i>
~yIM'h; hceq.Bi WlB.j.nI !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r;w>	3:15b	<i>Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom</i>
ryciq' ymey> lKo wyt'AdG>-lK'-l[:alem' !Der>Y:h;w>	3:15c	<i>terwyl die Jordaan vol was op al sy walle op al die dae van die oes;</i>
hl' [.m;l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h; Wdm.[:Y:w:	3:16a	<i>Toe het die water wat van bo af kom gaan staan;</i>
ry[ih' Î~d'a'meÐ ¿~d'a'b`À daom. qxer>h; dx'a,- dnE Wmq'	3:16b	<i>dit het opgestaan soos een wal, baie ver weg by stad Adam;</i>
!t'r>c' dC;mi rv,a]	3:16c	<i>wat langs Sartan lê;</i>
WMT; xl;M,h;- ~y" hb'r'[]h' ~y" l[: ~ydIr>YOh;w>	3:16d	<i>en die wat afstroom na die see van die vlakte, die Soutsee;</i>
Wtr'k.nI	3:16e	<i>is afgesny;</i>
AxyrIy> dg<n< Wrb.[' ~['h'w>	3:16f	<i>en die volk het deurgetrek, teenoor Jerigo.</i>
hw"hy>-tyrIB. !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; Wdm.[:Y:w !keh' !Der>Y:h; %AtB. hb'r'x'B,	3:17a	<i>Maar die priesters wat die verbondsark van die Here dra het bly staan op droë grond, binne-in die Jordaan;</i>


hb'r'x'B, ~yrIb.[o laer'f.yI- lk'w>	3:17b	<i>en die hele Israel het deurgetrek op droë grond;</i>
!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; yAGh;-lK' WMT;-rv,a] d[;	3:17c	<i>tot die hele volk die deurgang van die Jordaan voltooi het.</i>

4.5 Rekonstruksie: Josua 3:1-17

4.5.1 Literêre analise (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f)

’n Analise van Josua 3 en 4 bring die eksegeet voor ’n groot uitdaging. Josua 3 en 4 is al uit verskillende hoeke benader (vgl 3.2). In hierdie studie gebruik ek Bieberstein (1995) se analise van die basisverhaal of *Grundschrift* van Josua 3 en 4 as vetrekpunt. My volgende stap is om Bieberstein se gevolgtrekkings rondom die komposisie, *genre* en datering van die basisverhaal van Josua 3 en 4 te evalueer.

Bieberstein maak in sy analise gebruik van die tydsaanduidings en wisselende werkwoordvorme om die oorspronklike teks te bepaal. Die komposisie van die narratief van die Jordaandeurgang en die gepaardgaande natuurwonder bestaan uit die volgende elemente:



Josua 3:1-17 begin met die tydsaanduiding **rq,BoB; ~Kev.Y:w:..** (3:1). Hierdie uitdrukking kom dikwels in die Ou Testament voor waar 'n nuwe gedeelte begin.¹⁵⁹ Na die bostaande openingsin kom daar vier sinne voor wat die narratief uitbrei:

<p>~yJiVih;me W[s.YIw: laer'f.yI ynEB.-lk'w> aWh !Der>Y:h;- d[; WaboY"w: ~v' WnliY" Wrbo[]y: ~r,j,</p>	<p>3:1b <i>en weggetrek van Sittim;</i></p> <p>3:1c <i>en aangekom by die Jordaan, hy en die seuns van Israel;</i></p> <p>3:1d <i>en daar oorgebly;</i></p> <p>3:1e <i>voordat hulle deurgetrek het.</i></p>
--	--

Josua is in vers 3:1a die subjek van die narratief:

<p>3:1a <i>En daarop het Josua vroeg in die môre opgestaan;</i></p>	<p>3:1a <i>En daarop het Josua vroeg in die môre opgestaan;</i></p>
--	--

Vers 1b-e dien dan om die narratief uit te bou (soos hierbo aangedui). Die verhaal word in vers 5 voortgesit wanneer Josua 'n opdrag gee:

¹⁵⁹ Gen 19:27; 20:8; 21:14; Jos 6:12;7:16; 8:10; Rig 6:28; 1 Sam 15:12;17:20; 2 Kron 20:20.

~ ['h' -la, [;vuAhy> rm, aYow: **3:5a** *En Josua het vir die volk gesê:*

Jos 2-4 onderbreek die narratief op die volgende wyse:

- **Tydsaanduiding:** `n verwysing na `n verdere *drie dae* kom voor (3:2a). Hierdie verdere drie dae verskil van vers 1, waar die werkwoord WnliY" (3:1d) `n kamp van *een nag* veronderstel. Die volgende sin (3:1e) Wrbo [] y: ~r, j sluit by die voorafgaande sin aan om sodoende die konsep van *een nag* se kamp te onderstreep (Soggin 1972:55). Vers 1a-e dien dan as inleiding tot die narratief. Josua en die seuns van Israel het weggetrek van Sittim en by die Jordaan oornag voordat hulle deurgetrek het;
- **Karakters:** vers 3:2b verwys na offisiere (~yrIj .Voh). Hierdie offisiere speel egter nêrens in die narratief weer enige rol nie;
- **Objek:** die ark word skielik deel van die verhaal (Soggin 1972:55; Butler 1983:44). Verwysings na die ark maak wel sin in die konteks van vers 3:6a-e waar Josua die priesters opdrag gee om die ark te dra;
- **Subjekwisseling:** vers 3:3c verwys na die priesters as *Leviëte*, terwyl die res van die narratief slegs na *priesters* verwys (3:6a, 11, 14b).

Vers 5 sit dus die oorspronklike narratief voort, en hierdie vers voort en handel oor die voorbereidings vir die deurgang (waarna vers 1e verwys het) en die natuurwonder. Josua se opdrag aan die volk word met `n *imperatief* ingelei (3:5b):

WvD'q;t.hi **3:5b** *reinig julleself;*

en met `n kousale sin voortgesit:

tAal'p.nI **3:5c** *want môre sal die Here*
~k,B.r>qib. hw"hy> hf, [] y: *wonders onder julle doen;*
rx'm' yKi

Die kousale sin (3:5c) koppel Josua se opdrag aan die belofte van Jahwe se magtige handeling. Sodoende dien die kousale sin as motivering van Josua se opdrag. Terselfdertyd dien Josua 3:5 as `n inleiding vir die volgende gedeelte (3:10b, c) wat

die magtige werk van Jahwe beklemtoon. Verder vorm die woorde ~k,B.r>qIB. yx; lae yKi (3:10c) 'n parallelisme¹⁶⁰ met die vorige vers (3:5), wat die verhouding tussen 3:5 en 3:10 versterk:

WvD'q;t.hi	3:5b	<i>reinig julleself</i>
~k,B.r>qIB. hw"hy> hf, []y: rx'm' yKi	3:5c	<i>want môre sal die Here wonders onder julle doen</i>
!W[d>Te tazOB.	3:10b	<i>hieraan sal julle weet</i>
~k,B.r>qIB. yx; lae yKi	3:10c	<i>dat 'n lewende God in julle midde is</i>

In die tweede hoofdeel (3:14a-16f) kom die natuurwonder ter sprake. Die inleiding tot die natuurwonder (3:13) kom reeds in die voorafgaande hoofdeel (3:5a-13c) voor. Die twee sinne wat die wonder inlei (13b, d), word in die tweede hoofdeel woordeliks herhaal. Hierdie herhaling verbind die belofte van die wonder met die uitvoering van die wonder, en dra sodoende tot die eenheid van die gedeelte by. Verder bevestig die herhaling die spanningslyn van die narratief:

!WtreK'yI !Der>Y:h; yme	3:13b	<i>sal die waters van die Jordaan afgesny word;</i>
Wtr'k.Ni	3:16e	<i>is afgesny;</i>
dx'a, dnE Wdm. [;y:w>	3:13d	<i>en dit sal soos een wal bly staan;</i>
dx'a, -dnE Wmq'	3:16b	<i>dit het opgestaan soos een wal.</i>

Die twee inleidingsinne (3:13,b, d) se tydsaanduiding, naamlik imperfektum 3^{de} persoon manlik meervoud, verwys terug na die twee sinne in die inleiding (3:b, e) en verstewig sodoende die samehang van die naratief (3:1b-e):

- **!WtreK'yI !Der>Y:h; yme (3:13b) Nifal imperfektum 3 manlik meervoud.**

¹⁶⁰ Watson (2005:127) beskryf hierdie parallelisme as 'n "gender-matched" paralellisme wat dien om 'n buitengewone gebeurtenis ("unusual event") te beklemtoon.



rq,BoB; [;vuAhy> ~Kev.Y:w:	3:1a	<i>En daarop het Josua vroeg in die môre opgestaan;</i>
~yJiVih;me W[s.YIw: laer'f.yI	3:1b	<i>en weggetrek van Sittim;</i>
ynEB.-lk'w> aWh !Der>Y:h;- d[; WaboY"w:	3:1c	<i>en aangekom by die Jordaan, hy en die seuns van Israel;</i>
~v' WnliY"	3:1d	<i>en daar oorgebly;</i>
Wrbo[]y: ~r,j,	3:1e	<i>voordat hulle deurgetrek het.</i>
~['h'-la, [;vuAhy> rm,aYow:	3:5a	<i>En Josua het vir die volk gesê:</i>
WvD'q;t.hi	3:5b	<i>Reinig julleself;</i>
tAal'p.nI	3:5c	<i>want môre sal die Here wonders onder julle doen..</i>
~k,B.r>qib. hw"hy> hf, []y: rx'm' yKi	3:13b	<i>sal die waters van die Jordaan afgesny word;</i>
!WtreK'yI !Der>Y:h; yme	3:13d	<i>en dit sal soos een wal bly staan.</i>
dx'a, dnE Wdm. [;y: !Der>Y:h;-ta, rbo[]l;	3:14a	<i>En toe die volk wegtrek uit hulle tente om die Jordaan deur te gaan</i>
~h,yleh\ a'me ~['h' [;son>Bi yhiy>w:	3:16a	<i>toe het die water wat van bo af kom gaan staan;</i>
hl' [.m;l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h; Wdm. [;Y:w: ry[ih' î~d'a'meĐ	3:16b	<i>dit het opgestaan soos een wal, baie ver weg by stad Adam;</i>
¿~d'a'b'À daom. qxer>h; dx'a, -dnE Wmq'	3:16c	<i>wat langs Sartan lê;</i>
!t'r>c' dC;mi rv,a] WMT; xl;M,h;--~y"	3:16d	<i>en die wat afstroom na die see van die vlakte, die Soutsee;</i>
hb'r' []h' ~y" l[; ~ydIr>YOh;w>	3:16e	<i>is afgesny;</i>
Wtr'k.nI		

AxyrIy> dg<n< Wrb. ['
~ ['h'w>

3:16f

*en die volk het deurgetrek,
teenoor Jerigo.*

Die narratief (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) vorm `n literêre en tematiesee eenheid. In terme van die tema van die narratief staan die natuurwonder voorop. `n Duidelike struktuur is onderliggend aan dié verhaal. Die volgende dien as voorbeelde:

- Die teks is afgebaken met die inleidingsformule (**rq,BoB; ~Kev.Y:w**) Hierdie uitdrukking dui waarskynlik nie net die begin van `n nuwe teks aan nie, maar wys eerder terug na `n voorafgaande gedeelte (nie noodwendig die vorige hoofstuk nie);
- Die tydsaanduider **yhiy>w :** (3:14a) koppel die eerste gedeelte (3:5a-3:13c) met die tweede (3:14a-3:16f). So bevat die eerste deel die gesprek en die opdragte van Jahwe. Die eerste deel dien as voorbereiding vir die natuurwonder. In die tweede hoofgedeelte (wat met **yhiy>w :** ingelei word) vind die natuurwonder plaas;
- Die twee nominale sinne (10c;16c) help om die tempo van die verhaal stadiger te maak;
- Die herhaling van die natuurwonder vind in die tweede hoofgedeelte van die teks (3:13b-d, 16a-c) plaas. Op grond daarvan is `n progressie in die teks in terme van die spanningslyn duidelik sigbaar;
- Die inleidingsformule (**rq,BoB; ~Kev.Y:w**) en die slotformule (**!Der>Y:h; -ta, rbo [] l**); dui weereens die afgeronde eenheid en struktuur van die teks aan.

Josua 3 toon kenmerke van `n narratief. Daar is `n duidelike openingsin (3:1) wat die begin van die narratief aandui. Verder is daar `n deurlopende spanningslyn. Josua 3: 5a-13c bevat die voorbereiding en antispasie van die natuurwonder, terwyl die natuurwonder uiteindelik in 3:14a-16f plaasvind. Die spanningslyn word verder verhoog deur nominale sinne (3:10c;16c) wat die tempo van die verhaal verhoog.

Die moontlikheid bestaan dat hierdie narratief deel van `n groter verhaal uitmaak. Bieberstein (1995:341-344) identifiseer die oorspronklike kern van die narratief (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) en koppel dit aan `n landsveroweringsverhaal wat oorspronklik as `n etiologie van landsverlies gefunksioneer het. Omdat Bieberstein se analise van die *Grundschrift* op die hipotese van `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal berus, moet daar eers gevra word na die moontlikheid van `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal. Die volgende elemente van Bieberstein se hipotese word hier geëvalueer:

- Josua 3:1, 5, 10a, 13b-d, 14a, 16a-f as deel van `n vóór-deuteronomistiese narratief;
- Datering *en genre* van Josua 3:1, 5, 10a, 13b-d, 14a, 16a-f.

4.5.1.1. Josua 3:1, 5, 10a, 13b-d, 14a, 16a-f as deel van `n vóór-deuteronomistiese narratief;

Eerstens evalueer ek Bieberstein se hipotese dat die *Grundschrift* van Josua 3 en 4 (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) deel van `n breër landsveroweringsverhaal vorm. Hierdie argumente vorm die kern van Bieberstein se analise van Josua 3 en 4.

Die uitdrukking waarmee Josua 3:1 begin (**rq, BoB; ~Kev.Y:w:**) sluit aan by `n vorige gedeelte (bv Num 25:1; Deut 34:12; Jos 1:18). `n Nuwe literêre eenheid word gewoonlik deur `n persoons-tyds- of `n plekaanduiding aangewys (Bieberstein 1995:331). In Josua 3:1 is daar nie `n verwysing na die landsverowering nie. Die logiese afleiding is dat die landsverowering reeds in `n vorige gedeelte aangedui is. Die uitdrukking **rq, BoB;** en **~Kev.Y:w:** dui dan nie `n nuwe perikoop aan nie, maar die wegtrek van Sittim verwys volgens Bieberstein se benadering eerder terug na `n vorige gedeelte waar hulle nog by Sittim was (Num 25:1). Hier volg `n uiteensetting van terme in Josua 3 wat ooreenstem met soortgelyke terme in die res van die Pentateug, om sodoende `n verband tussen die narratief in Josua 3 en die res van die Pentateug te verstewig.

- Die werkwoordstam **vdq** (Jos 3:5b)

In die ná-eksiliese geskrifte, veral in die Kroniekeboeke kom die term in verband met die priesters, die Leviëte en die tempel voor (Bieberstein 1995:332). In die eksiliese tekste, veral van Esegïël, kom dit in verband met die volk self voor. In uitsonderlike gevalle (soos Eks 19:10, 14) word die volk tot `n konkrete handeling geheilig. Die stam **vdq** kom 19 maal in die *hitpa`el*-stamformasie voor. Die priesters is hiervan in 7 gevalle die subjekte van die handeling, die Leviëte 6 maal, en die volk 3 keer (Bieberstein 1995:332). Die vertaling “*reinig*” (Jos 3:5) weerspieël nie werklik die oorspronklike betekenis van die woord nie (Boling 1982:162). Hierdie woord val waarskynlik in die konteks van onthouding van seksuele omgang en die eet van sekere kose. Verder verwys die woord na spesifieke heiligingsrituele (Eks 19:1-15; Num 11:18; 2 Sam 11). Miller (1973:157) verbind die woord met die sogenaamde heilige oorlog-motief.

Die werkwoordstam **vdq** kom in die volgende kontekste voor:

ynEz>a'B. ~t,ykiB. yKi rf'B' ~T,l.k;a]w: rx'm'l. WvD>q;t.hi	Num 11:18	<i>Reinig julleself teen môre, dan sal julle vleis eet. Julle het gehuil in die ore; Reinig julleself, want more gaan die Here (natuurwondere) doen...</i>
hf, []y: rx'm' yKi WvD'q;t.hi	Jos 3:5	<i>Reinig julleself, want more gaan die Here (natuurwondere) doen...</i>
rm;a' hko yKi rx'm'l. WvD>q;t.hi	Jos 7:13	<i>Reinig julleself teen more, want so sê die Here...</i>

In al hierdie gevalle word die werkwoordstam met **rxm1** verbind. Die laaste twee voorbeelde (Jos 3:5; 7:13) hou met mekaar verband. Die laaste voorbeeld (Jos 7:13) is uit die Akan-verhaal, en dit is afhanklik van die tweede voorbeeld (Jos 3:5), waar Jahwe wonderdade aan sy volk belowe. Die tweede voorbeeld speel af in die konteks van die deurgang van die Jordaan en die landsverowering. Die eerste voorbeeld (Num 11:18) is deel van die kwartel-verhaal tydens die woestyntog. In Numeri 11:18 is die volk se en klagtes nog nie in `n negatiewe lig beskou nie.

In hierdie voorbeeld is daar ooreenkomste tussen aspekte van die intog-verhaal en die woestyntog. Die klem val veral op Josua 3:5, wat deel van die Narratief van Josua 3 (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) uitmaak. Die werkwoordstam **vdq** bind die Jordaandeurgang aan die woestyntog.

Die probleem is egter dat die werkwoordstam **fdq** eerder op 'n priesterlike konteks dui. Verder is die verwysing na Numeri 11:18 problematies, omdat daar nie net op grond van een ooreenkoms afleidings aangaande vóór-deuteronomistiese tekste gemaak kan word nie.

- Die term **tAal'p.nI hf, []y:** (Jos 3:5)

Die term **tAal'p.nI hf, []y** kom in die kousale sin (Jos 3:5c) voor. Hierdie term kom 14 maal, hoofsaaklik in psalms voor (Bieberstein 1995:333).¹⁶¹ In die Pentateug kom die volgende voorbeelde voor:

<p>ABr>qiB. hf, [/a, rv,a] yt;aol.p.nI lkoB. ~yIr;c.mi- ta, ytiyKehiw></p> <p>~yIAGh; -lk'b.W #r,a'h'-lk'b. War>b.nI-al{ rv,a] taol'p.nI hf, [/a,</p>	<p>Eks 3:20</p>	<p><i>Ek sal Egipte teister met al my wonders wat ek onder hom sal doen;</i></p>
<p style="text-align: center;">tAal'p.nI</p> <p>~k,B.r>qiB. hw"hy> hf, []y: rx'm'</p>	<p>Eks 34:10</p>	<p><i>Ek sal wonders doen wat nie gedoen is op die hele aarde en onder al die nasies nie;</i></p>
	<p>Jos 3:5</p>	<p><i>Môre sal ek wonders onder julle doen;</i></p>

Hierdie drie voorbeelde bevat die sentrale elemente van die heilsgeskiedenis, naamlik die uittog uit Egipte en die intog in Kanaän. Die uitdrukking **tAal'p.nI hf, []y:** verbind die roeping van Moses, die Sinai-perikoop en die deurgang van die Jordaan (wat die intog simboliseer) met mekaar. Weereens is daar 'n verband tussen die narratief en die breër landsveroweringsverhaal (Moses, Sinai).

¹⁶¹ Pss 40:6; 72:18; 78:4; 86:10; 98:1; 111:4; 136:4.

Die eerste voorbeeld (Eks 3:20) is volgens navorsers wat die bronnehipotese navolg óf 'n produk van 'n Jahwistiese (J) weergawe van Moses se roeping óf aan 'n vroeëre verwerking van Eksodus 3.¹⁶² In die konteks van hierdie studie onderskryf ek juis nie die bronnehipotese nie, en daarom beskou ek Eksodus 3:20 nie as 'n vóór-eksiliese teks nie. Die tweede voorbeeld (Eks 34:10) val in die konteks van die Sinai-perikoop. Dit sal egter moeilik wees om Eksodus 34 aan 'n nie-priesterlike konteks te koppel. Die derde voorbeeld (Jos 3:5) is deel van 'n goddelike gesprek waarin natuurwonders beloof word.

Bieberstein (1995:334) dui verder die verband tussen die volgende gedeeltes (Eks 7:17; Jos 3:10) aan:

hw"hy> ynIa] yKi [d;Te tazOB.	Eks 7:17	<i>Hieraan sal jy weet dat ek die Here is;</i>
~k,B.r>qIB. yx; lae yKi !W[d>Te tazOB.	Jos 3:10	<i>Hieraan sal julle weet dat 'n lewende God in julle Midde is;</i>

Die eerste gedeelte (Eks 7:17) kom voor in die verhale rondom die tien plae, en handel oor Moses se onsekerheid dat die volk hom as leier gaan aanvaar. Die tweede voorbeeld (Jos 3:10) dien as legitimisasie van Josua se leierskap. In sy volgende voorbeeld dui hy die ooreenkoms tussen die volgende gedeeltes aan.

~ai WnBer>qIB. hw"hy>	!yIa' - vyEh]	Eks 17:7	<i>Is die Here tussen ons of nie?</i>
~k,B.r>qIB. yx; lae yKi !W[d>Te tazOB.		Jos 3:10	<i>Hieraan sal julle weet dat 'n lewende God in julle midde is;</i>

¹⁶² Noth (1972:267) skryf dit aan die Jahwis toe. Fohrer (1964:28-30), Richter (1970:57-103) en Zenger (1971:124-125) neem dieselfde posisie in. Weimar (1977:53-54; 168-169) verklaar dit as 'n Jehowistiese verwerking, terwyl Schmidt (1995) en Zenger (1978:56) dit as 'n deuteronomistiese byvoegsel interpreteer. Levin (1993:23-24) en Fritz (1994:54) plaas dit glad nie in die konteks van een van die klassieke bronne nie.

Die agtergrond van die derde gedeelte (Eks 17:7) is egter ingewikkeld. Die teks kom voor in die raamwerk van twee etiologië, wat die interpretasie van die teks moeilik maak. Daar is geen sprake van 'n direkte verband tussen die twee gedeeltes nie.

Die bogenoemde voorbeelde kan as volg uiteengesit word:

	Eks 3:20	Eks 7:17	Eks 17:7	Eks 34:10	Num 11:18	Num 25:1
Jos 3:1b						*
Jos 3:5b					*	
Jos 3:5c	*			*		
Jos 3:10		*	*			

Die bostaande voorbeelde bevestig dat die kern van die Josua-landsveroweringverhaal ooreenkomste met gedeeltes in die res van die Pentateug toon. Die gedeeltes wat ter sprake is (Eks 3:20; 7:17; 17:7; 34:10; Num 11:18; 25:1) bevat egter geen direkte verband met Josua 3 nie. Verder is dit moeilik die tekste wat Bieberstein gebruik (Eks 3:20; 7:17; 17:7; 34:10; Num 11:18; 25:1) eerder in 'n priesterlike konteks.

Zenger (1971:124-125, 137-138) dui 'n Jahwistiese landsveroweringverhaal aan. Hy baseer sy hipotese op die volgende argumente:

- Werkwoordstamme $h\bar{f} \bar{[}$ (qal) en $, l\bar{q}$ (nifal) (Eks 3:20; 34:10; Jos 3:5);
- Werkwoordstam $hn\bar{x}$ saam met die term $hcqb$ (Eks 13:20; Jos 4:19);
- Verwysing na Manna in die woestyn (Eks 16:35; Jos 5:10-12);
- Verskyning van die $hw"hy> \%a;l.m;$ (Num 22:22-35) en die $hw"hy>-ab'c.-rf$ (Jos 5:13-15);
- Bou van die altaar (Eks 24:4-5; Jos 8:30-35).

Weereens reflekteer hierdie tekste nie 'n vóór-priesterlike konteks nie, en daarom is dit moeilik om hierdie tekste te gebruik om 'n vóór-deuteronomistiese landsveroweringverhaal te rekonstrueer.

Kratz (2005:201) ondersoek die moontlikheid van 'n vóór-deuteronomistiese verhaal. Hy fokus eerste op die rol en plek van die boek Deuteronomium (Kratz 2005:123-132) en vind dat dat Deut 6:5 die openingsformule, en 26:1-16 die slotformule van die sogenaamde oer-Deuteronomium uitmaak. Die kern van oer-Deuteronomium is volgens Kratz in Deuteronomium 12-21 (die wette rondom die sentralisasie van die heiligdom) te vinde. Van oer-Deuteronomium werk hy terug en vind dat Deuteronomium 34:5-6 die dood van Moses beskryf, maar dat die teks nie na die Wet verwys nie. Kratz se gevolgtrekking is dat die verwysing a Moses se dood ouer is as die gedeeltes wat handel oor die Wet. So veronderstel verskeie tekste (Num 20:12; 27:12; Deut 1:37; 3:23; 4:21; 31:1; 32:48; 34:7; Jos 1:1) Moses se dood, terwyl daar geen verwysing na die Wet voorkom nie.

Kratz (2005:126) beskou dus Deuteronomium 5:1aa; 6:4-5; 26:1, 11, 18 en 34:1, 5 as die raamwerk van die boek Deuteronomium. Wanneer ons Deuteronomium, met die uitsondering van hoofstuk 34:5-6b as 'n invoeging tussen Numeri 25:1 en Josua 2:1 of 3:1 beskou, vertoon Deuteronomium 34:5-6 die struktuur van 'n doodsberig (soortgelyk aan dié van Miriam in Num 20:1abb). Die struktuur van die narratief sien volgens Kratz soos volg daarna uit:

- Num 22:1: Moses verlaat die vlakte van Moab;
- Num 25:1a :Moses maak mense bymekaar by Sittim;
- Deut 5:1a + 6:4-5 + 26:1-16 : Moses se toespraak;
- Deut 34:1a-6: Moses sterf;
- Jos 2:1; 3:1: Van Sittim word spioene uitgestuur om Jerigo in te neem.

Volgens Kratz verteenwoordig Josua 6 (die inname van Jerigo) en Josua 8 (die inname van Ai) die kern van die boek Josua. Hierdie kern is 'n voortsetting van die landsveroweringsverhaal wat van in Numeri 25:1a begin.¹⁶³ Die deurgang van die

¹⁶³ Hier neem Kratz die teenoorgestelde posisie as Noth in. Noth (1972:32) meen dat Num 25:1 moontlik later bygevoeg is om met Josua 2:1 en 3:1 te harmoniseer. Hierdie argument val saam met Noth (1972:33) se mening dat die oorspronklike Jahwistiese weergawe van die landsverowering aanvanklik ná Num 32 gevolg het. Hierdie weergawe van die landsverowering het volgens Noth egter later velore geraak. Uit die bostaande analise toon Kratz aan dat Josua 2:1 en 3:1 juis by Numeri 25:1 aansluit. Sodoende het Kratz die sogenaamde “verlore” landsveroweringsverhaal van J herontdek.

Jordaan (Jos 2-4) is volgens Kratz (2005:201) opgebou uit deuteronomistiese en ná-deuteronomistiese (priesterlike) uitbreidings.

Oer-Deuteronomium is 'n novelle wat op die Bondsboek (Eks 2-23) gebaseer is. Deuteronomium 6:4-5 en 26:16 vorm 'n raamwerk rondom die oer-Deuteronomium. Die doodsberig van Moses (Deut 34:1, 5) vorm 'n oorgang na Numeri, wat op sy beurt met die boek Josua aansluit. Kratz bou dan voort op die hipotese van 'n Heksateug-narratief wat rondom die tema van die landsverowering sentreer. Die invoeging van die boek Deuteronomium het veroorsaak dat die narratief onderbreek is. Kratz se benadering ondersteun die tendens om terug te keer na 'n deurlopende Heksateug-narratief wat later uitgebrei is.

Die literêre bande tussen Numeri 22:1; 25:1a; Deuteronomium 5:1a + 6:4-5+26:1-16; Deuteronomium 34:1a-6 en Josua 2:1; 3:1 is egter spekulatief. Kratz se rekonstruksie veronderstel 'n versnippering van Deuteronomium om soedoende 'n oorgang tussen Numeri 25:1 en Josua 2:1; 3:1 te bewerkstellig.

Die pogings om Josua 3 en 4 aan 'n vóór-deuteronomistiese landsveroweringverhaal te koppel, blyk nie suksesvol te wees nie. So byvoorbeeld het die gesprek rondom die sogenaamde Jahwis waarskynlik enige pogings om 'n vóór-deuteronomistiese landsveroweringverhaal te rekonstrueer finaal in die kiem gesmoor. Hier volg 'n uiteensetting van die debat.

4.5.1.1.1 Ekskursie: die rol van die Jahwis (J) in die Pentateug

4.5.1.1.1 (a) Inleiding

Verskeie navorsers plaas die gedeeltes van die boek Josua in die raamwerk van die Jahwis (J). So byvoorbeeld plaas Simpson (1948:280-286)¹⁶⁴ en Hölscher (1952:259-261) die vóór-deuteronomistiese stof in die Josuabook in die raamwerk van J en E. Eissfeldt (1974:244-248; 252-254) en Fohrer (1984:197)¹⁶⁵ volg in dieselfde voetspore. Mowinckel identifiseer J, 'n latere J-uitbreiding, asook P as bronne wat deurlopend tot in die boek Rigters voorkom.

Deuteronomium is tussen Num 25:1 en Jos 2:1 en 3:1 ingevoeg. Die res van die boek Numeri tussen Num 25:1 en Num 36 is dan 'n latere invoeging. Hierdie gedeelte (Num 25:2-36) bestaan uit komplekse redaksies, en is volgens Noth (1972:33) die resultaat is van die aaneenskakeling van die Pentateug en die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Om hierdie rede is dit moeilik om die oorspronklike vorm van die narratief te rekonstrueer.

¹⁶⁴ Simpson onderskei tussen 'n J¹, J² en E.

¹⁶⁵ Fohrer onderskei drie vóór-deuteronomistiese bronne, naamlik J, N (Nomade-bron) en E.

Otto (1975) ondersoek Josua 1-12 en identifiseer 'n J-bron en 'n deuteronomistiese bron.

Tot dusver is J as vóór-deuteronomistiese bron in die meeste van die bostaande ondersoekte teenwoordig. Die sogenaamde Münster-skool identifiseer eerder 'n *Jehowistiese* bron, wat die Jahwistiese en die sogenaamde Elohistiese bronne met mekaar verbind. Zenger (1971:124-125;137-138) ondersoek die Sinai-teofanie as motivering vir sekere motiewe wat in Josua 1-8 voorkom. Hy maak die gevolgtrekking dat Josua 1-8 in 'n Jahwistiese horison tuishoort, en hy verbind die Jahwistiese tekste met die tyd van Salomo. Weimar (1977:53-54, 168-169) plaas die term **hfl** in die *qal*-stamformasie, saam met **twalpn** as objek (wat Zenger ondersoek het), in 'n nuwe konteks. Hy merk in Eksodus 2:23-5:5 (Moses se roeping) 'n Jehowistiese verwerking wat hy rondom 700 vC dateer. Hiermee identifiseer hy 'n Jahwistiese verwerking (Gen-Num 14) wat saam met 'n Elohistiese verwerking (Gen-Eks) deel uitmaak van 'n landsveroweringsverhaal wat tot Josua 24 strek. Hierdie benadering kombineer die bronne-en fragmente-hipotese. Weimar (1980:38-39, 54-55, 85, 246-251, 287-288, 315) bring later die onderskeiding dat die Jehowistiese werk eers uit die tyd van Manasse (697-642) dateer. Uiteraard beteken dit dat vóór-Jehowistiese bronne die basis van die landsveroweringsverhaal vorm. Zenger (1982:361-362) stem saam oor die bestaan van vóór-Jehowistiese bronne, maar bly sy oortuiging dat die Jehowistiese verwerking eers rondom 700vC gedateer kan word (Zenger 1982:19). Hy verander later sy standpunt, sodat hy dit saam met Weimar in die tyd van Manasse plaas (Zenger 1986:441-450). Schwienhorst-Schönberger (1986:54-57,81-84) vermoed die bestaan van 'n vóór-Jehowistiese landsveroweringsverhaal (Jos 1, 3, 6, 8, 9, 24) wat mettertyd deur die Jehowistiese kringe uitgebrei is. Hy dateer die Jehowistiese uitbreidings rondom 700 vC (Schwienhorst-Schönberger 1986:337-339). Görg (1992:6-7) identifiseer in die vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal latere-of ná-Jahwistiese stof.

Die bognoemde voorbeelde is 'n aanduiding dat die klem van die klassieke bronnehypotese geskuif het na 'n vermenging van fragmente- en aanvullings-hipotese, wat uiteindelik verantwoordelik was vir die vorming van die Pentateug of Heksateug. Die tweede afleiding is dat die meeste navorsers die landsveroweringsgedeeltes in die boek Josua deur middel van vóór-deuteronomistiese bronne aan die Pentateug koppel.

4.5.1.1.1 (b) Laát datering van die Jahwis

Schmid (1976:168-257) is oortuig dat die Jahwis deurlopend ooreenkomste met die profete toon. Op grond hiervan plaas hy die Jahwis in die bloeitydperk van die deuteronomistiese denke (7-6^{de} eeu vC). Hy maak die gevolgtrekking dat die Jahwis en die deuteronomistiese skool op dieselfde tyd, maar tog onafhanklik van mekaar gewerk het. Vörländer (1978:337-343) gebruik dieselfde argumente om die Jahwis en Elohis in die ná-eksiliese tyd te plaas. Hy dateer die Deuteronomistiese Geskiedswerk as etiologie van die landsverlies

in die ná-eksiliese tyd. Terselfdertyd gebruik die Jahwis die landsbelofte om hoop te midde van die landsverlies te skep.

Winnett (1965:1-19) en Van Seters (1972:448-459) identifiseer klein verhaaleenhede wat eers in die laat of ná-eksiliese tyd in een groot verhaal (skepping tot landsverowering) verbind word.¹⁶⁶ Van Seters ondersoek die verwysings na die “vaders” en meen dat dit in Deuteronomium, Esegïel en Jeremia na die uittog-generasie verwys. Eers in die eksiliese tyd word die “vaders” met die aartsvaders assosieër. Die landsbelofte word in die Jehowistiese tekste met die aartsvaders verbind. Sodoende kom die verband tussen die aartsvaders en die landsbelofte eers in die Jahwistiese tekste van die ballingskap voor.

Rendtorff (1975:158-166) sluit hierby deur die ontstaan van die Pentateug as `n samevoeging van verskillende verhaalkomplekse te beskryf. Hy skep die hipotese dat die aartsvaderverhale vroeë (moontlik vóór- eksilies) rondom `n tema van landsbelofte saamgevoeg is. Hierdie verhale is mettertyd met ander verhaalkomplekse verbind, en sodoende word die Pentateug eers relatief laat (moontlik eers in die ná-eksiliese tyd) gevorm.¹⁶⁷

Rose (1981) ondersoek sogenaamde Jahwistiese gedeeltes in Genesis, en Eksodus en Numeri, wat verband hou met die eerste helfde van die boek Josua en Deuteronomium. Hy maak die gevolgtrekking dat hierdie sogenaamde Jahwistiese gedeeltes afhanklik is van gedeeltes in Josua of Deuteronomium. Sodoende moes die Jahwis `n proto-Deuteronomium of proto-Josua beskikbaar gehad het. Die implikasie is weereens `n laat (ten minste eksiliese) datering vir die Jahwis.

Römer (1990:45-53) sluit aan by Van Seters se idee dat die “vaders” in deuteronomistiese geskrifte na die uittog-geslag verwys, en dat die konsep van die aartsvaders later ontstaan het. Die uittog dra die teologiese klem van die deuteronomistiese werke, en dit dui volgens hom op `n eksiliese ontstaan. Die gedeeltes wat Abraham as vader van die volk teken, is dan eers onder die invloed van die Priesterskrif met die eerste oorsprongsverhaal (die bogemelde uittogverhaal) gekombineer.¹⁶⁸

¹⁶⁶ Winnett (1965:1-19) onderskei tussen `n vroeë Jahwis en `n vroeë tot ná-eksiliese Jahwistiese redaksie. Hierdie redaksie sou, onder die invloed van Deutero-Jesaja, verantwoordelik wees vir die oergeskiedenis, die landsbelofte aan die aartsvaders, asook die toestandkoming van die Josefsverhaal. Die priesterskrif (P) sou die bostaande verhaal, wat strek vanaf die skepping tot by die Josefsverhaal, met die Mosesverhaal en Deuteronomium verbind.

¹⁶⁷ Rendtorff (1974:158-166) dateer die toestandkoming van die Pentateug eers ná die ontstaan van die priesterskrif. Later maak hy ruimte vir `n deuteronomistiese vertelling van die aartsvaders tot by die dood van Moses, wat gevolg word deur die priesterskrif. Die samevoeging van hierdie twee groot verhaaleenhede lei tot die vorming van die Pentateug.

¹⁶⁸ Eksodus 3-4 is kronologies gesproke die vroegste teks waar die verband tussen die God van die uittog en die God van die vaders voorkom.

Terwyl Whybray (1995:25-27) volhou dat die Jahwistiese gedeeltes ontstaan het as mondelinge oorleweringe wat eers in die eksiliese tyd as voorgeskiedenis vir die deuteronomistiewe werke gevorm is, hou Blum (1990) by die konsep van vóór-eksiliese verhaaleenhede wat later redaksioneel verbind is. So is die aartsvaderverhale eers in die vroeë ná-eksiliese tyd onder invloed van die deuteronomistiese beweging met die uittog en landsveroweringsgedeeltes verbind. Hy laat ook ruimte vir 'n ná-eksiliese priesterlike redaksie.

Levin (1993: 34-35) keer terug na die konsep van die Jahwistiese werk as later verbinding van ouer bronne. Die Jahwis is volgens hierdie benadering losgemaak van deuteronomistiese invloede. Intendeel, hy stel die Jahwistiese werk voor as 'n vroeë ná-eksiliese werk wat juis standpunt inneem teen die deuteronomistiese (en veral Josiaanse) konsep van die sentralisering van die kultus.

4.5.1.1.1 (c) Gevolgtrekking

Die klassieke voorstelling van 'n Jahwis wat uit Salomo se tydperk dateer, asook enige verwerking van hierdie hipotese, is nie meer vandag bewysbaar nie.¹⁶⁹ Die val van die Jahwis het tot 'n wending in Pentateug/ Heksateug navorsing gelei (vgl 2.1.1). Die problematiek rondom die rekonstruksie van 'n vóór-deuteronomistiese Jahwis hou bepaalde gevolge vir die analise van Josua 3-4 in. Bieberstein (1995) se rekonstruksie van 'n vóór-deuteronomistiese landsveroweringverhaal is onwaarskynlik in die lig van die debat rondom die datering van die Jahwis.

4.5.1.2 Josua 3:5, 11 en 13b-d deel van die ná-eksiliese konteks.

Josua 3:5 bevat die term **עֲדָרָה** wat deel vorm van die opdrag aan die volk om hulleself te heilig. Hierdie term kan moeilik as vóór-priesterlik bestempel word, omdat dit kultiese gebruike impliseer (Eks 19:22; 1 Sam 16:5).

¹⁶⁹ Sommige navorsers (Seebass 1983:198-216; Kohata 1986) onderskryf nog die klassieke bronnehypotese.

Die uitdrukking #r, a'h' -lK' !Ada] (“Here oor die hele aarde”) in Josua 3:11 dui op `n ná-eksiliese konteks. Hierdie term kom in ander ná-eksiliese tekste voor (Soggin 1972:59).¹⁷⁰

Josua 3:13d (dx'a, dnE wdm. [;y: : *en dit sal soos een wal bly staan*) is problematies omdat die term dnE nie in die LXX voorkom nie. Volgens die analise is Josua 3:13d deel van die narratief van die Jordaandeurgang (3:1, 5, 10b-c, 13b-d 14a, 16a-f). Die term dx'a, dnE is van belang. Hierdie term kom nie in die LXX voor nie, en is waarskynlik `n sekondêre invoeging tot die MT (Boling 1982:168). Verder sinspeel die term op Ekodus 15, waar dieselfde term voorkom (Boling 1982:168). Die volgende ekskursie vorm deel van `n ondersoek na die verband tussen Eksodus 15 en Josua 3. Die moontlikheid bestaan dat Eksodus 15 uit die ná-ballingskap dateer. Indien dit wel die geval is, wil ek die komposisie en oorsprong van Eksodus 15 navors, omdat dit moontlik `n invloed op Josua 3:13d gehad het. Om hierdie rede vorm my ondersoek na Eksodus 15 `n integrale deel van hierdie studie.

4.5.1.2.1 Ekskursie: Eksodus 15

4.5.1.2.1 (a) Inleiding

Eksodus 15 is die onderwerp van menigte ondersoeke (Butler 1972: 239-247; Strauss 1985:103-109; Brenner 1991; Human 2001:419-433). Die datering, *genre* en samestelling van die gedeelte ontlok verskeie teorieë rondom die samestelling en oorsprong van die teks. Die Moseslied is al vanuit verskillende hoeke benader, onder andere uit die raamwerk van grammatikale studies, Pentateug-studies, en vergelykende studies. Alhoewel dit moeilik is om die gedeelte met sekerheid te analiseer, dien die volgende as uiteensetting van die navorsingsresultate.

4.5.1.2.1 (b) Grammatikale studies

Bender (1903:1-48) ondersoek die woordeskat van die Moseslied en maak die gevolgtrekking dat die lied uit die ná eksiliese tyd dateer. Sekere Aramese terme dui volgens Bender op `n ná-eksiliese ontstaanstydperk. Brenner (1991:19-21, 186-188) tipeer die lied as `n oorwinningslied uit die tydperk van die Tweede Tempel. Hy plaas die oorsprong van die lied in die konteks van Levitiese priesters. Tournay (1958:321-357) en Butler (1972:239-247) plaas die woordeskat in die deuteronomistiese konteks (laat vóór-eksilies). Cross (1973:112-144) vind dat die afwisselende metrum, komplekse strofiese struktuur en sterk parallelisme op `n ooreenkoms met Ugaritiese poësie dui. Die ooreenkomste met Ugaritiese poësie dui vir Cross op `n vroeë (vóór eksiliese) datering. Nogtans wys ooreenkomste tussen die Moseslied en Ugaritiese literatuur nie

¹⁷⁰ Mig 4:13; Sag 4:14; 6:5; Ps 97:5.

noodwendig op 'n vroeë datering nie. Die vroeë elemente kon moontlik eers later neerslag in die teks gevind het (Childs 1974:246).

4.5.1.2.1 (c) Eksodus 15 en die Pentateug

Terwyl die meeste navorsers die klassieke bronne in Eksodus 14 identifiseer (Noth 1972:269; Childs 1974: 220-221; Campbell & O'Brien 1993:40-41, 143, 185), is die meeste navorsers eens dat die klassieke bronne nie in Eksodus 15 voorkom nie. Mowinckel (1961:191) is een van die min navorsers wat die lied met een van die klassieke bronne (J) verbind. Sommige navorsers isoleer die lied van enige bekende bron (Noth 1959:98; 1972:269; Fohrer 1984:188). Childs (1974:245) verteenwoordig die oorheersende benadering as hy nie die Moseslied as 'n resultaat van liniêre ontwikkeling van J na P beskou nie. Hy identifiseer die Moseslied eerder as 'n poëtiese meesterstuk wat uit dieselfde tyd as die klassieke J (dws omtrent 9^{de} eeu vC) dateer.

4.5.1.2.1 (d) Vergelykende studies

Vergelykende studies vorm 'n belangrike deel van my studie van die ooreenkomste tussen Josua 3:13d en die Moseslied. Om die Moseslied verantwoordelik te bestudeer, is dit belangrik om die oorsprong en *genre* van Eksodus 15 te identifiseer. Om hierdie rede bestudeer ek verskeie tekste wat ooreenkomste met Eksodus 15 vertoon om sodoende 'n gevolgtrekking rondom die verhouding tussen Josua 3 en Eksodus 15 te maak.

Eksodus 15 toon verskeie ooreenkomste met **Psalm 78** en **Nehemia 9** in terme van woordeskat. Die verhouding tussen die Moseslied en Psalm 78 is kompleks. Daar is uiteenlopende teorieë oor watter een die vroegste was. Freedman (1980:118) dui aan dat Psalm 78 op Eksodus 15 gebaseer is, en hy dateer Psalm 78 in die 10/9^{de} eeu vC. Wat Nehemia 9 aanbetref, is 'n ná-eksiliese datering die norm (Steins 1995:275; Knauf 2002:330; Gerstenberger 2005:129).¹⁷¹ Weereens is die probleem dat die rigting van tradisie - ontwikkeling moeilik bepaal kan word. Haupt (1904:149-172) dateer Nehemia 9 vroeër as Eksodus 15, terwyl Cornhill (1907:540) die Moseslied vroeër as Nehemia 9 dateer. Strauss (1985:103-109) plaas die Moseslied in die breër konteks van 'n belydenis.¹⁷² Schreiner (1963) vind ooreenkomste met psalms van Jahwe se reddingsdade.¹⁷³ Fohrer (1964:110ev) identifiseer 'n ooreenkoms met Deutero-Jesaja. Hy merk 'n Jerusalem-konteks by Deutero-Jesaja en plaas die lied ook in die konteks van die Tweede Tempel. Sodoende dateer Fohrer die lied in die ná-eksiliese tyd. Witte (2006:21-39) identifiseer Psalm 78 as 'n ná-eksiliese terugskouing op God se handeling in die geskiedenis. Ek probeer in hierdie gedeelte om die ná-eksiliese konteks van Psalm 78 aan te dui. Omdat ek Josua 3 grootliks as 'n produk van die ná-eksiliese tydperk beskou, is dit belangrik om die verbande tussen Eksodus 15, Psalm 78 en Josua 3 te verduidelik.

Ooreenkomste tussen die lied en Psalm 78 is opvallend:

¹⁷¹ Volgens Knauf (2006:350) veronderstel Neh 9 die kanoniese Tora sowel as die vroeë profete. Om hierdie rede beskou hy dit as 'n ná-eksiliese teks.

¹⁷² 'n Belydenis-*genre* plaas die Moseslied in die veld van Deut 26:5b-9. Belydenisse soos Deut 26 is waarskynlik tot in die Nuwe-Testamentiese tyd gebruik. Strauss (1995:103-109) meen dat die Moseslied 'n lang ontstaansgeskiedenis deurloop het. Hy plaas die finale redaksie in die ná-eksiliese tyd.

¹⁷³ Pss 78; 105; 106; 135; 136. Die uittog en intog speel 'n beduidende rol in die psalms. Schreiner beskou Ps 78 as die oudste van hierdie groep, en plaas dit in die laat-monargale tydperk. Die Moseslied is tematies die naaste aan Psalm 78, maar bevat nie die didaktiese motiewe van psalm 78 nie. Om hierdie rede dateer hy die Moseslied as die vroeër as Psalm 78.



Psalm 78	Vers	Vertaling	Eksodus 15	Vers	Vertaling
tALhiT.	4	<i>verheerlik</i>	tL{hit.	11	<i>verheerlik</i>
al,p, hf' ['	12	<i>wonderdade</i>	al,p,	11	<i>wonderdade</i>
dnE-	13	<i>die waters het gestaan</i>	o hfe[o	8	<i>die waters het</i>
AmK. ~yIm;-		<i>soos `n wal</i>	dnE-		<i>gestaan soos</i>
bC,Y:w:	15	<i>watervloede</i>	Amk.		<i>`n wal</i>
tAmhot.Ki	49	<i>Hy het die gloed van sy</i>	WbC.nI	5	<i>watervloede</i>
APa;		<i>toorn onder hulle</i>	tmohoT.	7	<i>U stuur u toorn</i>
!Arx] ~B' -	16	<i>gestuur</i>	^n>rox]		
xL;v;y>	53	<i>laat uitvloei</i>	xL;v;T.		<i>wat saamvloei</i>
~yliz>An	52	<i>die see het oordek</i>	~yliz>nO	10	<i>die see het oor-</i>
~Y"h; hS'Ki	54	<i>sy volk</i>	~Y"	13	<i>dek</i>
AM[;		<i>sy heilige grondgebied</i>	AmS'Ki		<i>volk</i>
Avd>q' lWbG>	54	<i>berg</i>	~[;	13	<i>U heilige woning</i>
rh;	54	<i>..wat hy verwerf het</i>	^v,d>q'		
ht'n>q' hz<	54	<i>sy regterhand</i>	hwEn>	;17	<i>berg</i>
Anymiy>	54	<i>erfdeel</i>	rh;	16	<i>wat u verwerf</i>
hl'x]n:	55	<i>sy heiligdom</i>	t'ynIq'		<i>het</i>
AvD'q.mi	69		Wz	6	<i>U regterhand</i>
			^n>y Miy>	17	<i>U erfenis</i>
			^t.l'x]n		
			:	17	<i>heiligdom</i>
			vd'Q.mi		

Wat die datering en *Sitz im Leben* van Psalm 78 betref, is daar uiteenlopende interpretasies. Tate (1990:284) verwys na alle moontlikhede en kies vir `n oorsprong in die tyd van Dawid (10vC) of Hiskia (7vC), alhoewel hy ruimte laat vir herinterpretasie in die ná-eksiliese tydperk. Die *genre* van Psalm 78 wissel van `n lofpsalm met `n wysheidsinleiding (Westermann 1981; 228-249) tot `n wysheidspsalm (Carrol 1971:133-150; Weiser 1962:539), asook die nadenke oor die geskiedenis wat uitloop op `n belydenis van die volk se mislukkings na aanleiding van die ballingskap (Von Rad 1962:357). Die datering van Psalm 78 wissel van vóór tot ná-eksilies. Campbell (1979:51-59) fokus op die feit dat die tempel nié in die psalm genoem word nie. Die verwerping van Silo is wel ter sprake. Daarom plaas Campbell die psalm tussen die vernietiging van Silo en die bou van die tempel (10^{de} eeu vC). Gunkel (1968:342) plaas die verwerping van Silo en die opheffing van Jerusalem in die ná-eksiliese tydperk. Hy beskou die verwerping van Silo as `n legitimasie van die tempel in Jerusalem, en plaas dan Psalm 78 in die konteks van die stryd tussen die Jode en die Samaritane. `n Ná-eksiliese konteks, veral die stryd tussen die Jode en Samaritane, sou die verwerping van die hele Noordryk in die psalm verklaar. Die Noordryk is veral in die Deuteronomistiese Geskiedenis berispe vir hulle afgodediens, maar die totale verwerping van die Noordryk, soos in Psalm 78 voorkom, is volgens Gunkel (1968:342) eie aan die politiek-godsdienstige klimaat van Esra en Nehemia. Hierdie argumente ondersteun die hipotese van `n ná-eksiliese konteks vir Psalm 78.

Die volgende opmerkings is van belang:

Die motief van God as לַאֵל (“redder” Ps 78:13) van sy volk, is ná-eksilies van aard. Die 31 keer wat die term elders voorkom, kom dit slegs in ballingskap of ná-ballingskap tekste voor (Brenner 1991:153). Die woord וַד'Q.mî (v69) as verwysing na of sinseling op die tempel, kom 51 keer elders in die Ou Testament voor, en die konteks is altyd eksilies- ná-eksilies (Brenner 1991:153). Verder is die tradisie dat Israel die Rietsee deurgegaan (אֲרַבְרָב) het (v13) eie aan die ballingskap of ná-ballingskap tyd (Brenner 1991:153). Josua 4:23, wat priesterlike trekke vertoon¹⁷⁴ is die vroegste teks wat die term gebruik. Daarna kom dit dikwels in ná-eksiliese tekste voor (bv Jes 51:10; Ps 136:14; Neh 9:11; Num 33:8). Die tradisie van die skeiding van die waters is waarskynlik 'n ná-eksiliese tradisie (Pss 74:13; 136:13; Jes 63:12; Eks 14:16, 21 [P-Noth 1972:269]).

Die woorde wat die verwerping van Israel (Ps 78:58) in die Rigtertyd uitdruk, toon sterk ooreenkomste met die deuteronomistiese tradisie(s). Die werkwoord כָּעַם (v58), kom 23 keer in deuteronomistiese tekste voor (Brenner 1991:155).

Verse wat Silo se verwerping (Ps 78:59,60) en Jerusalem se uitverkiesing verwoord (Ps 78:67-68) toon ooreenkomste met Jeremia (veral die terme שָׁחַ וְנָטַח). Die positiewe houding van Psalm 78:59, 60 jeens Jerusalem sluit aan by die Jeremia-teologie dat Jerusalem en Dawid nie gestraf sal word vir die afgodediens van die volk nie (Jer 14:19; 33:26). Verder is dit relevant dat Psalm 78 se weergawe van Israel se geskiedenis spesifiek 'n *vergelyking* of lvm (2) genoem word. Die term “vergelyking” sinspeel op 'n ideologiese invalshoek, eerder as 'n historiese weergawe van Israel se geskiedenis. In die lig van hierdie term verwoord die psalm moontlik die ná-eksiliese stryd met die Samaritane. Hierdie weergawe van die geskiedenis is 'n poging om aan te dui dat die tempel in Jerusalem die enigste legitieme woonplek van God is. Deuteronomistiese terminologie word in 'n ná-deuteronomistiese manier weergegee en dit dui moontlik op 'n ná-eksiliese agtergrond (Brenner 1991:157). Psalm 78 val verder in die korpus van die Asaf-psalms (v1). Die verbintenis met Asaf plaas die psalm heel moontlik in die ná-eksiliese konteks (Tate 1990:287). Die volgende argumente geld om Psalm 78 in die ná-eksiliese konteks te plaas (Witte 2006:37):

- Invloed van (laát) deuteronomistiese tekste wat die klem op die groep laat val (Deut 4:9-10; 6:7; 8:2; 11:19; 32:46);
- Teenwoordigheid van (laát) deuteronomistiese teologie van vergelding. In 2 Konings 17:7-18 word Israel gestraf omdat hulle die Wet en die verbond verontagsaam het. In Psalm 78 funksioneer die geskiedenis van Israel in die raamwerk van vergeldingsteologie. Israel word gestraf vir hulle oortredings;
- Historiese konteks van Psalm 78:59-63. In hierdie verse is daar verwysings na Israel en Juda in die Neo-Assiriese, Neo-Babiloniese en Persiese-Hellenistiese tydperke;
- Invloed van priesterlike tekste. In hierdie geval is die verwysings na die uittog en woestyntog op die priesterlike werke gebaseer;
- Ooreenkomste met (laát) wysheidsteologie. Vers 1-2 toon ooreenkomste met wysheidsteologie. Verder hou die skrywer van Psalm 78 hom voor as 'n wysheidsleer. Ons vind ooreenkomste in Spreuke 1:5; 3:1; 4:2; 5:1; 7:2, 24; 8:4-9;
- Verbande met Kronieke. Behalwe vir die vergeldingsteologie vind ons ook verwysings na Dawid as die ideale heerser (Ps 78:72; 1 Kron 29:17; 2 Kron 6:5-61). Verder is daar verwysings dat Israel se oorsprong aan Dawid te danke is (Ps 78:70-72; 1 Kron 28-29). Hierdie voorbeelde dien om die ná-eksiliese konteks van Psalm 78 te bewys. Omdat Psalm 78 soveel ooreenkomste met Eksodus 15 toon in terme van taal en woordeskate, bestaan die moontlikheid dat beide se oorsprong in die ná-eksiliese tyd tuishoort.

Die Rietsee-tradisie speel 'n belangrike rol in Eksodus 15. Childs (1974:406-18) vind geen grammatikale ooreenkomste tussen dié lied en Eksodus 14 (J/P) nie.¹⁷⁵ Hy voorsien eerder 'n

¹⁷⁴ Ek verwys veral na die gebruik van die term הַיָּם בַּיָּם, wat buiten Josua 4:23 in die P-weergawe (Eks 14:16,22,29) van die Rietsee-vertelling voorkom (Noth 1972:269; Childs 1974:220).

¹⁷⁵ Nogtans is daar sekere ooreenkomste tussen die lied en Eks 14. Die elemente van die wind (14:21; 15:10) en die waters wat soos 'n muur staan (14:22,29; 15:8) is in albei te vinde.

breër tradisie waaruit die lied uiteindelik ontstaan het. De Vaux beskou die verband tussen die uittog en die landsverowering-tradisies op 'n unieke manier. Volgens De Vaux is die Jordaantradisie is vroeër, en die lied is daarop gebaseer (De Vaux 1978:381-387). Sy navorsing berus op die ondersoek na die term *דנE* (Eks 15:8). Volgens De Vaux kom die term oorspronklik uit die Jordaandeurgang, wat volgens De Vaux 'n vroeë tradisie verteenwoordig.¹⁷⁶ Weereens is dit moeilik om die afhanklikheid van 'n teks op 'n ander teks te bewys. Die term *דנ* dui myns insiens eerder op 'n gemeenskaplike agtergrond tussen Eksodus 15:8 en Josua 3, omdat die term *דנE* nie in die LXX (Jos 3:13d) voorkom nie, impliseer dat dit 'n byvoeging tot die MT is. Ek ondersoek juis die moontlikheid dat dieselfde groepe wat vir die Moseslied se komposisie verantwoordelik was, die byvoeging tot Josua 3:13d gemaak het.

4.5.1.2.1 (e) Samestelling van Moseslied

Daar bestaan twee benaderings ten opsigte van die komposisie van die Moseslied:

- Sommige navorsers analiseer die lied as 'n eenheid (Cross & Freedman 1955:237-250; Coats 1969:1 Brenner 1991:19-21). Coats (1999:120) meen egter dat vers 2 later bygevoeg is, waarskynlik toe die lied in die tempel gebruik is. Brenner plaas die lied in die ná-eksiliese tyd. Hy lê klem op die eenheid van die lied, en laat nie ruimte vir 'n lang redaksieproses nie;
- Ander navorsers betwyfel die eenheid van die Moseslied (Watts 1957:371ev; Noth 1959:98; Strauss 1985:103-109). Volgens hierdie benadering het die lied verskeie redaksies ondergaan;

Muilenberg (1966:238-250) meen dat verse 1-12 en 13-18 uit verskillende tydperke dateer. Tournay (1958:335-357) en Noth (1959:96) beskou vers 21b as 'n afsonderlike eenheid. Hulle meen verder dat vers 21b vroeër afsonderlik bestaan het, en dat die oudste deel van die Moseslied is.

Ek sluit aan by die skool wat Eksodus 15:1a-21b as 'n eenheid interpreteer. Die komposisie van Eksodus 15 dui op 'n afgeronde grammatikale en tematische eenheid wat van vers 1a-21b strek. In hierdie studie ondersteun ek die teorie dat die Moseslied as 'n eenheid in die ná-ballingskap tyd ontstaan het. Ek wil die argument verder voer, naamlik dat dieselfde ná-ballingskap groepe wat vir die komposisie van die Moseslied verantwoordelik was, die *narratief* van Josua 3 redaksioneel uitgebrei het. Hierdie hipotese is op my interpretasie van Eksodus 15 gebaseer en veral op die teorie dat Eksodus 15 spesifiek uit die ná-eksiliese tyd dateer. Hier baseer ek my ondersoek op die werk van Brenner (1991). In hierdie gedeelte evalueer ek Brenner (1991) se werk deurentyd op grond van die volgende kriteria:

- Komposisie van Eksodus 15. Hier verwys ek na Brenner se hipotese dat Eksodus 15 'n eenheid is, en dat die teks as eenheid uit die ná-eksiliese tyd dateer;
- Datering van die Moseslied. In hierdie geval ondersoek ek deurlopend Brenner se verbande tussen Eksodus 15 en ná-eksiliese literatuur.

4.5.1.2.1 (f) Genre

Die vraag na die *genre* van die Moseslied ontlok verskeie reaksies. Die volgende moontlikhede is ter sake:

- Psalm (Fohrer 1984:188);
- Troonbestygingspsalm (Mowinkel 1992:126);
- Oorwinningslied (Cross 1973:141). Cross plaas die oorwinningslied in die konteks van 'n pasgavering by Gilgal;
- Dankseggingspsalm (Noth 1959:98-99).

¹⁷⁶ Tekskritiek speel hier 'n rol. Die term kom nie in die LXX voor nie (Jos 3:13). Omdat die LXX waarskynlik 'n meer oorspronklike teks as die Masoretteks verteenwoordig, beteken dit dat die term *דנE* nie in die vroegste tekste voorkom nie. Om hierdie rede maak ek die afleiding dat die term *דנE* tot op grond van die invloed van Eks 15 tot die Masoretteks toegevoeg is. Ek neem dus die teenoorgestelde posisie as De Vaux in, naamlik dat Eks 15 die vroeë tradisie verteenwoordig.

Ek interpreteer Eksodus 15 as 'n oorwinningslied wat uit die tydperk van die Tweede Tempel (met spesifieke klem op die herbou van Jerusalem se mure) dateer. Hierdie vergelykende studie help om die Moseslied ander ná-eksiliese literatuur, en spesifiek met ander oorwinningsliedere te vergelyk. Die doel is om vas te stel of dieselfde kringe vir die onderskeie oorwinningsliedere verantwoordelik is. Hierdie resultate hou bepaalde gevolge in vir die interpretasie van Josua 3:13d.

4.5.1.2.1 (g) Teks

hw"hyl; taZOh; hr'yVih;- ta, laer'f.yI ynEb.W hv,mo- ryviy" za'	1a	<i>Toe het Moses en die seuns van Israel hierdie lied tot eer van die Here gesing, en dit is wat hulle gesê het:</i>
~Y"b; hm'r' Abk.row> sWs ha'G" haog"-yKi hw"hyl; hr'yvia'	1b	<i>Ek wil sing tot die Here, want hy is hoog verhewe. Die perd en sy ruiter het hy in die see gegooi;</i>
h['Wvyli yli-yhiy>w: Hy" tr'm.zIw> yZI['	2a	<i>Die Here is my krag en my lied, hy het my gered.</i>
Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<	2b	<i>Hy is my God, ek sal hom verheerlik; die God van my vader, Hom sal ek verhef.</i>
Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"hy>	3	<i>Die Here is n kryger; Here is sy naam.</i>
~Y"b; hr'y" Alyxew> h[or>P; tboK.r>m;	4a	<i>Hy het die farao se strydwaens en sy weermag in die see gegooi.</i>
@Ws - ~y:b. W[B.ju wyv'liv' rx;b.miW	4b	<i>Sy beste soldate het in die skelfsee gesink.</i>
!b,a'-AmK. tl{Acm.bi Wdr>y" WmyUs.k;y> tmohoT.	5	<i>Die watervloede het hulle oordek. Hulle het in die kolke gesink soos 'n klip.</i>
byEAa #[:r>Ti hw"hy> ^n>y Miy> x;KoB; yrID'a.n< hw"hy> ^n>y Miy>	6	<i>U regterhand, Here is verheerlik in krag. U regterhand, Here, verpletter die vyand.</i>
vQ;K; Amlek.ayO ^n>rox] xL;v;T. ^ym,q' sroh]T; ^n>AaG> brob.W	7	<i>En in u groot hoogheid werp u dié neer wat teen u opstaan. U stuur u toorn-gloed uit; dit verteer hulle soos 'n stoppel.</i>
~yliz>nO dnE-Amk. WbC.nI ~yIm; Wmr>[,n< ^yP,a; x;Wrb.W	8a	<i>En deur die geblaas van u neus het die waters hulle opgestapel, die strome het bly staan soos 'n wal,</i>
~y"-bl,B. tmohot. Wap.q' Ll'v'	8b	<i>die watervloede het styf geword in die hart van die see.</i>
qLex;a] gyFia; @Dor>a, byEAa rm;a'	9a	<i>Die vyand het gesê: Ek sal hulle agtervolg, inhaal, buit verdeel,</i>
ydIy" AmveyrIAT	9b	<i>my begeerte sal versadig word van hulle; ek sal my swaard uittrek,</i>



yBir>x; qyrIa' yvip.n: Amael'm.Ti ~yrIyDia; ~yIm;B. tr,p,A[K; Wll]c' ~y" AmS'Ki ^x]Wrb. T'p.v;n" vd,QoB; rD'a.n< hk'moK' ymi hw"hy> ~liaeB' hk'mok'-ymi		<i>my hand sal hulle uitroei.</i>
al,p, hfe[o tL{hit. ar'An #r,a' Am[el'b.Ti ^n>y Miy> t'yjin" ^v,d>q' hwEn>-la, ^Z>['b. T'l.h;nE T'l.a'G" Wz--[; ^D>s.x;b. t'yxin" Tv,l'P. ybev.yO zx;a' lyxi !WzG"r>yI ~yMi[; W[m.v' d[;r' AmzEx]ayO ba'Am yleyae ~Ada/ ypeWLa; Wlh]b.nI za'	10 11a 11b	<i>U het met u asem geblaas; die see het hulle oordek; soos lood het hulle gesink in die geweldige waters. Wie is soos U onder die gode, Here , wie is soos U, Here, verheerlik in U heiligheid, gevrees in lof, een wat wonders doen?</i>
![:n"k. ybev.yO lKo Wgmon" !b,a'K' WmD>yI ^[]Arz> ldog>Bi dx;p;w" ht'm'yae ~h,yle[] lPoTi t'ynIq' Wz--[; rbo[]y:-d[; hw"hy> ^M. [; rbo[]y: -d[; hw"hy> T'l.[;P' ^T.b.vil. !Akm' ^t.l'x]n: rh;B. Am[eJ'tiw> AmaebiT.	12 13 14	<i>U het u regterhand uitgesteek, die aarde het hulle verslind. U het deur u guns die volk gelei wat u verlos het; U het hulle deur u krag na die heilige woning gevoer. Die volke het dit gehoor, hulle het gesidder; vrees het die inwoners van Fillistea aangegryp.</i>
^yd,y" Wnn>AK yn"doa] vd'Q.mi d[,w" ~l'[ol. %l{m.yI hw"hy> ~Y"B; wyv'r'p'b.W ABk.rIB. h[or>P; sWs ab' yKi laer'f.yI ynEb.W ~Y"h; yme-ta ~h,le[] hw"hy> bv,Y"w: ~Y"h; %AtB. hv'B'Y:b; Wkl.h' laer'f.yI ynEb.W ~Y"h; yme-ta, Hd'y"B. @Toh;-ta, !roh]a; tAxa] ha'ybiN>h; ~y"r>mi xQ;Tiw:	15a 15b 16a 16b 17	<i>Toe is die stamhoofde van Edom verskrik, bewing het die magtiges van Moab aangegryp. Al die inwoners van Kanaän het gebewe. Verskrikking en vrees het op hulle geval; deur die grootheid van u arm was hulle stom soos `n klip, terwyl u volk deurtrek, Here, terwyl die volk deurtrek wat u verwerf het. U bring hulle in en plant hulle op die berg van u erfenis, die plek wat u as vaste woonplek vir u berei het, die heiligdom wat u hande gestig het, my Here!</i>
	18 19	<i>Die Here sal regeer vir ewig en altyd. Want Faraos se perd, met sy stryd- waens en sy ruiters, het in die see ingegaan, en die Here het die waters van die see oor hulle laat terugkom. Maar die seuns van Israel het binne-in die see op droë grond getrek.</i>
	20a	<i>En Mirjam, die profetes, die suster van Aäron, het `n tamboeryn in haar hand geneem;</i>

<p>tl{xom.biW ~yPituB. h'yr,x]a; ~yviN"h;- lk' !"ac,Tew:</p>	<p>20b</p>	<p><i>en al die vrouens het agter haar uitgegaan, met tamboeryne en koordanse.</i></p>
<p>~y"r>mi ~h,l' ![:T;w: ~Y"b; hm'r' Abk.row> sWs ha'G" haog"-yKi hw"hyl; Wryvi</p>	<p>21a</p>	<p><i>En Mirjam het hulle geantwoord:</i></p>
	<p>21b</p>	<p><i>Sing tot eer van die Here, wan t hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gegooi.</i></p>

ˆn Moontlike teksindeling sien soos volg daarna uit:

1a	Prosaïese raam
1b-3	Kultiese formule
4-12	Redding by die Rietsee
13-17	Intog in Beloofde Land
18	Liturgiese formule
19	Prosaïese uitleg van psalm
20-21a	Prosaïese uitleg van vers 19
21b	Kultiese formule

Op grond van die indeling kom die onderskeie elemente van die indeling van die lied aan die orde.

4.5.1.2.1 (h) Prosaïese raam (1a, 19-21a)

Vers 1 vertoon sterk ooreenkomste met die inleidings van liedere van Moses (Deut 31:19,21,22,30)¹⁷⁷, en van Dawid (2 Sam 22:1,2a).¹⁷⁸ in die Ou Testament. Beide hierdie liedere funksioneer as byvoegings tot deuteronomistiese gedeeltes (Brenner 1991:43). Eksodus 15:1 bied geen ooreenkomste met uitdrukkings in die klassieke Pentateug-bronne (J, E, P) nie (Brenner 1991:43). Nog ˆn aanduiding van die agtergrond van die verse wat die prosaïese raamwerk uitmaak (1a, 19-21a), is te vinde in die verwysing na Miriam as ˆn *profetes* (v 20). 1 Kronieke 25:1-7 beskryf die tempelsangers as *profete*. Die struktuur van die Moseslied bied die moontlikheid van koorsang. Dit is moontlik dat die lied as beurtsang tussen mans en vrouens in ˆn koor gesing is (Brenner 1991:44). Dié tipe sang was eie aan die Leviete (1 Kron 25:1-3; 2 Kron 35:15). Aäron word voorgestel as die broer van Miriam. Die term “broer” is die manier waarop Leviete na hulleself verwys het (1 Kron 23:32, 2 Kron 35:6).

Brenner (1991:42-53) wend ˆn poging aan om die prosaïese raamwerk te dateer. Vers 19 is egter problematies. Hierdie vers toon ooreenkomste met P, maar die ooreenkomste is nie só oortuigend dat die verband tussen vers 19 en P oortuigend is nie. Die volgende dien as voorbeeld:

<p>Eksodus 15:19aó ~Y"b; wyv'r'p'b.W ABk.rIB. h[or>P; sWs ab' yKi</p>	<p><i>Want Faraó se perd, met sy strydwaens en sy ruiters, het in die see ingegaan;</i></p>
---	---

¹⁷⁷ Die gedeelte verteenwoordig ˆn laat stadium van deuteronomistiese redaksie (Moran 1975:257).

¹⁷⁸ Die betrokke lied onderbreek die gebeure tussen 2 Sam 20:26 en 1 Kon 1:1. Op grond daarvan verklaar Brenner (1991:43) dit as ˆn byvoeging tot deuteronomistiese literatuur.

<p>~Y"h;-l[; ~ynIxo ~t'Aa WgyFiY:w: ~h,yrex]a; ~yIr;c.mi qZEx;y>w: Alyxew> wyv'r'p'W h[or>P; bk,r, sWs-lK !poc. l[;B; ynEp.li troyxih; yPi-l[</p>	<p>Eks 14:9</p>	<p><i>En die Egiptenare het hulle agternagesit, al die farao se perde en strydwaens, sy ruiters en sy weermag, en hulle ingehaal terwyl hulle gekamp het by die see, by Pi-hagarot, voor Baal-Sefon;</i></p>
<p>~yIr;c.mi ble-ta, qZEx;m. ynIn>hi ynIa]w: Alyxe-lk'b.W h[or>p;B. hd'b.K'aiw> ~h,yrex]a; Waboy"</p>	<p>Eks 14:17</p>	<p><i>En ek kyk,ek sal die hart van die Egiptenare verhard, sodat hulle agter my aan gaan,. En ek wil my verheerlik aan farao en sy hele weermag, aan sy strydwaens en sy ruiters;</i></p>
<p>wyv'r'p'b.W ABk.rIB ABk.rI h[or>P; sWs lKo ~h,yrex]a; WaboY"w: ~yIr;c.mi WpD>r>Yiw: ~Y"h; %AT-la, wyv'r'p'W</p>	<p>Eks 14:23</p>	<p><i>Toe het die Egiptenare hulle gejaag en agter hulle aan getrek, al die farao se perde, sy strydwaens en sy ruiters, die see in;</i></p>
<p>~yvir'P'h;-ta,w> bk,r,h'-ta, WSk;y>w: ~yIM;h; Wbvuy"w: ~Y"B; ~h,yrex]a; ~yaiB'h; h[or>P; lyxe lkol. dx'a,-d[~h,B' ra;v.nI-al</p>	<p>Eks 14:28</p>	<p><i>En toe die waters terugvloei het hulle die strydwaens en die ruiters van farao se hele weermag wat agter hulle die see ingetrek het, oordek.. Niemand het oorgebly nie;</i></p>

Die bostaande ooreenkomste tussen Eksodus 15:19a^á en Eks 14:9, 17, 23, 28 is merkbaar in terme van woordeskat en vaste uitdrukings. Eksodus 14:9, 17, 23, en 28 is deel van P (Noth 1962:105; 1972:269; Campbell & O'Brien 1993:41).

Eksodus 15:19a^ß toon ooreenkomste met nie-priesterlike stof in Eksodus 14

<p>~Y"h;bv, Y"w:</p>	<p>Eks 15: 19a^ß</p>	<p><i>En hy het laat terugkom..die see;</i></p>
<p>~Y"h; bv'Y"w</p>	<p>Eks 14:27a^ß</p>	<p><i>En die see het teruggekom;</i></p>

In hierdie geval is die ooreenkomste merkbaar in terme van woordeskat. Wat die ooreenkomste tussen Eksodus 15:19a^ß en priesterlike stof betref, is ooreenkomste merkbaar wanneer volledige frases vergelyk word:

<p>~Y"h; yme-ta, ~h,le[] hw"hy> bv, Y"</p>	<p>Eks 15: 19a^ß</p>	<p><i>en die Here het die waters van die see oor hulle laat terugkom;</i></p>
<p>l[; ~yIM;h; Wbvuy"w> ~Y"h;- l[;</p>	<p>Eks 14:26</p>	<p><i>..oor die see, sodat die waters kan terugkom;</i></p>

Eksodus 15:19b is 'n identitiese herhaling van Eksodus 14:29a (Noth 1972: 269).

~Y"h; %AtB . hv'B'Y:b; Wkl.h' laer'f.yI ynEb.W	Eks 15:19b	<i>Maar die seuns van Israel het binne-in die see op droë grond getrek;</i>
~Y"h; %AtB . hv'B'Y:b; Wkl.h' laer'f.yI ynEb.W	Eks 14:29a	<i>Maar die seuns van Israel het binne-in die see op droë grond getrek;</i>

Nogtans beteken dit nie dat Eksodus 15:19 aan priesterlike hande toegeskryf moet word nie. Die woordeskat en formules van Eksodus 15:19 en die ooreenstemmende P-gedeeltes kom oorspronklik in deuteronomistiese tekste voor. Hierdie ondersteun die moontlikheid dat die P-stof op D-stof gebaseer is. Die volgende dien as voorbeeld:

Eks 15:19a	Deut 11:3ev	Jos 24:6
~Y"B ; ab'		hM'Y"h ; WaboT'w :
sWs	wys'Wsl .	
h[or>P;	h[or>p;	
wyv'r'p'b.W	Abk.rIl .	~yvir'p'b.W
ABk.rIB .		bk,r,B .
		@Ws-~y
~Y"B ;		

Deuteronomium 11:3 en Josua 24:6 is beide laat (eksiliese of ná-eksiliese) tekste (Mayes 1981:207; Miller & Tucker 1974:179). Mayes (1983:51) beskou Josua 24 as 'n oorspronklik ná-deuteronomistiese teks wat later deur Levitiese redaktors geredigeer is. Die teks was volgens Mayes oorspronklik deuteronomisties van aard.

Dit is moeilik om te bepaal of Eksodus 19a van P of van D afhanklik is. Soos hierbo aangedui, is die formulering van die vers naby aan P. Die struktuur van die vers stem egter met D ooreen. In Eksodus 15:19 aþ bring Jahwe die waters oor die Egiptenare terug. Die deuteronomiese en deuteronomistiese tekste (Deut 11:3; Jos 24:6) gebruik die *hifil* stamformasie om aan te dui dat Jahwe die waters oor die Egiptenare terugbring.

Die volgende gevolgtrekkings is van belang:

- Die P-redaksie is op die D-redaksie gebaseer. Hierdie gevolgtrekking blyk uit die feit dat Eksodus 15:19 ooreenkomste met P-tekste toon (bv Eks 14:26). Die woordeskat in Eksodus 15:19 en P is kom egter in deuteronomistiese tekste voor. Om hierdie rede wil dit voorkom asof die P-redaksie op die D-redaksie gebaseer is. Nog 'n bewys hiervan is dat Eksodus 15:19 dieselfde oorwinnings-motief as Eksodus 14 vertoon. Die skrywer (s) van die Moseslied het waarskynlik die P-weergawe gebruik as bron. Die Moseslied is dus gebaseer op Eksodus 14, maar tog vertoon dit deuteronomistiese kenmerke;
- Leviete het opdrag gehad om die deuteronomistiese Wet oor te dra (Deut 31:25; Neh 8). Hulle het waarskynlik deuteronomistiese stof in die ná-eksiliese tyd geherïnterpreteer;
- Die raamwerk van die Moseslied (1a, 19-21a) hoort in 'n Levitiese konteks;

- Die vermenging van D en P stof in die Moseslied dui op 'n ná-eksiliese konteks. P kan hoogstens in die ballingskapstyd gedateer word (Brenner 1991:51). Sommige navorsers (Schmidt 1995:104; Ska 2006:159-160) dateer P in die ná-eksiliese tyd. As die raamwerk van die Moseslied (Eks 15:1a, 19-21a) op P gebaseer is, dui dit ten minste op 'n eksiliese of ná-eksiliese ontstaanstydperk.

4.5.1.2.1 (i) Kultiese formule (1b-3, 18, 21b)

In hierdie gedeelte kom die volgende elemente voor:

- Ooreenkoms tussen Eksodus 15:2 en Psalm 118; Jesaja 12:1-3, 4-6; 25:1, 9; 26:1ev;
- Analise van die doksologie (v3);
- Bespreking van die refrein (1b, 21b);
- Samevatting van kultiese formule (1b-3, 18, 21b).

Eksodus 15:1b, 2 toon **ooreenkomste** met tekste in Jesaja. Die doel van hierdie vergelyking is om 'n gemeenskaplike kultiese styl tussen die kultiese formule in die Moseslied, Psalm 118 en Jesaja 12:1-3, 4-6; 25:1, 9; 26:1 aan te dui. Die gemeenskaplike kultiese formules van Jesaja 12:1-3, 4-6; 25:1, 9; 26:1; Psalm 118; en Eks 15:1b-3, 18, 21b) is moontlik 'n aanduiding dat dieselfde groep (e) vir die komposisie van die onderskeie kultiese tekste verantwoordelik is.

<p>~Y"b; hm'r' Abk.row> sWs ha'G" haog"-yKi hw"hyl; hr'yvia'</p> <p>h['Wvlyli yli-yhiy>w: Hy" tr'm.zIw> yZI['</p> <p>Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<</p> <p>Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"hy></p>	<p>1b <i>Ek wil sing tot die Here, want hy is hoog verhewe, perd en ruiter het hy in die see gegooi;</i></p> <p>2a <i>Die Here is my krag en my lied, hy het my gered.</i></p> <p>2b <i>Hy is my God, ek sal hom verheerlik, die God van my vader, hom sal ek verhef.</i></p> <p>3 <i>Die Here is 'n kryger, Here i sy naam.</i></p>
--	--

Die tekste in Jesaja 12:1-3, 4-6; 25:1, 9; 26:1 bevat almal dieselfde openingsformule:

<p>~AYB; T'r>m;a'w></p> <p>~AYB; ~T,r>m;a]</p> <p>~AYB; rm;a'w></p> <p>rv;Wy aWhh; ~AYB;</p>	<p>12:1 <i>En in dié dag sal jy sê:</i></p> <p>12:4 <i>En in dié dag sal julle sê</i></p> <p>25:9 <i>En in dié dag sal hulle sê:</i></p> <p>26:1 <i>En in dié dag sal hierdie lied gesing word:</i></p>
--	---

Net Jesaja 25:1 begin nie met die formule nie. Nogtans toon Jesaja 25:1 genoeg sintaktiese ooreenkomste met Jesaja 12:1 sodat ons Jesaja 25:1 as deel van die groep tekste (Jes 12:1; 12:4; 25:9; 26:1) kan klassifiseer (Brenner 1991:54).

Die volgende **ooreenkomste** tussen Eksodus 15:2 en die Jesaja-tekste is aan die orde:

Eksodus 15:2a is identies aan Jesaja 12:2b. Die enigste verskil is dat die Jesaja-tekste 'n verduidelikende hw"hy> na die Hy" plaas. Die woord Hy" kom elders net in ná-eksiliese tekste voor (Brenner 1991:67).

h['Wvyli yli-yhiy>w: Hy" tr'm.zIw> yZI['	Eks 15: 2a	<i>Die Here is my krag en my lied, hy het my gered.</i>
dx'p.a, al{w> xj;b.a, yti['Wvy> lae hNEhi h['Wvyli yli- yhiy>w: hw"hy> Hy" tr'm.zIw> yZI['-yKi	Jes 12:2	<i>Kyk, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie, want die Here is my krag en my lied en hy is My redding.</i>

Die eerstepersoon-uitroep in Eksodus 15: 2b bevat 'n struktuur van 5 opeenvolgende woorde wat met , begin. In Jesaja 25:1 kom dieselfde patroon vier maal agtereenvolgens voor:

Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<	Eks 15:2b	<i>Hy is my God! Ek sal hom verheerlik, die God van my vader, hom sal ek verhef.</i>
Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<	Jes 25:1	<i>U is my God! U sal ek ver- hoog; ek sal (u naam) loof!</i>

In Eksodus 15:2b en Jesaja 25:9 kom die konstruksie hz< Âgoddelike naam voor:

yliae hz<	Eks 15:2b <i>Hy is my God!</i>
hw"hy> hz<	Jes 25:9 <i>Dit is die Here;</i>

Die konteks van die Jesaja-tekste (12:1-3, 4-6; 25:1, 9; 26:1ev) is belangrik. Talle navorsers dateer die Jesaja-tekste in die ná-eksiliese tyd (Kaiser 1972:167; 1974:173). Die moontlikheid bestaan dat die Jesaja-tekste (12:1-3, 4-6; 25:1, 9; 26:1ev) later in die Jesajaboeke ingevoeg is om sodoende die boek Jesaja met die kultus te verbind (Lindblom 1962:284). Jesaja 26:1 verwys na 'n optog gedurende 'n fees om sodoende die opbou van die mure van Jerusalem te vier. Die heropbou van die mure plaas die tekste in die tydperk van Nehemia (minstens 350vC), toe die mure van Jerusalem herbou is (Neh 1:1-7:73).

Die stilistiese ooreenkomste tussen Eksodus 15:2 en die Jesaja-tekste dui op 'n moontlike gesamentlike agtergrond van die onderskeie tekste.

Eksodus 15:2 vertoon verder **ooreenkomste** met Psalm 118:

Kirkpatrick (1985:693) beskou Psalm 118 as 'n ná-eksiliese psalm. Hy beskou die Tabernakelfees ná die opbou van Jerusalem se mure deur Nehemia as die *Sitz im Leben* van die psalm.¹⁷⁹ Die volgende dien as motivering:

Die refrein DS .x; ~l 'A [l. yKi bAj-yKi hw"hyl; WdAh (Ps 118:1) is eie aan die Levietiese gebruik tydens die Tweede Tempel-tydperk (1 Kron 16:34, 41; 2 Kron 5:13; 7:3, 6; 20:21; Esra 3:11; Jer 33:11; Ps 106:1, 107:1, 8, 15, 21, 31; 136:1). Hierdie psalms dateer almal uit die ná-eksiliese tyderk (Kirkpatrick 1985:624, 637,776).

Die volgende uitdrukkings kom in Psalm 118 en Nehemia voor:

aN" hx'ylic.h;	Ps 118:25	<i>Gee tog voorspoed!</i>
	Neh 1:11	<i>Gee hom voorspoed</i>
aN"-hx'ylic.h;w>		

Die patroon aN" hx'ylic.h;.. aN.. aN"a' kom in albei tekste voor. Die konteks, naamlik die herbou van Jerusalem se mure stem ook ooreen. Nehemia 1:11 is 'n gebed vir die suksesvolle herbou van die mure. Dieselfde motief kom in Psalm 118: 22-24 voor, waar die suksesvolle bouprojek gevier word. Die einde van die heropbou van die mure in Nehemia Psalm 118: 23, 24a en Nehemia 6:16 toon die volgende ooreenkomste:

- Albei gedeeltes skryf die suksesvolle bouprojek aan die werk van Jahwe toe;
- In albei vind die Tabernakelfees by die Tempel plaas;
- Voorskrifte vir die fees is dieselfde (Ps 118:24; Neh 8:9-12).
- Selfs die gebruik van palmtakke kom in albei tekste voor (Ps 118:24-27; Neh 8:13-18).

Die bogenoemde voorbeelde bevestig die moontlikheid dat Psalm 118 oorspronklik 'n danksegginglied was wat 'n bepaalde rol tydens die herbou van die mure van Jerusalem gespeel het..

Die verband tussen Psalm 118 en die Jesaja-tekste is soos volg:

<u>Ps 118:19, 21, 28, 29</u>	<u>Vertaling</u>	<u>Jes 25:1; 12:2a, 4</u>	<u>Vertaling</u>
Hy"	<i>Ek wil die Here loof</i>	^m.vi hd, Aa	<i>U naam sal ek loof;</i>
hd, Aa	<i>Ek wil u loof, omdat..</i>	yKi hw"hy>	<i>Ek wil u loof</i>
yKi ^d>Aa	<i>Ek wil u loof</i>	^d>Aa	<i>Here, omdat;.</i>
Hd, Aa	<i>Loof die Here, want...</i>	yK	<i>Loof die Here, want;</i>
hw"hyl; WdAh		hw"hyl; WdAh	

Ooreenkomste tussen Psalm 118:19, 21, 28, 29 en Jesaja 12:2a, 4; 25:1 dui in terme van woordeskate op moontlike gemeenskaplike liturgiese formules.

Die vreugde en fees-motief kom in albei tekste voor:

At ['WvyBi hx' m. f. nIw>	Jes 25:9b	<i>Dit is die Here..laat ons juig</i>
hl 'ygIn "	hw"hy> hz<	<i>en bly wees oor sy hulp.</i>

¹⁷⁹ Die verskillende opinies rondom *Gattung* en *Sitz im Leben* sluit in: eskatologiese dankseggingpsalm (Becker 1966:56-57); herfsfees-liturgie (Weiser 1962:725); Nuwejaarsritueel (Johnson 1979:126, Eaton 1976: 130; Anderson 1972:797, 800); oorspronklike koninklike lied wat in 'n prosesie-liturgie omskep is (Tate 1983:124).

Ab Ps 118:24 Dit is...laat ons daarvoor juig en bly wees.
hx'm.f.nIw> hl'ygIn" hw"hy>

Die ooreenkomste tussen Eksodus 15:2, die Jesaja-tekste en Psalm 118 dui op 'n gemeenskaplike agtergrond. 'n Gemeenskaplike *Sitz* kom voor, naamlik die herbou van die mure van die Jerusalem en die daaropvolgende fees. Eksodus 15:2 verskil met die Jesaja-tekste en Psalm 118 in terme van *genre*. In die Jesaja-tekste en Psalm 118:1 en Jesaja 12:1, 2, 4, 5,6; 25:1 is die term *wdAh* (*dank*) 'n aanduiding van die dankseggingskarakter van die tekste. In Eksodus 15:2 kom die term *WhwEn>a;w>* (*Ek wil hom loof*) voor wat op 'n oorwinningsmotief dui (Tate 1983:124).

Die **doksologie** *Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"h* (*Die Here is 'n kryger, Here is sy naam: Eks 15:3*) beskryf Jahwe as 'n kryger. In Psalm 24 kom die motief van Jahwe as kryger ook voor. Die ooreenkomste tussen Eksodus 15: 3 en Psalm 24 is veral merkbaar wanneer ons Psalm 24:7-10 met die liturgiese motiewe en formules wat die Moseslied open en afsluit vergelyk. Hier volg die ooreenkomste tussen die Moseslied en Psalm 24:

Psalm 24:8 vra die vraag *hz< ymi* (*Wie is hierdie?*). Die verwagte antwoord is 'n beskrywing van God, soos ons in Eksodus 15:2 vind:

<p>Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<</p>	<p>2b <i>Hy is my God, ek sal hom verheerlik, die God van my vader, hom sal ek verhef.</i></p>
--	---

Psalm 24:8 beskryf God as 'n koning wat sy heiligdom betree. Die Moseslied besing Jahwe se toetrede tot die heiligdom en verklaar sy heerskappy as koning (v13,17).

Die meeste navorsers (Prinsloo1991:16; Hossfeld 1993:156; Vos 2005:140) beskou Psalm 24 as 'n toetrede-liturgie. Die uitleg van die psalm sentreer rondom die historiese (die koms van die ark in Jerusalem -2 Sam 6) en die mitologiese (antieke fees wat Jahwe se mag oor vyande vier). Volgens Seybold (1996:104) dateer die liturgiese funksie van die psalm waarskynlik uit die ná-eksiliese tydperk.

Psalm 24 toon ooreenkomste met die boek Jesaja in terme van woordeskat en motiewe. In terme van woordeskat lyk die ooreenkomste soos volg:

<p>~yrI['v. yxet.Pi aAb tAab'c. hw"hy></p>	<p>Ps 24:7,9; Jes 26:2 <i>Poorte</i> Ps 24:7,9; Jes 26:2 <i>Deure</i> Ps 24:7,9; Jes 26:1 <i>Ingaan</i> Ps 24:8ab, 10ab; Jes 24:23 <i>Here van die leërskaare</i></p>
---	---

Terme soos poorte, deure, ingaan, en “Heer van die leërskaar” wys na ’n moontlike kultiese agtergrond, meer spesifiek na ’n toetredeliturjie (Vos 2005:148).¹⁸⁰ Verskeie motiewe in Psalm 24 kom ooreen met Jesaja 6:1-5. In Psalm 24:7, 10 is Jahwe terselfdertyd koning en heerser oor die weermag (Jes 6:5). In Psalm 24:7 moet die hekke ooplig om Jahwe as koning te ontvang. Jesaja 6:1 verwys in dieselfde woorde na Jahwe wat hoog verhewe is.

Die ooreenkomste tussen die boek Jesaja en Psalm 24 dui op ’n moontlike gemeenskaplike kultiese agtergrond. Psalm 24 teken ’n beeld van God wat die tempel betree. In die konteks van die Moseslied weerspieël die intog van die Beloofde Land waarskynlik die toetredeliturjie tot die tempel (Brenner 191:175).

Die **refrein** van die Moseslied hw"hyl; hr'yvia' (1b) hw"hyl; Wryvi (21b) oomraam die prosaïese gedeelte (v 4-17). Die volgende opmerkings is van belang:

- Die uitdrukking hw"hyl; Wryvi (21b) kom in eksiliese (Jes 42:10) of ná-eksiliese tekste voor (Jer 20:13; Ps 33:3; 68:5, 33; 96:1, 2; 98:1; 105:2; 149:1; 1 Kron 16:9, 23). Die werkwoordvorm haog (21b) kom slegs in eksiliese of ná-eksiliese tekste (Eseg 47:5; Job 8:11; 10:16) voor (Brenner 1991:81);
- Die werkwoord hm'r (21b) kom slegs in ’n eksiliese (Jer 4:29) of ná-eksiliese tekste (Ps 78:9) voor (Brenner 1991:82);
- Die spesifieke formule Abk.row> sWs ha'G (21b) kom in ná-eksiliese tekste (Job 39:18; Jer 51:21; Hag 2:22; Sag 12:4) voor (Brenner 1991:84). Carrol (1986:841) dateer Jeremia 51:21 ná die val van Babilonië.

Brenner slaag daarin om die kultiese formules as integrale deel van die Moseslied te tipeer. Verder dui hy op oortuigende wyse aan hoe die kultiese formules met ander ná-eksiliese tekste verband hou.

Die volgende **gevolgtrekkings** aangaande die kultiese formules van die Moseslied (ev 1b-3, 18, 21b) is ter sake:

- Die kultiese formules¹⁸¹ toon verbande met ’n kultiese styl wat eie is aan ná-eksiliese tekste (Jes 12:1-6, ; 25:1, 9; 26:1ev; 63:1; Ps 118; Neh 9:18; Jer 33:2). Die konteks van hierdie tekste is die herbou van die mure van Jerusalem in Nehemia se tyd. Die spesifieke kultiese formules in die Moseslied kom voor in prosessies tydens die toetredeliturjie van die tempel of die stad Jerusalem (Jes 12:1-6; 25:1,9; 26:1ev; 63:1; Ps 24:7-10; 118; Neh 9:18).
- Die spesifieke kultiese formules kan herlei word na die Leviete van die Tweede Tempel (Ps 118; Jer 33:2).
- Die Moseslied is waarskynlike geskryf deur Leviete, wat die uittog-verhaal vir die kultus geherinterpreteer het. Verder bestaan die moontlikheid dat die Moseslied in die konteks van ’n oorwinningslied tydens die herbou van Jerusalem se mure onder Nehemia ontstaan het (Brenner 175-177).

¹⁸⁰ Vos (2005:148) moem ’n paar moontlikhede. Die uitroep kon aan die persone in die heiligdom gerig wees. Sodoende funksioneer die uitroep as ’n opdrag om die hekke oop te maak sodat die aanbidders kan inkom. In die tweede plek is daar ’n moontlike mitiese konnotasie. In ’n mitiese konteks is die uitroep aan die hekke self gerig. Die hekke funksioneer dan as ’n personifikasie van lof aan die koning wat die heiligdom betree.

- ¹⁸¹ ~Y"b; hm'r' Abk.row> sWs ha'G" haog"-yKi hw"hyl; hr'yvia' (Ek wil sing tot die Here, want hy is hoog verhewe, perd en ruiter het hy in die see gegooi: Eks 15:1b);
- h['Wyle yli-yhiy>w: Hy" tr'm.zIw> yZI[' (Die Here is my krag en my lied, hy het my gered: Eks 15:2a);;
- Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hZ< (Hy is my God, ek sal hom verheerlik, die God van my vader, hom sal ek verhe: Eks 15:2b);
- Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"hy> (Die Here is n kryger, Here is sy naam: Eks 15:3);

4.5.1.2.1 (J) Moseslied (vv 4-17)

Die Moseslied bestaan uit twee hoofdele (ev 4-12; 13-17). Die eerste deel (vv 4-12) sentreer rondom die redding by die Rietsee. Die tweede gedeelte (vv 13-17) handel oor die intog in die Beloofde Land. Die ondersoek na die beide gedeeltes dien om raakpunte tussen die Moseslied en die Leviete van die tweede tempel aan te dui. Ek bespreek die hoofgedeeltes van die Moseslied (4-12, 13-17) in terme van die ooreenkomste met ná-eksiliese tekste.

Vers 4-12: Wonder by die Rietsee

My hiptotese is dat die ná-ballingskap konteks, en meer spesifiek die tyd van ná die herbou van die mure van Jerusalem (444vC) as agtergrond van die lied dien. Die herbou van die mure het reaksie van sekere groepe ontloot (Neh 4:1). In die lig hiervan beskryf die Moseslied God se oorwinning oor die vyande tydens die herbou van Jerusalem se mure. Die verwysings na die Rietsee dien om te illustreer hoe God wat die Egiptenare gestraf het, ook hierdie groepe wat die bou van die tempel weerstaan, vernietig het. Redding tydens die herbou van die mure is net so belangrik soos die redding by die Rietsee. By albei geleenthede was Israel se voortbestaan in gedrang, maar God het hulle gered.

Die volgende is voorbeelde van hoe die Moseslied by ná-ballingskap tekste aansluit:

- In Vers 4b is daar ooreenkomste met **Eksodus 14:7**, maar nie wat presiese taal en frasering aanbetref nie. Dieselfde frases of uitdrukkings van vers 4b kom slegs in **Jeremia 48:15** voor. Ooreenkomste tussen Jeremia 48:15 en Eksodus 15:4b en 5b sien soos volg daaruit:

W[B.ju wyv'liv' rx;b.miW	Eks 15:4b <i>Sy beste soldate het gesink.</i>
wdr>y"	Eks 15:5b <i>En hulle het gesink;</i>
Wdr>y" wyr'WxB; rx;b.miW	Jer 48:15 <i>En sy beste jongmanne het afgegaan.</i>
In Jeremia 48:14 is daar ooreenkomste met die kultiese formule van die Moseslied (Eks 15:3,18):	
Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"	Eks 15:3 <i>Die Here is `n kryger; Here is sy naam;</i>
d[,w" ~l'[ol. %l{m.yI hw"hy	Eks 15:18 <i>Die Here sal regeer vir ewig en Altyd.</i>
hm'x'l.Mil; lyIx;-yven>a;	Jer 48:14 <i>...Ons is bekwaam om te veg?</i>

Die konteks van Jeremia 48 is die oordeelsuitsprake van God teen die nasies (in hierdie geval Moab). Jeremia 46-51 bevat oordeels-uitsprake teen die Filistyne, Moab, Ammoniete, Babiloniërs, Die Moseslied toon ooreenkomste met dié tipe literatuur.

- In vers 5 is daar ooreenkomste met Psalm 107 in terme van frasering:

Eks 15:5 *Die watervloede het hulle oordek;
hulle het in die kolke gesink.*

t1{Acm.bi Wdr>y" WmyUs.k;y>
tmohoT.

Ps 107:24 ..en gesink na die dieptes.

tAmAht. Wdr>

- Volgens Allen (1983:62) vertoon Psalm 107 ná-eksiliese (spesifieke Levitiese) trekke. Hy vind ooreenkomste tussen die metaforiese taalgebruik van Job en Deutero-Jesaja. Die feit dat die wysheideleraars nie in vers 32 genoem word nie, is vir hom 'n aanduiding dat die psalm juis in die konteks van die wysheidskool tuishoort. Vers 33-43 plaas die natuur saam met die geskiedenis onder Jahwe se mag. Hy koppel hierdie denkpatroon aan die laat-wysheidsteologie, wat hy met die Levitiese priesters van die ná-ballingskap tydperk assosieër;
- In vers 6 kom die uitdrukking hw"hy> ^n>y miy> (*u regterhand, Here*) voor. Hierdie uitdrukking kom verder in Psalm 118:15b-16 voor. Psalm 118:15b-16 vertoon bande met die Leviete van die Tweede Tempel.¹⁸² Die konteks van Psalm 118 is te vinde in die dankfees ná afloop van die herbou van Jerusalem se mure (Brenner 1991:72);
- Vers 7 beskryf Jahwe se woede teen diegene wat Hom teenstaan. Hierdie motief kom in latere profete voor (Nah 1:11), maar as geheel toon die uitdrukking ^n>rox] xL;v;T. ooreenkomste met **Psalm 78:49**. Die psalm is op grond van die opskrif (Ps 78:1) 'n produk van die skool van Asaf. Die woorde ^n>rox] xL;v;T. (*U stuur U toorn*) kom buiten Eksodus 15:7 in een ander konteks, naamlik Psalm 78:49 voor.;
- Vers 8 beskryf God se optrede by die Rietsee. In die nié- priesterlike weergawe van die wonder (Eks 14:21)¹⁸³ is dit God wat die wind beheer en gebruik as sy instrument. Die Moseslied koppel die wind direk aan God x;Wr b ^yP, a (*Die wind van u neus*). Hierdie uitdrukking kom ooreen met die motief van die antieke Oosterse mite van die stormgod, wat in die Moseslied geherinterpreteer word (Cross 1973:131). Die mitologiese motiewe van die uittog kom eers in eksiliese of ná- eksiliese tekste voor (Jes 51:1,9,10a). Wat die psalms aanbetref, kom die mitologiese motiewe van die uittog in die Asaf-Psalms voor (Pss 73:13-15; 77:17-20; 106:9).¹⁸⁴ Die term ~Aht. wat gebruik word om die waters van die Rietsee te beskryf, kom in die psalms slegs in die sogenaamde Asaf-psalms voor (Pss 77:17; 106:9);
- Volgens vers 9 wil die vyand die Israëliete wil wegdryf. Hierdie gedagte vind neerslag in twee ander tekste, naamlik **Esegiël 35:10; 36:2** en **Psalm 83:13**. Psalm 83:12 toon 'n vyfwoord alliterasie formule (Amkeysin>-lK' [N"mul.c;k.W xb;z.k.W baez>kiw> bre[oK] wat ooreenstem met Eksodus 15:9 (qLex;a] gyFia; @Dor>a, byEAa rm;a') Die herhaalde slotformule Am kom buiten die Moseslied slegs in Psalm 83 voor (vv 12, 14). Albei tekste is op plekke teen die nasies gerig, en albei gebruik die seldsame uitdrukking tV, l, P. om die Filistyne te

¹⁸² Die refrein Ds.x; ~l'A[l. yKi bAj-yKi hw"hyl; wdAh (Ps 118:1) is eie aan die Levitiese gebruik tydens die Tweede Tempel-tydperk (1 Kron 16:34, 41; 2 Kron 5:13; 7:3, 6; 20:21; Esra 3:11; Jer 33:11; Ps 106:1, 107:1, 8, 15, 21, 31; 136:1). Hierdie psalms dateer almal uit die ná-eksiliese tyderk (Kirkpatrick 1985:624, 637,776).

¹⁸³ Vlg Noth (1972:269).

¹⁸⁴ Pss 96, 105-106 toon ooreenkomste met 1 Kron 16:7 (deel van die uitroep van die Asaf-familie). In die lig hiervan bestaan die moontlikheid dat Pss 96, 105, 106 in die invloedssfeer van die Asaf-familie val.

beskryf. Die tekste vertoon teologiese ooreenkomste. Albei neem standpunt in teen omringende volke wat die land wil oorneem. Verder noem Esegïel vir Edom as die grootste vyand (Eseg 35:2,15;36:5), terwyl **Psalm 83** Edom eerste noem in die lys van die vyande. Psalm 83 is waarskynlik 'n ná-eksiliese teks (Fohrer 1984:291; Gerstenberger 2001:121), terwyl die Esegïel-tekste ten minste 'n eksiliese datering veronderstel (Hossfeld 2004:491-492);¹⁸⁵

- Vers 10 bevat die uitdrukking $\sim\gamma''$ AmS'Ki. Hierdie uitdrukking toon ooreenkoms met **Psalm 78:53**. Beide Eksodus 15:6 en Psalm 78 verwys na 'n vyand wat verswelg word deur waters. **Psalm 78** is 'n Asaf - psalm (na aanleiding van die opskrif en die plasing van die psalm in die psalmbundel).¹⁸⁶ Op grond van hierdie gemeenskaplike motief, is daar 'n verband tussen Psalm 78 en die Moseslied;
- Vers 11a besing Jahwe se grootheid bo alle gode. Die term $\nu\delta, \text{QOB}$; verwys gewoonlik na 'n kultiese gebruik waar 'n god se heerskappy oor ander gode besing word¹⁸⁷, maar dit kan ook vertaal word “*in die heiligdom*”.¹⁸⁸ **Psalm 89:6-9** besing Jahwe se grootheid bo die gode. Psalm 89:6-9 en **Psalm 77:14** vertoon sterk ooreenkomste met vers 11. Die volgende geld as voorbeelde van die ooreenkomste tussen die twee psalms: **Psalm 89** verwys na die groot krisis wat die huis van Dawid getref het, ten spyte van die beloftes dat die Dawidshuis vir altyd sal bly voorbestaan (2 Sam 7). Hierdie verwysing veronderstel 'n laat datering (eksilies of ná-eksilies).¹⁸⁹ Psalm 89 is in terme van formulering en styl nou verbonde aan Psalm **74:13-16**, wat die vernietiging van die tempel uitbeeld. Albei tekste gebruik dieselfde direkte aanspreekvorm vir God om teen die dreigende waters op te tree. Elkeen van die tekste gebruik 'n paar teenoorgesteldes om aan te illustreer dat die hele skepping aan God behoort. Verder bevat beide tekste mitiese gedeeltes waar God die dreigende waters (in albei gevalle deur die seemonster gepersonifieer) verslaan. Die psalm dateer dus uit die eksiliese of ná-eksiliese tyd. Albei tekste gebruik 'n direkte aanspreekvorm vir God $hT'a;$. Hierdie aanspreekvorm vir God is eie aan ná-eksiliese tekste (Neh 9:6ev; 2 Kron 20:6ev). Albei tekste verteenwoordig ook 'n oproep tot die herstel van die Dawidsryk. **Ps 77:14** kom feitlik woordeliks ooreen met Eksodus 15:11a, terwyl Psalm 77:15a woordeliks met Eksodus 15:11b ooreenstem (met die uitsondering van die godsname $\sim\gamma h i l \{ a /$ en $h w " h y >$). **Psalm 77** skets die konteks van die uittog in presies dieselfde taal as die Moseslied. **Psalm 78** is deel van die Asaf-psalms. Psalm 89 en Psalm 74 verwys na die vernietiging van die tempel, en dateer daarom ten minste uit die ballingskap tydperk. **Psalm 89** verwys verder na die familie van Etan, wat noue bande met die Leviëte gehad het (1Kron 15:17, 19). Die bostaande dien om die verbande tussen Eksodus 15:11a en ná-ballingskap tekste te bevestig;
- Vers 11b toon ooreenkomste met die literatuur uit die Nabye Ooste wat handel oor die geveg tussen 'n god en die see (Brenner 1991:113). Gewoontlik bou die oorwinnaar 'n tempel na sy oorwinning oor die waters. Dan ontvang hy die titel van “heerser al die gode”. Die Moseslied beskryf Jahwe as die heerser $\nu\delta, \text{QOB}$. Die woord

¹⁸⁵ Eseg 36:8-10 verwys na die terugkeer uit die ballingskap as 'n feit. Om dié rede kan die teks nie vroeër as die laat-ballingskap gedateer word nie. Eseg 35:1-36:15 beskryf landsbesitkwessies. Dit dui in alle waarskynlikheid op 'n ná-eksiliese konteks vanweë die feit dat landsbesitkwessies eers 'n kritiese kwessie ná die terugkeer uit ballingskap geword het (Zimmerli 1983:234; Brenner 1991:109).

¹⁸⁶ Nie almal aanvaar 'n laat datering nie. Tate (1990:285) noem argumente en teenargumente in verband met die datering. Hy kies vir 'n vóór-eksiliese ontstaanstydperk vir die psalm. Ek is van mening dat die psalm 'n ná-eksiliese ontstaan regverdig (sien 4.8.2.1.4).

¹⁸⁷ KTU 1.3 C 27, 64, 4 VII 49 ev; Enuma Elish VI 167; VII 13)

¹⁸⁸ Dit bring die teks nader aan die Baal-mite. In KTU 1.3 C27,64 is daar 'n verwysing na Marduk as die grootste in die vergadering van die gode.

¹⁸⁹ Die wat 'n vroeë datering volhou (Cross 1973:135,144) dui aan dat die psalm groei vertoon. Vers 6-19 is volgens hierdie benadering deel van 'n vroeë psalm.

vd, QOB verwys moontlik na die heiligdom. Daarom toon die Moseslied ooreenkomste met mitologiese literatuur waar oorwinnaar tussen ander gode as oorwinnaar geprys word. Die woorde **al, p, hfe** kom slegs in 'n paar tekste voor (Jes 25:1; Ps 77:15; 78,12; 88:11). **Psalms 77** en **78** is op grond van hulle opskrifte van Levitiese oorsprong. **Psalm 88** word met die familie van Heman verbind, wat noue bande met die Leviete gehad het (1 Kron 15:17). **Jesaja 25:1** kom sterk ooreen met verse 1 en 2 van die Moseslied.¹⁹⁰ Die frases wat vir lof gebruik word in die Moseslied, is ook te vinde in **Psalm 106** (Brenner 1991:121). Die lof-frases kom in die Moseslied spesifiek voor in die konteks van God se reddingsdade by die Rietsee.

- In vers 12 is daar ooreenkomste met die woestyn-rebellie. Die term **#r, a' Am[el 'b** kom slegs op 'n paar plekke in die Ou Testament voor (Num 16:30,32,34, [J]¹⁹¹; 26:10 [P]¹⁹²; Deut 11:6; Ps 106:17). Die nie-priesterlike verhaal (Num 16:30,32, 34) vertel van Abiram en Datan se rebellie teen Moses se outoriteit. In die priesterlike verhaal (Num 26:10) is daar 'n verwysings na die seuns van Korag wat op ander priesters neerkyk. Numeri 26:10 verwys na die Koragiete as Leviete, en om hierdie rede dateer Numeri 26:10 waarskynlik uit die ná-eksiliese tyd. Koragiete is eers ná die herbou van Jerusalem se mure as Leviete gereken (vgl Neh 11:15-19). **Psalm 106** verwys na dieselfde rebellie sonder enige verwysings na die Koragiete as die skuldiges wat die rebellie veroorsaak het. Die feit dat die Koragiete nie as die skuldiges voorkom nie dui moontlik daarop dat die skrywer (s) van Psalm 106 noue bande met die Koragiete gehad het. Die moontlikheid bestaan dat vers 12 'n oorspronklike anti-koragitiese teks is om God se optrede teen die vyand uit te beeld (vgl Ps 106:16-18).¹⁹³

Vers 13-17: intog in die Beloofde Land

Die tweede deel van die lied handel oor God wat sy volk in die Beloofde Land inlei. Ek fokus veral op twee aspekte. In die eerste plek is ek oortuig dat die intog in die land gelyk gestel word aan die intog in die tempel. In die tweede plek is daar 'n moontlike ooreenkoms tussen die vyande wat die herbou van die tempel wil keer, en die vyande (Egiptenare) tydens die Rietsee-gebeurtenis. Ek beskou die Moseslied as 'n herinterpretasie van die Rietsee-gebeurtenis.

Die struktuur van Eksodus 15:13-17 toon ooreenkomste met **Psalm 77:21**. Eerstens kom dieselfde terminologie in albei tekste voor:

t 'yxin'' (Eks 15:13, Ps 77:21)

¹⁹⁰

Whn>m, m. roa]w:
ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<

Eks 15:2b *Hy is my God! Ek sal hom verheerlik; die God van my vader, hom sal ek verhef.*

Whn>m, m. roa]w:
ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<

Jes 25:1 *U is my God! U sal ek verhoog; ek sal (u naam) loof!*

¹⁹¹ Noth (1972:32).

¹⁹² Noth (1972:32) probeer nie die laaste gedeelte van die boek Numeri (Num 25-36) aan spesifieke bronne toeskryf nie. Hy voer aan dat die verskillende redaksies dit onmoontlik maak om hierdie hoofstukke (ná Num 25) te rekonstrueer. Nogtans dui die primêre rol van Eleasar vir my op 'n priesterlike tradisekring. Eleasar se rol bereik 'n hoogtepunt in Num 27:18-21, waar Josua 'n tweederangse posisie teenoor Eleasar inneem (Noort 2000:204). Eleasar speel veral 'n belangrike rol waar die wat landskwessies (bv verdeling van die land) betref (Seebass 1985: 53-65).

¹⁹³ Die verhouding tussen die verskillende Levitiese families is kompleks. Goulder (1996) dui aan dat daar konflik tussen die Asafiete en die Koragiete (en in 'n mindere mate met die familie van Merari) ontstaan het. Hierdie konflik was heel moontlik 'n resultaat van verskillende Levitiese families wat hulle posisie in die kultus probeer legitimeer het.

T' l . a ' G " (Eks 15:13,Ps 77:16)

^Z> [' b . (Eks 15:13,Ps 77:15b)

Die Rietsee-tradisie (Ps 74; 77; 78; 106) en die motief van God wat Sy volk as herder lei figureer sterk in die Asaf- psalms (Ps 74:1; 78:52; 80:2). Die uitdrukking **vd'Q.mi** kom eksklusief in die Psalms van Asaf voor (Ps 74:2; 78:55);¹⁹⁴ Die volgende ooreenkomste bestaan tussen die struktuur van die tekste:

Vrees (volke) (14-16)

Vrees (waters) (17-20)

lyxi !WzG"r> (14)

WzG>r>yI Wlyxiy" (17)

hw"hy> (16b)

~yhil{a/ (17a)

Wz-~ [; ^M. [; (16b)

^M, [; (21)

Die volgende is voorbeelde waar terminologie in die Moseslied,veral wat die intog in die land/tempel en die vrees van de volke aanbetref, ooreenkomste met ná-ballingskap tekste toon:

- Die term **hwEn>** (v 13) dui op 'n herdelike konteks (Brown, Driver & Briggs 2007:627). Verder is die tema van Jahwe as herder wat sy volk die Beloofde Land inlei, eie aan die eksiliese- ná-eksiliese tekste (Jes 40:11; Mig 7:14). Psalms van Asaf verbind die term **hwEn** met die God van die uittog (Ps 74:1b;77:21; 78:52). Op 'n linguistiese vlak, kom die konstruksie van **נה + שקד** in Jeremia 31:23 voor. Hierdie spesifieke deel van die Jeremiaboek vertoon sterk Levitiese redaksie (Brenner 1991:131). Die werkwoordstam **l, g** (v 13) verwys na God se reddingsdade in die Moseslied na God se reddingsdade by die Rietsee. Hierdie uitdrukking het egter 'n legalistiese agtergrond. Dit het veral betrekking op die terugkoop van land, of die terugkoop van 'n individu wat in slawerny verkoop is (Jer 32:7; Rut 4:1-10). Voorbeelde waar Jahwe as die *redder* van Israel beskryf word, kom slegs in eksiliese of ná-eksiliese tekste voor (Jes 41:12; 43:1; 44:6, 22-24; 47:4; 48:17; 49:7; 51:10; 52:3; 54:5, 8; Pss 74:2; 77:16; 78:35; 106:10; 107:2). Die term *redder* verwys dikwels eksplisiet na die uittog (Jes 51:10; 63:9; Pss 74:2;77:16;78:35;106:10).¹⁹⁵ Ook die woord **נהק**, wat God se 'loskoop' van Sy volk uitdruk, kom menigmaal in die konteks van die uittog voor (Deut 32:6; Pss74:2;78:54);
- Die tweede helfde van die lied (ev 13-17) toon liturgiese trekke. Soos hierbo aangedui, kom die terme **נה** (v 13) en **שקד** (v 17) in **Jeremia 31:23** voor. Binne die konteks van Jeremia 31:23 kom die hele Juda by Sionsberg bymekaar. Nogtans sluit dit waarskynlik Jerusalem en die tempel in (Carrol 1986: 605-607). Die term **hwEn** verwys na Jerusalem as woonplek van Jahwe, terwyl **vd, Qoh**; na Jahwe se heilige berg as woonplek verwys. Alhoewel die term in die Moseslied na die land verwys, bestaan die moontlikheid dat dit ook na die tempel kan verwys. In **Psalm 78** is daar 'n parallel. **Psalm 78:54** skets 'n beeld van die volk wat op die grens (waarskynlik die grens van die Beloofde Land) aankom. Die kernvers is egter vers 68, waar die berg met die heiligdom op die berg sentraal staan. Die Moseslied loop uit op die klimaks waar die volk uiteindelik by die heiligdom aankom wat God gebou het (Eks 15:17). In Psalm 78 funksioneer die land die woonplek van die tempel (Brenner 1991:137).¹⁹⁶ Daarom verwys die term **שקד** in Psalm 78 waarskynlik na die land *en* die tempel. Die hele land is in die tempel gesentreer. Verder kom die woorde **^T.b.vil. !Akm'** slegs in tekste wat die tempelwyding beskryf, voor (1 Kon

¹⁹⁴ Met een uitsondering: Ps 68:36 val buite die Asaf-korpus.

¹⁹⁵ 'n Patroon is hier te bespeur. Die invloede strek in alle gevalle van die skool van Deutero-Jesaja na die familie van Asaf.

¹⁹⁶ Psalm 74:2 verwys na die berg as Jerusalem *en* die tempel. Die land word gedefinieer deur Jerusalem en die tempel.

8:13; 2 Kron 6:2). Die lied bevat beskrywings wat die individu se toetrede tot die tempel uitdruk.¹⁹⁷ Die verband tussen die ingang in die Beloofde Land en die ingang in die tempel, kom net in eksiliese of ná-eksiliese tekste voor (Jes 27:13;35:10;51:11,56:7ev; Jer 31:10; Eseg 40:1-3; Neh 1:9; Ps 43:3). Die volgende dien as voorbeelde:

- Die motief van God wat sy volk in die Beloofde Land inbring, kom veral met die werkwoordstam אָב in die *hifil* stamformasie voor (Eks 15:17; Deut 4:38; 6:10; 7:1). Brenner (1991:139) koppel hierdie tempel-motiewe aan 'n deuteronomistiese redaksie.¹⁹⁸ Indien die werkwoordstam אָב in Eksodus 23:20 na die tempel verwys, is dit 'n verdere aanduiding dat die term op die vroegste in deuteronomistiese redaksies voorkom. Verder kom die werkwoordstam אָב, met spesifieke verwysing na die tempel, op die vroegste in eksiliese tekste voor (Jes 27:13; 35:10; 51:11; 56:7; Jer 31:10; Eseg 40:1-3; Neh 1:9; Ps 43:3), veral waar die terugkeer na die land ná die ballingskap op die voorgrond staan (Brenner 1991:140). In hierdie tekste kom die dubbele אָב voor, met verwysing na die land en die tempel. Die Moseslied vertoon dieselfde formulering as Psalm 43:3 wat die toetrede tot die tempel beskryf. In Eksodus 15:17 verwys die term אָב dan na die historiese intog in die land en na die toetrede tot die tempel. Beide historiese en kultiese motiewe is hier ter sprake;
- Die werkwoord אָב, as verwysing dat God sy volk in die land inbring, kom net in eksiliese of ná-eksiliese tekste (Jer 2:7;16:18;50:11) voor (Brenner 1991:140). Wanneer dit in die konteks van die tempel voorkom, vind dit neerslag in ná-eksiliese tekste (Sag 2:16; Ps 74:2; 79:1-Asaf-psalms);
- Die term אָב' kom in ná-eksiliese tekste voor, en verwys na Jerusalem (2 Kron 6:2; Eseg 2:68; Dan 8:11; Jes 4:5;1 Kon 8:13);¹⁹⁹
- Dieselde tendens kom voor in verband met die term אָב, , wat slegs in ná-eksiliese tekste, met spesifieke verwysing na Jerusalem voorkom (Ps 91:2; 68:17; 132:13ev;1 Kon 8:13; 2 Kron 6:2);
- Die woord אָב' אָב, kom in verband met Jerusalem 52 maal in ná-eksiliese tekste voor (Brenner 1991:141);
- Die werkwoord אָב kom in terme van die tempel slegs in ná-eksiliese tekste voor (Ps 48:9;87:5;107:36;Jer 33:2; Jes 2:2 [Kaiser 1972:25]; 62:7);

Met die eerste lees mag dit voorkom asof Eksodus 15:17 na die intog in die land verwys, maar die bogenoemde verbind die terminologie ook met die intog in die tempel (Brenner 1991:174).

¹⁹⁷ Vlg Ps 43:3; Eks 15:17. Ps 5:8 is nog 'n voorbeeld. Die persoon betree (בוא) deur die genade van God (רחמים) die heilige tempel (אָב' אָב). Dit kom ooreen met Eks 15:13.

¹⁹⁸ Eks 23:20ev dui op deuteronomistiese taalgebruik. Die uitdrukking אָב' אָב, אָב' אָב, אָב' אָב (op elke plek waar ek my naam gedenk) is eie aan deuteronomiese en deuteronomistiese gebruik. Verder toon die term אָב' אָב ooreenkoms met die beskrywing van die tempel in 1 Kon 8:6ev, 21. Hierdie voorbeelde dien om die ooreenkoms tussen Eks 20:23 en deuteronomiese en deuteronomistiese literatuur aan te dui.

¹⁹⁹ Brenner (1991:146) dateer die vers as ná-deuteronomisties. Hy baseer dit op die feit dat die uitdrukking in hierdie vers, met die oog op die Jerusalem-tempel konteks, altyd in ná-eksiliese tekste voorkom.

In verse 14-16 kom 'n belangrike motief na vore, naamlik die *vrees van die vyand*. Hierdie motief verskyn in tekste met 'n deuteronomistiese inslag (Eks 23:27; Deut 2:25-29; 11:25; Jos 2:9, 11, 24; 4:22-5:1).²⁰⁰ Die tekste toon ooreenkomste op inhoudelike vlak. Vers 16b dui die intog in die Beloofde Land met die terminologie **רבו [] י: -ד []**; aan. Die uitdrukking beskryf Israel se deurtog deur die omringende volke. In **Deuteronomium 2:27-30** beskryf dieselfde term die deurtog deur die land van die Edomiete, en die deurgang deur die Jordaan (wat geantisipeer word). **Deuteronomium 2:29**, die kern van die bostaande gedeelte, is waarskynlik ná-deuteronomisties (Mayes 1981 :134). In **Josua 2:10** vrees die volke omdat hulle van die Rietsee-wonder gehoor het. Dit is juis hierdie selfde motief wat in vers 14 van die Moseslied voorkom. Ragab se toespraak, waar die vrees van die Here 'n belangrike rol speel (Jos 2:9-13) kom ooreen met **Deuteronomium 4:38-39**. Deuteronomium 4:27-31 pas in die raamwerk van die ballingskap en die hoop op 'n uitkoms (Moran 1975:257).²⁰¹ Nog 'n voorbeeld kom uit tekste waar die werkwoordstam **רב []** (*deurgaan*) voorkom. Die feit dat die die Israëliete deur die grondgebied omringende volke kon deurgaan, kom nie in die vóór-eksiliese tekste voor nie. So byvoorbeeld verteenwoordig **Numeri 20:14-21** ('n nie-priesterlike teks [Noth 1972:36]). 'n tradisie dat die volk Israel *rondom סבב* die ander volke moes beweeg. **Rigters 11:15-18**²⁰² verwys in dieselfde sin na die feit dat Israel *rondom* die ander volke moes trek. Eers in **Deuteronomium 2:3,4; 29:15; Jos 24:17**, ten minste eksiliese tekste (Mayes 1983:46), gaan Israel nou *deur* die landgebied van die ander volke. Die situasie maak sin vanuit 'n polities-geografiese oogpunt. Van die tyd van die ballingskap af het die Edomiete geskuif na die Westekant van die golf van Akaba. In die lig hiervan beteken dit dat daar nie meer *rondom* die Edomiete getrek kan word nie. Uit hierdie konteks maak dit sin dat die deuteronomistiese skole na die deurtog *deur* die vyandige grondgebied verwys (Brenner 1991:163). Verder kom die vrees-motief in eksiliese of ná-eksiliese tekste voor (Jer 33:9; Mig 7:17).²⁰³

Vers 17 verwys na die heiligdom of woonplek van Jahwe. Die uitleg van hierdie vers is nou verbonde aan Antieke Nabye Oosterse parallele. Die term **^T.b.vil. !Akm'** (*u vaste woonplek*) verwys na die plek waar die gode in hulle panteon sit (Enuma Elish IV, 1ev,11-14; VI, 74,VII,10). Cross (1973:125) vind raakpunte met die Ugaritiese mitologie (KTU 1.3 C,27,D,IV, 64). Nogtans is verbande met Ugaritiese mitologie nie noodwendig 'n aanduiding van 'n vroeë datering nie. 'n Ondersoek na **^T.b.vil. !Akm'** dui juis daarop dat die term nie altyd vroeg dateer hoef te word nie. **1 Konings 8:13** bied 'n voorbeeld waar die term buite die Moseslied voorkom. De Vries (1985:122) dui aan dat die term **^T.b.vil. !Akm'** in terme van formulering nie in die konteks van 1 Konings 8:13 pas nie. Om hierdie rede beskou hy dit as 'n voorbeeld van antieke poësie. Die konteks waarbinne 1 Konings 8:13 staan, is die uitspraak dat Salomo vir Jahwe 'n huis gebou het. Die vroegste tradisies (2 Sam 7:5-6) wys egter dat die konsep van 'n woonplek vir Jahwe nie in Israel aanvaarbaar was nie (McCarter 1984:223). In die vroegste tye van Israel se geskiedenis was daar dus nie 'n konsep van Jahwe as heerser vanuit 'n vaste woonplek op aarde gewees nie. Die werkwoord **ישב** kom voor wanneer Jahwe se heerskappy in die hemel beskryf word (1Kon 8:30, 39, 43, 49; Jes 6:1). **ישב** word egter nie vir sy aardse heiligdom gebruik nie (1 Kon 8:27). Dieselfde geld vir die uitdrukking **!Akm'**. In ná-eksiliese tekste (Dan 8:11; Ps 9:12; 132:13; Jes 4:5) kom die

²⁰⁰ Ek skryf Josua 4:19-5:1 in hierdie studie aan 'n ná-priesterlike redaksie toe, maar daar kom wel deuteronomistiese terminologie in die gedeelte voor (bv **hw"hy> dy: -** Jos 4:24). Om hierdie rede beskou ek die ná-priesterlike uitbreiding as 'n vermenging tussen deuteronomistiese en priesterlike terminologie en tradisie.

²⁰¹ Kratz (2005:126) beskou Deut 1-4 as die "buitenste raam" van die boek Deuteronomium. As Deut 12-26 (sentralisasie van die kultus) die hoofdeel van die boek Deuteronomium uitmaak, en die hoofdeel van Deuteronomium in die tyd van die ballingskap ontstaan het (Kratz 2006:132) moet die "buitenste raam" ten minste in die eksilies-ná-eksilies gedateer word.

²⁰² Gray (1986:316) dui die deuteronomistiese uitdrukkings in Rig 1:15-18 aan. Dit opsigsself dui op 'n laat datering (op die vroegste vóór-eksilies). Dit kan natuurlik later ook wees, afhangende van hoe die Deuteronomistiese Geskiedswerk (of ten minste die deuteronomistiese redaksie) geïnterpreteer word.

²⁰³ Deuteronomistiese redaksies verwys net na die Kanaäniete in terme van vrees. Nie na die ander volke nie. Hierdie tendens dui op 'n latere konsep (Brenner 1991:160-168).

uitdrukking met verwysing na Jahwe se aardse woning voor. Op grond hiervan kan ons aflei dat die term **^T.b.vil. !Akm'** (1 Kon 8:13; Eks 15:17) na die Jerusalemse tempel verwys. In die ná-eksiliese tyd is die Safon-mite (Baal se tempel op die mistieke berg Safon) moontlik op Sion van toepassing gemaak. `n Verdere ooreenkoms met die Baal-mite is die feit dat die Moseslied vir Jahwe voorstel as die een wat die tempel gebou het (Eks 15:17). Die motief van Jahwe as bouer van Jerusalem kom nie in voór-eksiliese tekste voor nie (Brenner 1991:150). In die voór-eksiliese tyd was Jerusalem die stad van Jahwe omdat sy tempel daar gelokaliseer was.

Volgens **Psalm 46** is Jahwe die bouer van die stad. Jahwe se mag, skuiling en beskerming van sy stad is sentraal in die psalm. Psalm 46 bevestig verder Jahwe se beskerming teenoor die dreigende waters (die chaosmagte). Selfs **Jesaja 14:32** wat uitdruklik beskryf dat God Sion gegrondves het, kan binne die konteks van God se beskerming van Jerusalem verduidelik word. Die terme wat in die teks voorkom (!AYCî dS;YI) kom op ander plekke in die Jesajaboek voor, veral in die konteks van beskerming van die stad (Jes 28:16). **Jeremia 32:31** verwys ook na die stad wat *hulle* gebou het.

Die motief van God as bouer van die stad en tempel is eie aan die ná-eksiliese tyd (Brenner 1991:150). Ten minste kan ons aantoon dat die motief in die eksiliese tyd ontstaan het, en na die ná-eksiliese tyd oorgedra is.²⁰⁴ God is die krag agter die herbou van Jerusalem en die tempel. Binne hierdie konteks word Hy as die bouer uitgebeeld.²⁰⁵

In die bostaande ekskursie het ek gepoog om die verbande tussen die Moseslied en die familie van Asaf aan te dui. Die Prosaïese gedeeltes van die lied val waarskynlik in die konteks van die Leviete, wat moontlik `n didaktiese funksie verrig het (Neh 8:7,9; 2 Kron 17:8-9), terwyl die poëtiese gedeeltes van die lied in die invloedssfeer van die familie van Asaf val. Ek het probeer om verbande tussen deuteronomistiese gedeeltes en die Leviete se werksaamheid aan te dui. Hulle lering het waarskynlik gedeeltes van deuteronomistiese tekste bevat. Volgens hierdie hipotese was verskillende Levitiese groepe na alle waarskynlikheid vir die komposisie van die lied verantwoordelik.

Brenner slaag daarin om verbande tussendie twee hoofgedeeltes van die lied (4-12; 13-17) met oortuiging aan te dui. Verder maak hy `n saak uit dat die poëtiese en prosaïese gedeeltes van die lied verband hou met mekaar. Wat die komposisie van die Moseslied aanbetref, is daar dus aanduidings van `n literêre en tematiese eenheid.

In verband met die datering van die Moseslied dui Brenner ooreenkomste tussen die Moseslied en ná-eksiliese literatuur aan. Die tematiese en linguïstiese samehang tussen die Moseslied en ander eksiliese literatuur dui vir Brenner op gesamentlike outeurskap.

4.5.1.2.1 (k) Gevolgtrekking

Brenner analiseer die verskillende komponente van die Moseslied (prosaïese raamwerk, kultiese formule, prosaïese uitleg) van die Moseslied. In sy bestudering van die inhoud van die Moseslied verwys hy na die twee hoofgedeeltes van die lied (v 4-12, 13-17). In al hierdie gevalle slaag hy daarin om die verbande tussen die onderskeie komponente van die lied aan te toon. Hy vergelyk die afsonderlike liturgiese en tematiese komponente (bv die kultie styl en formules) met ander ná-eksiliese tekste om sodoende die verbande met ná-eksiliese literatuur aan te toon, en sodoende die Moseslied in die ná-eksiliese tyd te dateer.

²⁰⁴Die volgende eksiliese en ná-eksiliese tekste illustreer dit: Jes 2:2; 26:1; 44:24-28; 54:11; 62:5-7; Mig 4:1.

²⁰⁵ God het toegelaat dat die dekreet uitgevaardig word (Eseg 1:2). Hy het die moed van dié wat moes bou, opgehef (Eseg 1:5). God is dus die mag agter die herbou van die mure (Neh 1:11;2:4). Hy seën die bouery (Neh 2:20). Verder word die heropbou as die werk van God geklassifiseer (Neh 6:16). In die Psalms word God slegs in eksiliese of ná-eksiliese tekste as die bouer uitgebeeld (Ps 48:9; 51:20; 69:36; 87:5; 102:17; 147:2, 13).

Alhoewel die datering van Eksodus 15 steeds 'n kontroversiële saak bly, dui die bostaande analise op 'n ná-eksiliese komposisie. Ons kan die teks spesifiek, aan sekere Levitiese groepe tydens die tydperk van die Tweede Tempel toeskryf. Uit die aard van die saak is dit moeilik om Eksodus 15 meer spesifiek te dateer, maar die volgende moontlikhede is ter sake:

- Eksodus 15 dateer uit die tydperk van die bou van die Tweede Tempel;
- Die Moseslied dateer uit die tydperk van die bou van die mure van Jerusalem (444vC), na afloop van die bou van die Tweede Tempel;

Ek is oortuig dat die bou van Jerusalem se mure die agtergrond van die komposisie van Eksodus 15 vorm. Die bewyse hiervoor is te vinde in die tweede deel van die Moseslied, veral in vers 14-16 waar die vyande van Israel genoem word. Die herbou van Jerusalem se mure het na alle aanduidings sterk reaksie en opposie ontlok (Pss 48:5ev;83:7-9; 118:11-13). Die vyande van Israel (Eks 15:14-16) toon ooreenkomste met die vyande wat die herbou van Jerusalem se mure teengestaan het.

- Filistyne (Eks 15:14 ; Esra 4:17-23);
- Moabiete (Eks 15:15; Neh 2:10,19);
- Edomiete (Eks 15;15 Neh 6:1);
- Al die bewoners van Kanaän Neh 6:1 (Samaritane).

Die konteks van die herbou van Jerusalem se mure bied myns insiens die beste verduideliking vir die agtergrond van Eksodus 15. Hierdie hipotese word verder in hoofstuk 5 van hierdie studie uiteengesit.

Die bepaling van die *genre* is net so ingewikkeld, maar die analise suggereer 'n oorwinningslied.

Indien Josua 3:13b-d deur Eksodus 15 beïnvloed is, dui dit op 'n eksiliese oorsprong van Josua 3:13b-d. Hierdie gedeelte bevestig die hipotese dat Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f nie tot 'n vóór-deuteronomistiese narratief behoort nie, maar eerder tot die ná-eksiliese konteks behoort.

Bieberstein se literêre analise van Josua 3 en 4 as 'n oorspronklike afgeronde basisverhaal bied 'n moontlike vertrekpunt vir 'n literêre analise van Josua 3 en 4. Nogtans dui die komposisie van narratief van die Jordaandeurgang op 'n latere (ná-eksiliese) komposisie. 'n Ná-eksiliese datering van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f hou bepaalde gevolge in vir Bieberstein se datering en *genre* van die basisverhaal.

4.5.1.3 Datering en *genre* van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f

Bieberstein se literêre analise lei hom om Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c ná 733 vC te dateer. Hy dui eerstens die historiese aspekte aan wat hom tot hierdie gevolgtrekking gelei het (Bieberstein 1995:325-329). Sodoende kom hy tot die gevolgtrekking dat Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c ontstaan het in die tyd wat die Jordaan as oosgrens van die Beloofde land erken is. Volgens Bieberstein is die Jordaan as oosgrens erken nadat die Assiriërs van die Noordryk ingeval het en dele van die land in 'n Assiriese provinsie omskep het.

Die rekonstruksie van die gebeure van 733-722vC lei Bieberstein om die oorspronklike landsveroweringsverhaal (waarvan Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c deel was) as 'n etiologie van landsverlies te tipeer. Josua 24 speel 'n bepalende rol in hierdie rekonstruksie van die *genre* van die oorspronklike landsveroweringsverhaal. Die waarskuwing teen die verering van ander gode (Jos 24:14, 20) verduidelik hoekom die volk die land verloor het. Hulle het afgedwaal van die bepalings van Jahwe.

My evaluering van Bieberstein se literêre analise van Josua 3 het egter aangedui dat daar vele ná-eksiliese verwysings in die teks voorkom. Verder is die literêre bande met 'n breër landsveroweringsverhaal as spekulatief aangedui. Om hierdie rede aanvaar ek nie Bieberstein se rekonstruksie van die datering en *genre* van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f nie.

4.5.1.4 Gevolgtrekking

- Bieberstein se rekonstruksie van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13a-b-d, 14a, 16a-c as afgeronde eenheid is sinvol. Hierdie eenheid kan as 'n vertrekpunt dien om die res van Josua 3 en 4 te reconstrueer;
- Bieberstein se hipotese dat Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c tot 'n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal behoort, is te betwyfel. Die voorkoms van ná-eksiliese verwysings in hierdie teks, tesame met die feit dat die literêre bande tussen Josua 3 en die boek Numeri vaag is, beteken dat daar 'n alternatiewe rekonstruksie van die rol en plek van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f noodsaaklik is;
- Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f is dus nie die *Grundschrift* of basisverhaal van Josua 3 en 4 nie;
- As Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c ná-eksiliese verwysings bevat en 'n afgeronde eenheid vorm, bied dit steeds 'n basis vir 'n ondersoek na die komposisie van Josua 3 en 4. Die taak is nou om afgeronde eenhede te identifiseer en te bepaal hoe dit by Josua 3:1, 5, 13b-d, 14, 16a-c inpas.

Ek verwys na Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f as B omdat dit myns insiens 'n ná-eksiliese narratief voorstel.

4.5.2. Literêre analise: Josua 3:2-3

Josua 3:2-3 behoort volgens my analise nié tot die gerekonstrueerde weegawe van die landsveroweringsverhaal (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) nie.

Ek bespreek Josua 3:2-3 aan die hand van die volgende:

- Josua 3:2-3 as *Amtseinführung*-formule (Bieberstein; Lohfink);
- Josua 3:2-3 as heilige oorlog-motief (Rowlett);
- Josua 3:2-3 as kronistiese uitbreiding .

In hierdie gedeelte voer ek aan dat vers 2-3 `n Kronistiese uitbreiding van oorspronklike deuteronomistiese motiewe verteenwoordig. Hierdie benadering bevestig die gevolgtrekkings rondom Eksodus 15, naamlik dat oorspronklike deuteronomistiese tekste/redaksies in die ná-ballingskap tydperk verwerk en geherïnterpreteer is.

Fritz (1994:54) skryf verse 2-3 toe aan latere redaksionele toevoegings, maar is terughoudend om meer spesifiek te raak in terme van die ontstaan en oorsprong daarvan. Volgens sy analise pas vers 2-4 nie in die konteks van `n deuteronomistiese óf ná-priesterlike redaksie nie. Om hierdie rede verklaar hy dit bloot as redaksionele byvoeging. Bieberstein (1995:375-386) skryf die verse toe aan `n deuteronomistiese redaksie (DtrA).²⁰⁶ Hierdie redaksie is `n uitbreiding op Bieberstein se oorspronklike *Grundschrift* (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c). Met nader beskrywing plaas Bieberstein hierdie redaksionele laag (vv 2 en 3) in die konteks van die magsoordrag van Moses aan Josua. Hier volg `n uiteensetting en evaluering van Bieberstein se benadering.

4.5.2.1 Josua 3:2-3 as ampsinstelling (*Amtseinführung*) -formule.

In hierdie gedeelte bespreek en evalueer ek Bieberstein se hipotese van `n ampsinstellings-formule in Josua 3:2-3. Om hierdie hipotese te illustreer, verwys ek na die verbande tussen Josua 3:2-3; Josua 1 en Deuteronomium 6 en 31. Hiermee

²⁰⁶ Volgens Bieberstein se analise behoort Vers 2 en 3 aan bogemelde DtrA, terwyl hy vers 4 as `n toevoeging (Z) beskou, wat nie met sekerheid gedateer of beskryf kan word nie.

plaas Bieberstein die ampsinstellings-*genre* in die konteks van 'n deuteronomistiese redaksie. Om hierdie rede noem hy hierdie redaksie DtrA.

Alhoewel die ark dikwels as 'n motief in die redaksionele band tussen Deuteronomium en die boek Josua voorkom, speel dit volgens Bieberstein (1995:375) meestal 'n rol in tekste wat die magsoordrag van Moses na Josua beskryf. Om hierdie rede is die konsep van magsoordrag belangrik. Bieberstein (1995:375) identifiseer **Josua 1:1-2, 5b-6d, 9d-11e, 16a-17d, 18e-f**²⁰⁷ as literêre eenheid en verwys na spesifieke formules in die teks, wat verder in verskeie deuteronomistiese tekste voorkom. Verder lê hy klem op die parallelismes en chiasmses wat tot die teks se konsentriese struktuur bydra.²⁰⁸ Josua 1 begin met die uitdrukking *yhiy>w*: gevolg deur 'n doodstyding. Die uitdrukking *yhiy>w*: is 'n geykte formule wat telkens in in die Ou Testament voorkom.²⁰⁹ Hierdie eenheid (**Josua 1:1-2, 5b-6d, 9d-11e, 16a-17d, 18e-f**) is opgebou uit drie toesprake. Bieberstein wys op die verskillende toespraak-inleidings. In die eerste toespraak (1:1b) praat Jahwe met Josua. In die tweede (1:10) spreek Josua die offisiere toe. In die derde geval (1:16ab-18ab) antwoord die offisiere vir Josua. Die middelste gesprek is belangrik, omdat Josua die opdrag gee om die kamp by Sittim op te slaan en gereed te maak vir die deurgang deur die Jordaan. Hierdie opdragte word in Josua 3:2-4c-e opgeneem. Hierdeur word 'n samehang tussen die twee gedeeltes (Jos 1; 3:2-4) bewerkstellig. Om hierdie rede motiveer Bieberstein dat die bogenoemde eenheid (Jos 1) en Josua 3:2-4c-e aan dieselfde hand (naamlik DtrA) toegeskryf kan word. Hier volg 'n illustrasie van Bieberstein se uiteensetting:

Jos 1:1b Toespraakinleiding: Jahwe praat met Josua;

1:10	Josua praat met offisiere = Jos 3:2-4c-e ;
-------------	---

1:16ab-18a Offisiere antwoord Josua;

²⁰⁷ Bieberstein skryf die res van Josua 1 aan die volgende redaksies toe: vers 3-5a (DtrN), 7a-9c (DtrN), 12-15f (DtrR), 18a-a² (Z).

²⁰⁸ Volgens Bieberstein vertoon die teks 'n konsentriese struktuur as in ag geneem word dat verse 7-9 'n latere invoeging is. Bieberstein (1995:390) plaas vers 7-9c in die raamwerk van DtrN ('n deuteronomistiese laag wat op die Wet fokus). Smend (1971:494-509) dui byvoorbeeld aan dat die bystandssin #m; a/w< qz :x] 'n ander betekenis dra as byvoorbeeld in Deut 31:1-8. In Josua 1:7 vertaal hy dit met "doen alles moontlik", in plaas van "wees sterk en vasberade". Die meeste navorsers stem saam dat vers 7-8 'n byvoeging is (Noth 1953:22; Lohfink 1962: 36-38; Mann 1977:201-202; Mayes 1983:46-47).

²⁰⁹ Vgl die dood van Josua (Rig 1:10) en die dood van Saul (2 Sam 1:1).

In **Deuteronomium 3:28**, waar die oorgang van Moses na Josua ter sprake kom, lees die teks soos volg.

[;vuAhy>-ta, wc;w>	A	<i>Gee bevel aan Josua,</i>
>	28a	<i>en versterk hom;</i>
>	28b	
WhqeZ>x;w>		
hZ<h;	B	<i>Want hy sal voor hierdie volk uittrek,</i>
~['h' ynEp.li rbo[]y: aWh-	28d	
yKi		<i>en hy sal hulle die land wat jy sien,</i>
ha,r>Tī rv,a]	28ef	<i>laat erf.</i>
#r,a'h'-ta, ~t'Aa lyxin>y:		
aWhw>		

Vers 28a-c (A) en d-f (B) bestaan albei uit 'n parallelisme. Die partikel yKi verbind vers 28 a-c (A) en d-f (B). Die eerste gedeelte (A) bevat die dubbele bemoediging:

Die tweede gedeelte (B) handel oor die magsoordrag, wat behels dat Josua die land sal verower en verdeel.

ha,r>Tī rv,a]		<i>en hy sal hulle die land wat jy sien,</i>
#r,a'h'-ta, ~t'Aa lyxin>y:	28ef	<i>laat erf.</i>
aWhw>		

Deuteronomium 31:6 brei die ampsinstelling-formule soos volg uit.

Ek gebruik die volgende skema om die verskillende elemente van die teks te onderskei, naamlik **bemoediging (A)**, **handelingsopdragte (B)** en **bystandsuitsprake (C)**. Die verwysing na Deuteronomium 31:6 dui op die wydverspreide voorkoms van 'n ampsinstelling-formule wat eie aan Deuteronomium is. Die voorkoms van die ampsinstelling-formule lei tot bepaalde gevolgtrekkings rondom Josua 3:2-3.

Wqz>xi	A¹ 6a	<i>Wees sterk</i>
Wcm.aiw	6b	<i>en vol goed;</i>
War>yTi-la	A² 6c	<i>moenie vrees nie</i>



~h,ynEP.mi Wcr>[;T;-la;	6d	<i>moenie skrik vir hulle nie;</i>
^yh,l{a/ hw"hy> yKi	C¹ 6pe	<i>want die Here jou God</i>
% M'[I %lehhoh; aWh	6e	<i>dit is Hy wat saam met julle trek;</i>
^P.r>y: al	C² 6f	<i>Hy sal jou nie laat val nie</i>
&'b,z>[;y: al{w>	6g	<i>en jou verlaat nie.</i>

In Deuteronomium 31:6 is Moses in gesprek met die volk. Hierdie gedeelte bestaan uit twee gedeeltes (6a-f; e-g). Sodoende verbind die partikel yKi (6pe) die twee gedeeltes. Die eerste deel (6a-d) begin met 'n positiewe bemoediging van Moses (6ab) wat in 6cd herhaal word.

Die tweede gedeelte (6e-g) bevat 'n bystandsuitspraak, wat in die vorm van 'n parallelisme uitgedruk word (6pe en 6e). Twee verbodsinne (6f en 6g) herhaal hierdie bystandsuitspraak. Let wel dat geen ampsoordrag plaasvind nie, omdat Moses nog hier met die volk praat.

Die struktuur van Deuteronomium 31:7-8 (waar Moses met Josua in gesprek is) lyk soos volg:

{	A¹	<i>Wees sterk</i>
qz:x]	7c	<i>en vol moed,</i>
#m'a/w<	7d	
#r,a'h'-la	B¹	<i>want jy sal met hierdie volk die land</i>
hZ<h ~['h'-ta, aAbT' hT'a; yKi	7e	<i>ingaan;</i>
~h,l' ttel'		<i>wat die Here aan julle vaders met 'n</i>
~t'boa]l; hw"hy> [B;v.nI rv,a]	7f	<i>eed beloof het om te gee ;</i>
~t'Aa hN"l,yxin>T; hT'a;w>	B²	<i>En hy sal hulle dit laat erf.</i>
	7g	
aWh hw"hyw:	C¹ 8pab	<i>En dit is die Here</i>
^yn<p'l. %lehhoh;	8a	<i>wat voor jou uittrek;</i>
%M'[i hy<h.yI aWh	8b	<i>Hy sal met jou wees;</i>
	C² 8c	<i>Hy sal jou nie laat val nie;</i>

rv,a]	2d	<i>van Israel sal gee.</i>
hv,mo--~[i ytiyyIh' rv,a]K;	C¹	<i>..soos wat ek met Moses was,</i>
%M'[i hy<h.a,	5b	<i>sal Ek met jou wees;</i>
^P.r>a; al{	5c	<i>Ek sal jou nie laat val nie</i>
&'b,z>[,a, al{w>	C²	<i>Ek sal jou nie laat val nie</i>
{	5d	<i>en jou nie verlaat nie.</i>
qz:x]	5e	
#m'a/w<	A¹	<i>Wees sterk</i>
#r,a'h'-ta,	6a	<i>en vol moed,</i>
hZ<h; ~['h'-ta, lyxin>T; hT'a; yKi	6b	<i>want jy sal hierdie volk die</i>
~h,l' ttel' ~t'Aba]l; yTi[.B;v.nI-	B²	<i>land laat erf</i>
rv,a]	6c	<i>Wat ek vir hulle vaders met</i>
#ro[]T;-la;	6d	<i>`n eed beloof het om te gee.</i>
tx'Te-la;w>	A²	<i>..moenie vrees nie;</i>
lkoB. ^yh,l{a/ hw"hy> ^M.[i yKi	9d	<i>en moenie skrik nie;</i>
%leTe rv,a]	9e	
	C¹	<i>want die Here jou God is</i>
	9f	<i>met</i>
		<i>jou, oral</i>
		<i>waar jy heengaan.</i>
	9g	

In die bostaande gedeelte vorm vers 1a-1b die inleiding tot die gespreksituasie in 2ab. Die inleiding (1a-1b) word deur bemoedigingsinne gevolg (6ab). Twee handelingsopdragte (2c en 6c) vorm `n sintestiese parallelisme met die byvoeglike sinne (2d en 6d) wat `n goddelike subjek omvat. Die bystanduitspraak en bemoediging volg hierna. Die beloftes (5d-e, 9 d-e) versterk die bystand en bemoedigingsinne. Verder is Josua 1:1, 2, 5b-e, ga-d, 9 d-g deur `n chiasme omraam deurdat die eerste blok met `n bystandsin begin (5bc) en die tweede blok met `n bystandsin (9f en 9g) afsluit. Die teenwoordigheid van bemoedigingsinne (6a en 6b,9d en 9e) wat deur die partikel yKi (6c en 9f) ingelei, en deur rv,a] (6d en 6g) uitgebrei word, kenmerk albei helftes van die gesprek.

As sintese tot die bogenoemde blyk dit dat Deuteronomium 3:28; 31:6-8 en Josua 1:1-2, 5b-6d, 9d-11e, 16a-17d, 18e-f uit die elemente van bemoediging, bystand en handelingsopdrag bestaan. Hierdie elemente word deur parallelismes en chiasmes saamgebind. Josua 1:2 Die vraag na die doel van hierdie verbande skep die moontlikheid van 'n gesamentlike *Sitz im Leben*, of selfs *Sitz in der Literatur* wat moontlik 'n gemeenskaplike ampsinstelling-formule veronderstel. 'n Gemeenskaplike ampsinstellings-formule sou dien om die verbande tussen Deuteronomium en Josua te bevestig.

4.5.2.2 Josua 3:2-3 as heilige oorlog-motief.

Rowlett (1996:121-156) neem standpunt in teen 'n konsep van 'n ampsinstelling-formule.²¹¹ Sy argumenteer dat Josua 1:1-9 eerder oorlog terminologie bevat. Lohfink baseer sy konsep van 'n *Amptseinführung*-genre op Deuteronomium 31:7-8, 23, waar dieselfde terminologie as in Josua 1:1-9 voorkom. Nogtans gee Lohfink (1962:32-44) toe dat die formule in Deuteronomium 31:6 en Josua 10:25 buite die konteks van ampsoorhandiging voorkom. Sy gevolgtrekking is dat die heilige oorlog-motief in die agtergrond van Deuteronomium 31:6 en Josua 10:25 staan, en dat die genres van ampsoorhandiging en heilige oorlog uitsprake in hierdie gevalle deurmekaar geraak het.

Volgens Rowlett (1996:124) hoort die *Amptseinführung*-tekste (Deut 31:6, 23; Jos 1:6, 9; 10 en 11, insluitende 10:25) eerder in die konteks van die heilige oorlog-motief. So byvoorbeeld is die rede vir Moses se ampsoorhandiging in Deuteronomium 31:1-2 omdat Moses nie meer die soldate in oorlog kan lei en terugbring nie.²¹² Rowlett (1996:125-134) ondersoek die term לָחֶמֶת ; (Jos 1:6). Hierdie term speel 'n groot rol in Lohfink se tese, omdat hy dit met “*verdeel*” vertaal. Op grond hiervan beskou hy Josua se rol as 'n militêre, sowel as siviele leier en verdeler van die land. Volgens Rowlett (1996:125) beteken לָחֶמֶת (*hifil* stamformasie) eerder “*om in besit te neem*”. Josua se rol as verdeler van die land vind in elk geval eers later plaas, en selfs dan is hy ondergeskik aan die priester Eleaser. Die term לָחֶמֶת vorm die basis van Lohfink se argument dat Josua nie nét as 'n militêre leier

²¹¹ Die begrip “ampsinstelling-formule” verwys na die instelling van Josua in Moses se amp. Om hierdie rede is dit ook 'n ampsoorhandiging, en gebruik ek hierdie twee terme wederkerig.

²¹² Dieselfde terminologie kom in Num 27:17-18 voor.

voorgestel word nie. Slegs in die *Piel* stamformasie beteken die term “*om te verdeel*” (Num 34:29; Jos 13:32; 14:1; 19:51).

Rowlett (1996:128) meen dat die term lxn (*hifil* stamformasie) die meeste in Deuteronomium (1:38; 3:28; 31:7) voorkom. Hierdie tekste funksioneer almal in `n heilige oorlog-konteks.²¹³ Hierdie opmerking is in pas met my gevolgtrekking (2.2.4.6) dat die heilige oorlog-motief veral in Deuteronomium, en veral in verband met die land voorkom.

Conrad (1985:26-27) interpreteer die uitdrukking $\#ma/w< \text{qz:x}$] as heilige oorlog-terminologie én `n ampsoorhandiging *genre*. Sodoende verwys die term na die bevestiging van `n weermagoffisier in `n nuwe amp. Rowlett (1996:136) ondersteun Conrad vir die keuse om nie die term met die kultus te assosieër (soos Lohfink en McCarthy) nie, maar om dit eerder met die oorlog te koppel. Die meeste oorlogstekste in die deuteronomistiese geskrifte beskou elke opdrag voor `n oorlog as `n nuwe opdrag. Elke oorlogssituasie bevat per definisie `n nuwe opdrag aan `n militêre leier.

Rowlett dui aan dat die sogenaamde *Amptseinführung*-tekste (Deut 3:6; 31:6-8; Jos 1:1-9) eerder in die konteks van heilige oorlog-uitsprake tuis behoort. Ek verwys na hierdie spesifieke deuteronomistiese tekste as DG (Deuteronomium-oorlog-sien 4.8.3.3). Die ark kom dikwels in hierdie redaksies voor (Jos 3:2-3, 8; 15; 17).

Soos vroeër aangedui, volg ek Rowlett se benadering in die sin dat ek nie `n oorspronklike kultiese instelling van heilige oorlog probeer rekonstrueer nie. Die ideologiese funksie van die heilige oorlog is eerder die fokuspunt van hierdie studie. Nogtans impliseer dit `n spesifieke datering van die deuteronomistiese motief. Selfs as ons Rowlett se analise van die heilige oorlog-motief in die konteks van magsbeheer aanvaar, maak dit nie die datering van die tekste makliker nie. Rowlett (1996:11-15)

²¹³ Rowlett vertaal Deut 31:7 soos volg “en jy sal met hierdie *weermag* die land inneem”. Sy baseer haar interpretasie op `n vertaling van \sim [as `n verwysing na `n weermag (en nie volk nie). `n Voorbeeld \sim [as weermag kom in Jos 8:13 en 1 Sam 11:11 voor. Haar interpretasie van Deuteronomium 31:7 is verder gebou op `n veronderstelling dat die Masoreteteks (in teenstelling met die Samaritaanse Pentateug, die Peshitta en die Vulgaat, Targum Neofiti en een manuskrip van Targum Onkelos) `n verkeerde lesing bevat, en dat die aAbT^1 (wat veral in oorlog-narratiewe voorkom) eintlik in die *hifil* stamformasie hoort (Grossfeld 1972:533-534; Von Rad 1966b:187).

plaas die boek Josua in die konteks van die 7^{de} eeu vC. Om die rede funksioneer die heilige oorlog-motief as ideologiese wapen van koning Josia om politieke mag uit te oefen. Die heilige oorlog-motief kan egter ewe goed in 'n ander tydperk inpas. So byvoorbeeld plaas Römer (2007b:124-126, 132) Deuteronomium 1-3, asook Josua 1 in 'n eksiliese konteks. Die eerste weergawe van die boek Josua het volgens Römer (2007b:82-90) net die oorlogstekste (Jos 5-12) bevat. Indien Römer korrek is in hierdie verband, beteken dit dat Josua 5:12-15 oorspronklik die oorlog-gedeeltes (Jos 5-12) ingelei het. Josua 3:2-3 het dan oorspronklik by Josua 1 aangesluit.²¹⁴ Josua 3:2-3 kon dus deel van 'n oorspronklike (deuteronomistiese) Jordaandeurgang-narratief uitgemaak het. Hierdie moontlikheid vorm deel van my hipotese rondom die ontstaan en komposie van Josua 3 en 4.

Lohfink (1962:32-44) erken dat die sogenaamde *Amtseinführung of Amptseinsetzung genre* verskeie kere in ná-eksiliese tekste voorkom. Hy verklaar dit met die stelling dat die deuteronomistiese literatuur moontlik 'n groot invloed op die latere literatuur uitgeoefen het. So byvoorbeeld kom die stam qzx in Kronieke juis binne die konteks van oorlog voor (Rowlett 1996:147).²¹⁵ Rowlett is waarskynlik korrek in haar siening dat die heilige oorlog-motief 'n ideologiese funksie in die tekste speel. In die lig hiervan is dit waarskynlik 'n manier om die volk Israel se “vreemdheid” teenoor die ander volkere te stel. Die boek Deuteronomium en ander deuteronomistiese literatuur roep die volk Israel juis op om “anders” as die ander volke te leef omdat Jahwe die land vir hulle gegee het. Daarom vorm diens aan Jahwe die middelpunt van Deuteronomium en die deuteronomistiese geskrifte. Hiermee wil ek 'n verband tussen Deuteronomium, die land, en die heilige oorlog-motief lê.

Bieberstein is myns insiens korrek as hy 'n literêre verband tussen Josua 1 en Josua 3:2-3 aandui. Die tematiese en literêre verbande tussen Josua 1 en Deuteronomium 3:6; 31:6-8 is reeds gelê (sien 4.5.2). As Josua 3:2-3 'n voortsetting van die bevel in

²¹⁴ Josua 2 is waarskynlik 'n laat ná-eksiliese toevoeging (vgl 3.1.4.1). Daar kon oorspronklik 'n duideliker oorgang tussen Josua 1 en 3 gewees het, maar die invoeging van Josua 2 het moontlik dit vervang.

²¹⁵ 2 Kron 32:7; 2 Kron 20:15-17; 2 Kron 25:8. Williamson (1976:351-361) beskou 1 Kron 28:20 as 'n direkte verwysing na Jos 1. Hy interpreteer hierdie gedeeltes in die konteks van ampsoorhandiging (Moses-Josua, Dawid-Salomo). Alhoewel Williamson die moontlikheid stel van 'n antieke *Amtseinführung-genre*, meen Rowlett (1996:148) dat elke ná-eksiliese voorkoms van Qzx in 'n militêre konteks voorkom.

Josua 1 is, dan plaas dit Josua 3:2-3 onwillekeurig in die konteks van 'n heilige oorlog-uitspraak. Ek is oortuig dat hierdie oorspronklike deuteronomistiese redaksie binne 'n kronisties-kultiese konteks geherïnterpreteer is. Om die stelling te staaf, verwys ek na drie elemente wat in Josua 3:2-3 voorkom, naamlik die kultiese kalender, die ark en die Levitiese priesters.

4.5.2.1.3 Josua 3:2-3 as Kronistiese uitbreiding.

In die onderstaande gedeelte wil ek aantoon dat Josua 3:2-3 oorspronklik in die konteks van 'n deuteronomistiese uitbreiding ontstaan het, maar dat hierdie deuteronomistiese uitbreiding in 'n Kronistiese konteks geredigeer is. Om hierdie rede plaas ek Josua 3:2-3 uiteindelik in die konteks van 'n Kronistiese verwerking van die narratief van die Jordaandeurgang (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f). Om my standpunt te motiveer, verwys ek na die pasga, rol van die ark en die Leviete en priesters as draers van die ark.

Volgens vers 1 (wat tot die oorspronklike narratief [Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f] behoort) het volk een nag gekamp voordat hulle die Jordaan deurgegaan het. In vers 2-3 lyk die kronologie anders. Die volk het 3 dae (~ymiy" tv,l{v. hceq.mi yhiy>w:) by Sittim gekamp voordat hulle die Jordaan oorgesteek het (3:2a). Hierdie kronologie korreleer met hoofstuk 1:11.²¹⁶ Volgens verse 2-3 lyk die kronologie anders. Die volk gaan die rivier deur op die 10de van die maand Nisan. Hulle moes dan Sittim op die 8ste verlaat het. Dit is presies 'n week voor die pasga (pasga het op die aand van 14/15 Nisan plaasgevind).²¹⁷ Hierdie suggestie van 'n week se voorbereiding vir die pasga impliseer dat die teks moontlik aangepas is om 'n week se voorbereiding vir die pasga in te sluit. Die volgende ekskursie oor die pasga en die fees van ongesuurde brood is daarom van belang.

4.5.2.3.1 Ekskursie: Pasga in die Pentateug

²¹⁶ !Der>Y:h;-ta, ~yrIb.[o ~T,a; ~ymiy" tv,l{v. dA[B. (na drie dae het hulle die Jordaan deurgegaan- Jos 1:11).

²¹⁷ Bogenoemde datering korreleer met hoofstuk 5:10-12 waar die pasga op 14/15 Nisan plaasvind. Hoofstuk 2:22 verwys na 'n *verdere* drie dae. Hoofstuk 2 is vroeër as 'n onafhanklike eenheid geïdentifiseer, wat waarskynlik slegs redaksionele bande met die voorafgaande en opeenvolgende hoofstuk toon.

De Vaux (1973:485-493) dui die groei van die pasga-motief in die Pentateug aan. Hy analiseer die tradisie aan die hand van die klassieke Pentateug- bronne (P en D) in die Pentateug, wat dit moontlik maak om die groei van die pasga-motief te ontleed.

4.5.2.1.3.1 (a)i. Pasga in die Priesterskrif (Lev 23:5-8; Num 28:16-25; Eks 12:1-20, 40-51)

In priesterlike tekste word die pasga en die fees van die ongesuurde brood gekombineer. Hiervolgens hoort die pasga op die eerste volmaan in die eerste maand van die jaar, wat in die lente begin. Op die 10de van die maand het die familie 'n lam sonder gebrek uitgekies en dit op die 14de geoffer. Die vleis is gerooster en op dieselfde dag geëet. Op die volgende dag (die 15de) begin die fees van ongesuurde brood. Tot op die 21ste van die maand mag die volk net ongesuurde brood geëet het.

In die Priesterskrif is die pasga en die fees van ongesuurde brood gekombineer. Dit kom ooreen met die kombinasie van pasga en die ongesuurde brood in Josua 5:10-12.

4.5.2.1.3.1 (a)ii. Pasga in Deuteronomium (Deut 16:1-8)

Deuteronomium 16:1-8 verwys na die pasga en *massot* as twee afsonderlike feeste. Noukeurige ondersoek dui egter daarop dat die teks nie 'n eenheid is nie (Von Rad 1966b:112).²¹⁸ Verse 1, 2, 4b-7 verwys na die pasga. Volgens die teks moes die fees in die maand Abib plaasvind, maar die spesifieke dag word nie genoem nie.²¹⁹ Die offerdier moes met sonsondergang doodgemaak word op "die plek wat Jahwe uitgekies het vir sy naam" (in Deut verwys dit na Jerusalem). Die volgende oggend moes almal terugkeer huis toe. Vers 3, 4a en 8 verwys weer na die fees van ongesuurde brood. Hiervolgens moes die volk vir sewe dae net ongesuurde brood eet. Deuteronomium 16:1-8 verwys na twee *afsonderlike* feeste en die band tussen die twee feeste is bloot redaksioneel, want as die volk aan die einde van die pasga moes terugkeer huis toe, kon hulle nie aanbly vir die fees van ongesuurde brood nie, omdat dit het direk na afloop van die pasga begin het. Deuteronomium 16:1-8 voeg dan twee afsonderlike feeste saam om sodoende een fees te skep. Selfs die pasga onder koning Josia (2 Kon 23:21-23) maak geen melding van die fees van ongesuurde brood nie. 2 Kronieke 35:17 ('n laat ná-eksiliese teks) noem die fees van ongesuurde brood.

Die Priesterskrif en die Kroniekeboeke kombineer die pasga en die van *massot*-feeste. In Deuteronomium vind die twee feeste afsonderlik plaas. Volgens Kronieke sluit die pasga onder koning Josia die fees van ongesuurde brood in.

Josua 5:10-12 gekombineer die pasga en die *massot*-feeste. Dit bevestig dat die feeskalender liturgies verwerk is om die voorbereiding van die fees in te sluit. Omdat die fees van ongesuurde brood in die vertelling op die pasga volg, is dit 'n logiese afleiding dat die spesifieke teks afhanklik van die Priesterskrif is, en daarom ten minste eksilies of ná-eksilies gedateer word. Josua 5:10-12 vertoon egter die meeste verskille tussen die MT en die LXX, veral wat

²¹⁸ Von Rad (1966b:112) beskou die verwysing na die *massot*-fees in Deut 16:1-8 as sekondêr. Die teks het volgens hom oorspronklik net na die pasga-fees verwys. Hierdie is egter 'n komplekse saak en die navorsing rondom die pasga en *massot* sorteer onder drie invalshoeke.

- Plöger (1966:74-75), Merendino (1969:137-138) en Rofe (1988) neem standpunt in teen Von Rad deur die *massot*-fees as die oorspronklike fees te beskou;
- Wambacq (1981:199-218) sluit by Von Rad aan en beskou die pasga-fees as die oorspronklike fees;
- Christensen (2001:333) meen dat Deut 16:1-8 'n eenheid vorm en dat dit nie nodig is om die twee feeste te skei nie;

²¹⁹ In die antieke kalender, waar die jaar in herfs begin, korrespondeer die maand Abib met die eerste maand in die Lente, wat in 'n latere kalender die nuwe jaar inlei (De Vaux 1973:485).

die kronologie aanbetref. In die MT verwys Josua 5: 10-12 na die oggend $tr;x\backslash M'mi$ (ná die pasga). Die hele sin lees soos volg $tACm; xs;P,h; tr;x\backslash M'mi \#r,a'h' rWb[]me Wlk.aYO$. (*en hulle het die dag ná die pasga van die opbrengs van die land geëet*). In die LXX is die eet van ongesuurde brood deel van die pasga van die 14de van die maand. Die LXX lees:

kai. evpoi,hsan oi` ui`oi. Israhl to. pasca th/| tessaeskaideka,th| h`me,ra| tou/ mhno.j avpo. e`spe,raj evpi. dusmw/n Iericw evn tw/| pe,ran tou/ Iorda,nou evn tw/| pedi,w| kai. evfa,gosan avpo. tou/ si,tou th/j gh/j a;zuma kai. ne,a evn tau,th| th/| h`me,ra| evxe,lipe to. manna meta. to. bebrwke,nai auvtou.j evk tou/ si,tou th/j gh/j kai. ouvke,ti u`ph/rcen toi/j ui`oi/j Israhl manna evkarpi,santo de. th.n cw,ran tw/n Foini,kwn evn tw/| evniautw/| evkei,nw| (*en die seuns van Israel het die pasga op die veertiende dag van die maand gehou, teen die aand teen die weste van Jerigo aan die anderkant van die Jordaan, in die vlakke. En hulle het die opbrengs van die land ongesuurd geeëet, en nuwe koring. Op hierdie dag het die manna opgehou nadat hulle die opbrengs van die land geeëet het, en die seuns van Israel het nie meer manna gehad nie. En hulle het geeëet van die opbrengs van die land Kanaän in daardie jaar*).

Die bostaande is `n aanduiding dat die LXX-tekst moontlik op Deuteronomium 16:1-8 gebaseer is. Daarteenoor vertoon die Masoreteteks priesterlike redigering, wat moontlik op Levitikus 23:5-6 gebaseer is (Auld 1998:12). Die implikasie is dat die LXX in hierdie geval `n vroeër tekst reflekteer.²²⁰ Die MT van Josua 5:10-12 vertoon dan `n priesterlike redaksie, terwyl die LXX deuteronomistiese invloede weerspieël.

Die kultiese kalender (Jos 3:2) is moontlik aangepas om die pasga (Jos 5:10-12) te antisipeer. Josua 5:10-12 kombineer die twee feeste op grond van priesterlike tradisie, en daarom maak ek die afleiding dat Josua 3:2-3 priesterlike invloede vertoon.

4.5.2.3.1 (b) Rol van die ark.

Wanneer ons alle verwysings na die ark in Deuteronomium, deuteronomistiese geskrifte,²²¹ die Priesterskrif²²² wegneem, bly net die verwysing in Numeri 10:33,35-36 en Numeri 14:44 in die Pentateug oor (Bieberstein 1995:354). Numeri 14:44 is volgens Bieberstein (1995:354). `n toevoeging tot die vóór-priesterlike verkenningsvertelling.²²³ Numeri 10:33,35-36 kan aan die

²²⁰ Die vraag na die verhouding tussen die Masoreteteks en die LXX bly een van die mees kontroversiële vraagstukke. Auld (1998:18) is `n groot kampvegter vir die outoriteit van die LXX. Hy verwys onder andere na die Qumran-fragmente wat groot ooreenkomste met die LXX toon. Bieberstein (1995:230) merk op dat dat die voorstanders van die LXX as vroeëre teks in geen geval hulle oortuigings met noukeurige literêre analise van die betrokke gedeeltes staaf nie.

²²¹ Deut 10:1, 2, 3, 5, 8; 31:9, 25, 26.

²²² Eks 25:10, 14, 15, 16, 21, 22, 26, 33, 34; 30:6,26; 31:7;35:12;37:1, 5; 39:35; 40:3, 5, 20, 21; Lev 16:2 ; Num 3:31; 4:5; 7:89.

²²³ Bieberstein is `n voorstander van `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal (waarvan Num 10:33,35-36 en Num 14:44 deel is). Verder beskou Bieberstein die

Jahwis (J) verbind word (Maier 1965:4-39), maar sonder voldoende bewyse. Die arkvertelling in 1 Samuel 4-1 Konings 8 word dikwels aan die vóór-deuteronomistiese arkvertellings toegeskryf (Bieberstein 1995:354). Eers in Deuteronomium 10:1-5,8,9 en 31:9,24-27 word die ark deur middel van retrospeksie aan die woestyntog en die Horeb-gebeure verbind. Die datering van Deuteronomium 10:1-5, 8, 9 en 31:9, 24-27 is egter uiteenlopend. Sommige navorsers verkies 'n datering in die tyd van koning Josia (Perlitt 1969:210-212), terwyl ander weer 'n eksiliese datering bepleit (Preuss 1982:50, 102; Achenbach 1991:368-377).

Bieberstein (1995:355) beskou die funksie van die ark as oorlogs/kultiese objek as 'n ouer weergawe. Die funksie van die ark as oorlogs objek is in pas met hierdie studie, waar die ark met die sogenaamde heilige oorlog-motief verbind word. Verder maak ek die afleiding dat die ark mettertyd in kultiese terme geherinterpreteer is. Die Deuteronomium-tekste interpreteer die ark as die houër van die verbondstekste (Deut 10:1-5, 8-9; 31:9, 24-27). Later is die ark met die woestyntog verbind (Bieberstein 1995:355). In die geval van Josua 3 en 6 beskou Bieberstein (1995:355) die verwysing na die ark as 'n terugrye na 'n vóór-deuteronomistiese kultiese en oorlogsfunksie. Hierdie hipotese maak sin in die konteks van hierdie studie met hierdie studie, waar die ark met die sogenaamde heilige oorlog-motief verbind word, alhoewel die heilige oorlog-tradisie myns insiens tot 'n deuteronomistiese uitbreiding behoort. Verder maak ek die afleiding dat die ark mettertyd in kultiese terme geherinterpreteer is.

Hierdie uiteensetting illustreer die kompleksiteit van die datering van die ark-narratiewe. Selfs die verhale in 1 en 2 Samuel, wat vóór-deuteronomisties voorkom, kan nie met sekerheid gedateer word nie.²²⁴ Nogtans is daar navorsers wat die oorsprong van die ark probeer naspoor. Hier volg 'n uiteensetting oor die ark se navorsingsgeskiedenis, gevolg deur 'n evaluering en gevolgtrekking met die oog op Josua 3:2-4.

Volgens een hipotese het die ark sy oorsprong in Silo gehad.²²⁵ Die kernteks vir hierdie argument is 2 Samuel 6, waar dieselfde terme as in 2 Samuel 4 voorkom (**~ybiruK.h; bveyO** - *wat troon bo die gerubs*, en **tAab'c. hw"hy>** - *Here van die leërskaer*). Volgens Ollenburger (1987:37) is daar 'n verband tussen hierdie twee terme en Silo, waar die koningskap van Jahwe gevier is. Die term **tAab'c. hw"hy>** kom menigmaal in die konteks van Silo voor.²²⁶ Die term is met Silo geassosieer, selfs waar die ark nie ter sprake is nie (1 Sam 1:3,11).²²⁷ Ollenburger (1987:38) argumenteer verder dat Jerusalem nie noodwendig die plek was waar die Kanaänitiese godsdienste met die Jahwe godsdienste vermeng het nie. Hy voer aan dat die sinkritisme by Silo ontstaan het.²²⁸ Hierdie argument

teenwoordigheid van die ark in die boek Josua as 'n gevolg van die voorkoms van die ark in Deuteronomium. Die ark het eers in Deuteronomium 'n belangrike rol begin speel. Op grond van hierdie argumente beskou Bieberstein die verwysing na die ark in Num 14:44 as 'n latere byvoeging.

²²⁴ Rost (1982:6-34) beskryf die dilemma noukeurig. Geeneen van die Rigterverhale noem die ark in terme van oorloë nie. Josua 3 en 6 kan volgens Rost nie histories betroubaar wees nie. Die ark kom wel in latere oorlog-narratiewe voor (1 Sam 4-6; 2 Sam 11:11), maar die tradisies agter hierdie vertelling is onduidelik. Num 10:35-36 kan met reg beskou word as 'n teks wat verband lê tussen die ark en oorlog, maar dit is steeds vreemd dat die Rigterverhale dit nie noem nie. Hy dui aan dat die verskillende tradisies later tot dogma gegroei het, en dat dit onmoontlik is om die tradisies te identifiseer. Keel (2002:13) verwys in die volgende sin na 1 en 2 Samuel se arkverhale (wat deur Bieberstein as moontlik vóór-deuteronomistiese vertellings getipeer kan word): "Die Ladeerzählungen in 1 Sam 6 und 2 Sam 6 tragen stark legendhafte Züge und sind als Geschichtsquellen kaum brauchbar"

²²⁵ Ishida (1976), Otto (1975) en Eissfeldt (1966).

²²⁶ 1 Sam 1:3, 11; 4:4; 2 Sam 6:2, 18.

²²⁷ Hier speel die interpretasie 'n groot rol. Die terme word in die Jerusalem-kultus ook aangetref, maar Otto (1975:358) interpreteer dit in die konteks van 'n redaktor wat probeer om kontinuiteit tussen die Silo-en Jerusalem heiligdomme aan te toon. Sodoende is dit vir Otto nie 'n geval dat die redaktor vanuit Jerusalem sekere terminologie terugprojekteer in Silo nie.

²²⁸ Silo was bekend vir sy wynfees (Rig 21:16). Dieselfde term **hw"hy>-gx;** word in Lev 23:39 gebruik om die herfsfees aan te dui. Die moontlikheid bestaan dat dit die herfs -

ondersteun die moontlikheid van 'n heiligdom in Silo. 1 Samuel 1:9 verwys na die heiligdom by Silo as 'n tempel (לֵךְ; יְהוֹה). Uit die aard van die saak skeep dit 'n probleem, aangesien ander tekste (bv 2 Sam 6:7) dit duidelik maak dat Jahwe sedert die uittog nog net rondgeswerf het in 'n tentwoning. Rabe (1967:228-233) en Milgrom (1970:69) het probeer om die twee tradisies van die ark en die heiligdom te kombineer deur aan te dui dat die tempel *met* 'n tent-heiligdom by Silo funksioneer het. Eissfeldt (1979:1-7) voer die argument verder deur aan te dui dat die tabernakel tydens die Sinai-gebeure in 'n orakel-tent omskep is. Die tent is dan in die latere tye saam met die ark rondgeneem van heiligdom na heiligdom. So is die tent saamgebring na die tempel in Silo. Shunck (1971:132-140) fokus op die term לֵךְ; יְהוֹה en kom tot die gevolgtrekking dat dit vir die tempel by Jerusalem en vir die Silo-heiligdom gebruik was sonder enige teenstrydigheid. Albei van hierdie was heiligdomme waar die ark gevestig was, en albei was volgens hom administratiewe sentra .

Die argumente van Rabe, Milgrom, Eissfeldt en Shunck is pogings om die heiligdom in Silo te rekonstrueer. Die vraag is egter of 'n heiligdom met die ark in Silo bestaan het. Die algemene opvatting is dat die ark van heiligdom na heiligdom geswerf het (Ollenburger 1987:39) . So byvoorbeeld kom die ark in Josua 3-6 in die konteks van Gilgal voor. Nogtans word die ark in Saul se tyd, toe die heiligdom in Gilgal op sy hoogtepunt was, met Silo verbind (Ollenburger 1987:39). So 'n teenstrydigheid is moeilik om te verklaar.

Die verwysings na Silo funksioneer dikwels in 'n ideologiese of teologiese konteks. Die tempel by Silo simboliseer 'n teenvoeter vir die tempel in Jerusalem. Sekere groepe, waarskynlik Levitiese priesters, het daardeur probeer aandui dat Silo die eerste tempel was (bv 1 Sam 1:9). Hierdeur word legitimiteit aan hulle posisie as priesters gegee. Of dit historiese gesproke korrek is dat die ark sy oorsprong in Silo gehad het, kan nie presies bepaal word nie. Die Silo-tradisie kan oud wees, óf dit kan 'n rekonstruksie wees. Die ark kon ook sy oorsprong in die Jerusalem-kultus gehad het. Sodoende kon die ark in die ander plekke as heiligdomme geprojekeer word. Die moontlikheid bestaan dat Silo deur sekere groepe as 'n legitieme heiligdom beskou is, en die ark het die legitimiteit daarvan beklemtoon. Verder kan ons argumenteer dat priester-groepe teruggegryp het na Silo-tradisies om te bewys dat dit die ware woonplek van Jahwe was. Hierdeur sou hulle hul posisie as ware priester-groep te legitimeer. Silo is volgens aanduidings in die vroeë-monargale tydperk deur die Filistyne vernietig.²²⁹ Die ideologiese motiewe waarvoor Silo gestaan het, kon moontlik voortgeleef het.²³⁰

Silo kom dikwels in verband met Levitiese priester-groepe voor. Jeremia 1:1 identifiseer die profeet met die priester-groep in Ananot (vlg Jos 21 'n Levitiese stad). Abjatar, die priester wat deur Dawid na Jerusalem gebring is, het bande met Silo gehad.²³¹ Salomo het egter vir Abjatar na Ananot verban. Een van die redes vir Salomo se optrede kan juis wees dat Abjatar die mag van die koningshuis wou inperk (Cohen 1965:90).²³² Dit kan verklaar hoekom Ahija, 'n profeet uit Silo, die skeuring van die ryk legitimeer (Wilson 1980:302-305). Die moontlikheid bestaan dat latere Levitiese priester-groepe tydens die stryd om die Tweede Tempel, juis hulle legitimiteit probeer bevorder het deur daarop te wys dat hulle die ware draers van die ark is. Silo funksioneer dan as 'n téén-Sionsteologie of selfs téén-Sadokitiese motief.

nuwejaarsfees was waar die nuwe wynoes gevier is. Hier is 'n Kanaänitiese agtergrond te bespeur. In Ugarit was die een maand bekend as die “eerste van die wyn” (Ollenburger 1987:38).

²²⁹ Vgl Boling (1982: 423). Volgens De Vaux (1973:304) het Silo teen ongeveer 1050 vC tot 'n val gekom.

²³⁰ Hiermee bedoel ek nie dat Silo nooit bestaan het nie. Ek verwys net na die onmoontlike taak om die oorspronklike kultus van Silo te rekonstrueer. Die moontlikheid bestaan wel dat latere groepe die heiligdom van Silo gebruik het om hulle spesifieke belange te legitimeer.

²³¹ Abjatar was waarskynlik 'n nakomeling van Eli van Silo (McCarter 1980: 239).

²³² Ishida (1976:90-93,140-49) verskil met Cohen oor die relevansie van die ark. Hy argumenteer eerder dat die ark-tradisie eers in Jerusalem begin posvat het lank nadat die ark oorgebring is. Hy steun egter Cohen in sy hipotese dat Silo 'n sentrum van anti-monargale tradisies was.

Die bogenoemde uiteensetting bevestig die kompleksiteit van die ark-narratiewe. Die gevolgtrekking is dat die ark 'n legitimerende funksie gehad het. Verskillende priester-groepe het hulself met die ark verbind om sodoende hulle status as priesters te legitimeer. In die konteks van Josua 3 en 4 is daar priesters (Jos 3:6, 11, 14) en priester-Leviëte (Jos 3:3) wat hulself as draers van die ark beskou het.

4.5.3.2.1 (c) Priesters en die Leviëte as draers van die ark.

Fritz (1994:43) dui aan dat die titel ~YIwIl .h; (*die Leviëte*-vers 3) 'n redaksionele byvoeging is. Die term kom ook in Josua 8:30-35 saam met die ark voor.²³³

Afgesien van die verskillende benamings van die ark is daar verskille wat die draers van die ark aanbetref. Josua 3:3 verwys na die priester-Leviëte (; ~ynIh] KO. ~YIwIl .h). oJosua 3:6a, 11, 14b verwys weer na die priesters (~ynIh] KOh);. Hierdie teenstrydigheid reflekteer moontlik die stryd tussen verskillende priesterklasse. In die ark-vertelling van 1 Samuel 4 tot 1 Konings 8 is dit die priesters wat die ark dra.²³⁴ In Deuteronomium is daar teenstrydighede wat die verskillende terminologie vir priesters aanbetref.²³⁵

Gunneweg (1965:134) meen dat die Leviëte deur die priesters as *personae miserae* gereken is. Deuteronomium bied verskillende programme om die Leviëte op te hef en te versorg (Bieberstein 1995:356). Leviëte was verantwoordelik vir die dra van die ark (wat in Deut die tafels van die Wet huisves). Die priesters (Aaroniëte en Sadokiëte) het hierop geantwoord deur hulle amp terug te projekteer na Levi. Hierdie tweespalt is sigbaar in Deuteronomium 18:1-8 waar 'n onderskeid tussen priesters en Leviëte voorkom. Bieberstein (1995:356) voer aan dat die opheffing van die Leviëte in Deuteronomium nie tot die oudste kern van die boek behoort nie. Die gelykstelling tussen priesters en Leviëte is volgens hom eers sigbaar in tekste wat ná Esegël en die Priesterskrif (P) gedateer word. Sodoende val die klem in die boek Kronieke op die Leviëte.

Boccaccini (2002:70) was die Sadokiëte se outoriteit in op die Sinai-gebeure (Num 3:5 [P] gebou. Die vertelling van die Korag-rebellie (Num 16) was juis vertel as waarskuwing vir enige groepe wat die Sadokiëte se outoriteit in twyfel wou trek. Nehemia was volgens Boccaccini (2002:71) die eerste persoon wat die Leviëte probeer ophef het. Die klem op die Leviëte in Nehemia was waarskynlik nie om 'n pro-Levitiese of anti-Sadokitiese sentiment te skep nie, maar eerder 'n poging tot 'n kompromis tussen die groepe (Boccaccini 2002:71).

In Josua 3 is die spanning tussen die priester-groepe sigbaar. Bieberstein (1995:376) identifiseer verse 2 en 3 met 'n deuteronomistiese redaksie (DtrA). Verse 6 en 14b koppel hy aan 'n redaksionele laag (B) wat rondom die ark en die priesters sentreer (Jos 3:6, 10a, 11, 14b). Die vraag is watter van die bogenoemde snitte (DtrA of B) die ouer weergawe is. Hy verwys na Deuteronomium 10:1-5, wat die ark met die woestyn-tradisie verbind, en Deuteronomium 10:8-9 waar die Leviëte die opdrag kry om die ark te dra. Indien Deuteronomium 10:1-5 die ouer teks is, moet Deuteronomium 10:8-9 die latere interpretasie voorstel. In Bieberstein se benadering is snit B dan die oudste, terwyl DtrA die latere interpretasie is.²³⁶ Die teenoorgestelde argument is ook moontlik, naamlik dat Deuteronomium 10:1-5 die latere

²³³ Die gronde om die term as 'n byvoeging te beskou, is volgens Boling (1982:160) nie op sterk tekskritiese argumente gebou nie.

²³⁴ Die volgende verse verwys op verskillende maniere na die draers van die ark: 2 Sam 15:24 Sadokiëte/ Leviëte. Op grond van die ooglopende spanning tussen 2 Sam 15:24 en 15:25,27,29, beskou Bieberstein (1995:355) dit as 'n latere toevoeging. 2 Sam 15:25: Sadok; 2 Sam 15:29: Sadok en Abjatar; 1 Kon 2:26: Sadok en Abjatar; 1 Kon 8:3: Priester (2 Kron 5:4: Leviëte); 1 Kon 8:4: Priesters/ Leviëte (2 Kron 5:5- Priesters/Leviëte); 1 Kron 8:6: Priester (2 Kron 5:7- Priesters).

²³⁵ Deut 10:8: Stam van Levi; Deut 31:9 priesters, die seuns van Levi.

²³⁶ Preuss (1982:50), Braulik (1986:82-83) en Achenbach (1991:370).

teenvoeter teen Levitiese legitmiteit voorstel.²³⁷ Die verhouding tussen die bogenoemde teksgedeeltes bly egter debatteerbaar. Getuienis dui daarop dat die Leviete se status as *clerus minor* eers in latere priesterlike redaksies en kronitiese literatuur opgehef is. So byvoorbeeld val die tekste wat die Leviete as draers van die ark voorstel, almal in eksilies of ná eksiliese konteks.²³⁸ Laagenoemde interpretasie is in hierdie studie gevolg, naamlik dat die verwysing na die priesters-Leviete 'n latere uitbreiding voorstel.

4.5.2.3.1 (d) Gevolgtrekking

Bieberstein (1995:376) klassifiseer Josua 3:2-3 as deel van 'n deuteronomistiese redaksie wat gekoppel is aan die ampsoorhandiging van Moses na Josua. Om hierdie rede noem hy dit DtrA. In hierdie studie sorteer vers 2 en 3 na my oordeel oorspronklik in 'n deuteronomistiese konteks wat die heilige oorlog-motief beklemtoon. Ek laat egter ruimte vir 'n verdere Kronitiese verwerking van hierdie oorspronklike deuteronomistiese uitbreiding.²³⁹ Die bostaande verbande met die kultiese kalender, die ark en die Leviete, dui myns insiens eerder op 'n kronitiese (Kron) redaksie. Om hierdie rede klassifiseer ek dit as *Kron*.²⁴⁰ Die motief van die Leviete as draers van die ark, tesame met die redigering van die kultiese kalender, versterk die bostaande vermoede. Nogtans behou die moontlikheid daar dat vers 2-3 oorspronklik 'n deuteronomistiese redaksie was wat die heilige oorlog-motief beklemtoon het. Dit is in lyn wees met Eksodus 15 waar dieselfde tendens voorkom, naamlik dat oorspronklik deuteronomistiese gedeeltes in 'n ná-deuteronomistiese konteks voorkom. Josua 3:2-3 is dan van deuteronomistiese oorsprong, maar dit het later 'n kultiese redaksie in kronitiese kringe ondergaan.

Vroeër is aangedui dat Eksodus 15 in die *genre* van 'n oorwinningslied val. Die Leviete, waaronder die Asaf-familie sorteer, was waarskynlik vir die komposisie van die lied verantwoordelik. Verder bestaan die moontlikheid dat Josua 3:13d en vers 2-3 aan dieselfde redaktor(-s) toegeskryf kan word. Josua 3:13d kan myns insiens juis aan die Levitiese invloed toegeskryf word (op grond van Eks 15). Omdat Josua 3:2-3 juis ook Levitiese trekke vertoon, is dit moontlik dat dieselfde groep(-e) of selfs verwante Levitiese groepe vir die redaksies verantwoordelik was.

4.5.3 Literêre analise: Josua 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18

Ek stel voor dat Deuteronomistiese invloede (Jos 1:1, 2, 5b, 6, 9d, 10, 11, 16, 17, 18ef; 3:2-3?) in vers 7-8 voorkom. Josua 3:2a-3d is vroeër in hierdie studie eerder as 'n kronitiese verwerking van 'n oorspronklike deuteronomistiese gedeelte beskryf. Volgens my analise pas die deuteronomistiese motiewe eerder by Josua 3:7-8.

²³⁷ Perlitt (1969:210-212).

²³⁸ Leviete as draers van die ark: Num 4:15; 1 Kron 15:2,12,15,26; 2 Kron 51:4;35:3. Leviete as dienaars in die omgewing van die ark: Num 3:31; 1 Kron 16:4,37.

²³⁹ Die verwerking of herinterpretasie van deuteronomistiese stof toon ooreenkomste met die tendense wat in die Moseslied aangedui is (vgl 4.5.1.2.1 [k]).

²⁴⁰ Bieberstein (1995:427-430) identifiseer 'n kronitiese redaksie in Jos 6:19, 24. Hierdie redaksie verbind die tempelskat in Jos 6:19, 24 met 2 Kron 16:2; 25:24.

Bieberstein koppel die Josua 3:7-8 aan 'n moontlike redaksie (C²) wat gemoeid is met die opstel van die twaalf klippe by die Jordaan. Die bystandsin (Jos 3:8) herinner egter sterk aan die bystandsin in hoofstuk 1:5 (Fritz 1994:155; Soggin 1972:57). Verder dui verband tussen die onderskeie bystand-formules (Jos 1:5; 3:8) op 'n literêre band tussen Josua 1:5 en Josua 3:8. Josua 1:5 is weer op grond van die bystand-formules aan Deuteronomium (en meer spesifiek die heilige oorlog-motief) verbind. Om hierdie rede plaas ek hierdie verse in 'n deuteronomistiese konteks. Josua 3: 7-8, 15, 17ab vorm dan moontlik deel van die oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang.

Vers 15 vorm volgens my analise van die narratief nie deel van die narratief van die Jordaandeurgang (Jos 3 :1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) nie. Nogtans is dit moeilik om hierdie redaksionele byvoeging van nader te verklaar. Op grond van die konteks is vers 15 'n voorsetting van vers 8. Vers 8 bevat 'n opdrag aan die priesters. Die uitvoering van die opdrag word verbreek deur die volgende:

- Vers 9: Gesprek tussen Josua en die volk;
- Vers 10: Deel van die narratief van die Jordaandeurgang (3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f);
- Vers 11: Deel van die redaksionele uitbreiding (P^(a)) wat die ark voorop stel (vgl 4.5.2.3);
- Vers 12: Latere byvoeging;
- Vers 13-14a: Natuurwonder;
- Vers 14b: Deel van die redaksionele uitbreiding (P^a) wat die ark voorop stel (3:6a, 11, 14b).

Eers in vers 15 word die opdrag van vers 8 deurgevoer.

Om hierdie rede klassifiseer ek vers 15 as 'n deel van die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang. Vers 17a-b volg weer op vers 15, en die deuteronomistiese uitdrukking *hw"hy>-tyrIB. !Ara'h'* (3:17a) dui op 'n deuteronomistiese agtergrond. Dieselfde uitdrukking kom in vers 8a voor. Daar bestaan dus 'n grammatikale en tematiese band tussen 8a en 17a. Om hierdie rede klassifiseer ek dit as deel van die bogenoemde deuteronomistiese verhaal. Josua gee 'n opdrag aan die priesters en hulle gehoorsaam hom, soos hulle Moses sou gehoorsaam.

Hier volg 'n uiteensetting van die deuteronomistiese verhaal van die Jordaanorgang in Josua 3:1-17:

[;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	7a	<i>En die Here het vir Josua gesê:</i>
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. ^l.D,G: lxea' hZ<h; ~AYh;	7b	<i>Vandag sal Ek begin om jou groot te maak in die oë van die hele Israel;</i>
!W[d>yE rv,a]	7c	<i>Sodat hulle kan weet</i>
hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K; yKi i	7d	<i>Dat soos ek met Moses was,</i>
%M'[i hy<h.a,	7e	<i>Ek met jou sal wees</i>
rmoale tyrIB.h;-!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hW<c;T. hT'a;w>	3:8a	<i>Gee dan die bevel vir die priesters wat die verbondsark dra;</i>
dmo[]T; !Der>Y:B; !Der>Y:h; yme hceq.- d[; ~k,a]boK.	3:8b	<i>Net soos julle aan die kant van die waters van die Jordaan kom, moet julle stilstaan.</i>
!Der>Y:h;-d[; !Ara'h' yaef.nO aAbk.W	3:15a	<i>en toe die draers van die ark by die Jordaan kom;</i>
~yIM'h; hceq.Bi WlB.j.nI !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r;w>	3:15b	<i>Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom</i>
ryciq' ymey> lKo wyt'AdG>-lK'-l[;alem'	3:15c	<i>terwyl die Jordaan vol was op al sy walle op al die dae van die oes;</i>
!Der>Y:h;w> hw"hy>-tyrIB. !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; Wdm. [;Y:w	3:17a	<i>Maar die priesters wat die verbondsark van die Here dra het bly staan op droë grond, binne-in die Jordaan;</i>
!keh' !Der>Y:h; %AtB. hb'r'x'B,		

Josua 4:14-18 sluit egter by hierdie gedeelte aan:

laer'f.yI-lK' ynEy[eB. [;vuAhy>-ta, hw"hy> lD;GI aWhh; ~AYB;	4:14a	<i>Die dag het die Here vir Josua verhoog voor die oë van die hele Israel;</i>
--	--------------	--



Atao War>YIw:	4:14b	<i>sodat hulle hom gevrees het;</i>
wyY"x ymey>-lK' hv,mo-ta, War>y" rv,a]K;	4:14c	<i>soos wat hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe;</i>
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	4:15	<i>en die Here het vir Moses gesê:</i>
tWd[eh' !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hWEc;	4:16a	<i>beveel die priesters wat die ark van getuienis dra:</i>
!Der>Y:h;-!mi Wl []y:w>	4:16b	<i>dat hulle uit die Jordaan opkom;</i>
rmoale ~ynIh]Koh;-ta, [;vuAhy> wc;y>w	4:17a	<i>en Josua het die priesters beveel:</i>
!Der>Y:h;-!mi Wl []	4:17b	<i>kom op uit die Jordaan!</i>
hw"hy>-tyrIB. !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; ÎtAl []K;Ð ;tAl []B;À yhiy>w: %ATmi !Der>Y:h;	4:18a	<i>En toe die priesters wat die verbondsark van die Here dra uit die middel van die Jordaan opkom;</i>
hb'r'x'h, la, ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; WqT.nI	4:18b	<i>het die priesters skaars hulle voetsole gelig na die droë grond;</i>
~m'Aqen hy het vir diem.li !Der>Y:h;-yme Wbvuy"	4:18c	<i>of die waters van die Jordaan het teruggekeer na sy plek;</i>
wyt'AdG>- lK'-l [; ~Avl.vi-lAmt.ki Wkl.YEw:	4:18d	<i>en soos gister en eergister op al sy walle geloop;</i>

Die volgende opmerkings verdien aandag:

- Josua 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18 vertel die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang;
- Die deuteronomistiese weergawe van die Jordaandeurgang was waarskynlik die oorspronklike verhaal. Vroeër het ek by Römer (2007b:81-90) aangesluit deur Josua 5-12 as die deel van die eerste weergawe van 'n moontlike Deuteronomistiese Geskiedswerk te beskou. Josua 1, tesame met die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang is in die eksiliese tyd by Josua 5-12 gevoeg;
- Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f verteenwoordig dan waarskynlik 'n latere uitbreiding op die oorspronklike (deuteronomistiese) verhaal van die Jordaandeurgang.

Ek verwys na hierdie narratief (Jos 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18) as DG (Deuteronomistiese Geskiedswerk).

Josua 4:11-13 is waarskynlik in die láát-eksiliese of ná-eksiliese tyd bygevoeg. Die verwysing na die Oosjordanland-staame val in die konteks van die rus wat Jahwe aan sy volk skenk. Braulik (1985:219-230) identifiseer die tradisies waar Jahwe rus (xwn) aan die volk skenk:

- Die eerste tradisie handel oor die vestiging van Ruben, Gad en die halwe Manasse-stam in die Oosjordanland (Deut 3:20; Jos 1:13, 15; 21:44ab, 45, 22:4). Die rus wat Jahwe skenk dui in hierdie verband waarskynlik op die feit dat hulle lewens as nomades tot 'n einde gekom het;
- Die tweede tradisie van Jahwe se rus handel oor die bou van Salomo se tempel (Deut 12:9-10; 25:19; Jos 21:43, 44cd; 2 Sam 7:1, 11; 1 Kon 5:18; 8:56). Braulik asosieer die eerste tradisie met Lohfink se vóór-eksiliese DtrL (vgl 2.1.2.6) terwyl hy 'n later datum (waarskynlik 'n eksiliese datering) vir die tweede tradisie voorstel.

Bieberstein (1995:390) argumenteer egter dat die tweede tradisie (Salomo se tempel) ouer is, omdat Deuteronomium 12:9-10 die Jordaan as oosgrens erken. Die eerste tradisie rondom die stamme van Ruben, Gad en die halwe Manasse-stam, val vir hom

eerder in die raamwerk van die eksiliese DtrN (die deuteronomistiese redaksie wat op die Wet fokus-vgl 2.1.2.4).

Die verwysing na die Oosjordanland-stamme dien waarskynlik om die oorspronklike deuteronomistiese landsveroweringsverhaal aan die vorige (Jos 1) en volgende gedeeltes (1 Kon 5:18) te verbind. Ek verwys na hierdie redaksie as DG^R (redaksie van Deuteronomistiese Geskiedswerk).

4.5.4 Literêre analise: Josua 3:6, 10a, 11, 13a, 14b

Josua 3:6, 10a, 11, 13a, 14b behoort volgens my analise nie tot die oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang (Jos 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) óf die latere verwerking van die Jordaandeurgang (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) nie.

Bieberstein (1995:345-358) verbind vers 6 met 'n latere redaksie (B). Hy dateer hierdie redaksie tussen sy *Grundschrift* (3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) en C¹ (wat in die vóór-eksiliese of eksiliese tydperk tot stand gekom het). In die eerste plek beskou ek nie die verwysing na die priesters en die ark as 'n redaksie nie, maar eerder as 'n priesterlike uitbreiding wat deur priester-groepe gebruik is om hulle posisie in die tempel te legitimeer.²⁴¹ Om hierdie rede verwys ek na hierdie uitbreiding as 'n priesterlike uitbreiding (P^(a)). Hierdie uitbreiding fokus op die ark *en* die priesters.²⁴² Behalwe in vers 6, waar die priesters as draers van die ark aangedui word, kom hierdie verwysing na die ark ook in vers 11 en vers 14 b voor:

!Der>Y:B; ~k, ynEp.li rbe [o 3:11 Kyk, die verbondark van
#r, a'h' -lK' !Ada] **tyrIB.h;** die Here oor die hele aarde

²⁴¹ Ek vermy die uitdrukking “onafhanklike ark-vertelling” omdat dit 'n ark narratief (soortgelyk aan 1 Sam 4-6) veronderstel. Die klem val myns insiens op die priesters *en* die ark. Om hierdie rede konstrueer ek die agtergrond van die priesterlike uitbreiding (P^(a)) in die lig van 'n priesterstryd in die tydperk van die Tweede Tempel. Die Kronistiese uitbreiding (Kron) is 'n poging om die Levitiese priesters teenoor P te posisioneer.

²⁴² Ek is bewus daarvan dat 'n priesterlike uitbreiding verwarring skep, want daar bestaan reeds 'n Priesterskrif (P). Om hierdie rede verwys ek na hierdie uitbreiding as P^(a). P= priesterlike uitbreiding, a= ark.

!Ara] hNEhi *trek voor julle uit,
die Jordaan in;*
~['h' ynEp.li **3:14b** *met die priesters wat die
tyrIB.h; !Ara'h' yaef.nO verbondsark dra voor die
~ynIh] Koh;w>* *volk;*

Vers 11 is weer aan vers 10a verbind:

In vers 10a is daar `n gesprek van Josua wat onderbreek word:

3:10a *en Josua het gesê:*
[;vuAhy> rm,aYOw>

Die res van Josua se gesprek in 10a is onderbreek deur `n gedeelte van die *narratief*:

3:10b *Hieraan sal julle weet:*
!W[d>Te tazOB.
3:10c *dat `n lewende God in julle
~k,B.r>qiB. yx; lae yKi* *midde is:*

Vers 10d is `n latere toevoeging (Z) tot die *narratief*. Die gesprek van 10a word eers in vers 11 voortgesit:

3:11 *Kyk, die verbondark van die Here
oor die hele aarde trek voor julle
uit, die Jordaan in;*
!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o
#r,a'h'-lK' !Ada] **tyrIB.h;**
!Ara] hNEhi

Vers 10a kan `n moontlike voortsetting van Josua se bevel in vers 6 (P^(a)) wees. Die woorde [;vuAhy> rm,aYO (*en Josua het gesê*) word verder in vers 11 voortgesit, waar die prosesie met die ark ook ter sprake kom. In vers 11 is die volgende uitdrukking #r,a'h'-lK' !Ada] **tyrIB.h;** !Ara] (*die ark van die verbond van die Here oor die hele aarde*) ongrammatikaal, tensy daar `n groot pouse voorkom (Boling 1982:167).

Die rede vir hierdie opmerking is dat die Masorete `n klem op die woord **tyrIB.h** plaas en dit sodoende van die goddelike titel !Ada] skei. Die volgende oplossings is ter sake:

- Soggin (1972:48) volg `n variante lesing (Syr) deur hw"hy> na die term !Ara] in te voeg (vgl 3:13a);
- Langlamet (1969: 46-47) meen dat die variante lesing nie die probleem oplos nie. Die varainte lesings is volgens Langlamet eerder `n korreksie wat op vers

13 gebaseer is. Volgens hom bied die korreksie steeds `n ongrammatikale verhouding met die artikel voor die *nomen regens*;

- Gray (1986:62) klassifiseer die Masoreteteks se lesing as `n deuteronomomistiese invoeging;
- Butler (1983:39) meen dat Tekskritiek nie die probleem kan oplos nie. net die studie van bronne, formules en redaksies kan `n antwoord bring.

Vers 11 se sintaksis is heel waarskynlik die rede dat woorde !wra en tyrb in vers 14b en 17a in ongrammatikale posisies voorkom. Die LXX dui in hierdie twee verse ook heelwat variante lesings aan, wat op pogings tot tekskritiese harmonisering dui. In vers 14b kom die uitdrukking tyrIB.h; !Ara'h' voor. Om die rede pas vers 14b by die priesterlike uitbreiding (P^(a)) wat die voorkoms van die ark aandui. Vers 14b voltooi die opdrag van 6a, naamlik dat die priesters wat die ark dra die leiding moet neem en voor die volk deurtrek. Die feit dat hierdie opdrag (6a) uitgevoer word (14a) maak van die P^(a) uitbreiding `n afgeronde eenheid. Die priesterlike uitbreiding P^(a) van die narratief (Jos 3:1, 5, 10a, 13bd, 14a, 16a-f) sien dus soos volg daaruit:

~ynIh]Koh;-la, [;vuAhy> rm,aYow:	rmoale	3:6a	<i>En Josua het vir die priesters gesê:</i>
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.		3:6b	<i>tel die verbondsark op;</i>
~['h' ynEp.li Wrb.[iw>		3:6c	<i>en trek voor die volk uit;</i>
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.YIw:		3:6d	<i>En toe het hulle die verbondsark opgetel;</i>
~['h' ynEp.li Wkl.Yew:		3:6e	<i>en voor die volk weggetrek;</i>
[;vuAhy> rm,aYow:		3:10a	<i>en Josua het gesê:</i>
!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o #r,a'h'-lK' !Ada] tyrIB.h; !Ara] hNEhi		3:11	<i>Kyk, die verbondark van die Here oor die hele aarde trek voor julle uit, die Jordaan in;</i>
!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; x;AnK. hy"h'w>		3:13a	<i>en net soos die voetsole van die priesters wat die verbondsark van die Here oor die hele aarde dra, in die Jordaan rus;</i>
!Der>Y:h; ymeB. #r,a'h'-lK' !Ada] hw"hy			
tyrIB.h; !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	~['h' ynEp.li	3:14b	<i>met die priesters wat die verbondsark dra voor die volk;</i>

4.5.5 Literêre analise: Josua 3:4, 9, 10d, 12, 17c

In hierdie gedeelte gebruik ek die afkorting *Z* om na die jongste byvoegings te verwys. Hierdie byvoegings is waarskynlik die laaste byvoegings tot die narratief. Om hierdie rede funksioneer hierdie byvoegings uitsluitlik om die verskillende uitbreidings en byvoegings van Josua 3 en 4 te harmoniseer. Hierdie byvoegings pas nie in die konteks van die bostaande uitbreidings (DG, P^(a), Kron) nie, en dien bloot om die onderskeie uitbreidings op 'n literêre vlak te harmoniseer. Ek gebruik die afkorting *Z* omdat dit die laaste letter in die alfabet is. *Z* verwys dus na die laaste redaksionele toevoegings tot Josua 3 en 4.

Vers 4 bied sintaktiese struikelblokke. Die vers lees moeilik omdat dit nie sintakties sin maak nie. Dit noop Soggin (1972:47) om die twee helfdes van die sin om te ruil. Die tekskritiese gronde vir so 'n keuse is egter onoortuigend. Bieberstein (1995b:8) identifiseer die vers as 'n latere byvoeging (*Z*), terwyl Fritz (1994:54) dit as 'n later byvoeging verklaar, sonder om dit in meer detail te analiseer. Die voorgestelde afstand tussen die mense en die ark (2000 el) is presies die van 'n sabbatsreis (Eks 16:29; Num 35:5).²⁴³ Die ooreenstemming met die sabbatsreis kan op 'n moontlike kultiese agtergrond dui.

Vers 9 is ook moontlik 'n redaksionele byvoeging. Fritz (1994:55) identifiseer dit as 'n later toevoeging, sonder om spesifieke redes te noem. Hy wys egter op die sterk afwysing van ander gode, wat 'n sterk verband met Deuteronomium toon (Deut 11:28; 13:3, 7, 14 ;28:64; 29:25; 32:17). Bieberstein (1995b:8) beskou die vers ook

²⁴³ Sommige navorsers sien die afstand-gedagte as mitologiese elemente wat uit 'n "primitiewe" stadium van die geloof dateer (Boling 1983:163). "As in other religions, holy objects have a power, somehow akin to what the anthropologists calls "*mana*", which can manifest direct action of deity. In Yahwism the deity transcended this holiness in such a way that entertaining and edifying stories might be told about the ark. Yahweh used his ark both to refute Philistine superstition concerning it and to confound false Israelite optimism based on it (1 Sam 4-7). Such attitudes were so deeply rooted from the early days that when, in the move bring the old ark to Jerusalem, Uzzah touched it to steady it behind the stumbling oxen, he died (2 Sam 6:6-9)".

as 'n toevoeging (Z=Zusätze), waarvan die datering onseker is. Boling (1982:164) merk dat die term rbd in meervoudsvorm aan Deuteronomium herinner (Deut 4:13; 10:4), en spesifiek op verbondsbepalings dui. Hy koppel dit aan 'n moontlike verbondsvernuwing-liturgie. Die bepaling van 'n verbondsvernuwings-konteks is uiters moeilik om te bepaal.

Vers 10d is moeilik om van nader te verklaar. Die uitdrukking $\text{vry}+Qal$ “in besit neem”, word saam met die *hifil* stamformasie, wanneer Jahwe as subjek voorkom, met “vernietig” vertaal (Fritz 1994:49).²⁴⁴ Die lys van bevolkingsgroepe wat vernietig gaan word, vertoon 'n stereotipe volgorde (Fritz 1994:50). Die voorgeskiedenis van die land Israel bly moeilik om te rekonstrueer.²⁴⁵ Daarom is dit moeilik om hierdie volkere in detail na te speur. Die sewe volke wat ter sprake is, kan heel moontlik 'n simboliese betekenis inhou en volheid uitdruk. Die getal sewe is dan 'n volledige getal, en die volke word dan as teenstander van Jahwe geteken.

Vers 12 pas in terme van die inhoud nie by hoofstuk 3 in nie. Om hierdie rede is dit waarskynlik 'n latere byvoeging. Die verwysing na die twaalf man pas nie by die vorige, of die volgende verse nie. Hier volg 'n paar verklarings van vers 12:

- Noth (1953:35) merk op dat die vers “in die lug sweef”, en probeer aantoon dat die vers eerder in die konteks van hoofstuk 4:4 α β , 4b, 5 pas. Hy beskou vers 4a α as 'n latere invoeging om Josua 3 en 4 te harmoniseer. Herzberg (1965:29) plaas die vers in die oorspronklike konteks van Josua 9:1-9, omdat vers 12 volgens hom juis na die verbond by Sigem (Jos 8:30-35) inpas. Die twaalf man sou dan 'n teken van die verbond by Sigem oprig in die vorm van klipilare. Hierdie opdrag volg dan op die verbondsgedeelte (Jos 8:30-35);

²⁴⁴ Deut 9:4, 5; 11:23; 18:12; Jos 13:6; 23:5.

²⁴⁵ Lemche (2003:78-89) meen dat die term “Kanaäniete” nie oorspronklik na die bewoners van die land verwys het nie. Hy vind die oorsprong van die term “Kanaäniete” in die konflik tussen stamgeoriënteerde groepe en die staat. In die Ystertydperk het die stamme wat ontstaan het na die Laat-Bronstydperk die Kanaäniete (verteenwoordigers van die staat) onthou as hulle vyande. Later, toe die stamme hergroepeer is onder die kininkryke van Israel en Juda het hulle vir vir die tweede keer die koning se diensknegte as Kanaäniete (vyande) beleef. Alhoewel die Egiptenare in die 19de eeu vC 'n provinsie met die naam Kanaän gestig het, het hierdie provinsie waarskynlik net die suide van die land ingesluit (Lemche 1991:25-52). Lemche soek oorspronklike verwysings na Kanaän dus in 'n sosio-politieke konteks (“*Socio-political dichotomy of discontinuum*”). Omdat Noth se amfiktonie of Mowinckel se “*Thronbesteigungsfest*”-hipoteses nie meer haalbaar is nie, is dit moeilik om die voorgeskiedenis van Israel te rekonstrueer.

- Butler (1983:47) spekuleer nie oor die oorspronklike konteks van vers 12 nie, maar dui tog aan dat die vers in die konteks van vers 9 hoort, omdat dit die konteks weergee waar Josua as 'n profeet opdragte vir die volk gee;
- Boling (1982:168) fokus op die fragmentariese aard van die vers, en kom tot die gevolgtrekking dat die vers 'n bevel kort;
- Fritz (1994:55) noem die moontlikheid dat die vers as redaksionele band tussen hoofstuk 3 en 4 funksioneer. Laasgenoemde blyk 'n logiese gevolgtrekking te wees. 'n Redaktor kon moontlik hierdie fragmentariese vers ingevoeg het om Josua 3 en 4 aan mekaar te bind. Die opdrag van vers 12 kom eintlik eers in hoofstuk 4 ter sprake, en daarom blyk dit dat die vers juis as 'n redaksionele band tussen die twee hoofstukke funksioneer.

Vers 17c is moontlik 'n latere byvoeging wat nie met meer sekerheid omskryf kan word nie. Boling (1982:170) klassifiseer die vers as die inleiding tot hoofstuk 4. Fritz (1994:52) beskou dit as 'n deuteronomistiese redaksie (RedD). Hy verwys na die term *hbrx* wat volgens hom in die Jahwistiese (J) stratum van die Rietsee-vertelling (Eks 14:21) voorkom. Sodoende beskou Fritz vers 17d as 'n deuteronomistiese verwysing na Eksodus 14. Om hierdie rede funksioneer vers 17d as 'n poging om die Rietsee-wonder (Eks 14-15) as deel van die intog in die Beloofde Land te herïnterpreteer. Die deuteronomis sou dan 'n bekende tradisie uit Israel se verlede neem, en sou die intog teken as 'n magsvertoon van God, wat in die verlede gewerk het, en ook nou sy volk te hulp kom.

In hierdie gedeelte is daar dan verskillende toevoegings (Z) wat nie by die onderskeie uitbreidings (P^a, DG, Kron) inpas nie. Die meeste van hierdie bevoegings het moontlik gefunksioneer om die teks te harmoniseer, en sodoende die onderskeie uitbreidings tot 'n eenheid te bind.

4.6 Gevolgtrekking

- In die bostaande eksegetiese analise is die literêre samehang van Josua 3 bepaal. My gevolgtrekking dui op 'n oorspronklike deuteronomistiese teks (Jos 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) wat deel vorm van die deuteronomistiese

verhaal van die Jordaandeurgang. Hierdie gedeelte sluit by die deuteronomistiese landsveroweringverhaal (Jos 5-12) aan;

- Hierdie deuteronomistiese verhaal is deur 'n ná-eksiliese verwerking uitgebrei. Die ná-eksiliese narratief vertel van die natuurwonder en bevat laat ná-priesterlike verwysings;
- Ek sluit by Römer (2007b:179-183) aan deur die Pentateug as 'n samevoeging tussen priesterlike en deuteronomistiese materiaal te beskou. In die Persiese tyd (4-3^{de} eeu vC) het die samevoeging van die priesterlike en deuteronomistiese komposisies veroorsaak dat Deuteronomium met die voorafgaande (priesterlike) boeke verbind is. Hierdie proses het onder andere die einde van die sogenaamde deuteronomistiese skool of beweging veroorsaak. Die feit dat Deuteronomium van Josua geskei is, het beteken dat Josua nou 'n ná-priesterlike redaksie ondergaan het. Dit verklaar onder andere die téén-deuteronomistiese gedeeltes in die boek Josua (vgl 3.1.1.3);
- Verder is hierdie ná-eksiliese verhaal van die Jordaandeurgang (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) deur verwysings na die priesters en die ark uitgebrei (P^(a)) Hierdie uitbreiding beklemtoon die rol van die priesters en die ark (3:6a-e, 10a, 11, 13a, 14b). Ek stel verder voor dat die ark juis gebruik is om die verskillende priester-groepe te legitimeer. Sodoende kom daar benewens dié priesterlike uitbreiding (P^a) 'n kronistiese uitbreiding (Kron) voor wat die rol van die Levitiese priesters beklemtoon. Sodoende gebruik latere priester-groepe die ark as simbool om hulle posisies in die ná-ballingskapyd te legitimeer.

Benewens die verskillende uitbreidings tot die narratief (Jos 3;1, 5, 10a, 13b-d, 14, 16a-f) is daar verskeie redaksionele toevoegings (Z) wat nie in die konteks van die onderskeie uitbreidings pas nie. Hierdie byvoegings (3:4, 9, 12, 16d, 17c) is moeilik om te dateer, en is heel waarskynlik van die jongste toevoegings tot die teks, omdat hulle grootliks die verskillende uitbreidings probeer harmoniseer.

Die uiteensetting van die redaksionele uitbreidings kan dan soos volg aangedui word:

DG :	Vóór-eksilies (6 ^{de} eeu vC)
-------------	--

B:	: Láát ná-eksilies.
-----------	---------------------



P^a	: Láát ná-eksilies.
Kron	: Láát ná-eksilies
Z	: Láát ná-eksilies

Op grond van die resultate van hierdie hoofstuk reconstrueer ek die teks van Josua 3:1-17 op die volgende manier:

rq,BoB; [;vuAhy> ~Kev.Y:w:	3:1a B	<i>En daarop het Josua vroeg in die môre opgestaan;</i>
~yJiVih;me W[s.YIw:	3:1b	<i>en weggetrek van Sittim;</i>
laer'f.yI ynEB.-lk'w> aWh !Der>Y:h;-d[; WaboY"w:	3:1c	<i>en aangekom by die Jordaan, hy en die seuns van Israel;</i>
~v' WnliY"	3:1d	<i>en daar oorgebly;</i>
Wrbo[]y: ~r,j,	3:1e	<i>voordat hulle deurgetrek het.</i>
~ymiy" tv,l{v. hceq.mi yhiy>w:	3:2a Kron	<i>En aan die einde van drie dae;</i>
hn<x]M;h; br,q,B. ~yrIj.Voh; Wrb. [;Y:w:	3:2b	<i>het die offisiere deur die kamp gegaan;</i>
rmoale ~['h'-ta, WWc;y>w:	3:3a	<i>en die volk beveel:</i>
~k,yhel{a/ hw"hy>-tyrIB. !Ara] tae ~k,t.Aar>Ki	3:3b	<i>Net soos julle die vebondsark van die Here julle God sien;</i>
tao ~yaif.nO ~YIwIl.h; ~ynIh]Koh;w>	3:3c	<i>en die priesters, die Leviëte, wat hom dra;</i>
~k,m.AqM.mi W[s.Ti	3:3d	<i>moet julle van julle staanplek opbreek;</i>
wyr'x]a; ~T,k.l;h]w:	3:3e	<i>en agter hom aantrek.</i>
Îwyn"ybeWÐ ¿AnybeWÀ ~k,ynEyBe hy<h.yI qAxr' %a; hD'MiB; hM'a; ~yIP;l.a;K.	3:4a Z	<i>Maar laat daar `n afstand van tweeduisend el tussen julle en hom wees;</i>
wyl'ae Wbr>q.Ti- la	3:4b	<i>en moenie naby hom kom nie;</i>
%r,D,h;-ta, W[d>Te-rv,a] ! [;m;l.	3:4c	<i>sodat julle die pad kan ken</i>
Hb'-Wkl.Te rv,a]	3:4d	<i>waar julle langs moet trek,</i>
~Avl.vi lAmT.mi %r,D,B; ~T,r>b; [] al{ yKi	3:4e	<i>want gister en eergister het julle nie met dié pad getrek nie.</i>
~['h'-la, [;vuAhy> rm,aYow:	3:5a B	<i>En Josua het vir die volk gesê:</i>



WvD'q;t.hi	3:5b	<i>Reinig julleself;</i>
tAal'p.nI ~k,B.r>qiB. hw"hy> hf, []y: rx'm' yKi	3:5c	<i>want môre sal die Here wonders onder julle doen..</i>
rmoale ~ynIh]Koh;-la, [;vuAhy> rm,aYow:	3:6a P^(a)	<i>En Josua het vir die priesters gesê:</i>
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.	3:6b	<i>Tel die verbondsark op;</i>
~['h' ynEp.li Wrb.[iw>	3:6c	<i>en trek voor die volk uit;</i>
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.YIw:	3:6d	<i>En toe het hulle die verbondsark opgetel;</i>
~['h' ynEp.li Wkl.Yew:	3:6e	<i>en voor die volk weggetrek.</i>
[;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYow:	3:7a DG	<i>En die Here het vir Josua gesê:</i>
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. ^l.D,G: lxea' hZ<h; ~AYh;	3:7b	<i>Vandag sal ek begin om jou groot te maak in die oë van die hele Israel;</i>
!W[d>yE rv,a]	3:7c	<i>sodat hulle kan weet;</i>
hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	3:7d	<i>soos ek met Moses was,</i>
%M'[i hy<h.a,	3:7e	<i>sal ek met jou wees.</i>
rmoale tyrIB.h;-!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hW<c;T. hT'a;w>	3:8a	<i>Gee dan die bevel vir die priesters wat die verbondsark dra;</i>
dmo []T; !Der>Y:B; !Der>Y:h; yme hceq.- d[; ~k,a]boK.	3:8b	<i>Net soos julle aan die kant van die waters van die Jordaan kom, moet julle stilstaan.</i>
laer'f.yI ynEB.-la, [;vuAhy> rm,aYow:	3:9a Z	<i>En Josua het vir die seuns van Israel gesê:</i>
~k,yhel{a/ hw"hy> yreb.DI-ta, W[m.viw> hN"he WvGO	3:9b	<i>Kom nader en luister na die woorde van die Here julle God.</i>
[;vuAhy> rm,aYow:	3:10a P^(a)	<i>En Josua het gesê:</i>
!W[d>Te tazOB.	3:10b B	<i>Hieraan sal julle weet:</i>
~k,B.r>qiB. yx; lae yKi	3:10c	<i>dat `n lewende God in julle midde is;</i>
yTixih;-ta,w> ynI []n:K.h;-ta, ~k,ynEP.mi vyrIAy vreAhw>	3:10d Z	<i>Hy sal sekerlik voor julle uitdryf die Kanaäniete en die Hetiete;</i>
ysiWby>h;w> yrImoa/h'w>		<i>die Hewiete en die</i>



<p>yviG"r>GIh;-ta,w> yZIrIP.h;- ta,w> yWixih;-ta,w>></p> <p>!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o #r,a'h'-lK' !Ada] tyrIB.h; !Ara] hNEhi</p>	<p>3:11 P^(a)</p>	<p><i>Feresiete, die Girgasiете, die Amoriете en die Jebusiete; Kyk, die verbondark van die Here oor die hele aarde trek voor julle uit, die Jordaan in.</i></p>
<p>laer'f.yI yjeb.Vimi vyai rf'[' ynEv. ~k,l' Wxq. hT'[:w></p> <p>jb,V'l; dx'a,-vyai dx'a,-vyai</p>	<p>3:12 Z</p>	<p><i>Neem dan 12 manne uit die stamme van Israel, een man uit elke stam;</i></p>
<p>!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; x;AnK. hy"hw></p> <p>!Der>Y:h; ymeB. #r,a'h'-lK' !Ada] hw"hy></p>	<p>3:13a P^(a)</p>	<p><i>en net soos die voetsole van die priesters wat die verbondsark van die Here oor die hele aarde dra, in die Jordaan rus;</i></p>
<p>!WtreK'yI !Der>Y:h; yme</p>	<p>3:13b B</p>	<p><i>sal die waters van die Jordaan afgesny word;</i></p>
<p>hl' [.m'l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h;</p>	<p>3:13c</p>	<p><i>die waters wat bo af kom;</i></p>
<p>dx'a, dnE Wdm.[:y:</p>	<p>3:13d</p>	<p><i>en dit sal soos een wal bly staan.</i></p>
<p>!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; ~h,yleh\ a'me ~['h' [:son>Bi yhiy>w:</p>	<p>3:14a</p>	<p><i>En toe die volk wegtrek uit hulle tente om die Jordaan deur te gaan;</i></p>
<p>~['h' ynEp.li tyrIB.h; !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w></p>	<p>3:14b P^(a)</p>	<p><i>met die priesters wat die verbondsark dra voor die volk;</i></p>
<p>!Der>Y:h;-d[: !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w></p>	<p>3:15a DG</p>	<p><i>en toe die draers van die ark by die Jordaan kom;</i></p>
<p>~yIM'h; hceq.Bi WlB.j.nI !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r;w></p>	<p>3:15b</p>	<p><i>Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom</i></p>
<p>ryciq' ymey> lKo wyt'AdG>-lK'-l[:alem' !Der>Y:h;w></p>	<p>3:15c</p>	<p><i>terwyl die Jordaan vol was op al sy walle op al die dae van die oes;</i></p>
<p>hl' [.m;l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h; Wdm.[:Y:w:</p>	<p>3:16a B</p>	<p><i>Toe het die water wat van bo af kom gaan staan;</i></p>
<p>ry[ih' î~d'a'meĐ ;~d'a'b'À daom. qxer>h; dx'a,- dnE Wmq'</p>	<p>3:16b</p>	<p><i>dit het opgestaan soos een wal, baie ver weg by stad Adam;</i></p>
<p>!t'r>c' dC;mi rv,a]</p>	<p>3:16c</p>	<p><i>wat langs Sartan lê;</i></p>
<p>WMT; xl;M,h;- ~y" hb'r'[]h' ~y" l[: ~ydIr>YOh;w></p>	<p>3:16d</p>	<p><i>en die wat afstroom na die see van die vlakte, die Soutsee;</i></p>
<p>Wtr'k.nI</p>	<p>3:16e</p>	<p><i>is afgesny;</i></p>

AxyrIy> dg<n< Wrb. [' ~['h'w>	3:16f	<i>en die volk het deurgetrek, teenoor Jerigo.</i>
hw"hy>-tyrIB. !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; Wdm. [;Y:w !keh' !Der>Y:h; %AtB. hb'r'x'B, hb'r'x'B, ~yrIb.[o laer'f.yI- lk'w>	3:17a DG 3:17b	<i>Maar die priesters wat die verbondsark van die Here dra het bly staan op droë grond, binne-in die Jordaan; en die hele Israel het deurgetrek op droë grond;</i>
!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; yAGh;-lK' WMT;-rv,a] d[;	3:17c Z	<i>tot die hele volk die deurgang van die Jordaan voltooi het.</i>

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die teenstrydighede, herhalings en spanninge in Josua 3 aan verskillende uitbreidings te danke is. Om hierdie rede is die narratief (3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) geanaliseer om sodoende die oorspronklike verhaal vas te stel. Die verder uitbreidings het die verhaal uitgebou en latere toevoegings het die spanninge probeer harmoniseer. Josua 3 is dan 'n gelaagde teks wat op verskillende tye uitgebrei is om uiteindelik 'n gestolde teks te vorm.

In die volgende gedeelte kom die eksegeese van Josua 4 ter sprake.

4.7 DETAILANALISE: JOSUA 4:1- 5:1

4.7.1 Inleiding

Martin Noth (1953) het met sy epogmakende Josua-kommentaar die navorsing van die boek Josua radikaal beïnvloed. Volgens Noth (1953:31-33) bestaan Josua 4 uit twee verskillende etiologieë, naamlik die etiologie van die klippe by die Jordaan en die etiologie van die klippe by Gilgal. Meeste navorsers het met klein klemverskuiwings Noth se navorsingsresultate bevestig.

Hier evalueer ek die verskillende invalshoeke rondom etiologie in Josua 4. Daarna probeer ek om Josua 4 uit 'n alternatiewe hoek te benader. Die volgende elemente is ter sake:

- Verband tussen Josua 3 en 4;

- Navorsingsoorsig oor Josua 4;
- Komposisie van Josua 4.

4.7.2 Verband tussen Josua 3 en 4

4.7.2.1 Josua 4 as selfstandige teks

- Noth (1953:31-33) bestudeer hierdie hoofstuk afsonderlik van hoofstuk 3. Hy beskou Josua 4 as 'n samevoeging van twee etiologieë, naamlik die twaalf klippe by in die Jordaan en die twaalf klippe by Gilgal;
- Volgens Bieberstein (1995:358-427) strek die oorspronklike *Grundschrift* van Josua 3 (Jos 3:1,5, 10b- c, 13b-d, 14, 16a-f) nie tot by Josua 4 nie. Bieberstein identifiseer Josua 4 as 'n narratief rondom die twaalf klippe (C²). Hierdie narratief is volgens Bieberstein deur 'n deuteronomistiese redaktor (DtrR=Reuben) uitgebrei. Verder merk hy etiologiese (Rä) en ná-priesterlike (Rp) redaksies in die teks op. Hy identifiseer verder verskeie toevoegings (Z);
- Nelson (1997:57) onderskei tussen die twee narratiewe van die oorgang van die Jordaan en die 12 klippe. Die Jordaan-deurgang-narratief (Jos 3:1-17; 4:11-19) kan sonder die narratief van die klippe (4:1-10,20-24) funksioneer, maar die narratief van die klippe kan nie sonder die narratief van die Jordaan-deurgang funksioneer nie.

4.7.2.2 Josua 4 as voortsetting van Josua 3

- Soggin (1972:51) dui die verskillende elemente in Josua 3 en 4 aan. Hierdie elemente sluit die voorbereiding vir die deurgang (Jos 3:1-3), natuurwonder (3:14-16a), deurgang deur die Jordaan (3:16b-17; 4:10-11, 14-18), oprigting van die twaalf klippe (4:1-9), deurgang van die Oosjordanland-stamme (4:12-13) en die byeenkoms by Gilgal (4:19-5:1) in;
- Boling (1982:170) identifiseer twee verhalende blokke, naamlik die vertelling van die reis van Sittim na Gilgal (Jos 3:1-16 + 4:10-18), waarin Gilgal en die twaalf klippe nie voorkom nie. 'n Volgende blok (Jos 3:17-4:8) is later ingevoeg, en het sodoende dié vakuum gevul;

- Butler (1983:42) identifiseer twee verhale in Josua 4, naamlik 'n natuurwonder (Jos 3:2-4, 6, 9, (10?), 11-14, 16b; 4:4-7, 11) en 'n ark-verhaal (Jos 3:1b, [5?], 7aA, 8-10, 15-16aA, 17; 4:1-3, 8, 15-22);
- Fritz (1994:) beskou hoofstuk 4:11a-18 as deel van 'n oorspronklike *Grundschrift* van Josua 3 en 4. 'n Latere redaktor (RedP) het hoofstuk 4:9 en 10b bygevoeg. Die res van Josua 4 is die resultaat van verskeie redaksionele byvoegings.

4.7.2.3 Gevolgtrekking

In my literêre analise van Josua 3 het ek die gevolgtrekking gemaak dat dié hoofstuk uit 'n oorspronklike deuteronomistiese verhaal (Jos 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) van die Jordaandeurgang, asook 'n ná-eksiliese verwerking van die verhaal van die Jordaandeurgang (3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) bestaan. Ek is oortuig dat die skeiding tussen hoofstuk 3 en 4 deur die invoeging van Josua 4:1c-9 veroorsaak is. Sodoende het Josua 4:1c-9 (verhaal van die twaalf klippe) die dominante tema van Josua 4 geword.

4.7.3 Navorsingsoorsig oor Josua 4

4.7.3.1 Rol van die kultus

Butler (1983:43) beskou die klem op Gilgal as die middelpunt van hoofstuk 4. Hy sluit aan by die hipotese dat Josua 4 oorspronklik as 'n etiologie gefunksioneer het om die heiligdom by Gilgal te legitimeer. Die verband tussen Josua 4 en die kultus is reeds deeglik ondersoek (Kraus 1951:188-199; 1966; Langlamet 1969; Cross 1973:103-105; Otto 1975). Soggin (1972:53-54) sluit by Von Rad (1938) aan deur Gilgal met 'n feesviering (wat die uittog, pasga en landsverowering vier) te verbind. So beskou Soggin (1972:53) en Butler (1983:43) die teks as 'n antieke liturgie wat mettertyd so geherïnterpreteer is dat dit onmoontlik is om die oorspronklike vorm van die liturgie te rekonstrueer.²⁴⁶ Die klem val dus op 'n *liturgie* wat in Josua 4 behoue gebly het.

²⁴⁶ Butler (1983:43) gee toe dat selfs Silo of Jerusalem vir die teks in sy huidige vorm verantwoordelik kon wees. Otto (1975:104-118) laat vaar enige pogings om mondelinge bronne te isoleer, terwyl 'n groep navorsers (Keller 1956:85-96; Dus 1960:104-136; Vogt 1965:128-145; Maier 1965:18-32; Langlamet 1969) juis probeer om die oorspronklike liturgie te rekonstrueer.

Die prosessie-karakter van Josua 3 met die ark en die priesters, versterk die hipotese van 'n kultiese oorsprong van Josua 3 en 4. 'n Rekonstruksie van 'n oorspronklike Gilgal-kultus is myns insiens onoortuigend. Die kultiese interpretasie is die fundamente van etiologie gebou. Volgens hierdie hipotese bevat Josua 3 en 4 vóór-deuteronomistiese gedeeltes wat indie geval van Josua 4 na die heiligdom by Gilgal teruggevoer kan word. Hierdie saak vra herbesinning.

4.7.3.2 Rol en funksie van die “kindervraag”

Die rol van die kultus in die ontstaan van Josua 4 kan teruggevoer word na die sogenaamde “kindervraag” (Jos 4:6-7, 21-23). Hierdie “kindervraag” vorm die middelpunt van Josua 4:1c-8f. Sodoende speel die verwysing na die twaalf klippe en die sogenaamde “kindervraag” 'n didaktiese rol. 'n Pa verwys na God se magtige reddingsdade in antwoord op 'n vraag van sy seun na die twaalf klippe. Die vaste formulering van die “kindervraag” dien om God se reddingsdade in die geskiedenis op 'n duidelike wyse na 'n volgende geslag oor te dra (Otto 1975:131-133). Hierdie tipe formulering kom ook elders in die Heksateug voor (Eks 12:26-27; 13:14-15; Deut 6:20-21; Jos 4:6-7, 21-23).

Bieberstein (1995:367) beskou die “kindervraag” as die middelpunt van Josua 3 en 4. Bieberstein rekonstrueer die groei van die teks van Josua 3 en 4 tot 'n vóór-ideologiese stadium. Hierdie benadering veronderstel dat die latere (ná-eksiliese redaksies) hoofsaaklik ideologies van aard is. Anders gestel: daar was 'n stadium wat die redaksie van Josua 3 en 4 'n simmetriese samehang vertoon het, voordat latere (ná-eksiliese) redaksies hierdie samehang versteur het. In sy analise van Josua 4 neem Bieberstein doelbewus die groei en komposisie van Josua 3 in ag. Sy rekonstruksie sluit die eerste redaksionele lae, naamlik *Grundschrift* (A), priesters en die ark (B) en die klippe in die Jordaen (C²) in.

Volgens Bieberstein (1995:365) bestaan die komposisie van Josua 3 en 4 uit drie hoofdele. Die drie hoofdele vorm 'n simmetriese samehang. Sodoende handel Josua 3:1-17b oor die Jordaandeurgang, 4:1c-8 oor die klippe en die “kindervraag” en 4:10-18b-d dien as vervulling van die eerste deel (Jos 3:1-17b) se beloftes. Sodoende vorm die “kindervraag” die middelpunt van Josua 3 en 4 Die volgende diagram bied 'n skematiese oorsig:

- 3:1 Reis van Sittim na die Jordaan
- 3:5 Josua se opdrag aan die volk om hulleself te heilig
- 3:6a-c Josua se opdrag aan priesters om die ark te dra
- A** 3:7bcd Belofte om Josua te verhoog
- B** 3:8ab Bevel aan priesters
- 3:10-13 Gesprek van Josua
- 3:14 Begin van natuurwonder
- C** 3:15 Hoogwater
- 3:16 Natuurwonder

	3:17	Priesters staan in Jordaan, volk beweeg deur
--	-------------	---

	4:1ab	Voltooiing van deurtog
--	--------------	-------------------------------

4:1c-8 12 klippe, kindervraag

	4:10	Priesters staan in Jordaan, volk beweeg deur
--	-------------	---

	4:11ab	Voltooiing van deurtog
--	---------------	-------------------------------

- A** 4:14 Josua word verhoog
- B** 4:15-18a Opdragte aan priesters
- C** 4:18b-d Hoogwater

Die volgende opmerkings is van belang:

- Josua 3:2-4 en 4:19-5:1 vorm nie deel van die bostaande diagram nie. Josua 3:2-4 behoort volgens Bieberstein se analise tot 'n deuteronomistiese snit (DtrA). Die vraag is of DtrA *ouer* of *jonger* is as die oorspronklike kern van Josua 4 (4:1-8). Bieberstein (1995:352) beskou DtrA *jonger* as C² en daarom pas DtrA nie by sy oorspronklike kern van Josua 4 nie;
- Josua 3:9 behoort volgens die literêre analise tot 'n latere byvoeging (Z). Die doel van hierdie byvoeging was om die verskillende uitbreidings van Josua 3 te harmoniseer. Om hierdie rede het die later byvoeging (Z) 'n verhelderende funksie;

- Josua 4:9 hoort volgens Bieberstein tot `n etiologiese uitbreiding (R^ä). Hierdie etiologiese uitbreiding het die oorspronklike weergawe van Josua 4 in `n ná-eksiliese konteks geherïnterpreteer. Die generasie wat Jerusalem se mure herbou het (Neh 2-3) het hulle onderskeie plekke van herkoms gebruik om Israel se vóór-monargale geskiedenis te rekonstrueer (vgl 4.7.5.2);
- Josua 4:12-13 hoort volgens Bieberstein se analise tot `n latere (waarskynlik ná-eksiliese redaksionele deuteronomistiese uitbreiding (DtrR). Hierdie uitbreiding sentreer rondom die Oosjordanland-stamme (Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse). Alhoewel ek hierdie uitbreiding in `n ander konteks plaas, beskou ek dit ook as `n latere byvoeging (vgl 4.7.5.1);
- Josua 4:19-5:1 behoort tot `n ná-priesterlike uitbreiding (vgl 4.7.5.3);
- Die diagram dui `n simmetriese patroon aan. Verse 3:17, 4:1ab, 4:10 en 4:11ab dien om die verbande tussen die onderskeie gedeeltes (3:1-17, 4:1ab-10, 4:11ab-18bcd) te skep;
- Gemeenskaplike motiewe (A, B, C) kom in die eerste en die derde hoofgedeelte voor. Sodoende vorm `n “raam” rondom die tweede hoofgedeelte. Die resultaat is dat die tweede hoofgedeelte sentraal staan, terwyl die eerste en die derde hoofdele `n belofte-vervulling skema vorm. Volgens Bieberstein (1995:367) vorm die middelste gedeelte (4:1c-8) die kern van Josua 3 en 4.

Volgens Bieberstein se rekonstruksie van Josua 4:-5:1 het die *Grundschrift* (A), die priesters/ark-redaksie, die klippe-narratief (C¹), en die deuteronomistiese redaksie (DtrA) oorspronklik `n fyn simmetriese literêre struktuur gevorm. Hierdie simmetriese struktuur het uiteindelik die “kindervraag” beklemtoon. Ek wil egter die volgende opmerkings oor Bieberstein se analise maak:

Alhoewel ek van Bieberstein se analise van Josua 3 en 4 verskil, is hy myns insiens korrek as hy die “kindervraag” as die middelpunt van Josua 3 en 4 beskou.

4.7.4 Komposisie: Josua 4:1-5:1

yhiy>w:	4:1a	<i>en toe;</i>
!Der>Y:h;-	4:1b	<i>die hele volk die deutog deur</i>



ta, rAb[]l; yAGh;-lk' WMT;- rv,a]K;		<i>die Jordaan voltooi het;</i>
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYow:	4:1c	<i>het Jahwe vir Josua gesê:</i>
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai ~yvin"a] rf'[' ~ynEv. ~['h'-!mi ~k,l' Wxq.	4:2	<i>Neem vir julle uit die volk twaalf manne, uit elke stam een man;</i>
rmoale ~t'Aa WWc;w>	4:3a	<i>En beveel hulle:</i>
!ykih' ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;M;mi !Der>Y:h; %ATmi hZ<mi ~k,l'-Waf . ~ynIb'a] href.[,--yTev	4:3b	<i>Neem vir julle vandaar, van die plek waar die voete van die priesters vas bly staan het, twaalf klippe;</i>
~k,M' [i ~t'Aa h~T,r>b; [] ;w>	4:3c	<i>en bring dit saam met julle deur;</i>
!AlM'B; ~t'Aa ~T,x.N:hiw>	4:3d	<i>en sit dit neer by die slaapplek;</i>
hl'y>L'h; Ab WnyliT'-rv,a]	4:3e	<i>waar julle vanaand gaan oorbly;</i>
vyai rf'['h, ~ynEv.-la, [;vuAhy> ar'q.YIw:	4:4a	<i>Josua het die twaalf manne geroep;</i>
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai laer'f.yI ynEB.mi !ykihe rv,a]	4:4b	<i>Wat hy uit die seuns van Israel,uit elke stam een man, aangestel het;</i>
[;vuAhy> ~h,l' rm,aYow:	4:5a	<i>En Josua het vir hulle gesê:</i>
!Der>Y:h; %AT-la, ~k,yhel{a/ hw"hy> !Ara] ynEp.li Wrb. [i	4:5b	<i>Trek uit voor die ark van die Here julle God, tot binne-in die Jordaan;</i>
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. Amk.vi-l[;tx;a; !b,a, vyai ~k,l' WmyrIh'w>	4:5c	<i>En tel vir julle `n klip op, elkeen man een op sy skouer, volgens die getal van die stamme van</i>



		<i>die seuns van Israel;</i>
~k,B.r>qiB. tAa tazO hy<h.Ti ![:m;l.	4:6a	<i>Sodat dit `n teken onder julle kan wees;</i>
Rmoale rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI	4:6b	<i>as julle kinders later vra:</i>
~k,l' hL,aeh' ~ynIb'a]h' hm'	4:6c	<i>wat beteken hierdie klippe vir julle?</i>
~h,l' ~T,r>m;a]w:	4:7a	<i>moet julle vir hulle sê:</i>
hw"hy>-tyrIB. !Ara] ynEP.mi !Der>Y:h; ymeyme Wtr>k.nI rv,a]	4:7b	<i>omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die verbondsark van die Here;</i>
!Der>Y:h; yme Wtr>k.nI !Der>Y:B; Arb. ['B.	4:7c	<i>in sy deurtog deur die Jordaan- die water van die Jordaan is afgekeer;</i>
~l'A[-d[: laer'f.yI ynEb.li !ArK'zIl. hL,aeh' ~ynIb'a]h' Wyh'w>	4:7d	<i>daarom is hierdie klippe as `n aandenking vir die seuns van Israel vir altyd;</i>
laer'f.yI-ynEB. !ke-Wf[[]Y:w	4:8a	<i>die seuns van Israel het so gedoen;</i>
[;vuAhy> hW"ci rv,a]K;	4:8b	<i>soos wat Josua beveel het;</i>
!Der>Y:h; %ATmi ~ynIb'a] href.[,-yTev. Waf.YIw :	4:8c	<i>Hulle het die twaalf klippe in die middel van die Jordaan opgetel;</i>
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. [;vuAhy>-la, hw"hy> rB,DI rv,a]K;	4:8d	<i>Soos wat die Here met Josua gespreek het, volgens die getal van die stamme van Israel;</i>
!AlM'h;-la, ~M'[i ~Wrbi[[]Y:w:	4:8e	<i>En hulle het dit deurgebring saam met hulle na die slaapplek toe;</i>
~v' ~WxNIY:w:	4:8f	<i>En dit daar neergesit;</i>



!Der>Y:h; %AtB. [;vuAhy> ~yqihe ~ynIb'a] href. [, !Ara]] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;m; tx;T.	4:9a	<i>Josua het twaalf klippe opgerig in die middel van die Jordaan, op die plek waar die voete van die priesters, die draers van die verbondsark, gestaan het;</i>
hZ<h; ~AYh; d[; ~v' Wyh.YIw:	4:9b	<i>en dit is tot vandag toe nog daar;</i>
rb'D'h;-lK' ~To d[; !Der>Y:h; %AtB. ~ydIm. [o !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	4:10a	<i>En die priesters wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Jordaan tot dat alles volbring was;</i>
lkoK. ~['h'-la, rBed;l. [;vuAhy>-ta, hw"hy> hW"ci- rv,a]	4:10b	<i>wat die Here vir Josua beveel het om vir die volk te sê volgens alles;</i>
[;vuAhy>-ta, hv,mo hW"ci-rv,a]	4:10c	<i>wat Moses vir Josua beveel het;</i>
~['h' Wrh]m;y>w:	4:10d	<i>en die volk het vinnig</i>
Wrbo []Y:w:	4:10e	<i>deurgetrek;</i>
yhiy>w:	4:11a	<i>En toe;</i>
rAb []l; ~['h'-lK' ~T;- rv,a]K;	4:11b	<i>die hele volk die deurtog voltooi het;</i>
~['h' ynEp.li ~ynIh]Koh;w> hw"hy>-!Ara] rbo []Y:w:	4:11c	<i>het die ark van die Here met die priesters voor die volk deurgetrek;</i>
~yvimum] hV,n:m.h; jb,ve ycix]w: dg"-ynEb.W !beWar>-ynEB. Wrb. [;Y:w: laer'f.yI ynEB. ynEp.l	4:12a	<i>En die seuns van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse, het gewapend voor die oë van die seuns van Israel deurgetrek;</i>
	4:12b	<i>net soos Moses aan hulle gesê</i>



hv,mo ~h,ylea] rB,DI rv,a]K;		het;
hm'x'l.Mil; hw"hy> ynEp.li Wrb.[' ab'C'h; yceWlx] @l,a, ~y[iB'r>a;K. AxyrIy> tAbr>[; la	4:13	omtrent veertigduisend wat vir oorlog gewapen was, het voor die aangesig van die Here deurgetrek om te veg, na die vlaktes van Jerigo toe;
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. [;vuAhy>-ta, hw"hy> lD;GI aWhh; ~AYB;	4:14a	Die dag het die Here vir Josua verhoog voor die oë van die hele Israel;
Atao War>YIw:	4:14b	sodat hulle hom gevrees het;
wyY"x ymey>-lK' hv,mo-ta, War>y" rv,a]K;	4:14c	soos wat hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe;
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYow :	4:15	en die Here het vir Moses gesê:
tWd[eh' !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hWEc;	4:16a	beveel die priesters wat die ark van getuienis dra:
!Der>Y:h;-!mi Wl[]y:w>	4:16b	dat hulle uit die Jordaan opkom;
rmoale ~ynIh]Koh;-ta, [;vuAhy> wc;y>w	4:17a	en Josua het die priesters beveel:
!Der>Y:h;-!mi Wl[]	4:17b	kom op uit die Jordaan!
hw"hy>-tyrIB. !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; ÎtAl[]K;Ð çtAl[]B;À yhiy>w: !Der>Y:h; %ATmi	4:18a	En toe die priesters wat die verbondsark van die Here dra uit die middel van die Jordaan opkom;
hb'r'x'h, la, ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; WqT.nI	4:18b	het die priesters skaars hulle voetsole gelig na die droë



		<i>grond;</i>
~m'Aqen hy het vir diem.li !Der>Y:h;-yme Wbvuy"	4:18c	<i>of die waters van die Jordaan het terugkeer na sy plek;</i>
wyt'AdG>- lK'-l[; ~Avl.vi-lAmt.ki Wkl.YEw	4:18d	<i>en soos gister en eergister op al sy walle geloop;</i>
!AvarIh' vd,xol; rAf['B, !Der>Y:h;-!mi Wl[' ~['h'w>	4:19 Rp	<i>En die volk het die tiende van die eerste maand uit die Jordaan opgetrek;</i>
AxyrIy> xr;z>mi hceq.Bi lG"l.GIB; Wnx]Y:w:	4:19b	<i>en kamp opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike kant van Jerigo;</i>
hL,aeh' ~ynIb'a]h' href.[, ~yTev. taew>	4:20 a¹	<i>en daardie twaalf klippe</i>
!Der>Y:h;-!mi Wxq.l' rv,a]	4:20b	<i>wat hulle uit die Jordaan geneem het;</i>
lG"l.GIB; [;vuAhy> ~yqihe	4:20 a²	<i>het Josua by Gilgal opgerig;</i>
rmoale laer'f.yI ynEB.-la, rm,aYow :	4:21a	<i>En hy het vir die seuns van Israel gesê:</i>
rmoale ~t'Aba]- ta, rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI rv,a]	4:21b	<i>wanneer julle kinders later hulle vaders vra:</i>
hL,aeh' ~ynIb'a]h' hm'	4:21c	<i>Wat beteken hierdie klippe?</i>
rmoale ~k,ynEB.-ta, ~T,[.d;Ahw	4:22a	<i>Moet julle aan julle kinders bekend maak:</i>
hZ<h; !Der>Y:h;-ta, laer'f.yI rb;[' hv'B'Y:B	4:22b	<i>op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek;</i>
~k,r>b. ['-d[; ~k,ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, ~k,yhel{a/ hw"hy> vybiAh- rv,a]	4:23a	<i>deurdat die Here julle God die waters van die Jordaan laat opdroog het voor julle, todat julle deurgetrek het;</i>



@Ws-~y:l. ~k,yhel{a/ hw"hy> hf' [' rv,a]K;	4:23b	<i>soos die Here julle God met die Rietsee gedoen het;</i>
Wnreb. ['-d[; WnynEP'mi vybiAh- rv,a]	4:23c	<i>wat Hy voor ons laat opdroog het, todat ons deurgetrek het;</i>
hw"hy> dy:- ta, #r,a'h' yMe[;-lK' t[;D; ![:m;l.	4:24a¹	<i>sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die Here;</i>
ayhi hq'z"x] yKi	4:24b	<i>sterk is;</i>
~ymiY"h;- lK'~k,yhel{a/ hw"hy>-ta, ~t,ar'y> ![:m;l.	4:24a²	<i>sodat julle die Here julle God altyd mag vrees;</i>
yrImoa/h' ykel.m;-lK' [;mov.ki yhiy>w:	5:1a¹	<i>En toe al die konings van die Amoriëte;</i>
hM'y" !Der>Y:h; rb,[eB. rv,a]	5:1b	<i>wat anderkant die Jordaan na die weste was;</i>
ynI[]n:K.h; ykel.m;-lk'w	5:1a a²	<i>en al die konings van die Kanaäniete;</i>
~Y"h;-l[; rv,a]	5:1c	<i>wat by die see woon;</i>
laer'f.yI-ynEb. ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, hw"hy> vybiAh- rv,a] tae	5:1d	<i>hoor dat die Here die waters van die Jordaan voor die seuns van Israel laat opdroog het;</i>
¿Wnr'b. ['À-d[;	5:1e	<i>totdat hulle deurgetrek het;</i>
~b'b'l. sM;YIw:	5:1f	<i>het hulle harte gesmelt;</i>
laer'f.yI- ynEB. ynEP.mi x;Wr dA[~b' hy"h'- al{w>	5:1g	<i>en was daar in hulle geen moed</i>
		<i>meer nie vanweë die seuns van Israel.</i>

4.7.4.1 Perikoopafbakening

Ek fokus veral op die inleidings-en slotformules om sodoende die omvang van die teks te bepaal. Josua 4:1 word deur die uitdrukkingin gelei. Hierdie uitdrukking koppel die gedeelte aan die voorafgaande (Jos 3:1-17), maar terselfdertyd dui dit `n wending of `n nuwe gedeelte aan. Josua 5:1 sluit die tema van die Jordaanwonder af. In Josua 5:2 begin `n nuwe tema, naamlik die besnydenis. Die daaropvolgende gedeelte (5:10-12) bevat die vertelling van die pasga, wat reeds in Josua 4:19-5:1 geantisipeer word. Vir literêre beskou ek Josua 4:1-5:1 as `n afgeronde eenheid wat rondom die twaalf klippe in die Jordaan en die klippe by Gilgal handel.

4.7.4.2 Tekskritiek

Josua 4:1-5:1 bevat geen tekskritiese probleme wat die interpretasie van due teks radikaal beïnvloed nie. Daar is wel `n paar aanpassings in die LXX ten opsigte van enkelvoud-en meervoudsvorme (4:2a, 7a, 11a, 24a; 5:1b). Meeste van hierdie gevalle kan toegeskryf word aan die LXX se pogings om die teks te harmoniseer (Butler 1983:40).

4.7.5 Rekonstruksie: Josua 4:1-5:1

4.7.5.1 Analise: Josua 4:14-18

Die oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang (DG) het oorspronklik `n afgeronde eenheid gevorm:

[;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOW	3:7a	<i>En die Here het vir Josua gesê:</i>
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. ^l.D,G: lxea' hZ<h; ~AYh;	3:7b	<i>Vandag sal ek begin om jou groot te maak in die oë van die hele</i>



		<i>Israel;</i>
!W[d>yE rv,a]	3:7c	<i>sodat hulle kan weet;</i>
hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	3:7d	<i>Soos wat ek met Moses was,</i>
%M' [i hy<h.a,	3:7e	<i>sal ek met jou wees.</i>
rmoale tyrIB.h;-!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hW<c;T. hT'a	3:8a	<i>Gee dan die bevel vir die priesters wat die verbondsark dra;</i>
dmo []T; !Der>Y:B; !Der>Y:h; yme hceq.-d[; ~k,a]boK	3:8b	<i>Net soos julle aan die kant van die waters van die Jordaan kom, moet julle stilstaan.</i>
!Der>Y:h;-d[; !Ara'h' yaef.nO aAbk.W	3:15a	<i>en toe die draers van die ark by die Jordaan kom;</i>
~yIM'h; hceq.Bi WlB.j.nI !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r;w>	3:15b	<i>Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom</i>
ryciq' ymey> lKo wyt'AdG>-lK'-l[;alem' !Der>Y:h;w>	3:15c	<i>terwyl die Jordaan vol was op al sy walle op al die dae van die oes;</i>
hw"hy>-tyrIB. !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; Wdm. [;Y:w !keh' !Der>Y:h; %AtB. hb'r'x'B	3:17a	<i>Maar die priesters wat die verbondsark van die Here dra het bly staan op droë grond, binne-in die Jordaan;</i>
hb'r'x'B, ~yrIb.[o laer'f.yI- lk'w	3:17b	<i>en die hele Israel het deurgetrek op droë grond;</i>
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. [;vuAhy>-ta, hw"hy> lD;GI aWhh; ~AYB	4:14a	<i>Die dag het die Here vir Josua verhoog voor die oë</i>



		<i>van die hele Israel;</i>
Atao War>YIw:	4:14b	<i>sodat hulle hom gevrees het;</i>
wyY"x ymey>-lK' hv,mo-ta, War>y" rv,a]K;	4:14c	<i>soos wat hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe;</i>
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYow	4:15	<i>en die Here het vir Moses gesê:</i>
tWd[eh' !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hWEc	4:16a	<i>beveel die priesters wat die ark van getuienis dra:</i>
!Der>Y:h;-!mi Wl[]y:w	4:16b	<i>dat hulle uit die Jordaan opkom;</i>
rmoale ~ynIh]Koh;-ta, [;vuAhy> wc;y>w	4:17a	<i>en Josua het die priesters beveel:</i>
!Der>Y:h;-!mi Wl[]	4:17b	<i>kom op uit die Jordaan!</i>
hw"hy>-tyrIB. !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; ÎtAl[]K;Ð ¿tAl[]B;Ã yhiy>w: %ATmi !Der>Y:h;	4:18a	<i>En toe die priesters wat die verbondsark van die Here dra uit die middel van die Jordaan opkom;</i>
hb'r'x'h, la, ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; WqT.nI	4:18b	<i>het die priesters skaars hulle voetsole gelig na die droë grond;</i>
~m'Aqen hy het vir diem.li !Der>Y:h;-yme Wbvuy"	4:18c	<i>of die waters van die Jordaan het teruggekeer na sy plek;</i>
wyt'AdG>- lK'-l[]; ~Avl.vi-lAmt.ki Wkl.YEw	4:18d	<i>en soos gister en eergister op al sy walle geloop;</i>

Hierdie verhaal dien as die oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang. Dit funksioneer om Josua as volwaardige opvolger van Moses te

bevestig. Die belofte dat Jahwe vir Josua gaan verhoog word uitgebrei deur die bevel wat Josua aan die priesters gee. Hierdie bevel onderstreep Josua se outoriteit. Die verwysing na die natuurwonder sorg dat die narratief netjies afgesluit word. Daar is inderdaad 'n konsentriese partoon onderliggend aan hierdie deuteronomistiese uitbreiding:

- | | | |
|----------|----------|-----------------------------|
| A | 3:7bcd | Belofte om Josua te verhoog |
| B | 3:8ab | Bevel aan priesters |
| C | 3:15 | Hoogwater |
| A | 4:14 | Josua word verhoog |
| B | 4:15-18a | Opdragte aan priesters |
| C | 4:18b-d | Hoogwater |

Die invoeging van Josua 4:1c-9 (waarskynlik in die ná-eksiliese tyd) het waarskynlik veroorsaak dat die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang (Jos 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) in twee afsonderlike gedeeltes (3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) gedeel is. Sodoende vorm die belofte dat Jahwe vir Josua sal verhoog (Jos 3:7,8, 15, 17ab) en die vervulling van hierdie belofte (4:14-18) 'n "raam" rondom Josua 4:1c-9. Sodoende word die prominente aard van Josua 4:1c-9 (verhaal van die twaalf klippe) beklemtoon.

4.7.5.2 Analise: Josua 4:1c-9

Bieberstein (1995:363-367) plaas Josua 4:1c-9 hoofsaaklik in die raamwerk van 'n redaksie (C²) wat rondom die twaalf klippe en die "kindervraag" sentreer. Hierdie redaksie (C²) toon 'n verband met 'n ander redaksie (C¹) wat grootste deel van die Ragab-vertelling (Jos 2) uitmaak. Omdat Bieberstein se rekonstruksie van Josua 3 en 4 op kronologiese redaksionele snitte berus, is sy datering van C¹ en C² afhanklik van sy datering van die voorafgaande redaksionele snit (B). Sou die redaksionele uitbreiding wat die priesters en die ark vooropstel (B) vóór-eksilies gedateer word, sou die Ragab-vertelling (C¹), tesame met Ragab se belydenis, dan as 'n antwoord kon funksioneer teen die neo-Babiloniese bedreiging. Die "kindervraag", tesame met die gedenkstone sou sodoende die volk tot geloof in Jahwe oproep. Sou die priesters en ark-vertelling eers in die eksiliese tyd dateer, neem dit nie die aktualiteit van die

gedeelte weg nie. In die eksilies-ná-eksiliese tyd is daar immers self ruimte vir die verband tussen oorlewing en geloof, soos die Ragab-vertelling aandui. Bieberstein laat dus ruimte vir `n vóór-eksiliese of eksiliese datering van C¹ en C².

Wanneer hy op die “kindervraag” fokus, dui Bieberstein (1995:374) aan dat die “kindervraag”-motief dikwels na `n *Sitz im Leben* teruggevoer word. So byvoorbeeld koppel Soggin (1972:53) dit aan `n fees by Gilgal, waar die intog kulties geherïnterpreteer en gevier is. Nogtans wil Bieberstein dit eerder aan `n *Sitz in der Literatur* koppel. Sodoende fokus hy op `n literêre, eerder as `n historiese rekonstruksie van die gebeure. Die “kindervraag” funksioneer as `n didaktiese hulpmiddel wat die belofte-ervullingskema vir kinders leer. Die vaste formulering en simmetriese opbou van die “kindervraag” kon dien om God se reddingsdade in die geskiedenis op `n duidelike wyse na `n volgende geslag oor te dra (Otto 1975:131-133). Hierdie tipe formulering kom ook elders in die Heksateug voor (Eks 12:26-27; 13:14-15; Deut 6:20-21; Jos 4:6-7, 21-23).

In Bieberstein se model is daar `n onderskeid tussen Josua 4:1c-8 (C²= verhaal van 12 klippe) en Josua 4:9 (R^ä= ätiologie). Ek beskou egter Josua 4:1c-9 as `n ná-eksiliese komposisie en maak nie `n onderskeid tussen 4:1c-8 en 4:9 nie. Die verhaal in 4:1c-8 funksioneer myns insiens om die etiologiese formule in 4:9 uit te brei. Om hierdie rede klassifiseer ek Josua 4:1c-9 as R^e= etiologiese redaksie.

Die vraag is of die verhaal van die 12 klippe `n ou verhaal verteenwoordig. So `n interpretasie sal by die benadering van Alt (1953a:176-192; 1959:276-288) en Noth (1953:11-13) aansluit, naamlik dat verhale oorspronklik vertel is om byvoorbeeld die teenwoordigheid van klippe (Jos 4:9), `n heiligdom (Jos 5:9), `n Kanaänitiese nageslag (Jos 6:20) of `n hoop klippe (Jos 7:26) te verduidelik.

Die probleem met hierdie hipotese is dat daar historiese probleme rondom die plekname voorkom. So byvoorbeeld is daar onduidelikheid oor die lokalisering van Gilgal.²⁴⁷ Verder is daar verwysings na die klippe in die Jordaan (4:9) en Gilgal (4:29).

²⁴⁷ Boling (1982:192); Bieberstein (1995:424).

Daar bestaan ooreenkomste tussen die etiologiese verwysingspunte in Josua 1-12 (4:9; 5:9; 6:20; 7:26; 8:28-29; 9; 9:27; 10:16) en die lysie van die terugkerende ballinge en muurbouers in Esra 2 en Nehemia 2-3:

<u>Esra 2</u>	<u>Nehemia 7</u>	<u>Nehemia 3</u>	<u>Bybelse naam</u>
2:28	7:32		Ai
2:23	7:27		Ananot
2:25	7:29		Beërot
		3:14	Bet-Kerem
2:24	7:28		Bet-Asmawet
2:28	7:32		Bet-El
2:21	7:26		Betlehem
		3:16	Bet-Sur
2:26	7:30		Geba
	7:25	3:7	Gibeon
2:33	7:37		Gadid
2:34	7:36		Jerigo
		3:1-38	Jerusalem
		3:17,18	Keïla
2:25	7:29		Kefira
2:25	7:29		Kirjat-Jearim
2:33	7:37		Lod
		3:7	Meronot
2:27	7:31		Mikmas
		3;7,15,19	Mispa
2:22	7:26		Netofa
2:33	7:37		Ono
2:26	7:30		Rama
		3:13	Sanoag
		3:5,27	Tekoa

Die etiologiese verwysingspunte van Josua 1-12, waar die term **hZ<h; ~AYh; d[;** (*tot vandag toe*) voorkom (4:9;5:9; 6:20; 7:26; 8:28-29; 9; 9:27; 10:16) dui op 'n vaste patroon. Hierdie etiologiese verwysingspunte sluit in Jordaan, Gilgal, Jerigo, Ai, Gibeon en Makkeda. Hierdie name vorm 'n patroon (Bieberstein 1995:424). Akor lê in die Woestyn van Juda; van daar kan 'n lyn getrek word oor die Jordaan tot by Jerigo, Ai en Gibeon, tot by Makkeda in die suide. Die verwysingspunte vorm dan 'n boog, sodat die grense korrespondeer met die grense in die ná-eksiliese tyd (sien addendum C).

Die etiologiese verwysingspunte kon moontlik gedien het as 'n manier waarop die ná-eksiliese volk hulle voorvaders se geskiedenis gekonstrueer het. Vroeër het ek die verhale in Josua 5-12 as deel van 'n deuteronomistiese propaganda van die 7^{de} eeu vC getipeer. Die ná-eksiliese volk het waarskynlik hierdie verhale in 'n nuwe konteks geherinterpreteer om sodoende nuwe betekenis aan hierdie verhale te gee. Die etiologiese formule **hZ<h; ~AYh; d[;** bring nuwe betekenis aan 'n ná-eksiliese volk. Die volk kan met die terugkeer van die ballinge en die herbou van Jerusalem se mure 'n nuwe begin maak. Daarom reconstrueer die volk hulle voorouers se geskiedenis om te illustreer dat hulle voor 'n nuwe begin staan. Soos hulle voorouers die Beloofde Land ingegaan het en 'n nuwe lewe begin het, so word die herbou van die mure 'n nuwe begin vir die volk van Israel.

Die verwarring tussen die klippe in die Jordaan en die klippe by Gilgal vra egter herbesinning. Josua 4:19 (klippe by Gilgal) is nou verbonde aan Josua 5:10-12 (pasga en besnydenis by Gilgal). Die pasga in die Beloofde Land toon ooreenkomste met die regulasies erondom die pasga in Kronieke (vgl 4.5.2.1.3.1). Die pasga funksioneer in die boek Josua waarskynlik om ander heiligdomme (bv Gilgal) te legitimeer en sodoende die klem van Jerusalem weg te skuif. Die boek Josua vertoon dan nadat dit van Deuteronomium losgemaak is, ná-deuteronomistiese trekke. Gilgal (4:19; 5:9) het dus op 'n ideologiese vlak bly funksioneer om die téen-deuteronomistiese konsep van verskillende heiligdomme te legitimeer. Uit die aard van die saak kon die Samaritaanse konflik 'n rol in hierdie verband gespeel het. Josua 4:9 is egter uit 'n ander hoek geskryf, naamlik om die oorspronklike deuteronomistiese oorlogsverhale (Jos 5-12) in 'n nuwe konteks te herinterpreteer.

Die verhaal van die Jordaandeurtoeg is moes op dieselfde wyse herbewerk word en daarom word die verhaal van die twaalf klippe bygevoeg (Jos 4:1-9c) om by die etiologiese motief aan die hand van die lys van terugkerende ballinge en muurbouers, die voorgeskiedenis van Israel te rekonstrueer. Hierdie verhaal is egter na Gilgal verplaas sodat Gilgal die gebruik van ander heiligdomme kon legitimeer. Daar is dus twee verwysingspunte in Josua 4, naamlik die klippe in die Jordaan en die klippe in Gilgal.²⁴⁸

4.7.5.4 Analise: Josua 4:19-5:1

Volgens Bieberstein (397-418) omvat hierdie redaksie (R^P) Josua 4:19a-5:1g. Die sogenaamde “kindervraag” (Jos 4:6-7) word in hierdie redaksie herhaal. Die volgende opmerkings in verband met hierdie uitbreiding is ter sake:

- Vers 19b bring die heiligdom (wat in vers 8e nie geïdentifiseer is nie) in verband met Gilgal. Die twaalf klippe (8e-f) word nou volgens vers 20-a-c by Gilgal gelokaliseer. Twee nuwe elemente kom dan by:
- In die *eerste plek* is daar `n verwysing na die 10de van die eerste maand (4:19a). Hierdie is `n poging om die pasga meer spesifiek te dateer. Verder is daar `n verwysing na Gilgal (4:19b). Sodoende skep die redaktor(s) ruimte vir die deuteronomistiese gebruik van `n week se voorbereiding voor die aanvang van die pasga, en plaas dit die teks in `n kultiese raamwerk ;
- In die *tweede plek* is daar `n vermenging van deuteronomistiese en priesterlike taal. Die term **hᵛ' B' Y:** (Eks 14:16,22, 29 =P)²⁴⁹ kom hier vir die eerste keer in verband met die Jordaanwonder voor (4:22). Verder kom die uitdrukking **hw"hy> dy:** (4:24) weer in deuteronomistiese tekste voor (wat in twee van vier gevalle die “kindervraag” bevat). Die uitdrukking **hw"hy>-ta, ~t,ar'y>** (4:24) het in die priesterlike vertelling van die

²⁴⁸ Hierdie hipotese is myns insiens die mees logiese oplossing vir `n komplekse probleem. Soggin (1972:64) meen dat die verskeie pogings om die teks te harmoniseer vir verwarring in die finale teks verantwoordelik is. Hy beskou die klippe by die heiligdom (Gilgal) as die oorspronklike tradisie. Ek is nie oortuig van sy oplossing nie. Soggin plaas Josua 3 en 4 in die konteks van `n oorspronklike kultiese liturgie met sy oorsprong in die heiligdom van Gilgal. In die lig hiervan wil ek voorstel dat die ná-eksiliese volk hulle voorouers se reis terugprojekteer het in terme van die grense van die ná-eksiliese provinsie van Yehud.

²⁴⁹ Vlg Noth (1972:269); Childs (1974:220).

Rietseewonder (Eks 14:4,18)²⁵⁰ tot die belydenis van die Egiptenare gelei. Hierdie selfde motief word op die Jordaansonder oorgedra, sodat die volke vir Jahwe vrees (5:1). Die vermenging van deuteronomistiese en priesterlike terminologie noodsaak dus die term “ná-priesterlike” redaksie;

- Die natuurwonder is nie die hoogtepunt van hierdie weergawe van die deurtog nie, maar die klem val eerder op die feit dat die volk Israel op droë grond kon deurtrek. Hierdie motief verbind die Jordaandeurtog met die intog (Eks 14-15);

Die problematiek rondom Josua 4:19-5:1 is reeds bespreek (vgl 4.7.5.3). Die kultiese inslag van hierdie gedeelte kom na vore in die rol van die kultiese kalender en die verwysing na Gilgal (4:19). Josua 4:19-5:1 dien as voorbereiding vir die pasga (Jos 5:12). Die doel van hierdie gedeelte is waarskynlik om die konsep van 'n gesentraliseerde kultus (Jerusalem) teen te werk. In die boek Josua is daar geen verwysings na Jerusalem nie. Verder is daar 'n klem op verskillende heiligdomme (Gilgal, Silo, Sigem). Hierdie verwysings sluit aan by die tese van hierdie studie, naamlik dat die boek Josua oorspronklik deel van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk uitgemaak het, maar dat die Josua losgemaak is van Deuteronomium toe laasgenoemde met die priesterlike korpus vermeng is om 'n Pentateug te vorm. Ek verwys na hierdie uitbreiding as R^p (ná-priesterlike uitbreiding)

4.7.5.4 Analise: Josua 4:1ab, 10-11c

Vers 1ab: Hierdie vers dien om Josua 4:1c-8f met die natuurwonder te verbind. Josua 4:1c-8f het oorspronklik die landsveroweringsverhaal in Josua 3 op 'n didaktiese wyse uitgebrei. Vers 1ab is 'n redaksionele byvoeging wat die oorgang tussen die twee hoofstukke vergemaklik.

Vers 10b-11c: As gevolg van die byvoeging van Josua 4:1c-8, het die deuteronomistiese uitbreiding (DG) wat die narratief van die Jordaandeurgang (3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) uitgebrei uit posisie geskuif. Die logiese samehang van DG is verbreek met die doel om 'n literêre komposisie te vorm wat die didaktiese vorm van die landsveroweringsverhaal uitlig (vgl 4.9.3.2). Josua 4:10b-11c dien om die logiese

²⁵⁰ Vlg Noth (1972:269); Childs (1974:220).

samehang tussen twee hoofgedeeltes van DG (Jos 3:7a-e, 8a-c, 15a-c, 17ab; 4:14a-18d) te bevestig.

4.7.6 Gevolgtrekking

Josua 4:1-5:1 pas dus in die ná-eksliese konteks. Hier volg 'n uiteensetting van die navorsingsresultate van die eksegeese van Josua 3 en 4:

- Josua 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18 vorm die oorspronklike (deuteronomistiese) verhaal van die Jordaandeurgang. Hierdie deuteronomistiese verhaal sluit aan by die eksiliese verwerking van DG;
- Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14, 16a-f vorm 'n ná –priesterlike narratief van die Jordaandeurgang. Hierdie narratief brei die gepaardgaande natuurwonder uit en toon ooreenkomste met ná-eksiliese tekste;
- Josua 3:2-3 vorm 'n verdere uitbreiding op die ná-priesterlike verhaal. Hierdie uitbreiding beklemtoon die rol van die Leviëte as draers van die ark (ipv die priesters);
- Josua 3:6, 10a, 11, 13a, 14b vorm 'n verdere uitbreiding op die ná-priesterlike verhaal van die Jordaandeurtog. Hierdie uitbreiding beklemtoon die rol van die priesters as draers van die ark (ipv die Leviëte);
- Die ná-eksiliese volk verwerk die (deuteronomistiese) verhale van Josua 5-12 om deur middel van etiologiese verwysings (bv Jos 4:1c-9) hulle voorgeskiedenis te rekonstrueer;
- Uiteindelik word die etiologiese verwysing in Josua 4:1c-9 geherinterpreteer om sodoende die klem op Gilgal (en nie Jerusalem nie) te laat val.

Josua 3 en 4 reflekteer die groei en ontstaan van die Pentateug. Ek sluit aan by die hipotese dat die Pentateug as ontstaan het toe die deuteronomistiese (Deut) en priesterlike verhale (Gen-Num) saamgevoeg is. Die boek Deuteronomium is egter losgemaak van die deuteronomistiese korpus en het deel van die voorafgaande (priesterlike) korpus geword.

Die breuk tussen Deuteronomium en Josua het tot die téén Deuteronomistiese karakter van die boek Josua gelei. So byvoorbeeld tree Josua by verskillende heiligdomme op (Gilgal, Ebal, Silo) en kom daar `m meer tolerante houding teen nie-Israeliete in Josua voor (Jos 2; 8:30-35²⁵¹; 9). Die deuteronomistiese beweging het dus in die Persiese tyd tot niet gegaan.

Die teenstrydighede en weersprekinge in Josua 3 en 4 (vgl 1.2) is aan opeenvolgende redaksies en verwerkinge te danke.

²⁵¹ Josua 8:30-35 dien as uitvoering van Moses se bevel (Deut 26:5) om `n altaar vir Jahwe in die Beloofde land te bou. In die LXX staan Jos 8:3-35 egter ná 9:2 voor. Verder skep die verwysing na die ark probleme, aangesien die ark nêrens met Sigem verbind word nie. Jos 8:30-35 pas dus nie in die omringende geografiese of literêre konteks nie. Die posisie van Jos 8:30-35 is `n aanduiding dat die teks waarskynlik in die heel laaste stadia van redaksie (circa 200vC) ingevoeg is. Sodoende kon die stryd tussen die priestersgroepe van Jerusalem en Elefantine as agtergrond vir die gedeelte dien. Die volgende moontlikhede is ter sake:

- Kempinski (1993:75-183; 237) is van mening dat Jos 8:3-35 oorspronklik die einde van die boek Josua verteenwoordig het. Jos 8:30-35 het dan op Jos 24 gevolg, maar die besnydenis as teken van die verbond (Jos 5:2-9) is later bygevoeg. Die boek Josua het later só uitgebrei dat Jos 24 na dsy huidige posisie uitgeskuif is;
- Ulrich (1994:89-104) beskou Josua 8:3-30-35 as `n anti-Samaritaanse redaksie. Die eerste altaar in die Beloofde Land was eintlik by Gilgal gebou, na afloop van die Jordaandeurgang. Anti-Samaritaanse redaksies van Deuteronomium 11:29-31; 27 het uiteindelik daartoe gelei dat Josua 8:0-35 `n anti-Samaritaanse karakter gekry het en dat die teks na `n ander posisie (ná Jos 8:1-29) en lokalisasie (Sigem geskuif is);
- Volgens Rofé (1994:73-80) is die posisie in 4QJos aan `n nomistiese redaksie te danke. Die posisie in LXX is op sy beurt die gevolg van onakkuraate kopieëring;
- Noort (1997:160-180; 1998:127-144) meen dat die posisie van 4Q Jos^a die oorspronklike situasie verteenwoordig. 4QJos^a is op Deuteronomium 11:30 en 27:2-3 gebaseer, wat op hul beurt die lokalisasieverwysing na Ebal en Gerisim van `n geografiese na `n teologiese lokalisasie verskuif. Sodoende dien dit om die klem na `n derde berg, naamlik Sinai te verskuif;
- Na`aman (2000:141-162) meen dat daar `n duidelike band tussen Deuteronomium 11:26-30 en 27:11-13 bestaan. Deuteronomium 11:26-30 beskryf die seën en vloek-voorwaardes vir die volk Israel. In Deuteronomium 27:11-13 word die seën en vloek verplaas to ná die Jordaandeurgang. Na`aman merk egter geen verband tussen Deuteronomium 27:11-13 en Josua 8:33-35 nie. In Josua 8:3-35 is daar geen verwysing na die verdeling van die twaalf stamme in twee groepe van ses nie. Verder vind die verbondsluiting in Josua 8:30-35 in die vallei, eerder as op die berg plaas. Nogtans is daar `n verband tussen Deuteronomium 27:4-8 en Josua 8:30-32, in die sin dat Deuteronomium 27:4-8 die bou van die altaar beveel en Josua 8:3-32 bou van die altaar beskryf. In die lig hiervan beskou Na`aman Josua 8:33-35 as die oorspronklike teks, terwyl Deuteronomium 27:11-13 deur `n latere redaktor ingevoeg is. Josua 8:30-32 en 33-35 is later saamgevoeg om te beskryf hoe Israel die beloftes van Deuteronomium 11:26-30 en 27:4-8 uitgevoer het.

Alhoewel die bogenoemde voorstelle bepaalde moontlikhede skep, is ek oortuig dat Josua 8:30-35 in die laat ná-eksiliese tyd ingevoeg is (Steuernagel 1900:186; Auld 1995:167-181). Die klem op die Leviëte, Sigem, en die hele volk dui myns insiens op `n inklusiewe houding wat waarskynlik beter in die ná-eksiliese tyd pas.²⁵¹ Om hierdie rede is dit moeilik om dit as deel van die *Grundschrift* te identifiseer. Die fragmentariese konteks van Josua 8:30-35 dui eerder op `n latere invoeging.

Hier volg 'n uiteensetting van die gerekonstrueerde teks van Josua 4:

yhiy>w:	4:1a Z	<i>en ;</i>
!Der>Y:h;- ta, rAb [[]l; yAGh;-lk' WMT;- rv,a]K	4:1b	<i>toedie hele volk die deurtog deur die Jordaan voltooi het;</i>
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYow	4:1c R^e	<i>het Jahwe vir Josua gesê:</i>
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai ~yvin"a] rf' [' ~ynEv. ~['h'-!mi ~k,l' Wxq.	4:2	<i>Neem vir julle uit die volk twaalf manne, uit elke stam een man;</i>
rmoale ~t'Aa WwC;w>	4:3a	<i>En beveel hulle:</i>
!ykih' ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;M;mi !Der>Y:h; %ATmi hZ<mi ~k,l'- Waf. ~ynIb'a] href. [,~yTev	4:3b	<i>Neem vir julle vandaar, van die plek waar die voete van die priesters vas bly staan het, twaalf klippe;</i>
~k,M' [i ~t'Aa ~T,r>b; []h;	4:3c	<i>en bring dit saam met julle deur;</i>
!AlM'B; ~t'Aa ~T,x.N:hiw>	4:3d	<i>en sit dit neer by die slaapplek;</i>
hl'y>L'h; Ab WnyliT'- rv,a]	4:3e	<i>waar julle vanaand gaan oorbly;</i>
vyai rf' ['h, ~ynEv.-la, [;vuAhy> ar'q.YIw:	4:4a	<i>Josua het die twaalf manne geroep;</i>
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai laer'f.yI ynEB.mi !ykihe rv,a]	4:4b	<i>Wat hy uit die seuns van Israel, uit elke stam een man, aangestel het;</i>
[;vuAhy> ~h,l' rv,a]	4:5a	<i>En Josua het vir hulle gesê:</i>



!Der>Y:h; %AT-la, ~k,yhel{a/ hw"hy> !Ara] ynEp.li Wrb. [i	4:5b	<i>Trek uit voor die ark van die Here julle God, tot binne-in die Jordaan;</i>
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. Amk.vi-l[;tx;a; !b,a, vyai ~k,l' WmyrIh'w>	4:5c	<i>En tel vir julle `n klip op, elkeen man een op sy skouer, volgens die getal van die stamme van die seuns van Israel;</i>
~k,B.r>qiB. tAa tazO hy<h.Ti ![:m;l.	4:6a	<i>Sodat dit `n teken onder julle kan wees;</i>
rmoale rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI	4:6b	<i>as julle kinders later vra:</i>
~k,l' hL,aeh' ~ynIb'a]h' hm'	4:6c	<i>wat beteken hierdie klippe vir julle?</i>
~h,l' ~T,r>m;a]	4:7a	<i>moet julle vir hulle sê:</i>
hw"hy>-tyrIB. !Ara] ynEP.mi !Der>Y:h; ymeyme Wtr>k.nI rv,a]	4:7b	<i>omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die verbondsark van die Here;</i>
!Der>Y:h; yme Wtr>k.nI !Der>Y:B; Arb. ['B.	4:7c	<i>in sy deurtog deur die Jordaan- die water van die Jordaan is afgekeer;</i>
~l'A[-d[; laer'f.yI ynEb.li !ArK'zIl. hL,aeh' ~ynIb'a]h' Wyh'w>	4:7d	<i>daarom is hierdie klippe as `n aandenking vir die seuns van Israel vir altyd;</i>
laer'f.yI-ynEB. !ke-Wf[]Y:w	4:8a	<i>die seuns van Israel het so gedoen;</i>
[;vuAhy> hW"ci rv,a]K;	4:8b	<i>soos wat Josua beveel het;</i>
!Der>Y:h; %ATmi ~ynIb'a] href.[-yTev. Waf.YIw:	4:8c	<i>Hulle het die twaalf klippe in die middel van die Jordaan opgetel;</i>
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. [;vuAhy>-la, hw"hy>	4:8d	<i>Soos wat die Here met Josua gespreek het, volgens die getal</i>



rB,DI rv,a]K;		van die stamme van Israel;
!AlM'h;-la, ~M' [i ~Wrbi []Y:w:	4:8e	En hulle het dit deurgebring saam met hulle na die slaapplek toe;
~v' ~WxNIY:w:	4:8f	En dit daar neergesit;
!Der>Y:h; %AtB. [;vuAhy> ~yqihe ~ynIb'a] href.[, ~yTev.W !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;m; tx;T.	4:9a	Josua het twaalf klippe opgerig in die middel van die Jordaan, op die plek waar die voete van die priesters, die draers van die verbondsark, gestaan het;
hZ<h; ~AYh; d[; ~v' Wyh.YIw:	4:9b	en dit is tot vandag toe nog daar;
rb'D'h;-lK' ~To d[; !Der>Y:h; %AtB. ~ydIm.[o !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	4:10a DG	En die priesters wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Jordaan tot dat alles volbring was;
lkoK. ~['h'-la, rBed;l. [;vuAhy>-ta, hw"hy> hW"ci- rv,a]	4:10b Z	wat die Here vir Josua beveel het om vir die volk te sê volgens alles;
[;vuAhy>-ta, hv,mo hW"ci-rv,a]	4:10c	wat Moses vir Josua beveel het;
~['h' Wrh]m;y>w:	4:10d	en die volk het vinnig
Wrbo []Y:w:	4:10e	deurgetrek;
yhiy>w:	4:11a	En toe;
rAb []l; ~['h'-lK' ~T;- rv,a]K;	4:11b	die hele volk die deurtog voltooi het;
~['h' ynEp.li ~ynIh]Koh;w> hw"hy>-!Ara] rbo []Y:w:	4:11c	het die ark van die Here met die priesters voor die volk deurgetrek;



<p>~yvimux] hV,n:m.h; j b,ve ycix]w: dg"-ynEb.W !beWar>-ynEB. Wrb. [;Y:w: laer'f.yI ynEB. ynEp.l</p>	<p>4:12a DG^R</p>	<p><i>En die seuns van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse, het gewapend voor die oë van die seuns van Israel deurgetrek;</i></p>
<p>hv,mo ~h,ylea] rB,DI rv,a]K;</p>	<p>4:12b</p>	<p><i>net soos Moses aan hulle gesê het;</i></p>
<p>hm'x'l.Mil; hw"hy> ynEp.li Wrb. [' ab'C'h; yceWlx] @l,a, ~y[iB'r>a;K. AxyrIy> tAbr>[; la</p>	<p>4:13</p>	<p><i>omtrent veertigduisend wat vir oorlog gewapen was, het voor die aangesig van die Here deurgetrek om te veg, na die vlaktes van Jerigo toe;</i></p>
<p>laer'f.yI-lK' ynEy[eB. [;vuAhy>-ta, hw"hy> lD;GI aWhh; ~AYB;</p>	<p>4:14a DG</p>	<p><i>Die dag het die Here vir Josua verhoog voor die oë van die hele Israel;</i></p>
<p>Atao War>YIw:</p>	<p>4:14b</p>	<p><i>sodat hulle hom gevrees het;</i></p>
<p>wyY"x ymey>-lK' hv,mo-ta, War>y" rv,a]K;</p>	<p>4:14c</p>	<p><i>soos wat hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe;</i></p>
<p>rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYow:</p>	<p>4:15</p>	<p><i>en die Here het vir Moses gesê:</i></p>
<p>tWd[eh' !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hWEc;</p>	<p>4:16a</p>	<p><i>beveel die priesters wat die ark van getuienis dra:</i></p>
<p>!Der>Y:h;-!mi Wl[]y:w</p>	<p>4:16b</p>	<p><i>dat hulle uit die Jordaan opkom;</i></p>
<p>rmoale ~ynIh]Koh;-ta, [;vuAhy> wc;y>w</p>	<p>4:17a</p>	<p><i>en Josua het die priesters beveel:</i></p>
<p>!Der>Y:h;-!mi Wl[]</p>	<p>4:17b</p>	<p><i>kom op uit die Jordaan!</i></p>
<p>hw"hy>-tyrIB. !Ara]</p>	<p>4:18a</p>	<p><i>En toe die priesters wat die</i></p>



yaef.nO ~ynIh]Koh; ÎtAl []K;Ð ¿tAl []B;À yhiy>w: !Der>Y:h; %ATmi		<i>verbondsark van die Here dra uit die middel van die Jordaan opkom;</i>
hb'r'x'h, la, ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; WqT.nI	4:18b	<i>het die priesters skaars hulle voetsole gelig na die droë grond;</i>
~m'Agen hy het vir diem.li !Der>Y:h;-yme Wbvuy"	4:18c	<i>of die waters van die Jordaan het teruggekeer na sy plek;</i>
wyt'AdG>-lK'-l[]; ~Avl.vi-lAmt.ki Wkl.YEw	4:18d	<i>en soos gister en eergister op al sy walle geloop;</i>
!AvarIh' vd,xol; rAf['B, !Der>Y:h;-!mi Wl[' ~['h'w>	4:19 R^p	<i>En die volk het die tiende van die eerste maand uit die Jordaan opgetrek;</i>
AxYrIy> xr;z>mi hceq.Bi lG"l.GIB; Wnx]Y:w :	4:19b	<i>en kamp opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike kant van Jerigo;</i>
hL,aeh' ~ynIb'a]h' href.[, ~yTev. taew>	4:20 a¹	<i>en daardie twaalf klippe</i>
!Der>Y:h;-!mi Wxq.l' rv,a]	4:20b	<i>wat hulle uit die Jordaan geneem het;</i>
lG"l.GIB; [;vuAhy> ~yqihe	4:20 a²	<i>het Josua by Gilgal opgerig;</i>
rmoale laer'f.yI ynEB.-la, rm,aYow :	4:21a	<i>En hy het vir die seuns van Israel gesê:</i>
rmoale ~t'Aba]-ta, rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI rv,a]	4:21b	<i>wanneer julle kinders later hulle vaders vra:</i>
hL,aeh' ~ynIb'a]h' hm'	4:21c	<i>Wat beteken hierdie klippe?</i>
rmoale ~k,ynEB.-ta, ~T,[.d;Ahw>	4:22a	<i>Moet julle aan julle kinders bekend maak:</i>
hZ<h; !Der>Y:h;-ta, laer'f.yI rb;['	4:22b	<i>op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek;</i>



hv'B'Y:B;		
~k,r>b. ['-d[; ~k,ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, ~k,yhel{a/ hw"hy> vybiAh-rv,a	4:23a	<i>deurdat die Here julle God die waters van die Jordaan laat opdroog het voor julle, todat julle deurgetrek het;</i>
@Ws--~y:l. ~k,yhel{a/ hw"hy> hf' [' rv,a]K	4:23b	<i>soos die Here julle God met die Rietsee gedoen het;</i>
Wnreb. ['-d[; WnynEP'mi vybiAh-rv,a]	4:23c	<i>wat Hy voor ons laat opdroog het, todat ons deurgetrek het;</i>
hw"hy> dy:-ta, #r,a'h' yMe[;-lK' t[;D; ![:m;l.	4:24a¹	<i>sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die Here;</i>
ayhi hq'z"x] yKi	4:24b	<i>sterk is;</i>
~ymiY"h;- lK'~k,yhel{a/ hw"hy>-ta, ~t,ar'y> ![:m;l.	4:24a²	<i>sodat julle die Here julle God altyd mag vrees;</i>
yrImoa/h' ykel.m;-lK' [;mov.ki yhiy>w:	5:1a¹	<i>En toe al die konings van die Amoriëte;</i>
hM'y" !Der>Y:h; rb,[eB. rv,a]	5:1b	<i>wat anderkant die Jordaan na die weste was;</i>
ynI[[]n:K.h; ykel.m;- lk'w>	5:1a a²	<i>en al die konings van die Kanaäniete;</i>
~Y"h;-l[; rv,a]	5:1c	<i>wat by die see woon;</i>
laer'f.yI-ynEb. ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, hw"hy> vybiAh-rv,a] tae	5:1d	<i>hoor dat die Here die waters van die Jordaan voor die seuns van Israel laat opdroog het;</i>
¿Wnr'b. ['À-d[;	5:1e	<i>totdat hulle deurgetrek het;</i>
~b'b'l. sM;YIw:	5:1f	<i>het hulle harte gesmelt;</i>

laer'f.yI- ynEB. ynEP.mi x;Wr dA[~b' hy"h' - al{w>	5:1g	<i>en was daar in hulle geen moed</i>
		<i>meer nie vanweë die seuns van Israel.</i>

4.7.7 Gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4

Die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 bestaan op grond van hierdie studie uit 'n oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang, wat in die ná-eksiliese tyd uitgebrei en verwerk is. Die bepaalde metodologie wat in hierdie studie gevolg is, het bepaal dat die teks uitmekaar gehaal moet word om sodoende verklarings vir die teenstrydighede en weersprekinge te vind. Nou moet die teks weer aanmekaar gesit word om sodoende die *genre*, rol en funksie van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 te bepaal.

Volgens die resultate van hierdie studie het die boek Josua die meerderheid van sy uitbreidings in die ná-eksiliese tyd deurgemaak. Hierdie stelling is op die volgende resultate gebaseer:

- Die ná-deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang bevat verskeie ná-eksiliese verwysings (vgl 4.5);
- Josua 4:9 vorm deel van 'n etiologiese uitbreiding. Hierdie spesifieke uitbreiding is waarskynlik deel van 'n breër poging om die terugkerende ballinge en bouers van Jerusalem se mure in die voorgeskiedenis van Israel terug te projekteer (vgl 4.9.4.3.2);
- Josua 4:19-5:1 (met die klem op Gilgal as heiligdom) vorm deel van 'n ná-deuteronomistiese reaksie téén die sentralisasie van die kultus.²⁵²

Josua 3 en 4 illustreer myns insiens die groei en komposisie van die boek Josua. Volgens my hipotese het die boek Josua dus van 'n deuteronomistiese verhaal tot 'n ná-deuteronomistiese verhaal gegroei. Die komposisie van die boek Josua is radikaal

²⁵² 'n Verdere ná-deuteronomistiese tendens (wat buite die konteks van Josua 3 en 4 val) is die reaksie téén segregasie. So byvoorbeeld plaas Josua 2 (verhaal van Ragab), 9 (verhaal van Gibeoniete) en Josua 8:30-35 (verbondsluiting waarvan nie-Israliete deel is, die klem op buitestaanders wat deel van Jahwe se volk word.

beïnvloed deur die komposisie van die Pentateug, waarvolgens Josua losgemaak is van Deuteronomium en onder die volgende boeke (Vroeë profete) gesorteer het.

Volgens die resultate van hierdie studie is die ná-priesterlike narratief van die Jordaandeurgang (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) onder andere deur die Moseslied (Eks 15) beïnvloed (vgl 4.5.1.3). Indien Eksodus 15 'n ná-eksiliese komposisie is wat ná die herbou van Jerusalem se mure (444vC) ontstaan het, bied dit 'n vaste punt waarvolgens die ná-deuteronomistiese gedeeltes van Josua 3 en 4 gedateer kan word. Sodoende het die grootste gedeeltes Josua 3 en 4 waarskynlik in die tydperk tussen 444vC en 135 (Hasmonese tydperk) ontstaan.

4.7.7.1 Josua 3 en 4 en die sosiale konteks van die ná-eksiliese tyd

Volgens Clines (1995:101) is sosiale konflik onderliggend aan die ontstaan van 'n teks.²⁵³ In die lig van hierdie definisie het die konflik tussen verskillende priester-groepe 'n invloed op die komposisie van Josua 3 en 4 gehad. Die ontstaan van die Pentateug (waarskynlik as gevolg van 'n kompromis tussen deuteronomistiese en priesterlike groepe) het tot verdere konflik gelei. Die herbou van Tweede Tempel het waarskynlik tot spanning tussen die Sadokitiese priesters en die Leviëte gelei. Hierdie stryd het veroorsaak dat priesters hulle geslagsregisters herlei het na belangrike name soos Moses en Aaron, om sodoende hulle posisies te legitimeer. Priesters wat nie hulle geslagsregister kon voorlê nie is uit die amp van priester verban (Esra 2:62; Neh 7:64). Die onderskeie verwysings na priesters en priester-leviëte in Josua 3-4 is moontlik 'n voorbeeld van die stryd tussen verskillende priester-groepe wat hulle posisies in die Tempel wil legitimeer deur hulle amp terug te projekteer in Israel se geskiedenis. Josua 3-4 kon dien as kompromis deurdat daar verwysings na priesters *en* Leviëte voorkom. Anders gestel: Josua 3-4 hef die Leviëte op tot dieselfde vlak as priesters en bied sodoende 'n kompromis tussen die twee priester-groepe.

Die heiligdom by Bet-El het moontlik eers in 520-515 vC tot niet gegaan (Knauf (2006:291-351). Om hierdie rede beskou Knauf die stryd tussen die priesters van Bet-El en dié van die Tweede Tempel in Jerusalem as die impetus vir die ontstaan van die Ou Testament. Hierdie hipotese sluit in 'n mate by die stryd tussen Sadokiete en

²⁵³ "All texts owe their existence to the repression of social conflict" (Clines 1995:101).

Leviëte aan. Die verskillende verwysings in Josua 3 en 4 na priesters is dan 'n aanduiding van die stryd tussen Jerusalem en Bet-El.

Behalwe vir die konflik tussen verskillende priestergroepe, was daar 'n stryd tussen die Israëliëte en die Samaritane. In die ná-eksiliese tydperk het daar alternatiewe aanbiddingsplekke ontstaan. Die Samaritaanse heiligdom by Gerisimberg en dié van Elefantine het die gesag van die Tweede Tempel in Jerusalem uitgedaag. Hierdie konflikke kon ook as agtergrond van die onderliggende spanning in Josua 3 en 4 dien. So byvoorbeeld verteenwoordig die verwysing na Gilgal in Josua 4:19 'n ná-deuteronomistiese tendens om verskillende aanbiddingsplekke te legitimeer en sodoende die strydbyl met die Samaritane te begrawe.

Vroeër het ek aangedui hoe die Leviëte die tradisie van die intog geherïnterpreteer het in die vorm van 'n dankseggingslied. Die *Sitz im Leben* van hierdie lied is teruggevoer na die herbou van Jerusalem se mure. Die moontlikheid bestaan dus dat die ná-eksiliese tydperk, en veral die herbou van Jerusalem se mure 'n geleentheid gebied het om die tradisies te herïnterpreteer in 'n nuwe konteks.²⁵⁴

²⁵⁴ Die landsverowering speel nie 'n rol in die Kronieboeke nie (Knoppers 2004:80; Japhet 2006:38-52). Alhoewel Kronieke 'n parallele geskiedenis van die volk Israel voorhou, kom daar nie 'n verwysing na die uittog, Sinai, landsverowering en die Rigtertydperk voor nie. Die Kroniekeboeke bied 'n interpretasie van twee hoofprobleme van die landsverowering in die boek Josua, naamlik die skaal van die landsverowering en die rol van die Levitiese stede. In Josua 21:43-45 is die hele land ingeneem, maar volgens Rigters 1 is daar dele wat nie verower is nie (Miller 1977:213-217). Josua 21 noem die Levitiese stede wat aan die Leviëte toebedeel is ná die landsverowering, maar daar bestaan twyfel of die stede in daardie tyd hoegenaamd aan die Israëliëte behoort het (Japhet 2006:40). Die Kronis spreek hierdie kwessies in 1 Kronieke 13:1-5 aan. In 1 Samuel 5-6 bring Dawid die ark na Jerusalem, maar hierdie handeling vind plaas lank nadat hy die troon bestyg het. In 1 Kronieke 13:1 roep Dawid dadelik sy leërowerster nadat hy die troon bestyg het, en hy gee hulle die opdrag die ark na Jerusalem te bring. Die verwysing na die grense van die land in 1 Kronieke 13:5 is verrassend. So strek die grense van Sihor in Egipte tot by die ingang van Hamat. Die gevolg is dat die Kronis Israel se grense wyd voorstel, en dat die grense nog nooit in die geskiedenis van die volk Israel so ver gestrek het nie. Verder is die grense nie die resultaat van oorlog of magsuitbreiding nie, maar dit was so van die begin van Israel se geskiedenis af. Om hierdie is daar nie 'n landsverowering in die Kroniekeboeke nie. Die land was van die begin af deel van Israel se erfenis. 1 Kronieke 6:35-39 hanteer die kwessie van die Levitiese stede. Die somtotaal van hierdie gedeelte is dat die Levitiese stede nie met die landsverowering toebedeel is nie, maar dat Dawid dit aan die verskillende priestergroepe uitgedeel het (Japhet 2006:45). Weereens val die klem eerder op Dawid as op die landsverowering. Die bostaande illustreer hoe die Kronis van Israel se tradisies verwerk en geherïnterpreteer het. Nie almal stem egter hiermee saam nie. Dirksen (2005:18) neem standpunt in teen Knoppers en Japhet se benadering. Hy beskou 1 Kronieke 7:21-23 (24) as 'n byvoeging, en daarom verwerp hy enige hipotese van die afwesigheid van die landsveroweringverhaal in 1 en 2 Kronieke.

Volgens Amit (2006:647-659) het die sogenaamde anti-Saul agenda tot in die ná-eksiliese tyd voortgeduur. Nogtans was daar pogings om Saul se naam in ere te herstel. Die positiewe rol van Saul in die boek Ester bring egter vrae na vore.²⁵⁵ Daar is rede om te glo dat daar tydens die tydperk van die Tweede Tempel 'n poging was om Saul se naam in ere te herstel (Abramsky 1983:60; Amit 2006: 656). Hierdie teorie dien as voorbeeld van 'n polemiese stryd tussen pro-Saul en anti-Saul groepe in die tydperk van die Tweede Tempel. Amit (2006:656-657) plaas die konflik in die konteks van 'n leierskap-stryd. Die klem op die stamgebied van Benjamin in Josua 2-12 kon selfs op 'n ideologiese manier gefunksioneer het, naamlik om Saul (en per implikasie die Noordryk) weer in ere te herstel.


Die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurtoeg het in die ná-eksiliese tyd vir die volk Israel 'n nuwe begin gesimboliseer. Daarom verwerk hulle hierdie verhaal en pas dit toe op hulle eie konteks. Jahwe het hulle voorouers die Beloofde Land gegee in die aangesig van hulle vyande. Alhoewel die ná-eksiliese tyd spanning tussen priester-groepe en volksgenote tot gevolg gehad het, skep hulle moed deur die verhaal van Josua te herïnterpreteer. Trouens, betekenis van die Josua se naam som die hele boek op: Jahwe red!

²⁵⁵ Bush (1996:378-379) meen dat verskuilde verwysings na Saul in die teks voorkom. So byvoorbeeld is Mordegai, die held van die verhaal, 'n nasaat van Saul (Esra 2:5).



HOOFSTUK 5

SINTESE



Hierdie hoofstuk dien as 'n sintese van my literêre-historiese ondersoek na Josua 3 en 4. Die uiteensetting van my navorsingsresultate sorteer onder die volgende elemente: aktualiteit, probleemstelling, hipotese, resultate en verdere navorsingsvelde.

5.1 Aktualiteit

Die boek Josua vorm die middelpunt van aktuele literêre en historiese vraagstukke. Op literêre gebied is die boek Josua ná Martin Noth (1953) se epogmakende werk in die konteks van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk (DG) bestudeer (Noort 1998:60). Die hipotese van 'n deurlopende DG word egter vandag deur sommige navorsers betwyfel (Fohrer 1984:195; Davies 1992; Provan 1988; McConville 1993; Westermann 1994:39-40; Würthwein (1994:1-11) Gerstenberger 1995:114-5; Auld 1999:116-126; Knauf 2000:388-398; Kratz (2005:216). Knauf (2008) se Josua-kommentaar is die eerste kommentaar wat in die ware sin van die woord as post-Noth bestempel kan word. Knauf se kommentaar verteenwoordig 'n poging om die boek Josua los te maak van die raamwerk van 'n deurlopende DG. Om hierdie rede is die vraag na die verband tussen Josua en 'n hipotetiese DG van besondere belang, en vorm dit 'n integrale deel van my ondersoek na die literêre vraagstukke rondom Josua 3 en 4.

Sommige navorsers (Strange 1993:136-141; Lindeque 2001) plaas die ontstaanstydperk van die boek Josua in die ná-eksiliese tyd. Die ekstreme vorm van hierdie benadering wyk dus af van die raamwerk van 'n oorspronklike Heksateug of Deuteronomistiese Geskiedswerk. Die boek Josua is dan 'n ná-eksiliese komposisie wat slegs op redaksionele vlak verbande met die Pentateug of Vroeë Profete vertoon.

Die bostaande uiteensetting beklemtoon die aktualiteit van my studie van Josua 3 en 4 op 'n literêre vlak. Enige interpretasie van Josua 3 en 4 is per slot van sake afhanklik van die eksegeet se bepaalde voorveronderstellings aangaande die rol en plek van die boek Josua in die Ou Testament.

Hierdie studie onderstreep die aktualiteit van Josua 3 en 4 in terme van historiese vraagstukke. Die voorveronderstellings waarop Alt en Noth hulle studie van die boek

Josua gebou het, het nie die toets van tyd deurstaan nie (vgl 2.2). Hierdie voorveronderstellings sluit die amfiktionie-hipotese, teorieë rondom die landsverowering, die historiese Josua-figuur en die konsep van die heilige oorlog-motief in. Die bogenoemde voorveronderstellings het die studie van die boek Josua op 'n vate fondament geanker. Indien hierdie hipoteses nie meer stand hou nie, vra dit inderdaad herbesinning in terme van die rol en betekenis van die boek Josua.

Die boek Josua, en veral Josua 3 en 4 vorm die middelpunt van literêre en historiese vraagstukke wat nie net ons interpretasie van die teks raak nie, maar wat ook die leser se verstaan van die ontstaan Ou Testament beïnvloed.

5.2 Probleemstelling

Terwyl die boek Josua oor die algemeen 'n komplekse karakter vertoon, is dit veral in hoofstukke 3 en 4 waar die meeste literêre en tradisie-historiese probleme voorkom (Auld 1980:43). Teen die agtergrond van die bogenoemde navorsingsproblematiek is die volgende probleme prominent:

- In 3:1 kamp die volk *een nag* op die rivieroewer. Dit bots met die weergawe van *drie dae* wat in vers 3:2 voorkom;
- In 3:5 gee Josua 'n opdrag dat die volk hulle moet reinig. Die volgende vers verwys nie daarna nie, en die gevolgtrekking is dat so 'n reiniging nie plaasgevind het nie;
- Die ark speel 'n onverwagse rol in die verhaal. Boonop is die terminologie wat vir die ark gebruik word uiteenlopend (Jos 3:3; 4:16);
- Josua gee opdrag (3:12) dat twaalf man uit die stamme gekies moet word, maar die opdrag realiseer eers in later (4:2-3) wanneer God dit beveel;
- Die feit dat die volk deur die rivier getrek het, word twee maal genoem (3:17; 4:1). Volgens hoofstuk 4:10-11 het die volk nie heeltemal deur die Jordaan getrek het nie;

- In 4:19-20 kom die volk uit die Jordaan en slaan kamp op by *Gilgal*. Daar word twaalf klippe opgerig. In 4:8 is die klippe in die middel van die *Jordaanrivier* neergesit;
- Die priesters beweeg deur die rivier (4:11), maar later (4:15) gee Josua eers opdrag dat die priesters die rivier moet oorsteek.

Hierdie probleemstelling vorm die kern van my studie oor Josua 3 en 4. In die lig van die bogenoemde weersprekinge en teenstrydighede in die teks het ek die moontlikheid ondersoek dat Josua 3 en 4 uit `n basisverhaal bestaan wat mettertyd uitgebrei is. Verder het ek die teorie ondersoek dat hierdie verskeie uitbreidings die teenstrydighede en weersprekinge veroorsaak het.

My studie na die literêre samehang van Josua 3 en 4 het die vraag na die groter literêre samehang van Josua 3 en 4 gevra. Op grond hiervan het ek die moontlikheid bestudeer dat Josua 3 en 4 deel van `n oorspronklike deuteronomistiese landsveroweringsverhaal uitmaak. Die probleemstelling, wat oorspronklik literêr van aard was, het egter ook na die historiese “*setting*” van Josua 3 en 4 gevra. Indien Alt en Noth se hipotese rondom die voorgeskiedenis van Israel nie meer volhoudbaar is nie, vra dit vir `n nuwe oplossing.

5.3 Doelwitte

Die volgende doelwitte is geïdentifiseer:

In die eerste plek het ek `n literatuuoroorsig van die literêre en historiese vraagstukke van die boek Josua aangebied.

Die literêre oorsig het die volgende elemente bevat:

- Josua as deel van die Heksateug;
- Josua as deel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk;
- Rol van etiologie in die boek Josua.

In terme van historiese oorsig het ek die volgende bespreek:

- Amfiktionie;
- Landsverowering;
- Josua-figuur;
- Heilige oorlog;
- Historiografie en die bybelse teks;
- Ná-eksiliese sosiale konteks(te).

Hierdie uiteensetting het de problematiek rondom historisiteit en die boek Josua beklemtoon. In die tweede plek het ek 'n navorsingsoorsig van die eksegeese van Josua 3 en 4 aangebied. Die doel van hierdie navorsingsoorsig was om te bepaal wat die verband tussen Josua en die voorafgaande (Gen-Deut) en volgende boeke (Rig-2 Kon) is. Verder is die verband tussen Josua 3 en 4 en die omringende hoofstukke bespreek, om sodoende te bepaal waar Josua 3 en 4 in die Josuaboek inpas. 'n Literatuuroorsig van die eksegeese oor Josua 3 en 4 het gefunksioneer om die verskillende benaderings tot Josua 3 en 4 (Literêr, Histories-Krities, Kulties-Histories) te bespreek en te evalueer.

In die derde plek het die eksegetiese arbeid aan die orde gekom. Die eksegetiese arbeid van Josua 3 en 4 vorm die kern van hierdie studie. Alhoewel ek in hierdie studie op die groei en komposisie van Josua 3 en 4 gefokus het, het ek ruimte gelaat vir 'n bespreking van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4. Hier volg 'n uiteensetting van die verskillende elemente wat aan die orde gekom het:

- Perikoopafbakening;
- Tekskritiek;
- Komposisie: Josua 3:1-17
- Rekonstruksie: Josua 3:1-17;
- Gevolgtrekking

Die doel van die detailanalise van Josua 3:1-17 was om die opbou van Josua 3 te bestudeer. In hierdie verband het die eksegeese gehelp om die teks 'uit mekaar te haal'.

Wat Josua 4 betref, het my detailanalise die volgende bewegings bevat:

- Verband tussen Josua 3 en 4;

- Navorsingsoorsig oor Josua 4;
- Komposisie: Josua 4:1-5:1;
- Rekonstruksie: Josua 4:1-5:1;
- Gevolgtrekking

Omdat Josua 3 (Jordaandeurgang) en 4 (verhaal van die 12 klippe) by mekaar aansluit, was die studie na die verhouding tussen die twee hoofstukke belangrik. Die detailanalise van Josua 4:1-5:1 het verder gefunksioneer om die komposisie en groei van Josua 4:1-5:1 te bestudeer. Net soos met Josua 3:1-17 het die eksegetiese gehelp om die teks 'uit mekaar te haal'.

Alhoewel ek op die groei en komposisie van Josua 3 en 4 gefokus het, het ek die aard en *genre* van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 bepreek. Die eksegetiese arbeid het dus beweeg van die 'uitemkaarhaal' van die teks na die 'aanmeekaarsit' van die teks.

5.4 Hipotese

Die hipotese van hierdie studie is dat Josua 3-4 die groei en samestelling van die Pentateug weerspieël. Die boek Josua was deel van 'n oorspronklike deuteronomistiese landsveroweringsverhaal, wat in die eksiliese tyd saamgestel is. Die kompromis tussen priesterlike en deuteronomistiese verhale vorm uiteindelik die Pentateug in die Persiese tyd. Die uiteindelige toevoeging van Deuteronomium tot die voorafgaande boeke (Gen-Num) lei tot die skeiding tussen Deuteronomium en Josua. Op sy beurt lei hierdie proses tot 'n ná-eksiliese en ná-deuteronomistiese verwerking van die boek Josua. Josua 3 en 4 bevat 'n oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurtoeg wat in ná-deuteronomistiese konteks geherinterpreteer word.

5.5 Resultate

Die teenstrydighede in Josua 3 en 4 is aan aan opeenvolgende uitbreidings te danke. Hier volg 'n uiteensetting van die proses:

Die oorspronklike (deuteronomistiese) landsveroweringsverhaal het Josua 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18 ingesluit. Hierdie verhaal was deel van 'n eksiliese weergawe van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk en sluit by Deuteronomium 1-3 aan. Josua 1 bevestig die verband met Deuteronomium 1-3, waar die magsoorhandiging van Moses na Josua plaasvind. Josua 3:1 sluit dan by Josua 1 aan (Josua 2 is waarskynlik 'n láát ná-eksiliese byvoeging wat 'n inklusiewe houding teenoor nie-Israeliete inneem).

Hierdie landsveroweringsverhaal sluit by 'n vorige (Josiaanse) verhaal van Josua 5-12 aan. Josua 5-12 het oorspronklik Josia se magsuitbreiding na die noorde gelegitimeer. En funksioneer dan as 'die eerste weergawe van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk. Die boek Josua toon dus oorspronklik 'n verband met Deuteronomium en sommige van die volgende boeke (veral Konings).

Die boek Josua het egter deel van die proses van die totstandkoming van die Pentateug geword. In die Persiese tyd is die priesterlike (Gen-Num) en deuteronomistiese (Deut) verhale saamgevoeg om 'n kompromis tussen priesterlike en deuteronomistiese teologie te bring; Hierdie proses veroorsaak uiteindelik dat Deuteronomium by die priesterlike materiaal gevoeg word. Sodoende word die band tussen Josua en Deuteronomium gebreek. Behalwe dat hierdie proses die posisie van die boek Josua in die kanon verklaar, bied dit ook 'n verduideliking van die ná-deuteronomistiese en selfs téén deuteronomistiese verwysings in Josua. Die boek Josua (oorspronklik deel van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk) word nou 'n téén-deuteronomistiese boek. Om hierdie rede bevat Josua verwysings na verskillende heiligdomme en 'n meer inklusiewe houding teenoor nie-Israeliete.

Die eksegesi van Josua 3 en 4 het die bogenoemde proses bevestig. Die groei en samestelling van Josua 3 en 4 is soos volg gerekonstrueer:

Josua 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18 vorm deel van die oorspronklike deuteronomistiese landsveroweringsverhaal. Hierdie verhaal vertel van die Jordaandeurgang en beklemtoon die feit dat Josua (soos Moses vóór hom) verhoog sal word. Die verhaal bevat 'n belofte (van Josua se verhoging) en die vervulling daarvan.

Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f vorm deel van die ná-priesterlike verhaal wat die natuurwonder uitbrei. Hierdie verhaal toon veronderstel die Sinai-perikoop en die Moseslied (Eks 15). Hierdie verhaal is egter verder uitgebrei. So byvoorbeeld verteenwoordig Josua 3:2-3 en 3:6, 10a, 11, 13a, 14b uitbreidings wat die stryd tussen die Sadokiete en die Leviëte in die ná-eksiliese tyd reflekteer. Albei groepe gebruik hierdie narratief om hulle posisie in die Tweede Tempel te legitimeer deur hulleself as draers van die ark voor te stel.

Josua 4:1-5:1 verteenwoordig die ná-eksiliese volk se pogings om hulle voorgeskiedenis te rekonstrueer. Josua 4:1c-9 (verhaal van die 12 klippe in die Jordaan) dien om die verhaal van die Jordaandeurgang en die gepaardgaande natuurwonder te aktualiseer. Die etiologiese element “tot vandag toe” in Josua 4:9 vorm deel van `n groep etiologiese verwysings in Josua 1-12. Hierdie etiologiese verwysings toon ooreenkomste met die lys van terugkerende ballinge en muurbouers (Esra 2; Neh 3; 7) vorm deel van die ná-eksiliese volk se pogings om hulle voorgeskiedenis te rekonstrueer. Verder toon die etiologiese verwysingspunte in Josua 1-12 ooreenkomste met die grense in die ná-eksiliese tyd. Josua 4:1-9 verteenwoordig dus `n nuwe begin vir die volk Israel. Om hierdie ree rekonstrueer die volk hulle voorgeskiedenis om aan te dui dat Jahwe hulle sal red soos Hy hulle voorouers gered het.

Josua 4:19-5:1 pas by die ná-deuteronomistiese tendens om verskillende aanbiddingsplekke te legitimeer. Die 12 klippe in die Jordaan word nou na Gilgal geskuif om aan te dui dat Jahwe op enige plek aanbid kan word.

Die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 vorm dus `n kompromis tussen verskillende groepe. Sodoende gee die stryd met die Samaritane, asook die stryd tussen verskillende priester-groepe vir die volk Israel geleentheid om `n nuwe geskiedenis te skryf. Josua 3-4 vorm dan in sy finale vorm `n ideologiese herinterpretasie van Israel se heilsgeskiedenis.

5.6 Verdere navorsingsmoontlikhede

- Ek het in hierdie aangesluit by die model wat die Pentateug as 'n kompromis tussen priesterlike (P) en deuteronomistiese (D) groepe beskou. Uit die aard van die saak val die klem in hierdie studie meer op die deuteronomistiese komposisie. 'n Omvattende studie van die priesterlike materiaal is nodig om sodoende die Pentateug vraagstuk behoorlik te ondersoek;
- Römer (2007b) se rekonstruksie van die Deuteronomistiese Geskiedswerk vorm die basis van hierdie studie. Nogtans is daar leemtes. So byvoorbeeld is daar slegs redaksionele bande tussen Josua en Rigters. Verder pas Rigters nie by die struktuur van die Deuteronomistiese Geskiedswerk in nie. Indien Rigters 'n latere interpolasie verteenwoordig, noodsaak dit 'n indringende studie van die boek Rigters;
- Josua 13-24 vorm nie deel van hierdie studie nie. 'n Studie na die verband tussen Josua 1-12 en 13-24 kan meer lig op die rol en funksie van die boek Josua werp;
- Psalm 136 fokus op die intog, maar dan op die veldslae oos van die Jordaan. Daar bestaan dus 'n band tussen die boek Numeri en Psalm 136, in die sin dat nie een van hulle bekend is met 'n verowering aan die weste van die Jordaan nie. Die motief van die verowering oos van die Jordaan as die oorspronklike landsverowering verg verdere studie;
- Omdat Kronieke nie 'n landsveroweringverhaal bevat nie, moet die rol en aard van die Kroniekeboeke deeglik ondersoek word.

SUMMARY

The composition of Joshua 3 and 4 forms the main focus of this study. Although Joshua 3 and 4 have been the subject of many studies, there have been no satisfactory explanation of the many contradictions and incoherence in these chapters. Apart from the literary problems regarding the composition of Joshua 3 and 4, some challenging historical questions arise from the study of these chapters. Therefore, this literary study of Joshua 3 and 4 will not also involve some broader literary questions like the position of the book of Joshua in the Canon, but it will also attempt to answer historical questions about Israel's past.

My hypothesis is that that the final text of Joshua 3 and 4 is the result of several redactions. The original narrative of the Jordan crossing forms the main part of these chapters. This original deuteronomistic narrative was originally part of a Deuteronomistic History that encompassed Deuteronomy, Joshua, and some parts of 1 and 2 Samuel as well as the books of 1 and 2 Kings. The Deuteronomistic History originated in the exile, and was the subject of major editing up to the Persian era.

Joshua 3 and 4 reflects the process of the formation of the Pentateuch. The original deuteronomistic narrative of the Jordan crossing was subsequently supplemented by a post-priestly narrative which enhanced the miracle of the crossing. This supplement probably took place when the priestly composition (Ex-Num) was joined to the deuteronomistic composition (Deut-2 Kon) as part of an compromise between rival priestly groups. The book of Deuteronomy was eventually incorporated in the foregoing books (Ex-Num) to form a Pentateuch. As a result of this process, the book of Joshua was cut off from Deuteronomy and became a post-Deuteronomic book. This explains not only the affinities and differences between Joshua and Deuteronomy, but also the peculiar position of the book of Joshua in the Canon.

The narrative of the twelve memorial stones (Joshua 4) forms part of an etiological formula, found throughout Joshua 1-12. These etiological reference points reflects the lists of the returning exiles and the builders of the Jerusalem's walls in the books of Ezra and Nehemiah. Furthermore, these etiological references reflects the borders of the post-exilic Israel. Joshua 4 is the post-exilic Israel's way of interpreting the pre-exilic conquest narratives in Joshua 1-12 in order to make sense of their present situation. There are also references to the post-deuteronomistic emphasis on many sanctuaries (which probably served to legitimize the Samaritan Temple at Mount Gerizim).

The book of Joshua is not to be classified as history. This study enhances the hypothesis that the book of Joshua embodies the ideology of post-exilic Judaism. In its final form, the book probably served as an attempt to bring a compromise between rival priesthoods and rival ideologies. Although the book had pre-exilic (deuteronomistic) origins, it was subsequently edited to function in a post-exilic context when the people of Israel were facing a new future with new possibilities.

KEYWORDS:

- Pentateuch.** First five books of Moses (Gen; Ex; Lev; Num; Deut).
Hexateuch. First six books of the Hebrew Bible (Gen; Ex; Lev; Num; Deut; Jos).
Deuteronomistic History. The corpus ranging from Joshua to 2 Kings.



Deuteronomistic.	Passages which show similarities with the theology and terminology of the book Deuteronomy.
Priestly.	Passages which reflects the cultic ideas and terminology of the priestly classes.
Etiology.	a story told to explain noteworthy phenomena in the present through narratives of the past.
Masoretic text.	Hebrew text with vowels added.
Historical-Critical exegesis.	Branch of exegesis with the aim of reconstructing the world of the author(s) of the text.
Literary exegesis.	Branch of exegesis with the aim of reconstructing the text.
Literary-Historical.	A method of exegesis which includes both a reconstruction of the world of the author(s) and the text.

**ADDENDUM A:
KOMPOSISIE: JOSUA 3:1-17 (KLAUS BIEBERSTEIN)**

rq, BoB; [;vuAhy> ~Kev.Y:w	3:1a A	<i>en daarop het Josua vroeg in die môre opgestaan;</i>
~yJiVih;me W[s.YIw	3:1b	<i>en weggetrek van Sittim;</i>
laer'f.yI ynEB.-lk'w> aWh !Der>Y:h;-d[; WaboY"w:	3:1c	<i>en aangekom by die Jordaan, hy en die seuns van Israel;</i>
~v' WnliY"	3:1d	<i>en daar oorgebly;</i>
Wrbo[]y: ~r,j	3:1e	<i>voordat hulle deurgetrek het;</i>
~ymiy" tv,l{v. hceq.mi yhiy>w	3:2a DtrA	<i>En aan die einde van drie dae;</i>
hn<x]M;h; br,q,B. ~yrIj.Voh; Wrb.[;Y:w:	3:2b	<i>het die offsiere deur die kamp gegaan;</i>
	3:3a	<i>en die volk beveel:</i>



rmoale ~['h'-ta, WWc;y>w: ~k,yhel{a/ hw"hy>- tyrIB. !Ara] tae ~k,t.Aar>Ki	3:3b	<i>net soos julle die vebondsark van die Here julle God sien;</i>
tao ~yaif.nO ~YIwIl.h; ~ynIh]Koh	3:3dc	<i>en die priesters, die Leviëte, wat hom dra;</i>
~k,m.AqM.mi W[s.Ti	3:3d	<i>moet julle van julle staanplek opbreek;</i>
wyr'x]a; ~T,k.l;h]w	3:3e	<i>en agter hom aantrek;</i>
. ;AnybeWÀ ~k,ynEyBe hy<h.yI qAxr' %a; hD'MiB; hM'a; ~yIP;l.a;K.	3:4a Z	<i>maar laat daar `n afstand van tweeduisend el tussen julle en hom wees;</i>
wyl'ae Wbr>q.Ti-la	3:4b	<i>en moenie naby hom kom nie;</i>
%r,D,h;-ta, W[d>Te-rv,a] ![:m;l	3:4c	<i>sodat julle die pad kan ken</i>
Hb'-Wkl.Te rv,a	3:4d	<i>waar julle langs moet trek,</i>
~Avl.vi lAmT.mi %r,D,B; ~T,r>b;[] al{ yKi	3:4e	<i>want gister en eergister het julle nie met dié pad getrek nie;</i>
~['h'-la, [;vuAhy> rm,aYow:	3:5a A	<i>En Josua het vir die volk gesê:</i>
WvD'q;t.hi	3:5b	<i>renig julleself;</i>
tAal'p.nI ~k,B.r>qib. hw"hy> hf,[]y: rx'm' yKi	3:5c	<i>Want môre sal die Here wonders onder julle doen;.</i>
rmoale ~ynIh]Koh;-la, [;vuAhy> rm,aYow	3:6a B	<i>En Josua het vir die priesters gesê:</i>
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf	3:6b	<i>tel die verbondsark op;</i>
~['h' ynEp.li Wrb.[iw>	3:6c	<i>en trek voor die volk uit;</i>
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.YIw:	3:6d	<i>En toe het hulle die verbondsark opgetel;</i>
~['h' ynEp.li Wkl.Yew:	3:6e	<i>en voor die volk weggetrek;</i>
[;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYow	3:7a C²	<i>en die Here het vir Josua gesê:</i>



laer'f.yI-lK' ynEy[eB. ^l.D,G: lxea' hZ<h; ~AYh;	3:7b	vandag sal ek begin om jou groot te maak in die oë van die hele Israel;
!W[d>yE rv,a]	3:7c	sodat hulle kan weet;
hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	3:7d	Soos wat ek met Moses was;
%M'[i hy<h.a,	3:7e	Sal ek met jou wees;
rmoale tyrIB.h;-!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hW<c;T. hT'a	3:8a	gee dan die bevel vir die priesters wat die verbondsark dra;
dmo[]T; !Der>Y:B; !Der>Y:h; yme hceq.-d[; ~k,a]boK	3:8b	net soos julle aan die kant van die waters van die Jordaan kom, moet Julle stilstaan;
laer'f.yI ynEB.-la, [;vuAhy> rm,aYow	3:9a Z	en Josua het vir die seuns van Israel gesê:
~k,yhel{a/ hw"hy> yreb.DI-ta, W[m.viw> hN"he WvGO	3:9b	Kom nader en luister na die woorde van die Here julle God;
[;vuAhy> rm,aYow	3:10a B	en Josua het gesê:
!W[d>Te tazOB	3:10b A	hieraan sal julle weet;
~k,B.r>qIB. yx; lae yKi	3:10c	dat `n lewende God in julle midde is;
yTixih;-ta,w> ynI[]n:K.h;-ta, ~k,ynEP.mi vyrIAY vreAhw	3:10d Z	Hy sal sekerlik voor julle uitdryf die Kanaäniete en die Hetiete;
ysiWby>h;w> yrImoa/h'w> yviG"r>GIh;-ta,w> yZIrIP.h;-ta,w> yWixih;- ta,w		die Hewiete en die Feresiete, die Girgasiete, die Amoriete en die Jebusiete;
!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o #r,a'h'-lK' !Ada] tyrIB.h; !Ara] hNEhi	3:11 B	Kyk, die verbondark van die Here oor die hele aarde trek voor julle uit, die Jordaan in;
laer'f.yI yjeb.Vimi vyai rf'[' ynEv. ~k,l' Wxq. hT'[];	3:12 Z	neem dan 12 manne uit die stamme van Israel, een man uit elke stam;
jb,V'l; dx'a,-vyai dx'a,-vyai !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; x;AnK. hy"h	3:13a C²	en net soos die voetsole van die priesters wat die verbondsark van die Here oor die hele aarde dra, in die Jordaan rus;
!Der>Y:h; ymeB. #r,a'h'-lK'		



!Ada] hw"hy		
!WtreK'yI !Der>Y:h; yme	3:13b A	<i>sal die waters van die Jordaan afgesny word;</i>
hl' [.m'l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h	3:13pc	<i>die waters wat bo af kom;</i>
dx'a, dnE Wdm. [;y:	3:13c	<i>en dit sal soos een wal bly staan;</i>
!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; ~h,yleh\ a'me ~['h' [;son>Bi yhiy>w:	3:14a	<i>en toe die volk wegtrek uit hulle tente om die Jordaan deur te gaan;</i>
~['h' ynEp.li tyrIB.h; !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	3:14b B	<i>met die priesters wat die verbondsark dra voor die volk;</i>
!Der>Y:h;-d[; !Ara'h' yaef.nO aAbk.W	3:15a C²	<i>en toe die draers van die ark by die Jordaan kom;</i>
ryciq' ymey> lKo wyt'AdG>-lK'-l[;alem' !Der>Y:h;w>	3:15c	<i>terwyl die Jordaan vol was op al sy walle op al die dae van die oes;</i>
hl' [.m;l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h; Wdm. [;Y:w:	3:16a A	<i>het die water wat van bo af kom gaan staan;</i>
ry[ih' î~d'a'með ç~d'a'b'À daom. qxer>h; dx'a,- dnE Wmq'	3:16b	<i>dit het opgestaan soos een wal, baie ver weg by stad Adam;</i>
!t'r>c' dC;mi rv,a	3:16c	<i>wat langs Sartan lê;</i>
WMT; xl;M,h;- ~y" hb'r'[]h' ~y" l[; ~ydIr>YOh;w>	3:16d Z?	<i>en die wat afstroom na die see van die vlakte, die Soutsee;</i>
Wtr'k.nI	3:16e	<i>is afgesny;</i>
AxYrIy> dg<n< Wrb. [' ~['h'w	3:16f	<i>En die volk het deurgetrek, teenoor Jerigo;</i>
hw"hy>-tyrIB. !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; Wdm. [;Y:w !keh' !Der>Y:h; %AtB. hb'r'x'B	3:17a C²	<i>maar die priesters wat die verbondsark van die Here dra het bly staan op droë grond, binne-in die Jordaan;</i>
hb'r'x'B, ~yrIb.[o laer'f.yI- lk'w	3:17b	<i>en die hele Israel het deurgetrek op droë grond;</i>
!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; yAGh;-lK' WMT;-rv,a] d[3:17c Z	<i>tot die hele volk die deurgang van die Jordaan voltooi het.</i>

ADDENDUM B
KOMPOSISIE: JOSUA 4:1-24 (KLAUS BIEBERSTEIN)

>

yhiy>w:	4:1a Z?	<i>en toe</i>
!Der>Y:h;- ta, rAb[]l; yAGh;-lk' WMT;- rv,a]K;	4:1b	<i>Die hele volk die deutog deur die Jordaan voltooi het;</i>
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYow	4:1c C²	<i>Het Jahwe vir Josua gesê:</i>
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai ~yvin"a] rf'[' ~ynEv. ~['h'-!mi ~k,l' Wxq.	4:2	<i>Neem vir julle uit die volk twaalf mane, uit elke stam een man;</i>
rmoale ~t'Aa WWc;w>	4:3a	<i>En beveel hulle:</i>
!ykih' ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;M;mi !Der>Y:h; %ATmi hZ<mi ~k,l'-Waf. ~ynIb'a] href.[,-~yTev	4:3b	<i>Neem vir julle vandaar, van die plek waar die voete van die priesters vas bly staan het, twaalf klippe;</i>
~k,M'[i ~t'Aa ~T,r>b;[]h;	4:3c	<i>En bring dit saam met julle deur;</i>
!AlM'B; ~t'Aa ~T,x.N:hiw>	4:3d	<i>En sit dit neer by die slaapplek;</i>
Hl'y>L'h; Ab WnyliT'- rv,a]	4:3e	<i>Waar julle vanaand gaan oorbly;</i>
vyai rf'['h, ~ynEv.-la, [;vuAhy> ar'q.YIw:	4:4a	<i>Josua het die twaalf manne geroep;</i>
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai laer'f.yI ynEB.mi	4:4b	<i>Wat hy uit die seuns van Israel,uit elke staam een man,</i>



!ykihe rv,a]		aangestel het;
[;vuAhy> ~h,l' rm,aYow:	4:5a	En Josua het vir hule gesê:
!Der>Y:h; %AT-la, ~k,yhel{a/ hw"hy> !Ara] ynEp.li Wrb.[i	4:5b	Trek uit voor die ark van die Here julle God, tot binne-in die Jordaan;
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. Amk.vi-l[;tx;a; !b,a, vyai ~k,l' WmyrIh'w>	4:5c	En tel vir julle `n klip op, elkeen man een op sy skouer, vlgens die getal van die stamme van die seuns van Israel;
~k,B.r>qiB. tAa tazO hy<h.Ti ![:m;l.	4:6a	Sodat dit `n teken onder julle kan wees
rmoale rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI	4:6b	As julle kinders later vra:
~k,l' hL, aeh' ~ynIb'a]h' hm'	4:6c	Wat beteken hierdie klippe vir julle?
~h,l' ~T,r>m;a]	4:7a	Moet julle vir hulle sê:
hw"hy>-tyrIB. !Ara] ynEP.mi !Der>Y:h; ymeyme Wtr>k.nI rv,a]	4:7b	Omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die verbondsark van die Here;
!Der>Y:h; yme Wtr>k.nI !Der>Y:B; Arb.['B.	4:7c	In sy deurtog deur die Jordaan- die water van die Jordaan is afgekeer;
~l'A[-d[; laer'f.yI ynEb.li !ArK'zIl. hL, aeh' ~ynIb'a]h' Wyh'w>	4:7d	Daarom is hierdie klippe as `n aandenking vir die seuns van Israel v ir altyd;
laer'f.yI-ynEB. !ke-Wf[]Y:w	4:8a	Die seuns van Israel het so gedoen;
[;vuAhy> hw"ci rv,a]K;	4:8b Z	Soos wat Josua beveel het;
!Der>Y:h; %ATmi ~ynIb'a] href.[, -yTev.	4:8c	Hulle het die twaalf klippe in die middle van die Jordaan



Waf.YIw :		<i>opgetel;</i>
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. [;vuAhy>-la, hw"hy> rB,DI rv,a]K;	4:8d Z	<i>Soos wat die Here met Josua gespreek het, volgens die getal van die stamme van Israel;</i>
!AlM'h;-la, ~M'[i ~Wrbi[]Y:w:	4:8e	<i>En hulle het dit deurgebring saam met hulle na die slaapplek toe;</i>
~v' ~WxNIY:w:	4:8f	<i>En dit daar neergesit;</i>
!Der>Y:h; %AtB. [;vuAhy> ~yqihe ~ynIb'a] href.[, ~yTev.W !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;m; tx;T.	4:9a Rä	<i>Josua het twaalf klippe opgerig in die middel van die Jordaan,op die plek waar die voete van die priesters, die draers van die verbondsark, gestaan het;</i>
hZ<h; ~AYh; d[; ~v' Wyh.YIw:	4:9b	<i>En dit is tot vandag toe nog daar;</i>
rb'D'h;-lK' ~To d[; !Der>Y:h; %AtB. ~ydIm.[o !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	4:10a Dtr	<i>En die priesters wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Jordaan tot dat alles volbring was;</i>
lkoK. ~['h'-la, rBed;l. [;vuAhy>-ta, hw"hy> hW"ci-rv,a	4:10b Z	<i>Wat die Here vir Josua beveel het om vir die volk te sê volges alles;</i>
[;vuAhy>-ta, hv,mo hW"ci-rv,a]	4:10c	<i>Wat Moses vir Josua beveel het;</i>
~['h' Wrh]m;y>w:	4:10d	<i>En die volk het vinnig</i>
Wrbo[]Y:w:	4:10e	<i>Deurgetrek;</i>
yhiy>w:	4:11a	<i>En toe</i>
rAb[]l; ~['h'-lK' ~T;- rv,a]K;	4:11b	<i>Die hele volk die deurtog voltooi het;</i>



~['h' ynEp.li ~ynIh]Koh;w> hw"hy>-!Ara] rbo[]Y:w:	4:11c	<i>Het die ark van die Here met die priesters voor die volk deurgetrek;</i>
~yvimum] hV,n:m.h; j b,ve ycix]w: dg"-ynEb.W !beWar>-ynEB. Wrb.[];Y:w: laer'f.yI ynEB. ynEp.l	4:12a DtrR	<i>En die seuns van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse, het gewapend voor die oë van die seuns van Israel deurgetrek;</i>
hv,mo ~h,ylea] rB,DI rv,a]K;	4:12b	<i>Net soos Moses aan hulle gesê het;</i>
hm'x'l.Mil; hw"hy> ynEp.li Wrb.[' ab'C'h; yceWlx] @l,a, ~y[iB'r>a;K. AxyrIy> tAbr>[]; la	4:13	<i>Omtrent veertigduisend wat vir oorlog gewapen was, het voor die aangesig van die Here deurgetrek om te veg, na die vlaktes van Jerigo toe;</i>
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. [];vuAhy>-ta, hw"hy> lD;GI aWhh; ~AYB;	4:14a C²	<i>Die dag het die Here vir Josua verhoog voor die oë van die hele Israel;</i>
Atao War>YIw:	4:14b	<i>Sodat hulle hom gevrees het;</i>
wyY"x ymey>-lK' hv,mo-ta, War>y" rv,a]K;	4:14c	<i>Soos wat hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe;</i>
rmoale [];vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	4:15	<i>En die Here het vir Moses gesê:</i>
tWd[eh' !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hWEc;	4:16a	<i>Beveel die priesters wat die ark van getuienis dra:</i>
!Der>Y:h;-!mi ~Wrbi[]Y:w:	4:16b	<i>Dat hulle uit die Jordaan opkom;</i>
rmoale ~ynIh]Koh;-ta, [];vuAhy> wc;y>w	4:17a	<i>En Josua het die priesters beveel:</i>
	4:17b	<i>Kom op uit die Jordaan!</i>



!Der>Y:h;-!mi Wl[]		
hw"hy>-tyrIB. !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; ÎtAl []K;Ð çtAl []B;À yhiy>w: !Der>Y:h; %ATmi	4:18a	<i>En toe die priesters wat die verbondsark van die Here dra uit die middel van die Jordaan opkom;</i>
hb'r'x'h, la, ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; WqT.nI	4:18b	<i>Het die priesters skaars hulle voetsole gelig na die droë grond;</i>
~m'Agen hy het vir diem.li !Der>Y:h;-yme Wbvuy"	4:18c	<i>Of die waters van die Jordaan het teruggekeer na sy plek;</i>
wyt'AdG>- lK'-l[]; ~Avl.vi-lAmt.ki Wkl.YEw	4:18d	<i>En soos gister en eergister op al sy walle geloop;</i>
!AvarIh' vd,xol; rAf['B, !Der>Y:h;-!mi Wl[' ~['h'w	4:19 Rp	<i>En die volk het die tiende van die eerste maand uit die Jordaan opgetrek;</i>
AxyrIy> xr;z>mi hceq.Bi lG"l.GIB; ~['h'w>	4:19b	<i>En kamp opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike kant van Jerigo;</i>
hL,aeh' ~ynIb'a]h' href.[, ~yTev. taew>	4:20 a¹	<i>En daardie twaalf klippe</i>
!Der>Y:h;-!mi Wxq.l' rv,a]	4:20b	<i>Wat hulle uit die Jordaan geneem het;</i>
lG"l.GIB; [;vuAhy> ~yqihe	4:20 a²	<i>Het Josua by Gilgal opgerig;</i>
rmoale laer'f.yI ynEB.-la, rm,aYow:	4:21a	<i>En hy het vir die seuns van Israel gesê:</i>
rmoale ~t'Aba]-ta, rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI rv,a]	4:21b	<i>Wanneer julle kinders later hulle vaders vra:</i>
hL,aeh' ~ynIb'a]h' hm'	4:21c	<i>Wat beteken hierdie klippe?</i>
rmoale ~k,ynEB.-ta, ~T,[.d;Ahw>	4:22a	<i>Moet julle aan julle kinders bekend maak:</i>




hZ<h; !Der>Y:h;-ta, laer'f.yI rb; [' hv'B'Y:B;	4:22b	<i>Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek;</i>
~k,r>b. ['-d[; ~k,ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, ~k,yhel{a/ hw"hy> vybiAh- rv,a]	4:23a	<i>Deurdat die Here julle God die waters van die Jordaan laat opdroog het voor julle, todat julle deurgetrek het;</i>
@Ws--y:l. ~k,yhel{a/ hw"hy> hf' [' rv,a]K;	4:23b	<i>Soos die Here julle God met die Rietsee gedoen het;</i>
Wnreb. ['-d[; WnynEP'mi vybiAh- rv,a]	4:23c	<i>Wat Hy voor ons laat opdroog het, todat ons deurgetrek het;</i>
hw"hy> dy:-ta, #r,a'h' yMe[-lK' t[;D; ![:m;l.	4:24a¹	<i>Sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die Here;</i>
ayhi hq'z"x] yKi	4:24b	<i>Sterk is;</i>
~ymiY"h;- lK'~k,yhel{a/ hw"hy>-ta, ~t,ar'y> ![:m;l.	4:24a²	<i>Sodat jule die Here jule God altyd mag vrees;</i>
yrImoa/h' ykel.m;-lK' [:mov.ki yhiy>w:	5:1a¹	<i>En toe al die konings van die Amoriëte;</i>
hM'y" !Der>Y:h; rb, [eB. rv,a]	5:1b	<i>Wat anderkant die Jordaan na die weste was;</i>
ynI[[]n:K.h; ykel.m;- lk'w>	5:1a a²	<i>En al die konings van die Kanaäniete;</i>
~Y"h;-l[: rv,a]	5:1c	<i>Wat by die see woon;</i>
laer'f.yI-ynEb. ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, hw"hy> vybiAh- rv,a] tae	5:1d	<i>Hoor dat die Here die waters van die Jordaan voor die seuns van Israel laat opdroog het;</i>
¿Wnr'b. ['À-d[;	5:1e	<i>Totdat hulle deurgetrek het;</i>
	5:1f	<i>Het hulle harte gesmelt;</i>



~b'b'l. sM;YIw:		
laer'f.yI- ynEB. ynEP.mi x;Wr dA[~b' hy"h' - al{w>	5:1g	<i>En was daar in hulle geen moed</i>
		<i>meer nie vanweë die seuns van Israel.</i>

**ADDENDUM C:
ETIOLOGIESE VERWYSINGSPUNTE IN JOSUA 1-12
(Bieberstein 1995:425)**



BIBLIOGRAFIE

- Abate, FR (ed). 1997. *The Oxford Desk Dictionary and Thesaurus*. Oxford: University of Oxford Press.
- Abramsky S, 1983. Return to the Kingdom of Saul in the Books of Esther and Chronicles, in Ettinger S, Gilat Y & Safrai S (eds). MILET: *Everyman`s University Studies in Jewish History and Culture*, 30-63. Tel Aviv: Everyman`s University Press.
- Abrams MH, 1971. *The Mirror and the Lamp. Romantic Theory and the Critical Tradition*. New York: Galaxy Books.
- Achenbach R, 1991. *Israel zwischen Verheissung und Gebot. Literarkritische Untersuchungen zu Deuteronomium 5-11*. Frankfurt: Peter Lang.
- Ackroyd PR, 1973. *Chronicles, Ezra, Nehemia*. Torch Bible Commentaries. London: SCM.
- Ahlström G, 1986. *Who Were the Israelites?*. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Ahlström G, 1991. The Role of Archaeological and Literary Remains in Reconstructing Israel`s History, in Edelman DV (ed). *The Fabric of History: Text, Artifact and Israel`s Past*. JSOTSup 127, 116-142. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 1993. *The History of Ancient Palestine*. Minneapolis: Fortress Press.
- Albertz R, 1994. *A History of the Israelite Religion in the Old Testament Period*. London: SCM.
- 2000. In Search of the Deuteronomists. A First Solution to a Historical Riddle, in Römer T (ed). *The Future of the Deuteronomistic History*, 1-18. Leuven: Leuven University Press.
- 2003. *Israel in Exile. The History and Literature of the Sixth Century BCE*. Atlanta: Society of Biblical Literature.
- Albright WF, 1939. The Israelite conquest of Canaan in the light of archaeology. *BASOR* 74:11-23.
- Allen LC, 1983. *Psalms 101-150* (WBC 21). Texas: Word.

- Alt A, 1953(a). Josua, in *Kleine Schriften I*, 176-192. München: C.H. Beck.
- 1953(b). Erwägungen über die Landnahme der Israeliten in Palästina, in *Kleine Schriften I*, 126-175. München: C.H. Beck.
- 1959. Judas Gaue unter Josia, in *Kleine Schriften II*, 276-288. München: C.H. Beck.
- Alter R 1980. *The Art of Biblical Narrative*. New York: Basic Books.
- Amit Y, 2006. The Saul Polemic in the Persian Period, in Lipschits O & Oeming M. *Judah and the Judeans in the Early Persian Period*, 647-659. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Anderson AA, 1972. *The Book of Psalms* (NCB). 2 Vols. London: Oliphants.
- Astour M, 1959. Benê-iamina et Jéricho. *Semitica* 9:5-20.
- Auld AG, 1976. *Studies in Joshua: Text and Literary Relations* (unpublished dissertation). Edinburgh: University of Edinburgh.
- 1980. *Josua, Moses and the land*. Edinburgh: T&T Clark.
- 1995. Reading Joshua after Kings, in Davies J, Harvey G, Watson WGE (eds). *Words remembered, Texts renewed. Essays in Honour of John FA Sawyer*, 167-189. JSOTSup 195. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 1998. *Joshua Retold. Synoptic Perspectives*. Edinburgh: T&T Clark.
- 1999. The Deuteronomists and the Former Prophets, or what Makes the Former Prophets Deuteronomistic?, in Shearing LS & McKenzie SL (eds). *Those Elusive Deuteronomists. The phenomenon of Pan-Deuteronomism*. JSOTSup 268, 116-12. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 2002. Samuel, Numbers, and the Yahwist-Question, in Gertz JC, Schmid K, Witte M (Hrsg). *Abschied vom Jahwisten. Die Komposition des Hexateuch in der*

- jüngsten Diskussion*, BZAW 315, 233-246.
Berlin: De Gruyter.
- Barton J, 2007. *The Old Testament Canon, Literature and Theology*. Society for Old Testament Monographs. Ashgate: Hampshire.
- Barr J, 1974. Philo of Byblos and His Phoenician History. *Bulletin of John Rylands University Library of Manchester* 57: 17-68.
- 1995. The synchronic, the diachronic and the historical. A triangular relationship? in De Moor JC (ed). *Synchronic or Diachronic-debate on method in Old Testament Exegesis*, 1-14. Leiden: Brill.
- Becker J, 1966. *Israel deutet seine Psalmen. Urform und Neuinterpretation in den Psalmen*. SBS 18. Stuttgart: Katholisches Bibelwerk.
- Becker U, 1990. *Richterzeit und Königtum. Redaktionsgeschichtliche Studien zum Richterbuch*. BZAW 192. Berlin: De Gruyter.
- 2006. Endredaktionelle Kontextvernetzungen des Josua-Buches, in Witte M, Schmid K, Prechel D, Gertz JC (Hrsg). *Die deuteronomistischen Geschichtswerke. Redaktionsgeschichtliche Perspektiven zur "Deuteronomismus"-Diskussion in Tora und Vorderen Propheten*. BZAW 365, 139-162. Berlin: De Gruyter.
- Becking B, 1995. Het "Huis van David" in een pre-exilische inscriptie uit Tel Dan. *NedThT* 49:108-123.
- Beebee TO, 1994. *The Ideology of Genre*. University Park: Pennsylvania University Press.
- Bender A, 1903. Das Lied Exodus 15. *ZAW* 23: 1-48.
- Berkhofer RF (jnr), 1995. *Beyond the Great Story: History as Text and Discourse*. Cambridge Massachusetts: Belknap.
- Bieberstein K, 1995. *Joshua, Jordan, Jericho. Archäologie, Geschichte und Theologie der Landnahmeerzählungen Josua 1-6*.

- OBO 143. Fribourg und Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Biran A & Naveh J, 1995. The Tel Dan Inscription: A New Fragment. *IEJ* 45: 1-18.
- Blenkinsopp J, 1992. *The Pentateuch. An Introduction tot the First Five Books of the Bible*. ABRL: Garden City, New York: Doubleday.
- 2006. Benjamite Traditions Read in the Early Persian Period in Lipschits O & Oeming M (eds). *Judah and the Judeans in the Early Persian Period*, 629-646. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Blum E, 1990. *Studien zur Komposition des Pentateuchs*. BZAW 189. Berlin: De Gruyter.
- 1992. Gibt es die Endgestalt des Pentateuch, in Emerton JA (ed). *Congress Volume Leuven 1989*, 46-57. VTSup 43. Leiden: Brill.
- 1997. Der Kompositionelle Knoten am Übergang von Josua zu Richter. Ein Entflechtungsvorschlag, in Vervenne M & Lust J (eds). *Deuteronomy and Deuteronomic Literature. Festschrift C.H.W. Brekelmans*. BETL 133, 181-212. Leuven: Peeters.
- 2002. Die literarische Verbindung von Erzvätern und Exodus: Ein Gespräch mit neueren Forshungshyphotesen, in Gertz JC, Schmid K & Witte M (Hrsg). *Abschied vom Jahwisten. Die Komposition des Hexateuchs in der Jüngsten Diskussion*. BZAW 315, 119 -156. Berlin: De Gruyter.
- Boccaccini G, 2002. *Roots of Rabbinic Judaism*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Boling RG, 1975. *Judges. Introduction, Translation and Commentary*. AB 6A. New York: Doubleday.
- 1982. *Joshua*. AB6. New York: Doubleday.
- 1992. Joshua, Book of, in Freedman DN, Merion GA, Graf

- DF, Pleins JD & Beck AB (eds). *ABD* 3 (H-J). New York: Doubleday
- Bosman HL & Loader JA, 1987. *Vertellers van die Ou Testament*. Kaapstad: Tafelberg.
- Braudel F, 1980. *On History*. Chicago: University of Chicago Press.
- Braulik G, 1988. *Zur deuteronomistischen Konzeption von Freiheit und Frieden. Studien zur Theologie des Deuteronomiums*. SBAB2. Stuttgart: Katolisches Bibelwerk.
- 2008. Das Buch Deuteronomium, in Zenger E (Hg). *Einführung in das Alte Testament*. Studienbücher 1,1. Stuttgart: Kohlhammer.
- Brenner ML, 1991. *The Song of the Sea: Ex 15:1-21*. BZAW 195. Berlin: De Gruyter.
- Brettler MZ, 1989. The Book of Judges: Literature as Politics. *JBL* 108: 395-418.
- 1999. The New biblical Historiography, in Long VP (ed). *Israel's Past in Present Research. Essays on Ancient Israelite Historiography*. Sources for Biblical and Theological Study 7, 43-50. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Brichto HC, 1992. *Toward a Grammar of Biblical Poetics. Tales of Prophets*. Oxford: Oxford University Press.
- Bright J, 1956. *Early Israel in Recent History Writing*. London: SCM.
- 1981. *A History of Israel*. Philadelphia: Westminster.
- Broyles CC, 2001. *Interpreting the Old Testament. A Guide for Exegesis*. Grand Rapids: Baker Academic.
- Brown F, Driver SR & Briggs CA, 2007¹¹. *A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament*. Massachusetts: Hendrickson.
- Brueggemann W, 2003. *An Introduction tot then Old Testament. The Canon and Christian Imagination*. Louisville: John Knox.
- Buber M, 1956³. *Königtum Gottes*. Heidelberg: Schneider.
- Butler,TC, 1983. *Joshua*. WBC 7. Waco: Word Books.
- Burke P, 1990. *The French Historical Revolution. The Annales School*,

- 1929-89. Cambridge: Polity.
- Bush FW, 1996. *Ruth, Esther*. Word Biblical Commentaries. Dallas: Word Books.
- Calloud J, 1976. A few comments on structural semiotics. A brief review of a method and some explanation of procedures, in House PR (ed). *Beyond Form Criticism. Old Testament Literary Criticism*. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Campbell AF, 1979. Psalm 78: a Contribution to the Theology of Tenth Century Israel. *CBQ* 41: 51-59.
- Carrol RP, 1971. Psalm LXXVIII: Vestiges of a Tribal Polemic. *VT* 21: 133-150.
- Carter CE, 1999. *The Emergence of Yehud in the Persian Period. A Social and Demographic Study*. JSOTSup 294. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Chaney ML, 1983. Ancient Palestine Peasant Movements and the Formation of Premonarchic Israel, in Freedman DN & Graf DF (eds). *Palestine in Transition. The emergence of Ancient Israel*. Sheffield: Almond Press.
- Childs BS, 1970. A Traditio-Historical Study of the Reed Sea Tradition. *VT* 20: 406-418.
1974. *Exodus*. OTL. London: SCM.
- Christensen DL, 2001. *Deuteronomy 1:1-21:9* (WBC 6a). Nashville: Thomas Nelson.
- Clines DJA, 1995. *Interested Parties. The Ideology of the Writers and Readers of the Hebrew Bible*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Coats GW, 1969. The Song of the Sea. *CBQ* 31:1-17.
- 1999. *Exodus 1-18*. FOTL II A. Grand Rapids. Eerdmans.
- Cohen MA, 1965. The Role of the Shilohite Priesthood in the United Monarchy of Ancient Israel. *HUCA* 36: 39-98.
- Conrad EW, 1985. *Fear Not, Warrior. A Study of 'al tira' Pericopes in the Hebrew Scriptures*. Chico: Scholars Press.

- Coote RB & Whitelam KW, 1986. The Emergence of Israel. Social Transformation and State Formation following the decline in the Late Bronze Age Trade. *Semeia* 37: 107-147.
- 1987. *The Emergence of Early Israel in Historical Perspective* Sheffield: Almond Press.
- Cornhill C, 1907. *Introduction to the Canonical books of the Old Testament*. New York: Putnam.
- Craigie PC, 1978. *The Problem of War in the Old Testament*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Creach JFD, 2003. *Joshua* (Interpretation). Louisville: John Knox.
- Cross FM 1973. *Canaanite Myth and Hebrew Epic. Essays in the History of Religion of Israel*. Harvard University Press
- Cross FM & Freedman DN, 1955. The Song of Miriam. *JNES* 14: 237-250.
- Cryer FH, 1995. A “Betdawd” Miscellany: DWD, DWD or DWDH? *JSOT* 9:52-58.
- Crüsemann F, 1978. *Die Widerstand gegen das Königtum*. WMANT 49. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- Cundall AE & Morris L, 1968. *Judges and Ruth*. Tyndale OT Commentaries. Leicester: Inter-Varsity Press.
- Davies PR, 1992. *In Search of Ancient Israel*. Sheffield: JSOT Press.
- De Geuss, CHJ, 1998. Een belangrike stèle uit Tel Dan, Israël. *Phoenix* 44: 21-38.
- Deist FE, 1982. Prior to the Dawn of the Apocalyptic. *OTWSA / OTTSA* 25/ 26: 13-38.
- De Vaux R, 1971. *Ancient Israel. Its Life and Institutions*. London: Darton, Longman & Todd.
- 1978. *The Early History of Israel*. Translated by J. McHugh. London: Darton, Longman & Todd.
- Dever WG, 1991. Archaeology, Material Culture and the Early Monarchical Period in Israel, in Edelman DV (ed). *The Fabric of History. Text, Artifact and Israel`s Past*. JSOTSup 127, 103-115. Sheffield: Sheffield Academic

- Press.
- 2001. *What Did the Biblical Writers Know, and When did They Know It? What Archaeology Can Tell Us about the Reality of Ancient Israel.* Grand Rapids, Michigan:Eerdmans.
- 2003. *Who Were the Early Israelites and Where Did They Come From.* Grand Rapids: Eerdmans.
- De Villiers G, 2006. Oor Eksegese en Metodes. Die Reëls van die Spel. *OTE 19/3*: 823-830.
- DeVries SJ, 1985. *1 Kings* (WBC 12). Waco: Word Books.
- De Vos JC, 2003. *Das Los Judas. Über Entstehung und Ziele der Landbeschreibung in Josua 15.* VTSup 102. Leiden: Brill.
- De Wette WML, 1806. *Beiträge zur Einleitung in das Alte Testament.* Halle.
- Diebner BJ, 1995. Juda und Israel-Zur hermeneutischen Bedeutung der Spannung zwischen Judaä und Samarien für das Verständnis des TNK als Literatur, in Prudky M (Hrsg). *Landgabe. Festschrift Jan Heller*, 86-132.
- Dietrich W, 1972. *Propheetie und Geschichte.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Dirksen PBI, 2005. *Chronicles* (Historical Commentary on the Old Testament). Leuven: Peeters.
- Doorly WJ, 2004. *Obsession with Justice. The story of the Deuteronomists.* New York: Paulist Press.
- Dozeman TB, 2002. Geography and Ideology in the Wilderness Journey from Kadesh through the Transjordan, in Gertz JC, Schmid K, Witte M (Hrsg). *Abschied vom Jahwisten. Die Komposition des Hexateuch in der jüngsten Diskussion .BZAW 315, 173-190.* Berlin: De Gruyter.
- Driver SR, 1891.² *An Introduction to the Literature of the Old Testament.* New York: Scribner's Sons.
- Dus J, 1960. Die Analyse zweier Landnahmeerzählungen des Josuabuches (Jos 3-4 und 6). *ZAW 72*: 107-134.

- Eaton JH, 1976. *Kingship and the Psalms*. SBT 2.32. London: SCM.
- Eissfeldt O, 1966. El and Jahwe. *Kleine Schriften III*. Tübingen: J. C. B. Mohr.
- 1974. *The Old Testament. An Introduction*. Oxford: Basil Blackwell.
- 1979. Kultzelt und Tempel. *Kleine Schriften VI*. Tübingen: J.C.B. Mohr.
- Engnell I, 1969² *A Rigid Scrutiny. Critical Essays on the Old Testament..* Translated by J.T. Willis. Nashville: Vanderbilt University Press.
- Esse D, 1988. The Archaeology of the Israelite Settlement by I. Finkelstein. *BAR* 14.5: 8-10.
- Eynikel E, 1996. *The Reform of King Josia and the Composition of the Deuteronomistic History*. Minneapolis: Fortress Press.
- Ewald GHA, 1867-1886. *History of Israel*. London: Longman, Green & Co.
- Fabry HJ, 1985. Spuren des Pentateuchredaktors in Jos 4:21, in Lohfink NL (Hg). *Das Deuteronomium*. BETL 68: 351-356. Leuven: Peeters.
- Fichtner J, 1956. Die etymologische Aetiologie in den Namengebungen der geschichtlicher Bücher des Alten Testaments. *VT* 6: 372-396.
- Finkelstein I , 1988. *The Archaeology of the Israelite settlement*. Jerusalem: Israel Exploration Society.
- 1993. The Socio-political Organization of the Central Hill Country in the Second Millenium BCE. *Biblical Archaeology Today 1990. Proceedings of the Second International Congress on Biblical Archaeology, Jerusalem, June 1990*, 119-131. Jerusalem: Israel Exploration Society
- 1996. Ethnicity and Origin of the Iron I Settlers in the High-Lands of Canaan. Can the Real Israel Stand Up? *BA* 59: 198-212.
- Finkelstein I & 1994. *From Nomadism to Monarchy. Archaeological and*

- Na`aman N, *Historical Aspects of Early Israel*. Washington: Biblical Archaeology Society.
- Finkelstein I & Silberman NA, 2001. *The Bible Unearthed. Archaeology's New Vision of Ancient Israel and the origins of its Sacred Texts*. New York: Free Press.
- Finley MI, 1991. Myth, Memory, and History, in Nunez A (ed). *Geschichtsbild und Geschichtsdenken in Altertum*. Wege der Forshung 631, 9-38. Darmstadt: Wissenschaftlicher Buchgesellschaft.
- Fischer G, 2005. *Jeremia 1-25* (HThK). Freiburg: Herder.
- Fohrer G, 1964. *Überlieferung und Geschichte des Exodus*. BZAW 91. Berlin: Alfred Töppelman.
- 1969. Altes Testament - 'Amphiktyonie und Bund?'. *BZAW* 115: 84-119.
- 1984. *Introduction to the Old Testament*. London: SPCK
- Freedman DN, 1980. Divine Names and Titles, in *Early Hebrew Poetry, in Pottery, Poetry, and Prophecy. Studies in Early Hebrew Poetry*. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Friedman RE, 1980. *The Exile and Biblical Narrative. The Formation of the Deuteronomistic and Priestly Works*. HSM 22. Chico, California: Scholars Press.
- Fritz V, 1981. The Israelite "Conquest" in Light of Recent Excavations at Khirbet-el Meshash. *BASOR*. 241: 61-73.
- 1987. Conquest or Settlement? *BA* 50 (2): 84-100.
- 1994. *Das Buch Josua* (HAT). Reihe 1:7. Tübingen: J. C. B. Mohr.
- 1997. *Zur Literatur und Geschichte des Alten Israel*. Stuttgart: Katolisches Bibelwerk.
- Free JP, 1992. *Archaeology and Bible History*. Grand Rapids: Zondervan.
- Gabriel I, 1990. *Friede über Israel. Eine Untersuchung zur Friedens-Theologie im Chronik I 10. – II 36*. Osterreichische biblische Studien 10. Klosterneuberg: ÖKB.

- Garbini G, 1988. *History and Ideology in Ancient Israel*. London: SCM.
- Gerhardsson, RB, 1961. *Memory and Manuscript*. Lund: C. W. K. Gleerup.
- Gerstenberger ES, 1995. *Rezension: O'Brien MA*. The Deuteronomistic History Hypothesis. A Reassessment. *BZ* 39: 114-115.
- 2001. *Psalms, Part 2, and Lamentations*. FOTL. Grand Rapids: Eerdmans.
- 2006. *Israel in der Perserzeit. 5. und 4. Jahrhundert v Chr* (Biblische Enzyklopädie 8). Stuttgart: Kohlhammer.
- Gertz JC, 2006. Kompositorische Funktion und literarhistorische Ort von Deuteronomium 1-3, in Witte M, Schmid K, Prechel D, Gertz JC (Hrsg). *Die deuteronomistischen Geschichtswerke. Redaktions- und religionsgeschichtliche Perspektiven zur "Deuteronomismus-Diskussion in Tora und Vorderen Propheten*, 103-124. Berlin: De Gruyter.
- Gilbert P, 1974. Légende or Saga? *VT* 24: 411-420.
- Golka F, 1970. Zur Erforschung der Aetiologien im Alten Testament. *VT* 20: 90-98.
- 1976. The Aetiologies in the Old Testament (part 1). *VT* 26: 410-428.
- 1977. The Aetiologies in the Old Testament (part 2). *VT* 27: 36-47.
- Görg M, 1991 *Josua* (NEB). Würzburg: Echter Verlag.
- Gottwald NK, 1983. Two models for the origins of Ancient Israel. Social Revolution or Frontier Development, in Huffmann HB, Spina FA & Green ARW (eds). *The Quest for the Kingdom of God. Studies in honour of George E Mendenhall*, 5-24. Winona Lake: Eisenbrauns.
- 1985. *The Tribes of Yahweh. A Sociology of the Religion of liberated Israel 1250- 1050 BCE*. New York: Orbis Books.
- 1989. Israel's Emergence in Canaan. *Bible Review* 26:34.
- Goulder MD, 1996. *The Psalms of Asaph and the Pentateuch*. Studies in

- The Psalter III. JSOTSup 233. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Grabbe LL, 2007. *Ancient Israel. What Do We Know and How Do We Know It?* Edinburgh: T & T Clark.
- Gray J, 1986. *Joshua, Judges, Ruth*. NCB. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Greenspoon LJ, 1983. *Textual Studies in the Book of Joshua*. HSM 28. Chico: Scholars Press.
- 1992. *The Qumran Fragments of Joshua. Which Puzzle are Part of and Where do They Fit?* SBL-SCS 33. Atlanta: Scholars Press.
- Groenewald A, 2005. Once again methods. Is there method in the madness? *OTE 17/4: 544-559*.
- Grossfeld B, 1972. Targum Neofiti 1 to Deut 31:7. *JBL 91: 533-534*.
- Gunkel H, 1968⁵. *Die Psalmen (HKAT)*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Gunneweg AHJ, 1965. *Leviten und Priester. Hauptlinien der Traditionsbildung und Geschichte israelitisch-judischen Kultpersonals*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Hamlin EJ, 1983. *Inheriting the Land. A Commentary on the Book of Joshua*. ITC. Grand Rapids: Eerdmans.
- Hayes JH, 1983. *Exegesis. A Beginner's Handbook*. London: SCM.
- Hawk DL, 1991. *Every Promise Fulfilled. Contesting Plots in Joshua*. Louisville: John Knox.
- Halpern B, 1983. *The First Historians. The Hebrew Bible and History*. San Francisco: Harper & Row.
- Haupt P, 1904. Moses' Song of Triumph. *AJSL 20: 142-172*.
- Heckl R, 2004. *Moses Vermächtnis. Kohärenz, literarische Intention und Funktion von Dtn 1-3*. ABG 9. Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt.
- Hentschel G, 2008. Das Buch Josua, in Zenger E (Hg). *Einleitung in das Alte Testament*. Studienbücher 1,1. Stuttgart: Kohlhammer.

- Hermann S, 1969. Autonome Entwicklungen in den Königreichen Israel und Juda. *VTS* 17: 139-158.
- Hertog Den CG, 1996. *Studien zur griechischen Übersetzung des Buches Josua* Unveröffentlichte Dissertation. Universität Giessen.
- Herzberg HW, 1965.³ *Die Bücher Josua, Richter, Ruth* (ATD IX). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Herzog Z, 2002. The Fortress Mound at Tel-Arad. An Interim Report. *TA* 3: 3-109.
- Hess RS, 1996. *Joshua. An Introduction and Commentary* (Tyndale Old Testament Commentaries). Leicester: Inter-Varsity Press.
- Hobbs TR, 1989. *A Time for War. A Study of Warfare in the Old Testament*. Wilmington: Michael Glazier.
- Hoffmann HD, 1980. *Reform und Reformen. Untersuchungen zu einem Grundthema der deuteronomistischen Geschichtsschreiben*. ATANT 66. Zürich: Theologischer Verlag.
- Hoffmeier JK, 1994. The Structure of Josua 1-11 and the Annals of Thutmose III, in Millard AR, Hoffmeier JK, Baker DW (eds). *Faith, Tradition, and History. Old Testament Historiography in Its Near Eastern Context*, 165-180. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Hossfeld FL, 1993. Psalmen, in Hossfeld FL & Zenger E, 1993. *Die Psalmen. Psalm 1-50*. NEB. Würzburg: Echter Verlag.
- 2004. Das Buch Ezechiel, in Zenger E (Hg). *Einleitung in das Alte Testament. Studienbücher Theologie 1,1*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Huizenga JA 1936. A Definition of the Concept of History, in Klibansky R & Paton H (ed). *Philosophy and History. Essays Presented to Ernst Cassirer*. Oxford: Clarendon.
- Human DJ, 1993. *Die begrip berit in `n aantal klaagpsalms. `n Perspektief*. Ongepubliseerde DD proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- 2001. Exodus 15:1-21: Lob an den unvergleichlichen Gott!

- (Praise for the incomparable God!). *OTE* 14/3: 419-433.
- Iggers G, 1984. *New Directions in European Historiography*. Middletown, Connecticut: Wesleyan Press.
- Ishida T, 1976. *The Royal Dynasties in Ancient Israel*. BZAW 142. Berlin: De Gruyter.
- Johnson AR, 1979. *The Cultic Prophet and Israel's Psalmody*. Cardiff: University of Wales Press.
- Johnstone W, 2002. The Use of the Reminiscences in Deuteronomy in Recovering the Two Main Literary Phases in the Production of the Pentateuch, in Gertz JC, Schmid K, Witte M. *Abschied von Jahwisten. Die Komposition des Hexateuchs in der jüngsten Diskussion*. BZAW 315, 247-274. Berlin: De Gruyter.
- Jones GH, 1972. Holy War of JHWH War? *VT* 25: 642-658.
- Jones GH, 1988. The Concept of Holy War, in Clements RE (ed). *The World of Ancient Israel*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Jonker LC, 1996. *Exclusivity and Variety. Perspectives on Multi-dimensional Exegesis*. Kampen: Kok.
- Jüngling HW, 2008. Das Buch Jesaja, in Zenger E (Hg). *Einleitung in das Alte Testament*. Studienbücher 1,1. Stuttgart: Kohlhammer.
- Kang SM, 1989. *Divine War in the Old Testament and the Ancient Near East*. Berlin: De Gruyter.
- Keel O, 2002. Der salomonische Tempelweispruch. Beobachtungen zum religionsgeschichtlichen Kontext der Ersten Jerusalemer Tempels, in Keel O & Zenger E (Hrsg). *Gottstadt und Gottesgarten. Zu Geschichte und Theologie des Jerusalemer Tempels*. QD, 9-24. Freiburg: Herder.
- Keel O & Uehlinger C, 1994. Jahwe und die Sonnengottheit, in Dietrich W & Klopfenstein M (Hrsg). *Ein Gott allein? YHWH-*

Verehrung und biblischer Monotheismus im Kontext der Israelitischen und altorientalischen Religionsgeschichte, 296-306, 281-285.

- Keller CA, 1956. Über einige alttestamentliche Heiligtumslegenden II. *ZAW* 68: 85-97.
- Kempinski A, 1993. When History Sleeps, Theology Arises. A Note on Joshua 8:3-35 and the Archaeology of the ‘Settlement Period’, in Ahittuv BA & Levine BA (eds). *Avraham Malamet Volume, 175-183*. Eretz-Israel 24. Jerusalem: Magnes.
- Killebrew AE, 2005. *Biblical peoples and Ethnicity. An Archaeological Study of Egyptians, Canaanites, Philistines, and Early Israel 1300-1000 B.C.E.* SBLABS 9. Atlanta: Society of Biblical Literature.
- 2006. The emergence of Ancient Israel. The Social Boundaries of ‘n “mixed multitude” in Canaan, in Maeir AM & de Miroschedji (eds). ‘*I Will Speak the Riddles of Ancient Times*’. *Archaeological and Historical Studies in Honor of Amihai Mazar on the Occasion of his Sixtieth Birthday, 555-572*. Winona Lake: Eisenbrauns
- Kirkpatrick AF, 1985. *The Book of Psalms*. Grand Rapids: Baker.
- Kirkpatrick PG, 1988. *The Old Testament and Folkore Studies*. JSOTSup 62. Sheffield: JSOT Press.
- Knauf EA , 1991. From History to Interpretation, in D Edelman (ed). *The Fabric of History. Text, Artifact and Israel`s Past*. JSOTSup 127, 26-64. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 1998. Audiatur et altera pars. Zur Logik der Pentateuchredaktion. *Bibil und Kirche*: 118-126.
- 2000. Does Deuteronomistic Historiography (DtrH) Exist? in De Pury A, Römer TC & Macchi JD (eds). *Israel Constructs its History. Deuteronomistic His-*

- *toriography in Recent Research*. JSOTSup 306, 388-398. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 2002. Towards an Archaeology of the Hexateuch, in Gertz JC, Schmid K, Witte M (Hrsg). *Abschied vom Jahwisten. Die Komposition des Hexateuchs in der jüngsten Diskussion*. BZAW 315, 275-294. Berlin: De Gruyter.
- 2006. Bethel: The Israelite Impact on Judean Language and Literature, in Lipschits O & Oeming M (Hrsg). *Judah and the Judeans in the Early Persian Period*, 291-350. Winona Lake: Eisenbrauns.
- 2008. *Josua* (Zürcher Bibelkommentare 6). Zurich: Theologische Verlag.
- Knoppers G, 1999. Jerusalem at War in Chronicles, in Hess RS & Wenham GD (eds). *Zion City of our God*, 57-76. Grand Rapids: Eerdmans.
- 2004. *1 Chronicles 1-9* (AB). New York: Doubleday.
- 2006. Revisiting the Samaritan Question in the Persian Period, in Lipschits O & Oeming M (eds). *Judah and the Judeans in the Persian Period*, 265-290. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Kofoed JB, 2005. *Text and History. Historiography and the Study of the Biblical text*. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Kohata F, 1986. *Jahwist und Priesterschrift in Exodus 3-4*. BZAW 166. Berlin: De Gruyter.
- Koopmans WT, 1990. *Josua 24 as Poetic Narrative*. JSOTSup 93. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Koorevaar HJ, 1990. *De Opbouw van het Boek Jozua*. Brussels: Heverlee.
- Kratz RG, 2005. *The Composition of the Narrative Books of the Old Testament*. Edinburgh: T&T Clark.
- Kraus HJ, 1951. Gilgal. *VT* 1: 181-199.
- 1966. *Worship in Israel*. Oxford. University of Oxford Press.
- Kuhn TS, 1970. *The Structure of Scientific Revolutions*. Chicago: University of Chicago Press.

- Kühnert G, 1982. *Das Gilgal passah: Literarische, Überlieferungs-
geschichte und Geschichtliche Untersuchungen zu Josua
3-6.* Diss: Mainz.
- Langlamet F, 1969. *Gilgal et les récits de la traversée du Jordan.* CahRB 11
Paris: J. Gabalda.
- Lapointe R, 1990. Tradition and Language. The Import of Oral Expres-
sion, in Knight DA (ed). *Tradition and Theology in the
Old Testament*, 126-142. Sheffield: Sheffield Academic
Press.
- Latvus K, 1998. *God, Anger and Ideology. The Anger of God in
Joshua and Judges in Relation to Deuteronomy and the
Priestly Writings.* JSOTSup 279. Sheffield: Sheffield
Academic Press.
- Lemaire A, 1998. The Tel Dan Stela as Piece of Royal Historiography.
JSOT 81: 3-14.
- Lemche, NP, 1977. The Greek Amphictiony. Could it be a prototype for
the Israelite society in the period of the Judges?
JSOT 4: 48-59.
- 1990. *Ancient Israel. A New History of Israelite Society.*
Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 1991. *The Canaanites and their Land. The Tradition of the
Canaanites.* JSOTSup 110. Sheffield: Sheffield
Academic Press.
- 1993. City Dwellers of Administrators. Further Light on the
Canaanites, in Lemaire A & Otzen B (eds). *History
and Traditions of Early Israel. Studies presented
to Eduard Nielsen.* VTSup 50. Leiden: Brill.
- 1996. Early Israel Revisited. *CR:BS* 4: 9-34.
- 1998. *The Israelites in History and Tradition. Library of
Ancient Israel.* London: SPCK.
- 1999. Is it still Possible to write a History of Israel? in
Long VP (ed). *Israel's Past in Present Research.
Essays on Ancient Israelite Historiography. Source*



- 2000. *for Biblical and Theological Study*, 391-414. Winona Lake: Eisenbrauns.
- 2000. Good and bad in History. The Greek Connection, in McKenzie SL & Römer TC (eds). *Rethinking the Foundations. Historiography in the Ancient World and the Bible. Essays in Honour of John Van Seters*. BZAW 294. Berlin: De Gruyter.
- Levin C, 1985. *Die Verheissung des neuen Bundes in ihrem theologiegeschichtlichen Zusammenhang ausgelegt*. FRLANT 137. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- 1993. *Der Jahwist*. FRLANT 157. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Lind MC, 1990. *Yahweh is a Warrior in Monotheism, Power, Justice. Collected Old Testament Essays*. Text Reader Series 3. Elkhart: Institute of Mennonite Studies.
- Lindeque CG, 2001. *Die Boek Josua gelees teen 'n ná-eksiliese agtergrond*. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Lipschits O, 1999. The History of the Benjamin Region under Babylonian Rule. *Tel Aviv* 26: 155-190.
- 2003. Demographic Changes in Judah between the Seventh and Fifth Centuries B.C.E, in Lipschits O & Blenkinsopp J (eds). *Judah and the Judeans in the Neo-Babylonian Period*, 323-376. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Loader JA, 1987, Jona, in Bosman HL & Loader JA (red). *Vertellers van die Ou Testament*, 123-127. Kaapstad: Tafelberg.
- Lohfink N, 1962. Die deuteronomistische Darstellung des Übergangsführung Israels von Moses auf Josua: Ein Beitrag zur alttestamentlichen Theologie des Amtes. *Scholastic* 37: 32-44.
- 1981. Kerygmata des deuteronomistischen Geschichtswerks, in Jeremias J & Perlitt L (Hrsg). *Die Botschaft und die Boten. Festschrift für HW Wolff zum 70*.

- 1991. *Geburtstag*. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
Studien zum Deuteronomium und zur deuteronomis-
tischen Literatur. SBAB.AT 8. Stuttgart: Katolisches
 Bibelwerk.
- 1994. *Theology of the Pentateuch: Themes of the Priestly*
Narrative and Deuteronomy. Translated by. L. M.
 Maloney. Minneapolis: Fortress Press.
- 1999. Was there a Deuteronomistic Movement? in Shearing
 LS & Mckenzie SL (eds). *Those Elusive Deutero-*
nomists. The Phenomenon of Pan-Deuteronomism.
 JSOTSup 268, 36-66. Sheffield: Sheffield Academic
 Press.
- Long BO, 1968. *The Problem of Etiological Narrative in the Old*
Testament. BZAW 108. Berlin: Alfred Töppelman.
- Long VP, 1994. *The Art of Biblical History*. Foundations of
 Contemporary Interpretation 5. Grand Rapids:
 Zondervan.
- Mann TW, 1977. *Divine Presence and Guidance in Israelite Traditions*
 Baltimore: Johns Hopkins Press.
- McGovern PE, 1987. Central Transjordan in the Late Bronze and Early
 Iron Ages. An alternative Hypothesis of Socio-
 Economic Transformation and Collapse, in Hadidi A
 (ed). *Studies in the History and Archaeology of*
Jordan, 267-273. Amman: Department of Antiquities
 of Jordan.
- Maier J, 1965. *Das altisraelitische Ladeheiligtum*. BZAW 93. Berlin:
 Alfred Töppelman.
- Mayes ADH, 1981. *Deuteronomy* (NCB). Grand Rapids, Michigan:
 Eerdmans.
1983. *The Story of Israel between Settlement and Exile*.
 London: SCM.
- McCarter PK, 1984. *I Samuel* (AB 9). Doubleday: New York.
- McCarthy DJ, 1971. An Installation Genre? *JBL* 90: 31-41.

- McConville JG, 1993. *Grace in the End. A Study in Deuteronomic Theology.* Grand Rapids: Zondervan.
- Mckane W, 1996. *A Critical and Exegetical Commentary on Jeremiah* (ICC). Edinburgh: T&T Clark.
- McKenzie SL, 1991. *The Trouble with Kings. The Composition of the Books of Kings in the Deuteronomistic History.* VTSup 42. Leiden: Brill.
- 2000. The Trouble with Kingship, in De Pury A, Römer TC & Macchi JD (eds). *Israel Constructs Its History. Deuteronomistic Historiography in Recent Research.* JSOTSup 306, 286-314. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Mendels D, 1998. *Identity, Religion and Historiography.* JSOTSup 24. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Mendenhall GE, 1962. The Hebrew Conquest of Palestine. *BA* 25: 66-87.
- 1976. *The Tenth Generation. The Origins of Biblical Tradition.* Baltimore: Johns Hopkins University.
- 1983. Ancient Israel's Hyphenated History, in Freedman DN, Graf DN (eds). *Palestine in Transition*, 66-87. Sheffield: Almond Press.
- Merendino RP, 1969. *Das deuteronomische Gesetz. Ein literarkritische, gattungs- und überlieferungsgeschichtliche Untersuchungen zu Dt 12-26.* BBB 31. Bonn: Hanstein.
- Merling D, 1996. *The Book of Joshua: Its Theme and Role in Archaeological Discussions.* Andrews University Seminary Doctoral Dissertations Series 23. Michigan: Andrews University Press.
- Millard AR, 1994. Story, History, and Theology, in Millard AR, Hoffmeier JK, Baker DW (eds). *Faith, Tradition, and History: Old Testament Historiography in Its Near Eastern Context*, 37-64. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Miller JM, 1977. The Israelite Occupation of Canaan, in Hayes JH & Miller JM (eds). *Israelite and Judean History*, 213-

217. London: SCM.
- Miller JM & Tucker GM, 1974. *The Book of Joshua* (The Cambridge Bible Commentary). Cambridge: Cambridge University Press.
- Miller PD , 1973. *The Divine Warrior in Early Israel*. HSM 5. Cambridge: Harvard University Press.
- Milgrom J, 1970. *Studies in Levitical Terminology, I: The Encroacher and the Levite. The term 'Aboda'*. Berkley: Unversity of California Press.
- Mittmann S, 1975. *Deuteronomium 1,1-6,3. Literarkritisch und traditionsgeschichtlich untersucht*. BZAW 139. Berlin: De Gruyter.
- Moran SL, 1975. *Deuteronomy* (A New Catholic Commentary on the Holy Scripture). Surrey: Nelson.
- Mowinckel SL, 1961. *Psalmstudien I-II*. Amsterdam: P Schippers.
1992. *The Psalms in Israel's Worship*. Translated by D.R. Ap-Thomas. Sheffield: JSOT Press.
- Muilenberg J, 1966. A Liturgy on the Triumphs of Yahweh, in Vriezen TH.C (ed). *Studia Biblica et Semitica. T.C. Vriezen Dedicata*, 238-250. Wageningen: Veenman.
- Mullen ET, 1993. *Narrative History and Ethnic Boundaries. The Deuteronomistic Historian and the Creation of Israelite National Identity*. SBLSS. Atlanta: Scholars Press.
- Na`aman N, 1994. The Conquest of Canaan in the Book of Josua and History, in Na`aman N & Finkelstein I (eds). *From Nomadism to Monarchy. Archaeological and Historical Aspects of Ancient Israel*, 218-281. Washington: Biblical Archaeology Society.
- 2000. Deuteronomy and the Cultic Site Near Sichem, in McKenzie SL, Römer TC (eds). *Rethinking the Foundations. Historiography in the Ancient World*

- and the Bible. Essays in Honour of John Van Seters.*
BZAW 294. Berlin: De Gruyter.
- Nel M, 2000. *’n Teologies-hermeneutiese ondersoek na Daniël 1 en 2.* Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Nelson RD, 1981. *The Double redaction of the Deuteronomistic History.* JSOTSup 18. Sheffield: JSOT Press.
- 1997. *Joshua: A Commentary.* OTL. Westminster: John Knox.
- Niditch S, 1996. *Oral World and Written Word.* Louisville: John Knox.
- Noort E, 1986. Land in Zicht? Geloofsvisie, werklikheid en gesiedenis in het oudtestamentiese spreken van het land. Enkele opmerkinge na aanleiding van Jozua 21:43-45, in *Tussen openbaring en ervaring. Studies Aangeboden aan prof.dr G.P Hartveld.* Kampen: Kok.
- 1988. *Das Buch Josua. Forschungsgeschichte und Problemfelder.* ErFor 292. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- 1994. Josua und seine Aufgabe: Bemerkungen zu Josua 1:1-4, in Niemann HM, Augustin M & Schmidt WH (Hrsg). *Nachdenken über Israel, Bibel und Theologie. Festschrift für Klaus-Dieter Schunk.* BEATAJ 37,69-87. Frankfurt am Main.: Peter Lang.
- 1997. The Traditions of Ebal and Gerizim. Theological Positions in the Book of Joshua, in Vervenne M & Lust J (eds). *Deuteronomy and Deuteronomistic Literature. Festschrift C.H.W Brekelmans.* BETL 133, 161-180. Leuven: Peeters.
- 1998. 4QJosh and the History of Tradition in Joshua. *JNSL* 24: 127-144.
- 2000. Josua. Reception and Hermeneutics, in De Moor J C

- & Van Rooy H F (eds). *Past, Present, Future. The Deuteronomistic History and the Prophets*, 199-215. Leiden: Brill.
- Noth M, 1953.² *Das Buch Josua*. HAT7. Tübingen: J.C.B. Mohr.
..... 1957. Hat die Bibel docht Recht? in *Festschrift für Gunther Dehn*, 7-22. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
..... 1959. *Das Zweite Buch Mose. Exodus* (ATD 5). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
..... 1968. *Numbers*. Translated by J.D. Martin (OTL). Philadelphia: Westminster.
..... 1971. *Aufsätze zur biblischen Landes-und Altertumskunde. Vol 1*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
..... 1972. *A History of Pentateuchal Traditions*. Translated by B. W. Anderson. Englewood Cliffs: Prentice Hall.
..... 1981. *The Deuteronomistic History*. JSOTSup 15. Sheffield: JSOT Press.
..... 1983. *The History of Israel*. London: SCM.
- Nyberg HS, 1935. *Studien zum Hoseabuch: Zugleich ein Beitrag zur Klärung des Problems des alttestamentliche Textkritik*. UUA 6. Uppsala: Almqvist & Wiksells.
- O'Brien MA, 1989. *The Deuteronomistic History Hypothesis. A Reassessment*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht..
- Ollenburger BC, 1987. *Zion the City of the Great King*. JSOTSup 41. Sheffield: JSOT Press.
- Otto E, 1975. *Das Mazzotfest in Gilgal*. BWANT 107. Stuttgart: Kohlhammer.
..... 2000. *Das Deuteronomium: Politische Theologie und Rechtsreform in Juda und Assyrien*. BZAW 284. Berlin: De Gruyter.
..... 2004. The Pentateuch in Synchronical and Diachronical Perspectives. Protorabbinic Scribal Erudition Mediating between Deuteronomy and the Priestly Code, in Otto E & Achenbach R (Hrsg).

- Deuteronomium zwischen Pentateuch und deuteronomistischen Geschichtswerk.* FRLANT 206, 14-35. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Ottoson M, 1991. *Josua-boken- en programskrif for davidsk restauration.* Uppsala: Almqvist & Wiksell.
- Peckham B, 1984. The Composition of Joshua 3-4. *CBQ* 46: 413-431.
- 1985. *The Composition of the Deuteronomistic History.* HSM. Georgia: Scholars Press.
- Perlitt L, 1969. *Bundestheologie im Alten Testament.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Plöger JG, 1966. *Literarkritische, formgeschichtliche und stilkritische Untersuchungen zu Deuteronomium.* BBB 26. Bonn: Hanstein.
- Potgieter JH, 1991. *n Narratologiese ondersoek van die boek Jona.* HTS Supplementum 3. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Pola T, 1995. *Die ursprüngliche Priesterschrift. Beobachtungen zur Literarkritik und Traditionsgeschichte von P^g.* WMANT 70. Neukirchen-vluyn: Neukirchener Verlag.
- Polzin R, 1980. *Moses and the Deuteronomist. A Literary Study of the Deuteronomistic History.* New York: Seabury Press.
- Preuss HD, 1982. *Deuteronomium.* EdF164. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- 1983. Zum deuteronomistischen Geschichtswerk. *ThR* 58: 226-264; 341-395.
- Prinsloo WS, 1991. *Die Psalms leef!* Pretoria : NGKB.
- Provan IW, 1988. *Hezekiah and the Book of Kings. A contribution to the debate about the Composition of the Deuteronomistic History.* BZAW 172. Berlin: De Gruyter.
- Raurell F, 2006. The Notion of History in the Hebrew Bible, in Benages C & Liesen J (eds). *Deutero-canonical and Cognate Yearbook 2006. History and Identity. How Israel's Later Authors viewed Its Earlier History,*

- 1-14. Berlin: De Gruyter.
- Rabe V, 1967. Israelite Opposition to the Temple. *CBQ* 29: 228-233.
- Rendtorff R, 1967. Literarkritik und Traditionsgeschichte. *EvT* 27: 138-153.
- 1975. *Der "Jahwist" als Theologe? Zum Dilemma der Pentateuchkritik*. VTSup 28. Leiden: Brill.
- 1990. *The Problem of the Process of Transmission of the Pentateuch*. Translated by. J.J. Scullion SJ. JSOTSup 89. Sheffield: JSOT Press.
- 1993. The Paradigm is Changing. Hopes-and Fears. *Biblical Interpretation* 91: 34-53.
- Richter W, 1970. *Die sogenannten vorprophetischen Berufsberichte. Eine literaturwissenschaftliche Studie zu 1 Sam 9:1-10, Ex 3:f und Ri 6:11b-17*. FRLANT 101. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Rofé A, 1982. The End of the Book of Joshua in the Septuagint. *Henoch* 4:17-35.
- 1988. *Introduction to the Pentateuch. Part 1 and further Chapters*. Jerusalem: Akademon Press.
- 1994. The Editing of the Book of Joshua in the Light of 4QJosh^a, in Brooke GJ & Martínez FG (eds). *New Qumran Texts and Studies. Proceedings of the First Meeting of the International Organization for Qumran. St dies. Paris*. STDJ 15, 73-80. Leiden: Brill.
- Römer TC, 1990. *Israels Väter: Untersuchen zu Väterthematik im Deuteronomium und in der deuteronomistischen Tradition*. OBO 99. Fribourg und Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- 2006. Entstehungsphasen des "deuteronomistischen Geschichtswerkes", in Witte M, Schmid K, Prechel D, Gertz JC (Hrsg). *Die deuteronomistischen Geschichtswerke. Redaktions-und religionsgeschichtliche Perspektiven zur*

- “Deuteronomismus”- Diskussion in Tora und Vorderen Propheten. BZAW 365, 45-70. Berlin: De Gruyter.
- 2007(a) Israel’s Sojourn in the Wilderness, in Rezetko T, Lim TH & Aucker WB (eds). *Reflection and Refraction. Studies in Biblical Historiography in Honour of A. Graeme Auld*. VTSup 113, 419-446. Leiden: Brill.
- 2007²(b) *The So-Called Deuteronomistic History. A Sociological, Historical and Literary Introduction*. Edinburgh: T& T Clark.
- Rose M, 1976. Entmilitarisierung des Kriege? Erwägungen zu den Patriarchen-Erzählungen der Genesis. *BZ* 20: 197-211.
- 1981. *Deuteronomist und Jahwist. Untersuchungen zu den Berührungspunkten beider Literaturwerke*. AthANT 67. Zürich: Theologischer Verlag.
- Rowlett LL, 1996. *Joshua and the Rhetoric of Violence. A New Historicist Analysis*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 1997. Inclusion, exclusion and marginality in the book of Josua, in Exum CJC (ed). *The Historical Books: A Sheffield Reader*, 63-71. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Rudolph W, 1938. *Der “Elohst” von Exodus bis Josua*. BZAW 68. Berlin: Alfred Töpelmann.
- Schaper J, 2000. *Priester und Leviten im achämendischen Juda. Forschungen zum Alten Testament*. Tübingen: Mohr Siebeck.
- Schäfer-Lichtenberger 1983. *Stadt und Eidgenossenschaft im Alten Testament*. BZAW 156. Berlin: De Gruyter.
- C,
- 1995. *Josua und Salomo. Eine Studie zu Autorität und Legitimität des Nachfolgers im Alten Testament*. VTSup 58. Leiden: Brill.

- Schunk KD, 1971. Zentralheiligtum, Grenzheiligtum und Höhenheiligtum in Israel. *Numen* 18:132-140.
- Schmid HH, 1976. *Der sogenannte Jahwist. Beobachtungen und Frage zur Pentateuchforschung.* Zürich: Theologischer Verlag.
- Schmid K, 1999. *Erzväter und Exodus. Untersuchen zur doppelten Begründung der Ursprünge Israels innerhalb der Geschichtsbücher des Alten Testaments.* WMANT 81. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- Scmidt WH, 1989⁴ *Einführung in das Alte Testament.* Berlin: De Gruyter.
- 1995⁴ *Exodus, Sinai und Mose. Erwägungen zu Ex 1-19 und 24.* EdF 191. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Schreiner J, *Sion-Jerusalem. Jahwe`s Königsitz.* Studien zum Alten und Neuen Testament. Vol 7. München: Kosel.
- Schwally F, 1901. *Der heilige Krieg im alten Israel.* Leipzig: Deiterich.
- Schwienhorst-Schönberger L, 1986. *Die Eroberung Jerichos. Exegetische Untersuchung zu Jos. 6.* SBS 122. Stuttgart: Verlag Katolisches Bibelwerk.
- Seebass H, 1983. Gehörten Verheissungen zur ältesten Bestand der Vätererzählungen? *Bib* 64: 189-210.
- 1995. Josua. *BN* 28:53-65.
- Seybold K, 1996. *Die Psalmen* (HAT 1/15). Tübingen: J. C. B. Mohr.
- Simpson CA, 1948. *The Early Traditions of Israel. A Critical Analysis of the Pre-Deuteronomiac Narrative of the Hexateuch.* Oxford: Basil Blackwell.
- Ska JL, 2006. *Introduction to Reading the Pentateuch.* Winona Lake: Eisenbrauns.
- Smelik KAD, 1985. *Historische Dokumente aus dem alten Israel.* Kleine Reihe. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- 1996. Nieuwe ontwikkelingen rond de inscriptie uit Tel Dan. *ACEBT* 14: 131-141.
- Smend R, 1963. *Jahwekrieg und Stämmebund.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.



- 1968. *Elemente alttestamentlicher Geschichtsdenkens*. Theologische Studien 95. Zürich: EVZ-Verlag.
- 1971. Das Gesetz und die Völker. Ein Beitrag zur deuteronomistischen Redaktionsgeschichte, in Wolff HW (Hg). *Probleme biblischer Theologie. Gerhard von Rad zum 70. Geburtstag*, 494-509. München: Kaiser Verlag.
- 1989. *Die Entstehung des Alten Testaments*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Smith M, 1987. *Palestinian Parties and Politics that shaped the Old Testament*. London: SCM.
- Smith MS, 2001. *The Origins of Biblical Monotheism: Israel's Polytheistic Background and the Ugaritic Texts*. Oxford: Oxford University Press.
- Snyman SD, 1996. 'n Struktureel- historiese benadering tot die eksegesi van die Ou Testament. *NGTT* 37/ 4: 540-549.
- Soggin JA, 1972. *Josua*. Translated by R.A. Wilson (OTL). London: SCM.
- 1985. *A History of Israel. From the Beginnings to the Bar Kocba Revolt, AD 135*. Translated by J. Bowden. London: SCM.
- Steck OH, 1982. Strömungen theologischer Tradition, in *Wahrnehmungen Gottes im Alten Testament*. TB 70, 291-317. München: Kaiser Verlag.
- 1995. *Old Testament Exegesis: A Guide to the Methodology*. SBL Resources for Biblical Study 33. Atlanta: Scholars Press.
- Steins G, 2006. *Die Chronik als kanonisches Abschlussphänomen. Studien zur Entstehung und Theologie von 1/2 Chronik*. Weinheim: Beltz Athenäum.
- 2008. Die Bücher der Chronik, in Zenger E (Hg). *Einleitung in das Alte Testament*. Studienbücher 1,1. Stuttgart: Kohlhammer.

- Steuernagel C, 1900. *Übersetzung und Erklärung der Bücher Deuteronomium und Josua und Allgemeine Einleitung in den Hexateuch.* HKAT 1/3. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Strange J, 1993. The Book of Joshua. A Hasmonean Manifesto?, in Lemaire A & Otzen B (eds). *History and Traditions of Ancient Israel. Studies Presented to Eduard Nielsen.* VTSup 50, 136-141. Leiden: Brill.
- 2002. The Book of Joshua-Origin and Dating. *SJOT* 16/1: 44-51.
- Strauss H, 1985. Das Meerlied des Mose-ein 'Siegeslied' Israels? *ZAW* 97: 103-109.
- Stolz F, 1971. *Jahwes und Israels Kriege.* AThANT 60. Zürich: Theologischer Verlag.
- Tate ME, 1990. *Psalms 51-100* (WBC 20). Waco: Word Books.
- Thompson TL, 1991. Text, Context and Referent in Israelite Historiography, in Edelman DV (ed). *The Fabric of History. Text, Artifact and Israel's Past.* JSOTSup 127, 65-92. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 1994. *Early History of the Israelite People from the Written and Archaeological Sources.* Studies in the history of the Ancient Near East. New York: Brill.
- 1994(b) Marin Noth and the History of Israel's Traditions, in McKenzie SL & Graham PG (eds). *The History of Israel's Traditions. The Legacy of Martin Noth.* JSOTSup 182, 81-91. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 1995. House of David": An Eponymic Referent to Yahweh as Godfather. *JSOT* 9: 59-74.
- 1999. *The Bible in History. How Writers Create a Past.* London: Jonathan Cape.
- Tournay R 1958 Chronologie des Psaumes. *RB* 65: 335-357.
- Tov E, 1986. The Growth of the Book of Joshua in the light of the

- Ulrich E, 1995. Evidence of the LXX translation, in Japhet S (ed). *Studies in the Bible*. SH 31. Jerusalem: Magnes. 4QJosh, in Ulrich E, Cross FM, Crawford SW, Duncan JA, Skehan PW, Tov E & Trebolle Barrera J (eds). *Qumram Cave 4.IX. Deuteronomy, Joshua, Judges, Kings*. DJD 14, 143-152. Oxford: Oxford University Press.
- Uspensky B, 1973. *A Poetics of Composition*. Berkeley: University of California Press.
- Van der Meer MN, 2004. *Formulation and Reformulation. The Redaction of the Book of Joshua in the Light of the Oldest Textual Witnesses*. VTSup 102. Leiden: Brill.
- Van der Steen EJ, 2004. *Tribes and Territories in Transition. The Central East Jordan Valley in the Late Bronze Age and the Early Iron Ages. A Study of the Sources*. OLA 130. Leuven: Peeters.
- Van Dyk P, 1987. Die Kronistiese Geskiedswerk, in Bosman HL & Loader JA (eds). *Vertellers van die Ou Testament. Die Literatuur van die Ou Testament Deel 2*, 75-97. Kaapstad: Tafelberg.
1990. The Function of so-called Etiological Elements in Narratives. *ZAW* 102: 19-33.
- Van Seters J, 1972. Confessional Reformulations in the Exilic Period. *VT* 22: 398-410.
- 1983. *In Search of History. Historiography in the Ancient World and the Origins of Biblical History*. New Haven: Yale University Press.
- 1999(a) *The Pentateuch. A Social-Science Commentary*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 1999(b) Joshua's Campaign of Canaan and Near Eastern Historiography, in Long VP (ed). *Israel's Past in Present Research: Essays on Ancient Israelite Historiography. Sources For Biblical and Theological*

- Study 7, 170-180. Winona Lake: Eisenbrauns
- Vansina J, 1985. *Oral Tradition as History*. London: James Curey.
- Veijola T, 1977. *Das Königtum in der Beurteilung der deuteronomistischen Historiographie. Eine redaktionsgeschichtliche Untersuchung*. AASF B 198. Helsinki: Suomalainen Tiedeakademi
- Vogt E, 1965. Die Erzählung von Jordanübergang. Josua 3-4. *Bib* 46: 125-148.
- Volz P & Rudolph W, 1933. *Der Elohist als Erzähler. Ein Irrweg der Pentateuchkritik?* BZAW 63. Giessen.
- Von Rad G, 1953. *Studies in Deuteronomy*. Translated by D.M.G.Stalker. Chicago: H. Regnery.
- 1962. *Old Testament Theology I*. Translated by D.M.G.Stalker. New York: Harper.
- 1966a *The Problem of the Hexateuch and other Essays*. Edinburgh: Oliver & Boyd.
- 1966b *Deuteronomy*. Translated by D. Barton (OTL). London: SCM.
- 1973. Deuteronomium-Studien, in *Gesammelte Studien zum Alten Testament*. TB 48, 109-153. München: Kaiser Verlag.
- 1991. *Holy War in Ancient Israel*. Translated by M.J. Dawn. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- 2005. *From Genesis to Chronicles. Explorations in Old Testament Theology*. Minneapolis: Fortress Press.
- Von Schuler E, 1957. *Hetitische Dienstanweisungen*. AfO Bech 10: Graz.
- Vörländer H, 1978. *Die Entstehungszeit des jehowistischen Geschichtswerke*. EHS.T 109. Frankfurt: Peter Lang.
- Vos CJA, 2005. *Theopoetry of the Psalms*. Pretoria: Protea.
- Wagner S, 1964. Die Kundschaftergeschichten im Alten Testament. *ZAW* 76:255vv
- Waltke BK, 1969. Aims of Textual Criticism. *WTJ* 51: 93-101.
- Walton JH, 1994. Joshua 10:12-15 and the Mesopotamian Celestial

- Omen Texts, in Millard AR, Hoffmeier JK, Baker DW (eds). *Faith, Tradition, and History. Old Testament Historiography in Its Near Eastern Context*, 181-190. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Wambacq M, 1980. Les Massôt. *Bib* 61: 31-54.
- Watson WGE, 2005.³ *Classical Hebrew Poetry. A Guide to Its Techniques*. Edinburgh: T&T Clark.
- Watts JDW, 1957. The Song of the Sea-Ex.XV. *VT* 7: 371-380.
- Weber M, 1952. *Ancient Judaism*. Glencoe: Free Press.
- Weimar P, 1976. Die Jahwekriegserzählungen in Exodus 14, Josua 10, Richter 4 und 1 Samuel 7. *Bib* 57:38-73.
- 1977. *Untersuchungen zu Redaktionsgeschichte des Pentateuchs*. BZAW 146. Berlin: De Gruyter.
- Weinfeld M, 1979. *Getting at the Roots of Wellhausen`s Understanding of the Law In Israel*. Jerusalem: Magnes.
- 1983. Divine Intervention in War in Ancient Israel and the Ancient Near East, in Weinfeld M & Tadmor H (eds). *History, Historiography and Interpretation. Studies in Biblical and Cuneiform Literatures*. Jerusalem: Magnes.
- 1991. *Deuteronomy 1-11. A New Translation and Commentary*. New York: Doubleday.
- 1993. *The Promise of the land. The inheritance of the Land Canaan by the Israelites*. Berkeley: University of California Press.
- Weiser A, 1962. *The Psalms (OTL)*. London: SCM.
- Weippert H, 1972. Die “deuteronomistischen” Beurteilungen der Könige von Israel und Juda und das Problem der Redaktion der Königsbücher. *Bib* 53: 301-339.
- 1987. Book Reviews. Van Seters John. In Search of History: Historiography in the Ancient World and the Origins of Biblical History. New Haven:Yale University Press. *Journal of Religion*: 530-531.

- Weippert M, 1971. *The Settlement of the Israelite Tribes in Palestine. A Critical Survey of Recent Scholarly Debate.* Studies in Biblical Theology 21. London: SCM.
- Weippert M, 1972. “Heiliger Krieg” in Israel und Assyrien. Kritische Anmerkungen zu Gerhard Von Rads Konzept des “Heilige Krieg” im Alten Israel. *ZAW* 84: 460-493.
- Wellhausen J, 1885. *Prolegomena to the History of Ancient Israel.* Translated by J.S Black & A. Menzies. Edinburgh: A. & C . Black.
- 1899.³ *Die Composition des Hexateuchs und der historischen Bücher des Alten Testaments.* Berlin: George Reimer.
- Wesselius JW, 1999. De eerste koningsinscriptie uit het oude Israël. Een nieuwe Visie op de Tel Dan inscriptie. *NedThT* 53: 177-190.
- Westermann C, 1981. *Praise and Lament in the Psalms.* Atlanta: John Knox.
- 1994. *Die Geschichtsbücher des Alten Testaments. Gab es ein Deuteronomistischen Geschichtswerk?* Gütersloh: Kaiser Verlag.
- White H, 1984. The Question of Narrative in Contemporary Historical Theory. *History and Theory* 23: 1-33.
- Whybray RN, 1995. *Introduction to the Pentateuch.* Grand Rapids: Eerdmans.
- Widengren G, 1971. King and Covenant. *JSS* 2: 1-32.
- Wijngaards JNM, 1969. *The Dramatization of Salvic History in the deuteronomistic Schools.* OTS 16. Leiden: Brill.
- Williamson HGM, 1976. The Accession of Solomon in the Books of the Chronicles. *VT* 26: 351-361.
- Winette FV, 1965. Re-examining the Foundations. *JBL* 84:1-19.
1982. *1 & 2 Chronicles* (NCB). Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Winther-Nielsen M. 1995. *A Functional Discourse Grammer of Joshua.* A

- Computer-Assisted Rhetorical Structure Analysis.*
CB.OTS 40. Stockholm: Almqvist & Wiksell.
- Witte M, 2006. From Exodus to David-History and Historiography in Psalm 78, in Benagés NC & Liesen J (eds). *Deutero-canonical and Cognate Yearbook. How Israel's Later Authors viewed Its Earlier History*, 21-42. Berlin: De Gruyter.
- Wood L, 1986. *A Survey of Israel's History*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Wolff HW, 1964. *Gesammelte Studien zum Alten Testament*. München: Kaiser Verlag.
- 1982. The Kerygma of the Deuteronomistic Historical Works, in Brueggemann W & Wolff HW (eds). *The Vitality of Old Testament Traditions*, 83-100. Atlanta: John Knox Press:
- 1989. *Hosea*. Hermeneia. Philadelphia: Fortress Press.
- Würthwein E, 1995. *Erwägungen zum sog. Deuteronomistischen Geschichtswerk, Eine Sisse, in Studien zum deuteronomistischen Geschichtswerk*. BZAW 227. Berlin: De Gruyter.
- Yamauchi E, 1994. The Current State of Old Testament Historiography, in Millard AR, Hoffmeier JK, Baker DW (eds). *Faith, Tradition and History. Old Testament Historiography in Its Near Eastern Context*, 1-36. Winona Lake: Eisenbrauns.
- Younger KL, 1988. Book Review. Van Seters, John. In Search of History. Historiography in the Ancient World and the Origins of Biblical History. *JSOT* 40: 110-117.
- 1990. *Ancient Conquest Accounts. A Study in Ancient Near Eastern and Biblical History Writing*. JSOTSup 98. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- 1994. Judges 1 in Its Near Eastern Literary Context, in Millard AR, Hoffmeier JK, Baker DW (eds). *Faith,*

- Tradition and History. Old Testament Historiography in Its Near Eastern Context*, 207-228. Winona Lake: Eisenbrauns
- 2004. Early Israel in Recent Biblical Scholarship, in Baker DW & Arnold BT (eds). *The Face of Old Testament Studies. A Survey Of Contemporary Approaches*, 176-206. Grand Rapids: Baker Books.
- Zadok R, 1985. *Geographical Names According to New-and-Late Babylonian Texts. Répertoire géographique des texts Cuneiforms 8*. Beihefte zum Tübinger Atlas des Vorderen Orients 7/8. Wiesbaden: Reichert.
- Zenger E, 1971. *Die Sinaitheophanie*. FzB 3. Würzburg: Echter Verlag.
- 1982. *Israel am Sinai: Analysen und Interpretation zu Exodus 17-34*. Altenberge: CIS-Verlag.
- 2008. *Einleitung in das Alte Testament*. Studienbücher Theologie 1/1. Stuttgart: Kohlhammer.
- Zimmerli W, 1983. *Ezekiel 2*. Translated by J.D. Martin (Hermeneia). Philadelphia: Fortress Press.